

**'N LEKSIKOGRAFIESE MODEL VIR 'N ELEKTRONIESE
TWEETALIGE GRONDSLAGFASEWOORDEBOEK VAN SUID-
AFRIKAANSE GEBARETAAL EN AFRIKAANS**

Hanelle Fourie

Proefskrif ingelewer vir die graad **Doktor in die Wysbegeerte** in die Fakulteit Lettere
en Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch



Promotor: Prof. R.H. Gouws

Maart 2013

VERKLARING

Deur hierdie proefskrif elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: Maart 2013

Kopiereg © 2013 Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

Opsomming

Hierdie studie stel 'n konsepmodel voor vir 'n elektroniese tweetalige woordeboek van gebaretaal en Afrikaans (of Engels, of enige ander gesproke taal) wat deur die De la Bat Skool vir Dowes in Worcester – of enige ander skool of soortgelyke instansie – in die praktyk aangewend sou kon word om 'n tweetalige woordeboek saam te stel waarin dit nie slegs moontlik is om 'n gebaar via 'n geskrewe woord op te soek nie, maar ook om 'n gebaar op te soek sonder dat die gebruiker noodwendig die geskrewe ekwivalent ken. Dit is belangrik aangesien dit die eerste keer in Suid-Afrika sal beteken dat 'n Dowe gebruiker nie in enige geskrewe taal geletterd hoef te wees om 'n woordeboek in sy of haar eie taal te gebruik nie. Terselfdertyd sal 'n horende gebruiker wat gebaretaal leer in staat wees om 'n gebaar op te soek waarvan die betekenis onbekend is, soos wanneer 'n gebaar in 'n gesprek of onbekende konteks opgemerk word. Die gebaretaalwoordeboeke wat op die oomblik in Suid-Afrika bestaan, is weinig meer as alfabetiese (of soms tematiese) lysse waarin die geskrewe taal die enigste toegang tot die inhoud bied.

Ter inleiding word algemene besprekings van gebaretaal, Dowes in Suid-Afrika, leksikografie en gebaretaalwoordeboeke in die eerste vier hoofstukke verskaf. Die besprekings wat in die hoofstukke daarop volg, fokus in meer besonderhede op die besluite wat t.o.v. die voorgestelde woordeboek se inhoud en ontwerp gemaak moet word. Dié hoofstukke bevat aanbevelings rakende ekwivalentverhoudings tussen gebaretaal en Afrikaans, verskeie buitetekste wat in die raamstruktuur gebruik sou kon word, die eienskappe van die elektroniese databasis waaruit die woordeboek gegenereer word asook besluite wat oor die mikrostruktuur geneem moet word. In die laaste hoofstuk word die leksikografiese model vir 'n elektroniese tweetalige grondslagfasewoordeboek van Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Afrikaans met volledige voorbeelde uiteengesit.

Summary

This study proposes a concept model for an electronic bilingual dictionary of sign language and Afrikaans (or English, or any other spoken language) that can be applied in practice by the De la Bat School for the Deaf in Worcester – or any school of similar organisation – to compile a bilingual dictionary in which it is not only possible to look up a sign via a written word but also to look up a sign even if the user does not necessarily know the written equivalent. This is important as it will mean that, for the first time in South Africa, a Deaf user would not have to be literate in any written language to use a dictionary in his or her own language. At the same time a hearing user would be able to look up a sign of which the meaning is unknown, for example when a sign is noticed in a conversation or an unknown context. The sign language dictionaries currently available in South Africa are little more than alphabetically arranged (or sometimes thematically arranged) lists in which the written language offers the only access to the content.

As per introduction the first four chapters provide general discussions of sign language, the Deaf in South Africa, lexicography and sign language dictionaries. The discussions which follow in the remaining chapters focus on the decisions which have to be made in terms of the proposed dictionary's content and design. These chapters contain recommendations regarding equivalent relations between sign language and Afrikaans, several outer texts which could be included in the frame structure, the characteristics of the electronic database from which the dictionary will be generated, as well as decisions that have to be made about the microstructure. In the last chapter the lexicographic model for an electronic bilingual Foundation Phase dictionary of South African Sign Language and Afrikaans is provided with complete examples.

Met dank aan ...

Die Skepper, sonder wie niks moontlik is nie

My studieleier, prof. Rufus Gouws, vir u bekwame leiding en oneindige geduld en geesdrif

Allan, vir jou liefde, ondersteuning en geduld, en die feit dat jy in my glo

My ouers, George en Monika Fourie, asook my suster Maryke, vir julle volgehoue ondersteuning en aanmoediging

Prof. Debra Aarons, wie se entoesiasme en passie vir gebaretaal so vurig en aansteeklik was

Die Dowe gemeenskap, insluitend die De la Bat Skool vir Dowes in Worcester, wat my met vriendelikheid ontvang en tegemoetekom het; Andries van Niekerk, wat my vele vrae met groot geduld beantwoord het; Ernest Kleinschmidt, Bruno Drüchen en almal – Doof, doof en horend – by wie ek kon en steeds kan leer

Dr. W.F. Botha en al my kollegas by die Buro van die WAT vir julle simpatieke ondersteuning en begrip

Finansiële ondersteuning van die Nasionale Navorsingstigting, die Harry Crosley-stigting en die Universiteit van Stellenbosch ten opsigte van hierdie navorsing word hiermee erken. Menings uitgespreek in die proefskrif en gevolgtrekkings wat gemaak word, is dié van die skrywer en hoef nie aan die bogenoemde toegeskryf te word nie.

Ek dra hierdie proefskrif op aan my ouers

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING	1
Hoofstuk 1. Gebaretaal	6
1.0. Inleiding	6
1.1. Hoe en hoekom mense taal leer: Chomsky se Universele Grammatika.....	6
1.2. Primate en taal – die waarheid	8
1.3. Die definisie van gebaretaal: wat dit is, en wat dit nie is nie	13
1.4. Die grammatika van gebaretaal.....	21
1.4.1. Produktiewe morfologie	33
1.4.1.1. Klassifiseerderhandvorme	34
1.4.1.2. Die fonemiese analise van klassifiseerders	39
1.4.1.3. Gestes in gesproke taal	40
1.4.2. Produktiewe morfologie en leksikografie	41
1.5. Dowe en gesproke/geskrewe taal.....	43
1.6. Die sosiolinguistiek van gebaretaal: minderheidstaal, kontaktaal, variasie en Doofgerigte taal	43
1.7. Die sosiolinguistiese konteks van die Dowe gemeenskap in Suid-Afrika ...	50
1.8. Die skakel tussen Dowe onderrig en gebaretaalvariasie in Suid-Afrika.....	51
1.9. Dowe onderrig in SA vandag	55
1.10. Doofheid: gestremdheid of subkultuur?	56
1.10.1. Patologies doof versus kultureel Doof	57
1.10.2. Die eienskappe van Dowe kultuur	58

1.11. Horende paternalisme – 'n "masker van welwillendheid".....	59
1.12. Die menslike oor: hoe ons hoor.....	61
1.13. Die onderskeid tussen geraas en sein: kogleêre inplantings en ouditiewe hulpmiddele	63
1.13. 1. Geskiedenis, samestelling en werking van 'n KI.....	66
1.13.2. KI en taalverwerwing in Dowe kinders.....	75
1.14. Gebaretaalnavorsing	77
1.15. Kodering en notering van gebaretaal.....	81
1.16. Algemene slotopmerkings	86
Hoofstuk 2. Tipes variasie in gebaretaal	87
2.0. Inleiding.....	87
2.1. Die algemene onderrig en geletterdheid van Doves in Suid-Afrika.....	87
2.2. Variasie binne die Dowe gemeenskap	96
2.2.1. Leksikale variasie	97
2.2.1.1. Streek.....	98
2.2.1.2. Skool	98
2.2.1.3. Ras	99
2.2.1.4. Ouderdom	105
2.2.1.5. Geloof.....	106
2.2.1.6. Geslag	106
2.2.1.7. Gebaretaalagtergrond	106
2.2.1.8. Onderwerp, deelnemers en situasie	106

2.2.2. Fonologiese variasie.....	108
2.2.3. Redes vir sintaktiese variasie	109
2.2.3.1. Sosiale variasie	111
2.2.3.2. Pidgin gebaretaal.....	112
2.2.3.3. Gebare-Afrikaans as 'n vorm van sintaktiese variasie	114
2.2.3.4. Negatiewe inkorporasie	115
2.3. Taalgebruik in die volwasse Dowe gemeenskap.....	117
2.4. Variasie en 'n gebaretaalwoordeboek	118
2.5. SASL as minderheidstaal	123
2.6. Tussen twee wêrelde: horende kinders van Dowe ouers	124
2.6. Algemene slotopmerkings	125
Hoofstuk 3. Leksikografie	126
3.0. Inleiding.....	126
3.1. Die genese en geskiedenis van leksikografie.....	126
3.1.1. Die antieke geskiedenis van verwysing in die Westerse kultuur.....	128
3.1.1.1. Sumerië en Egipte: spykerskrif en hiërogliewe.....	129
3.1.1.2. Vroeë taalkontak en vertaling: Sumerië en Akkad.....	129
3.1.1.3. Die samesmelting van Mesopotamië en Egipte: 'n proto-alfabet ontstaan.....	130
3.1.1.4. 'n Pot, 'n pan en 'n piramide: tematisering as sosiale artefak	130
3.1.2. Leksikografie in sy kinderskoene: tema vs. alfabet.....	131
3.1.2.1. Kontinuums in kassies: tematiese ordening	134

3.1.2.2. 'n Nimmereindigende verhaal: 'n inventaris van taal.....	136
3.1.2.3. Tema én alfabet: 'n wen-wen oplossing.....	139
3.2. Basiese boustene van leksikografie	141
3.2.1. Die definisie en doel van 'n woordeboek	143
3.2.2. Leksikale betekenis	144
3.3. Woordeboektipies.....	145
3.4. Die A tot Z van 'n woordeboek: vanaf die 'tekenbord' tot op die rak	150
3.4.1. Besluite oor die tipologie	155
3.4.2. Kenmerke van die teikengebruiker	156
3.4.2.1. Gebruikersituasies.....	156
3.4.2.2. Gebruikersbehoefte	157
3.4.2.3. Leksikografiese funksies	158
3.4.3. Woordeboeke en standaardisering.....	159
3.4.4. Hoe groot is groot genoeg, en hoe lank is kort genoeg?	159
3.5. Die teks: van voor tot agter.....	162
3.5.1. Die sentrale woordelys	163
3.5.1.1. Die toegangsalfabet.....	165
3.5.2. Buitetekste as deel van die raamstruktuur: voortekste en agtertekste... ..	168
3.5.2.1. Grammatika in 'n voorteks	170
3.6. Elektroniese woordeboeke	172
3.6.1. Verskille tussen elektroniese en gedrukte woordeboeke.....	173
3.6.1.1. Die soekproses.....	175

3.6.1.2. Die gebruik van skakels.....	178
3.6.1.3. Formaat en gebruik	180
3.6.2. Elektroniese aanlyn woordeboeke as onder-na-bo-woordeboeke	181
3.6.3. Ontwerpvereistes vir elektroniese woordeboeke	182
3.7. Algemene slotopmerkings	184
Hoofstuk 4. Gebaretaalwoordeboeke	186
4.0. Inleiding	186
4.1. Gebaretaalwoordeboeke	186
4.1.1. Tradisies in die samestelling van gebaretaalwoordeboeke	187
4.1.1.1. Die notering van gebare	189
4.1.1.2. Elektroniese gebaretaalwoordeboeke	196
4.1.1.3. Bronmateriaal en informante	200
4.1.1.4. Kompleksiteit van gebare	202
4.1.2. Die lemma en sy voorstelling.....	204
4.1.3. Standaardisering en variasie	205
4.1.3.1. Die definisie van standaardisering.....	212
4.1.3.2. Standaardisering van gesproke tale sonder 'n geskrewe vorm	214
4.1.3.3. Die standaardisering van 'n gebaretaal sonder 'n geskrewe vorm.....	216
4.1.3.4. Leksikale en fonologiese variasie en standaardisering.....	218
4.1.3.5. Variasie, standaardisering en die woordeboek: die geval van Auslan	221
4.1.4. Woordeboekinhoud: nie-leksikale en leksikale gebare	224
4.1.4.1. Grootte en vorm.....	228

4.1.4.2. Natekenende grootte-en-vorm-klassifiseerders	228
4.1.4.3. Hanteringsklassifiseerders	229
4.1.4.4. Instrumentele klassifiseerders	229
4.1.4.5. Aanrakingsklassifiseerders	229
4.1.5. Die lys handvorme en klassifiseerders	230
4.1.6. Belangrike semantiese klassifiseerderstelle: persoon, mense en voertuig.....	230
4.1.7. Klassifiseerders en die regte wêreld.....	231
4.1.7.1. Werkwoorde, naamwoorde en byvoeglike naamwoorde	233
4.2. Algemene slotopmerkings	236
Hoofstuk 5. Ekwivalentverhoudings in tweetalige woordeboeke.....	237
5.0. Inleiding	237
5.1. Ekwivalentverhoudings in tweetalige woordeboeke.....	237
5.2. Verskillende tipes ekwivalentverhoudings	238
5.2.1. Volledige ekwivalensie	239
5.2.2. Gedeeltelike ekwivalensie	239
5.2.2.1 Divergensie	240
5.2.3. Nul-ekwivalensie.....	242
5.2.4. Konvergensie, of omgekeerde ekwivalensie	243
5.2.5. Kommunikatiewe ekwivalensie	243
5.3. Glosse en ekwivalensie in gebaretaalwoordeboeke	245
5.4. Die impak van ekwivalentverhoudings op die databasis en voorstelle vir die woordeboek.....	248

5.4.1. Een gebaar tot een woord, en omgekeerd	249
5.4.2. Een gebaar tot meer as een (sinonieme) Afrikaanse woord	250
5.4.3. Een gebaar tot meer as een woord	251
5.4.4. Een woord tot meer as een gebaar	253
5.4.5. Een-tot-nul-verhoudings	255
5.5. Algemene slotopmerkings	256
Hoofstuk 6. Buitetekste in 'n elektroniese woordeboek.....	257
6.0. Inleiding	257
6.1. Dataverspreiding	257
6.2. Die toepassing of gebruik van buitetekste	259
6.2.1. Tabele en lyste in geskrewe woordeboeke	262
6.3. Voorbeelde van buitetekste in bestaande gebaretaalwoordeboeke	268
6.4. Voorstelle vir buitetekste	277
6.4.1. Beskrywing van die brontaal en doeltaal	277
6.4.2 Instruksies aan die gebruiker	278
6.4.3. Minigrammatika van die geskrewe taal.....	280
6.4.3.1. Fonologie.....	280
6.4.3.2. Morfologie en sintaksis	280
6.4.4. Minigrammatika van SASL	282
6.4.4.1. Fonologie.....	282
6.4.4.2. Morfologie en sintaksis	282
6.4.5. Tabele en lyste.....	282

6.4.6. Speletjies as buitetekste.....	295
6.4.7. Afwisselende gebruik van verdere moontlike buitetekste.....	300
6.5. Algemene slotopmerkings	302
Hoofstuk 7. 'n Databasis as houer van die lemmakandidate van 'n elektroniese woordeboek	303
7.0. Inleiding.....	303
7.1. Makrostrukturele besluite in gedrukte woordeboeke	303
7.1.1. Tematiese rangskikking in gedrukte skoolwoordeboeke	304
7.1.2. Alfabetiese rangskikking in gedrukte skoolwoordeboeke	306
7.2. Gebaarsoekmetodes in elektroniese gebaretaalwoordeboeke.....	308
7.3. Die woordeboekbasis en keuse van 'n lemmakandidaatlys in die databasis van die voorgestelde skoolwoordeboek.....	312
7.4. Drie moontlike soekmetodes: tematiese kategorieë, woordsoektogte en gebaresoektogte.....	314
7.4.1. 'n Tematiese soekmetode in die voorgestelde skoolwoordeboek.....	315
7.4.2. Die woordsoekmetode.....	325
7.4.2.1. Homonieme en poliseme in die geskrewe taal	329
7.4.2.2. Die opname van die verboë vorme van woorde	332
7.4.3. Die gebaarsoekmetode	333
7.4.3.1. Homonieme en poliseme in gebaretaal	336
7.5. Algemene slotopmerkings	337
Hoofstuk 8. Mikrostrukturele aspekte en besluite binne die model.....	339
8.0. Inleiding.....	339

8.1.1. Mikrostrukturele tipes en eienskappe	340
8.1.2. Etiketle en etimologie as semantiese kommentaar	344
8.1.3. Komplekse artikels en sinopsisartikels	345
8.1.4. Idiome.....	347
8.2. Verskillende datakategorieë wat in die voorgestelde woordeboek ingesluit kan word.....	348
8.2.1. Rangskikking van inskrywings	348
8.2.1.1. Lemmata	348
8.2.1.2. Morfologie – verbuiging van woorde.....	353
8.2.1.3. Morfologie – verbuiging van gebare	356
8.2.1.4. Woordsoort.....	357
8.2.1.5. Semantiese kommentaar – betekenisparafrase of definisie	358
8.2.1.6. Semantiese kommentaar – konteks en koteks	359
8.2.1.7. Semantiese kommentaar – sinonieme en antonieme.....	364
8.2.1.8. Ingevoegde binnetekste	369
8.3. Algemene slotopmerkings	375
Hoofstuk 9. 'n Leksikografiese model vir 'n elektroniese tweetalige grondslagfasewoordeboek van Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Afrikaans.....	376
9.0. Inleiding.....	376
9.1. Die doel en basis van die voorgestelde woordeboek.....	376
9.2. Die teikengebruiker.....	377
9.3. Tipologie van die voorgestelde woordeboek	379
9.4. Strukture wat toegang tot data bied.....	382

9.4.1. Toegangstruktuur en soekareastruktuur.....	382
9.4.2. Volledige voorbeelde van die onderskeie woordeboekartikels	391
9.4.2.1. Naamwoord plus semantiese opposisie plus meervoud van geskrewe woord.....	392
9.4.2.2. Naamwoord plus verkleinvorm van geskrewe woord.....	396
9.4.2.3. Naamwoord plus getalinkorporasie van gebaar.....	397
9.4.2.4. Naamwoord plus duplisering van gebaar	398
9.4.2.5. Naamwoord wat in geskrewe vorm in meervoud gebruik word	399
9.4.2.6. Werkwoord met verledetydsvorm van geskrewe woord	400
9.4.2.7. Werkwoord met teenoorgestelde.....	401
9.4.2.8. Byvoeglike naamwoord met trappe van vergelyking plus antoniem ...	402
9.4.2.9. Byvoeglike naamwoord met attributiewe verbuiging in die geskrewe vorm, en antoniem.....	404
9.4.2.10. Voorsetsel met teenoorgestelde.....	405
9.5. Algemene slotopmerkings	406
SLOT	407
Bronnelys	411
Woordeboeke	432
Gebaretaalwoordeboeke	434
Aanlyn woordeboeke.....	435
Persoonlike korrespondente.....	435
ADDENDUM: KLASSIFISEERDERHANDVORME IN BSL	436

INLEIDING

Hierdie proefskrif stel 'n konsepmodel voor vir 'n elektroniese tweetalige woordeboek van gebaretaal en Afrikaans (of Engels, of enige ander gesproke taal) wat deur die De la Bat Skool vir Dowes in Worcester – of enige ander skool of soortgelyke instansie – in die praktyk aangewend sou kon word om 'n tweetalige woordeboek saam te stel waarin dit nie slegs moontlik is om 'n gebaar via 'n geskrewe woord op te soek nie, maar ook om 'n gebaar op te soek sonder dat die gebruiker noodwendig die geskrewe ekwivalent ken. Dit is belangrik aangesien dit die eerste keer in Suid-Afrika sal beteken dat 'n Dowe gebruiker nie in enige geskrewe taal geletterd hoef te wees om 'n woordeboek in sy of haar eie taal te gebruik nie. Terselfdertyd sal 'n horende gebruiker in staat wees om 'n gebaar op te soek waarvan die betekenis onbekend is, soos wanneer 'n gebaar in 'n gesprek of onbekende konteks opgemerk word. Die gebaretaalwoordeboeke wat op die oomblik in Suid-Afrika bestaan, is weinig meer as alfabetiese (of soms tematiese) lysse waarin die geskrewe taal die enigste toegang tot die inhoud bied.

'n Elektroniese gebaretaalwoordeboek – veral een wat op die internet beskikbaar is – kan 'n groter sosiale impak as die leerders by die skool hê deurdat dit ook aan 'n breër gebruikersgroep, soos families of gesinne, kollegas en ander betrokkenes van of by Dowes, beskikbaar sal wees en in die meeste gevalle die eerste keer 'n toeganklike verwysingsbron aan hulle kan bied. Alhoewel enige taal, insluitend 'n gebaretaal, nie sonder meer uit 'n woordeboek geleer kan word nie, kan 'n aanlyn woordeboek die openbare toegang tot Suid-Afrikaanse Gebaretaal aansienlik uitbrei en op so 'n manier bydra tot nie net Dowes se geleentheid om met ander mense in die samelewing te kommunikeer nie, maar ook tot die erkenning van hul taalidentiteit (McKee en McKee 2012).

Die De la Bat Skool vir Dowes is vir die doel van die studie gekies omdat die skool toeganklik vir die skrywer was en die skrywer 'n goeie verhouding met die personeel opgebou het. 'n Besoek is in 2010 aan die skool gebring waartydens omvattende onderhoude met personeel gevoer is en waarneming van klassituasies in die voorskoolse en grondslagfaseklasse plaasgevind het. Die doel van die besoek was om waar te neem hoe die onderrig van gebaretaal en die gesproke/geskrewe taal, Afrikaans, plaasvind, veral in die lig van die implentering van 'n kurrikulum vir

gebaretaal op skool wat in daardie stadium 'n aanvang geneem het. Die skrywer het daarin belang gestel om uit te vind of enige woordeboeke in die klassituasie gebruik word, al dan nie. Na afloop van die besoek het die skrywer en personeel in voortdurende kontak gebly deur korrespondensie en is verskeie kwessies bespreek en vrae wat daaruit gespruit het, is beantwoord. Die gevolgtrekking wat op grond van die veldwerk gemaak is, is dat die skool nie oor 'n tweetalige elektroniese woordeboek van gebaretaal en Afrikaans (of Engels, of enige ander gesproke taal) beskik nie, dat daar wel 'n behoefte aan so 'n woordeboek bestaan en dat die gebruik van 'n elektroniese tweetalige woordeboek taalonderrig in albei tale sal steun. Sekere onderafdelings van die model is reeds getoets en daar word 'n opvolgprojek beplan waarin die model tot 'n volwaardige woordeboek kan lei.

Die eerste vier hoofstukke van die proefskrif verskaf inligting wat tersaaklik is tot die konteks en basis van die proefskrif, maar is nie vernuwend nie. Die vernuwendende leksikografiese model wat die kern van die proefskrif vorm, kom in hoofstukke 5 tot 9 ter sprake.

Hoofstuk 1 bied 'n algemene oorsig van gebaretaal en bespreek o.a. hoe mense 'n taal leer, dat gebaretaal 'n natuurlike menslike taal is, die unieke grammatika van gebaretaal, sekere sosiolinguistiese aspekte van gebaretaal asook die bestaan van 'n Dowe kultuur. Die doel van hierdie hoofstuk is om die leser met sekere aspekte van gebaretaal – wat steeds grootliks misverstaan word – vertrou te maak en om 'n basiese agtergrond te skep vir die teoretiese besprekings t.o.v. die voorgestelde woordeboek wat in latere hoofstukke volg. Sommige aspekte wat in hierdie hoofstuk aangeraak word, sal in latere hoofstukke in meer besonderhede bespreek word, soos die kwessie van Dowe opvoeding en die geletterdheidsvlak van die gemiddelde Dowe skoolverlater. Hierdie punte is veral belangrik in die lig van die breër konteks van die proefskrif en vra om in meer diepte ondersoek te word. Die toepassing van die onderskeid tussen doof en Doof¹ in die teks word ook verduidelik. Die biologiese werking van die menslike oor word bespreek asook die gebruik van tegnologie soos kogleêre inplantings en die hoofstuk eindig met 'n kort bespreking van die probleme om die notering van gebaretaal.

¹ Die gebruik van die kleinletter in doof dui op oudiologiese of patologiese doofheid, terwyl die hoofletter in Doof dui op kulturele Doofheid. Nie almal wat oudiologies doof is, is ook kultureel Doof nie, en selfs omgekeerd – sien paragraaf 1.10.1 en 2.1.

Dit kan ook hier genoem word dat daar besluit is om deurgaans by die (Engelse) algemeen bekende afkortings vir verskillende Gebaretaal te hou: so word SASL (South African Sign Language) dus gebruik eerder as SAGT (Suid-Afrikaanse Gebaretaal); ASL (American Sign Language) word gebruik eerder as AGT (Amerikaanse Gebaretaal). Hierdie keuse is gemaak omdat die bestaande literatuur oor gebaretaal gewoonlik in Engels is en die meeste lesers reeds met die Engelse afkortings vertrou is.

Hoofstuk 2 sluit aan by die eerste hoofstuk en skets 'n meer deurtastende profiel van die tipiese of gemiddelde Dowe persoon in Suid-Afrika met die oog op 'n beskrywing en begrip van die moontlike teikengebruiker van die voorgestelde woordeboek. Die stand van Dowe-onderrig, en gevolglik ook die geletterdheidsvlak van die meeste Doves, word bespreek, asook die oorsake van variasie in die Dowe gemeenskap. Variasie in gebaretaal – veral die aard en oorsaak daarvan – word dikwels deur horendes as frustrerend ervaar en is gewoonlik 'n struikelblok in horende-Dowe kommunikasie. Daar bestaan steeds verwarring en selfs tot 'n mate onenigheid oor die aanspraak dat daar slegs een Suid-Afrikaanse Gebaretaal is. Alhoewel hierdie hoofstuk (en proefskrif as geheel) glad nie kan hoop om hierdie debat uit die weg te ruim nie, is dit wel noodsaaklik om 'n deeglike insig in die Dowe gemeenskap te bekom sodat die voorgestelde woordeboek benewens die primêre teikengebruikers (nl. die grondslagfaseleerders by die De la Bat Skool) ook vir 'n wyer mark (nl. die "verlore generasie" van ouer Dowe gebruikers) van nut mag wees.

Hoofstuk 3 bied 'n algemene oorsig van leksikografie, spesifiek die ontstaan van skrif en leksikografie en die uiteindelijke vordering tot by alfabetiese en tematiese rangskikking. Hierdie twee punte word as belangrik beskou aangesien daar ten gunste van beide tematiese en alfabetiese rangskikking (asook fonemiese rangskikking d.m.v. handvorm, byvoorbeeld, van gebare) in komende hoofstukke geargumenteer word. Hierdie bespreking dien as agtergrond en basis vir die spesifieke aspekte van die leksikografiese teorie wat in latere hoofstukke bespreek word en, as sodanig, as 'n brug na die komende hoofstukke wat die teorie van die voorgestelde woordeboek bespreek. 'n Oorsig en bespreking van die spesifieke aard en eienskappe van elektroniese woordeboeke word ingesluit in die lig daarvan dat die voorgestelde woordeboek 'n elektroniese formaat sal hê.

Hoofstuk 4 sluit aan by hoofstuk 3 deur 'n blik te bied op die eienskappe van sommige bestaande gebaretaalwoordeboeke en verskaf belangrike inligting oor die bestaande tradisies of gebruike in die samestelling van gebaretaalwoordeboeke, die (grootliks problematiese) kwessie van standaardisering en variasie, en die produktiewe gebruik van klassifiseerderhandvorme en die implikasie daarvan vir 'n woordeboek. Hierdie agtergrond is noodsaaklik om 'n grondslag vir die komende hoofstukke vas te stel en berei die leser voor op sommige van die aspekte en uitdagings wat uniek is aan die wêreld van gebaretale en hul woordeboeke. Die bespreking t.o.v. die standaardisering van gebaretale steun grootliks op die werk van Johnston (2003a), wie se dokumentering hiervan die mees omvattende en gebalanseerde insae blyk te gee. Die bespreking van klassifiseerderhandvorme steun weer sterk op die werk van Brennan (1992) vanweë die volledigheid daarvan enersyds en die gebrek aan soortgelyke beskrywings van (maar 'n relatief hoë mate van ooreenkoms met) SASL andersyds.

Hoofstuk 5 bespreek ekwivalentverhoudings in woordeboeke met die oog op die spesifieke ekwivalentverhoudings wat in die voorgestelde woordeboek te wagte kan wees asook die hantering en aanbieding van hierdie ekwivalensie, o.a. die hantering van die lemmatisering van gebare en woorde in die databasis wat die grondslag van die voorgestelde woordeboek sal vorm.

Hoofstuk 6 handel oor buitetekste in 'n woordeboek en die term "buitetekste" word geherinterpreteer vir elektroniese woordeboeke. Die hoofstuk bespreek algemene aspekte van buitetekste (teorie en toepassing), gevolg deur voorbeelde van buitetekste in bestaande (en veral gedrukte) gebaretaalwoordeboeke. Daarna word 'n lys moontlike buitetekste in die voorgestelde woordeboek verskaf tesame met enkele voorbeelde van tekste wat in die woordeboek sou kon kom.

Hoofstuk 7 bespreek die elektroniese databasis van die voorgestelde woordeboek. Hierdie databasis word saamgestel uit lede wat bestaan uit gebare sowel as geskrewe woorde. Elektroniese woordeboeke vertoon nie 'n makrostruktuur soos wat kenmerkend van gedrukte woordeboeke is nie, maar die databasis kan gesien word as die sentrale houer van lemmas waaruit soekresultate gelewer word. In die voorgestelde woordeboek kan die gebruiker van drie verskillende soekmetodes gebruik maak om die betekenis van 'n woord of gebaar op te spoor, nl. 'n tematiese soekmetode, 'n soekmetode wat van 'n woord gebruik maak en 'n soekmetode wat

van 'n gebaar gebruik maak. Ongeag die *soekmetode* wat gekies word, behoort die *soekresultate* altyd toepaslik te wees.

Hoofstuk 8 bespreek die algemene aard en tipes van die mikrostruktuur vanuit 'n algemene teoretiese oogpunt en fokus dan op die hantering van die verskillende mikrostrukturele inskrywings van die lemmas wat in die databasis opgeneem word. Die uiteindelige mikrostruktuur van elke artikel behoort dieselfde te wees ongeag watter soekmetode gebruik word.

In **Hoofstuk 9** word 'n model vir die voorgestelde woordeboek volledig uiteengesit. Ten opsigte van sommige aspekte van die model, soos die keuses en besluite t.o.v. die buitetekste sowel as die databasis, is daar kruisverwysings na die onderskeie hoofstukke. Die hoofstuk bevat wel volledige voorbeelde van die onderskeie artikels, dus die voorgestelde mikrostruktuur, soos wat hulle in die woordeboek sou kon verskyn.

Hoofstuk 1. Gebaretaal

1.0. Inleiding

Hierdie hoofstuk verskaf 'n inleidende oorsig van hoe die mens taal leer, asook wat gebaretaal is en bespreek sekere grammatikale eienskappe daarvan. Die konsep van Dowe kultuur word ook bespreek, asook kogleêre inplantings. 'n Kortlikse bespreking van gebaretaalnavorsing en die kodering en notering van gebaretale word ook ingesluit. Sommige aspekte, veral dié ten opsigte van die profiel van d/Dowes in Suid-Afrika en gebaretaalwoordeboeke, sal in meer besonderhede in volgende hoofstukke bespreek word.

1.1. Hoe en hoekom mense taal leer: Chomsky se Universele Grammatika

Nóg formele onderrig nóg uiterlik waarneembare bewyse blyk die bron van 'n moedertaalspreker se intuïsie te wees – dus word aanvaar dat 'n groot deel van 'n moedertaalspreker se kennis van sy of haar taal, m.a.w. die interne grammatika, aangebore is. Die idee is dat mense 'n genetiese aanleg of talent het wat hulle in staat stel om taal te leer. Natuurlik is dit dan onredelik om te veronderstel dat sommige individue – dié wat moedertaalsprekers van Afrikaans gaan word – gebore word met 'n spesifieke grammatika van Afrikaans, terwyl ander – dié wat Engels as eerste taal gaan praat – gebore word met die volledige Engelse grammatika reeds in hul brein "gestoor":

Human beings with normal mental faculties are able to learn any human language. The innate linguistic endowment must be geared to any human language and not to just one (eie beklemtoning) (Haegeman 1994: 12).



Figuur 1.1: Fromkin en Rodman 1993: 405.

Beginsels wat vir alle tale geldig is, is deel van die universele grammatika, afgekort na UG. Informeel gestel is die UG 'n sisteem van al die beginsels wat alle menslike tale gemeen het, selfs tale so verskillend soos Afrikaans en Russies of Japannees. 'n Hipotese wat deur generatiewe linguïste in Noam Chomsky se tradisie gestel is, is dat die UG aangebore is in die menslike spesie. Dit is 'n genetiese aanleg of talent: ons word gebore, toegerus met 'n stel universele linguïstiese beginsels. In Chomsky se eie woorde:

Universal grammar may be thought of as some system of principles, common to the species and available to each individual prior to experience (Chomsky 1981:7).

UG vorm die basis vir die verwerwing van taal. Dit is onderliggend aan alle menslike tale. Alle mense (en slegs mense) is toegerus met UG en hulle is almal in staat om tale te leer. Ander "sisteme", gestel katte, honde of radio's, is nie toegerus met UG nie en kan daarom nie menslike tale aanleer nie. Die linguïstiese aanleg wat as UG gekarakteriseer word, is spesifiek aan die menslike spesie (Haegeman 1994: 13).


Universele Grammatika het twee kenmerkende eienskappe:

1. Dit bevat 'n stel absolute universele, begrippe en beginsels wat deur alle tale gedeel word.
2. Daar is taalspesifieke eienskappe wat nie volledig deur die UG bepaal word nie, maar wat interlinguïsties verskil. Vir hierdie eienskappe word 'n reeks keuses ('parameters') voorsien deur die UG.

Absolute universele beginsels is rigied en hoef nie aangeleer te word nie. Selfs die bemeestering van taalspesifieke eienskappe vereis baie min "leer" vanuit die bogenoemde hipotese: die moontlike opsies word in die UG bepaal vir dié beginsels wat oor parameters beskik. Om linguïstiese kennis te verkry, moet die parameters ingestel word. Dus is verwerwing van taal nie regtig die resultaat van 'n *leer*proses nie – 'n kind, toegerus met UG en sy parameters, wat aan taal blootgestel word, kan nie anders as om die grammatika van daardie taal te konstrueer nie. Daarom word die term 'taalleer' dikwels vervang met 'taalverwerwing' in die geval van eerstetaalsprekers (Haegeman 1994: 15).

Ter opsomming: mense word gebore met 'n sekere interne, onbewuste kennis van grammatika, die Universele Grammatika. UG is 'n stel universele taalbeginsels, waarvan sommige streng vasgestel is, en sommige parameters het. Deur die invoer van die ervaring van een spesifieke taal kan hierdie kennis geïmplementeer word. Blootstelling aan die taal – die kind se linguïstiese ervaring, is die sneller van die verwerwingsproses wat dit aktiveer (Haegeman 1994: 16). 'n Gesprek oor die voor- en nadele van Chomsky se Universele Grammatika word nie hier weergegee nie, want dit is nie relevant vir die proefskrif nie.

1.2. Primate en taal – die waarheid



Figuur 1.2: Crystal 1992: 417.

Heelwat moeite is al gedoen om te bepaal of niemenslike primate – sjimpansees, ape, gorillas en so meer – menslike taal kan aanleer. In hulle natuurlike omgewing kommunikeer primate met mekaar deur middel van sisteme wat visuele, ouditiwe, reuk- en aanrakingseine insluit. Baie van hierdie seine het oënskynlik te doen met die diere se onmiddellike omgewing of emosionele toestand. Hulle kan "gevaar" sein en kan aggressiwiteit of onderwerping kommunikeer. Die natuurlike klanke en gestes wat deur alle niemenslike primate geproduseer word, dui daarop dat hulle seine beide hoogs stereotiep is, asook beperk in die tipe en aantal boodskappe wat hulle oordra. Hulle basiese "woordeskat" bestaan hoofsaaklik uit emosionele reaksies in spesifieke, huidige situasies: hulle kan nie uitdrukking gee aan hul woede van gister of hulle vrees vir die toekoms nie (Fromkin en Rodman 1993: 425).

Desnieteenstaande het Robert M. Yerkes, leier van eksperimentele psigologiese werk met sjimpansees, so vroeg as 1925 opgemerk dat indien ape nie geleer kan word om te praat nie, hulle ten minste in staat *mag* wees om te kommunikeer in die gebaretaal van die Doves (Hewes 1977). Sedert die 1930's het verskeie navorsers die moontlikheid van taalverwerwing in niemenslike primate ondersoek. Aangesien die uitkomst van hierdie navorsing nie van primêre belang vir hierdie studie is nie, sal daar slegs samevattend daarna verwys word:

- Winthrop en Luella Kellogg het hul babaseun saam met 'n sjimpansee genaamd Gua grootgemaak. Gua kon eenhonderd woorde teen die ouderdom van sestien maande verstaan, maar het nooit verder gevorder nie. Gua kon ook nie die betekenis onderskei tussen sinne soos "Ek bedoel wat ek sê" en "Ek sê wat ek bedoel" nie (Kellogg en Kellogg 1967).
- 'n Sjimpansee genaamd Viki is grootgemaak deur Keith en Cathy Hayes. Viki kon uiteindelik met groot moeite die (veral nasale en plosiewe) woorde *mama*, *papa*, *cup* en *up* "artikuleer", maar dit was die totale omvang van haar taalproduksie (Hayes en Hayes 1952).
- Nog 'n sjimpansee, Washoe, is grootgemaak deur Allen en Beatrice Gardner om Amerikaanse Gebaretaal te gebruik, aangesien hulle beseft het dat primate fisies nie toegerus is vir die uitspraak van baie klanke nie. Baie primaatspesies is egter baie handvaardig. Teen die ouderdom van vier jaar,

het Washoe volgens die Gardners se resultate vyf-en-tagtig gebare geleer (Gardner en Gardner 1969).

- David Premack het 'n kunsmatige taal ontwerp om ooreenkoms te toon met menslike tale in sekere opsigte, en dit vir 'n sjimpansee genaamd Sarah geleer. Dié taal was egter nie 'n gebaretaal as sodanig nie, maar eerder 'n "plastiektaal" of laboratoriumsisteem waarvolgens plastiekkaartjies die name van voorwerpe voorgestel het, en deur die sjimpansees op 'n magnetiese bord geplak moes word. Die visuele voorstelling van 'n gesproke taal is egter nie gelyk aan 'n visuele taal nie (Premack en Premack 1974).
- Duane en Sue Rumbaugh begin in 1973 om 'n ander soort kunsmatige taal vir drie sjimpansees, Lana, Sherman en Austin, te leer (Rumbaugh 1977).
- Koko is 'n gorilla wat gebaretaal geleer is deur haar afrigter, Francine Patterson. Hierdie afrigter beweer dat Koko honderde gebare geleer het, gebare bymekaar kan sit om sinne te vorm, taalgrappies en rympies kan maak en metafore kan uitdink, bv. FINGER BRACELET vir 'n ring (Patterson en Linden 1980).
- Die sielkundige H.S. Terrace, in samewerking met L. Pettito, R. Sanders en T. Bever Terrace, het 'n projek ontwerp om die linguistiese beweringe van hierdie primaateksperimente te toets deur nog 'n sjimpansee, Nim Chimpsky (ironies genoem na Noam Chomsky – sien paragraaf 1.1 hierbo) Amerikaanse Gebaretaal te leer en te bestudeer. Volgens hul resultate het Nim ongeveer 125 gebare geleer, maar nooit meer as twee gebare na mekaar gebruik nie, en ook nooit spontaan gebare gebruik nie – kinders gebruik taal egter wel spontaan en kreatief. Wanneer 'n groep sjimpansees bymekaar is, gebruik hulle gebare egter glad nie so vryelik soos wat mense onder soortgelyke omstandighede sou doen nie. Daar is ook geen bewyse dat 'n sjimpansee wat enige kommunikasiemetode aangeleer het, dit vir 'n ander sjimpansee sal leer of dat hul kleintjies dit van die ouer sal leer nie (Terrace 1979).

Steven Pinker bied verdere oortuigende argumente om aan te dui hoekom die bogenoemde situasies nie noodwendig geloofwaardig of die resultate betroubaar/akkuraat is nie.

Eerstens is die meeste van die sjimpansees se afrigters opgelei in B.F. Skinner se gedragstradisie ("behaviorist tradition") en dra hulle geen kennis van die studie van taal nie (Pinker 1994: 337).

Tweedens het hierdie ape nie Amerikaanse Gebaretaal geleer nie, maar Jane Goodall het opgemerk dat elkeen van Nim se sogenaamde gebare aan haar bekend was vanuit haar bestudering van wilde sjimpansees. Hulle het dus swaar gesteun op die gebare in hul natuurlike repertorium eerder as om die ware arbitêre gebare van gebaretaal te leer (Pinker 1994: 338). Volgens Pinker is hierdie buitensporige bewering – dat die sjimpansees wel gebaretaal geleer het – gebaseer op die mite dat ASL 'n ruwe sisteem van mimiek en gestes is eerder as 'n volledige taal met komplekse fonologie, morfologie en sintaksis. "In fact the apes had not learned *any* true ASL signs" (1994:337). Met geste² ("gesture") word verwys na die vorm van nieverbale kommunikasie waarin sigbare liggaamlike bewegings sekere boodskappe oordra, hetsy in die plek van woorde of parallel daarmee. Gestes sluit in die beweging van die hande, gesig of ander dele van die liggaam en laat 'n persoon toe om 'n verskeidenheid emosies en gedagtes uit te druk, dikwels in kombinasie met liggaamstaal en woorde wanneer hulle praat.

Derdens het die sjimpansees nie enige beduidende begrip van grammatika gehad nie.

Vierdens het die sjimpansees ook nie spontane uitinge gemaak nie (Pinker 1994:339):

Even putting aside vocabulary, phonology, morphology, and syntax, what impresses one the most about chimpanzee signing is that fundamentally, deep down, *chimps just don't 'get it'*. ... They do not *take turns* in conversation but instead blithely sign simultaneously with their partner, frequently off to the side or under a table rather than in the standardized signing space in front of the body. (Chimps also like to sign with their feet, but no one blames them for taking advantage of this anatomical gift.) The chimps seldom sign *spontaneously*; ... Also, the chimps rarely make *statements* that comment on

² "Geste" word as die Afrikaanse vertaling van "gesture" gebruik eerder as "gebaar" om verwarring met die gebruik van die woord "gebaar" ("sign") in die gebaretaalkonteks te vermy.

interesting objects or actions; virtually all their signs are *demands* for something they want, usually food or tickling (eie beklemtoning) (Pinker 1994:340).



Figuur 1.3: Die normale gebareruimte (Crystal 1987: 222).

Pinker dien dié gedagte (van primate se vermoë om menslike taal te leer) 'n finale nekslag toe in 'n nugter opmerking oor evolusie en die ooreenkomste in die DNS van mense en sjimpansees wat dui op 'n gemeenskaplike voorvader, en dus die basis vorm vir talle navorsers wat beweer dat die sjimpansees wel taal geleer het:

We *are* naked, lopsided apes that speak, but we also have minds that differ considerably from those of apes. The outsize brain of *Homo sapiens* is, by any standard, an extraordinary adaptation. It has allowed us to inhabit every ecosystem on earth, reshape the planet, walk on the moon, and discover the secrets of the physical universe. Chimpanzees, for all their vaunted intelligence, are a threatened species clinging to a few patches of forest and living as they did millions of years ago (Pinker 1997: 40).

Nog 'n belangrike punt om te onthou, is dat die gebare wat die sjimpansees wel gebruik het, met groot moeite aan hulle *geleer* is – geen primate (of hulle nageslag) het al 'n taal op natuurlike wyse *verwerf* soos wat kinders dit van hul ouers doen nie. Sjimpansees is dalk handige navorsingsonderwerpe en kan dalk "onsjimpansee" kunsies leer, maar nie eens die slimste van hulle sal ooit kan waardeer hoekom ons hulle leer om sekere dinge te doen en sekere gebare te maak nie. Die grens tussen onself en ander lewende wesens is eenvoudig te groot (McArthur 1986: 5).

It is not the want of organs that [prevents animals from making] ... known their thoughts ... for it is evident that magpies and parrots are able to utter words just like ourselves, and yet they cannot speak as we do, that is, so as to give evidence that they think of what they say. On the other hand, men who, being born deaf and mute ... are destitute of the organs which serve the others for talking, are in the habit of themselves inventing certain signs by which they make themselves understood. *René Descartes, Discourse on Method* (Fromkin en Rodman 1993: 415).

Dowe kinders, wat nie in staat is om die klank van gesproke taal te hoor nie, verwerf nie gesproke tale soos horende kinders nie. Dowe kinders van dowe ouers, egter, wat aan gebaretaal blootgestel word, leer gebaretaal in stadia soortgelyk aan die taalverwerwing van horende kinders wat gesproke tale leer. Hierdie gebaretale is menslike tale wat nie klank gebruik om betekenis oor te dra nie, maar hand- en liggaamsgestes word gebruik om morfeme of woorde te verteenwoordig. Gebaretale is volledig ontwikkelde tale, en diegene wat 'n gebaretaal ken, is in staat om 'n oneindige hoeveelheid nuwe sinne te produseer en te verstaan, net soos 'n spreker van 'n gesproke taal (Fromkin en Rodman 1993: 416).

Horende kinders van dowe ouers verwerf beide gebaretaal en gesproke taal indien hulle aan albei blootgestel word, alhoewel studies getoon het dat die kind se eerste gebare 'n paar maande voor die eerste gesproke woorde verskyn. Dit blyk dus dat dowe kinders vroeër begin om gebare voort te bring as wat horende kinders woorde voortbring, en daar is voorgestel dat hierdie tydsberekening moontlik veroorsaak word deur die feit dat die beheer oor handspiere vroeër ontwikkel as die beheer oor orale of laringale spiere (Fromkin en Rodman 1993: 421).

1.3. Die definisie van gebaretaal: wat dit is, en wat dit nie is nie

The first jump from sounds and gestures to organized vocal language was the development of a secondary use for a primary system. Speech is imposed upon, or develops from, a primary apparatus that evolved for other more basic purposes: lungs, larynx, pharynx, mouth, nose, teeth, and lips were the apparatus of breathing, eating and drinking ... When the secondary set of skills emerged, they did not seriously interfere with what was already going on:

we still breathe, eat and drink as well as speak, and often manage all four more or less together, although it can pose risks (McArthur 1986: 6-7).

Dieselfde geld vir gebaretaal - dit het ontwikkel uit die primêre aparate wat vir ander basiese doeleindes geëvoleer het: die hande, lippe, tong, wenkbroue, oë, arms, ens. Dit is nie 'minderwaardig' tot ander tale slegs omdat dit nie gesproke is nie.

Gebaretale is gewone (d.w.s. natuurlike), menslike tale en word gebruik om oor dieselfde dinge te kommunikeer as wanneer horende mense 'n gesproke taal gebruik (Mesthrie et al. 2000: 419). Daar word spesifiek hier in die meervoud verwys na *gebaretale*, aangesien daar nie 'n universele gebaretaal is wat wêreldwyd verstaanbaar is nie, ten spyte van 'n algemene wanopvatting wat in die algemeen onder horende mense hieroor bestaan. 'n Vraag wat dikwels na vore kom, is: "Hoekom dan nie? Sou dit nie soveel makliker wees as daar 'n universele gebaretaal was nie?" Die antwoord is eenvoudig: om presies dieselfde rede as waarom daar ook nie 'n universele gesproke taal is nie. Taalgebruik is 'n dinamiese verskynsel, en waar 'n spesifieke gemeenskap 'n taal vir kommunikasie gebruik, sal dit groei en verander volgens die gemeenskap se behoeftes en gebruike. Die tweede deel van dié antwoord behels ook *kulturele verskille*: die gebaar vir "huis" in die meeste Afrikalande verskil van dié wat in westerse kulture gebruik word, aangesien 'n tipiese "huis" in Afrika 'n ronde hut of rondawel is, maar elders dalk 'n struktuur met 'n spits dak is.

Gebaretale hou ook nie verband met die gesproke taal van die area waarin dit gebruik word nie: alhoewel Engels in beide die Verenigde State en Brittanje gepraat word, is Amerikaanse Gebaretaal en Britse Gebaretaal nie onderling verstaanbaar nie. Ander wanindrukke sluit in dat gebaretale bloot pantomieme mimiek is en beperk is in terme van uitdrukking en inhoud. Gebaretale is egter outonome tale met linguistiese kompleksiteit en uitdrukkingsvermoë identies aan dié van gesproke tale (Mesthrie et al. 2000: 419-420).


Die grammatikale studie van gesproke tale word onderverdeel in subafdelings van taalkunde soos fonologie, morfologie, semantiek, sintaksis, ens. Gebaretale bestaan uit dieselfde komponente of boustene, en word in dieselfde kategorieë bestudeer.


Die "foneme" in gebaretaal, wat belangrik is in die identifisering en onderskeiding van individuele gebare, is die volgende gebareparameters:

1. die **handvorm** wat gebruik word om die gebaar te vorm
2. die **plasing** of **plek** van die gebaar in ruimte
3. die **oriëntering** van die handpalms
4. die tipe **beweging** wat deur die hande uitgevoer word (Mesthrie et al. 2000:420).

Die bostaande parameters word soos volg deur Howard (2008) vir SASL uiteengesit en geïllustreer:


Die **handvorms** is soos volg: Flat Hand, Toe Flat Hand, B (dus die vingerspelvorm van die letter B), Gebuigde Flat Hand, Gebuigde Toe Flat Hand, Gebuigde B, Oop 5, Gebuigde 5 (of 'n klou-handvorm), V, Gebuigde V, O, Plat O, C, Gebuigde C, F, Plat F, 1, 2.





Figuur 1.4: Handvorms (Howard 2008: 4-6).

Die parameterwaardes t.o.v. **handpalmoriëntering** is Palm Op, Palm Af, Palm Links, Palm Regs, Palm Teenoorstaande (Bors), Palm Weg en Palms Na Mekaar:



Figuur 1.5: Handpalmoriëntering (Howard 2008: 7).

Die parameters van **Ruimte/Plek** en **Beweging** word as volg beskryf:

Ruimte/Plek – Die ruimte direk voor jou liggaam word die **neutrale ruimte** genoem. Gebare in die *Finger Talk*-woordeboek bevat inligting oor die presiese plek waar die gebaar uitgevoer word. Ruimte word in gebaretaal op 'n soortgelyke manier gebruik as wat volume in gesproke taal ingespan word: hoe groter die ruimte wat gebruik word, hoe "harder" praat jy, hoe kleiner die ruimte, hoe "sagter" is jou stem.









Beweging – dit is die manier waarop die hande tydens die gebaar beweeg word, insluitende die rigting waarin hulle beweeg.


Gebaretale maak egter nie net gebruik van handgebare om betekenis oor te dra nie, en ander liggaamsdele speel ook 'n rol in taalproduksie. Natuurlike gebaretale gebruik ook kenmerke wat nie met die hande gevorm word nie (bv. gesigsuitdrukings, lipbewegings, liggaamshouding, oriëntering en beweging van die kop of liggaam) om morfologiese en grammatikale kategorieë aan te dui (Mesthrie et al. 2000:420). Trouens, verskillende gesigsuitdrukings kan verskillende betekenis aan dieselfde gebaar gee, en die gebrek aan 'n meegaande gesigsuitdrukking kan lei tot 'n ongrammatikale uitdrukking. Dit is dikwels een van die aspekte wat horende gebruikers van 'n gebaretaal die moeilikste aanleer: aangesien horendes meestal selfbewus is weens die oordrewe gesigsuitdrukings van gebaretaal kom hulle uitinge dikwels "stomp" en "dood" voor, soms tot die vermaak van Dowe gespreksgenote en soms tot hulle verwarring.

Die niemanuele eienskappe (NME's of "Non Manual Features", m.a.w. grammatikale elemente wat nie op die hande verskyn nie, soos hierbo beskryf word), is volgens Howard (2008) se beskrywing die volgende:

Die NME's³ is Neutraal, Gelukkig, Hartseer, Geskok, Moeg, Lui, Verras, Gefrustreerd, Kwaad, Ontsteld, Bang, Trots, Verveeld, Depressief, Opgewonde, Nukkerig, Heftig, Pynlik, Afkeer, Vraend, Geniet, Smaaklik (lippe rond saamgespers), Smaaklik (lippe plat saamgespers), Vasberade, Verbaas, Aggressief, Onplesierig:

³ Die NME's dra geweldige grammatikale waarde – sonder gesigsuitdrukking is die meeste gebare ongrammatikaal en vir 'n Dowe onverstaanbaar. Dit is ook gewoonlik een v.d. sterk punte van kritiek teen die meeste gebarewoordeboeke dat NME's nie genoegsaam uitgebeeld word nie.





Figuur 1.6: NME's (Howard 2008: 8-10).

Gebaretaal gebruik 'n driedimensionele of ruimtelike grammatika om die grammatikale verwantskappe tussen onderwerp en voorwerp in 'n sin aan te dui

(Mesthrie et al. 2000: 422). Die grootste verskil tussen gebaretale en gesproke tale is dus die modaliteit van oordrag: gesproke tale word *gehoor* en *gepraat*; gebaretale word *visueel gevorm* en *gesien*. Hierdie gebruik van ruimte is nog 'n area wat horende gebruikers dikwels as problematies ervaar. Dowes het 'n besondere vermoë om 'n vertelling of beskrywing in hierdie ruimte te laat 'afspeel' of om dit te 'teken', sodat die gespreksgenoot die aksie as't ware voor sy⁴ oë sien afspeel. Dit verg heelwat oefening en toewyding van die gemiddelde horende leerder van 'n gebaretaal om dieselfde te vermag.

1.4. Die grammatika van gebaretaal

Soos reeds aangedui in paragraaf 1.3., is gebaretaal 'n natuurlike, menslike taal. Dit is gesetel in en gelateraliseer tot dieselfde deel van die brein – dit wil sê die linkerhemisfeer – as die gesproke taal van horende sprekers. Dowe kinders wat vanaf 'n jong ouderdom blootgestel word aan gebaretaal as eerste taal, verwerf dit volgens dieselfde mylpale as wat horende kinders spraak verwerf; dowe volwassenes wat breinskade opdoen weens 'n ongeluk, besering of beroerte, se agrammatiese uitinge is ooreenkomstig met dié van horendes wat as gevolg van sulke trauma geklassifiseer word as Broca- of Wernicke-afate⁵.

Gesproke tale maak gebruik van die gehoorsintuig om oorgedra te word (spraak en gehoor); gebaretale maak gebruik van sig en span die oë en hande in om betekenis te kommunikeer en ontsluit. Hierdie driedimensionele kommunikasie vind plaas in

⁴ Die gebruik van die manlike vorme 'hy' en 'sy' sluit ook die vroulik in.

⁵ *Afasie*: Dit is die neurologiese term wat gebruik word om te verwys na taalstoornisse ('language disorders') wat veroorsaak is deur 'n beroerte, breingewas, skietwond of infeksie.

Broca-afasie: 'n letsel in die voorste deel van die linkerhemisfeer lei tot sintaktiese tekorte wat beide taalbegrip en -gebruik belemmer – hierdie pasiënte se spraak word gekenmerk deur moeisame spraak, pouses om woorde te soek, die verlies van 'funksie'-woorde (grammatikale morfeme) en dikwels versteurde woordorde.

Wernicke-afasie: 'n letsel in die agterste deel van die linkerhemisfeer lei tot semantiese en leksikale probleme wat ook taalbegrip belemmer – hierdie pasiënte praat vlot en met goeie intonasie en uitspraak, maar met vele gevalle van leksikale foute (woordsubstitusie) en dikwels ook met fonologiese foute (Fromkin en Rodman 1993: 440).

die sentrale ruimte voor die spreker se liggaam wat genoem word die gebareruimte ("signing space") (sien ook paragraaf 1.2).

Die grammatikale verwantskappe tussen gebare word grootliks bepaal deur die manipulasie van gebarevorme in die gebareruimte – dus dra die ruimte self linguistiese betekenis. Die mees prominente en kenmerkende gebruik van ruimte in gebaretaal is die rol daarvan in sintaksis en diskoers. Nominale (persone of ander referente) wat voorgestel word in die gebarediskoers, word eerstens 'n afsonderlike ruimtelike lokus toegeken op 'n horisontale vlak van die gebareruimte voor die spreker se liggaam. Enige verdere verwysing na daardie lokus, hetsy deur vingerwysing, staar, 'n verskuiwing van die liggaam of werkwoordkongruensie, verwys duidelik terug na die reeds vasgestelde nominaal. Hierdie opstelling van lokusse staan bekend as die vasgestelde referensiële raamwerk ('fixed referential framework') (Ogilvy Foreman et al. 1994: 119).

Voornaamwoorde volg 'n patroon soortgelyk aan dié van nominale referente. Binne die diskoersraamwerk word daar ondubbelsinnig na 'n reeds vasgestelde nominaal verwys deur weer te wys na 'n spesifieke lokus in die gebareruimte. Hierdie indeksiese voornaamwoorde (gebarevorme wat vingerwys na iets) voer voornaamwoordelike verwysing uit (Ogilvy Foreman et al. 1994: 119).

Dit is selfs moontlik vir 'n enkele lokus om te verwys na beide 'n ruimtelike plek *en* 'n persoon (of ander referent), indien die twee in werklikheid tot dieselfde temporele en fisieke ruimte behoort – dit sou ongrammatikaal wees om in so 'n geval twee aparte lokusse te gebruik (Ogilvy Foreman et al. 1994: 119, 120). Lokusse wat gebruik word om na die fisieke plek van 'n persoon te verwys, kan ook beweeg om fisieke beweging van die referent aan te dui.

Ruimtelike indekse speel 'n belangrike rol in die sisteem van werkwoordkongruensie wat grammatikale verwantskappe in natuurlike gebaretaal spesifiseer. Vir sulke werkwoorde is die eerste punt (die lokus vanwaar die werkwoordstam beweeg) die onderwerp van die werkwoord en die laaste punt is die grammatikale voorwerp, bv. GEE, GAAN, UITNOOI, STAP (Ogilvy Foreman et al. 1994: 120).

Hough (1998: 61) wys daarop dat Dowes se visuele manier van praat nie net 'n invloed het op die uiterlike vorme en strukture van hul taal nie, maar dat dit ook 'n invloed het op die inhoud en aard van hul kommunikasie: "Dit is byvoorbeeld nie

maklik om 'n gesprek in gebaretaal presies te vertaal in enige ander taal of om dit te probeer transkribeer nie. Dit kan nie woordeliks weergegee word nie omdat dit nie woordeliks nie, maar begripsgewys opereer."

Gesproke tale is egter per definisie ook die 'brug' tussen arbitrêre vorme en begrippe – die probleem, soos hierbo gestel, is waarskynlik eerder verwant aan die kompleksiteit daarvan om iets wat driedimensioneel en simultaan is (dus gebaretaal) in iets tweedimensioneels en sekwensieels (dus gesproke taal) om te sit.

Soos pas genoem, bestaan alle tale uit die boustone van begrippe.

In gewone [gesproke] taal word hierdie begrippe verwoord deur die proses van leksikalisering – die gee van leksikale items om begrippe te verteenwoordig. In Gebaretaal word dit beeldend gedoen deur middel van verskillende visuele gebare. *Die leksikale afbakening van gebarebegrippe val nie noodwendig saam met die Afrikaanse leksikalisering nie.* Woorde van gesproke tale word wel oorgeneem en die begrip daarvan as gebaar gebruik waar Gebaretaal dit benodig, maar *die semantiese veld van hierdie gebare verskil soms in sekere opsigte van die oorspronklike woordbetekenis of horendes se gebruik daarvan.* Die rede hiervoor is dat die visuele metode van oordrag eiesoortige aksente kan lê en ander visuele assosiasies kan oproep. Dowes gebruik hierdie begrippe soms in 'n sin met 'n gewysigde betekenisinhoud. Dit verskil soms merkbaar van die betekenis wat horende kommunikeerders daaraan heg (eie beklemtoning) (Hough 1998: 110-111).

Daar is ook heelwat begrippe in gebaretaal wat verskillende vorme in verskillende kontekste kan aanneem, veral oorganklike werkwoorde of handeling wat na of van die spreker uitgaan: die aard van die beweging in gebaretaal kan self betekenis bydra, en die rigting aandui waarin die handeling geskied, sodat dit duidelik is wie die agent (onderwerp) en wie die pasiënt (voorwerp) is. Dus word die rigting waarin die gebaar beweeg, eenvoudig omgedraai indien die onderwerp en voorwerp sou verwissel (Hough 1998: 112).

Die sinsnede: 'Die man wat God geroep het', kan in Afrikaans op twee maniere geïnterpreteer word In Gebaretaal word die rigting van die aksie aangedui. Dit is 'n basiese reël wat verwarring gewoonlik uitskakel (Hough 1998: 113).

'n Verdere belangrike aspek van gebaretaal is dat hulle tot 'n groot mate op gesigsuitdrukking staatmaak vir grammatika, asook die uitdrukking van emosie: "dit kan eintlik baie beter en met groter detail beskryf wat iemand ervaar, maar daar is nie altyd regtig akkurate beskrywings in woorde vir elkeen van hierdie gesigsuitdrukkinge nie" (Hough 1998: 61)

Hough (1998) bied 'n uiters bruikbare oorsig van die grammatika van gebaretaal, maar maak ook 'n paar stellings wat verdere ondersoek en/of kommentaar noodsaak:

- a. "... 'n groot hoeveelheid van die gebare wat gebruik word [is] nie *woordeboek-gebare* ...nie, maar *geskepte gebare* wat na aanleiding van die spesifieke gesprekke gemaak is en wat geen verstaansprobleem skep by die kykers nie" (eie beklemtoning) (bl. 114).

Hier is dit nodig om uit te wys dat die bestaande SASL-woordeboeke nie noodwendig baie volledig is nie. Dié aanhaling illustreer wel die rol van woordeboeke in die standaardisering van 'n taal, en gebruikers se persepsies en gebruik van 'n woordeboek – "as dit nie in die woordeboek is nie, is dit nie 'n 'regte' woord nie". Die geldigheid van dié stelling (bg. aanhaling) sal dus verder ondersoek moet word. Die stelling kan egter op 'n ander manier ook geïnterpreteer word, en verwys waarskynlik na die hoë frekwensie van produktiewe vorme wat die relatiewe klein bevrore leksikon aanvul (sien ook paragraaf 1.4.1 hieronder).

- b. "' ... all human languages, irrespective of their superficial differences have essentially the same hierarchical structure and organisation. ... Sign Languages have as many different registers as do spoken languages Signed Languages have all the characteristics of other languages ... ' (Aarons 1996:1-2)" (bl. 184).

Hough kritiseer hierdie stelling op hoofsaaklik twee punte en voer aan dat dit

- (i) Hy voer aan dat dit nie waar kan wees nie "omdat gebaretaal nog so jonk is, nog nie naastenby tot sy potensiaal ontwikkel het, nog nie grammatikaal beskryf is of amptelik aan die gebruikers daarvan onderrig is nie" (bl. 184).

Kom ons veronderstel vir 'n oomblik die konteks van hierdie argument is die San-taal. Alhoewel dit nie noodwendig 'n jong taal is nie (Afrikaans is wel), is dit ook nog nie tot volle potensiaal ontwikkel nie – baie mense hou ook steeds vol dat Afrikaans nie 'n wetenskaplike of akademiese taal (van voorkeur) is nie weens gebrek aan ontwikkeling op taalvlak – San is nie volledig grammatikaal beskryf nie en word in geen skool formeel aan sy gebruikers onderrig nie. Beteken dit ons twyfel oor die feit of San 'n taal is? Geensins! Al wat twyfelagtig is, is die status/aansien wat dit t.o.v. ander amptelike landstale geniet. Die feit dat tale ongelyke status het, is 'n weerspieëling van die samelewing waarvan dit deel vorm en nie van die aard van die tale self nie (Aarons 1995: 9).

Ons kan ook dink aan semisprekers: sprekers wat hul ouers se tweede taal as eerste taal verwerf het, maar op 'n gebrekkige wyse vanweë 'n tekort aan die korrekte taal invoer. Hul gebrek aan taalkennis beteken nie dat grammatika en woordeskat in daardie taal glad nie bestaan nie, maar bloot dat hulle dit nooit verwerf het nie weens gebrek aan toegang daartoe. Drüchen (2003, persoonlike kommunikasie) beweer dat dieselfde gesê kan word van SASL: daar bestaan wel 'n uitgebreide grammatika en woordeskat, maar alle gebruikers het nie noodwendig toegang daartoe nie weens wisselende vlakke van taal invoer en -onderrig.

'n Woordeboek sal dus 'n belangrike rol speel in terme van die toegang tot die taal vir verskillende gemeenskappe wat weens sosio-ekonomiese en/of demografiese redes dalk nooit kontak met mekaar sou maak nie.

Wat betref leenwoorde in SASL: die teenwoordigheid van leenwoorde in 'n taal verander nie sy status as taal nie; dit sou 'n uiters puristiese, preskriptiewe siening wees.

- (ii) Tweedens voer Hough (1998: 184) aan dat SASL "nie naastenby soveel gedetailleerde en gereguleerde beginsels het vir effektiewe taaloordrag" nie, aangesien dit 'n "baie meer natuurlike taal" is en sê verder dat die driedimensionele, visuele medium van gebaretaal "die reëls oor die volgorde van woorde of begrippe en die

betekenisgewing daardeur van minder belang [maak as in gesproke taal]." (Hough 1998: 185)

So 'n stelling is egter soos om appels en pere te vergelyk. Die feit dat sommige hiërargiese posisies leeg kan wees (vergelyk met 'n 'pro-drop' taal soos Spaans waar die eerstepersoonsposisie nie gevul hoef te word nie aangesien die werkwoord inflekteer om persoon aan te dui), beteken nie dat daardie kategorie in daardie taal glad nie bestaan nie. Die feit dat die driedimensionele medium die gelyktydige plasing van agente kan bewerkstellig, beteken ook nie dat rolle nie aan konstituente toegeken word nie.

- c. "Om 'n ander taal aan te leer met uitgebreide grammatikale beginsels vanuit 'n grammatikaal-arm eerste taal, is uiteraard problematies vir Dowes" (bl. 185).

Die probleem lê waarskynlik eerder by die *onderrigmetode* eerder as by Dowe leerders. Selfs by horende tweedetaalleerders is daar 'n gebrek aan begrip en insig ten opsigte van grammatikale klasse (subjek, voorwerp, werkwoord, ens.) wat veral duidelik sigbaar is tydens woordeboekgebruik in die klaskamer. Deur egter hierdie grammatikale terme met vraagwoorde⁶ te vervang, snap die studente dit veel vinniger. Dit is nog nie in 'n Dowe konteks getoets waarvan ek weet nie, maar ek vermoed die resultaat sal vergelykbaar wees.

Dit is onwaar om te stel dat gebaretaal 'n "grammatikaal-arm" taal is, alhoewel dit 'n algemene veronderstelling onder die meeste horendes is. Gebaretaal ken nie dieselfde funksie aan woordvolgorde toe as waaraan die meeste horendes in (lineêre) gesproke tale gewoon is nie. Die onderwerp en voorwerp kan byvoorbeeld omgeruil word sonder dat die betekenis van die sin beïnvloed word – in die meeste gevalle dui beweging (m.a.w. die rigting waarin die gebaar "beweeg") eerder as volgorde die voorwerp aan (Hough 1998: 117-118). Grammatika word op die gesig uitgebeeld en laat dus die volgorde van die gebare toe om te wissel sonder dat die betekenis verander.

⁶ WIE – subjek; WAT – werkwoord; VIR WIE – voorwerp; WANNEER – bywoord van tyd; WAAR – bywoord van plek; HOE – bywoord van wyse; HOEKOM – infinitief.

Hulpwerkwoorde, voornaamwoorde en lidwoorde ontbreek feitlik heeltemal in (natuurlike) gebaretaal en is net teenwoordig in Doofgerigte taal; voorsetsels word geïmpliseer deur die beweging, oriëntasie of plasing van die gebaar. Morfeme in gebaretaal is simultaan/gelyktydig en nie lineêr soos in gesproke taal nie, en kan ook op mekaar "gestapel" word. Aarons en Akach (1998: 22) verwys na hierdie verskynsel as "simultaneous agglutinating morphology". Die vorm van 'n gebaar in konteks kan aansienlik verskil van wanneer dit buite konteks of in 'n ander konteks gebruik word, aangesien die bywoordelike en byvoeglike funksies op hierdie manier 'ingebou' kan word (sien ook paragrawe 1.4.1 en 1.4.1.1).

In Suid-Afrika word ongeveer ses-en-sestig verskillende handposisies deur Dowes gebruik in die vorming van gebare. Toelaatbare of sosiaal aanvaarbare handvorme wissel tussen verskillende gebaretale – wat aanvaarbaar is in een gebaretaal, kan aanstootlik of beledigend in 'n ander wees. Die "foneme" (dus basiese boustene) van 'n gebaar bestaan uit die **handvorm**, die **plek** binne die gebareruimte waar die gebaar gevorm word, **oriëntasie** (die rigting waarin die handpalm wys) en **beweging**.

Soos reeds genoem, speel gesiguitdrukking ook 'n belangrike rol in die betekenis van 'n gebaar. Sommige gevoelsmatige terme word byvoorbeeld hoofsaaklik deur die gesiguitdrukking aangedui sonder dat die hande noodwendig 'n prominente rol hoef te speel (Hough 1998: 124). Die afsonderlik identifiseerbare gesiguitdrukking is waarskynlik meer as een duisend, maar verdere studie is nodig vir die wetenskaplike beskrywing van gesiguitdrukking as deel van die standaardisasie van gebare in gebaretaal (Hough 1998: 125). Daar is sewe beweeglike gesigdele wat 'n rol speel in die kommunikasie van (grammatikale) betekenis en/of begrippe:

- Die kakebeen
- lippe
- wangspiere
- neus
- oë
- wenkbroue en
- beweging van die kop self (Hough 1998: 125).

Sekere gesigsuitdrukkinge gaan altyd gepaard met sekere gebare; daarsonder sou die gebare ongrammatikaal wees, en met 'n ander gesigsuitdrukking sou die gebaar moontlik 'n ander betekenis oordra.

Gesigsuitdrukkinge, asook postuur, beweging en die oriëntasie van die kop en liggaam vervul belangrike linguistiese en grammatikale funksies in gebaretale. In ASL, veral, is die omvang van linguistiese gesigsgedrag hoogs begrens en duidelik reëlgebaseer, bv. daar is duidelike begin- en eindpatrone en die koördinasie met handgebare is kritiek in die bepaling van die omvang en betekenis van sulke tekens (Ogilvy Foreman et al. 1994: 120).

Gesigstekens funksioneer (in ASL⁷) as grammatikale merkers op drie basiese wyses: hulle merk spesifieke **sintaktiese strukture** (bv. vrae en negering), hulle verteenwoordig **bywoorde**, en hulle gaan gepaard met spesifieke **leksikale items**.

- Sintaksis – vrae en negering: daar is twee verskillende soorte vrae, naamlik ja/nee⁸-vrae en W-vrae⁹. Eersgenoemde word aangedui met die wenkbroue gelig en die kop effens vorentoe gekantel; laasgenoemde, aan die ander kant, word aangedui met saamgetrekte (fronsende) wenkbroue en 'n effense vorentoe beweging van die kop. Soms skuif die hele liggaam effens na vore en word die skouers gelig vir 'n W-vraag. Ogilvy Foreman et al. (1994: 120) berig dat hul data vir SASL al hierdie nie-handige kenmerke tot 'n sekere mate bevestig het, maar dat opgemerk is dat fronsende wenkbroue soms in SASL in ja/nee-vrae voorgekom het, en dat nie alle W-vrae sulke fronse gebruik het nie. Dit is egter nie duidelik of hierdie gedrag konteksgebonde was nie, en is 'n area vir verdere navorsing.

Niemanuele gebare of grammatikale tekens kan 'n sin in die negatief plaas sonder om 'n negerende gebaar te gebruik, bv. deur 'n heen-en-weer

⁷ Hoewel hierdie grammatikale aspekte van SASL nog verder ondersoek en aangeteken moet word, het observasie getoon dat dieselfde opmerkings geld as vir ASL.

⁸ Dus vrae waarop die antwoord slegs "Ja" of "Nee" kan wees, bv. Is jy siek?

⁹ Dus vrae waarby 'n vraagwoord betrokke is en wat gemik op is op die verkryging van spesifieke inligting, bv. Wanneer was jy siek?

kopskud, 'n frons, 'n sametrekking van die wenkbroue, deur die neus te kreukel of die bo-lip effens op te trek.

Structure contrasts

The non-manual activities which accompany a sequence of signs can have an important structural function in ASL.



(a) The sequence of signs 'woman-forget-purse' is used as a statement, *The woman forgot the purse* (the articles are not separately signed).



(b) The same sign sequence is accompanied by a forward movement of the head and shoulders, and the eyebrows are raised: this would express the yes-no question, *Did the woman forget the purse?*



(c) The same sequence is used as part of the sentence 'woman-forget-purse-recently-arrive' (*The woman who forgot the purse has just arrived*). Here, the relative clause section (*The woman who forgot the purse*) is signalled by having the brow and upper lip raised, and the head tilted back. (After S. K. Liddell, 1980.)

Figuur 1.7: Gesigsuitdrukkings as merkers van sintaktiese struktuur (Crystal 1987: 223).

- Bywoorde: 'n "mm"-klank ([m:]) of mondvorm wat 'n werkwoord begelei, dui op ontspanning en genot, asook dat iets normaal en/of reg is. Dit word

gevorm deur die lippe saam te druk, effens uit te stoot en die kop effens terug en na een kant te leun, bv.

..... mm
MAN LEES

kan in Afrikaans vertaal word as "Die man lees rustig en lekker".

'n 'Th'-klank ([θ]) dui op 'n gebrek aan beheer, aandag of bewustheid. Kop leun terug, tong steek uit tussen lippe by die mondhoek en die lippe word effens uitgedruk, bv.

..... th
PIET RY

kan in Afrikaans vertaal word as "Piet ry roekeloos".

- Gesiguitdrukkings met leksikale betekenis: sulke uitdrukkings kan nie net die leksikale betekenis van sekere gebare of dele van gebare beïnvloed nie, maar ook bepaal; dit word oor die algemeen nie deur tweedetaalgebruikers van gebaretaal verstaan of selfs herken nie. In Suid-Afrika word sulke nie-gebaretekens deur eerstetaalsprekers van gebaretaal gesien as sleng (Ogilvy Foreman et al. 1994: 121).

Die tempo waarteen die gebare gemaak word, is ook betekenisdraend (Hough 1998: 127) – 'n versnelling in tempo dui tipies klem aan, of verleen intensiteit aan 'n werkwoord. Die herhaling van 'n werkwoord intensiveer die aksie, bv.

WERK WERK WERK = "baie werk" of "hard(e) werk";

PRAAT PRAAT PRAAT = "baie praat", "klets".

Gebare kan onderverdeel word in eenhand- of tweehandgebare. Laasgenoemde kan onderverdeel word in simmetriese of asimmetriese tweehandgebare. Die hand wat gekies word om eenhandgebare te vorm, of die 'hoofrol' speel in asimmetriese tweehandgebare, word die dominante hand genoem. Dit mag wissel van een gebruiker tot 'n ander, maar handdominansie moenie na willekeur verander en die rol van die hande omgeruil word nie, aangesien dit uiters verwarrend is (Hough 1998: 133).


Die belangrikheid en gebruik van ruimte in gebaretaal is reeds genoem; die ruimte waarin 'n gebaar geplaas word, "bepaal in baie gevalle die tyd, die persoon (tweede of derde persoon) en die woordsoort" (Hough 1998: 139).

Handelinge en die tyd waarin hulle plaasgevind het, word dienooreenkomstig geplaas op 'n tydlyn binne die gebareruimte, en die tydsaanduiding kom gewoonlik eerste in 'n sin om die gebeure te plaas (Hough 1998: 149). Daar is nie noodwendig 'n tydmerker aan elke uiting nie – die tydaspek word eerste aangedui, en daarna eers weer wanneer die tydsverwysing verander (Ogily Foreman et al. 1994: 121).

Die aanduiding van tyd in gebaretaal word geassosieer met 'n denkbeeldige 'tydlyn' wat langs die spreker se liggaam beweeg, van agter die oor tot 'n armlengte voor die liggaam, en loop onderdeur die spreker se oor (sien figuur 1.8). Die ruimte reg voor die spreker verteenwoordig die hede, die ruimte agter die spreker verteenwoordig die verlede en die ruimte verder voor die spreker verteenwoordig die toekoms. Dit is ook moontlik om tye relatief tot mekaar uit te druk, bv. die ruimte reg agter die oor is die nabye verlede, terwyl 'n beweging oor die skouer dui op die verre verlede. Bywoorde van tyd word ook in die tydlyn geplaas, bv. GISTER, VANDAG en MÔRE word op die toepaslike plek in die tydlyn geplaas.

'n Spesifieke plek in die gebareruimte word ook toegeken aan tweede of derde persone in die narratief, en daar word slegs na daardie punt in die ruimte gewys om aan te dui wie ter sake is, totdat die ruimte aan 'n nuwe/ander referent toegeken word. Die spreker kan ook sy of haar liggaam se oriëntering aanpas ten opsigte van hierdie verwysingspunte om aan te dui dat iemand anders aan die woord is.

Werkwoorde word nie verbuig vir die verlede of toekomende tyd nie, aangesien die tydsindikator (in die driedimensionele tydslyn) op 'n uiting van toepassing is totdat 'n ander tyd aangedui word. Die werkwoorde word dus basies in 'n onverbuigde, teenwoordige tyd gebruik (Hough 1998: 150).



Figuur 1.8: Tydlyn in gebaretaal (Crystal 1987: 222)

Die perfektum word gebruik om te verwys na die diskontinuering van voorafgenoemde handeling in die hede, verlede en toekoms, bv.

EK EET KLAAR – Ek het klaar geëet;

GISTER EK SLAAP KLAAR LEES BOEK – Gister het ek 'n boek geles nadat ek geslaap het;

MORE EK SLAAP KLAAR EET - More sal ek eet nadat ek geslaap het.

Die onderstreepte frases dui daarop dat hierdie deel van die uiting met 'n ander gesigsuitdrukking gepaard gaan om dit te onderskei van die res van die gebeure – die wenkbroue word gelig en die kop effens na voor gebuig, soos met topikalisering.

Die vorm wat negering in 'n uiting mag aanneem, hang dikwels af van die konteks van die uiting, en kan 'n vingerswaai, frons, opgetrekte bolip, heftige kopskud, B-handvorm wat met die palm na die kant voor die mond beweeg word terwyl lug in 'n klanklose fluit deur die lippe geblaas word, ens. Die woordorde verander nie noodwendig nie, en die negering word dikwels aan die einde, maar soms aan die begin van 'n uiting geplaas. Daar is nie twee ontkenningmerkers soos in Afrikaans nie, en slegs een uitdrukking van negering is nodig per stelling.

Die meervoud word op een van vier maniere aangedui:

- gebaar + BAIE vir onbepaalde meervoud, bv. HUIS BAIE = 'baie huise';

- gebaar + getal vir bepaalde meervoud, altyd met die getal wat volg op die naamwoord, bv. HUIS TIEN = 'tien huise';
- gebaar en meervoudige lokalisering binne gebarespasie, bv. BOOM DAAR₁ DAAR₂ DAAR₃ = "n paar verspreide bome';
- die gebaar self kan verbuig om getal te inkorporeer, bv. 3-WEEK = 'drie weke'. Die gebaar vir WEEK is die dominante D-handvorm wat na buite oor die oop palm van die ander gevee word. In die verbuiging kan die dominante handvorm verander na 'n F-handvorm wat ook die getal drie aandui.

Verwante naamwoord- en werkwoordpare:

In gebaretaal is daar 'n stabiele verhouding tussen werkwoorde en naamwoorde wat van hulle afgelei word, bv. SIT en STOEL, SKÊR en SNY, MOTOR en RY, ens. Sulke woordpare is betekenisverwant en ook vormverwant – hulle deel dus dieselfde handvorm, beweging, palmrigting en plek van vorming. Die verskil tussen die werkwoord en naamwoord word gewoonlik aangedui deur die rigting waarin die beweging plaasvind, herhaling van beweging en selfs die wyse van die beweging (Ogilvy Foreman et al. 1994: 121, 122). Byvoorbeeld: in die gebaar SKÊR mimiek die wys- en middelvinger van die dominante hand 'n knipbeweging en herhaal dit slegs 'n paar keer; in die gebaar SNY/KNIP word die beweging meermaal herhaal en kan die gebaar ook in 'n sekere rigting uitgevoer word (bv. voor die spreker uit, na links of na regs) om die spesifieke knipbeweging te illustreer.

Die vorming van gebare self kan ook beïnvloed word wanneer 'n persoon mompel, hakkelt of fluister, of sommer net lui en ontspanne is – soortgelyk aan wanneer hierdie verskynsels by 'n horende spreker plaasvind.

1.4.1. Produktiewe morfologie

In gebaretaalliteratuur word onderskei tussen die "bevroe" leksikon¹⁰ of die "gevestigde leksikon" en die "produktiewe leksikon"¹¹: eersgenoemde verwys na die

¹⁰ Die bevroe leksikon van 'n gebaretaal is normaalweg heelwat kleiner as dié van 'n gesproke taal.

¹¹ Gebaretale verskil van baie gesproke tale deur die gelyktydige kombinerings van morfeme toe te laat (cf. Cogill-Koez 2000b: 179; Aarons en Akach 1998: 22).

versameling gebare wat in 'n woordeboek kan of mag opgeneem word, dus die versameling van kodifiseerbare leksikale items; laasgenoemde verwys na items of gebarekonstruksies wat nie 'n stabiele vorm en betekenis het nie, maar wat wel een in die toekoms kan kry (Vermeerbergen 2006: 180).

Hierdie produktiewe leksikon bestaan, in alle bekende natuurlike gebaretale, uit 'n groep handvorm-en-beweging-kombinasies wat op skynbaar soortgelyke manier oor gebaretale gemanipuleer word om die plasing, beweging, manipulasie of vorm van voorwerpe aan te dui. Die handvorme van sulke gebare word klassifiseerders ("classifiers") genoem, en 'n klassifiseerder word gedefinieer as 'n gebaar wat 'n algemene kategorie dinge, vorme of groottes verteenwoordig. 'n Predikaat is die deel van 'n uiting wat die onderwerp van 'n sin, of ander naamwoord of naamwoordfrase in die sin, bepaal – dit sê dus iets oor of beskryf die onderwerp. Wanneer 'n klassifiseerder gebruik word om die vorm, grootte, beweging of plek van 'n naamwoord te beskryf, word dit dus 'n klassifiseerderpredikaat genoem (Valli en Lucas 2000: 82-86; Cogill-Koez 2000b: 155).

In spontane gebaretaaldata is die teenwoordigheid van produktiewe leksikale elemente besonder dominant. Selfs wanneer bevrore gebare beskikbaar is in die leksikon, mag gebaregebruikers steeds verkies om hul eie konstruksie te skep, hetsy om die bevrore werkwoordgebaar 'aan te vul' of nie (Vermeerbergen 2006: 182).

1.4.1.1. Klassifiseerderhandvorme

Bykomend tot die linguistiese modus, wat gebaretale deel met gesproke kommunikasie en wat blykbaar basies identies is oor gesproke en gebaremodaliteite heen, beheers gebaregebruikers ook kenmerkende, formele sisteme van skematiese visuele voorstelling: klassifiseerderhandvorme.

Daar is oortuigende bewyse dat klassifiseerderhandvorme 'n kwalitatiewe nuwe kommunikasiemodus verteenwoordig, naamlik formele, gestruktureerde sisteme van visuele voorstelling wat sy aan sy met linguistiese modaliteite bestaan binne die gebarekommunikasiesisteme as 'n geheel (Cogill-Koez 2000a: 210; 2000b: 153).

In hierdie opsig verskil vlot gebaregebruikers van horende sprekers, en wel daarin dat hulle twee diskrete kombinatoriese kommunikasiesisteme beheers en nie net een nie¹²: 'n linguistiese sisteem, wat die duidelikste uitgebeeld word in die suiwerste vorm van die "bevrore" leksikon, en 'n illustrerende sisteem, wat die duidelikste (maar nie noodwendig eksklusief nie) uitgebeeld word in die suiwerste klassifiseerders (Cogill-Koez 2000b: 155).

Produktiewe vorme verskyn egter nie net in gebaretale nie, maar ook in gesproke tale: pre- en suffikse word dikwels in gesproke tale gebruik om woordbetekenis of woordsoort te verander, bv. *on-*, *-baar*, *-lik* ens. Cogill-Koez (2000b: 160, 161) maak 'n verdere interessante opmerking oor die probleem wat sommiges ondervind om gebaretaalklassifiseerders as deel van die taalsisteem te sien: baie van ons daaglikse Westerse (en nie-Westerse) visuele voorstellings – kaarte, diagramme, modelle – is baie skematies, en hoogs visueel, maar is glad nie pogings tot analoë visuele realisme nie. Skematiese visuele verteenwoordiging is dus die norm, en nie die uitsondering nie. Selfs kinders probeer nie om alles wat hulle sien, te teken nie. Hulle is uiters selektief oor wat hulle voorstel en hul seleksie is gebaseer op hul oordeel van wat binne die referent belangrik is.

In gebaretale word hoofsaaklik klassifiseerderhandvorme gebruik om ruimtelike inligting oor te dra. Gebruikers van gebaretaal produseer analoë weergawes of voorstellings op die hande van reële handelinge, voorwerpe, ruimtelike verhoudings en bewegings d.m.v. hierdie kenmerkende vorme (Cogill-Koez 2000a: 209).

Schembri (1996: 72-75) onderskei tussen

- Voorwerp-klassifiseerderhandvorme, bv. omgekeerde **V**-handvorm vir 'n mens, **B** vir 'n boom;
- Natrek-klassifiseerderhandvorme ("trace"), bv. twee **G**-handvorme wat die buitelyne van 'n diamant trek;
- Handvat- of hantering-klassifiseerderhandvorme, bv. 'n **C**-handvorm om die neersit van 'n koffiebeker te illustreer.

¹² Die verwerwing van klassifiseerderhandvorme is 'n lang proses wat volgens voorspelbare stadia geskied.

Hierdie klassifisering is egter nie absoluut nie, en feitlik geen twee outeurs stem saam oor die indeling van subtypes in klassifiseerderhandvorme nie.

Cogill-Koez (2000a) stel 'n model voor van klassifiseerderhandvorme as getempleerde visuele verteenwoordiging, en die eerste stelling van hierdie model is dat klassifiseerderhandvorme nie bloot *verwys* nie, maar visueel *voorstel*. Die model aanvaar dat die basiese beginsel van die persepsie en produksie van gebaretaal klassifiseerderhandvorme visuele voorstelling is, en hierdie veronderstelling sluit noodwendig 'n tweede en meer algemene een in: gebaretale in die algemeen moet twee kanale van verteenwoordiging gebruik, twee denkwyses wat betref die konsep en oordrag van voorgestelde inligting, naamlik die linguistiese en die visuele.

Die gebaregebruiker maak dus nie net van 'n string abstrakte simbole gebruik om betekenis te verteenwoordig nie, maar skep eerder strukturele ooreenkomste tussen die voorstelling en sekere belangrike aspekte van die referent. Die gebaregebruiker en die gespreksgenoot maak gebruik van hierdie strukturele ooreenkomste om die voorgestelde inligting uit te ruil, net soos wat 'n mens 'n skets of model maak of verstaan (Cogill-Koez 2000a: 211). Aangesien die gebruikers van gebaretaal, net soos ander gebruikers van skematiese voorstellingsisteme, gebruik maak van 'n hoofsaaklik analoë strategie in die plasing van voorwerpe binne die voorstelling, beteken dit dat die gebruik van ruimte betekenisdraend en dus baie belangrik is.

Gebruikers van gebaretaal het egter nie ikonisiteit *nodig* om betekenis uit bevrore gebare te bekom nie – daar is bewyse dat hulle die bevrore gebare as 'n abstrakte simbool benader en dit verwerk op wyses wat basies taalagtig is, en dus afhanklik is van die klassieke "taalareas" in die linkerhemisfeer van die brein. Die bewyse vanuit die voorgestelde bevrore en klassifiseerder-fonemiese lysie van gebaretale, die gedetailleerde gedrag van individuele foneme in gesprek en in historiese tyd, en die afbreking van klassifiseerderhandvorme as gevolg van 'n breinbesering, dui egter alles daarop dat gebruikers van gebaretaal wel ikonisiteit aktief gebruik om klassifiseerderhandvorme te produseer en te verwerk. Hulle "sien" dus nie net "betekenis" in klassifiseerderhandvorme nie, maar ook vorm, en dit is van hierdie vorm wat betekenis afgelei word (Cogill-Koez 2000a: 212)¹³.

¹³ Klassifiseerderhandvorme en –predikate is ook uiters gepas vir metaforiese gebruik.

'n Getempleerde visuele voorstelling is enige vorm in 'n klassifiseerder-sisteem wat herhaaldelik voorkom, by voorkeur oor verskeie kontekste, met dieselfde herkenbare fisiese uitbeelding elke keer, en ons kan sê dat baie van die tradisionele parameters van klassifiseerder-gebare (beweging, plek, oriëntering en handvorm) ekstensief getempleerd is (Cogill-Koez 2000a: 213). Die B-handvorm kan byvoorbeeld gebruik word as 'n strukturele analogie om plekke op die voet aan te dui; 'n omgekeerde V-handvorm word gebruik in die voorstelling van menslike beweging, bv. stap, dans, hardloop, ens.

Standaardisasie van 'n analoë skets tot 'n standaardtemplaet is 'n kwessie van dieselfde aard as wanneer 'n klassifiseerderkonstruksie 'n bevrore gebaar word¹⁴, of wanneer 'n neologisme 'n "regte" woord word in 'n gesproke taal. Daar is egter heelwat areas wat vaag en "uit fokus" bly, tydperke waarin sekere individue 'n vorm op een manier mag gebruik as ander tye, of wanneer 'n vorm soms op een manier funksioneer en soms op 'n ander binne een individu se gebruik daarvan. Daar is egter iets in die menslike brein wat veroorsaak dat klassifiseerderhandvorme breedvoerig getempleerd word, en totale analoë visuele verteenwoordiging is relatief seldsaam in die gebruik van 'n gebaresisteem (Cogill-Koez 2000a: 220; Vermeerbergen 2006: 183).

Template kan ook buigbaar wees, bv. die "lynbeweging" wat in alle bekende getempleerde visuele verteenwoordigingsisteme voorkom. Hierdie lynbeweging kan 'n redelik standaardlengte beslaan in elke individu se normale gebruik van gebare. Dié templaet is skynbaar ook elasties in baie gebare-klassifiseerder-sisteme – net soos 'n sterk veer in 'n rusposisie 'n duidelike lengte van sy eie het, maar gestrek of saamgepers kan word sonder om sy basiese identiteit te verloor, so ook kan

¹⁴ So 'n evolusie behels die verlies van motivering, of meer korrek gestel, die motivering is steeds daar maar die gebaregebruiker is nie meer daarvan bewus nie. Die leksikale gebaar OM TE ONTMOET behels byvoorbeeld die regop, uitgestrekte wysvingers van beide hande en die hande wat mekaar nader. Dit is duidelik dat die handvorm in hierdie gebaar afgelei is van die klassifiseerder vir 'n relatief lang, dun en regop referent. Die gesamentlike betekenis van die konstruksie "twee relatief lang, dun en regop referente nader mekaar" het plek gemaak vir 'n spesifieke leksikalisasie, en een handvorm in die leksikale gebaar OM TE ONTMOET word nie meer geassosieer met net een persoon nie. Die handvorme van die gebaar, in teenstelling met die gebarekonstruksie, verwys dus nie meer na die aantal mense wat betrokke is nie, en die gebaar kan ook gebruik word om die ontmoeting van meer as twee persone aan te dui.

sprekers hul lyntemplant strek of saampers op 'n manier wat die gewenste betekenis oordra indien die standaard-"instellings" van die lyntemplant nie voldoen aan die pikturale vereistes van die voorgestelde betekenis nie. Die gebruikers van gebaretaal het geen probleem hiermee nie – hulle kan die resultaat van 'n langer of korter lyn herken as 'n variasie van 'n standaardtemplant.

Aangesien gebaretaalsisteme aansienlik verskil van gesproketaalsisteme in dié opsig dat klassifiseerderhandvorme 'n vorm van visuele verteenwoordiging is en dat gebaretaal dus twee hoofkanale van verteenwoordiging benut in plaas van net een, is gebaretaal 'n waarlik heterogene of multimodelkommunikasiesisteme (Vermeerbergen 2006: 189). Die twee kanale van linguistiese en visuele verteenwoordiging is nie "hoofkanale" slegs omdat beide dikwels gebruik word nie, maar omdat die visuele kanaal in gebaretaal formeel gestruktureerde kanale bevat waardeur eksplisiete en onafhanklike voorgestelde inligting oorgedra word. Klassifiseerderhandvorme en –predikate is egter nie die enigste manier waarop gebaregebruikers die parallelle kanaal van visuele voorstelling kan gebruik nie – ander vorme van gebaregebruik maak ook gebruik van hierdie modaliteit, bv. in mimiek of standaardrolverskuiwing, alhoewel die omvang daarvan steeds bepaal moet word (Cogill-Koez 2000a: 223).

Vermeerbergen (2006: 181) verwys na die feit dat dit moeilik is om 'n definitiewe grens te onderskei tussen "bevore" gebare en gebarekonstruksies, en praat eerder van 'n kontinuum.

Engberg-Pedersen noem enkele kenmerke van (Deense) gebaretaalwerkwoorde in hierdie kontinuum:

The closer to the nonpolymorphic end a verb is, the more likely the signer is to have eye contact with the receiver; and the closer the verb is to the polymorphic end of the continuum, the more likely the signer is to look in the direction of a referent projection.

The closer the verb is to the nonpolymorphic end of the continuum, the more likely it is to be accompanied by the mouth pattern of a Danish verb (Engberg-Pedersen 1993: 313).

Ander waarskynlike kenmerke van die konstruksies wat aan die polimorfemiese kant van die spektrum gevind kan word, is:

1. Die gelyktydige gebruik van beide hande om twee verskillende referente aan te dui, en;
2. die groter formele kompleksiteit van die bewegingskomponent: hierdie komponent bestaan dan uit 'n reeks verskillende bewegings of 'n getroue weergawe van die werklike bewegings van die referent(e) (Vermeerbergen 2006: 182).

1.4.1.2. Die fonemiese analise van klassifiseerders

Die analise van produktiewe klassifiseerdergebare is afhanklik van die akkurate identifisering van hierdie vorme en die konsekwente kategorisering van die samestellende morfeme (Brennan 2002: 47).

Die analise van klassifiseerderhandvorme en –predikate vereis egter 'n ander analitiese benadering as vir bevrore gebare, en kan problematies wees om die volgende redes.

- Verlies van links/regs omkeerbaarheid in klassifiseerdergebare: die oorgrote meerderheid van gebare in die bevrore leksikon kan as 'n spieëlbeeld voorgestel word sonder om die betekenis daarvan te beïnvloed – daarom word bevrore gebare nie in terme van die parameters links en regs beskryf nie, maar in terme van die dominante en nedominante/ondergeskikte hande. In kontras hiermee word links en regs in klassifiseerdergebare algemeen as betekenisvol en absoluut gebruik, alhoewel dit nie noodwendig *altyd* die geval is nie.
- Die ontsluiting van betekenis deur relatiewe lokalisering: die plasing van handvorme in ruimte behels die formele assosiering van plekfoneme/-morfeme met die handvorme. In die praktyk behels die plasing van twee klassifiseerderhandvorme in ruimte egter meer: dit dra die ruimtelike verhouding tussen die referente van die twee handvorme oor;
- Verskillende reëls vir 'fonologiese kombinerings' in klassifiseerdergebare: in die bevrore leksikon van enige gebaretaal is daar algemene beperkinge op die

handvorme en bewegings wat in 'n tweehandgebaar geproduseer kan word. Sulke reëls is blykbaar gemeenskaplik aan verskillende gebaretaal en het waarskynlik hul oorsprong in fisiese eerder as linguistieke beperkinge. In klassifiseerdergebare is sulke patrone egter bloot neigings; daar is nie oorkoepelende reëls nie.

'n Moontlike reaksie op hierdie verskille tussen bevrore en klassifiseerder-fonologie kan wees om te veronderstel dat daar twee volledig linguistiese fonologiese sisteme in elke gebaretaal is – een vir die visuele kanaal (klassifiseerdergebare) en een vir die linguistiese kanaal (bevrore gebare) (Cogill-Koez 2000b: 201). In klassifiseerdergebare word die drie dimensies van ruimte gebruik binne die parameters van beweging, lokalisering en oriëntering. Vir al hierdie parameters, onder enige temporale of ruimtelike transformasie, synde omkering, refleksie, rotasie, verlenging of samepersing, is daar 'n ooreenstemmende *verandering* in ruimtelik-temporale betekenis eerder as 'n *verlies* aan grammatikale aanvaarbaarheid. Dit dui daarop dat geen van die vier dimensies van ruimte/tyd wat in klassifiseerdergebare gebruik word, deelneem aan 'n hiërargiese grammatikale struktuur nie (Cogill-Koez 2000b: 178).

1.4.1.3. Gestes in gesproke taal

Die gebruik van gestes ("gestures") in gesproke tale funksioneer andersyds soos beide bevrore gebare en klassifiseerdergebare in dié opsig dat hulle onafhanklike voorgestelde inligting kan oordra, bv. die embleem vir "duime op" of "OK"; andersyds is gestes in kontras met klassifiseerdergebare in twee belangrike aspekte:

- hulle is nie werklik visueel verteenwoordigend nie en werk skynbaar glad nie in die kanaal van visuele voorstelling nie – hulle word prakties gebruik om idees of houdings deur 'n abstrakte assosiasie van die vorm met die konsep aan te dui. Byvoorbeeld die gebruik van die geringde wysvinger en duim in die bekende "OK" geste – daar is niks in hierdie geste wat die idee "dis goed" visueel verteenwoordig nie, wat beteken dat hierdie geste in ander kulture gebruik kan word om "dis nutteloos" te beteken (Cogill-Koez 2000a: 224). Sulke gestes voeg dus selde enige unieke inligting by die gesproke boodskap;

- tweedens is gestes struktureel primitief in vergelyking met getempleerde visuele voorstellings (klassifiseerdergebare).

Die menslike kapasiteit vir visueel-gebaseerde voorstelling op die hande moet diep en stewig gesetel wees indien selfs volwasse sprekers ikoniese gestes gebruik wat ooreenkom met klassifiseerdergebare in breë vorm en algemene funksie, en aanhou om dit te gebruik selfs wanneer dit skynbaar baie min praktiese kommunikatiewe waarde in hulle totale sisteem het. Dit is interessant om daarop te let dat horende sprekers blykbaar gebruik wil maak van gestes, selfs al is dit van min nut in hul kommunikasiesisteem. Sprekers *wil* inligting visueel uitbeeld met hul hande, en sulke gestes is alomteenwoordig in gesproke tale, maar selfs ikoniese gestes het 'n verbasende klein funksie in gesproke taalsisteme (Cogill-Koez 2000a: 227).

1.4.2. Produktiewe morfologie en leksikografie

In die afgelope vyf-en-twintig jaar of so het 'n aantal "woordeboeke" van gebare verskyn wat breedvoerig gebruik gemaak het van multimediaformate. Sommige hiervan het egter net "gebare-na-woorde"-lyste in nuwe formate aangebied: hulle verskaf wel video's van die gebare en laat die gebruiker dus toe om direkte toegang tot die vorm van die gebaar te hê, maar funksioneer dikwels asof 'n blote gesproketaaletiket, 'n glos¹⁵ van die gebaar, die betekenis van die gebaar sal oordra. Sulke glossering kan die aard en betekenis van die gebarevoorbeelde verdraai (Brennan 2002: 48). Definisies van gebare behoort dus gebaseer te word op die betekenis van die individuele gebare eerder as die gesproketaalwoorde wat met hulle geassosieer word, anders kan produktiewe vorme in die sentrale deel van die woordeboek, die bevrore of gevestigde leksikon, beland vanweë die bestaan van (foutiewe) glosse in assosiasie met hierdie vorme. Dit is egter tot 'n groot mate makliker gesê as gedaan, aangesien dit gewoonlik baie moeilik is om lekseme, aanhalingsvorme en selfs woordsoorte te bepaal in 'n taal wat geneig is om gelokaliseerde of beperkte betekenis wat nie streng geleksikaliseer is nie, te sintetiseer (McKee en McKee 2012).

¹⁵ Gebaretale word tipies gebaar-vir-gebaar in die geskrewe taal getranskribeer d.m.v. 'n geskrewe glos wat in hoofletters geskryf word. Sien ook paragraaf 5.3.

'n Woordeboek word algemeen aanvaar as 'n lys van die "gevestigde" vorme van 'n taal: die produktiewe leksikon van 'n gebaretaal bestaan egter uit daardie vorme wat geskep kan word soos benodig, wat nie beteken dat sulke vorme net een keer gebruik sal word nie – hulle mag inderwaarheid dikwels gebruik word. Die uitdaging lê dus (onder andere) daarin om die gebruiker bewus te maak van die feit dat die bevrore leksikon slegs 'n deel van die leksikale hulpbronne in 'n gebaretaal is.

Dit is 'n voortdurende probleem om te bepaal wat 'n enkele gebaar of leksikale item verteenwoordig: binne die bevindings van gesproke tale word dit gewoonlik erken dat leksikale items uit meer as een woord mag bestaan, en belangrike meganismes vir die vasstelling van leksikale status sluit die verkenning van patrone van substitusie in. Daar word ook aanvaar dat dit wel moontlik is om die aantal en aard van morfeme met multimorfemiese gebare te spesifiseer, maar die vermoë om nuwe vorme deur die produktiewe manipulasie van morfeme te vorm, is so aansienlik dat dit tot dusver moeilik is om te besluit op oortuigende kategorieë van gebarevorme gebaseer op verskillende kombinasies van morfeme. Daar is onsekerheid oor hoeveel gebare ter sprake is in die leksikon van enige gebaretaal (Brennan 2002: 56).

Nog 'n dinamiese sleutelement, en 'n verdere probleem vir die leksikograaf, is visuele opvallendheid ("visual salience"). Dít, meer as enigiets anders, word dikwels deur die glossering van gebare verskuil – dit is asof die toekenning van 'n gesproketaalnaam die visuele aard van die gebaar uitvee, en dit gebeur met beide bevrore en produktiewe vorme (Brennan 2002: 51). Gestel 'n gebaregebruiker beskryf die weerkaatsing van 'n voorwerp in 'n sekere oppervlak: die gebaar sal kontekstueel verskillend wees afhangende van die *tipe* weerkaatsing, bv. in 'n spieël of in water. Konteks en betekenis speel dus 'n belangrike rol in die manier waarop gebare gevorm word.

Deur die deurdringendheid en invloed van **motivering**¹⁶ binne die morfologie en leksikon van 'n gebaretaal te ignoreer, kyk ons steeds na gebaretale deur die lens van gesproketaalnavorsing (Brennan 2002: 51). Die hoë vlak van motivering in hierdie konstruksies het dikwels 'n hoë vlak van formele kompleksiteit tot gevolg, wat

¹⁶ Die seleksie van die komponentdele van 'n gebarekonstruksie is feitlik sonder uitsondering gemotiveerd (Vermeerbergen 2006: 180).

dit moeilik maak om hierdie konstruksies te analiseer en hul komponentdele te beskryf (Vermeerbergen 2006: 181).

1.5. Dowes en gesproke/geskrewe taal

Dowe gebaregebruikers kom daagliks in kontak met 'n gesproke taal. Toegang tot daaglikse nuus, in die vorm van koerante en tydskrifte, en vermaak, in die vorm van subtitels in DVD-films of TV-programme, is alles skriftelik. Sommige (akademiese) gemeenskappe het die afgelope paar jaar begin om die gebruik van notasiesisteme soos Sign-Writing (sien paragraaf 1.15 hieronder) aan te moedig, maar die aantal mense wat geleer het om dit te gebruik, is steeds baie gering. Dit beteken dat vir die oorgrote meerderheid Dowe gebaregebruikers gebaretaal die taal van voorkeur vir aangesig-tot-aangesig kommunikasie is, terwyl gesproke taal in die geskrewe vorm gebruik word vir lees en skryf. Dit is belangrik om daarop te let dat beide tale se status aansienlik verskil: baie Dowe gebaregebruikers twyfel steeds oor die linguïstiese status van gebaretaal, terwyl die (hoë) status van gesproke taal nooit in twyfel getrek word nie.

Gebaregebruikers se kennis en gebruik van geskrewe taal het ook 'n invloed op gebaretaal: vingerspelling is seker die mees opsigtelike spoor, die gebruik van 'n alfabet om (gesproke taal) woorde met die hande 'in die lug' te spel.

Hough (1998: 188) berig ook dat Dowes Afrikaans (of enige ander gesproke taal) ervaar as "'n ingewikkelde en verhewe uitdrukkingsvorm wat normaalweg geassosieer word met gesprekke met belangrike persone waar die vorm meer prominensie kry en volgens sekere norme geformuleer moet word" "Belangrike" persone kan die dominee, dokter of spraakterapeut wees, of gewoon enige horende persoon in 'n onbekende, minder informele konteks of situasie.

1.6. Die sosiolinguïstiek van gebaretaal: minderheidstaal, kontaktaal, variasie en Doofgerigte taal

Soos in die geval van ander minderheidstale bestaan 'n gebaretaal in kontak met 'n dominante meerderheidstaal. Die kenmerke van 'n minderheidstaal is die volgende:

1. dit word nie in alle aktiwiteite aangewend deur sy sprekers nie, m.a.w. dit word dalk beperk tot kommunikasie tuis en tussen vriende, maar word nie by die werk, kerk, skool, ens. gebruik nie;
2. dit word oorskadu deur 'n kultureel dominante taal wat dominant is as gevolg van politiese, opvoedkundige, sosiale of godsdienstige faktore;
3. 'n minderheidstaal se sprekers/gebruikers is noodgedwonge tweetalig (Simpson 1981).

In die geval van 'n gebaretaal in 'n dominante horende samelewing, word die situasie verder gekompliseer deur die feit dat die minder- en meerderheidstale tot verskillende modaliteite behoort (visueel vs. ouditief), veral wanneer die meerderheidstaal in 'n modaliteit is wat nie heeltemal toeganklik is vir die minderheidsgroep nie.

Binne die konteks van Gebaretale as minderheidstale, kan daar onderskei word tussen natuurlike Gebaretale, kontak-gebaretale en gebare-kodes wat op die hand gevorm word ("manual sign codes") (Reagan 2002: 176).

Natuurlike Gebaretale is geweldig kompleks – hierdie tale het op natuurlike wyse tot stand gekom en verander (Reagan 2002: 176).

Kontakgebaretale, ook genoem Doofgerigte taal, is presies wat die naam impliseer: kontaktale wat elemente van beide 'n natuurlike gebaretaal asook elemente van 'n gesproke taal, oorgeneem in die vorm van handgebare, kombineer. Dit is gewoonlik 'n algemene verskynsel van gebaretaal in die kommunikasie tussen horende en Dowe persone. Om die waarheid te sê, gebruik die meerderheid van horendes, asook Doves in die meeste van hul interaksie met die horende wêreld 'n vorm van kontakgebaretaal. Kontakgebaretaal is dus in baie opsigte soortgelyk aan pidgintale, wat ook 'n brug probeer span tussen onderskeie kulturele en linguistiese wêreldes (Reagan 2002: 177). Die sukses van die gebruik van Doofgerigte of gebareversterkte taal berus grootliks op die Dowe persoon se vermoë om lippe of spraak te lees, m.a.w. om iemand anders se gesproke uiting te verstaan deur die mondvorme en –bewegings dop te hou:

In Doofgerigte of gebareversterkte taal is die eerste mikpunt om die spraakleser te help om die regte uitgesproke woord van die spreker te verstaan. Omdat dit so moeilik is om akkuraat te spraaklees, word daar ook van gebare gebruik gemaak wat die begrip gewoonlik effektief visualiseer of 'n prominente eienskap van die saak illustreer sodat die lipbewegeings van die spreker makliker binne die regte konteks herken kan word. ... 'n praktyk wat somtyds ontstaan wanneer daar nie 'n gebaar vir 'n gegewe woord beskikbaar is nie en een op 'n homofoniese wyse geskep word (Hough 1998: 67).

Kontaktaal of Doofgerigte taal word nie net deur horendes gebruik in hul kommunikasie met Doves nie, maar ook deur die Doves self: dit is hul ervaring dat die horendes sukkel om hulle te verstaan omdat hulle nie Doves se taal ken nie, en dus gebruik hulle Doofgerigte taal teenoor horendes. Hierdie taal is gebaseer op 'n kombinasie van die grammatika van gebaretaal en Afrikaans, en maak ook gebruik van die leksikon van albei hierdie tale. Dit is 'n "tussentaal", 'n "ad hoc-taalvorm", maar nie 'n eie taal van 'n bepaalde kulturele groep nie (Hough 1998: 91-92).

Leksikale keuses (woorde of gebare) en die toepassing van grammatikale beginsels van Doofgerigte taal geskied nie op 'n rigiede, voorspelbare wyse nie en word nie deur alle sprekers op dieselfde manier aangewend nie.

'n Interessante verskynsel word dikwels by groot vergaderings waar horendes en Doves betrokke is, opgemerk: Doves van verskillende gemeenskappe kommunikeer sonder moeite met mekaar, maar tolke word benodig vir die horendes – ook vir kommunikasie tussen die horendes en die Doves. Byvoorbeeld, wanneer daar 'n Afrikaanse Dove persoon aan die woord is, vereis die horendes dat die tolk ook Afrikaans moet praat. Wanneer die tolk egter vir 'n Afrikaanse horende persoon tolk, kan die ander (nie-Afrikaanse) Doves nie die tolk verstaan nie en gevolglik moet die tolke wat elke gemeenskap bedien die gesproke Afrikaans in gebaretaal vertolk vir hul gemeenskap.

Die probleem lê egter nie by Dove-Dove kommunikasie nie, maar by horende-Dove kommunikasie. Ons kan aflei dat die tolke by gebare-Afrikaans, gebare-Engels of gebare-Xhosa hou – dit verklaar hoekom Doves wat nie met die struktuur van Afrikaans vertrou is nie, nie die tolk kan verstaan wat uit gesproke Afrikaans in gebare-Afrikaans tolk nie. "The interpreter is not interpreting into signed language, but putting Afrikaans on his hands and mouth" (Aarons 1999:129).

Die drie hoofuitkomstes van taalkontak tussen 'n gesproke en 'n gebaretaal wat kontaktaal kenmerk, is:

1. Oralisering - die vorming van woorde met die mond, dikwels klankloos;
2. Vingerspelling – die gebruik van die vingers om letters van die gesproke taal voor te stel. Dit is 'n unieke uitkoms van gebaretaal-gesproke-taal-kontak, en is, meer akkuraat gedefinieer, die uitkoms tussen 'n gebaretaal en die ortografiese sisteem wat gebruik word om gesproke taal voor te stel. Dit het ook sekere diskoersfunksies, maar die presiese diskoersfunksies van vingerspelling is 'n onderwerp wat nog navorsingsaandag verdien (Lucas en Valli 1992: 43, 46);
3. Inisialisering.

Battison (1978: 58) definieer geïnisialiseerde gebare ("initialized signs") soos volg: dit is daardie handvorme wat ooreenstem, via vingerspelling, met die eerste letter van 'n woord uit 'n gesproke taal wat algemeen gebruik word om die gebaar te vertaal. Sulke gebare is die gevolg van óf 'n vingerspelreduksie, bv. die gebaar vir 'n rekenaar wat van 'n C-handvorm (afgelei van die Engels "computer") gebruik maak, óf 'n verandering in die handvorm van 'n bestaande, niegeïnisialiseerde gebaar. Inisialisering is een van 'n aantal leksikale hulpbronne tot beskikking van gebruikers van gebaretaal. In baie gevalle kan die konsep ook uitgedruk word met 'n ander, niegeïnisialiseerde gebaar. Hierdie gebare word in hul gebruik op vier vlakke geïntegreer:

1. sommige is goed geïntegreer, is sonder twyfel deel van die leksikon en het geen nie-inisialiseerde sinonieme nie – ten minste nie enige wat algemeen bekend is nie;
2. sommige is wel algemeen maar het 'n nie-geïnisialiseerde sinoniem wat moontlik meer algemeen gebruik word;
3. die derde vlak verteenwoordig 'n grys area – die gebare is wel bekend aan gebruikers maar word nie algemeen aanvaar as suiwer gebaretaal nie;
4. geïnisialiseerde gebare op die vierde vlak is idiosinkraties (Machabée 1995).

Naamwoorde word die algemeenste geïnisialiseer, maar byvoeglike naamwoorde en werkwoorde kan ook so gevorm word, bv. WERK_{variant} (met 'n W-handvorm i.p.v. 'n B-handvorm), WREED (met 'n C-handvorm na die Engels "cruel") .

Die vraag is egter: hoekom word kontakgebaretaal hoegenaamd gebruik? Kontakgebaretaal word deur Dowes gesien as 'n gepaste wyse van kommunikasie met horendes aangesien hulle nie noodwendig dieselfde blootstelling of toegang tot outentieke gebaretaal het nie, terwyl gebare-kodes dikwels deur die Dowe gemeenskap verwerp word as lomp pogings om die strukture van 'n gesproke taal in gebare uit te druk (Reagan 2002: 186). (Sien ook paragraaf 1.10 hieronder.)

Gebare-kodes ("manual sign codes") is kunsmatig gevormde linguistiese sisteme wat ontwerp is om 'n gegewe gesproke taal in 'n visuele vorm voor te stel. Die resultaat is 'n hibried tussen 'n gebaretaal en 'n gesproke taal wat gekenmerk word deur die struktuur van die gesproke taal (wat nie noodwendig dieselfde is in die gebaretaal nie) en die skep en gebruik van gebare wat nie in die natuurlike gebaretaal voorkom nie, gewoonlik om grammatikale funksies te vervul wat op 'n ander wyse in gebaretaal uitgedruk word.

Hierdie kodes word algemeen gebruik vir opvoedkundige doeleindes, veral by jong kinders, kwansuis as 'n manier om meer sinvolle toegang tot gesproke taal te bied as wat orale (dus slegs gesproke) metodes verrig (Reagan 2002: 178). Hierdie gebaresisteme is egter nie natuurlike tale nie en word swak deur kinders verwerp. Dit word ook nie gebruik in kommunikasie tussen Dowes nie. Die meeste Dowes het egter op een of ander stadium kennis gemaak met so 'n sisteem, asook met die meerderheidstaal, gewoonlik in die geskrewe vorm. As 'n gevolg van taalkontak tussen die Dowe en horende wêreld, sal die meeste Dowes moontlik van so 'n sisteem gebruik maak in hul kommunikasie met horendes. Dit is dikwels nie 'n doelbewuste verandering in kommunikasiestyl nie, maar gebeur vanweë Dowes se aanpasbaarheid wanneer hulle met verskillende horende mense kommunikeer.

Die bogenoemde drie sisteme – natuurlike gebaretale, kontakgebaretale en gebare-kodes verskil van mekaar in ten minste vyf belangrike opsigte:

1. die aard van leksikale items
2. woordvolgorde

3. die teenwoordigheid of afwesigheid van inflektiewe merkers
4. die gebruik van stem, en
5. die gebruik van niehandkenmerke om leksikale, morfologiese en sintaktiese inligting oor te dra (Reagan 2002: 178).

Ceil Lucas en Clayton Valli (1989), gerespekteerde kenners op die gebied van variasie in Amerikaanse Gebaretaal (ASL), het in 'n studie van die linguistiese kenmerke van Pidgin Gebare-Engels (Pidgin Signed English) of kontakgebaretaal in die Verenigde State die volgende kenmerke geïdentifiseer:

1. ASL-gebare gaan gepaard met die mondbewegings van die ooreenstemmende Engelse leksikale items
2. die semantiese verandering van sommige ASL-leksikale items
3. Engelse woordorde
4. geen Engelse of ASL-inflektiewe of -afleidende morfologie nie (Mesthrie et al. 2000: 435).

Alhoewel een resultaat van die taalkontak in die Amerikaanse Dowe gemeenskap Pidgin Gebare-Engels genoem word, stem die sosiolinguistiese situasie van hierdie gemeenskap nie ooreen met die 'klassieke' pidgin-situasie of met enige van die sleutel-elemente nie (Lucas en Valli 2002: 302).

Kom ons veronderstel Engels is die superstratumtaal in die dowe gemeenskap, en duidelik die eerste taal van horende gebruikers van kontakgebaretaal. Eerstetaalgebruikers van gebaretaal dra egter ook kennis van Engels in verskillende vorme – deur skoolopleiding, werksomgewing, interaksie met horendes, gedrukte en uitsaaimedia. "This exposure to and contact with English is accompanied by ongoing ASL interaction with other native signers. The result for such native ASL signers in American society is a *maintained bilingualism*" (eie beklemtoning) (Lucas en Valli 2002: 302).

Ons sien ook ooreenkomste met Whinnom (1971) se beskrywing van "cocoliche", die Spaans wat deur Italiaanse immigrante in Argentinië gepraat word, maar nie deur die Argentyne nie. Een rede vir die gebruik van "cocoliche" is die weerstand wat die Italiaanse immigrante bied teen volledige integrasie in die Spaanssprekende

gemeenskap. Dit lei tot spekulasie oor die Dowe persoon se keuse om 'n tipe kontaktaal te gebruik eerder as, byvoorbeeld, streng Gebare-Engels. Dit is ook belangrik om daarop te let dat aangesien "cocoliche" 'n vorm van intertaal in die tweedetaal-leerproses verteenwoordig, die uitinge van geen twee individuele gebruikers daarvan ooit identies kan wees nie (Lucas en Valli 1989: 38; 2002: 303).

'n Verdere gevolg van 'n taal se minderheidstatus is dat die taal van Doves dikwels in waarde 'onderskat' word deur die meerderheidsgemeenskap. Hierdie houding word weerspieël in beleidsbesluite (veral in onderrig) en sosiale reëlins wat daartoe kan lei dat Doves 'n negatiewe houding teenoor hul taal mag inneem en dit as ondergeskik aan die gesproke meerderheidstaal sien. Dit is dan die rede waarom Doves hul gebruik van 'suiwer' gebaretaal beperk tot Doof-Doof interaksie, maar oorslaan na 'n meer kunsmatige sisteem in 'n Doof-horende omgewing.

Dit is egter hoogs waarskynlik dat, soos SASL mettertyd meer formeel en volledig as instrument vir kommunikasie in enige situasie erken en gebruik word, die verskynsel van taalkontak in die Dowe gemeenskap aansienlike veranderinge sal ondergaan.

Navorsing oor die patrone van sosiolinguistiese **variasie** in gebaretaal is nog in die vroeë stadium en hoofsaaklik gefokus op ASL. Nietemin toon hierdie navorsing dat variasie in gebaretale grootliks volgens dieselfde parameters as in die geval van gesproke tale voorkom. Streeksdialekte van die gebaretale van die meeste lande is geïdentifiseer, en variasie volgens geslag, wat 'n prominente verskynsel in baie gesproke tale is, is ook beskryf in gebaretaalnavorsing. Alhoewel daar baie ooreenkomste in die variasie van verskillende modaliteite is, het James C. Woodward (1973a) ook daarop gewys dat bo en behalwe die bekende sosiale veranderlikes wat in die meeste sosiolinguistiese studies gebruik word (area, ouderdom, geslag, sosiale klas en etniese groep), daar ook veranderlikes is wat 'n belangrike rol speel vir sosialisering in die Dowe gemeenskap (Doofheid, Dowe ouers, die blootstelling aan gebaretaal voor die ouderdom van ses, ens.), en wat 'n beduidende rol speel in die variasie van gebaretaal (Mesthrie et al. 2000: 439).

Vermeerbergen (2006: 177) rapporteer duidelike interregionale sowel as intraregionale variasie in Vlaamse Gebaretaal (VGT), sowel as die feit dat die leksikon van VGT, asook die leksikon van individuele gebruikers van VGT, relatief 'onstabiel' voorkom. Dit word duidelik wanneer dieselfde gebaregebruiker gevra

word om verskeie kere soortgelyke data te produseer op grond van dieselfde elisitasie materiaal. Dieselfde kan ook gesê word van die grammatika – alhoewel daar sekere strukturele reëlmatigheid is, bestaan die grammatika van VGT uit grammatikale tendense eerder as grammatikale reëls (cf. Karlsson 1984).

Die rede hiervoor het beslis niks te doen met die modaliteit of vermoë van gebaretaal nie, maar is die gevolg van die afwesigheid van kodifisering en die feit dat die taal nie in onderrig (en ander formele situasies) gebruik word nie – dit vervul slegs 'n beperkte rol in die samelewing. Ook in die geval van gesproke tale blyk dit dat minder kodifisering meer variasie in die (persoonlike) leksikon tot gevolg het. Gebaretale is vergelykbaar met gesproke "oraletradisietale" in dié opsig dat hulle nie 'n geskrewe vorm het nie en feitlik net vir aangesig-tot-aangesig kommunikasie gebruik word waar beide die spreker en gespreksgenoot teenwoordig is en tyd en ruimte deel (Vermeerbergen 2006: 179).

1.7. Die sosiolinguistiese konteks van die Dowe gemeenskap in Suid-Afrika

SASL is die eerste en natuurlike taal van meer as 600 000 Doves in Suid-Afrika.

Soos reeds genoem in paragraaf 1.6, is daar heelwat leksikale (streeks)variasie in SASL:

In South Africa there are currently still some Sign Language dialects. These include different regional signs. This, however, does not cause problems amongst the users of the dialects as the grammar, idioms, accents and emphasis of the language remain the same (DEAFSA 2003).

Behalwe daarvoor dat gebaretaal in Suid-Afrika steeds 'n minderheidstaal is, soos bespreek in paragraaf 1.6, en die impak van onderrigbeleid in skole vir doves, soos bespreek in paragraaf 1.9, is 'n verdere bydraende faktor tot die sosiolinguistiese konteks van 'n [D]owe persoon sy familieagtergrond.

Sommige navorsers beweer dat slegs 5 tot 10 persent Dowe kinders ook Dowe ouers en/of ander Dowe familieledede het wat 'n gebaretaal gebruik. Mitchell en Karchmer (2004) het egter bevind dat dié persentasie in Amerika waarskynlik nader aan 4 persent is. Hoe dit ook al sy, die gevolg hiervan bly dieselfde: bitter min Dowe

kinders word groot in 'n omgewing waar hulle vanaf geboorte blootgestel word aan moedertaalgebruik van 'n gebaretaal. Die kinders wat wel so gelukkig is om Dowe ouers te hê wat gebaretaal gebruik, se taalverwerwing verloop egter volgens dieselfde mylpale as die verwerwing van enige ander (gesproke) taal in 'n vergelykbare omgewing (Neidle et al. 2000:9).

Dit is natuurlik ook moontlik dat 'n gesin wel gebaretaal gebruik, maar dat die gesinslede nie moedertaalgebruikers van die taal is nie. Verder kan ouers se opvoedkundige agtergrond en hul taalhouding teenoor gebaretaal ook 'n merkbare invloed hê op hul taalgebruik met hul kinders. Dit is nietemin moontlik vir moedertaalverwerwing om plaas te vind ondanks verarmde blootstelling ("input") aangesien aangebore taalverwagtinge die verwerwingsproses aandryf en onvolmaakthede in eksterne taalblootstelling aanvul (Singleton 1989; Singleton en Newport 1987, 1994).

Die taalverwerwing van 'n Dowe kind van horende ouers geskied egter heeltemal anders. So 'n kind is nie gewaarborg om enige moedertaal op die gewone ouderdom te verwerf nie, aangesien die kind nie genoegsame toegang het tot die gesproketaalblootstelling wat deur die familie voorsien word nie en sy toegang tot taal dus grootliks afhang van die blootstelling aan gebaretaal in die kinderjare binne/buite die familie asook binne die opvoedkundige konteks.

1.8. Die skakel tussen Dowe onderrig en gebaretaalvariasie in Suid-Afrika

Gebaretale vorm linguistiese sisteme met 'n hoë vlak van variasie, aangesien hulle grootliks uitgesluit is van die onderrigomgewing en in informele situasies aangeleer word sonder toegang tot 'n volwasse taalmodel (Mesthrie et al. 2000:437-438).

Soms is dit ook redelik moeilik om die vlak van variasie tussen verskillende etniese groepe te bepaal, soos in die geval van Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SASL).

Die onderrig van dowe kinders in sub-Sahara Afrika het begin as 'n komponent van die Europese sendingbeweging in die negentiende eeu. Rooms-Katolieke en lede van verskeie Protestantse kerkverbande het skole vir dowe in verskeie lande gestig as deel van bekeringspogings. Hierdie skole het eintlik slegs 'n klein deel van die dowe gemeenskap van die streek bereik, en die meerderheid van die skole het die voorbeeld gevolg van dowe skole in Brittanje en Frankryk, wat streng oralisties was

en nie die gebruik van enige kommunikasie met die hande, hetsy gebaretaal of vingerspelling, toegelaat het nie (Kiyaga en Moores 2003: 18, 19).

In Suid-Afrika het Dowe onderrig begin met, en SASL sy oorsprong gehad in, residensiële skole vir dowes. Dit dateer uit 1863 met die aankoms van 'n groep Ierse nonne wat die eerste skool vir Dowes in Kaapstad gestig het, t.w. St. Mary's. Teen ongeveer dieselfde tyd het Duitse Dominikaanse nonne 'n skool vir Dowes in King Williamstown gestig, en in 1881 is die De la Bat Skool vir Dowes deur die Nederduits Gereformeerde Kerk gestig. In die Wes-Kaap, wat in hierdie bespreking ter sprake is, is daar steeds oorblyfsels te vinde van Ierse en Britse gebaretale, soos deur die onderskeie instansies in Kaapstad en Worcester gebruik, in veral die vingerspelalfabette wat deur ouer Dowes gebruik word - die jonger geslag neig na 'n meer uniforme eenhandsisteem wat nou ooreenkom met dié van ASL. Alhoewel die gebruik van gebaretaal oorspronklik in skole vir dowes aangemoedig is, het oralisme – 'n opvoedkundige filosofie wat die gebruik van gebaretaal verwerp het – teen die laaste kwart van die negentiende eeu skole dwarsdeur die wêreld, en ook in Suid-Afrika, begin domineer (Reagan 2002: 193).

In 1948 het die apartheidsregering se onderwysbeleid 'n verdere tweeledigheid in skole vir wit dowes en swart dowes tot gevolg gehad. In eersgenoemde is 'n streng oralistiese benadering gevolg, terwyl laasgenoemde gebruik gemaak het van gebarekodes van gesproke tale (Reagan 2002: 193). Een van die redes hiervoor is waarskynlik ekonomies van aard: orale opvoeding het duur gehoorapparate en intensiewe spraakterapie behels; sulke hulpbronne was bekostigbaar in die begrotings van "blanke" skole, maar nie noodwendig in "nie-blanke" skole nie. Dit het aansienlike diversiteit in terme van die gebruik van gebaretaal in verskeie Dowe gemeenskappe tot gevolg gehad: in sommige gevalle geografies van aard, in ander gevalle etnolinguïsties en tot 'n mate opvoedkundig in oorsprong (Reagan 2002: 194). 'n Interessante gevolg van die oralistiese opvoeding van (veral) blanke Dowes, is die aantal volwasse Dowes wat tans vir die eerste keer gebaretaal leer omdat dit hulle eie keuse is om deel te word van die Dowe kultuur.

Die onderskeid tussen die onderskeie historiese Dowe gemeenskappe in Suid-Afrika is dus, in die algemeen, skoolverwant. Die apartheidbeleid ten opsigte van skole is nie alleen te blameer nie, aangesien geografiese afstand ook 'n groot rol gespeel het (Aarons 1999: 126).

Dit blyk 'n logiese gevolgtrekking te wees dat die taal wat deur elk van die gemeenskappe gebruik word, sou verskil, maar indien hierdie hipotese getoets word, word dit vals bewys: "... Deaf people from different communities in South Africa seem to understand one another reasonably well ...", ten spyte van die feit dat SASL ryk is aan leksikale variasie (Aarons 1999: 126).

Hoe kan dit verklaar word? Daar is wel sommige universele in gebaretaal, maar gebaretale verskil genoegsaam van mekaar om verskillende tale te wees – daar is dus nie 'n universele gebaretaal nie, soos reeds verduidelik.

Die eerste faktor wat 'n bydrae lewer tot die antwoord op die bogenoemde vraag, is dat die Ierse Dominikaanse nonne nie net 'n skool in Kaapstad gestig het nie, maar ook in verskillende ander dele van die land.

Die tweede faktor het daarmee te doen dat die meer moderne gemeenskap nie staties is nie: selfs in die apartheidsjare het Dowe kinders aansoek gedoen om herklassifisering van hulle ras sodat hulle skole in ander dele van die land kon bywoon. Wanneer hulle teruggekeer het huis toe in hulle oorspronklike gemeenskappe, het hulle die gebaretaal saamgebring waaraan hulle by die skool blootgestel is. Natuurlik het dieselfde situasie gegeld vir blanke kinders wat skole in ander provinsies bygewoon het. Selfs volwasse Doves verhuis van een area na 'n ander en word deel van 'n ander Dowe infrastruktuur – dit is alles algemene tendense in die ontwikkeling van gebaretale in die meeste lande deur die wêreld.

In Suid-Afrika word DEAFSA, die nasionale organisasie vir Doves, vandag bestuur deur 'n aantal verskillende komitees wat bestaan uit Doves van dwarsdeur die land. Dit skep 'n gereelde geleentheid vir Doves om te ontmoet en te kommunikeer, en dié taalkontak sal sekerlik 'n invloed hê wat teruggeneem word na die gemeenskappe wat verteenwoordig word. "The language itself is not a barrier to communication, and people are learning, through exposure, to accommodate other people's varieties" (Aarons 1999:129).

Die opvoedkundige situasie, gesien vanuit 'n politieke perspektief, het ook weer verander teen die einde van die apartheidsere, aangesien die filosofie van "totale kommunikasie" – wat basies die gelyktydige gebruik van gesproke taal en gebaretaal behels – deur die meeste skole vir Doves in die land ingestel is. In die afgelope jare het 'n meer tweetalige benadering sigbaar geword in die opvoeding van alle dove

studente, en die gebruik van beide SASL en gesproke taal word beklemtoon (Reagan 2002: 193).

Die impak van dié geskiedenis aan die een kant, en die diversiteit van die horende gemeenskap in Suid-Afrika – die spreekwoordelike reënboognasie – is dat dit waarskynlik meer akkuraat is om na die dowe gemeenskappe van Suid-Afrika te verwys.

Vandag word SASL, wat gegroei het vanuit hierdie verskillende wortels (insluitend 'n moontlike inheemse gebaretaal), gebruik in televisieprogramme (bv. DTV op SABC 3 en die nuushoof trekke), tolkopleiding en nasionale geleenthede vir die Dowe gemeenskap. ASL het egter ook meer onlangs begin om 'n rol te speel in Suid-Afrika, veral onder jonger Doves van wie sommige opleiding ontvang het van die enigste Dowe universiteit, Gallaudet Universiteit in Washington D.C., VSA (Mesthrie et al. 2000: 443). Sommige onderwysers in Dowe skole gebruik ook ASL om die leksikale "gapings" in SASL te vul waar daar nog nie 'n bekende standaardvorm bestaan nie.

Volgens Kleinschmidt (2004), is ASL so anders van ander Gebaretaale (en dikwels onverstaanbaar vir gebruikers van ander Gebaretaale), aangesien dit 'n "kunsmatige taal" is wat ondersteun en versprei is bloot omdat die Amerikaanse Dowe Gemeenskap dit kon bekostig in terme van ontwikkeling, onderrig en verspreiding.

Gegewe die gebruik van gebaretaal in die tolking van sekere nuusbuletins, en in die nasionale televisieprogram vir Doves, kan ons egter aanvaar dat Dowe kykers die verskillende variëteite wat gebruik word, verstaan, en dat die taal besig is om te konvergeer. Daar word ook meer en meer van Doves gebruik gemaak in die opleiding van Doves om gebaretaal te onderrig, en Doves word hierdeur aan ander variëteite blootgestel sonder dat daar van hulle verwag word om hulle eie variëteit te verander. Hierdie kontak is ook besig om die verskillende variëteite te harmoniseer (Aarons 1999:128).

Tans is sekere gemeenskappe baie sensitief vir verandering, veral as daar gevoel word dat dit deur horendes afgedwing word: enige gebruik van 'n "vreemde" gebaar ontvang onmiddellik hewige teenkating en die gebaar word summier as "ASL" gemerk – selfs al is dit nie noodwendig waar nie (persoonlike ervaring).

1.9. Dowe onderrig in SA vandag

Alhoewel Dowe onderrig in SA 'n transformasieproses ondergaan, laat die huidige stand van sake steeds veel te wense oor:

In general, teachers of the Deaf in Africa, most of whom are hearing, lack appropriate training and certification to equip them with the knowledge and skills necessary to work effectively with children who are deaf. Expectations are low and standards are inferior (Kiyaga en Moores 2003: 21).

Skole vir dowe is nie op standaard nie, en beslis nie op dieselfde standaard as skole vir horendes nie. Alhoewel daar ongeveer 50 dowe skole is, kan die leerders nie behoorlik lees of skryf nie, en die meerderheid voltooi nie matriek nie (DEAFSA 2001). Uit die totale [D]owe bevolking van SA is 70 persent funksioneel ongeletterd (DEAFSA 2001).

Although the National Education Policy Act, 1996 (Act 27 of 1996) states that, for all educational purposes, SASL is regarded as an official language and that Deaf learners must be taught through medium of SASL where possible, this has lead to very little if any official changes in the education and training of Deaf learners.

What is rife in Deaf education is the frustration, anger, helplessness and disempowerment of another generation of Deaf learners who are daily confronted with barriers created by the education and training system: a medium of instruction where sometimes up to three different languages are used simultaneously; where the learners are often taught by educators who do not understand the language of the very same learners they are teaching, and where Deaf learners are not allowed to learn more about their first language, nor offer it as one of their subjects. This is completely unlike normal hearing learners whose language rights are fully recognised (DEAFSA 2003).

Die feit bly staan dat Dowe leerders die beste onderrig by Dowe onderwysers ontvang as gevolg van vlotheid in gebaretaal (DEAFSA 2001). Dit is ook belangrik om te besef dat 'n gesproke of geskrewe taal aan Dowe leerders slegs effektief onderrig kan word deur die medium van SASL. Aangesien dit egter nie tans gebeur nie, verlaat die meerderheid Dowe leerders die skool met die skryf- en leesvaardighede van 'n agtjarige kind (DEAFSA 2003).

Deaf learners can only have equal access, equal opportunities and equal rights within an inclusive educational system if their SASL needs are addressed. This means (a) being taught through medium of SASL by (b) teachers who are *fluent/competent in SASL* and being able to (c) take SASL as one of their languages of choice (eie beklemtoning) (Smuts-Pauw 2002).

In teorie word daar wel voorsiening gemaak vir die volledige onderrig van SASL op skoolvlak, soos SAFCD/DEAFSA (geen datum) berig, maar hierdie beleid is nog nie prakties in werking gestel nie:

In the Policy document of English Second Additional Language it is stated that 'The Language Learning Area includes: all eleven official languages: Afrikaans, English, isiNdebele, isiXhosa, isiZulu, Sepedi, Sesotho, Setswana, SiSwati, Tshivenda, and Xitsonga; and languages approved by the Pan South African Language Board (PanSALB) and the South African Certification Authority (SAFCERT) such as Braille and South African Sign Language. The learning area for each official language is presented in three parts, each with its own volume: Home Language, First Additional Language, and Second Additional Language.' The Language Learning Area for SASL is non-existent.

Die gebrek aan die bogenoemde drie ontwikkelde leerareas in SASL word in 'n baie ernstige lig beskou deur die Dowe gemeenskap, en kom vanuit hierdie perspektief neer op 'n skending van menseregte:

Unless the SASL learning area is developed fully into the three parts ... there is no social justice for these learners (SAFCD/DEAFSA, geen datum).

1.10. Doofheid: gestremdheid of subkultuur?

"What heinous crime have the deaf been guilty of that their language should be proscribed?" (Robert McGregor, in Lane 1984: xvii.)

Komplekse verhoudings is moontlik en bestaan wel tussen taal en identiteit.

'n Algemene siening onder horende mense is dat doofheid 'n gestremdheid of gebrek wees. Dit is 'n patologiese siening, waarvolgens doofheid gesien word as 'n mediese toestand wat remediëring van een of ander aard vereis. Daar bestaan ook 'n

alternatiewe siening vanuit 'n sosiokulturele perspektief wat fokus op Dowes as kulturele en linguistiese minderheidsgroep.

Die Dowe gemeenskap het onlangs begin om vir homself te praat, en tot die verbasing en konsternasie van buitestanders is die boodskap heeltemal teenstrydig met die "wysheid" wat eeue lank aanvaar is: Dowe mense is nie gestremd nie, en gaan nie gebuk onder 'n swaar las nie. Inteendeel, baie Dowes sê nou hulle is 'n subkultuur soos enige ander. In Amerika is hulle gewoon 'n taalminderheidsgroep wat ASL praat en is hulle "no more in need of a cure than are Haitians or Hispanics" (Dolnick 1987: 37). Dieselfde geld Dowes regoor die wêreld.

1.10.1. Patologies doof versus kultureel Doof

Doofheid word deur die meerderheid horende mense verstaan slegs as 'n stremmende toestand wat 'n onvermoë of ongeschiktheid behels, spesifiek die onvermoë om soos 'normale' mense audiologies te funksioneer. Alle ander aspekte van hulle lewens word as gevolg hiervan geïnterpreteer. Wanneer [D]oofheid as 'n ouditiewe agterstand gesien word, lei dit outomaties tot pogings om hierdie tekort te remedieer en om die dowe individu te help om so veel moontlik soos 'n horende persoon te wees – die patologiese perspektief is gegrond op die idee dat dowe mense nie net van horende mense verskil nie, maar ook ondergeskik of minderwaardig aan hulle sou wees.

Vir sommige Dowes maak dit egter veel meer sin om doofheid nie as 'n gebrek te verstaan nie, nog minder 'n tekortkoming, maar as 'n kulturele toestand. Die gepaste vergelykingsgroep vir Dowes is, vanuit hierdie perspektief, nie individue met fisiese gestremdhede nie, maar eerder lede van ander nedominante kulturele en linguistiese groepe. Hierdie perspektief lei ons om te konsentreer op uitkomst van menseregte en om die dowes te help om in die dominante kultuur te funksioneer (Reagan 1995: 242).

Dit is egter belangrik om daarop te wys dat die sosiokulturele perspektief van doofheid glad nie bedoel is om van toepassing te wees op alle persone met gehoorverlies nie. Die meeste dowes is mense wie se eerste taal 'n gesproke taal is, en wat in die loop van hulle lewe doof of hardhorend geword het, dikwels eers later in hulle lewe, en dus meer geneigd is om van gehoorapparate gebruik te maak om die

gehoor wat hulle verloor het, te versterk. Eintlik is ouditiewe doofheid nóg 'n noodsaaklike nóg 'n voldoende voorwaarde vir kulturele doofheid. Horende kinders van Dowe ouers, wat grootword met gebaretaal as eerste taal, is potensiele lede van die Dowe kultuur; (ouer) horende persone wat hulle gehoor verloor, is onder normale omstandighede nie Doof nie, hulle is eerder horende mense wat nie meer kan hoor nie (Reagan 1995: 244).

1.10.2. Die eienskappe van Dowe kultuur

Vanuit die oogpunt van die sosiokulturele model van doofheid, word die Dowe kulturele gemeenskap gekenmerk deur soortgelyke elemente wat enige ander kulturele gemeenskap kenmerk, naamlik:

- 'n **gemeenskaplike taal**, wat nie net funksioneer as die gemeenskap se 'moedertaal' nie, maar ook 'n kenmerk is van groepsolidariteit en 'n manier om groeplede uit te ken. Dit is slegs van toepassing op gebaretaal, en nie op pidgingebaretale of gebarekodes nie. Daar is tans heelwat *dowe* volwassenes wat gebaretaal leer om deel te kan word van die *Dowe* gemeenskap. Hier ter sprake is volwassenes wat op 'n jong ouderdom doof geword het, maar waarskynlik 'n skool vir dowes bygewoon het waar sterk of selfs eksklusiewe klem op orale kommunikasie geplaas is;
- 'n gesamentlike bewustheid van Dowe **kulturele identiteit**
- onderskeidende **gedragsnorme en –patrone**, bv. verskille in oogkontakpatrone, die toelaatbaarheid van fisiese kontak (insluitend aanraking om aandag te trek), die gebruik van gesigsuitdrukkings, gestes, ens.;
- **kulturele artefakte** of toebehore, hoofsaaklik tegnologiese toestelle wat ontwerp is om dit vir dowes makliker te maak om in die horende wêreld te funksioneer, bv. deurskynende klompe en alarms wat aan ligte gekoppel is, selfone met SMS-kapasiteit en Blackberry-toestelle en so meer, al word hulle algemeen gebruik deur die Dowe gemeenskap, diegene wat ouditief doof is maar nie kultureel Doof nie, en in sommige gevalle selfs die horende gemeenskap;
- **endogame huwelikspatrone**, wat 'n algemene faset is van kulturele identiteit vir baie etniese groepe. In Amerika (statistiek is nie ten tyde van skrywe vir

Suid-Afrika beskikbaar nie), is die 'in-groep' huwelike in die Dowe gemeenskap na beraming tussen 86 persent en 90 persent of meer;

- 'n gemeenskaplike **historiese kennis en bewustheid**;
- 'n netwerk van **vrywillige, groepinterne sosiale organisasies**, bv. klubs, nasionale en provinsiale organisasies vir Doves (DEAFSA in Suid-Afrika), sportverenigings, teatergeselskappe, ens.

Dus bestaan daar vele Dowe gemeenskappe dwarsdeur die wêreld wat sowel van mekaar as die omliggende horende gemeenskappe waarbinne hulle bestaan, onderskei kan word deur onderskeie tale en kulturele kontekste (Reagan en Penn 1997: 4-5). Dit is byvoorbeeld interessant om te let op die raamwerk wat gebaretaal verleen aan die manier waarop ervarings georganiseer en verstaan word: wanneer die Doves verwys na iemand wat 'baie hardhorend' is, beteken dit die persoon het heelwat oorblywende gehoor en is dus meer (hard)horend as Doof; wanneer hulle egter verwys na iemand wat 'bietjie hardhorend' is, het daardie persoon aansienlik minder oorblywende gehoor en is hy/sy dus meer Doof as (hard)horend – die konsepte self word dus gebaseer op ander norme as wat die geval sou wees in 'n gesproke taal, waar die uitdrukkings omgeruil sou wees. Die kulturele en linguïstiese identiteit van persone wat hardhorend is, is potensieel en prakties dubbelsinnig, net soos die identiteit van menige ander individu wat hulle in meer as een kulturele en linguïstiese wêreld bevind. Dit is hierdie dubbelsinnigheid wat eenvoudige beskrywings van kulturele identiteit misleidend maak, nie net in die geval van die doves nie, maar in feitlik al die gevalle van minderheidstaal- en -kulturele groepe (Reagan 2002: 189).

1.11. Horende paternalisme – 'n "masker van welwillendheid"

'n Verdere aspek wat 'n belangrike rol speel in die begrip van die sosiokulturele model van Doofheid is die verwerping deur voorstanders van hierdie siening van die paternalisme wat geneig is om besluite wat binne die patologiese model geneem word, te kenmerk. Hahn lewer 'n treffende argument ten opsigte van paternalisme teenoor gestremde persone oor die algemeen:

Paternalism enables the dominant elements of a society to express profound and sincere sympathy for the members of a minority group while, at the same

time, keeping them in a position of social and economic subordination. It has allowed the nondisabled to act as the protectors, guides, leaders, role-models, and intermediaries for disabled individuals who, like children, are often assumed to be helpless, dependent, asexual, economically unproductive, physically limited, emotionally immature, and acceptable only when they are unobtrusive [...] Politically, disabled people usually have been neither seen nor heard. Paternalistic attitudes, therefore, may be primarily responsible both for the ironic invisibility of disabled persons and for the prior tendency to ignore this important area of public policy (Hahn 1986: 130).

Lane pas die aangeleentheid van paternalisme spesifiek toe op die geval van dowes in sy boek "The Mask of Benevolence":

Like the paternalism of the colonizers, hearing paternalism begins with *defective perception*, because it *superimposes its image of the familiar world of hearing people on the unfamiliar world of deaf people*. Hearing paternalism likewise sees its task as 'civilising' its charges: restoring deaf people to society. And hearing paternalism fails to understand the structure and values of deaf society. The hearing people who control the affairs of deaf children and adults commonly do not know deaf people and do not want to. Since they cannot see deaf people as they really are, they make up imaginary deaf people of their own, in accord with their own experiences and needs.

Paternalism deals in such stereotypes (eie beklemtoning) (Lane 1992: 37).

Dit is duidelik dat die Dowe Wêreld 'n regmatige en lewensvatbare kultuur in 'n antropologiese sin is. Daarom word pogings om oudiologiese doofheid medies te "genees" of te "remedieer" nie net gesien as onberade nie, maar as kulturele en linguistiese verdrukking. Hierdie punt is duidelik in 'n onderhoud gemaak deur I. King Jordan, die president van Gallaudet Universiteit,. Jordan is deur die onderhoudvoerder gevra of hy nie sou wou hê dat sy gehoor herstel moet word nie, waarop Jordan geantwoord het:

That's almost like asking a black person if he would rather be white ... I don't think of myself as missing something or as incomplete ... It's a common fallacy if you don't know deaf people or deaf issues. You think it's a limitation (Lane 1992: 288).


Voorts is dit belangrik om te besef dat die insette van die Dowe gemeenskap aktief gesoek en ondersteun moet word ten einde die Doves die beste te dien.

Dit is glad nie ongewoon om Doves te vind wat op beskermende wyse inligting oor die Dowe Wêreld se taal en kultuur van horende persone weerhou nie (Lane, Hoffmeister en Bahan 1996:71). Met ander woorde, die doel is om die kultuur self teen "indringers" van buite te beskerm. Daarom is dit vir 'n horende persoon geweldig moeilik om blootstelling te kry aan "egte" of "suiwer" gebaretaal, aangesien Doves gewoonlik 'n tipe kontaktaal met horendes gebruik (sien paragraaf 1.6 hierbo). Dit verg baie toewyding, tyd en lojaliteit van 'n horende persoon om in die Dowe gemeenskap aanvaar te word: uit persoonlike ervaring kan die skrywer getuig dat dit maande van getroue en gereelde bywoning en 'sigbaarheid' in die gemeenskap, as't ware, geverg het om sonder agterdog as gas aanvaar te word.


1.12. Die menslike oor: hoe ons hoor

Dit maak nie werklik saak of ons die menslike oor as die produk van millenia se evolusie of Godgegewe gawe beskou nie, dit bly steeds 'n besondere meganisme. Iemand praat en die klankgolwe laat die luisteraar se oordrom beweeg, wat vir sagte klanke kan vibreer oor 'n afstand gelyk aan die deursnee van 'n waterstofatoom; die oordrom dryf weer die piepklein beentjies van die middelloor, wat die vibrasie versterk of amplifiseer en oordra na 'n diafragma in die binne-oor. Die diafragma vibreer op sy beurt en veroorsaak golwe in die vloeistof van die binne-oor wat tot by die koglea beweeg deur 'n kanaal wat deur membrane gevorm word. Die meganika van die koglea is so gerangskik dat dit soos 'n elektroniese filter werk wat die verskillende frekwensies uitsorteer in die klank wat die oordrom tref: die bewegende golf vervorm die laer, basilêre membrane op verskeie plekke in hulle opgerolde omvang, waar elke plek ooreenkom met 'n komponentfrekwensie van die klank. Die gehoorsenuwee loop deur die middel van die "slakkie" en stuur uitspruitsels deur die omvang van die basilêre membrane. Regdeur die lengte van daardie membrane rus daar piepklein selletjies met uitstaande haartjies op die membraan, waarvan sommige in 'n oorhangende membraan gedruk is en 'n biologiese sifmeter is. Wanneer die bewegende golf 'n insinking op 'n sekere plek in die basilêre membraan veroorsaak, beweeg die membraan relatief tot sy oorhang en die uitstaande haartjies word gedeflekter – vir swak, sagte klanke of geluide minder as drie duisendstes van 'n graad. Die haartjies se defleksie veroorsaak weer 'n stroom wat deur die haarsel


vloei; die sel skei 'n chemiese stof af in die gaping wat dit van die aanliggende uitspruitsel van die gehoorsenuwee skei. Die chemiese stof beweeg deur die gaping en stimuleer die senuweesel. Die gehoorsenuwee doen die res met sy aflospunte en verteenwoordiging op die oppervlak van die brein (Lane 1992: 219).



Figuur 1.9: Uiterlike oor (Phonetics Laboratory 2011).



Figuur 1.10: Middeloor (Phonetics Laboratory 2011)



Figuur 1.11: Die koglea (Hope for hearing 2009).

1.13. Die onderskeid tussen geraas en sein: kogleëre implantings en ouditiewe hulpmiddele

Sommige van die woordeboek se teikengebruikers sal oor kogleëre implantings beskik en ander nie. Daar is uiteenlopende standpunte binne en buite die Dowe gemeenskap oor die wenslikheid van kogleëre implantings, waarvan slegs een hier aangebied sal word. Ander teenstrydige standpunte sal nie hier bespreek word nie omdat dit nie relevant vir die proefskrif is nie. Vir die doel van die proefskrif word met een standpunt gewerk.

The man I work with – Gunther – started to go deaf fairly recently. The doctors couldn't explain why but his hearing problems became so bad that he was obliged to be fitted with a hearing aid. He told me that, initially, he found the amplified sound in his head alarmingly hard to cope with. Everything came at him in a rush, he said, trying to explain the effect, sounds were suddenly unfamiliar and new. 'You see, Hope,' he said a little plaintively, 'the problem was that I couldn't tell what was irrelevant and what was important ... *I couldn't tell noise from signal* (eie beklemtoning) (Boyd 1990: 61-62).

Kogeleëre inplantings (KI) en gehoortoestelle herstel nie *gehoor* as sodanig nie; hulle skep eerder die gedeeltelike waarneming van klank wat, saam met effektiewe rehabilitasie, sommige gehoorgestremde persone kan help om meer effektief te funksioneer (Reagan 2002: 189; Lane 1992: 208). Aangesien die inplantings as 'n tipe gehoorapparaat funksioneer, bestaan daar geen twyfel dat dit sommige persone wat later in hulle lewe, na taalverwerwing, eers doof geword het – en vir wie die prosedure oorspronklik ontwerp is – kan help nie.

Mediese pioniers en klinici wat as't ware in die voorste linies van hulle spesialiteit werk, het nie tyd vir twyfelaars nie. Hulle voel op hul eie manier geraak deur die begeerte om pasiënte te help wie se lot hulle nie kan ignoreer nie, en probeer alles doen waartoe die mediese tegnologie moontlik in staat is. Dié wat hul stories in die media lees, voel ook geraak – ons gee applous, ons skenk geld vir mediese liefdadighede. Ons word nie net geraak deur die lot van 'n medemens in nood of lyding nie, maar wil graag glo in die eindelose moontlikhede van die geneeskunde. Hierdie begeerte is diep gesetel in die Westerse industriële kultuur, en dit is eers sedert onlangs dat hierdie aansprake aan kritiese ondersoek blootgestel word waaraan ander tegnologieë, bv. militêr of industrieel, lankal uitgelewer is. Otoloë (oordokters) glo dat hulle met behulp van hierdie inplantings sommige totaal dowe persone van 'n *vorm* van gehoor kan voorsien. Dowe gemeenskappe, aan die ander kant, is traag en onwillig om hulpmiddele te gebruik wat fokus op hulle 'tekort' of 'gebrek' en het sterk voorbehoud teen hierdie praktyk, veral oor die gebruik daarvan in kinders. Die gebruik van dié tegnologie, veral met dowe kinders, het in 'n groot twispunt ontwikkel (Blume 1999: 1258). Die rede vir die spesifieke beswaar teen die inplanting in jong kinders is eenvoudig: (dowe) volwassenes het 'n beter begrip van wat die prosedure behels en wat om van die resultate te verwag, en kies self om die inplanting te ontvang; jong kinders kan nie 'n individuele keuse uitoefen nie en word dus uitgesluit uit 'n besluit wat die res van hul lewens gaan beïnvloed.

If the birth of a Deaf child is a priceless gift, then there is only cause for rejoicing, as at the birth of a black child, or an Indian one. Medical intervention is inappropriate, even if a perfect 'cure' were available. Invasive surgery on healthy children is morally wrong. We know that, as members of a stigmatized minority, these children's lives will be full of challenge but, by the same token,

they have a special contribution to make to their own community and the larger society (Lane 1992: 490-491).

Hoekom is die Dowe gemeenskap so gekant teen kogleêre inplantings? Reeds in 1977, na die eerste inplantings deur die Franse otoloog Claude-Henri Chouard in 1976, het 'n groepie Franse dowes die volgende teks voorberei wat deur 'n horende skrywer en filosoof, Jean Grémion, gepubliseer is:

We deaf, what do we see in all the newspapers and on the television: 'Extraordinary invention of doctor Chouard: 17,000 deaf mutes can hear and speak'. We smile. Why not bleach the blacks and blacken the whites? When are they going to stop, once and for all, using us as guinea pigs? We are astonished that everyone is talking about this invention, whilst normally there's never a word about our life and our world. For years there hasn't been a single line about us in the press [. . .] When are they finally going to accept our world as a reality? [. . .] Many among us are married, have children and these children are happy [. . .] It is society which has oppressed us and continues to oppress us. The proof: this invention of Dr Chouard. We speak only with a gestural language, that is our maternal language and it is marvellous to speak that language. . . (Blume 2010:73).

Geleidelik het sosioloë ontdek dat daar meer skuil agter Dowe mense se gebrek aan belangstelling daarin "om horend gemaak" te word as die vrees om die onbekende wêreld van klank te betree: die Amerikaanse sosioloog Paul Higgins, self die kind van Dowe ouers, bevind in 'n baanbrekerstudie dat die lewe van Dowes glad nie oorheers word deur gevoelens van uitsluiting en isolasie nie (Higgins 1980). Dit het duidelik geword dat Dowes 'n lewenswyse geskep het, 'n gemeenskap met sy eie strukture, instellings, norme en waardes (Blume 1999: 1263). Soos die taalkundige navorsing in gebaretale gevorder het en dit mettertyd duidelik geword het dat gebaretale dieselfde eienskappe as natuurlike tale het en nie bloot mimiek of gestes is nie, het dit eindelijk ook moontlik geword om die dowes in 'n ander lig te sien.


Dus is daar twee baie uiteenlopende verhale van KI, gegrond in twee baie uiteenlopende geskiedenis. Die een is die verhaal van geneeskundige triomf, van dapper pioniers en die wonders van mediese wetenskap en tegnologie. Die ander is 'n genre wat eers in die afgelope twee dekades na vore gekom het en wat die

onderskikking van geneeskunde aan waarneming, sosiale beheer en normalisering belig. Dit is 'n verhaal van die verdrukking van die Doves; 'n verhaal van die horende gemeenskap se onvermoë om Dove mense te aanvaar soos hulle is. Ons kan egter nie sê dat een van hierdie waarnemings waar en die ander vals is nie – beide is waar, aangesien beide weergawes stam uit die lewenservarings van diegene wat dit artikuleer (Blume 1999: 1265). 'n Verdere waarheid is dat dit 'n ongelyke stryd is, aangesien die twee groepe in verskillende magposisies is. Die mediese perspektief is gebaseer op en weerspieël die gesag van wetenskap en die beloftes van geneeskunde; die Dove perspektief is gebaseer op en weerspieël die ervarings van 'n groep wat tradisioneel gestigmatiseer is en op die rand van die samelewing staan (Blume 1999: 1266).

Die debat is soos nuwe wyn in ou sakke, soos die volgende aanhaling uit 'n nota gedateer 1912 aan die hoof van die New York Skool vir Doves bewys:

It is a lamentable fact that, in matters relating to the deaf, their education and well-being, few if any take the trouble to get the opinion of the very people most concerned – the deaf themselves (Gannon 1981: 363).

1.13. 1. Geskiedenis, samestelling en werking van 'n KI



Figuur 1.12: Die uiterlike voorkoms van 'n KI (Lanz 2005).

Geskiedenis

Alessandro Volta, die uitvinder van die elektriese battery, het teen 1790 ontdek dat elektriese stimulasie van die ouditiewe sisteem 'n waarneming van klank kan skep toe hy metaalstawe in sy eie ore gesit en aan 'n 50 volt-stroom gekoppel het. Hy het 'n ligte skok ervaar en 'n geluid "soos dik, borrelende sop" gehoor. Ander eksperimente het hierna sporadies plaasgevind, totdat elektriese klankversterkende gehoorapparate in alle erns in die 20ste eeu ontwikkel is.

Die eerste direkte stimulering van 'n akoestiese senuwee met 'n elektrode is uitgevoer in die 1950's deur die Frans-Algeriese snydokters André Djourno en Charles Eyriès. Hulle het senuwees gedurende 'n operasie blootgelê en elektriese drade daarop geplaas, en het bevind dat die pasiënt klanke soos 'n "roulette-wiel" en 'n "kriek" gehoor het wanneer die stroom aangeskakel is.

In 1961 het die Amerikaanse dokter William House, Djourno se artikel laat vertaal en toestelle gemaak wat hy by drie pasiënte ingeplant het. In 1969 het House, met die hulp van Jack Urban, die eerste draagbare kogleêre inplanting ontwikkel – sy tegnologie het gebruik gemaak van 'n enkele elektrode en is ontwerp om te help met lippees. Gedurende die 1970's het die Australiese navorser, Graeme Clark, inplantings ontwikkel wat die koglea op veelvuldige punte stimuleer, en in 1978 het Rod Saunders, 'n inwoner van Melbourne, die eerste persoon in die wêreld geword om 'n multikanaal kogleêre inplanting te ontvang.

Die Australiese toestel is egter eers in Desember 1984 in die Verenigde State goedgekeur vir inplanting in volwassenes. In 1990 is die goedgekeurde ouderdom vir inplanting verlaag tot twee jaar, daarna na 18 maande in 1998, en uiteindelik tot slegs 12 maande in 2002. Spesiale goedkeuring is egter verleen aan babas so jonk as ses maande (in die VSA) en vier maande (internasionaal).

Gedurende die 1990's het die groot eksterne komponente wat voorheen aan die liggaam vasgegespe moes word, geleidelik kleiner geword danksy die ontwikkelings in miniatuur-elektronika. Vandag gebruik die meeste skoolgaande kinders en volwassenes 'n klein spraakprosesseerder agter die oor, wat ongeveer so groot is soos 'n gewone gehoorapparaat. Jonger kinders het uiteraard kleiner ore en kan te hardhandig te werk gaan met die prosesseerder, daarom dra hulle dit dikwels op hul

heup in 'n klein pakkie of harnas. Die prosesseerder is deur middel van 'n draad verbind aan die mikrofoon en seintoestel op oor- of kopvlak.

Aangesien gehoor in albei ore persone in staat stel om geluide beter te plaas en ook beter te hoor in raserige omgewings, word bilaterale (beide ore) inplantings ook gedoen (Wikipedia 2011).

Komponente van die KI

Die inplanting word deur middel van chirurgie onder die vel direk agter die oor geplaas. Die basiese komponente van die toestel sluit in:

Ekstern:

- 'n mikrofoon,
- 'n spraakprosesseerder wat klanke selektief filtreer om voorkeur te gee aan hoorbare spraak en wat die elektriese klankseine deur 'n dun draadjie na die seintoestel stuur, en
- 'n seintoestel, wat 'n magnetiese kussinkie is wat agter die eksterne oor geplaas word en die geprosesseerde klankseine na die interne toestel stuur deur middel van elektromagnetiese induksie.

Intern:

- 'n ontvangtoestel en stimuleerder wat in die been onder die vel vasgemaak word, wat die seine in elektriese impulse omsit en deurstuur na elektrodes via interne kables,
- 'n verskeidenheid van soveel as 22 elektrodes wat deur die koglea gedraai is, wat die impulse direk na die brein stuur (Wikipedia 2011).

Wie kan 'n KI gebruik?

Daar is 'n aantal faktore wat die graad van sukses bepaal wat van die operasie en die toestel self verwag kan word. Kogleêre inplantingsentrums bepaal die geskiktheid van inplantingskandidate op 'n individuele basis en neem die persoon se geskiedenis van gehoor, oorsaak van gehoorverlies, hoeveelheid oorblywende gehoor, spraakherkenningsvermoë, gesondheid en gesin se toewyding aan orale habilitasie/rehabilitasie in ag.

'n Topkandidaat kan beskryf word as iemand wat:

- ernstige sensories-neurale gehoorverlies¹⁷ in beide ore het,
- 'n ouditiewe senuwee het wat funksioneer,
- 'n kort tydperk sonder gehoor geleef het,
- goeie spraak, taal en kommunikasievaardighede het, of in die geval van babas en jong kinders, wat 'n gesin het wat gewillig is om deur middel van terapie aan spraak- en taalvaardighede te werk,
- nie gehelp kan word deur ander gehoorapparate nie,
- geen mediese rede het om chirurgie te vermy nie,
- in die 'horende wêreld' leef of wil leef,
- realistiese verwagtinge oor die uitkomst het, en
- die ondersteuning van familie en vriende het.

Tipe gehoorverlies

Mense met matige sensories-neurale gehoorverlies of konduktiewe gehoorverlies¹⁸ is in die algemeen nie kandidate vir 'n KI nie. Nadat die inplanting geplaas is, beweeg klank nie meer via die oorkanaal en middelloor nie, maar word waargeneem deur 'n mikrofoon en deur die toestel se spraakprosesseerder na die inplanting se elektrodes binne-in die koglea gestuur.

Die teenwoordigheid van ouditiewe senuweevesels is essensieel vir die werking van die toestel: indien dit in so 'n mate beskadig is dat hulle nie elektriese stimuli kan ontvang nie, sal die inplanting nie werk nie. 'n Klein aantal individue met ernstige ouditiewe neuropatie¹⁹ kan ook baat vind by 'n KI (Wikipedia 2011).

¹⁷ Die binne-oor verander nie klankgolwe in elektriese impulse wat die ouditiewe senuwee nodig het nie, en die senuwee kan nie klankinligting na die brein stuur nie.

¹⁸ Daar is 'n probleem in die uiterlike of middel-oor wat klank blokkeer, wat veroorsaak dat die oordrom en beentjies nie kan vibreer nie (Widex International 2011).

¹⁹ Ouditiewe neuropatie is 'n vorm van gehoorverlies waar die koglea se haarselletjies teenwoordig en funksioneel is, maar die klanksein bereik nie die ouditiewe senuwee en brein behoorlik nie.

Ouderdom van ontvanger

Volwassenes wat na taalverwerwing doof geword het en kinders wat voor taalverwerwing doof geword het, vorm twee onderskeie groepe van moontlike gebruikers van 'n KI, met verskillende behoeftes en uitkomst. Dié wat hul gehoor as volwassenes verloor het, was die eerste groep wat KI's nuttig gevind het en gedeeltelike begrip van spraak en ander klanke kon herwin. Indien 'n persoon 'n lang tydperk doof was, kan die brein begin om die area van die brein wat normaalweg vir gehoor gebruik word, vir ander doeleindes te gebruik. Indien so 'n persoon 'n inplanting ontvang, kan die klanke baie verwarrend wees en sal die brein dikwels sukkel om weer by die klanke aan te pas.

Die risiko wat chirurgie behels, moet oorweeg word teenoor die verbetering in lewenskwaliteit in ouer pasiënte. Soos die toestelle verbeter, veral die klankprosesseerderhardeware en -sagteware, word die chirurgiese risiko dikwels gering geag in vergelyking met die voordele, veral vir die ouer pasiënt wat eers kort tevore doof geword het.

Daar is ook 'n groep kliënte – eerder as pasiënte – wat bestaan uit die ouers van kinders wat doof gebore is en wat wil verseker dat hul kinders grootword met goeie gesproke taalvaardighede. Navorsing het getoon dat kinders met aangebore doofheid wat 'n KI op 'n jong ouderdom (minder as twee jaar) ontvang, beter vaar met die inplanting as doofgebore dowe kinders wat die inplanting op 'n later ouderdom ontvang, alhoewel die kritieke tydperk vir die gebruik van ouditiwe inligting eers in adolessensie sluit (Wikipedia 2011).

Die prosedure, terapie na die prosedure en voortgaande gevolge

Die toestel word chirurgies ingeplant onder algemene narkose en die operasie duur gewoonlik tussen een en 'n half en vyf uur. Die pasiënt vertoef gewoonlik een dag in die hospitaal (vir volwassenes, een tot twee dae vir kinders), en dit word as buitepasiëntchirurgie beskou. Soos met enige mediese prosedure behels die operasie sekere risiko's, bv. velinfeksie, oorsuising, die beskadiging van die

Aangesien die koglea die klank behoorlik waarneem, maar die senuwee-impulse kan nie die brein bereik of deur die brein geïnterpreteer word nie, is gehoorapparate gewoonlik nie van hulp nie (Wikipedia 2011).

vestibulêre sisteem en skade aan die gesigsenuwees wat spierswakheid in die gesig kan veroorsaak. In 2003 is ook berig dat kinders met KI's 'n groter kans staan om bakteriële breinvliesontsteking na die prosedure op te doen. Baie gebruikers, oudioloë en dokters rapporteer ook dat 'n oorinfeksie wat vloeistof in die middeloor veroorsaak, die KI kan affekteer en 'n tydelike afname in gehoor veroorsaak.

Die resultate is nie onmiddellik nie en terapie na die prosedure asook tyd vir die brein is nodig om daaraan gewoond te raak om nuwe klanke te hoor. In die geval van doofgebore kinders kan die oudiologiese en spraakterapie vir jare voortgaan al het kinders met 'n KI gewoonlik ouderdomsgepaste taalvaardighede teen die tyd dat hulle voorskoolse klasse begin bywoon. Die samewerking van die kind se gesin word as selfs belangriker as terapie beskou in die gesproke taalontwikkelingsproses.

Die inplanting het ook 'n paar gevolge wat nie op gehoor betrekking het nie. Persone met 'n KI word afgeraai om aan kontak sport deel te neem, omdat 'n stamp teen die kop die omhulsel van die interne toestel kan beskadig. Vervaardigers waarsku ook teen skubaduik weens die drukverandering wat dit behels, maar die dieptes van gewone sportduik is skynbaar veilig. Die uitwendige komponente moet voor stort of swem afgeskakel en verwyder word. Sommige fabrikate is onveilig in sterk magneetvelde en kan dus nie in diagnostiese toetse soos 'n magnetiese skandering gebruik word nie (Wikipedia 2011).

Even if there are no complications associated with the initial implantation, however, the child may have surgery again one day, since the internal parts of the implant could break down and since improvements in the design of implants over the next sixty or seventy years of his life could require changing the internal coil or electrodes. As a pioneering otosurgeon in this field put it: 'Once a child is implanted, he is an implant patient for life' (Lane 1992: 217).

Doeltreffendheid

'n KI kan nie doofheid of gehoorverlies 'genees' nie, maar is 'n prostese vir gehoor wat deesdae redelik goed daarin slaag om natuurlike gehoor na te boots.

Sommige pasiënte vind die KI baie doeltreffend, ander ietwat effektief en 'n klein minderheid voel slegter daaraan toe met die inplanting as daarsonder. Vir persone wat reeds in 'n gesproke taal funksioneer wanneer hulle hul gehoor verloor, kan die

inplantings 'n groot hulp wees in funksionele spraakbegrip, veral wanneer hulle net kort tevore hulle gehoor verloor het.

Een van die pasiënte wat 'n inplanting ontvang het, het die elektroniese klank van menslike stemme wat deur die KI waargeneem word, beskryf as 'n kwakende padder met laringitis – selfs moderne inplantings het slegs 22 elektrodes om die 16 000 delikate haarselletjies te vervang wat vir normale gehoor gebruik word. Alhoewel die klankkwaliteit wat deur 'n KI gelewer word, dikwels goed genoeg is sodat baie gebruikers nie van spraaklees gebruik hoef te maak nie, is dit byvoorbeeld moeilik om nuwe musiekmelodieë te hoor.

Dowe volwassenes vind die inplantings dikwels ondoeltreffend of irriterend, omdat hul brein nie in staat is om klanke te interpreteer na so 'n land tyd nie. Sommige volwassenes, wat onderrig is in gesproke taal wat met gehoorapparate versterk is (wat die gehoorsenuwee in stand gehou het), ervaar sukses met die inplantings.

Vir klein kinders was daar gemengde resultate. Die meeste kinders met inplantings hoor redelik goed met die KI, maar daar is ook dié wie se gehoorsenuwee nie gestimuleer kan word nie. Pasiënte sonder 'n lewensvatbare gehoorsenuwee word gewoonlik tydens die keuringsproses geïdentifiseer – minder as 1 persent dowe persone het 'n ontbrekende of beskadigde gehoorsenuwee wat vandag met 'n ouditiewe breinstaminplanting behandel kan word. Daar is ook opgemerk dat kinders met KI's waarskynlik in gesproke taal onderrig sal word, sonder enige toegang tot gebaretaal. Volgens Johnston (2003b) is KI's een van die tegnologiese en sosiale faktore wat die afname van gebaretaal in die ontwikkelde wêreld impliseer (Wikipedia 2011).

Hoe die inplanting werk

Die inplanting funksioneer deur die tonotopiese organisasie van die basilêre membraan van die binne-oor te gebruik. "Tonotopiese organisasie" is die wyse waarop die oor verskillende frekwensies sorteer sodat die brein daardie inligting kan verwerk. In 'n normale oor lei klankvibrasies in die lug tot resonante vibrasies van die basilêre membraan in die koglea. Hoë-frekwensie-klanke trek nie ver oor die membraan nie, maar lae-frekwensie-klanke trek dieper in. Die beweging van haarselletjies wat al langs die basilêre membraan geleë is, skep 'n elektriese versteuring wat deur die omliggende senuweeselle opgetel word. Die brein is dan in

staat om die senuwee-aktiwiteit te interpreteer om te bepaal watter deel van die basilêre membraan resoneer, en dus watter klankfrekwensie gehoor word.

In die geval van sensories-neurale gehoorverlies is die haarselletjies dikwels minder en beskadig. Die verlies of afwesigheid van haarselletjies kan veroorsaak word deur 'n genetiese verandering of 'n siekte soos breinvliesontsteking. Die selletjies kan ook chemies vernietig word deur ototoksiese medikasie of beskadig word deur onnodige harde geraas oor 'n verloop van tyd. Die KI baan 'n ompad om die haarselletjies en stimuleer die kogleêre senuwees direk deur middel van elektriese impulse. Dit stel die brein in staat om die frekwensie van die klank te interpreteer soos dit sou indien die haarselletjies van die basilêre membraan behoorlik gefunksioneer het (Wikipedia 2011).

Die programmering van die spraakprosesseerder

Die KI moet geprogrammeer word vir elke individuele gebruiker. Dit word gedoen deur 'n oudioloog wat opgelei is om met KI's te werk. Die oudioloog stel die minimum en maksimum stroomvlaklewering vir elke elektrode in die versameling gebaseer op die gebruiker se terugvoer oor luidheid. Die oudioloog selekteer ook die toepaslike spraakprosesseringstrategie en programparameters vir die gebruiker.

Maar werk dit regtig?

Will the typical deaf child, who was born deaf, ..., or who became so early in life, be able to understand ordinary conversation after undergoing surgery and a lot of training? Probably not. Will he or she be able to speak intelligibly? Probably not. Will he learn English better than he would have without the implant? Probably not, but we do not know. Will he be able to succeed in an ordinary school with hearing children? Probably not. Will he then generally rely on vision rather than hearing? Yes (Lane 1992: 4).

KI's was nog nie so tegnologies gesofistikeerd ten tyde van Lane se skrywe soos vandag nie en heelwat het intussen verander in terme van die KI se vermoë. Die Dowe gemeenskap se houding teenoor KI's het egter onveranderd gebly. Die grootste kommer bestaan daaruit dat 'n kind met 'n KI tuis sal voel in nóg die horende wêreld nóg die Dowe wêreld, en dat dit onwaarskynlik is dat hy of sy gebaretaal vlot

sal verwerf en dus sonder enige wesenlike, selfstandige kommunikasie sal grootword, hetsy gesproke of gebaretaal (Lane 1992: 4-5; Lane 1993: 274).

Aangesien die meeste dowe kinders reeds doof is voor hul skoolgaande ouderdom bereik en in die algemeen nie in staat is om spraak te verstaan met behulp van die inplanting nie, hou dit slegte gevolge vir hul bemeestering van die gesproke taal in, veral die onderrig van die gesproke taal wat *in die gesproke taal* geskied: swak bemeestering van die gesproke taal bring mee die swak bemeestering van al die ander skoolvakke indien daardie vakke in die gesproke taal onderrig word. Daar is steeds heelwat leerders wat staatmaak op spraaklees en die enkele gebare wat in die skool gebruik word (Lane 1992: 223).

Hiervan kan die skrywer eerstehands getuig, aangesien dit duidelik opgemerk is tydens 'n besoek aan 'n skool vir Dowe en hardhorende kinders in Kaapstad. Die Dowe leerders word apart van die hardhorende leerders onderrig – Dowe leerders deur middel van gebaretaal en hardhorende leerders (van wie die meerderheid KI's het) in gesproke taal. Kontak tussen die leerders geskied dus basies slegs tydens pouses en gesamentlike skoolbyeenkomste, soos die saalbyeenkoms. Tydens die saalbyeenkoms sit die Dowe leerders en hul tolk(e) agter in die saal – spesifiek sodat die hardhorende leerders nie die tolk kan sien nie en sodoende gedwing word om op die spreker te fokus. Die spreker, in hierdie geval die skoolhoof, het egter nie "normaal" gepraat nie, maar beduidend stadiger en harder, met oordrewe mondbewegings. Van die skrywer se posisie agter in die saal, saam met die Dowe leerders, was dit duidelik hoeveel hardhorende leerders by herhaling omgekyk het na die tolk, en hulle is streng hieroor aangespreek.

Die tweede bekommernis vanuit die Dowe gemeenskap is die feit dat sulke benaderings geneig is om dieselfde (wan)indrukke by horende mense te skep, naamlik dat Doofheid 'n slegte ding is. In die horende samelewing word doofheid gestigmatiseer (Lane 1992: 6).

Siektes word (dikwels) sosiaal gekonstrueer. Dié konstruksie word beslis beïnvloed deur fisiologie, maar ook deur die ekologie van die kultuur waarin die siekte voorkom en deur die aard van die mediese diskoers en mediese instansies binne daardie kultuur. "Hoe Kort is té Kort?" vra die *New York Times Magazine* in Junie 1991. Die medici van Genentech, Inc., wat 'n (op daardie stadium) eksperimentele

groeihormoon vervaardig wat elke "pasiënt" \$20 000 per jaar gekos het, verskaf die antwoord op hierdie vraag: korter as 97 persent van die bevolking. Voor die verskyning van die groeihormoon het niemand gedink 'n kort persoon is "siek" nie. Dit het 'n siekte geword bloot omdat manipulasie moontlik geword het en dokters en versekeringsmaatskappye dit as een móés sien om hulle optrede in hierdie verband te regverdig. Ten spyte van die sintetiese hormoon se newe-effekte en hoë koste het verkope \$157 miljoen in 1990 beloop, meer as 40 persent meer as twee jaar vroeër. Negentig duisend kinders wat jaarliks gebore word, is onder die 97 persentafsnypunt – en die "siekte" kan nooit uitgewis word nie, aangesien daar altyd 'n korter 3 persent sal wees ongeag die bevolking se lengte. Volgens die Genentech-dokters is die behandeling van hierdie kinders nie bloot 'n kosmetiese kwessie nie: studies toon glo dat ons samelewing "lengtesties" is en dat kort persone aan die kortste end trek, by wyse van spreke (Lane 1992: 209-210).

Om die kenmerk van "siekte" aan 'n toestand toe te ken, impliseer die bestaan van 'n ander, meer gewensde toestand. Indien 'n fisiese toestand dus wyd verspreid genoeg is in 'n gemeenskap en nie inmeng met die doelwitte wat die gemeenskap wil bereik nie, sal dit *slegs* as 'n siekte gesien word deur buitelanders met 'n ander kulturele verwysingsraamwerk en ander doelwitte (Lane 1992: 210).

1.13.2. KI en taalverwerking in Dowe kinders

Die inplantings is 'n voortsetting van die orale taal/gebaretaal-debat. "Moet ons gebaretaal gebruik as ons kind 'n kogleêre inplanting ontvang het?" vra ouers dikwels.

Spraak is nie sinoniem aan taal nie: die persepsie of herkenning van gesproke woorde en die produksie of nabootsing van woorde of sinne is nie gelykstaande aan taalbeheersing of die begrip van die simboliese betekenis van 'n gegewe woord of frase nie. Taal is nie 'n voorwerp of vaardigheid wat buite die kind bestaan nie, maar 'n manier van doen waarin die kind ingroei omdat die wyse of modus implisiet is aan die menslike ontwikkelingsstelsel (Preisler et al. 1997: 264).

Die interafhanklikheid van die gesproke taal en visuele leidrade kan gesien word in die studies van blinde kinders. Een probleem vir blinde kinders is om gesproke taal te verwerk: die vroeë taalontwikkeling in blinde kinders is dikwels vertraag, sommige

praat 'n paar jaar glad nie, ten spyte van 'n perfekte gehoorsintuig. Dit is waarskynlik te wyte daaraan dat blinde kinders nie konvensionele gebare of gestes gebruik nie, dit nie vir hulle moontlik is om die rigting waarin hul ouers kyk, te bepaal nie, of om visueel emosionele leidrade op die gesig van hulle versorger waar te neem nie, en hulle speel eers voorgee-speletjies op 'n veel later ouderdom as siende kinders (Preisler et al. 1997: 264, 265).

Daar kan nie genoeg klem gelê word op die belangrikheid daarvan om kinders met spesifieke gestremdhede van die moontlikhede te voorsien om taal te verwerf nie. Indien dit nie gebeur nie, hou dit nie net gevolge in vir hul taalontwikkeling as sodanig nie, maar ook vir hul emosionele, sosiale en kognitiewe ontwikkeling.

Studies het duidelik die positiewe effek van die leer van gebaretaal in dowe kinders getoon, nie net vir kommunikatiewe, sosiale en emosionele ontwikkeling nie, maar ook vir taalaanleer in die algemeen (Preisler et al. 1997: 265).

In Swede is daar amptelike konsensus dat voor 'n kind oorweeg kan word as kandidaat vir 'n kogleêre inplanting, die kind se gesin gebaretaalkommunikasie met hul kind vaslê. Die kind word steeds as doof beskou, beide voor en na die operasie (Preisler et al. 1997: 270). Dit is 'n gebalanseerde en sinvolle benadering, aangesien dit die kind nie by óf die horende óf die Dowe gemeenskap uitsluit nie en hom/haar steeds in staat stel om in die toekoms self te kies waar hulle meer tuis voel en beter in- en aanpas.

Dit blyk dat die ideale benadering tot die taalverwerwing van dowe kinders met kogleêre inplantings nie 'n eksklusiewe óf-óf oplossing is nie, maar 'n inklusiewe én-én oplossing: gesproke taal kan nie ingesluit word ten koste van gebaretaal nie, en omgekeerd. Solank die kind met 'n inplanting nie in staat is om die orale taal sonder eksterne hulp baas te raak nie, met ander woorde sonder intensiewe onderrig nie, moet hy/sy gehelp word om die orale taal met die hulp van die gebaretaal te betree. Gebaretaal is die enigste taal wat dowe kinders vinnige toegang tot konstruktiewe kommunikasie bied (Delore et al. 1999: 210).

Die model wat in hierdie proefskrif voorgestel word, is gerig op mense wat reeds basiese taalverwerwing onder die knie het en daarom sal taalverwerwing nie hier verder bespreek word nie omdat dit nie vir die doel van die proefskrif relevant is nie.

1.14. Gebaretaalnavorsing

Die unieke aard van gebaretale ontvang toenemend aandag en dit word nie langer as vanselfsprekend aanvaar dat gesproketaalnavorsinginstrumente (teorieë, kategorieë, idees, ens.) outomaties ook in die navorsing van gebaretaal 'pas' nie. Gevolglik word gebaretaalnavorsers gekonfronteer met 'n aantal fundamentele vrae, soos vrae oor die aard van gesturele-visuele tale en oor die universele toepaslikheid van metodes en modelle van die gevestigde navorsing oor orale-ouditiewe tale (Vermeerbergen 2006: 168).

Dit bring 'n belangrike evolusie in gebaretaalnavorsing mee, 'n beweging vanaf 'n "gesproke-taal-verenigbare siening" na 'n meer "gebaretaal-andersoortige siening".

Aan die een kant van die spektrum is die gesproke-taal-verenigbare siening, wat veronderstel dat die meeste gebaretaalstrukture in beginsel verenigbaar is met gewone linguistiese konsepte. Aan die ander kant is die gebaretaal-andersoortige siening gebaseer op die hipotese dat gebaretaal so uniek in terme van struktuur is dat die beskrywing daarvan nie hoofsaaklik op gesproke-taal-vergelykings gebaseer moet word nie (Karlsson 1984: 149-150).

In die verlede het 'n aantal navorsers genoep gevoel om aan te dui dat gebaretale werklik volledige natuurlike tale is en om hul ekwivalensie aan gesproke tale te beklemtoon – dit was tot onlangs nog nodig om enige navorsing in gebaretaal as "regte" linguistiek te bewys vir die doeleindes van befondsing of geloofwaardigheid (Vermeerbergen 2006: 171).

Daar is egter ook ander faktore wat 'n bydrae gelewer het tot die oorheersing van die gesproke-taal-verenigbare siening, en sluit in:

1. Die profiel en opleiding van gebaretaalnavorsers;
2. Die verkose teoretiese raamwerk;
3. Die gebruik van sekere transkriberingsgebruike vir gebaretaaldata en;
4. 'n Voorkeur vir 'n sekere stel data.
 - (i) Navorsers het die onderwerp van hul studie – 'n gesturele-visuele taal wat (nog) nie aan hulle bekend was nie – benader vanuit 'n

gesproke-taal-perspektief. Dit is ook waarskynlik dat die oorgrote meerderheid van gebaretaalnavorsers oorspronklik opgelei is in 'n spesifieke soort gesproke taal, m.a.w. hoogs gekodifiseerde tale soos Engels, Frans of Spaans, wat 'n lang geskrewe geskiedenis het, in onderrig gebruik word, ens., en dat hierdie tale waarskynlik in terme van 'n Grieks-Romeinse grammatikale struktuur bestudeer is. Dit is dus redelik om te aanvaar dat hierdie navorsers minder vertrouwd was met die analise en beskrywing van "oraletradisietale", dus gesproke tale wat nie oor 'n geskrewe vorm beskik nie, wat min of meer kodifisering toon, wat slegs in kommunikasie van aangesig-tot-aangesig gebruik word, ens. Dit is juis hierdie oraletradisietale wat die meeste gemeen het met gebaretale.

- (ii) Dit is moontlik dat navorsers belangrike inligting opsetlik, al dan nie, miskyk wanneer hulle soek na 'n regverdiging van sekere teoretiese insigte. Wanneer die posisie van die onderwerp, werkwoord en voorwerp in gebaresinne ondersoek word vanuit 'n UG, is dit maklik om die belangrikheid van gelyktydigheid in gebarediskoers en die effek wat dit op woord- of gebarevolgorde het, mis te kyk.
- (iii) Die neerskryf van gebaretaaldata word gewoonlik gedoen deur gebare te verteenwoordig deur glosse. 'n Glos is 'n woord, of kombinasie van woorde, in 'n gesproke taal wat min of meer dieselfde betekenis as die gebaar het (sien ook paragraaf 1.4.2 en 5.3). 'n Voorbeeld van 'n uiting in SASL wat deur middel van Afrikaanse glossering uitgedruk word, is: KIND EET BROOD. Gesproketaalglosse word altyd in hoofletters geskryf. Die Afrikaanse woord word bloot gebruik as 'n etiket en verteenwoordig nie al die betekenis van daardie gebaar in verskillende kontekste nie. "This glossing convention is comparable to assigning the English word *read* to the German word *lesen*, and then using READ to represent *lesen* wherever it appears in sentences, whether in context it means 'to clean', 'to

gather', 'to deliver a lecture', 'to glean', 'to pick up' or 'to read'." (Klima and Bellugi 1979: 379) Die voorbeeld wat hier deur Klima en Bellugi gebruik word, word algemeen aangehaal, al lyk dit vreemd of verkeerd vir die leser met 'n redelike kennis van Duits. Dalk is dit die resultaat van 'n onsuksesvolle woordeboekraadplegingsprosedure deur die skrywers: die Duitse woord 'lesen' kan inderdaad beteken 'om te lees', maar ook 'om te skandeer' en selfs 'om (druive) te oes', waar dit ook met 'ernten' ('om te oes'), 'pflücken' ('om te pluk') en 'sammeln' ('om te versamel') vervang kan word. 'Fährten lesen' beteken 'om spoor te sny'. 'Ein Vortrag halten' beteken egter 'om 'n lesing te gee', en 'verlesen' sou kon beteken 'om skoon te maak' of eerder 'om te sorteer' in die konteks van bv. slaaiblaar, lensies, of dergelike, waaruit die ongeskikte eksemplare verwyder word. Hoe dit ook al sy, afgesien daarvan dat 'n notasiesistiem gebaseer op glosse nooit die volledige kompleksiteit van gebaretaal kan vaslê nie en daartoe kan lei dat die navorser of leser die data verkeerd interpreteer, is daar 'n verdere gevaar aan verbonde: die gebruik van woorde om gebaretaaldata te transkribeer, kan tot gevolg hê dat die navorser (onbewus) eienskappe van die woorde aan die gebare oordra. Byvoorbeeld in die geval van woordklas: die gebruik van 'n Afrikaanse voorsetsel om 'n SASL-gebaar te glos, beteken nie dat die SASL-gebaar ook 'n voorsetsel *is* nie, al is dit maklik om so 'n gevolgtrekking te maak.

- (iv) In sommige van die vroeëre gebaretaalstudies het navorsers hul analyses gebaseer op korpora wat bestaan uit die vertaling van gesproketaalsinne in 'n gebaretaal, bv. Engelse sinne vertaal in ASL. Dit is egter veel meer gewens om gebruik te maak van 'n korpus wat gebaseer is op spontane vertellings van Dowes – die tipe taalgebruik in spontane diskoers verskil aansienlik van die uitkoms van 'n produksieopdrag wat die kunsmatige elisitasie van sinne in isolasie insluit (Vermeerbergen 2006: 174).

Die analise van die onderlinge verskille tussen gebaretale was hoofsaaklik gebaseer op 'n vergelyking van (dele van) die leksikons van verskeie gebaretale en in 'n mindere mate op 'n vergelyking van grammatikale aspekte. Dit is waarskynlik te wyte aan die groter hoeveelheid navorsing wat reeds oor ASL beskikbaar is, en die feit dat navorsingsresultate vir baie gebaretale, veral wat grammatika betref, skaars of gefragmenteerd is (Vermeerbergen 2006: 174).

Selfs die fragmente van studies van die grammatika van verskeie natuurlike gebaretale dra by tot die indruk dat gebaretale soortgelyke sintaktiese patrone toon. Die leksikale diversiteit tussen gebaretale, wat lank reeds vasgestel is en herken word, is steeds 'n belangrike observasie, maar dit is eers nou onlangs, soos grammatikale studies van ander gebaretale onderneem word, dat die graad van gemeenskaplikheid op die vlak van grammatika onder gebaretale aan die lig kom (Johnston 1989b: 312).

Johnston bespreek ook verskeie moontlike redes vir hierdie hoë graad van ooreenkoms of gemeenskaplikheid:

1. die visueel-gesturele aard van gebaretale;
2. die afwesigheid van 'n geskrewe vorm vir gebaretale;
3. die unieke kontakkenmerke van gebaretale en hul 'gasheertale', en;
4. die patrone van gebaretaalverwerwing in sy gebruikers (Johnston 1989b: 317).

Op soortgelyke wyse stel Woll (2003):

Indien gebaretale regtig so soortgelyk is as wat aangevoer word, moet ons ondersoek hoekom dit dalk so is. Vyf onderling aanpasbare en waarskynlik oorleuelende redes kom na vore:

- die feit dat gebaretale relatief jonk is (insluitend kreolisering);
- ikonisiteit;
- 'n skakel tussen gebaretale en gestes;
- ruimtelike sintaksis skep minder verskille as lineêre sintaksis, en;

- daar mag wel verskille wees wat nie ooglopend is nie (Woll 2003: 25).

Die studie van visuele-gesturele tale bied 'n belangrike aanvulling tot die analise van orale-ouditiewe tale binne die linguistiese domein. Die resultate wat verkry word uit gebaretaalstudies, het en kan lei tot die hersiening van aannames wat, soos voorheen geglo, die basiese beginsels van taal verteenwoordig. 'n Beter begrip van verskillende aspekte van hul struktuur en gebruik, en die terugploeg van die resultate van gebarelinguistiek in gesproketaalnavorsing kan bydra tot 'n beter begrip van menslike tale en linguistiek oor die algemeen (Vermeerbergen 2006: 189).

1.15. Kodering en notering van gebaretaal

Vroeër of later gaan enige navorser wat met gebaretaal werk, te staan kom voor die probleem oor hoe om die inligting op papier voor te stel. Geen gebaretaal wat tot op hede bestudeer is, het egter 'n outonome geskrewe vorm ontwikkel nie (Pizzuto en Pietrandrea 2002: 30). Dit is altyd moontlik om dít wat gesê word in prosa te beskryf – soms is dit die enigste manier om te verduidelik wat aangaan, maar dit neem meer tyd en energie in beslag as wat nodig is.

'n Ander werkswyse, wat tans deur die meerderheid navorsers in die veld gebruik word, is om glosse te gebruik om gebare te verteenwoordig. Die aansienlike beperkinge en slaggate van enige tipe glosgebaseerde notasiesisteme van gebaretekste moet egter deeglik besef en krities bespreek word. 'n Indirekte, en ongewensde, gevolg van glosgebaseerde notering as die primêre voorstelling van gebarediskoers is byvoorbeeld dat daar verbasend min bespreking is van die teoretiese en metodologiese probleme wat veroorsaak word deur die identifisering en beskrywing van gebare-uitinge en/of gebaresinne (Pizzuto en Pietrandrea 2002: 36, 37).

Pizzuto en Pietrandrea (2002: 38) voorsien 'n voorbeeld van die lineêre transkripsie van 'n uiting in Italiaanse Gebaretaal (LIS), sonder enige aanduiding van enige verskynsels van ko-artikulasie:

x DOG_{3a} CL-**s**_xCAT_{3b}CL-**s**_{3b} CHASE_{3a}

'The cat chases the dog'

Die probleem met so 'n transkripsie is dat ons geen onafhanklike geskrewe weergawe het van die gebare wat geglos word nie. Dus is die enigste inligting wat ons van die eerste reël ontvang, slegs die spesifieke analise wat deur die navorser gedoen is. Dit is glad nie moontlik om, met behulp van hierdie voorstelling, die werklike vorme en volgorde van die gebare voor die geestesoog op te roep nie, aangesien die gebaretaalelemente wat geglos word, nie direk verteenwoordig word nie. Dié praktyk is baie meer indirek as wat wenslik is en dit is duidelik dat heelwat inligting en nuanse verlore gaan in so 'n transkripsiemetode. Wanneer woorde, soos in die bogenoemde voorbeeldglos, soos DOG, CAT of CHASE gebruik word om gebare te beskryf, is dit nie die gebare se basiese betekenis wat beskryf word nie – dit is onvermydelik dat leksikale kategorieë soos naamwoord en werkwoord ook aan die gebare toegeken word (Pizzuto en Pietrandrea 2002: 39).

Dit is veral 'n groot probleem in gevalle waar die gesproke/geskrewe taal ryk is aan verbuiging, soos Italiaans. In sulke tale verskyn woorde nooit as blote stamme nie, maar kom altyd voor met 'n verskeidenheid morfeme wat 'n komplekse hoeveelheid morfologiese inligting aandui, bv. gender, aantal, tyd, aspek, modaliteit, persoon, naamwoord- en werkwoordklasonderskeidings.

'n Glos suggereer dus indirek die bestaan van tyd- en modaliteitsmerkers wat nie teenwoordig is in die gebaretaalwerkwoord nie.

'n Baie meer doeltreffende en ekonomiese metode is om gebruik te maak van 'n 'snelskrif' van die notasiesisteen wat gepas is om die feite te beskryf. Op hierdie manier is dit ook moontlik om data met ander navorsers in publikasies te deel, en om data in rekenaardatabasisse te orden (Miller 2002: 12).

Die rede hoekom navorsers 'n program vir transkribering en etikettering gebruik, is om die patrone te vind wat verskuil is in 'n stroom data. In die geval van gebaretaal gebruik die spreker (onbewus) beide morfologiese en sintaktiese merkers om die verhouding tussen gebare in 'n diskoers aan te dui (Senghas 2002: 230). Vir enige persoon wat hoop om 'n gebaretaalwoordeboek te skep wat die gebruiker toelaat om 'n gebaar op te soek volgens verskillende aspekte van die struktuur daarvan, is 'n databasis wat volgens fonologiese notering gerangskik is, feitlik onmisbaar (Miller 2002: 12).

Aangesien 'n notasiesisteen 'n manier is om die aspekte waarin die navorser belangstel, uit 'rou' data te haal, is enige notasiesisteen geneig om die resultaat van 'n voorlopige analise te wees, en dus met 'n sekere agtergrond van aannames en analitiese vooroordeel. As sodanig is geen transkripsiesisteen heeltemal teoreties neutraal nie, selfs nie dié van gesproke taal nie: dit stel die 'spraakstroom' voor as 'n reeks diskrete segmente, terwyl dit (ten minste) op 'n fisiese vlak 'n wanindruk skep van wat werklik tydens spraak gebeur (Miller 2002: 12; Pizzuto en Pietrandrea 2002: 36).

Gegewe dus dat 'n notasiesisteen 'n vooranalise is van die data, 'n soort sortering van wat die navorser glo die relevante aspekte van die seine is, bestaan daar altyd 'n gevaar dat dit op een of ander stadium te beperkend kan wees in terme van wat getranskribeer kan word. Alhoewel notasiesisteme vir gesproke tale ook nie heeltemal uniform is nie, is daar nie naastenby soveel drastiese verskille tussen sisteme soos met dié van gebaretale nie. Daar is geen probleem in gesproketaalfonologie oor die basiese stel simbole vir segmente wat volgens verskillende aannames gekonstrueer word nie, en daar is beslis nie die probleem dat twee sisteme verskillende sintaktiese sisteme gebruik nie – een karakter volg op 'n ander, in kronologiese volgorde. Gebaretaalnavorsing het 'n dringende behoefte aan 'n 'IFA' van sy eie. Indien data voorgestel en uitgeruil kan word in 'n standaardnotasie wat so algemeen bekend is by gebaretaalnavorsers soos wat die IFA is by gesproketaalnavorsers, behoort dit navorsers en skrywers die tyd en moeite te spaar van foto's, sketse en video (stil)beelde maak. Dit behoort navorsers terselfdertyd toe te laat om daardie aspekte wat waarlik van belang is vir hul doeleindes, eksplisiet aan te bied (Miller 2002: 18).

Ewe belangrik is die feit dat lesers nie telkens 'n nuwe sisteem sal hoef aan te leer om die data wat in 'n artikel aangebied word, te verstaan nie. Dit sou ideaal wees as 'n enkele notasiesisteen tot stand kan kom vanuit besprekings tussen gebruikers, eerder as om voorgehou te word as 'n ideale, hermetiese sisteem: dit behoort buigbaar genoeg te wees om hersiening toe te laat sonder dat die hele sisteem herskep hoef te word – baie soos die gebruik van die IFA oor die afgelope eeu verander het om die behoeftes van sy gebruikers in ag te neem (Miller 2002: 19).

Wat 'n notasiesistiem behoort te kan doen

Daar is reeds genoeg navorsing gedoen om 'n duidelike prentjie te kry van wat 'n gebarenotasiesistiem behoort te kan doen.

Die meeste, indien nie alle gebaretaalnotasiesisteme nie, is basies uni-lineêr, 'n eienskap wat dit van die geskrewetaalskryfsistiem geërf het. Ongeag of 'n gebaar een of twee hande behels, beide hande aktief gebruik of een as 'n passiewe/basishand gebruik, word dit in 'n enkele reël getranskribeer. Dié uni-lineêre aard van notasiesisteme veroorsaak probleme sodra dit nodig word om temporaal parallelle/gelyktydige handeling te verteenwoordig, veral wanneer dit die grense van 'n enkele gebaar oorstek (Miller 2002).

In 'n gesprek tussen gebaregebruikers gebeur daar dinge wat eenvoudig nie 'lineêr' in 'n enkele notasiereël verduidelik kan word nie, byvoorbeeld 'n omkering van handdominansie, die 'hou' van 'n gebaar op een hand terwyl die ander hand voortgaan, twee verskillende gebare wat terselfdertyd gemaak word, selfs eenhandgebare wat fonologies binne 'n tweehandgebaar ingebed word. Die situasie word selfs erger in langer stukke van tweehandgebaregebruik (Miller 2002: 20). Die plasing van gebare in ruimte – wat op sigself belangrik en betekenisdraend is – word ook nie verteenwoordig in huidige notasiesisteme nie: dit kan grammatikaal beduidend wees indien twee gebare in dieselfde lokus geplaas word, gelyktydig gebruik word, of sekere komponente, soos gesigsuitdrukking of handvorm, deel (Senghas 2002: 230).

Verder maak die meeste notasiesisteme nie voorsiening vir die beskrywing van kenmerke wat nie 'op die hande' geskied nie, hetsy gesigsuitdrukkinge, kop- of liggaamsbewegings, oogstaar- en oogknipgedrag of mondgedrag, wat die mondvorming van gesproke woorde insluit.

Die ritmiese aspekte van gebaregebruik word in huidige notasiesisteme gewoonlik ook nie deelik behandel nie, behalwe vir enkele diakritiese tekens wat in sommige sisteme gebruik word om herhaling, klem, spanning en duur van bewegings aan te dui. Geen notasiesistiem maak dit byvoorbeeld moontlik om te onderskei tussen onderskeie konstante of wisselende trante van bewegings in gebare nie (Miller 2002: 21).

'n Verdere tekortkoming van die meeste notasiesisteme is dat hulle nie voorsiening daarvoor maak dat die aspekte van 'n gebaar, veral beweging en oriëntasie, vanuit twee verskillende oogpunte beskryf kan word nie, sogenaamde interne-artikulêre vs. eksterne-geometriese beskrywings.

Interne-artikulêre beskrywings verteenwoordig gebare in terme van die anatomiese posisies van die artikuleerders, bv. die binnewaartse/uitwaartse buiging van die voorarm, of die kromming/uitstreking of die aanvoer/wegvoer van 'n artikuleerder. Eksterne-geometriese beskrywings gebruik die woordeskat van ruimtelike rigting en beweging langs geometriese paaie in ruimte. Huidige notasiesisteme beskryf feitlik almal gebare vanuit 'n eksterne-geometriese oogpunt. 'n Gebaar wat intern-artikulêr beskryf sou word as die binnewaartse/uitwaartse buiging van die voorarm, word ekstern-geometries beskryf as opwaartse/afwaartse hand/vinger-oriëntasie in 'n opwaartse/afwaartse, voorwaartse/terugwaartse beweging. Dit is 'n geval waar die vorm van notering grootliks bepaal word deur die spesifieke analise (Miller 2002: 22).

Dit sal nodig wees om die vele, uiteenlopende behoeftes van gebruikers in ag te neem om 'n waarlik effektiewe en nuttige sisteem te ontwikkel. 'n Ideale notasiesisteem behoort voorsiening te maak vir die notering van nie net individuele gebare nie, maar ook vir langer uitinge, spesifiek deur:

- die twee hande apart op twee lyne voor te stel sodat die gedrag van elkeen presies bepaal kan word;
- voorsiening te maak vir die parallelle notering van kenmerke wat nie op die hande plaasvind nie, asook die ontwikkeling van 'n visuele fonetiese notasie van mondbewegings;
- voorsiening te maak vir die verteenwoordiging van die prosodiese eienskappe van bewegings, veral in komplekse bewegings, insluitend die moontlikheid van die gebruik van so 'n sisteem in 'n multi-lineêre notasieformaat (Miller 2002: 25).

Die probleme met huidige notasiesisteme, soos hierbo bespreek, het almal verreikende gevolge vir die kruis-linguistiese navorsing van gebaretale, veral wanneer in ag geneem word dat, sover bekend, nog nie 'n enkele verwysingsgrammatika van enige gebaretaal wat bestudeer word, verskaf is nie, nie eens ASL nie.

Visuele vorme, soos akoestiese vorme, vertoef nie lank in die geheue nie – om hulle na behore te analiseer en te beskryf, is gepaste permanente teksrekords nodig, waar die teks ook die vorm van (onder andere) videomateriaal kan aanneem. Daar is steeds 'n gebrek aan insig wat moontlik net deur gebaregebruikers met 'n diep, ingewyde besef van gebaretaalstruktuur en 'n akute bewustheid van skryf- en notasieprobleme voorsien kan word (Pizzuto en Pietrandrea 2002: 42).

1.16. Algemene slotopmerkings

Hierdie hoofstuk het 'n oorsig gebied van hoe die mens taal leer, asook wat gebaretaal is en het sekere grammatikale eienskappe daarvan bespreek. Die konsep van Dowe kultuur is ook bespreek, asook kogleêre inplantings. 'n Bespreking van gebaretaalnavorsing en die kodering en notering van gebaretale is ook ingesluit. Sommige aspekte van hierdie hoofstuk, soos die profiel van d/Dowes in Suid-Afrika, o.a. in terme van onderrig en agtergrond, asook gebaretaalvariasie en gebaretaalwoordeboeke, sal in verdere hoofstukke in meer besonderhede bespreek word.

Hoofstuk 2. Tipes variasie in gebaretaal

2.0. Inleiding

Hierdie hoofstuk bespreek die agtergrond van die tipiese of gemiddelde Dowe persoon in Suid-Afrika, wat ook tot verskillende tipes variasie in gebaretaal lei – daar is altyd uitsonderings waarop al die gegewens nie noodwendig van toepassing is nie. Die doel van hierdie hoofstuk is om die beoogde teikengebruikers van die voorgestelde woordeboek in konteks te plaas sodat hul behoeftes en vaardighede beter verstaan kan word om op die ou end 'n produk voor te stel wat werklik impak sal hê en wat ook deur die teikengebruikers aanvaar en gebruik sal word. Enkele aspekte wat in hoofstuk 1 aangeraak is, word in meer diepte bespreek, en ander word vir die eerste keer ondersoek.

2.1. Die algemene onderrig en geletterdheid van Doves in Suid-Afrika

Wanneer 'n mens begin soek na agtergrondinligting om 'n begrip te ontwikkel vir die omstandighede, opvoeding, vaardighede, en dergelike, van die "tipiese" of "gemiddelde" Dowe persoon, tree daar sekere 'universele' tendense of ooreenkomste na vore. Dalk het dit te make met die 'universele' of algemene neiging van baie mense, veral die opvoedkundige gemeenskap, om die onvermoë om te kan hoor as 'n gebrekstoestand te benader. Die konsep van die dowe gemeenskap as taalkundige minderheid wat deur 'n gemeenskaplike taal saamgebind word, is 'n perspektief wat vreemd is vir die meeste mense (Wilbur 1987: 236).

So vind ons byvoorbeeld die volgende aanhalings op 'n Amerikaanse webtuiste:

The average deaf person reads at or below the fifth-grade level. Many deaf people have a linguistic handicap when it comes to the English language (Howell 2012).

In Suid-Afrika lyk die situasie ongelukkig nie veel beter nie, en DEAFSA, die Dowe Federasie van Suid-Afrika, skets die volgende profiel van plaaslike Doves, veral t.o.v. hul opvoeding: ongeveer 1 uit 10 babas in Suid-Afrika word met 'n sekere mate van gehoorverlies gebore. Dikwels vind die diagnose van gehoorverlies eers om die ouderdom van vier jaar plaas, en in sommige gevalle so laat soos agt jaar. Die

gevolge hiervan op taalverwerwing binne die kritieke periode is enorm: Dowe kinders betree graad R dikwels met min of geen taal. Dit is moeilik om te bepaal presies hoeveel skole vir Dowe daar is wat onderrig tot en met graad 12 aanbied, maar dit lyk asof daar slegs ongeveer 10 sulke skole is wat in drie provinsies (Wes-Kaap, Gauteng en Natal) gekonsentreer is, wat toegang vir Dowe uit afgeleë gemeenskappe dikwels bemoeilik of verhinder. Vir naskoolse opleiding is daar slegs een VOO (Verdere Onderwys en Opleiding)-kollege in Suid-Afrika wat gebaretaal in diens het. Alhoewel ongeveer 600 000 Suid-Afrikers SASL as hul primêre taal gebruik, is slegs 14 persent van die onderwysers in Dowe skole vlot in gebaretaal, en gebaretaal is ook nie 'n skoolvak nie, alhoewel daar reeds geruime tyd planne in die vooruitsig is om dit tot amptelike taal in die Wes-Kaap te verklaar, en om die nodige akkreditasie vir die instelling daarvan as skoolvak te bekom – *Die Burger* berig op 19 Maart 2010 onder die opskrif "Gebaretaal *dalk* binnekort as vak in Wes-Kaapse skole aangebied" (eie klem) dat die Wes-Kaapse onderwysdepartement (WKOD) reeds 'n kurrikulum vir graad 1 tot graad 9 ontwikkel het en tans besig is met die proses vir graad 10 tot graad 12. 'n Aanvoorstudie word by die De la Bat Skool vir Dowe in Worcester vir graad 1 tot graad 7 beplan, waar die vak op voorskoolse en grondslagbasis bekend gestel word. Die loodsprojek is in beginsel goedgekeur en oor 'n tydperk van drie jaar uitgevoer, met die instelling van gebaretaal as vak vanaf graad R tot 3 in die eerste jaar (2010), graad 4 tot 6 in 2011 en graad 7 in 2012. Na afloop hiervan sal die projek in sy geheel waarskynlik weer geëvalueer word (Cook 2010). Advertensies vir onderwysers by Dowe skole noem vaardigheid in of kennis van SASL steeds "'n bonus" en nie 'n vereiste nie (DEAFSA 2009).

Die gemiddelde Dowe skoolverlater beskik oor die leesvaardighede van 'n agtjarige – selfs laer as hul Amerikaanse of Britse eweknieë, byvoorbeeld, wat 'n gemiddelde leesouderdom van graad 4 (Morgan 2008: 7) of 5 het. Ongeveer 75 persent van die Dowe gemeenskap is funksioneel ongeletterd (dus t.o.v. 'n gesproke/geskrewe taal), en soveel as 70 persent van die Dowe gemeenskap is werkloos.

Tog is daar, volgens DEAFSA, sekere maatreëls wat in plek gestel kan word om hierdie situasie te verbeter:

- Gehoortoetsing by pasgeborenes behoort volgens wet verplig te word, soos in baie ander lande die geval is.

- Vroeë intervensie behoort onmiddellik aan ouers van kinders met gehoorverlies beskikbaar te wees sodat hulle bemaagtig kan word om die regte besluite te neem en sodat daar nie sulke groot taalagterstande ontwikkel nie.
- Vroeë ingryping sal verseker dat die Dowe kind 'n behoorlike taalbasis het waarop skoolopleiding gebaseer kan word en waarmee geletterdheid tot op die toepaslike graadvlak kan vorder.
- Meer Dowe skole behoort toegerus te word om graad 12 aan te bied, waardeur meer Doves die geleentheid sal hê om 'n graad 12-kwalifikasie te behaal en sodoende ook toegang tot tersiêre onderrig te kry, en om vir werkgeleenthede in aanmerking te kom.
- VOO-kolleges behoort te begroot om meer tolke van SASL aan te stel sodat Dowe studente ook toegang tot opleiding kan hê.
- Onderwysers behoort eerstehandse, gespesialiseerde opleiding in SASL en Dowe Onderrig te ontvang en nie terloopse, toevallige of hiërargiese opleiding waar een onderwyser van 'n skool 'n kursus bywoon en die inhoud daarvan dan aan sy of haar kollegas oordra nie.
- SASL moet as skoolvak ingestel word.

Soos reeds genoem, is 'n relatief klein gedeelte van die Suid-Afrikaanse bevolking doof of het 'n mate van gehoorverlies. Vroeë-aanset algehele doofheid ('early-onset profound deafness') word gewoonlik bereken op 0.1 persent van die bevolking van 'n ontwikkelde samelewing (Schein 1968, Schein en Delk 1974), wat sou beteken dat 48 000 van die geraamde 600 000 Doves uit 'n totale bevolking van 48 miljoen in hierdie groep val. Dit is egter dikwels moeilik om die skaal van vroeë-aanset algehele doofheid in groot heterogene samelewings te bepaal. Die Schein en Delk-studie van die Verenigde State het getoon dat dit so hoog soos 0.2 persent vir daardie land mag wees. Ekstrapolasies wat gebaseer is op data wat ingesamel is van bronne wat teenoor die wit middelklas bevooroordeel is, kan dalk konserwatief wees indien verskille weens ligging, sosiale klas, etnisiteit en ras in berekening gebring word (Schein en Delk 1974: 3). Die syfer kan dus so hoog soos 96 000 wees.

Dit sou egter dwaas wees om die Dowe gemeenskap net vanuit 'n patologiese oogpunt van 'tekort' en 'agterstand' te benader, al is die oorheersende houding van die algemene horende gemeenskap in Suid-Afrika teenoor Doofheid een van onkunde. Horende mense neem besluite namens Doves, en doofheid word gesien as 'n mediese probleem. Die mense wat gesien word as dié wat die beste gekwalifiseer is om besluite te neem oor die lewens van Doves, is mediese praktisyns en spesiale opvoeders, wat almal hul brood en botter verdien deur die 'medikalisering' van doofheid. Selfs die meerderheid van die navorsing wat oor kommunikasie en Doves gedoen is, fokus op Doof-horende uitruiling of interaksie in plaas van die taal van die Doves self. Die mediese beroep is ten gunste van oralisme en sien doofheid slegs in 'n patologiese of mediese lig – die verwerwing van 'n gebaretaal word nie as normale taalverwerwing gesien nie, en die media is geneig om op die 'wonderkure' van uitvindings soos kogleêre inplantings te fokus en die beste manier waarop Dowe kinders geleer kan word om te *praat* (Aarons en Reynolds 2003: 201). Daarby reageer ouers dikwels geweldig negatief wanneer hulle kinders met doofheid gediagnoseer word, en die (horende) medici wat die diagnose maak het, lig hulle nie genoegsaam oor al die opsies in sodat hulle die beste besluit vir hul kind kan neem nie (Morgan 2008: 181). In Morgan se boek, "Deaf me normal" (wat as "Ek is doof en normaal" vertaal kan word), gee 'n aantal Doves openhartige en dikwels skokkende insae in hul lewens en ervarings by wyse van 'n tipe mondelinge geskiedenisprojek. In sommige geloofsgroepe is die ouers oortuig dat doofheid 'n straf van die voorvaders of van God is en dat die kind genees kan word indien hulle 'n sangoma of die kerk besoek. Daar bestaan 'n praktyk onder sangomas om die verbindingsweefsel onder die tong te sny sodat die kind 'genees' kan word, en verskeie deelnemers aan die boek vertel van besoeke aan sangomas:

The parents didn't know what to do and they took him to a sangoma, who wanted to change his mouth. The parents paid such a lot of money but nothing happened. He was still deaf. They made a lot of cuts all over his body;

When my husband was small, his parents reacted to his deafness by making a lot of cuts over his breast, and they got a chicken and poured the blood all over his body and left it till it was dry. But he was still deaf;

One person from Durban took a child to a sangoma, and the sangoma said that they had to take out an eye to compensate for an ear and so they took out his eye (p. 183).

Die boek vertel een na die ander hartverskeurende verhaal van onkunde, verwaarlosing en selfs mishandeling, nie net in gevalle waar bygeloof en armoede mense lei om verkeerde besluite te neem nie, maar ook waar opgeleide kundiges by hospitale en skole 'n foutiewe of gedeeltelike scenario aan ouers skep t.o.v. kwessies soos kogleêre inplantings, onderrig, taalverwerwing, en so meer. Natuurlik het 'n mens begrip vir die feit dat die meeste ouers die nuus van hul kinders se doofheid as 'n skok ervaar, en dat dit 'n emosionele tyd is waarin belangrike en vreemde, nuwe besluite geneem moet word om 'n vreemde, nuwe situasie die hoof te bied of te hanteer. Die boodskap is egter duidelik dat daar nog 'n lang pad van bewusmaking en destigmatisering voorlê voordat Doves in Suid-Afrika werklik gelyke kanse en geleenthede sal geniet.

Maar kom ons neem 'n treetjie agteruit om die geheelbeeld te probeer kry.

Ongeag wat die basiese syfer is, word die getal doves meer wanneer *alle* dove persone ingesluit word, insluitende dié wat eens horend was maar a.g.v. siekte, besering, ongeluk of ouderdom hul gehoor heeltmal of gedeeltelik verloor het. Afhangende van die ouderdom waarop gehoorverlies plaasgevind het, kan hierdie individue identifiseer met dié wat doof gebore is of nie. Die bepalende faktor is hoofsaaklik ouderdom – dit is gewoonlik iemand wat jonk genoeg was vir die gehoorverlies om sy of haar gesproke taalontwikkeling of identiteit as 'n dove of as 'n horende persoon te beïnvloed, en die meerderheid mense wat later in hul lewe gehoorverlies ervaar, sal nie met die Dove gemeenskap assosieer nie. Dit is hier waar die onderskeid tussen doof en Doof ter sprake kom: nie almal wat oudiologies doof is, is ook kultureel Doof nie, en selfs omgekeerd (daar is 'n klein aantal horende persone wat tot so 'n mate tuis voel in die Dove gemeenskap dat hulle hulself as kultureel Doof beskou, bv. horende kinders van Dove ouers of CODA's – 'Children of Deaf Adults'). Diegene met vroeë-aanset algehele doofheid sien hulself ook gewoonlik nie as mense met 'n 'gebrek' of 'tekortkoming' nie, maar bloot as mense met 'n ander – en positiewe – tipe identiteit en kultuur. In die literatuur is dit internasionale gebruik en is daar vele skrywers wat hierdie onderskeid tussen doof en Doof tref (Baker en Cokely 1980; Baker en Padden 1978; Padden 1980;

Washabaugh 1981; Reagan 1995; Aarons 1996; Heap 2006, om maar net 'n paar te noem) en dit is ook 'n gebruik wat in hierdie studie toegepas word (sien ook paragraaf 1.10.1).

Slegs 'n relatiewe klein aantal persone wat later doof geword het, gebruik gebaretaal as 'n primêre kommunikasie-middel of selfs 'n alternatief vir of aanvulling tot spraak en liplees. Gewoonlik is dit diegene wat hul gehoor op 'n jong ouderdom verloor het, maar dit is nie uitgesluit om dowe volwassenes teë te kom wat wel spraak geleer het (ongeveer die ouderdom waarop hulle doof geword het), maar wat op 'n volwasse ouderdom gebaretaal wil leer en deel van die Dowe gemeenskap wil wees nie. Hoe dit ook al sy, algeheel dowe ('profoundly deaf') persone is diegene wat die kern van die Dowe gemeenskap vorm wat gebaretaal gebruik, al is hulle nie noodwendig sinoniem aan die dowe gemeenskap nie. Tog is daar selfs vroeë-aanset algeheel dowe persone wat aktief deur horende ouers en onderwysers ontmoedig word om deel te hê aan die Dowe gemeenskap wat gebaretaal gebruik, aangesien laasgenoemde groep glo of voel dat dit op een of ander manier (taalkundig, sielkundig, sosiaal of al drie) nadelig vir hul ontwikkeling sal wees (Johnston 1989b: 17; Morgan 2008: 181). Die deel van die gemeenskap wat wel gebaretaal gebruik – ongeveer 500 000 Suid-Afrikaners, volgens DEAFSA se statistiek – is 'n aaneengeslote gemeenskap van wie die lede 'n groot deel van hul ontspanningstyd en sosiale lewe in die Dowe gemeenskap deurbring maar in die horende gemeenskap werk, baie soos wat in verskeie etniese gemeenskappe die geval is in ander dele van die land en/of wêreld. 'n Toestand van diglossie ontstaan: gebaretaal word tuis gebruik, by sosiale geleenthede, by Dowe klubs, verenigings en organisasies en (in sommige maar nie alle gevalle nie) in skole, terwyl interaksie met die groter gemeenskap d.m.v. die gesproke taal (of een of ander vorm daarvan) geskied, of, minder dikwels, in gebaretaal met die hulp van tolke. Hierdie 'negatiewe' houding teenoor gebaretaal – dat dit nie 'goed' genoeg is om in alle kontekste gebruik te word nie – het daartoe gelei dat gebaretaal tot 'n sekere mate gestigmatiseer is en dat dit sommige Doves daarvan weerhou het om dit in die openbaar te gebruik.

Volgens Johnston (1989b: 17) is die bestaan van Dowe gemeenskappe regoor die wêreld – eerder as gewoon dowe bevolkings – so algemeen dat dit gebruikelik is om die term 'die Doves' te gebruik om te verwys na die gemeenskap van Doves wat


gebaretaal gebruik eerder as net dié persone wat min of geen gehoor het nie. Die gebruik bestaan veral onder mense wat betrokke is in die Dowe gemeenskap.

Volgens sosioloë is die patrone van interaksie tussen lede van 'n gemeenskap (huwelik, werk, sosiale verkeer, opvoeding, vermaak, ontspanning, kerk en die lidmaatskap tot organisasies wat met hierdie aktiwiteite gepaard gaan), geografiese nabyheid, 'n gedeelde of gemeenskaplike kultuur en doelwitte almal net so belangrik soos die voorgestelde, uitgesproke of toegeskrewe "gemeenskaplikheid van belange" (Padden 1980: 91, 92, 94, 101, 102). Die mees treffende bewys van 'gemeenskap' is dikwels linguisties (Heap 2006: 35). Die taalvariëteit wat in 'n gemeenskap gebruik word, kan heeltemal verskil van die algemene bevolking, of dit kan selfs 'n heel ander taal wees. Gebaretaal is die oorwegende faktor wat die lede van die gemeenskap saambind en interaksies fasiliteer, en daarom is dit een van die grootste kenmerkende eienskappe van daardie gemeenskap: Dowe Suid-Afrikaanse volwassenes wat hulself as lede van 'n Dowe gemeenskap sien, gebruik gebaretaal om met mekaar te kommunikeer en sien dié feit as 'n kenmerkende eienskap van hul Doofheid en lidmaatskap tot 'n Dowe gemeenskap (Aarons en Reynolds 2003: 202; Aarons en Akach 2002: 127; Heap 2006). Soos in die geval van baie ander minderheidstale, word taal gebruik om groeplidmaatskap aan te toon en om ander uit te sluit – baie Doves gebruik 'n ander soort gebaretaal om met horendes te kommunikeer as wat hulle teenoor hul Dowe eweknieë sou gebruik, en wel met 'n tipe 'buitegroep'-gebaretaal wat meer ooreenkomste met die gesproke taal toon (veral t.o.v. grammatika en sintaksis) (sien paragrawe 2.2.3.2 en 2.2.3.3 hieronder).

Dowe gemeenskappe is dikwels geneig tot endogame huwelike, wat – saam met die gebruik van gebaretaal – 'n goeie aanduiding is dat sulke gemeenskappe wel bestaan. Die meerderheid van die kinders wat uit sulke huwelike gebore word, is horend, en 'n groot aantal van hulle gebruik gebaretaal (of een of ander vorm daarvan) as hul huistaal waarmee hulle met hul ouers kommunikeer. Horende kinders van Dowe ouers is dikwels aktief betrokke by die sosiale lewe en welvaart van die Dowe gemeenskap (al gebruik baie van hulle gebaretaal slegs tuis en teenoor hulle ouers) en vorm dus 'n verdere toevoeging tot die gemeenskap bo en behalwe Dowe gebaretaalgebruikers, saam met ander horende persone wat 'n hoë mate van vlotheid verwerf het deur hul betrokkenheid in en identifisering met die gemeenskap. Identifisering met die Dowe gemeenskap, wat as 'aangenome

doofheid' ("attitudinal deafness") beskryf word (Baker en Padden 1978: 4; Baker en Cokely 1980: 55-58; Markowicz en Woodward 1978: 33, 34; Reagan en Penn 1997: 4), is dus 'n belangrike bepalende eienskap van lede van die Dowe gemeenskap, tesame met die gebruik van 'n gebaretaal – vir beide horende én dowe persone.

Soos Johnston (1989b: 19) in figuur 2.1 aandui, kan ons dus sien dat die gemeenskap van gebaretaalgebruikers ("signing community"), die Dowe gemeenskap en die dowe bevolking nie identies is nie, al vind daar oorvleueling plaas:



Figuur 2.1: Oorvleueling van die gemeenskap van gebaretaalgebruikers, die Dowe gemeenskap en die dowe bevolking.

Nie alle dowe mense gebruik gebaretaal nie ("deaf population"), nie alle gebruikers van 'n gebaretaal is doof nie ("signing population") en nie almal wat 'n gebaretaal gebruik, neem noodwendig deel aan of identifiseer met die Dowe gemeenskap ("Deaf community") nie, bv. horende gebruikers van gebaretaal. Volgens Johnston (1989b: 19) is die populasie van gebaretaalgebruikers groter as die dowe populasie in die geheel.

Gegewe dat die meerderheid Dowe mense – waarskynlik meer as 90 persent – vir horende ouers gebore word wat geen gebaretaal ken nie en gegewe dat die meeste Dowe kinders gebaretaal van ander Dowe kinders leer (indien hoegenaamd) as inwonende leerlinge by skole vir Doves, en nie van geboorte by hul ouers nie (Aarons en Akach 2002: 128), wil dit voorkom asof meer horende persone 'n gebaretaal van hul (Dowe) ouers geleer het as Doves self. Dit behoort in gedagte gehou te word, veral vir die doeleindes van taalnavorsing, dat baie

eerstetaalgebruikers van gebaretaal ("native signers") in werklikheid horend is – behalwe natuurlik die duidelike voorkeur wat gegee word aan Dowe kinders van Dowe ouers as informante en beoordelaars – en dat horende eerstetaalgebruikers van gebaretaal wat aktief in die Dowe gemeenskap betrokke is, 'n onderskatte bron van inligting oor gebaretaal is. Dit is nie net hul vaardighede t.o.v. gebaretaal wat van groot waarde is nie, maar ook hul vaardighede in Afrikaans of Engels (of enige ander gesproke taal ter sprake). Dikwels word die beoordeling en verklaring van individuele gebare of gebaretaaluitinge gemaak deur horende niegebruikers van gebaretaal of horende tweedetaalgebruikers, m.b.v. hul taalinformante, wat wel Dowe eerstetaalgebruikers is maar wat dalk swak vaardighede in die gesproke taal het. Horende eerstetaalgebruikers van gebaretaal is in hierdie opsig dikwels vollediger tweetalig – soos geletterde Doves – en is in 'n uitstekende posisie om in albei rigtings uitspraak te lewer oor die betekenis van enkele gebare of langer uitinge (Johnston 1989b: 19-20). Sien ook paragraaf 2.6.

Natuurlik is die realiteit nie altyd so netjies of eenvoudig soos dit nie – die houding van beide die Dowe ouers en horende kind(ers) speel 'n groot rol in die kwaliteit en vlotheid van gebaretaal wat verwerf word en waar dit oral gebruik word – en daar is ook baie horende kinders van Dowe ouers wat nie goeie taalinformante sal wees nie. Die punt moet bloot gemaak word dat die moontlikheid van goeie horende informante nie onderskat moet word nie. Op die ou end is dit die gebaretaal van die Dowe gemeenskap – nie die dowe bevolking of die gebaretaalgebruikers nie – wat in die woordeboek behandel moet word.

2.2. Variasie binne die Dowe gemeenskap



Figuur 2.2: Parisi 2002.

Variasie is 'n basiese eienskap van (enige) taal: geen taal wat in 'n gemeenskap gebruik word, is staties of uniform nie, aangesien alle tale konstant besig is om te verander. Tale verander en ontwikkel baie vinnig, veral wanneer hulle nie 'n geskrewe vorm het nie (Aarons en Akach 2002: 144). 'n Beskrywing van die variasie in taal kan gegee word deur dit aan sosiale faktore soos die persoonlike eienskappe van die spreker (bv. sosiale klas, ouderdom, geslag) en die eienskappe van die situasie (bv. formeel of informeel) te koppel (Deuchar 1981: 109). Vanweë die gebrek aan 'n standaardvariant van SASL kan nóg die bestaan van variasie nóg die belangrikheid van die sosiale konteks geïgnoreer word.

'n Belangrike eienskap van die Dowe gemeenskap is die feit dat gebaretaalgebruik dikwels voorkom asof dit van streek tot streek, van persoon tot persoon en van geleentheid tot geleentheid, selfs wat betref dieselfde persoon, baie verskil. Hierdie variasie word as 'n groot probleem ervaar deur horende mense wat gebaretaal aanleer en is 'n algemene beswaar onder onderwysers en opvoedkundiges. Dit is 'n situasie wat hoegenaamd nie uniek aan Suid-Afrika is nie: "the lack of a standardised vocabulary is often given as the reason why Auslan²⁰ is an

²⁰ "Australian Sign Language" – Australiese Gebaretaal.

inappropriate language of instruction" (Johnston 1989b: 35). Maar ten spyte van al die bohaai en die feit dat vele eerstetaalgebruikers van gebaretaal mag saamstem dat variasie voorkom en net so hard daaroor kla soos hul horende kennisse, lyk dit nie asof daar juis in werklikheid probleme met kommunikasie is nie:

Deaf people also report that they have difficulty in following the signs of other groups, so accent and dialect differences are at least noticeable, although we must distinguish between *reports* of difficulties in communicating and *actual* difficulties observed when deaf people are in contact with each other (Kyle en Woll: 1985:12) (eie klem).

Dit wil voorkom asof die klagtes deels 'n eggo van twyfelagtige of negatiewe houdings en geldende menings oor gebaretaal is, en deels opregte meegevoel met diegene vir wie dit werklik 'n probleem is – dit is baie maklik vir 'n tweedetaalgebaretaalgebruiker om verwar te word deur gebare wat nie identies is aan dié wat hulle met soveel moeite onder die knie gekry het nie, net soos wat dit vir enige leerder van 'n vreemde taal moeilik is om verskillende dialekte, aksente en registers van daardie taal te verstaan, terwyl eerstetaalsprekers min of geen probleme daarmee ondervind nie.

Gebaretaalvariasie kom voor in drie hoofkategorieë – leksikaal, fonologies en sintakties. Die meeste van die variasie in die eerste twee kategorieë is toe te skryf aan geografiese verskille en afsondering en is dus dialekties en gewestelik. Die meeste van die sintaktiese variasie is sosiaal van aard en 'n produk van die unieke omgewing waarin so baie Doves gebaretaal aanleer of verwerf (Johnston 1989b: 36).

2.2.1. Leksikale variasie

In gesproke taal is variasie op leksikale vlak waarskynlik die ooglopendste vir die leek; dit is bv. wyd en algemeen bekend dat mense in verskillende dele van die land verskillende woorde gebruik om dinge te benoem of te beskryf (Deuchar 1981: 110). Leksikale variasie is dus die maklikste om te hanteer, al veroorsaak dit die meeste probleme vir die leerder. James Woodward was een van die eerste taalwetenskaplikes wat variasieteorie op navorsing oor ASL toegepas het, en tydens

'n studie van swart suidelike gebaregebruik in Georgia kon Woodward (1976) die variasie in die leksikon aan ras as sosiale faktor koppel.

Al kan individuele gebare om verskeie redes varieer (streek, skool, ouderdom, geloof, geslag, ras, gebaretaalagtergrond, situasie en deelnemers), is dit belangrik om te onthou dat, veral in die geval van ouer mense, sommige van hierdie faktore kan oorvleuel, omdat die meeste Doves in 'n spesifieke provinsie of stad een sentrale skool bygewoon het. Die meeste variasie vind volgens streek plaas, maar staan ook in verband met die skool wat bygewoon is en die geloof. In die Wes-Kaap, byvoorbeeld, het nie net ras 'n rol gespeel weens die skeidings wat apartheid meegebring het nie, maar ook geloof en gesproke taal. Sien die afdelings in paragrawe 2.2.1.2. en veral 2.2.1.3. hieronder vir verdere bespreking.

2.2.1.1. Streek

Daar is 'n mate van variasie in verskillende dele van die land, wat grotendeels die produk is van die stigters en onderwysers van die skole vir doves. Binne die Dove gemeenskap is gebaretaalgebruikers gewoonlik goed vertrouwd met die meeste van die algemene gebare van ander dele, en hierdie variasie lei selde tot verwarring of 'n misverstand tussen eerstetaalgebaretaalgebruikers. Een voorbeeld is die gebare wat vir gesinsverwantskappe soos "ma" en "pa" gebruik word. Die gebare wat in die noordelike provinsies van die land gebruik word, lyk heeltemal anders as dié wat in die suidelike provinsies gebruik word.

2.2.1.2. Skool

Indien daar meer as een skool vir Doves in 'n stad of area is wat verskillende gebare gebruik, ken die gebaretaalgebruikers by die kleiner skole gewoonlik ook die gebare van die dominante groep. Van Niekerk (2010) het opgemerk dat daar 'n hiërargiese element is in die gebare wat by die skool vir doves in Worcester gebruik word: "Ons gebaar vir WAAR (nl. praat die waarheid) het verander onder die jonger kinders. Daar het nuwe hoërskoolleerders by die skool aangekom van ander skole vir Doves. Hulle gebaar vir WAAR het verskil van dit wat ons gebruik. 'n Paar maande later het die gebaar wat die grondslagfasekinders vir WAAR gebruik, verander na dié van die nuwe leerders."

Die skool wat bygewoon word, is veral in die verlede sterk gekoppel aan die gebruiker se ras en geloof – sommige skole is histories Katoliek en ander Nederduits Gereformeerd – en vorm ook 'n skakel met die gebruiker se streekvariant van gebaretaal. Dowe gemeenskappe het grootliks uit skoolkontakte ontstaan (Aarons en Akach 2002: 130) en aangesien die skole volgens ras geskei is, soos alle gemeenskappe in Suid-Afrika destyds, was die volwasse Dowe gemeenskappe ook geneig om feitlik eksklusief volgens ras verdeel te wees. As 'n gevolg van die feit dat hulle dieselfde skool gedurende die eerste helfte van die vorige eeu bygewoon het, is daar steeds 'n mate van bruin-wit interaksie tussen die ouer Doves wat Dominikaans opgevoed is in die Wes-Kaap (Aarons en Reynolds 2003: 199). Gegewe die verhouding van die skole tot mekaar, bv. die Ierse Dominikaanse onderwysers wat wit, bruin, Indiër en swart Dowe skole grootliks beheer het, het die variëteite van die onderskeie skole eintlik heelwat gemeen, selfs ten spyte van geografiese verskille (Aarons 1999: 127; Aarons en Akach 2002: 139).

Daar kan ook met redelike sekerheid gestel word dat daar reeds voor die koms van skole vir Doves Dowe gemeenskappe was, en dat daar dus een of ander inheemse gebaretaal in Suid-Afrika moes bestaan het. Op hierdie stadium kan daar egter net spekulêr word oor die omvang van die invloed op die gebaretaal wat tans gebruik word (Aarons 1999: 126). Heelwat meer inligting oor skole verskyn in die volgende afdeling.

2.2.1.3. Ras

Die amptelike apartheidsbeleid wat Suid-Afrika tot en met die eerste demokratiese verkiesings in April 1994 gekenmerk het, het 'n beduidende invloed op die hele land se inwoners gehad en moet hier in detail bespreek word; die skraping van hierdie beleid het nie oornag die diepgaande skade wat dit aangerig het, herstel nie en die erfenis van apartheid sal nog baie jare met ons wees. Die gevolge van die beleid kon en kan duidelik gesien word aan die manier waarop onderwys in Suid-Afrika gereguleer word. Doves in Suid-Afrika is op 'n diepgaande en omvattende manier beïnvloed deur die beleid en deur die opvoedkundige en taalkundige gevolge daarvan (Aarons en Reynolds 2003: 194).

Tussen 1910 en 1994 was daar vier provinsies en aparte departemente van onderwys vir verskillende rasgroepe, waarvan elk weer sy eie direktoraat, personeel,

begroting, leerplanne, kurrikulum en standarde gehad het. Elke provinsie het 'n aparte departement vir die opvoeding van wit skoliere gehad, terwyl die land een nasionale departement vir die opvoeding van swart skoliere, nog 'n nasionale departement vir die opvoeding van sogenaamde bruin (of gemengde ras) skoliere en nog 'n departement vir die skoliere van Indiër-afkoms gehad het. Daarby was daar een nasionale departement vir die Spesiale Onderwys van blankes en 'n afsonderlike departement vir die Spesiale Onderwys van elke ander rasgroep, wat nie noodwendig dieselfde begroting en gelyke finansiële ondersteuning ontvang het nie. Nasionale beleid het bepaal watter onderrig en opleiding nodig was vir elke bevolkingsgroep en het ook besluite geneem oor die taalbeleid vir elk van die betrokke gemeenskappe – die onderwysdienste wat gelewer is, was direk verwant aan die velkleur van die onderskeie groepe. Sedert 1994 het die land egter een nasionale departement vir onderwys en gelyke opvoedkundige geleenthede vir almal – in beginsel, minstens. Die praktyk het egter nog nie die beginsel heeltemal ingehaal nie, en daar is steeds baie skole, veral op die platteland, waar die situasie vir die meerderheid van die bevolking onveranderd bly (Aarons en Reynolds 2003: 195). Die lot van Doves is nie op die oomblik 'n hoë nasionale prioriteit nie – al is die huidige opvoedkundige praktyke t.o.v. Doves ongrondwetlik of selfs onwettig, soos later verduidelik sal word. Daar is steeds sosiale strata binne die Dowe gemeenskap gebaseer op kleur en rassevoordele as 'n gevolg van apartheid. Dowe skole is nog altyd in die eerste plek geskei op grond van kleur: voor 1994, en tot 'n mate vandag nog, het wit, bruin, swart en Indiër Doves verskillende skole bygewoon. Daarby is skole vir wit Doves ook weer verdeel in skole vir Afrikaans-"sprekende" en Engels-"sprekende" Doves, 'n gevolg van oralistiese onderrigmetodes en die persepsie dat 'n gebaretaal maar net 'n 'handvorm' van 'n spesifieke gesproke taal is. Die voertaal in bruin skole was Afrikaans of Engels, in Indiërskole Engels en in swart skole ook Engels.

Daar is min inligting beskikbaar oor die geskiedenis van Doves in Suid-Afrika voor kolonisasie (Aarons en Reynolds 2003: 197). Owerhede het min of geen verantwoordelikheid nie aanvaar vir die stigting van skole vir Doves en het daardie verantwoordelikheid feitlik heeltemal in die hande van verskillende kerke gelaat. Eers sedert die nuwe grondwet in 1996 goedgekeur is, het die regering verklaar dat onderrig vir Dowe kinders verpligtend is. Voor 1994 het die meerderheid Dowe kinders nooit skool bygewoon nie. Die geskiedenis van gebaretaal in Suid-Afrika is,

ongelukkig, ten nouste verweef met die geskiedenis van apartheidsonderwys en sy gekompliseerde taalbeleide. Spraak is oor die algemeen deur die owerhede gesien as die mees toonaangewende en invloedryke taalvorm (afgesien van skrif), soos in die onderstaande paragrawe gesien sal word. Gevolglik het skole vir wit Doves op oralisme aangedring terwyl skole vir ander rasse 'n sekere mate van manualisme toegelaat het, al was dit in die meeste gevalle nie 'n natuurlike gebaretaal nie, maar 'n mengsel van spraak en 'n klompie gebare.

In 1863 het Ierse nonne van die Dominikaanse Orde 'n skool vir Doves, St. Mary's, in Kaapstad gestig. Vanaf die vroeë 20ste eeu het die skool onderrig verskaf aan alle rasgroepe en het dit gebaretaal as 'n onderrigmedium gebruik. Die geskrewe taal wat onderrig is, was Engels. Die Ierse Dominikaanse nonne is deur die beleid van onderrig in gebaretaal beïnvloed wat in die 18de eeu in Frankryk ontstaan het as 'n gevolg van die werk van die Abbé Charles-Michel de l'Épée (Aarons en Akach 2002: 131). Teen 1904 is twee ander skole vir Doves in Suid-Afrika gestig, wat albei net wit Dowe kinders ingeneem het. Die Worcester Skool vir Doves en Blindes is in 1881 deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir die kinders van Nederlandse setlaars gestig. Die sensusverslag van 1904 berig dat gekombineerde orale en gebaremetodes in die skool gebruik is. In 1884 het Duitse Dominikaanse nonne 'n skool in King William's Town in die Oos-Kaap begin, wat ook slegs wit Doves toegelaat het en 'n streng orale beleid gevolg het, vermoedelik weens die oorweldigende invloed van oralisme in Duitsland en Brittanje, waar kinders geleer is om te liplees en te praat (Aarons en Akach 2002: 131). Die Duitse Dominikaanse Skool is later na Johannesburg verskuif, waar dit herdoop is na die St. Vincent's Skool vir Doves.

In 1933 het die Nederduitse Gereformeerde Kerk nog 'n skool vir "gekleurde" Doves gestig met die naam Nuwe Hoop – hierdie skool het dieselfde taalbeleid gevolg as die een in Worcester, nl. gesproke Afrikaans en 'n mate van manualisme. Die Grimley Instituut vir Doves in Kaapstad het rasgeïntegreerd gebly en het kinders in die 1920's geskei op grond van of hulle spraak of gebare sou gebruik – hierdie groepering het plaasgevind nadat een van die nonne die Duitse Dominikaanse Skool in King William's Town besoek het en 'n beleid ingestel het dat almal behalwe die "agterlikste" kinders volgens die orale metode onderrig moes word. In 1937 het die Ierse Dominikane 'n aparte skool vir "nie-Europese" Doves in Kaapstad by

Wittebome geopen, waar beide bruin en swart Dowe kinders toegelaat is. Teen 1953, toe die Nasionale regering die apartheidsbeleid selfs verder verfyn het, is die Dominikaanse Grimley Skool by Wittebome tot 'n skool vir slegs bruin Doves verklaar.

In die 1960's het die wit Dominikaanse Grimley Skool vir Doves na Houtbaai verskuif en 'n beleid van streng oralisme aangeneem, wat tot vandag geld. In 1962 het die lerse Dominikaanse nonne van die Wittebome skool 'n aparte skool vir swart Dowe kinders in Hammanskraal opgerig, waarskynlik omdat swart leerlinge steeds probeer het om die Wittebome skool vir bruin Doves by te woon. Hammanskraal was egter in die destydse Transvaalprovinsie, ongeveer 1 600 km van Wittebome – dus was daar geen skool vir swart Doves in die Wes-Kaap nie, en geen poging is ook aangewend om een te open nie tot in 1986, toe die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n skool vir swart Dowe kinders, Noluthando Skool, in Khayelitsha opgerig het.

Die eerste skool vir swart Doves in Suid-Afrika, Khutlwanong, is in 1941 naby Roodepoort in die Transvaal geopen, oorspronklik deur die Johannesburgse Genootskap vir Doofstommes ("Johannesburg Deaf and Dumb Society"), maar dit is later in 1954 oorgeneem deur trustees van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. By hierdie skool is 'n Britse sisteem van gebare, bekend as die Paget-Gorman sisteem, ingestel. Onderwysers en leerlinge moes praat en terselfdertyd die Paget-Gorman gebare gebruik, 'n sisteem wat mettertyd na ander skole vir swart Doves sou versprei. Hierdie sisteem is egter nie 'n taal nie, maar 'n uitgedinkte of kunsmatige stel gebare wat op onnatuurlike handvorm-omvormings gebaseer is en nie oor 'n grammatika op enige vlak beskik nie (Aarons en Reynolds 2003: 198).

Volgens die tuislandbeleid is verskeie verdere skole vir swart Dowe leerlinge in die res van die land opgerig, wat verdeel is volgens die gesproke taal van elke etniese groep en wat in ooreenstemming was met die aparte Bantoe-ontwikkelingsbeleid. Die volgende skole is sedert die 1950's gestig: die Khutlwanong skool is na Rustenburg verskuif en was bedoel vir sg. "sprekers" van Tswana, Suid-Sotho en Noord-Sotho; die Efata skool is in 1959 deur die NG Kerk in die Transkei vir Xhosa-"sprekers" gestig; die Bartimea skool is in Thaba'nchu vir "sprekers" van Tswana en Suid-Sotho gestig, ook deur die NG Kerk, en in 1965 is die Vuleka skool vir "sprekers" van Zoeloe in Nkandla gestig. Die Katolieke Kerk het Kwa Vulindlebe in 1979 gestig en Kwa Thintwa in 1983; Indaleni is in 1986 deur die Metodiste Kerk van

Suid-Afrika gestig en St. Martin's deur die Katolieke Kerk in 1991, almal vir "sprekers" van Zoeloe. Die Tsilidzini skool by Shayadima was bedoel vir "sprekers" van Venda en Tsonga en die Thiboloha skool by Witsieshoek vir "sprekers" van Suid-Sotho. Yingisani is deur die Departement van Openbare Werke gestig om "sprekers" van Tsonga te bedien en die skool wat in 1962 by Hammanskraal gestig is, was amptelik vir "sprekers" van Sotho bedoel. In 1978 en 1981 is twee dagskole vir swart Dowe kinders gestig, een in Soweto en een in Katlehong (Aarons en Akach 2002: 133).

Leerlinge in skole vir swart Doves het min of geen toegang tot gehoorapparate en spraakterapeute gehad nie, en alhoewel die amptelike beleid die klem op oralisme gelê het, het gebaretaal gevolglik onder hierdie leerlinge gefloreer. Minder tyd is daaraan bestee om hierdie kinders te leer praat, en alhoewel hierdie Dowe kinders 'n baie swak algemene opvoeding ontvang het, was die verrassende (en grootliks ironiese) resultaat van hierdie afskepery die ontwikkeling van sterk sentra van natuurlike gebaregebruik.

Om terug te keer na die ander rasgroepe, is skole vir wit Dowe kinders van Afrikaanse gesinne in 1950's in Pretoria en in die Vrystaat gestig as takke van die De la Bat Skool in Worcester, almal onder beskerming van die NG Kerk. Die Fulton skool vir kinders van Engelse gesinne is deur die Anglikaanse Kerk in 1958 in Natal gestig, en 'n Indiëronderwyser wat by Wittebome opgelei is, is na Natal gestuur om die V.N. Naik skool vir Indiër-Doves in Natal te stig. Later het die M.C. Karbaie School vir Indiër Doves in Lenasia bygekom. In al hierdie skole was die beleid oralisties en is gebaregebruik sterk teëgegaan en nie in die klaskamer toegelaat nie (Aarons en Akach 2002: 134).

Die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996 bepaal dat SASL die onderrigtaal moet wees in skole vir Doves in Suid-Afrika. Teen 1999 het nog nie 'n enkele skool vir Doves in SA hierdie bepaling in werking gestel nie, grootliks omdat daar eenvoudig nie genoeg onderwysers in die land was wat gekwalifiseer of daartoe in staat was om aan die bepalings van hierdie beleid te voldoen nie. Die beleid is in 2010 steeds nie ten volle ingestel nie, waarskynlik omdat daar bitter min onderwysers by Dowe skole sou oorbly as al dié wat nie gebaretaal magtig is nie, ontslaan sou word: "Nie al die onderwysers is ewe goed in gebaretaal nie, en hulle gebruik dit maar in die klaskamer soos wat hulle kan" (Cook 2010). Die idee van die tweetalige bikulturele benadering ("bilingual-bicultural approach") tot onderrig en geletterdheid, soos wat na

bewering by die De la Bat Skool gevolg word, kan egter slegs werklik slaag indien gebaretaal as *eerste taal* 'n sleutelrol speel (Mayer en Akamatsu 1999: 1).

Die regeringswebblad wat onder andere inligting oor skole verskaf, *Cape Gateway* (2010), lys steeds Afrikaans, Engels, of Afrikaans en Engels as voertaal by elke enkele skool vir Doves en hardhorendes in die Wes-Kaap.

Ongeag die feit dat die gebaretaal van 'n gemeenskap nie verwant is aan die gesproke taal van die wyer gemeenskap nie, is Dowe skole steeds tot 'n mate geskei op die basis van velkleur en die (eertydse) amptelike gesproke tale, Afrikaans en Engels.

Aangesien Doves voor 1994 nie volgens die wet skoolpligtig was nie, het baie Dowe kinders nooit skool bygewoon nie, wat veral die geval is by swart kinders van arm en onopgevoede families. Selfs Doves wat nooit skool bygewoon het nie, is geneig om saam te tros om plekke waar daar organisasies van ander Doves is. Suid-Afrikaanse afstande is groot en dit is duur om te reis, met die gevolg dat die meerderheid Doves in arm gemeenskappe nog min geleentheid gehad het om kennis te maak met ander Dowe gemeenskappe. Min Doves het die voordeel van sekondêre of tersiêre opvoeding gehad en slegs 'n handjievol het oorsee gegaan om verder te studeer, waar hulle dan dikwels gebly het weens die voordele wat aan opgevoede Doves in Amerika en Europa beskikbaar is (Aarons en Reynolds 2003: 200).

Kommunikasie tussen die verskillende Dowe gemeenskappe was redelik gebrekkig gedurende die apartheidsjare – dit is eers sedert 1994 dat televisieprogramme vir Doves (*Sign Hear*, *Signature* en tans *DTV*) vervaardig word wat van gebaretaal asook onderskrifte en stem gebruik maak, en dat nasionale nuusberigte in gebaretaal getolk word op televisie.

Die Doves in Suid-Afrika is net so onderdruk soos Doves op enige ander plek ter wêreld, maar binne hierdie konteks is die onderdrukking vir sommige Doves veelvuldig of selfs eksponensieel (Aarons en Reynolds 2003: 196). Die gevolg is dat Doves self dikwels taalidentiteit met ander tipes identiteit verwar en dan dikwels die gebaregebruik van ander Dowe mense as "anders" verwerp, of verklaar dat hulle dit nie verstaan nie (Aarons en Akach 2002: 137). As gevolg van ras, en die verdeelde onderwysstelsel wat uit die apartheidbeleid gespruit het, word Dowe

gemeenskappe in Suid-Afrika steeds gekenmerk deur leksikale variasie wat by die skole waar gebaretaal gebruik is, al dan nie, ontstaan het.

2.2.1.4. Ouderdom

Hoe jonger die gebaretaalgebruiker is, hoe meer idiosinkraties is hul gebaregebruik. Jonger gebaretaalgebruikers gebruik dikwels meer tuisgebare (dus gebare wat tuis deur die gesin of familie bedink en gebruik word) en minder gemeenskaps- of skoolgebare. Soos reeds hier bo genoem, is dit egter iets wat vinnig kan verander wanneer jong kinders aan die gebaregebruik of taalmodel van ouer kinders blootgestel word. Gebaretaalgebruikers van 'n sekere ouderdomsgroep of generasie is geneig om dieselfde tipe gebare te gebruik, veral as hulle in dieselfde skool was. Tegnologiese veranderinge of 'n verandering van modes kan ook teweegbring dat een generasie se gebaar vir iets heeltemal verskil van die volgende generasie se gebaar daarvoor, bv. sommige ouer gebaretaalgebruikers se gebaar vir POLISIE(MAN) is die trek van 'n streep onder die ken met die wysvinger, wat verwys na die polisiehelm wat vroeër gedra is en wat onder die ken met 'n bandjie vasgemaak is, terwyl die meer gebruiklike gebaar soos volg lyk:



Figuur 2.3: Howard 2008: 263.

Volgens Johnston (1989b: 37) word die vorm en gebruik van vingerspelling ook deur ouderdom beïnvloed. Ouer mense gebruik meer die tweehandige Britse of eenhandige Ierse gebarevorme vir die alfabet, en gebruik dit ook meer gereeld as jonger gebruikers a.g.v. verskillende onderwysmetodes. Jonger mense gebruik meer die eenhandige Amerikaanse alfabet onder die invloed van ASL. Oor die algemeen is beide groepe meer geneig om een of ander vorm van vingerspelling met horende mense te gebruik, óf om hul kennis van die gesproke taal se spelling, woordeskat en

grammatika te demonstreeer, óf omdat die horende persoon se kennis van die gebare gebrekkig is en hy of sy nie verstaan nie. Dit is ook in Suid-Afrika die geval.

2.2.1.5. Geloof

Afgesien van die mees opvallende verskille weens skoolagtergrond (bv. die gebruik van die Ierse, Britse of Amerikaanse vingeralfabet), word geloof ook duidelik sigbaar in die verskillende gebare wat verskillende geloofsgroepe vir verskillende geloofskonsepte ("doop", "saligmaking", "geloofsbelydenis" of "bieg", "protestant", "katoliek", ens.) het, ook in Suid-Afrika.

2.2.1.6. Geslag

Oor die algemeen is daar min verskille tussen die gebaretaalstyl van mans en vroue, afgesien van die kulturele houdings wat met die groter gemeenskap gedeel word t.o.v. idees wat dikwels moeilik is om te definieer oor sogenaamde "vroulike" teenoor "manlike" liggaamshoudings, bewegings, uitdrukkingsvolheid en so meer.

2.2.1.7. Gebaretaalagtergrond

Persone wat gebaretaal as 'n "moedertaal" in 'n Dowe gesin geleer het, is geneig om 'n ryker soort gebaretaal te gebruik en het 'n groter leksikon in gebaretaal as diegene wat dit in die skool of selfs later geleer het. Doves wat na die VSA of Brittanje gereis het, is bes moontlik bekend of vertrou met, of selfs vlot in ASL en BSL onderskeidelik. Hulle is geneig om 'n aantal elemente van die vreemde taal in hul gebaretaalgebruik te toon – hetsy bewus of onbewus. Veral onder die jonger gebruikers geniet ASL dikwels hoë status, en dit is veral hulle wat die eenhandige ASL-vingeralfabet gebruik, soos wat ook in Suid-Afrika ervaar word.

2.2.1.8. Onderwerp, deelnemers en situasie

Soos in enige taal is daar sekere gebare wat as kras of ongeleefed beskou word en wat nie veronderstel is om in beleefde, gemengde of formele geselskap gebruik te word nie.

Indien 'n horende tweedetaalgebruiker van gebaretaal teenwoordig is in 'n gebaregesprek is dit hoogs waarskynlik dat die dowe gebaretaalgebruikers hul gebaregebruik sal aanpas om so verstaanbaar moontlik vir die horende persoon te

wees: gebare word gewoonlik meer beperk gedefinieer (een gebaar vir een gesproke woord) en daar is 'n merkbare toename in die gebruik van vingerspelling. Nog belangriker sal die taal meer ooreenkomste met die gesproke taal begin toon, wat tot sintaktiese variasie lei.

Die situasionele faktor is so sterk in gebaretaal dat daar reeds voorgestel is dat beide ASL en BSL diglossie toon, met aparte variëteite vir formele en informele situasies (Woodward en Markowicz 1980: 56-58; Deuchar 1981: 115; Reagan 2005: 55). Wat betref die waargenome taalhouding van Dowes in Suid-Afrika, is die situasie wat betref SASL geensins verskillend nie: nie net is daar 'n verskil in die gebaretaal wat in informele en formele situasies (deur Dowes) gebruik word nie, maar daar is ook 'n verskil in die gebaretaal wat met ander Dowes gebruik word en dít wat gebruik word wanneer horende persone in die gesprek teenwoordig is. In die teenwoordigheid van 'n horende persoon is daar dikwels 'n afname in tempo van die gebaretaal wat gebruik word, die volgorde van gebare boots die woordorde van die gesproke taal meer en meer na, eenvoudiger gebare word gebruik, en die gebruik van mondvormings ("mouthings") en ook die stem kom meer voor. Dit beteken dat die teenwoordigheid van 'n horende persoon die situasie outomaties anders en sommige gevalle selfs formeler maak. Dit is 'n belangrike punt, veral uit die oogpunt van data-insameling: die tipiese onderhoud waartydens inligting of voorbeeldmateriaal by gebaretaalinformante ontlok word, is reeds 'n formeler situasie as 'n informele gesprek waar die informant nie daarvan bewus is dat hy of sy dopgehou word nie, wat lei tot die "Observer's Paradox" (Labov 1972: 209): "the aim of linguistic research in the community must be to find out how people talk when they are not being systematically observed; yet we can only obtain these data by systematic observation".

Daarby skep die teenwoordigheid van 'n horende onderzoeker 'n verdere dimensie hieraan: in 'n ideale situasie sal die horende onderzoeker 'n baie lae profiel handhaaf en glad nie teenwoordig wees by data-insameling nie. Dit sou verder ideaal wees om weg te doen met die gestruktureerde onderhoud wanneer informele gebaretaal ondersoek word, en om net gebaretaal wat natuurlik voorkom te observeer en op te teken – 'n benadering wat redelik blyk te wees vir die ondersoek van fonologiese variasie, aangesien die vorme wat ondersoek word, baie algemeen voorkom. In die geval van sekere sintaktiese veranderlikes, soos negatiewe

inkorporasie, wat nie so dikwels voorkom nie, moet die data egter in 'n meer gestruktureerde manier ontlok word. Die probleem is egter hoe om data van 'n natuurlike gesprek met minimale inmenging te verryk, 'n probleem wat steeds vir algemene navorsing van sintaktiese variasie in beide gesproke en gebaretaal opgelos moet word (Deuchar 1981: 117).

2.2.2. Fonologiese variasie

In gebaretaal kan ook na variasie op fonologiese vlak gesoek word, indien fonologie as die sisteem van eenhede op 'n subvlak van die gebaar, of 'n vlak onder die gebaar gedefinieer word (Deuchar 1981: 112) – sien ook paragraaf 1.3. "A simple lexical sign is essentially a simultaneous occurrence of particular values (particular realisations) of each of several parameters" (Klima en Bellugi 1979: 43). Hierdie parameters is handvorm, plek van artikulasie, beweging en handoriëntasie (en tot 'n mindere mate die aantal hande wat gebruik word).

In ASL het Woodward (1976: 213, 215-216) 'n verband gevind tussen die variasie in die gebruik van een of twee hande in 'n gebaar en die faktore sowel ouderdom as ras. Ouer gebaretaalgebruikers het meer tweehandige gebare gebruik as jonger mense, en swart gebaretaalgebruikers het meer tweehandige gebare gebruik as wit gebruikers. In BSL het Deuchar (1981) fonologiese skrapping ("phonological deletion") en die verband daarvan met sosiale faktore ondersoek. Battison (1974: 7-11) het bevind dat verskeie tipes fonologiese skrapping in ASL moontlik is en Deuchar (1981) het bevind dat dieselfde vir BSL geld: bv. die skrapping van tab (die plek van artikulasie) is blykbaar moontlik wanneer die tab die nedominante hand is, en veral wanneer die tab 'n plat hand of vuis is (Deuchar 1981: 112). Die skrapping van meer gemerkte of minder algemene tab-handvorme kom meer selde voor, maar is steeds moontlik. Indien hierdie tipe skrapping minder frekvent is as die eerste tipe, is daar bes moontlik 'n goeie taalkundige rede daarvoor: 'n meer gemerkte of minder algemene handvorm dra meer inligting oor as 'n algemener een, sodat die verlies daarvan 'n groter impak op kommunikasie sou hê.

'n Tweede tipe skrapping, wat minder verlies aan inligting as tab-skrapping behels en wat blykbaar meer frekvent is, is die skrapping van een hand in 'n andersins tweehandgebaar. Dit kom veral voor in tweehandgebare waar die hande identies is in handvorm en beweging, maar nie aan mekaar raak nie (Deuchar 1981: 113).

Behalwe die linguistiese faktore wat die frekwensie van fonologiese skrapping kan beïnvloed, is dit ook waarskynlik dat daar sekere sosiale faktore sal wees, soos veral die mate van formaliteit van die situasie, en Deuchar (1981: 113) het inderdaad meer skrapping in informele situasies gevind. Hierdie tendens is in SASL bevestig deur Van Niekerk (2010): "Ek sien dit gereeld wanneer iemand iets in die een hand vashou." Dit is immers 'n kuns om 'n teekoppie in die een hand vas te hou en steeds met die ander hand 'n gesprek te voer, veral wanneer daar, byvoorbeeld, staan-staan tee gedrink word na kerk en die koppie nie maklik neergesit kan word nie.

'n Ander fonologiese aspek van gebaretaal wat deur horendes as variasie gesien kan word – maar wat dit hoegenaamd nie is nie – is verskille tussen 'n gebaar se geleerde of "aanhalingvorm" en die vorm wat dit in die (sintaktiese) konteks van 'n gesprek kan aanneem. Danksy die driedimensionele aard van die gebaareruimte waarbinne gebare uitgevoer word, kan die gebaar veranderinge ondergaan in terme van die plek in die gebaareruimte of op die liggaam, die rigting waarin dit beweeg, die wyse waarop en spoed waarmee dit uitgevoer word, die aantal kere wat dit herhaal word en die aantal hande wat gebruik word om die gebaar te maak. Dit alles kan geweldig verwarrend vir die taalstudent wees. Soos reeds bespreek in die grammatika van SASL, is dit egter alles deel van gebruikelike grammatikale prosesse in gebaretaal (Johnston 1989b: 43; Aarons 1999: 132, 133).


2.2.3. Redes vir sintaktiese variasie

Daar is 'n verskeidenheid redes waarom daar variasie behoort te wees in die wyse waarop gebaretaalgebruikers gebare bymekaarsit, soos reeds genoem in die profiel van die Dowe gemeenskap wat hierbo weergegee is. Een van die belangrikste redes is die ongelyke toegang wat Doves dikwels tot gebaretaal het, en die tipe (en kwaliteit) gebaretaal waaraan hulle blootgestel is: sommiges leer dit as moedertaal van hul ouers; ander leer dit lukraak by hul eweknieë in skole waar onderwysers geen vorm van gebaretaal gebruik nie, of by hul maats en onderwysers in skole waar onderwysers wel toegelaat word om gebaretaal te gebruik (maar wat dan gewoonlik 'n vorm van Gebare-Afrikaans of Gebare-Engels ("Signed English"), of dergelike, gebruik); nog ander leer dit eers baie later in hul lewe in 'n omgewing wat nie gebaretaal gebruik nie. Al hierdie faktore het 'n invloed op die tipe gebaretaal wat 'n persoon sal gebruik en wat hy kan verstaan. Die oorgrote meerderheid dowe persone – na raming meer as 90 persent – is gebore uit horende ouers wat geen

kennis van gebaretaal het nie en indien hierdie kinders dit hoegenaamd leer, is dit by Dowe kinders wat wel Dowe ouers het, gewoonlik by 'n kosskool vir Doves. Dus word gebaretaal dikwels deur baie dowe kinders geleer sonder enige blootstelling aan 'n volwasse taalmodel (Johnston 1989b: 39). Nie net word gebaretaal nie tuis op 'n jong ouderdom as moedertaal verwerf nie, maar die kind kan dit ook verwerf nadat *geen* taal tuis verwerf is nie (Conrad 1981: 22). Die dikwels laat verwerwing van gebaretaal en die duidelike linguistiese trauma om gedurende die belangrike vormingsjare sonder 'n lewensvatbare of behoorlike taal te wees, beteken dat die vlak van bevoegdheid in gebaretaal aansienlik van een gebaregebruiker na 'n ander verskil. Fischer (1978: 329) stel voor dat sulke kinders gedwing word om gebaretaal in elke generasie te herkreoliseer. 'n Voldoende beskrywende opgawe van die taalgedrag van 'n linguistiese gemeenskap, in hierdie geval die Dowe gemeenskap, moet die bestaan van sulke problematiese gevalle nie ignoreer nie: hulle vorm tog 'n belangrike deel van die gemeenskap van Dowe gebaregebruikers en kan 'n positiewe of negatiewe impak op die taal hê of selfs tot die inherente veranderlikheid bydra, al dan nie. Die geskiedkundige rekord behoort egter daarop te dui dat, vir die afgelope aantal generasies, SASL 'n posisie en plek in die (kos)skole (en hul skakels met die wyer Dowe gemeenskap) het waarin taalkundige isolasie en diskontinuiteit nie heeltemal aan die orde van die dag was nie, t.s.v. opvoedkundige beleid. Die Dowe gemeenskap, Dowe gesinne, hul Dowe kinders en Dowe werknemers by skole was en is breedvoerige taalmodelle vir al die kinders wat aan hulle by kosskole blootgestel is. Die rol van kosskole vir Doves in die vorming van Dowe kultuur kan nie onderskat word nie – dit is in hierdie skole waar Dowe leerlinge besef dat hulle doofheid gemeen het met al die ander, in teenstelling met hul gesinne, meestal, en dat hulle op 'n natuurlike en gemaklike manier met ander Doves kan kommunikeer. Hulle besef dat daar bande is wat hulle aan ander Doves bind as 'n tipe uitgebreide familie, en baie Doves verkies ook as volwassenes om steeds met ander Doves saam te leef en te sosialiseer, sodat hulle hul primêre kultuur en gemeenskap as een beskou wat om die gebruik van gebaretaal en die ervaring van Doofheid draai (Aarons en Akach 2002: 130; Heap 2006). Die tipes variasie wat in die volgende onderafdelings bespreek word, is uitvloeisels van die sosiale en/of kulturele en opvoedkundige agtergronde soos wat hier genoem is.

2.2.3.1. Sosiale variasie

Gebaretaal, en ook SASL, bestaan in 'n komplekse linguistiese omgewing waarin verskillende vorme van gebaregebruik in verskillende sosiale situasies aanvaarbaar of gebruiklik is. Hierdie vorme verteenwoordig egter heeltemal verskillende tale: gesproke taal aan die een kant van die spektrum, en gebaretaal aan die ander kant. Die twee groepe geniet duidelik ongelyke status, met gesproke tale in Suid-Afrika wat dominant is en hoog op prys gestel word, terwyl SASL steeds in sommige gevalle beswaarlik erken word en dikwels verkleineer word of as onvoldoende geag word. SASL is visueel-gestureel ("visual-gestural") en gesproke tale is oraal-ouditief, alhoewel gesproke tale ook in gebare uitgedruk kan word, soos Gebare-Afrikaans of Gebare-Engels. Die een is 'n ongeskrewe taal wat slegs van aangesig tot aangesig in beperkte areas soos die familie, skoolgroep en Dowe gemeenskap gebruik word, wat nog nooit formeel onderrig is of self die onderwerp van grondige studie was nie; die ander is 'n geskrewe taal met 'n wye reeks areas waarin dit gebruik word, van die familie tot internasionale kommunikasie, wat reeds oor 'n lang tydperk bestudeer en gekodifiseer is, wat 'n algemeen aanvaarde standaardvorm het wat formeel onderrig word en wat self ook 'n onderrigtaal is. In die meeste formele omgewings en geleenthede, soos in klaskamers en kerke, interaksies met horende gebaregebruikers, in situasies waarin 'n geskrewe dokument voorgelees word met gebare en waar 'n gesproke taal gelyktydig getolk word sonder dat die spreker onderbreek om tolking toe te laat of sonder vooraf voorbereiding deur die tolk vir tegniese leksikon of frasering, neig die gebaretaal om die gesproke taal te nader of te weerspieël in terme van leksikon en grammatika. Alhoewel hierdie vorm van gebaregebruik hoofsaaklik deur horendes ingestel en beheer word, is dit ook vir Dowe 'n opsie in sommige omstandighede (Johnston 1989b: 40). In die meeste informele situasies is gebaretaal – in hierdie geval, SASL – die voorkeurtaal en danksy die verskillende hulpmiddels wat aan 'n visueel-gesturele taal beskikbaar is, soos die gebruik van die gebareruimte d.m.v. die gebare se plasing en beweging, kan dieselfde of soortgelyke betekenis in twee verskillende situasies, een formeel en een informeel, op twee verskillende maniere uitgedruk word met verskillende gebare en 'n ander gebareorde. Hierdie vorme van gebaregebruik stel 'n tweetalige kontinuum daar tussen gesproketaalagtig tot gebaretaalagtig, wat soos volg op 'n grafiek voorgestel kan word (aangepas van Johnston 1989b: 41):



Figuur 2.4: Sosiale variasie in gebaregebruik.

Een as van die grafiek beweeg vertikaal op van ongekodifiseerde taal tot gekodifiseerde taal. Die ander as beweeg horisontaal en druk gelyk twee kenmerke van enige moontlike interaksie uit: die graad van formaliteit en die graad waarin die interaksie in die Dowe gemeenskap of die horende gemeenskap is. Die linker uiterste verteenwoordig situasies wat formeel is en/of situasies waarin die meerderheid van die deelnemers nie lede van die Dowe gemeenskap is nie; die regter uiterste verteenwoordig situasies wat informeel is en/of situasies waarin die meerderheid deelnemers wel lede van die Dowe gemeenskap is. Al is daar slegs twee asse, verteenwoordig die grafiek meer as twee dimensies van die verskynsel. Variasie in styl is weliswaar nie dieselfde sintaktiese variasie nie, maar in gebaretaal skyn daar 'n nou verband tussen die twee te wees, soveel so dat stylveranderinge dikwels grootliks sintakties van aard is.

2.2.3.2. Pidgin gebaretaal

Pidgin gebaretaal (PGT) verwys na 'n gebarevariëteit wat nie gebaretaal óf gesproke taal is nie, maar met eienskappe wat albei gemeen het (Wilbur 1987: 235). In breë terme word 'n pidgin gekenmerk deur:

1. 'n mengsel van strukture van twee of meer tale,

2. strukture wat nie behoort tot enige van die tale waarvan hulle afgelei is nie,
3. inkorting van struktuur in vergelyking met ander tale,
4. die feit dat dit nie die eerste taal is van enige van die persone wat dit gebruik nie,
5. beperkte sosiale situasies, soos tussen werkgewer en werknemer, maar nie in persoonlike gebruik, soos tussen familieledede, nie (Woodward 1973b: 39-40).

Alhoewel Pidgin Gebare-Afrikaans (of Gebare-Engels, of enige ander gesproke taal wat 'op die hande' d.m.v. gebare uitgedruk word) 'n kontak-sosiolek is, is daar twyfel of dit ook deel vorm van die diglossie-kontinuum tussen SASL en gesproke taal, soos wat die grafiek voorstel. Woodward en Markowicz (1980: 58) plaas PSE (Pidgin Signed English) duidelik op so 'n kontinuum tussen ASL en Engels, en Lawson (1981: 170-174) doen dieselfde vir BSL en Engels: tradisionele voorstellings van PGT het die Hoë en Lae variante van links na regs op 'n lyn geplaas, met PGT iewers in die middel. Die idee was dat mens in oneindige stappe van SASL (of ASL of BSL) na die gesproke taal kan beweeg. Soos Deuchar (1984: 144) egter aantoon, is die probleem hiermee dat so 'n model PGT binne die eerstetaalgebaregebruiker se repertorium van formele en informele gebaregebruik plaas – maar dit skep 'n probleem aangesien pidgins nie taalvariëteite is wat natuurlik gebruik word nie, soos reeds in punt 4 hierbo genoem. Die moeilikheid met enige visuele of grafiese voorstelling van die interverhouding van hierdie drie groot gebaretaalvariëteite is om verskeie dimensies, nie net twee nie, op een slag vas te lê: die bedoeling van die voorstelling is nie om te impliseer dat dit onmoontlik is om gebaretaal in formele situasies te laat funksioneer nie.

Johnston (1989b: 41) se grafiek plaas PGT laag op die dimensie van enkodering om die feit dat PGT tydens elke ontmoeting onderhandel of geïmproviseer word, te beklemtoon. Die PGT wat uit sulke situasies en individuele keuses ontstaan, is afhanklik van die gebaregebruiker se eie taalagtergrond en vaardighede in SASL en die gesproke taal. Die pyltjies van interaksie dui daarop dat dit vir vaardige tweetaliges moontlik is om tussen die gesproke taal en SASL te beweeg sonder om "deur" PGT te beweeg (Johnston 1989b: 41). Die gebruik van SASL-agtige gebaregebruik (in kontras met Gebare-Afrikaans) dien tot die konsolidering van die lede van die Dowe gemeenskap, terwyl dit buitelanders uitsluit. PGT dien as 'n

buffer tussen die horende en Dowe gemeenskappe: dit word deur Doves gesien as 'n aanvaarbare kommunikasiemetode met horende individue (terwyl gebarekodes op die hande algemeen deur die Doves verwerp word as lomp pogings om die strukture van 'n gesproke taal op gebaretaal af te dwing) (Reagan 2005: 55).

PGT sal byvoorbeeld geproduseer word wanneer 'n horende persoon wat 'n klompie gebare ken maar wat nie SASL (baie goed) magtig is nie, wil kommunikeer met 'n Dowe persoon wie se kennis van die gesproke taal nie baie goed is nie – 'n vereenvoudigde vorm van die *gesproke taal* word voortgebring, 'n tipe "vreemdelingtaal" of "babataal" (die weglating van tydmerkers soos verlede tyd of toekomstige tyd, eenvoudige leksikon, ens.). PGT kan ook voorkom tussen 'n vaardige gebaregebruiker wat SASL goed magtig is maar min kennis van die gesproke taal het, en 'n horende persoon wat 'n klompie gebare ken maar nie SASL goed magtig is nie – die Dowe persoon sal waarskynlik 'n vereenvoudigde vorm van *gebaretaal* produseer (wat wegdoen met liggaamskuiwe in die gebareruimte, frases wat slegs deur gesigsuitdrukings aangedui word, samevoeging van gebare, ens.). Dikwels word PGT ook voortgebring deur mense wat *dink* hulle beskik oor goeie kennis van die gebaretaal of gesproke taal – sonder dat dit noodwendig werklik die geval is – wat dan besluit om in een of ander d.m.v. gebare te kommunikeer (Johnston 1989b: 42).

2.2.3.3. Gebare-Afrikaans as 'n vorm van sintaktiese variasie

Gebruikers van 'n gesproke taal met 'n geskrewe vorm, soos Afrikaans of Engels, is geneig om onverdraagsaam te wees teenoor taalvariasie in formele situasies, moontlik omdat hulle dikwels op skool geleer word dat die formele standaardvariant die enigste "korrekte" een is, wat nie noodwendig 'n realistiese begrip van taal skep nie. Die horende gemeenskap het tot onlangs nog geglo – en sommige glo dit steeds – dat gebaretaal nie juis van die gesproke taal verskil nie en kommunikeer met doves in Gebare-Afrikaans of in vereenvoudigde of pidginvorms van Afrikaans, bv. deur van 'n eenvoudige of basiese sintaksis (geen bysinne nie) en van 'n baie eenvoudige woordeskat gebruik te maak. Doves, op hul beurt weer, gebruik dikwels 'n vorm van gebaregebruik wat geskik is vir horendes en wat gebaseer is op hul eie, dikwels onvolledige, kennis van Afrikaans. Die gevolg is dat wanneer gebaretaal deur 'n horende persoon waargeneem word, die vorm daarvan grootliks kan verskil van dit wat Doves gebruik om met mekaar te kommunikeer. Vir die waarnemer mag

dit lyk asof daar 'n groot mate van variasie in gebaretaal is, maar dit is dikwels pidgin of geïmproviseerde vorme van SASL of Afrikaans.

As lede van 'n minderheidstaalgroep – waarvan die taal geen geskrewe vorm het nie en nie formeel op skool onderrig word nie – is Dowes oor die algemeen baie geduldige en verdraagsame taalgebruikers: vir hulle is interaksies gewoonlik onderworpe aan die eenvoudige noodsaaklikheid om inligting te bekom of oor te dra, ongeag hoe, hetsy deur te praat, te skryf, of gebare of gestes te gebruik.

Gebaregebruikers sal die reëls van gebaretaal buig en aanpas om kommunikasie met iemand wat nie hierdie reëls ken nie, te vergemaklik. Hulle aanvaar ook geredelik hierdie tipe aanpassing in die gebaregebruik van horendes: wanneer 'n Dowe instemmend of entoesiasies knik, beteken dit nie dat die gebare-uiting korrek uitgevoer is nie, maar dat hulle dit verstaan het (of gewoon dat hulle wil hê mens moet *dink* hulle het verstaan) (Johnston 1989b: 42).

Die basiese of onderliggende sintaktiese organisering van gebaretale is glad nie verskillend van die sintaktiese organisering van enige ander menslike taal wat op daardie vlak bestudeer is nie, maar die oppervlakrealiserings is dié wat gepas is vir 'n visuele medium eerder as 'n gesproke een. Gebaretale realiseer grammatikale strukture op hulle eie manier en is nie op enige gesproke taal gebaseer nie. Hulle maak effektief van die medium van ruimte gebruik, spesifiek plek en beweging, twee van die eienskappe van ruimte, om eienskappe soos verbuiging, werkwoordkongruensie, deiksis en aspek te encodeer. Daarby word die grammatika van gebaretale deur gesigsuitdrukkings en posisies van die kop uitgedruk (Aarons en Akach 2002: 137).

2.2.3.4. Negatiewe inkorporasie

Woodward en De Santis (1977) het ontkenning in ASL ondersoek, spesifiek die gebruik van negatiewe inkorporasie in die Amerikaanse en Franse gebaretale. In beide gebaretale kan sommige gebare negatief gemaak word deur 'n spesiale beweging in die gebaar te inkorporeer. In ASL behels dit 'n uitwaartse, draaiende beweging van die hand vanaf die plek waar die gebaar uitgevoer word, sodat GOED op hierdie manier SLEG word. Vir die gebare wat dit toelaat, is negatiewe inkorporasie 'n alternatief tot verskeie ander maniere van ontkenning soos die byvoeging van 'n aparte gebaar, NIE, wat naas die gebaar geplaas kan word.

Woodward en De Santis het bevind dat daar variasie is in die gebruik van negatiewe inkorporasie in ASL en kon dit met beide linguistiese en sosiale faktore verbind. Een van die linguistiese faktore was \pm gesig: gebare wat op die gesig uitgevoer word (bv. GOED) is meer waarskynlik om negatiewe inkorporasie te ondergaan as gebare wat op die liggaam uitgevoer word. Streek was een van die sosiale faktore: gebaretaalgebruikers wat in die noord-weste van die VSA woon, was meer geneig om negatiewe inkorporasie te gebruik as dié wat in die noord-ooste woon. 'n Soortgelyke vorm van negatiewe inkorporasie is in Franse Gebaretaal gevind, met dieselfde linguistiese faktore wat dit beïnvloed maar verskillende sosiale faktore: streek was nie 'n faktor nie, maar geslag wel, en vroue was meer geneig om negatiewe inkorporasie in Franse Gebaretaal te gebruik as mans.

In BSL is die formaliteit van 'n situasie 'n belangrike faktor wat variasie op beide die fonologiese en sintaktiese vlak beïnvloed. Die BSL-sintaksis toon meer invloed van Engels in formele as informele situasies, met die orde van gebare wat meer waarskynlik Engelse woordorde sal weerspieël of naboots in 'n formele ontmoeting of vergadering as in 'n informele gesprek (Deuchar 1981: 114, 115). So sal 'n uiting wat in 'n formele situasie as ONS SAL MÔRE ONTMOET in gebaretaal uitgedruk word, in 'n informele situasie dalk as (ONS) ONTMOET MÔRE uitgedruk word. Nog 'n sintaktiese area wat deur formaliteit beïnvloed word, is ontkenning: in formele situasies vind ontkenning plaas deur die gebruik van die gebaar NOT (in BSL), bv. WE SHOULD NOT, maar in informele situasies word die gebaar NOTHING gebruik, bv. YOU COME NOTHING HERE ("Jy het nie hierheen gekom nie").

'n Ander informele vorm van ontkenning is gelyktydige kopskud, bv. ("Ek verstaan
(kopskud)
nie"): VERSTAAN (Deuchar 1981: 115). In die geval van SASL sê Van Niekerk (2010): "Sover my kennis strek is ons "negative incorporation" dieselfde as dié van BSL. EK VERSTAAN NIE, sal die gebaar vir VERSTAAN wees terwyl die kop geskud word. Dieselfde met die gebaar vir WIL, waar die gebaar vir WIL gebruik word terwyl die kop skud, wat dan WIL NIE beteken. My vermoede is dat die kopskud meer populêr is as om 'n gebaar wat negatief is, te gebruik."

Soos uit die bostaande bespreking gesien kan word, vind variasie om 'n groot verskeidenheid redes op die vlakke van leksikon, fonologie en sintaksis plaas. Gebaretaalvariasie bly 'n besprekingspunt in die Suid-Afrikaanse konteks, met

heelwat vrae wat steeds onbeantwoord bly. Dit is nie die doel van hierdie proefskrif om 'n antwoord op enige van die vrae om variasie in SASL te verskaf nie, maar dit is steeds noodsaaklik om kennis te neem van die bestaan, vorme en oorsake van variasie in die sosiale konteks.

2.3. Taalgebruik in die volwasse Dowe gemeenskap

Soos reeds genoem, het daar 'n aantal historiese verskillende Dowe gemeenskappe in Suid-Afrika ontwikkel – die onderskeid tussen hulle is hoofsaaklik verwant aan skoolopleiding, aangesien skole geskei is op grond van apartheidsbeleid en gesproke taalbeleid, sowel as afstand (Morgan 2008: 9).

Mens sou dus raai dat die taalgebruik van elk van hierdie gemeenskappe van mekaar sou verskil, soos wat voorgestel is deur Penn en Reagan (1990: 95); Penn, Reagan en Ogilvy (1991: 131-133); en Penn (1992a, 1992b, 1993-1994). Maar ondanks die historiese verskille tussen Dowe gemeenskappe, lyk dit asof Doves van verskillende gemeenskappe in Suid-Afrika mekaar redelik goed verstaan: by vergaderings of byeenkomste wat plaaslik of nasionaal op die terrein van sport, kultuur en onderwys gehou word, kommunikeer Dowe Suid-Afrikaners blykbaar heel gemaklik met mekaar, alhoewel baie Doves wel glo dat verskillende gebaretaalvariëteite in Suid-Afrika bestaan. Hoe dit ook al sy, Doves kan beslis makliker met ander Doves van ander rasgroepe en kulture kommunikeer as met horendes van hul eie oorspronklike kulture. Die taal self is nie 'n hindernis tot kommunikasie nie en mense is besig om deur blootstelling te leer om ander variëteite te akkommodeer (Aarons en Reynolds 2003: 202). Die enigste keer wat 'n tolk benodig word, is wanneer 'n horende persoon betrokke is – en wanneer 'n tolk gebaretaal gebruik, ervaar Doves nie dieselfde gemeenskaplike begrip soos wanneer hulle met mekaar kommunikeer nie. Dit is 'n interessante fenomeen wat self deur die outeur opgemerk is in 'n gemeente vir Doves: die predikant is 'n horende Afrikaanssprekende en gebruik 'n vorm van Gebare-Afrikaans, dus "Afrikaans op die hande", terwyl hy ook sy stem gebruik. Soos reeds verduidelik is, is hierdie gebarevorm nie SASL (of enige ander natuurlike gebaretaal) nie, aangesien Afrikaanse grammatika gehoorsaam word en dit per slot van sake onmoontlik is om twee tale op een slag te gebruik. Die gevolg is dat daar 'n "Engelse" gebaretaaltolk vir die "Engelse" Doves moet wees. Tog ervaar hierdie gemeentelede geen probleem daarmee om ná die diens oor 'n koppie tee, of by

ander geleentheid, soos die basaar, met mekaar te kommunikeer nie. Die verskynsel kom blykbaar net voor in situasies waar 'n vertolking van gesproke taal in gebaretaal gemaak word. Die probleem lê dus duidelik nie in Dowe-Dowe kommunikasie nie, maar in horende-Dowe kommunikasie. Die horende tolk wat van die gesproke taal in gebaretaal tolk – of in hierdie geval, die predikant – gebruik nie gebaretaal nie, maar is besig om Afrikaans op sy hande en mond te sit. Die probleem wat hierdeur geskep word, is dus nie 'n gebaretaalvariasieprobleem nie, maar 'n klassieke voorbeeld van hoe horende mense wat by Doves betrokke is, dikwels glo dat gebaretaal bloot 'n gesproke taal op die hande is (Aarons en Reynolds 2003: 203).

Die feit dat Doves nou ander Doves oplei om onderwysers van gebaretaal te word, asook die programme vir Doves wat op TV uitgesaai word, verskaf aan Doves blootstelling aan ander variëte sonder dat daar van hulle verwag word om hul eie variëteit te verander of aan te pas.

2.4. Variasie en 'n gebaretaalwoordeboek

Die gevolge van apartheid – en die verskillende Dowe gemeenskappe wat as 'n gevolg daarvan ontstaan en in stand gehou is – is grootliks die rede waarom baie mense, beide horend en Doof, na 'n *Afrikaanse* of 'n *Engelse* of 'n *Xhosa Gebaretaal* verwys, en baie mense glo steeds dat daar werklik 'n direkte verband tussen die gesproke en gebaretale van 'n spesifieke etniese gemeenskap bestaan (Morgan 2008: 9).

Die *Dictionary of Southern African Signs* (Penn 1992b, 1993-1994) is die resultaat van 'n projek wat in opdrag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) uitgevoer is om aan die standaardisering van SASL te werk en wat in die middel 1980's geadverteer is. Die projek is deur die loop van sewe jaar teen groot koste voltooi en het gefokus op leksikale verskille, en het gepoog om verskillende leksikale items te korreleer met die gesproketaalgemeenskappe waaruit die Dowe gebruikers gekom het, (Penn 1992b; Penn en Reagan 1994: 319, 321-324). Dit was op sigself 'n problematiese benadering, aangesien dit blykbaar 'n baie direkte skakel aandui tussen die gesproke taal van 'n sekere area en die gebare wat deur die Dowe „sprekers" van daardie taal gebruik word. Dit laat dit lyk asof daar 'n aparte gebaretaal vir elke gesproke taal in Suid-Afrika is (wat daar nie is nie, aangesien

daar geen direkte skakel tussen enige gesproke taal en 'n gebaretaal is nie). By nadere ondersoek blyk dit dat sommige van die gebare wat in die woordeboek as verskillende vertaalekwivalente van dieselfde Engelse woord gelys word, net in een of ander aspek van verbuiging of verandering in handvorm verskil en daarom nie as 'n verskillende gebaar gesien moet word nie, maar as verskillende verbuigings van dieselfde gebaar (Aarons en Reynolds 2003: 204). 'n Gebrek aan begrip van die morfologiese en sintaktiese struktuur van 'n gebaretaal, asook die feit dat die grootste gedeelte van die navorsing wat oor kommunikasie en Dowe mense gedoen is, op Doof-horende interaksie eerder as die taal van die Dowe self fokus (Aarons en Reynolds 2003: 200), veroorsaak 'n vals voorstelling van gebaretaal.

Die projek het gebare uit 11 verskillende rasse- en geografiese groepe in Suid-Afrika gedokumenteer, en die navorsers het Engelse woorde en frases gebruik om die gebare by verteenwoordigers van elke gemeenskap te ontlok, wat op video opgeneem is en in die woordeboek aangebied is as die gebare vir die betrokke Engelse woord of frase wat deur verskillende gemeenskappe gebruik word. Elke bladsy van die woordeboek lys dus 'n Engelse woord met ongeveer 11 verskillende gebare wat glo, volgens die informante, die manier is waarop die betrokke Engelse woord in hul taal gebruik word (Aarons en Reynolds 2003: 204). Behalwe die woordeboek se aangegeve doel om die verskillende variëteite wat deur die verskillende gemeenskappe gebruik word, op te teken en te beskryf, was die aangegeve opvoedkundige doel om hierdie inskrywings te gebruik vir die onderrig van een of ander gebaretaal. Die kwessie van gebaretaalsintaksis word egter glad nie in die woordeboek hanteer nie, en die opvoedkundige doel is dus blykbaar om woordeskat binne die konteks van 'n Engelse sin te onderrig, 'n opvoedkundige benadering wat, volgens Aarons en Reynolds (2003: 204), met vele gevare belaa is – 'n woordeboek kan immers as *hulpbron* in taalverwerwing gebruik word, maar nie noodwendig as die enigste *handboek* in die proses nie - en hulle gaan voort om die probleme met die woordeboek te ondersoek en uit te lig.

Die woordeboek verskaf slegs een moontlike gebaar vir 'n gegewe leksikale item in 'n ekwivalent, wat die vals indruk skep dat slegs een gebaar per leksikale item aanvaarbaar of toepaslik is, selfs binne die beperkte gebruikskonteks. Dit ignoreer die feit dat SASL, soos ander tale, verskillende registers het vir formele en informele situasies met hoflike en minder hoflike gebare, sleng, vinnige gebaregebruik,

groepsgebaregebruik ("in-group signing") en al die ander variante waarvoor ander tale ook beskik, afhangende van die konteks. Die woordeboekartikels maak glad nie vir hierdie faktore voorsiening nie. Nog 'n probleem is dat die misverstand geskep word dat daar 'n een-tot-een-verhouding tussen 'n leksikale item in een taal en 'n leksikale item in 'n ander taal bestaan (Aarons 1999: 132).

'n Artikel uit die *Dictionary* (Penn 1992b: 283) lyk, byvoorbeeld, soos volg:

Help

GRAMMATICAL CATEGORY: Noun/Verb.

LEVEL: Preschool.

THEME: Other.

TRANSLATIONS: Hulp (A)/Siza (Z)/ Thuso (S).

EXAMPLE OF USAGE: Dale called for help at the scene of the accident.

Hy het my vir hulp gevra met sy studies.

VARIATION 1: Double-handed sign in which little finger edge of dominant **B-hand**, palm towards, hand left, is held on palm of subordinate B-hand, palm up, hand diagonally right and unit is lifted.

Used by DET.

VARIATION 2: Double-handed sign in which subordinate B-hand, palm up, hand away, lifts to tap little finger edge of dominant B-hand, palm towards, hand left.

Used by 2,4,6.

VARIATION 3: Two-handed sign in which little finger edge of dominant A-hand, palm towards, hand left, is placed on palm of subordinate **B-hand**, palm up, hand right and whole unit is lifted.

Used by 1.

VARIATION 4: Double-handed symmetrical sign in which A-hands, palms inwards, hands away, lift to touch chest and then move away in parallel.

Used by 5,7.

VARIATION 5: Simmetriese dubbelhandteken. **B-hande**, palms na mekaar toe, hande na mekaar toe, beweeg met 'n draaibeweging en eindig met die palms na binne.

Used by 8.

VARIATION 6: Tweehandteken. Dominante B-hand, palm na onder hand na links, beweeg oor ondergeskikte B-hand, palm na binne, hand na regs en eindig met palm na binne, hand na links.

Used by 9.

By nadere ondersoek sien ons dat sommige van die gebare wat in die *Dictionary* as ekwivalente in verskillende variëteite vir dieselfde Engelse woord gelys word, net in een of ander aspek van verbuiging verskil, of dalk 'n verandering in handvorm, wat nie as verskillende gebare gesien moet word nie, maar as verskillende verbuigings van dieselfde gebaar (Aarons 1999: 132), 'n verskynsel wat in terme van geskrewe taal op wisselvorme sou dui.

Elke variant word deur 'n swart-en-wit foto geïllustreer, maar aangesien die foto's uit stilbeelde van die video-opnames geskep is, is die kwaliteit baie swak, sodat dit in baie gevalle moeilik is om goed te sien, en veral gesigsuitdrukkinge gaan grootliks verlore. Pyle is op die illustrasies aangebring om die beweging van die gebaar aan te dui. Die syfers wat by "Used by" gebruik word, dui die geografiese verspreiding, bevolkingsgroep en gesproke taal van die gebruikers van daardie variant aan:

"1/N Tvl Tswana. 2/Soweto Sotho. 3/Zulu Natal. 4./Tvl Indian. 5/Natal English. 6./Cape English. 7./Tvl English. 8/Cape Afrik. 9/Tvl Afrik. DET/Sign taught in Dept Education and Training" (Penn 1992b: 283).

Dit is moeilik om te sien watter uitwerking die *Dictionary* daarop sou kon hê om die gebaretaal in Suid-Afrika in een enkele gebaretaal te standaardiseer; dit is waarskynliker dat die *Dictionary* gebruik sou kon word om elk van die verskillende variëteite te standaardiseer, indien ons aanneem dat elke gebaar wat ontlok is, wel die enigste gebaar vir daardie leksikale item is wat in 'n spesifieke gemeenskap gebruik word (Aarons 1999: 131). Dit is duidelik dat Dowe mense in Suid-Afrika mekaar sonder moeite verstaan, maar dat die probleem ontstaan wanneer horende mense beweer of verklaar dat hulle slegs Afrikaanse of Engelse gebaretaal verstaan, soos reeds hierbo genoem is. Die kwessie van standaardisering is dus een wat blykbaar gerat is om horende mense wat nie werklik oor kennis van 'n gebaretaal beskik nie, te akkommodeer, waarskynlik ten koste van eenheid tussen die Doves van Suid-Afrika: wanneer Doves van verskillende gemeenskappe bymekaar kom,

kommunikeer hulle heel goed met mekaar. Dit is eers wanneer horendes tot die situasie toetree dat 'n spreekwoordelike Babelse verwarring uitbreek – wat natuurlik 'n oordrewe beskrywing is, maar wat die frustrasie en verwarring van veral die horendes probeer beskryf.

Daar is nog nie werklik genoeg navorsing gedoen oor die gebaretaal (of dalk gebaretale) wat in Suid-Afrika gebruik word, om te kan beweer dat daar slegs een gebaretaal is, al dan nie – die intuïsie is egter dat alhoewel daar leksikale variasie bestaan in die keuses van gebare wat gebruik word, SASL as een taal gesien kan word wat oor die algemeen deur Dowes verstaan word. Verskeie van die outeurs van die woordeboek beweer dat daar wel sintaktiese eenheid bestaan (Ogilvy Foreman et al. 1994: 122; Penn en Reagan 1994: 324-325), maar dit sou waarskynlik oorhaastig wees om so 'n stelling te maak sonder verdere ondersoek, veral aangesien hierdie navorsing op slegs een sektor van die gebaretaalgemeenskap gefokus het en gerat is om aan te dui dat daar sintaktiese universalie in gebaretale is, wat gebaseer is op die grammatikale gebruik van ruimte (Aarons 1999: 135). Veel meer taalkundige ondersoek moet gedoen word onder 'n veel groter en meer verteenwoordigende groep van die Dowe gemeenskap, 'n gevoel wat selfs deur die woordeboek se outeurs uitgespreek word (Reagan en Penn 1997: 5). Verder – selfs bo alles – moet Dowes opgelei word in taalkundige navorsing, sodat dié navorsing kan terugvloei in die Dowe gemeenskap en daar van waarde kan wees en ook Dowe mense kan bemagtig om kenners van hul eie taal te wees. Totdat die Dowes hulleself kan mobiliseer om bestaande opvoedkundige en taalpraktyke te betwis, sal horende mense ongelukkig steeds voortgaan om amptelike besluite oor gebaretaal te neem (Aarons 1996: 285, 286; Aarons en Reynolds 2003: 209). Voortgesette debatvoering oor watter variëteit die standaardvariëteit behoort te wees, blyk onvanpas te wees: dit is veel belangriker dat horende én Dowe mense sal besef dat gebaretaal nie bloot 'n hande-inkodering van gesproke taal is nie, en veel meer energie is nodig om die breë publiek te oortuig dat gebaretale natuurlike tale is en dat Dowes die reg behoort te hê om die taal van hul keuse te gebruik. Ook binne die konteks van tolke en hul opleiding behoort die kwessie van variasie erken te word, maar gegewe die feit dat Suid-Afrikaanse Dowes mekaar verstaan, behoort dit nie meer aandag te ontvang as die verskillende streeksvariëteite wat in gesproke tale aangetref word nie (Aarons en Reynolds 2003: 206).

2.5. SASL as minderheidstaal

SASL word steeds nie as amptelike taal erken nie, maar die beskerming en ontwikkeling van SASL word spesiaal in die grondwet genoem as een van die tale wat deur PanSAT (die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad) beskerm en ontwikkel moet word (al is die bladsy op PanSAT se webblad wat aan SASL gewy word ten tyde van die skrywe steeds "onder konstruksie" en sonder enige inligting), en die grondwet is só geskryf dat Doves se regte beskerm word, al maak die grondwet slegs voorsiening vir opvoeding in die 11 amptelike landstale. Die grondwet behoort egter die gebruik van gebaretaal as voertaal in skole vir Doves toe te pas – ongelukkig word hierdie bepaling van die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996 nie toegepas nie. Baie skole vir Doves is steeds in stryd met die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996. Soos ene Philemon, nog 'n deelnemer aan Morgan (2008: 190) se boek, aandui:

Remember that the Constitution says that sign language needs to be developed for use in schools ... and the Schools Act says that sign language is an official means of instruction for educating Deaf persons, but few are using it. Are they breaking the law? What happens when you break the law? You go to prison if you steal a car, but who is arresting teachers for breaking the law?

Baie Dowe kinders, veral op die platteland, bevind hulle in skole of klasse vir veelvuldig gestremdes waar hulle klasse deel met verstandelik gestremde, liggaamlik gestremde en blinde leerlinge, almal met verskillende opvoedkundige en taalkundige behoeftes. Dowe mense sal hulleself as minderheidstaalgroep móét bemagtig en mobiliseer om beswaar teen bestaande opvoedkundige en taalpraktyke aan te teken – eers dan sal die bepalings van die grondwet uitdruklik in die praktyk toegepas en gerealiseer word (Aarons en Reynolds 2003: 208). Selfs met die beste bedoelings van horendes wat in die Dowe gemeenskap betrokke is, soos my eie deelname aan die protesoptog wat in 2003 deur DEAFSA gereël is en "Kwaliteit Dowe Onderwys" vereis het, en wat gelyktydig in drie stede plaasgevind het, en my skrywe aan Die Burger om die status van gebaretaal as natuurlike taal uit te lig (Fourie 2003), rus die onus steeds op die Dowe gemeenskap om 'n verskil te maak sodat die slagspreuk "Deur die Doves, vir die Doves" 'n realiteit sal word.

2.6. Tussen twee wêreldes: horende kinders van Dowe ouers

Daar is reeds genoem dat die waarde van horende eerstetaalgebaregebruikers – dikwels die horende kinders van Dowe ouers (of CODA²¹'s, *children of Deaf adults*) – as informante of beoordelaars van data nie onderskat behoort te word nie, aangesien hulle tweetalig grootword en die gesproke taal in hul gemeenskap en die gebaretaal by hul ouers leer. Tog is daar nog nie spesifieke studies oor hul gebarevaardighede gedoen nie (Wilbur 1987: 239). Dit kan wees dat hul gebaregebruik meer gesproke taal-agtig is omdat hul kennis van die gesproke taal 'n invloed op hul gebaregebruik het en dat daar 'n oorvleueling tussen die twee tale is, of dit kan wees dat hulle twee aparte tale handhaaf en gebaretaal net soos dowe eerstetaalgebaregebruikers gebruik indien hulle gebaretaal as eerste taal geleer het. 'n Opname deur Wilbur en Fristoe (1986) oor aspekte soos die verwerwing van gebaretaal, tolking, ander verantwoordelikhede van die kinders, beroepskeuse en ander aspekte van die effek wat Dowe ouers op horende kinders se lewe en persoonlikhede het, het gevind dat die meeste van hulle by die huis gebaretaal geleer het en dat 'n groot meerderheid gebaretaal in doofheid-verwante beroepe gebruik (tolk, onderwyser vir Doves, gebaretaalonderwyser, voorligter, maatskaplike werker, dosente of personeel by opleidingsfasiliteite vir Doves, en so meer). Nog ander gebruik hul gebaretaal in hul werk selfs al is dit nie beroepe wat streng gesproke aan Doofheid verwant is nie (prokureurs met Dowe kliënte, administratiewe en klerklike personeel in maatskappye met Dowe werknemers of Dowe kliënte, sielkundiges en maatskaplike werkers wat met Dowe kliënte konsulteer, ens.)

Die oorgrote meerderheid het as tolke vir hul ouers gedien, met gemengde gevoelens by beide enkele individue en in die groep as 'n geheel. Vir sommige het dit tot 'n gevoel van wrewel of teësin gelei omdat hulle altyd moes bystaan vir hul ouers se behoeftes en omdat hul ouers meer afhanklik van hulle was as wat in 'n gemiddelde horende gesin die geval sou wees. Vir ander was hierdie ekstra verantwoordelikheid tot voordeel van die ontwikkeling van volwassenheid en 'n vaardigheid vir toekomstige werkgeleenthede. Baie kinders het verantwoordelik gevoel vir hul ouers en het gesukkel om hul eie onafhanklikheid te handhaaf. Baie

²¹ Soos met ander afkortings wat in gebaretaalnavorsing bekend en gebruiklik is en in die studie gebruik word, word 'n Afrikaanse vertaling van CODA nie verskaf nie.

het ook aangedui dat hulle voel asof hulle nie genoeg kans gehad het om bloot kinders te wees nie, en dat hulle vinniger as die meeste ander kinders moes grootword. Terselfdertyd het hulle hoë standaarde van prestasie vir hulleself en ander ontwikkel, en was geneig om baie selfkrities te wees (Wilbur 1987: 240).

Daar is ook ander kinders wat, soos horende kinders van dowe ouers, gedwing word om op 'n vroeë ouderdom 'n aantal volwasse verantwoordelikhede oor te neem, soos kinders van fisies gestremde ouers, kinders van onlangse immigrante, kinders van enkelouers en kinders met gestremde broers en susters. Sommige studies het ooreenkomste gevind tussen CODA's en kinders van alkoholis-ouers (Black 1981; Woititz 1983; Steitler, Cassell en Webster 1982), 'n situasie waar kinders ook gedwing word om op 'n jong ouderdom bykomende verantwoordelikhede te aanvaar, en waar die impak van vroeë volwassenheid en verantwoordelikheid op uiteenlopende wyses sigbaar is – positief vir sommige, negatief vir ander. Die bedoeling is egter nie om te impliseer dat die ooreenkomste tussen hierdie twee groepe kinders – CODA's en kinders van alkoholisgesinne – beteken dat daar iets fout is met hierdie kinders nie, net soos daar nie noodwendig iets fout is met 'n kind wat by 'n enkelouer grootword nie: dit beteken bloot dat daar sommige soortgelyke ervarings is wat kinders van sulke gesinne het wat kinders van ander tipes gesinne nie noodwendig het nie. Dit plaas ook klem op die belangrikheid van kommunikasie in die lewe van al die partye: die belangrikheid en noodsaaklikheid van die opleiding van professionele persone wat sensitief is vir die behoeftes van Dowes en hul gesinne en wat goeie gebaretaalvaardighede het sodat 'n tolk nie in sensitiewe of emosionele situasies nodig is nie, kan nie genoeg beklemtoom word nie (Wilbur 1987: 242).

2.6. Algemene slotopmerkings

Hierdie hoofstuk het 'n oorsig gebied van die profiel en agtergrond van die tipiese Dowe persoon in Suid-Afrika, asook die tipes variasie wat veral voorkom in gebaretaal oor die wêreld – en vermoedelik ook in SASL, al is daar nie altyd navorsing vanuit die Suid-Afrikaanse konteks wat met die navorsingsresultate van ander gebaretaal vergelyk kan word nie. Die doel van hierdie hoofstuk is om Dowes as teikengebruikers van 'n moontlike woordeboek te beskryf.

Hoofstuk 3. Leksikografie

3.0. Inleiding

Hierdie hoofstuk verskaf 'n breë, algemene oorsig oor o.a. die geskiedenis van leksikografie, asook eienskappe van woordeboeke en die leksikografiese proses. Die hoofstuk sluit af deur die aard en eienskappe van elektroniese woordeboeke in meer diepte te bespreek aangesien die woordeboek wat deur die proefskrif in die model voorgestel word, 'n elektroniese woordeboek is.



By permission of Johnny Hart and Creators Syndicate, Inc.

Figuur 3.1: Fromkin en Rodman 1993: 54.

3.1. Die genese en geskiedenis van leksikografie

Woordeboeke en ensiklopedieë is klassieke voorbeelde van hoe ons inligting vanuit verskeie primêre bronne ontgin en dan daardie inligting in terme van een of ander indeks- of aanwysingsstelsel rangskik. Dit is egter belangrik om te onthou dat 'n woordeboek eintlik soos 'n fossiel is: die oomblik dat dit voltooi en gepubliseer is, is dit reeds verouderd en die aanhoudende vloei van die taal wat nie daarin beskryf is nie (of kan word nie), laat dit noodgedwonge 'onvoltooid' (McArthur 1986: 11). Tog word die voorlopige of tussentydse aard van woordeboeke en ensiklopedieë in hierdie wêreld dikwels gesien as ondenkbaar of onaanvaarbaar, en sommige mense reageer op sekere gevestigde woorde asof hulle die Wet van Moses is wat uit die hemel ontvang is (McArthur 1986: 38), al is die redakteurs en samewerkers net so periodies en kultuurgebonde soos enige samesteller voor of na hulle (McArthur 1986: 105).

Die geskiedenis van die woordeboek, soos wat ons dit vandag ken en gebruik, dateer terug na antieke Mesopotamië en Egipte. Die groot aantal tekens wat die

vroeë skribas vir hul werk nodig gehad het, moes gememoriseer word, en geheuebrûe was noodsaaklik. Die tekens het geen vasgestelde rangskikking gehad nie (soos met syfers en die latere alfabet) en was so baie dat een of ander omvattende vorm aan hulle gegee moes word sodat hulle in hanteerbare groepe aangeleer kon word. Hierdie vorm is ontleen aan die oorspronklike prente-assosiasie met die tekens – dit het steeds skakels met die regte wêreld gehad, dus kon leerlinge memoriseer in terme van dieretekens, planttekens, tekens vir mense en plekke en so meer (McArthur 1986: 32; Claiborne 1974: 89-92; Matoré 1968: 40).

Die sistematiek van die vrye kunste lewer heelwat insig in die mentaliteit van Westerse opvoeders van die dae van die Hellenistiese geleerdes, deur Rome en Bisantium, tot die Middeleeue en moderne tye. Die student moes vanaf taal beweeg na die hoër abstrakte van wiskunde en musiek, en dié roete is ywerig nagevolg via reëls, modelle en oefeninge (McArthur 1986: 40).

Die skolastici het 'letterkunde' gehelp om die plek van 'retoriek' in te neem – in die tiende eeu was geletterde beskawings steeds oases in 'n wêreld van gesproke tradisies; vandag oorleef orale nalatenskappe slegs op die buitenste grense van ons lewens (McArthur 1986: 69-70). Om die waarheid te sê, die veiligheid van skrif en die groter duidelikheid van die temas, intriges en hoofstukke daarvan bied ons soveel leiding en gerusstelling dat ons – soos ons Middeleeuse voorgangers – nie geredelik kan terugkeer na die hoofstroom van 'n ware orale tradisie nie, of dit selfs net verstaan nie (McArthur 1986: 69).

Binne die konteks van hierdie studie is die bogenoemde opmerking baie interessant en het dit die skrywer genoop om selfondersoekend te dink oor haar eie wens om gebaretaal, wat 'n 'orale' tradisie op die hande is, in 'n tasbare vorm te verteenwoordig. Terselfdertyd bied dit verdere insig oor hoekom gebaretaal 'n minderheid is wat slegs op die rand van ons samelewing bestaan en skaars, indien hoegenaamd, teenwoordig is in die verwysingsraamwerk van die meeste mense. Dit blyk dat die boekstaving van gebaretaal 'n groot bydraende faktor kan wees in die erkenning en status van hierdie taal.

Die pendulum het in 'n duisend jaar geswaai vanaf die tematiese ordening van die skolastici tot die alfabetiese gebruike van ons tyd. Die feit dat die een die ander tot op hede gedomineer het, beteken nie dat dit noodwendig altyd so sal wees nie, veral

nie in die lig van die nuwe tegnologieë van ons tyd nie (McArthur 1986: 80). Deur die alfabet te gebruik, word hiërargieë, subordinasie en superordinasie vermy (McArthur 1986: 108), maar die skolastici en kundiges soos Francis Bacon sou die alfabetiese orde heeltemal te onvolledig en gefragmenteer vind (McArthur 1986: 111). Wat ook al in ons brein gebeur wanneer ons 'woorde' en 'gedagtes' orden en oproep, is *nie* alfabeties nie (McArthur 1986: 123).

Teen ongeveer 1970 was taalkundiges en antropoloë bewus daarvan dat 'n 'strukturele' en 'sistematiese' benadering tot leksis ten minste in beginsel 'n alternatief tot die alfabetiese modus bied, en het hulle begin om tradisionele leksikografie as heeltemal te gemoeid met aanhalings en hopeloos te min begaan met die groter 'prentjie' en interaksie van leksikale items te sien (McArthur 1986: 147). Die redakteurs van *Britannica 3* het die alfabetiese/tematiese dilemma opgelos deur 'n alfabetiese ordening vir alle gebruikers te hê, en 'n tematiese sekondêre rangskikking vir dié wat dit dalk wil hê (McArthur 1986: 158). Die oplossing hoef dus nie te beteken dat een sisteem ten koste van die ander gekies moet word nie – albei kan ingespan word om optimale leksikale toegang te bied.

3.1.1. Die antieke geskiedenis van verwysing in die Westerse kultuur

The history of civilization is more than a tally of our dynasties, governments, wars, class struggles and cultural movements; it is also the story of how human beings have learned to develop and operate systems of reference and information retrieval that are external to the brain. [...] For some 99.75 percent of the existence of the species *Homo*, and for some 95 percent of the time that it has been *sapiens*, there were *no* external systems at all (McArthur 1986: 4).

Die *Homo*-spesie het 'n sosiokulturele afgrond geskep tussen homself en ander lewende wesens op aarde oor die afgelope twee miljoen jaar: die gebruik van vuur, die maak van gereedskap, die besit van gesofistikeerde skuilings, die aankweek van sosiale rituele en die evolusie van spraak het alles daartoe bygedra om die verwydering te vergroot, maar tot baie onlangs in terme van geologiese tyd het die mensdom een ooreenkoms gedeel met die natuur – watter gebeure hulle ook al beleef of opmerkings hulle gemaak het, het soos mis voor die son verdwyn. Wat hulle ook al na verdere generasies oorgedra het, was deur middel van gene of onmiddellike persoonlike kontak sonder enige opsoekbare rekord. Maar op 'n

onbepaalde punt het *Homo* 'n tipe 'kritieke massa' bereik waarna 'n hele kettingreaksie van prestasies moontlik geword het – insluitend die stoor van inligting op 'n ander plek as die brein. Die moderne beskawing is beide 'n gevolg van – en 'n stadium in – daardie kettingreaksie (McArthur 1986: 3-4).

3.1.1.1. Sumerië en Egipte: spykerskrif en hiërogliewe

Die eerste mense wat die samekoms en versnelling van dinge ervaar het nadat *Homo* die punt van kritieke massa bereik het, was blykbaar die inwoners van Sumerië (vandag Suid-Irak) en Egipte: die ontwikkelings van die Sumeriese beskawing was kleigebaseer terwyl die mense van die Nylvallei met riete en steen gewerk het. Tussen 5 000 en 6 000 jaar gelede het beide gemeenskappe komplekse stede geskep, landboutegnieke ontwikkel wat van watervoorsiening gebruik gemaak het, graan aangeplant en tropdiere aangehou, die wiel gebruik, metale gesmee, stelsels vir afmeting geformuleer, die hemelruim bestudeer, en skrif, boekhouding, vakkundigheid en burokrasie uitgevind. Beide gemeenskappe het duisende jare voortbestaan en baie van die kulturele kondisionering nagelaat wat in, om en op ons in werking is: die sewedagweek, sterretekens, tydstelsels met eenhede van 60 en die model waarop die moderne skoolstelsel steeds gegrond is (McArthur 1986: 20-21).

In Sumerië is merke in nat klei gemaak om rekord te hou, en hierdie eenvoudige merke het mettertyd ontwikkel tot die komplekse skryfstyl wat as 'wigskrif' of 'spykerskrif' bekend staan. Die Egiptenare het van mure gebruik gemaak – hetsy die openbare mure van tempels of die grotagtige mure van hul graftombes – om prente op te sny of te teken. Heelwat hiervan was godsdiensgebaseer en gevolglik is hul primêre tekensisteem 'hiërogliewe' genoem (dus 'die gebruik van heilige kerfwerk'). Die riet *Papyrus cyrus* was volop beskikbaar in die Nyldelta en kon gebruik word as voedsel, brandstof, (bou)materiaal vir skepe, seile, matte, touwerk, 'n tipe lap en 'n soort skryfoppervlak (McArthur 1986: 21).

3.1.1.2. Vroeë taalkontak en vertaling: Sumerië en Akkad

Om 2 350 v.C. het die heerskappy van Mesopotamië verskuif van Sumerië in die suide na Akkad in die noorde. Die mense van Akkad was ongeletterd en moes van die Sumeriese skribale opleidingsinstansies gebruik maak om die samelewing wat

hulle oorgeneem het, te verstaan en te onderhou. In hierdie skole het hulle die kuns van lees en skryf geleer, maar in Sumeries, omdat dit slegs in daardie taal toeganklik was. Hierdie tweetalige kontaksituasie het daartoe gelei dat die skribaskole ten minste twee aktiwiteite gebruik het: hulle het tweetalige lyste met Sumeriese woordvorme in een kolom en die Akkadiese ekwivalent in 'n ander kolom opgestel en as onderrigmiddel gebruik; wanneer 'n teks vanuit Sumeries in Akkadies oorgesit is, het hulle die oorspronklike teks op dieselfde tablet as die nuwe weergawe geplaas – eers 'n reël in Sumeries, dan 'n vertalende reël in Akkadies, ens. (McArthur 1986: 24-25).

3.1.1.3. Die samesmelting van Mesopotamië en Egipte: 'n proto-alfabet ontstaan

In die daaropvolgende millennium het die kulture van Mesopotamië en Egipte saamgesmelt en beoog om kundigheid soos skrif onbesoedeld en onveranderd te hou. Ten spyte van dié druk het sekere veranderinge begin plaasvind, veral in die streek van Fenisië-Kanaän, ongeveer halfpad tussen die twee kulture. Skribas het begin om tale langs mekaar te lys deur die identiese eerste lettergrepe van woorde te gebruik, maar die groot deurbraak was ongeveer 1 400 v.C. toe 'n proto-alfabet van 30 tekens in 'n bepaalde volgorde gerangskik is in 'n Kanaänitiese dialek. Daar is 'n argeologiese gaping tot ongeveer 1 000 v.C. toe 'n alfabet van 22 tekens in die Fenisiese stad Biblos verskyn het (McArthur 1986: 25).

Die voordeel wat 'n alfabet bo die Mesopotamiese en Egiptiese stelsels gehad het, was die ongelooflike buigsaamheid en spaarsamigheid daarvan: in plaas van honderde verskillende piktogramme (prentetekens), ideogramme (idee-tekens), logogramme (woordtekens) en sillabogramme (lettergreepetekens) kon tussen 20 en 30 semifonetiese simbole gebruik word om 'n oneindige aantal woorde voor te stel. So 'n stelsel kon ook baie makliker oordra uit een taal in 'n ander as sy meer omslagtige voorgangers (McArthur 1986: 25).

3.1.1.4. 'n Pot, 'n pan en 'n piramide: tematisering as sosiale artefak


Klassifisering en tematisering was en is niks nuuts nie en die moderne samelewing en sy siening van die wêreld is steeds gevul met orde, sisteem en stratifikasie – McArthur (1986: 32) verwys daarna as die 'taksonomiese drang'. Militêre rangordes

kan fisies waargeneem word in beide kentekens en gedrag, en kan verstaan word in terme van 'n abstrakte hiërargie, bv. 'sersant', 'luitenant', 'kaptein', ens. Sosiale en geestelike ordening soos militêre of priesterlike hiërargie is net soveel 'n artefak as 'n pot, 'n pan of 'n piramide: 'n rang of kaste kan nie bestaan totdat daar 'n sisteem is waarbinne dit kan bestaan nie, net soos 'n pot, 'n pan of 'n piramide nie kan bestaan totdat die noodsaaklikheid daarvan nie opgeklaar is nie (McArthur 1986: 33).

Klassifisering en tematisering het twee sleutelvorme, naamlik die skep van kategorieë of groepe, en dan die skepping van 'n hiërargie ('n piramidevorm of boomdiagram) waardeur die kategorieë of groepe gesistematiseer word (McArthur 1986: 34).

McArthur (1986) verskaf 'n interessante en volledige oorsig van die geskiedenis van geletterdheid en kennis deur die Romeinse en Hellenistiese tydperke, die Donker Eeue en Middeleeue tot die vroeëre moderne wêreld, maar vir die doel van hierdie proefskrif sal die skrywer aanbeweeg na die ontstaan van leksikografie.

3.1.2. Leksikografie in sy kinderskoene: tema vs. alfabet



'How's the Psalms' title-page coming along?'

Punch, 12 November 1986

Figuur 3.2: Crystal 1990: 145.

Die Skolastiese program het 'n basiese belangstelling in die onderrig van taal gehad, selfs al was dit net gerig op een taal: Latyn was 'n belangrike skakel in die Westelike Christendom, en al het niemand dit meer as moedertaal verwerf nie, was dit die gesproke en geskrewe medium van die godsdienstige gemeenskap en intellektuele

kommunikasie, monistiese en episkopale skole en ook sommige universiteite wat 'n onseker verhouding met die Kerk gehad het. Almal met aspirasies tot 'n geestelike loopbaan moes Latyn bemeester as die grondslag vir alles wat hulle wou doen, aangesien daar geen bevordering in die universele kerk was in 'n persoon se eie volkstaal nie (McArthur 1986: 74).

Die jong geestelikes van Wes-Europa in die Middeleeue het Latyn geleer op 'n manier wat sterk herinner aan die Akkadiese skribas in Mesopotamië: tweetalige grammatikale en gesprekshandleidings was beskikbaar, gebaseer op antieke Grieks-Romeinse modelle, maar spesiale *vocabularia* is gebruik in die aanleer van woordeskat. 'n *Vocabularium* het bestaan uit lyste *vocabula*, dus 'woorde' of 'uitinge', wat gerangskik is volgens temas of onderwerpe en nie alfabeties nie. 'n Voorbeeld van die indeling van so 'n *vocabularium*, geskryf deur Aelfric, kloostervoog van Eynsham naby Oxford (c. 955 – c. 1010) lyk as volg:

- God, die hemel, engele, son, maan, aarde, see;
- man, vrou, dele van die liggaam;
- verwantskappe, professionele mense en handelaars, ambagsmanne;
- siektes;
- abstrakte terme;
- tye van die jaar en dag, seisoene, die weer;
- kleure;
- voëls;
- visse;
- diere;
- kruie;
- bome;
- huishoudelike meubels;
- kombuis- en kookgereedskap;
- wapens;
- dele van 'n stad;
- metale en edelgesteentes
- algemene terme (abstrak en konkreet) (McArthur 1986: 75).

Intussen het gebruikers van manuskripte gebruik gemaak van kort notas om 'n moeilike of ongewone woord in 'n teks te verduidelik, baie soos wat ons vandag

steeds kantlynnotas maak. Deur die vroeë Middeleeue het *glossae collectae* begin verskyn, wat semiformele lyste was wat onderwysers en studente gebruik het om moeilike uitdrukkings aan te dui. Baie van hierdie lyste was slegs georden in die sin dat terme verskyn het in die volgorde waarin hulle uit die oorspronklike tekste gehaal is, maar sommige lyste het terme wel alfabeties gerangskik volgens die eerste letter. Die eerste glosse was eintlik baie 'onbepaald' en min komponente, indien enige, was vasgestel: alfabetisering of tematisering, vertikale of horisontale lyste, tweetalige of Latynse glossering, standaardspelling, ens.

Die mense van daardie tyd was reeds gewoond aan die tematiese indeling van materiaal, en alfabetisering moes baie vreemd gewees het in die globale Skolastiese perspektief: 'n betekenislose, onsamehangende manier om materiaal te orden wat tot dusver in netjiese raamwerke aangebied is. Alfabetisering lei tot fragmentering wanneer verwante leksikale items oor die alfabet versprei word en die gebruik van kruisverwysing kan selfs dwaas klink vir iemand wat kennis wil integreer eerder as verstrooi (McArthur 1986: 76-77).

Die gebruik van die drukpers het grootliks bygedra tot alfabetiese indeling: drukkers het daaglik te doen gehad met die letters van die alfabet in die vorm van klein metaalvormpies en het meer en meer begin om alfabeties aan woorde en dele van woorde te dink, terwyl dit tot op daardie stadium ongewoon was vir skolastici en diegene wat tekste oorgeskryf of gekopieer het (McArthur 1986: 77).

Gedurende die laat Middeleeue en vroeë Renaissance is verskeie titels gebruik vir 'woordeboeke':

- *Abecedarium* – 'n ABC;
- *Alvearium* – 'n byekorf of heuningstoor;
- *Dictionarius* of *dictionarium* – 'n boek van *dictiones* (woorde en uitdrukkings), 'n woordeboek;
- *Glossarium* – 'n glos, 'n woordelys (gewoonlik saamgestel uit ander lyste);
- *(H)ortus* – 'n 'tuin';
- *Lexicon* – 'n leksikon, 'n versameling *lexis* of woorde;
- *Manipulus* – 'n handvol;
- *Medulla* – die 'kern' of 'murg' van 'n saak;
- *Promptuarium* of *promptorium* – 'n stoor;

- *Thesaurus* – 'n skatkamer;
- *Vocabularium* – 'n woordeskat, die woorde van 'n taal;
- *Vulgaria* – die 'algemene dinge' van die lewe of 'n taal.

Slegs drie van hierdie terme het oorleef as generiese terme vir woordeboeke en is herkenbaar in die Engelse vorme *dictionary*, *lexicon* en *thesaurus*; een term het behoue gebly vir woordelyste (*glossary*) en nog een as 'n algemene term vir die woorde van 'n taal (*vocabulary*). Die gebruik van hierdie woorde is die eindresultaat van daardie tye en was nie gespesialiseerde terme op daardie stadium nie – selfs vandag is daar nie klinkklare onderskeid tussen die terme 'woordeboek' ('dictionary'), 'leksikon' of 'thesaurus' nie. Veral die term 'woordeboek' is geneig om as 'n oorkoepelende term vir enige soort versameling inligting oor 'woorde' gebruik te word sedert die eerste gebruik daarvan in die Engelse digter en grammatikus John Garland se werk in 1225, en die Franse samesteller Pierre Bersuire wat die woord *dictionarium* gebruik het om te verwys na 'n 1340 alfabetiese lys van woorde wat in Sint Jeronimus se vertaling van die Bybel verskyn het (McArthur 1986: 79).

Die tweeledigheid in terme van organisering en formaat gaan deesdae dikwels ongemerk verby vanweë die sukses van alfabetisering. Dit hou verband met die gemak van aanbieding asook die manier waarop mense inligting in hulle kop organiseer. Dit rus op die **tematiese modus**, wat die oudste een van die twee prosedures is vir die hantering van dinge soos memorisering, klassifisering en die groepering van inligting vir verwysingsdoeleindes, en die **alfabetiese modus**, wat tans die dominantste van die twee prosedures is, gebruik word in standaard woordeboeke en ensiklopedieë en wat deur die meeste mense as bepalend van die hele genre gesien word. Die feit dat die een tot op hede die ander gedomineer het, beteken egter nie dat dit altyd so hoef te wees nie, veral nie in die lig van nuwe tegnologie nie (McArthur 1986: 80).

3.1.2.1. Kontinuums in kassies: tematiese ordening

Die bekendste voorbeeld van tematiese ordening is vandag steeds Peter Mark Roget se *Thesaurus of English Words and Phrases* wat in 1853 verskyn het. Sy doel was as't ware om 'n ruitekaart oor realiteit te plaas as 'n tipe kartografie van die brein en om etikette te verskaf aan die gepaste koördinate of knooppunte. Hy was sonder twyfel daarvan bewus dat sulke klassifisering poog om kontinuums in kassies te

plaas, maar het voortgegaan daarmee in die optimistiese oortuiging dat dit *bruikbaar* was (McArthur 1986: 121).

Roget het sy skatkamer van woorde as uniek vir alle tale gesien en nie net Engels nie:

[...]a desideratum hitherto unsupplied in any language; namely, a collection of the words it contains and of the idiomatic combinations peculiar to it, arranged, not in alphabetical order as they are in a dictionary, but according to the *ideas* they express (Roget 1853: v).

Hier word die genre van die 'tesourus' vir die eerste keer voorgehou as die teenoorgestelde van die 'woordeboek': woorde word aangebied op grond van hul betekenis (die 'idees' of 'konsepte' agter die woorde) eerder as op grond van hul vorm. 'n Afleiding wat hieruit voortspruit is dat die taksonomiese struktuur wat Roget voorgestel het in 'n sekere sin 'n strukturele model is van menslike denkprosesse en nie net 'n handige 'boom' met woordetikette by die knooppunte nie (McArthur 1986: 121).

Roget se werk is 'n meesterstuk van gespesialiseerde katalogisering, maar het dit steeds aan die gebruiker oorgelaat om:

- definisies te verskaf – die gebruiker moet die betekenis van die woord ken wanneer sy/hy dit vind;
- die nodige onderskeidings te tref – die gebruiker moet weet hoe woorde verskil en oor die vaardigheid beskik om hulle toepaslik te gebruik;
- die afleidings en samestellings te voorsien – die gebruiker moet die beginsels van afleiding en samestelling in Engels ken en weet tot watter mate nuwe woorde uit gevestigde woorde geskep kan word (McArthur 1986: 122-123).

Die katalogusse is in die negentiende eeu deur 'n wetenskaplike saamgestel en is ongetwyfeld kenmerkend van hul tyd, maar herinner ons steeds daaraan dat wat ook al in die brein gebeur wanneer ons 'woorde' en 'idees' opsoek, *nie* alfabeties is *nie* (McArthur 1986: 123).

Tematiese organisasie is opsigself 'n soekmetode; mits die konteks waarin 'n woord gebruik word, duidelik is. Die sukses waarmee 'n gebruiker betekenis kan bepaal m.b.v. tematiese organisering, hang tot 'n groot mate af van die gebruiker se

taalvaardigheid in die doeltaal: in die geval van SASL, het die gebruiker slegs enkele gebare in 'n gesprek nie verstaan nie, of die hele gesprek? Taal word nie verwerf óf geleer deur 'n woord-vir-woord vertaling uit 'n woordeboek nie, aangesien kommunikatiewe taalvaardigheid veel meer behels as bloot die vertaling / soek van ekwivalente leksikale items. Tematiese organisasie gee die gebruiker die geleentheid om 'n meertal leksikale items te verken wat tot dieselfde tematiese veld behoort.

3.1.2.2. 'n Nimmereindigende verhaal: 'n inventaris van taal



'You wouldn't happen to have a dictionary would you?
They say there's an axolotl on the loose.'
Punch, 16 October 1985

Figuur 3.3: Crystal 1990: 32.

'n Klassieke voorbeeld van alfabetiese ordening in ons tyd is ongetwyfeld die *Oxford English Dictionary* (OED), wat 'n outoriteit in die gebruik van Engels regoor die wêreld is en waaruit verskeie byprodukte gespruit het, onder andere die *Oxford Dictionary of South African English*.

Dié werk se eerste belangrike voorganger was die *Deutsches Wörterbuch* van Jakob en Wilhelm Grimm – bekend vir hul versameling van sprokies en mitologie, maar ook die aanvangers van 'n monumentale leksikografiese projek in Duits.

In the dictionary, all German words found in the literature of the three centuries 'from Luther to Goethe' were given with their historical variants, their etymology, and their semantic developments; their usage in specialized and everyday language was illustrated by quoting idioms and proverbs. Begun

simply as a source of income in 1838 ... the work required generations of successors to bring the gigantic task to an end in our day (Denecke 2012).

Leksikografe het nie meer probeer om 'n taal te 'bepaal' of te 'beperk' nie, maar eerder om die totale omvang van 'n nasionale taal te verteenwoordig in beide historiese akkuraatheid en dialektiese omvattendheid (McArthur 1986: 125).

Die Engelse leksikograaf Charles Richardson het eerste gebruik gemaak van 'n ordelike reeks aanhalings om die betekenis van 'n woord te illustreer in sy *New Dictionary of the English Language* wat in die middel 1830's verskyn het. James Murray, een van die latere redakteurs van die *OED*, maak die volgende opmerking hieroor:

Quotations *will* tell the full meaning of a word, if one has enough of them; but it takes a great many to be enough, and it takes a reader a long time to read and weigh all the quotations, and to deduce from them the meanings which might be put before him in a line or two (Murray 1900: 44).

Aanhalings behoort nie definisies in die geheel te *vervang* nie, maar Richardson se werk het gedui op die belangrike *aanvullende* waarde van aanhalings tot definisies. Woorde verkry hul betekenis in terme van die konteks waarin hulle voorkom, hetsy linguisties of sosiokultureel. Woorde bekom nie betekenis deur definisies nie – 'n definisie is basies 'n distillasie van al die moontlike kontekste waarin 'n 'woord' voorgekom het of kan voorkom (McArthur 1986: 126). In 1857 bied Richard Chevenix Trench twee lesings aan die Filologiese Vereniging in Londen aan oor die 'tekortkominge in ons Engelse woordeboeke'. Hy dui op sewe spesifieke punte waar woordeboeke te kort skiet:

- verouderde woordvorms;
- afleidingsfamilies;
- akkurate en korrek gedateerde aanhalings;
- al die belangrike strekkings van 'n woord;
- die behoorlike onderskeiding van 'sinonieme';
- genoegsame dekking van die beskikbare letterkundige bronne;
- uitskakeling van oortollige materiaal.

Volgens Trench se siening was 'n woordeboek 'n inventaris van 'n taal en nie 'n instrument vir die seleksie van slegs 'goeie' woorde in daardie taal nie; 'n leksikograaf is 'n geskiedkundige en nie 'n kritikus of moralis nie. Trench behou dus die letterkundige en tekstuele oriëntasie van leksikografie, maar laat vaar die voorskriftelike funksie daarvan: *alle* woorde moet ingesluit word in 'n lys waar hulle ondersoek en geklassifiseer kan word. Indien daar hoegenaamd 'n outoriteit moet wees, behoort dit dié van omvattendheid, objektiewe aanhaling en definisie te wees en nie dié van die arbitrêre sosio-estetiese neigings van die samesteller of sy sosiale groep nie (McArthur 1986: 126-127).

Die Filologiese Vereniging het gevolglik besluit dat die blote samestelling van 'n lys van die leksikale items wat Samuel Johnson, redakteur van die 1755 *Dictionary of the English Language*, en sy voorgangers uitgelaat het, nie genoeg is nie en besluit in 1858 ten gunste van 'n nuwe woordeboek gebaseer op behoorlike geskiedkundige beginsels: elke woord wat in Engels gevind kon word vanaf AD 1000 tot die hede, sou ingesluit word tesame met sy geskiedenis, variante vorme en spellings en die vorige en huidige gebruike en betekenis, aangedui deur 'n verteenwoordigende reeks aanhalings uit die totale omvang van Engelse literatuur en rekords. Niemand kon sekerlik voorsien dat dié enorme projek eers sowat 70 jaar later 'voltooi' sou wees nie en dat altesame ses redakteurs in die loop van dié tyd oor die projek toesig sou hou nie (McArthur 1986: 127). Die gesamentlike werk is in 1928 gepubliseer in 10 lywige volumes en was toe en is steeds 'n tipe 'rekordhouer' van sommige statistiek: 70 jaar om te voltooi, 5 miljoen aanhalings ingestuur deur sowat 2 000 lesers oor die wêreld (amper 2 miljoen van hierdie aanhalings is eindelik gebruik), 40 redaksionele dae en 23 bladsye op slegs die woordjie 'set' en altesaam 414 825 woorde in 15 487 bladsye (McArthur 1986: 131).

Murray was met reg trots op die monumentale projek:

[...] it can be maintained that in the Oxford Dictionary, permeated as it is through and through with the scientific method of the century, Lexicography has for the present reached its supreme development (Murray 1900: 49).

Die samestellers van die OED het teen tyd gewerk en was in 1910, toe hulle die letter S bereik het, reeds 26 jaar weg van die samestelling van die letter A. Nie een van die OED se medewerkers kon hulle indink hoe die uitvindings waaraan mense

soos Alexander Graham Bell en Thomas Edison reeds op daardie stadium gewerk het, die taal (en die OED) sou beïnvloed nie, nog minder die 'leksikale ontploffing' wat om die Tweede Wêreldoorlog plaasgevind het nie. Verskeie aanvullings tot die werk het reeds verskyn en dit lyk asof hierdie aanvullings *ad infinitum* sou kon voortgaan (McArthur 1986: 133). In die 1980's is die vier supplemente met die OED geïntegreer om die tweede uitgawe van twintig dele te produseer, in 1992 is die eerste CD-ROM weergawe gepubliseer en die OED word nou ten volle hersien, met nuwe materiaal wat aanlyn gepubliseer word (Oxford English Dictionary 2012).

Die blote aard van die veranderende wêreld waarin ons leef, maak die OED onvolmaak en reeds 'n historiese dokument in eie reg – maar dit is voorwaar 'n indrukwekkende voorbeeld van onvolmaaktheid! Dit is egter ook 'n belangrike herinnering aan die gevare verbonde aan die 'voortydige afsluiting' van leksikografie in enige taal – enige lewende taal is in 'n konstante toestand van veranderlikheid.

3.1.2.3. Tema én alfabet: 'n wen-wen oplossing

Peter Mark Roget se *Thesaurus* was bedoel om die teenoorgestelde van 'n (alfabetiese) woordeboek te wees en om die skakels tussen woorde weer te gee in 'n formaat wat nader aan die brein se manier van dink is. Tog maak die opvolgeling van Roget, bv. *The New Roget's Thesaurus in Dictionary Form* (Lewis 1986) en *The American Roget's College Thesaurus in Dictionary Form* (Morehead 1978), merendeels gebruik van 'n alfabetiese ordening en steun hierdie besluit met die feit dat (die meeste geletterde) mense alfabetiese ordening makliker vind om te gebruik as tematiese ordening aangesien hulle reeds gewoon is aan eersgenoemde.

In die 1950's verskyn die Fransman Paul Robert se *Dictionnaire alphabétique et analogique de la langue française* waarmee hy van plan was om die alfabetiese formaat deur die wisselwerking van die assosiasie van idees te verryk. McArthur (1986: 154) voorsien 'n vertaling van Alain Rey, algemene uitgewer van Robert se uitgawery sedert 1959, se opmerkings hieroor:

Every dictionary is a list of words, organized in a certain order: that order, the alphabet, is used by the majority of works of reference. It is known by anyone who is not illiterate, but it is nonetheless completely arbitrary and does not respond in any way to the reality of spoken language. For example,

synonyms and members of the same word family are kept apart from each other in alphabetic ordering by various quite unrelated words. Not only is *façon* very far from *manière* and *mode*, but it is separated from *façonner* by *faconde*, which has no connection whatever with it. [...] Thanks to Paul Robert, language dictionaries have benefited from a new method that is at once practical and pedagogical, while still being based on a precise and deep appreciation of the phenomenon of language. The author calls this method 'analogy' in order to emphasize its comprehensive nature: both linguistic and conceptual. From word to word by means of relations among ideas, from idea to idea by means of words – that is the route that Roget's analogies invite us to take.

Die sisteem van kruisverwysing wat deur Robert gebruik word, voorsien ook goeie dekking van sinonieme en antonieme, asook woorde wat op een of ander manier aan mekaar verwant is binne sekere 'semantiese velde'. Die enigste nadeel is dat die gebruiker baie kruisverwysings sal moet maak en moontlik notas maak of merkers by die verskeie bladsye plaas om die verspreide tema weer bymekaar te sit wat die Robert-redakteurs in die eerste plek gebruik het om die sisteem te laat werk – die tematiese struktuur is dus nie vir die gebruiker primêr duidelik nie. Dit is ironies dat die vindingrykheid van Robert se tematiese metode bedoel is as teenmiddel vir die ontoereikendheid van alfabetiese ordening, maar dat die alfabet *juis* gebruik (moet) word aangesien dit so gerieflik is en elke geletterde persoon dit reeds ken, en dat die wêreld gefragmenteer moet word om die alfabet voordelig te benut (McArthur 1986: 155).

Die *Encyclopaedia Britannica* se 15de uitgawe slaag egter daarin om die tematiese en alfabetiese ordeningsmetodes op 'n unieke manier te kombineer: die alfabet domineer steeds, maar waar ander werke die tematiese struktuur verskuil in hul redaksionele oorsiglyk, word dit in die 15de uitgawe aangebied as die essensiële raamwerk van die geheel. Die alfabet/tema-dilemma is dus opgelos deur 'n alfabetiese ordening te hê vir almal en 'n tematiese sekondêre indeling vir die liefhebbers wat dit verkies (McArthur 1986: 157-158).

Dit is ook ironies dat tematiese samestellings gekritiseer word vir hul 'enkele toegangstruktuur' alhoewel alfabetiese samestellings in baie gevalle ook slegs 'n enkele toegangstruktuur tot hul inhoud bied (McArthur 1986: 160).


3.2. Basiese boustene van leksikografie

Daar ontstaan dikwels verwarring oor die verwantskap tussen leksikografie en leksikologie. Leksikologie is die studie van woorde en hul betekenis in een taal of in 'n groep tale (Al-Kasimi 1977: 1). Leksikografie verwys na die beginsels en praktyke van die skryf van woordeboeke.

Om die waarheid te sê, 20ste-eeuse Amerikaners (ten tyde van Al-Kasimi se skrywe in die 1970's) het die leksikon grootliks afgeskeep:


Certainly we descriptive linguists tend to be contemptuous of vocabulary. It is almost a dogma among us that vocabulary is the least significant part of language (save for a group among us who even doubt that vocabulary is really a part of language after all) (Al-Kasimi: 1977: 4).

Leksikografie is nie 'n subdissipline van linguistiek nie, selfs al handel woordeboeke oor woorde, wat ook een van die basiese onderwerpe van linguistiese studie is (Tarp 2000: 191). Dit lyk miskien met die eerste oogopslag na 'n vreemde stelling om te maak, maar indien ons veronderstel dat leksikografie en woordeboeke wel 'n subdissipline van linguistiek is, sou dit moes volg dat elke wetenskap of studieveld in die wêreld 'n subdissipline van linguistiek moes wees, aangesien almal van woorde en taal gebruik maak om hulself uit te druk. 'n Woordeboek van wiskunde of genetika sou, steeds volgens hierdie veronderstelling, 'n subdissipline van daardie spesifieke wetenskap wees, maar dit is absurd, aangesien dit 'n skisofrene aard van leksikografie tot gevolg sou hê: tegelykertyd 'n subdissipline van 'n groot aantal verskillende en onafhanklike wetenskaplike studievelds (sien figuur 3.4) (Tarp 2000: 192).



Figuur 3.4: Leksikografie as 'n skisofrene subdissipline van linguistiek, genetika, ens.

Die enigste oplossing is dus om leksikografie as 'n onafhanklike wetenskap te sien. Alle wetenskappe, hetsy biologie, genetica, chemie, ens., bestaan uit 'n onafhanklike stel kenniselemente, maar hulle bevat terselfdertyd sekere stelle kenniselemente wat hulle met ander wetenskappe deel. Linguistiek en leksikografie kan hiervolgens gesien word as twee onafhanklike dissiplines waar linguïste soms van leksikografie gebruik maak in hul werk en waar leksikograwe soms gebruik maak van linguistiek in hul praktiese en teoretiese werk (sien figuur 3.5) (Tarp 2000: 192, 193).



Figuur 3.5: Die moderne konsep van leksikografie, waarin linguistiek en leksikografie onafhanklike dissiplines is wat sekere aspekte of elemente gemeen het.

Die onderwerp van leksikografie as onafhanklike dissipline behels woordeboeke, meer spesifiek leksikografiese naslaanbronne, bv. die *Afrikaanse Verklarende Musiekwoordeboek* (AVM) of die *Mediese Woordeboek* (MW):

natuurlike stemming (Afr.), **just intonation** (Eng.). Sisteem van intonasie en stem(ming) waarin al die intervalle van die natuurlike (akoesties suiwer) tert (derde) en die natuurlike (suiwer) kwint (vyfde) verkry word. Sien *tempering*.

Teksvoorbeeld 3.1: Artikel uit die AVM.

gametosiet enige van die selle wat besig is om in gamete te ontwikkel deur die proses van *gametogenese. *Kyk ook* oösiet, spermatosiet. **gametocyte**

Teksvoorbeeld 3.2: Artikel uit die MW.

Hierdie werke berus uit die aard van die saak op kennis oor taal, musiek en geneeskunde om in hul doel te kan slaag, wat 'n aanduiding is van die oop wetenskaplike aard van leksikografie as 'n interdissiplinêre vakgebied (Tarp 2000: 193).

Leksikografiese naslaanbronne word as mensgemaakte produkte geskep met die uitdruklike doel om in sekere menslike behoeftes te voorsien. Wiegand (1998: 52) verwys na die 'werklike doel' van 'n leksikografiese naslaanbron as "dat dit gebruik kan word om uit sy leksikografiese teksdata inligting te bekom oor die onderskeidelike onderwerp van daardie naslaanbron (daß sie benutzt werden können, um aus den lexikographischen Textdaten Informationen über den jeweiligen Gegenstand der Nachschlagewerk zu gewinnen)".

Terminografie word as 'n onderafdeling van terminologie beskou. Tarp (2000: 194) stel 'n moontlike definisie van die vakgebied van terminologie voor as die registrasie en organisasie van kennis in die algemeen. Terminologie word dus onderskei van leksikografie, alhoewel gespesialiseerde leksikograwe ook gebruik maak van die metodologie wat baie terminoloë as 'n spesialiteit in hul vakgebied beskou. Terminografie, die aanbieding van die produkte van terminologie in die vorm van verskillende soorte naslaanbronne, behoort wel tot die domein van leksikografie, soos ook geïllustreer word deur die teksvoorbeelde 3.1 en 3.2 hierbo.

3.2.1. Die definisie en doel van 'n woordeboek

Zgusta (1971: 197) definieer 'n woordeboek as 'n sistematies geordende lys van gesosialiseerde linguistiese vorme wat saamgestel is uit die spraakgewoontes van 'n gegewe spraakgemeenskap. Die outeur maak opmerkings op die linguistiese vorme op so 'n wyse sodat die gekwalifiseerde leser die betekenis van elke onderskeidelike vorm verstaan en ingelig is oor die relevante feite rakende die funksie van daardie vorm in sy gemeenskap. Landau (1984: 5) beskryf 'n woordeboek as 'n boek wat woorde in alfabetiese volgorde lys en hulle **betekenis** beskryf. Moderne woordeboeke bevat dikwels data oor spelling, lettergreepverdeling, uitspraak, etimologie, gebruik, sinonieme en grammatika, en soms ook illustrasies.


Die oorwegende doel van 'n woordeboek is om taalgebruik te *beskryf*. Die leitmotiv dwarsdeur Samuel Johnson se woordeboekplan van 1747 was dat sy woordeboek bo alles bruikbaar moes wees, en dit is steeds die eerste reël van goeie leksikografie (Landau 1984: 240). Woordeboeke kan egter ook voorskriftelik wees in hul aanbieding van die taalmateriaal en dus bepaalde vooropgestelde idees hê oor hoe die gebruiker die taal 'behoort' te gebruik eerder as om 'n weerspieëling te wees van hoe die gebruiker die taal wel gebruik.

3.2.2. Leksikale betekenis

Leksikale betekenis bestaan uit drie komponente:

- Benoeming / 'designation' (omvangsbepaling / 'denotation')
- Konnotasie / inhoudsbepaling, en (moontlik)
- Omvang van gebruik.

Die term 'denotatum' verwys na 'n klas items of dinge waarmee 'n woord verbind word aan die materiële voorwerpe van die ekstralinguistiese wêreld waaroor ons praat. Daar is egter geen direkte skakel tussen 'woord' en 'ding' nie en die 'designatum' staan tussen die leksikale eenheid en die denotatum: 'n designatum is dus die 'denkbeeld' van die 'ding', of die manier waarop die sprekers van 'n taal die denotatum voorstel.



Figuur 3.6: Leksikale betekenis

Gestel byvoorbeeld 'n persoon sien 'n nuwe meubelstuk en weet dat dit 'n tafel is, selfs al het hy/sy dit nog nooit vantevore gesien nie, omdat dit voldoen aan sekere kriteria vir 'n tafel: plat horisontale oppervlak waarop items geplaas kan word en wat deur (minstens) een poot of meer ondersteun word. Die designatum bevat dus sekere kritiese kwaliteite.

Dieselfde dele van die fisiese realiteit mag volgens verskillende designata in verskillende tale georden en gesegmenteer word vanweë 'n variasie in die beskouing van realiteit. Die gebaar vir HUIS in die meeste Westerse kulture dui gewoonlik op 'n spits dak, terwyl HUIS in die meeste Afrikalande met 'n ronde struktuur geassosieer word.

Leksikale items vorm dus die basis van leksikologie, en die leksikologie moet ruimte bied aan al die funksies/eienskappe van leksikale items, bv. die denkbeeld, die

emosionele of houdingsaspek, pragmatiese konnotasie, gebruiksbeginsels, grammatikale eienskappe, ens.

Die hele veld van verskillende style in gebruik en die hele variasie in taal behoort (moontlik) tot die kategorie van konnotasie in terme van leksikale resultate, maar die leksikograaf sal omsigtig moet omgaan met die konnotasie van woorde en hulle konnotatiewe status (Zgusta 1971: 39, 41). Dit is wel die leksikograaf se plig om te probeer om die omvang van gebruik aan te dui, veral in 'n eentalige woordeboek wat bedoel is om die aktiewe gebruiker van 'n vreemde taal te help (Zgusta 1971: 44).

3.3. Woordeboektipies

Enige persoon wat al in 'n boekwinkel of biblioteek voor die rak met woordeboeke te staan gekom het, sal weet dat daar 'n verbysterende reeks woordeboektipies is: tweetalig, eentalig, verklarend, vertalend, vakwoordeboeke, noem maar op. In hierdie afdeling word 'n bondige oorsig van die onderskeie woordeboektipies verskaf.

Volgens Landau kan woordeboeke rofweg volgens drie kategorieë onderskei word: omvang, perspektief en aanbieding (Landau 1984: 6).

Al-Kasimi (1977: 15, 17-31) dui ook op drie subkategorieë van definiërende eienskappe van woordeboeke en dit kan in samehang met Landau s'n min of meer soos volg gesien word:

Die eerste subkategorie het betrekking op die lyste woordeskat wat bedoel is om ingesluit te word in die woordeboek (*omvang*), en verder ook die manier waarop uittreksels uit die woordeboekbron gemaak word en die eienskappe van die bron self. Gevolglik word 'n woordeboek dus óf geskep, soos wanneer 'n leksikograaf in sy of haar moedertaal 'n lys van geselekteerde leksikale items opstel wat nie gebaseer is op ander (leksikografiese) tekste nie, óf saamgestel uit ander (leksikografiese) tekste. Aangesien 'n saamgestelde woordeboek geneig is om die kenmerkende eienskappe van sy bron oor te dra, moet hierdie eienskappe gespesifiseer word in terme van die beperkings van die oorspronklike korpus en die voorgestelde interne diversiteit van die korpus. Die bestek van 'n woordeboek verwys dus na die grootte en omvang van 'n woordeboek as 'n uitdrukking van hoe goed dit die totale woordeskat dek. Verdere aspekte van die bestek is die aantal tale wat hanteer word, m.a.w. of die woordeboek eentalig, tweetalig of veeltalig is, en die omvang van die

konsentrasie op leksikale data, dus die mate waarin die woordeboek ensiklopedies is.

Die tweede subkategorie het betrekking op die leksikograaf se siening van en benadering tot die woordeboek, en die verhouding tussen die komponente van elke artikel (*perspektief*). Die woordeboek kan diachronies wees en 'n uitgebreide tydperk in die taal dek, of dit kan sinchronies wees en tot een spesifieke tydperk in die taal se gebruik beperk wees. Dit kan alfabeties gerangskik wees, of volgens klank (bv. rymende woordeboeke), of volgens konsep (bv. sommige tesourusse). Die keuse of 'n woordeboek preskriptief, deskriptief of proskriptief²² is, behoort ook tot die perspektief daarvan.


Die derde subkategorie hou verband met die verhouding tussen al die lemmatekens in 'n woordeboek (*aanbieding*). Eentalige woordeboeke se bewerking van betekenis is gewoonlik meer breedvoerig as dié in tweetalige woordeboeke. Daar kan i.t.v. die voorbeeldmateriaal ook gekies word om illustrerende aanhalings te gebruik, of denkbeeldige voorbeelde, of bibliografiese verwysings, en sommige woordeboeke sluit ook illustrasies of sketse in. Besluite oor die aanbieding van eienskappe soos uitspraak en gebruiksinligting moet ook geneem word. Soos reeds gesien is in die besprekings in paragraaf 3.1.2, kan die lemmatekens georganiseer word óf volgens vorm (alfabeties) óf volgens betekenis (tematies) (Zgusta 1971: 198-216):

- *Ensiklopediese woordeboeke* is hoofsaaklik gemoeid met die denotata van leksikale eenhede en verskaf data oor die ekstralinguistiese wêreld, hetsy fisies of niefisies. Die rangskikking van lemmas is in die alfabetiese volgorde van die woorde waardeur na die segmente van hierdie ekstralinguistiese wêreld verwys word wanneer ons daaroor praat. Hierdie 'woordelikse' rangskikking is soortgelyk aan dié in eentalige woordeboeke.
- *Linguistiese woordeboeke* is hoofsaaklik gemoeid met die taal, dus met die leksikale eenhede van 'n taal en al hul linguistiese en pragmatiese eienskappe.

²² **Preskriptiewe** woordeboeke is voorskriftelik en beïnvloed dus die woordeboekgebruiker se taalgebruik; **deskriptiewe** woordeboeke is beskrywend en toon aan die gebruiker hoe 'n spesifieke taalelement gebruik word; in die geval van **proskriptiewe** woordeboeke wil die leksikograaf vir die gebruiker aandui of aanbeveel watter variant gekies moet word indien daar meer as een moontlike keuse is. Sien ook paragraaf 4.1.3.

- *Diakroniese woordeboeke* fokus op die geskiedenis van 'n taal en die ontwikkeling en verandering van die leksikon in die vorme en betekenis van leksikale items. Daar kan verder onderskei word tussen twee tipes diakroniese woordeboeke: historiese en etimologiese.
 1. *Historiese woordeboeke* fokus op die veranderinge wat voorkom in die vorm en betekenis van 'n woord binne 'n tydperiode waarvoor daar historiese (gewoonlik tekstuele) bewyse beskikbaar is. Semantiese ontwikkelings word beskou as minstens net so belangrik as dié van vorm.
 2. *Etimologiese woordeboeke* fokus op die oorsprong van woorde. 'n Aansienlike hoeveelheid van die woorde in enige taal het hulle oorsprong vóór 'n tekstuele tradisie en hierdie woordeboeke behandel dus ook die voorgeskiedenis van woorde. Hulle is meer gemoeid met vorm as betekenis en kan slegs skematiese aanduidings verskaf in terme van betekenis.
- *Sinkroniese woordeboeke* verskaf 'n leksikale voorraad van 'n taal tydens 'n enkele stadium van ontwikkeling, maar is nie dieselfde as 'n 'kontemporêre' woordeboek nie. Dit is egter nie moontlik om ooit absoluut sinkronies te wees nie, aangesien tale voortdurend verander.
- *Algemene woordeboeke* en *bepaalde woordeboeke* (bv. 'n woordeboek van 'n variëteit of dialek, 'n vaktaal, stokperdjie, of iets dergeliks). Algemene woordeboeke beslaan twee tipes, naamlik standaard verklarend en algeheel omvattend (informatief).
 1. *Standaard verklarende woordeboeke* is beskrywend van 'n taal in die hede en tot 'n mate ook soos dit verwag word om vir 'n tydperk na publikasie gebruik te word. Hierdie woordeboeke beskik dus oor die mag om 'n invloed te hê op toekomstige taalgebruik.
 2. *Algeheel omvattende woordeboeke* beskryf veel meer as die standaard nasionale taal ten tyde van samestelling en is nie gemoeid met toekomstige gebruik nie.
- *Eentalige, verklarende woordeboeke* kan in vier subkategorieë verdeel word, naamlik:
 1. *Omvattend* – die projek beslaan veelvuldige volumes en dekades, het 'n historiese oriëntasie en veronderstel dat die taal reeds ten volle gestandaardiseer is. Gevolglik is hierdie nie die tipe woordeboek wat as 'n eerste projek vir 'n taal aangepak word nie;

2. *Standaard* – die leksikale items wat as lemmas opgeneem word, verteenwoordig die standaard-variëteit van die taal onder bespreking, maar sluit wel leksikale items van nie-standaardvariëteite in wat teen 'n hoë frekwensie voorkom, en merk sulke items met etikette wat stilistiese, streeks- of ander afwykings van die standaard aandui. Min aandag word hier gegee aan historiese data en die projek is eerder gerig op die huidige en selfs toekomstige taalgebruik. So 'n projek vereis 'n aansienlike korpus, en word gebruik deur redelike gesofistikeerde gebruikers;
3. *Handwoordeboeke* word saamgestel vir moedertaalgebruikers en is dus nie ten opsigte van die aanleerder georiënteer nie. Dit beslaan 'n meer uitgebreide makrostruktuur as 'n skoolwoordeboek met beperkte mikrostrukturele artikelbehandeling en –struktuur;
4. *Pedagogiese woordeboeke* is gerig óf op leerders wat moedertaalsprekers is van die taal wat in die woordeboek behandel word en fokus veral op kommentaar oor die semantiek (*skoolwoordeboeke*), óf op 'n gebruiker wat 'n vreemde taal leer (*aanleerderwoordeboeke*). In die geval van laasgenoemde verteenwoordig die makrostruktuur leksikale items met 'n hoë gebruiksfrekwensie. Die woordeboek vertoon 'n hoë datadigtheid, d.w.s. die kwalitatiewe verhouding tussen die makrostruktuur en die mikrostrukturele inskrywings: "Waar die teikengebruikers van 'n woordeboek nie 'n lang tradisie van woordeboekgebruik het nie of waar hulle te doene kry met 'n vreemde taal, is dit wys om nie van onnodige prosedures van tekskondensering gebruik te maak nie" (Gouws 2001b: 85-86).



Figuur 3.7: Woordeboektipologie

Die tipologiese kategorie van tweetalige woordeboeke maak nie werklik voorsiening vir 'n *omvattende tweetalige* woordeboek nie, maar ongeveer dieselfde onderskeidings wat op eentalige woordeboeke van toepassing is, geld ook vir tweetalige woordeboeke. In terme van die omvang, makrostrukturele keuse, teikengebruiker en die gebruik van 'n korpus behoort 'n model vir tweetalige woordeboeke hoofsaaklik dieselfde beginsels te gehoorsaam as dié wat op eentalige woordeboeke van toepassing is. 'n Verdere belangrike punt om in gedagte te hou, is dat die tipiese tweetalige woordeboek nie tot dieselfde mate van sukses deur die sprekers van beide tale wat in die woordeboek behandel word, gebruik kan word nie. Die gebruiker word beïnvloed deur die funksie van sy of haar moedertaal met betrekking tot bron- en doeltaalstatus in 'n tweetalige woordeboek. 'n Model vir die samestelling van tweetalige woordeboeke behoort deeglik bewus te wees van probleme soos ekwivalentverhoudings, ekwivalentonderskeid en die feit dat dit moeilik is om kommunikatiewe ekwivalensie te verseker – die woordeboekspesifieke leksikografiese proses behoort hierdie aspekte deeglik te hanteer. Opstellers van nuwe woordeboeke hoef hulleself egter nie gebind te voel tot die bestaande tipologiese modelle nie, maar het die vryheid om innoverende tipologiese modelle te skep: 'n hibridiese woordeboek kan byvoorbeeld sommige behoeftes vir 'n eentalige verklarende woordeboek en sommige van die behoeftes van 'n tweetalige woordeboek bevredig. 'n Model wat voorsiening maak vir só 'n poging sou ook die uitbreiding en verdere ontwikkeling van so 'n woordeboek tot twee volledige woordeboeke toelaat, naamlik 'n eentalige en 'n tweetalige woordeboek. Hierdie hibridiese woordeboek sal monoskopies wees in die behandeling van leksikale items wat in die sentrale lys aangebied word aangesien slegs die brontaalitems gelemmatiseer sal word; die woordeboeke sou 'n alfabetiese ekwivalentregister van die lemmata as agterteks kon aanbied. Die samestelling van 'n tipologies hibridiese woordeboek sal die gebruikers van 'n funksionele instrument voorsien wat kan bydra tot hul kommunikatiewe bemagtiging (Gouws 2001b: 81).

Die model vir 'n nuwe woordeboek is dus nie sonder meer gebind aan die bestaande tipologiese skema van woordeboeke nie, maar kan tipologies vernuwend optree om die behoeftes en vaardighede van sy spesifieke teikengroepgebruikers in ag te neem (sien ook paragraaf 3.4.2 hieronder).

3.4. Die A tot Z van 'n woordeboek: vanaf die 'tekenbord' tot op die rak

Die heel eerste, en waarskynlik belangrikste, stap is om die ware doel van 'n woordeboek, en gevolglik die aard, formaat, ens., te bepaal – dit maak dit vir die gebruiker moontlik om die woordeboek in 'n tipiese gebruikskonteks te benut as 'n instrument wat hom of haar bystaan in 'n suksesvolle woordeboekraadplegingsprosedure (Gouws 2001b: 66). Die moderne leksikografie-teorie het die onderliggende aanname dat woordeboeke gebruiksprodukte is, en Tarp (2002: 67) argumenteer juis daarom dat die metodologie vir die beplanning van 'n woordeboek 'n tipologie moet maak van potensiële gebruikers, gebruikersituasies (teksproduksie of teksresepsie) en die probleme wat mag ontstaan vir elke tipe gebruiker in elke tipe gebruikersituasie. Die profiel van die teikengebruikers moet dus bepaal word. Op die ou end vorm die verhouding tussen die behoeftes van elke tipe gebruiker in elke tipe gebruikersituasie en die data wat in 'n woordeboek ingesluit word om daardie behoeftes te bevredig, die basis vir die teorie van die leksikografiese funksies. Volgens Tarp (2002: 70) verteenwoordig 'n leksikografiese funksie die bystand wat 'n woordeboek verskaf aan 'n spesifieke soort gebruiker om die behoeftes van daardie gebruiker in 'n spesifieke gebruikersituasie te bevredig (Gouws en Prinsloo 2005: 8).

Die kenmerke van die teikengebruiker en die leksikografiese funksies van 'n woordeboek word in meer besonderhede hieronder bespreek.

Die leksikografie bestaan uit twee hoofkomponente:

- 'n teoretiese komponent, dus die metaleksikografie wat die teoretiese basis vir die leksikografie-praktyk verteenwoordig, en
- 'n praktiese komponent, dus die praktyk van die samestelling van woordeboeke.

Die teorie van leksikografie is 'n praktykgerigte teorie met as hoofdoel die daarstel van 'n model wat die kwaliteit van woordeboeke sal verbeter. Die samestelling en uiteindelijke publikasie van 'n woordeboek is immers nie die laaste en uiterste doel van leksikografie nie – woordeboeke word saamgestel om praktiese instrumente, *gebruiksartikels*, te wees, en die publisering van 'n woordeboek het 'n nuwe aktiwiteit tot gevolg, nl. die kulturele verskynsel van woordeboekgebruik (Gouws 2001b: 60). Daar bestaan vandag steeds tale wat nog geen leksikografiese tradisie het nie, en

dus bestaan daar ook nie 'n kultuur van woordeboekgebruik onder die sprekers/gebruikers van hierdie tale nie, en die verskyning van 'n woordeboek kan in sulke gevalle as 'n belangrike mylpaal in die ontwikkeling van die taal gesien word (sien ook die bespreking van die leksikografie van gebaretaal in hoofstuk 4). Gegewe hierdie rol moet woordeboeke op so 'n wyse saamgestel word dat hulle gebruik kan word as funksionele 'houers' of bronne van kennis (Gouws 2001b: 60).

'n Belangrike stap is om die werklike doel van 'n woordeboek, en gevolglik die aard, formaat, ens., te bepaal – dit maak dit vir die gebruiker moontlik om die woordeboek in 'n tipiese gebruikskonteks te benut as 'n instrument wat hom of haar bystaan in 'n suksesvolle woordeboekraadplegingsprosedure (Gouws 2001b: 66). Dit maak dit egter ook vir die leksikograaf moontlik om die nodige aanpassings te maak in die leksikografiese proses wat voorlê.

Die leksikografiese proses bestaan uit al die aktiwiteite wat uiteindelik lei tot die publikasie van 'n woordeboek as teks. Hierdie aktiwiteite sluit nie net die samestelling in nie, maar ook die beplanning, dataversameling, ens. Die suksesvolle toepassing van 'n leksikografiese proses lei tot woordeboeke wat gekenmerk word deur sekere eienskappe, bv. voorspelbaarheid, berekenbaarheid, analiseerbaarheid en beheerbaarheid. 'n Leksikografiese proses behoort altyd 'n mate van selfondersoek aan die dag te lê, waarin die redaksie voortdurend nadink oor die voltooide werk sowel as die voortgaande aktiwiteite, om hierdie eienskappe voort te bring (Gouws en Prinsloo 2005: 9).

Die woordeboekplan sluit twee hoofkomponente in, naamlik

- die organisasieplan en
- die konseptualiseringsplan van die woordeboek.

Die organisasieplan behels die bestuur en logistieke aspekte van die projek. Die woordeboekkonseptualiseringsplan is gemoeid met die leksikografiese aangeleenthede en sluit dinge in soos 'n beskrywing van die teikengebruiker, woordeboektipologie, woordeboekstruktuur, die leksikografiese aanbieding, ens. Dit is dus die model vir die sekondêre leksikografiese proses van 'n spesifieke woordeboek (Gouws en Prinsloo 2005: 10).

Die samestelling van elke individuele woordeboekprojek moet geskied binne 'n leksikografiese raamwerk wat *spesifiek* vir daardie woordeboek ontwerp is. Een

aspek van die woordeboekplan, wat 'n belangrike deel van die organisasieplan vorm, is die bepaling en formulering van die werklike doel van die beoogde woordeboek. Die werklike doel van 'n woordeboek word onder meer bepaal deur die beoogde gebruikersgroep en gevolglike tipologiese aard daarvan – die teikengebruiker staan sentraal tot die hele proses. Die eerste reeks woordeboeke wat vir 'n spesifieke taal saamgestel word, is gewoonlik standaard eentalige of tweetalige woordeboeke. Hierdie woordeboeke behoort tot die breër kategorie van taalkundige woordeboeke en hul werklike doel is om deur middel van leksikale data inligting oor te dra oor die stel leksikale items wat as eenhede van behandeling ingesluit is om die taalkundige bemagtiging van die beoogde teikengebruiker te verseker. Die formulering van die werklike doel van 'n woordeboek kan gesien word as 'n reaksie op die behoeftes van die beoogde teikengebruikers. Algemene woordeboeke, bv. hand- en standaard tweetalige en eentalige woordeboeke behoort saamgestel te word vir die gemiddelde gebruiker van 'n taalgemeenskap en nie vir akademici nie (Gouws 2001b: 66). Dit is dus uiters belangrik om die vaardighede en profiel van daardie gemiddelde teikengebruiker te bepaal sodat dit op bevredigende wyse hanteer kan word (sien paragraaf 3.4.2 hieronder).

Die konseptualiseringsplan van 'n woordeboek het die mees direkte invloed op die samestellingsproses van die woordeboek in die beplanning daarvan. 'n Model vir die samestelling van woordeboeke behoort dus die belangrikheid van 'n deeglike beplande woordeboekkonseptualiseringsplan as deel van die spesifieke leksikografiese proses te beklemtoon. Dié konseptualiseringsplan kan in vyf onderafdelings verdeel word, naamlik:

- die algemene voorbereidingsfase,
- die materiaalinsamelingsfase,
- die materiaalvoorbereidingsfase (uitsoek en saamstel van inskrywings),
- die materiaalverwerkingsfase (skryf van artikels) en
- die publikasievoorbereidingsfase (Gouws 2001b: 67-72).

Hier volg 'n bondige bespreking van elk van dié vyf punte.

1. *Algemene voorbereiding*: een van die eerste take wat die redaksionele lede van 'n projek sal hê, is om 'n leksikografiese stylgids saam te stel. Dié gids, of instruksiehandleiding, behoort 'n omvattende beskrywing te bevat van die sisteem wat in die woordeboek toegepas word. 'n Tweede punt waaraan aandag geskenk

moet word, is die mikrostrukturele program van die woordeboek. Die redaksionele lede moet reeds vanaf 'n baie vroeë stadium deeglik bewus wees van die mikrostrukturele program van 'n woordeboek, met ander woorde die verskillende datakategorieë wat ingesluit gaan word. Derdens is die bepaling, vaslegging, aard, omvang en beskrywing van 'n woordeboekbasis wat die beste geskik is vir die betrokke woordeboekprojek, baie belangrik. 'n Woordeboekbasis kan beskryf word as die som van die brontaalmateriaal vir die spesifieke leksikografiese proses. Hoe vroeër die woordeboekbasis vasgestel word, hoe beter is die leksikografe in staat om 'n deeglik gerigte materiaalinsamelingsbeleid toe te pas, wat weer sorg vir 'n vinniger keuse van die makrostruktuur. Hier kom die vraag dus ter sprake om die grootte of omvang van die woordeboek, asook die tydsbeplanning van die projek as 'n geheel.

2. *Materiaalinsameling*: hierdie proses fokus op die insameling van taalmateriaal vanuit die bronne wat gekies is vir die woordeboekbasis. Hieruit spruit die databasis of leksikografiese korpus – die versameling leksikale items wat verkry is uit die primêre, sekondêre en tersiêre bronne van die woordeboekbasis, waarvan 'n korpus die onvermydelike gevolg is. Besluite rakende die korpus behoort ook 'n verskeidenheid van die aspekte te reflekteer rakende die rekenaarsagteware wat gebruik gaan word – 'n model vir die samestelling van woordeboeke bepaal die noodsaaklikheid van 'n woordeboekplan wat fokus op veel meer as die blote samestellingsproses.

Die basiese vorm van die versameling van materiaal is ekserpering, of die neem van uittreksels uit tekste. Indien daar geen of min geskrewe tekste is in die betrokke taal, is die situasie baie anders: 'n mens begin gewoonlik met daardie orale tekste wat 'orale letterkunde' genoem kan word, bv. vertellings en sulke vorme waarvan die teks min of meer vasgestel is. Die taal van hierdie 'orale letterkunde' is dikwels verskillend van die een wat regtig alledaags gebruik word. Dus moet die leksikograaf ook materiaal in die omgangstaal versamel; nie net monoloë nie, maar ook antwoorde wat (kunsmatig) ontlok of verkry is deur deelnemers op een of ander wyse te ondervra tydens 'n data-insamelingsessie, en verkieslik ook dialoë, praatjies, besprekings, sakeonderhandelings in 'n besigheid en kantoor, ens. (Zgusta 1971: 225).

3. *Materiaalvoorbereiding*: In die geval van gesproke materiaal moet die opnames getranskribeer en vir die rekenaar geskandeer word sodat dit uiteindelik ingesluit kan word in die korpus. Teen die einde van hierdie fase behoort die korpus goed georden te wees en leksikograwe behoort in 'n posisie te wees om die korpus te gebruik om die aanhalings en voorbeelde te kies wat ingesluit kan word as verbale illustrasie in die woordeboekartikel. Die behoorlike uitvoering van die materiaalvoorbereidingsfase skep 'n goeie basis vir die samestellingsproses.

4. *Materiaalverwerking*: Hierdie proses behels die toepassing van die dataverspreidingstruktuur en die skryf van die woordeboektekste. Die dataverspreidingstruktuur van 'n woordeboek bepaal die *spesifieke posisie* van elke datatipe in die woordeboek as 'n sogenaamde draer van tekstipes. Sommige data sal ingesluit word in die tekste wat in die voor- en agtertekste aangebied word terwyl ander data in die artikels ingesluit word, dus die tekste wat die sentrale lys van 'n woordeboek verteenwoordig. Die lemma tree op as 'n gidselement in elke woordeboekartikel en die mikrostrukturele program rangskik die inskrywings wat ingesluit is as deel van die lemma op so 'n wyse dat hulle in twee hoofkomponente van die artikel verdeel kan word, naamlik die vormkommentaar en die semantiese kommentaar. 'n Woordeboekplan behoort 'n vasgestelde rangskikking van die datatipes en subtipies in die vorm- en semantiese kommentaar vas te stel. Die wyse waarop die inskrywings aangebied word, behoort ook bepaal te word deur die naslaanvaardighede van die beoogde teikengebruikers. Leksikograwe gebruik dikwels 'n sisteem van tekstuele 'verdigting' in 'n poging om bladsy-spasie te bespaar. Die semantiese kommentaar bevat verskeie aspekte van die betekenis van die lemma sowel as die pragmatiese waardes van die lemma, dus formeel, informeel, ens. In 'n eentalige woordeboek is die parafrase van die betekenis gewoonlik die hoofinskrywing in die semantiese kommentaar, terwyl die vertalende ekwivalente hierdie funksie vervul in 'n tweetalige woordeboek. Die ondersteunende voorbeelde vorm ook deel van die semantiese kommentaar. 'n Model vir die samestelling van 'n woordeboek moet op so 'n wyse opgestel word dat dit die leksikograaf bystaan in die taak om die semantiese kommentaar optimaal te gebruik as 'n artikelkomponent wat data bevat wat die gebruiker verhoed om die lemma slegs in isolasie te beoordeel. Dit kan slegs konsekwent bereik word indien 'n verteenwoordigende leksikografiese korpus gebruik is.

5. *Publikasievoorbereiding*: Hierdie proses verteenwoordig die finale stap en behels die proeflees en finale veranderinge aan die manuskrip. Die woordeboekplan moet voorsiening maak vir 'n vinnige en doeltreffende afhandeling van hierdie deel van die leksikografiese proses. Die uitleg, tipografie en ontwerp van die uiteindelijke produk kom ook hier ter sprake. Op die ou end is die teikengebruiker en –koper 'n visuele wese en aandag moet geskenk word aan hoe die finale produk lyk, bv. die dikte en kwaliteit van die papier sal bepaal of die druk van die vorige bladsy deurslaan of nie, en dus of die teks maklik lees of nie. Die kwaliteit van die papier het natuurlik ook 'n invloed op die projek se begroting en 'n middeweg moet gevind word tussen hierdie twee faktore. Die kleurskema en ontwerp van die buiteblad van 'n gedrukte woordeboek speel ook 'n rol, aangesien die woordeboek ook van buite vir die gebruiker aantreklik moet wees en van ander woordeboeke onderskei moet word.

3.4.1. Besluite oor die tipologie

Eerstens moet daar deeglik besin word oor die *tipe* woordeboek wat gelewer gaan word: 'n algemene, eentalige woordeboek vir volwassenes vereis baie meer verskillende eienskappe en kwaliteite as een vir kinders, of vir vreemdetaalleerders, of vir 'n spesiale mark soos dokters of ingenieurs (Landau 1984: 226).

Die besluite wat geneem word oor die tipologie van die voorgenome woordeboek, behoort dus die resultate van 'n behoorlike analise van die behoeftes van die beoogde teikengebruikers te weerspieël. Hierdie analise kan uiteraard slegs gedoen word nadat die beoogde teikengebruiker eenduidig geïdentifiseer is, en behoort nie net die behoeftes van die teikengebruiker in ag te neem, maar ook sy naslaanvaardighede (Gouws 2001b: 66). Voorts is die behoeftes van die teikengroep en/of die *doel* waarvoor die voorgenome woordeboek gebruik sou word, ook baie belangrik. Die aktiewe/passiewe beginsel fokus op die *funksie* van woordeboeke in teksproduksie en teksbegrip ('production' en 'reception') onderskeidelik, dus: gaan die teikengebruiker die woordeboek hoofsaaklik gebruik om teks voor te berei vir die skryf of praat daarvan (aktief), of te dekodeer en te verstaan vir die hoor en lees daarvan (passief)? Leksikografe moet reeds in die beplanning van 'n woordeboek besef dat die funksionaliteit van die uiteindelijke produk die grense van die sentrale woordelys sal oorskry (Gouws 2001b: 66) en dat die gebruiksaanwending van die woordeboek waarskynlik 'gerek' sal word deur die teikengebruiker (of ander gebruikers wat nie noodwendig in die teikengroep val nie).

Hulle beweeg gevolglik op die fyn lyn tussen oor- en onderkompensasie i.t.v. die materiaal wat aangebied word en die wyse waarop dit aangebied word.

3.4.2. Kenmerke van die teikengebruiker

Wanneer woordeboeke gesien word as gebruiksitems wat gemaak word met die doel om in sekere menslike behoeftes te voorsien, is die gebruiker en sy behoeftes twee konsepte wat essensieel is vir leksikografie as onafhanklike wetenskap (Tarp 2000: 194). 'n Konkrete gebruikersgroep kan homogeen of heterogeen wees, maar die kenmerke van dié gebruikers moet steeds bepaal word, veral hul taalvaardigheid:

- Watter taal is hul moedertaal?
- Watter vlak van vaardigheid het hulle in hul moedertaal bereik?
- Watter vlak van vaardigheid het hulle in 'n vreemde taal bereik?

Hierdie vaardighede is van toepassing op beide eentalige en tweetalige woordeboeke, en in sommige gevalle is dit ook nodig om te bepaal wat die gebruikers se vlak van algemene kulturele en ensiklopediese kennis is.

Vir gespesialiseerde woordeboeke is dit ook nodig om te weet op watter vlak die teikengebruikers die spesifieke vakgebied bemeester het, asook die vlakke waarop hulle die ooreenstemmende vakgebied se taal in beide hul moedertaal en die vreemde taal baasgeraak het.

Hierdie vaardighede behoort almal tot die primêre kenmerke van die gebruikersgroep, maar om 'n werklik goeie, gebruikersvriendelike woordeboek te skep, moet die leksikograaf ook weet wat die sekondêre kenmerke van die groep is, nl. die gebruikers se algemene ervaring van woordeboekgebruik (Tarp 2000: 195).

3.4.2.1. Gebruikerssituasies

Voorts is dit nodig om te weet in watter situasies die gebruiker die woordeboek gaan gebruik en met watter doel. Daar is basies twee algemene gebruikerssituasies waarin die gebruiker 'n woordeboek gebruik om:

1. bestaande of toekomstige kommunikasie te bemiddel, en
2. inligting oor 'n spesiale vakgebied te bekom.

Dit gebeur ook soms dat gebruikers die woordeboek inspan om 'n vreemde taal te leer of te bestudeer. Die twee hoofsituasies waarin gebruikers woordeboeke

aanwend, kan gesien word as onderskeidelik kommunikasiegeöriënteerd en kennisgeöriënteerd (Tarp 2000: 195).

3.4.2.2. Gebruikersbehoefte

Gebruikers span 'n woordeboek in om sekere inligting te bekom wat hulle gaan help om 'n konkrete probleem op te los, en die woordeboek moet in staat wees om sodanige behoeftes te hanteer. Hierdie behoeftes kan baie eenvoudig of gekompliseerd wees en kan deur 'n kombinasie van verskillende tipes leksikografiese inligting hanteer word (Tarp 2000: 195).

Die gebruiker kan enige van die volgende benodig:

- inligting oor 'n vreemde taal;
- 'n vergelyking tussen die moedertaal en vreemde taal;
- inligting oor kultuur en die wêreld oor die algemeen;
- inligting oor die spesifieke vakgebied;
- 'n vergelyking tussen die vakgebied in die moedertaal en in die vreemde taal;
- inligting oor die moedertaal se vaktaal;
- inligting oor die vreemde taal se vaktaal ;
- 'n vergelyking tussen die vaktaal van die moedertaal en die vreemde taal.

Dit is almal primêre behoeftes aangesien dit behoeftes is wat in die eerste plek tot die gebruik van 'n woordeboek aanleiding gee, maar daar is ook sekondêre gebruikerbehoefte wat ontstaan wanneer 'n woordeboek gebruik word, nl.:

- Algemene inligting oor leksikografie en woordeboekgebruik en
- Inligting oor die spesifieke woordeboek en hoe om dit te gebruik.

Om te verseker dat daar in beide die primêre sowel as die sekondêre *behoefte* voorsien word, moet die leksikograaf reeds in die beplanningsfase weet wat beide die primêre en die sekondêre *eienskappe* van die gebruikergroep is. Dit is glad nie dieselfde om in die behoeftes van 'n jong kind wat nog die moedertaal onder die knie probeer kry en dié van 'n volwassene te voorsien nie, of 'n spesialis of 'n nuweling tot 'n vakgebied nie, en ook nie iemand wat 'n woordeboek vir die eerste keer gebruik en iemand wat al deeglik daarmee vertrou is nie (Tarp 2000: 196).

3.4.2.3. Leksikografiese funksies

Wanneer die leksikograaf deeglik vertrou is met die gebruikergroep, met die eienskappe wat kenmerkend van hulle is, die situasies waarin die gebruikers hulle bevind en die behoeftes wat hieruit ontstaan, kan die leksikografiese funksies van die woordeboek bepaal word, wat beskryf kan word as die strewe en vermoë van die woordeboek om die komplekse behoeftes wat uit 'n spesifieke gebruikersituasie ontstaan, te hanteer (Tarp 2000: 196).

Dié funksies kan onderverdeel word in kommunikasiegerigte funksies en kennisgerigte funksies, tans meer bekend as kognitiewe funksies.

Kommunikasiegerigte funksies:

- Om die begrip ('reception') van teks in die moedertaal te vergemaklik;
- Om die produksie van teks in die moedertaal te vergemaklik;
- Om die begrip van teks in die vreemde taal te vergemaklik;
- Om die produksie van teks in die vreemde taal te vergemaklik;
- Om die vertaling van teks uit die moedertaal in die vreemde taal te vergemaklik;
- Om die vertaling van teks uit die vreemde taal in die moedertaal te vergemaklik.

Kognitiewe funksies:

- Om algemene kulturele en ensiklopediese inligting te verskaf;
- Om spesifieke inligting oor die vakgebied te verskaf;
- Om inligting oor die taal te verskaf wanneer 'n vreemde taal geleer word.

Hierdie funksies sal in meer detail uitgewerk moet word vir 'n konkrete woordeboek, bv. om funksies in te sluit wat inligting oor die vakgebied in beide die gebruiker se land *sowel* as in die vreemde land of kultuur aan die gebruiker te verskaf indien die vakgebied op verskillende maniere in die twee lande of kulture ontwikkel het, bv. die regte of selfs die onderwys, en dan ook 'n vergelyking van die twee onderskeie sisteme aan te bied (Tarp 2000: 197).

Slegs 'n deeglike analise en begrip van die gebruiker, sy eienskappe, gebruiksituasies en behoeftes en die ooreenstemmende leksikografiese funksies kan lei tot 'n wetenskaplike slotsom van wat in 'n woordeboek ingesluit moet word – die

gebruiker kan en mag nie vir een oomblik uit die oog verloor word nie (Tarp 2000: 198).

3.4.3. Woordeboeke en standaardisering

Daar bestaan 'n nou skakel tussen woordeboeke en die standaardiseringsproses van 'n gegewe taal: slegs volledig gestandaardiseerde tale beskik oor 'n leksikon wat in 'n eentalige woordeboek georganiseer is. In die geval van niestandaardtale bestaan daar dikwels glad nie woordeboeke nie, en indien wel, slegs as tweetalige woordeboeke (Gallardo 1980: 61). Dit is duidelik dat, in die konteks van hierdie bespreking, SASL (nog) nie werklik 'n standaardtaal is of as sodanig gesien word nie, aangesien die woordeboeke en –lyste wat daarvoor beskikbaar is, almal tweetalig en slegs in een rigting vanaf die geskrewe taal na gebaretaal is.

Dit is 'n goeie benadering, veral in die geval van 'n 'jong' taal sonder enige leksikografiese tradisie, om gebruikers te voorsien van kleiner woordeboeke en om 'n bewussyn te skep van 'n kontinuum van woordeboekspesifieke leksikografiese prosesse wat uiteindelik sal lei tot die samestelling van 'n omvattende eentalige woordeboek én die bestaan van 'n verskeidenheid woordeboeke. 'n Model vir die samestelling van woordeboeke behoort nie meer frustrasies vir die gebruiker te skep nie, maar moet poog om die maklike en vinnige toegang tot woordeboeke as kennisbronne te bewerkstellig (Gouws 2001b: 66, 78).

3.4.4. Hoe groot is groot genoeg, en hoe lank is kort genoeg?

Die grootte van 'n woordeboek is ook een van die eerste en mees basiese besluite wat deur die leksikograaf (aan die hand van die gebruiker se behoeftes en die leksikografiese funksies van die woordeboek) geneem moet word. Hoe groot moet die boek wees? Hoeveel artikels behoort dit te bevat? Woordeboeke wat in dieselfde mark meeding, word vergelyk, moontlike gebruikers word ondersoek en raad word gevra by mense wat die behoeftes van die teikengroep ken. Sodra die tipe woordeboek, die grootte daarvan en die benaderde begroting bepaal is, is die volgende groot besluit skedulering. Dié stap vereis dat die fundamentele vraag oor hoe die woordeboek saamgestel gaan word, hanteer word. Op watter materiaal gaan die inhoud gebaseer word? Wie gaan die werk skryf en redigeer? Gaan die woordeboek heeltemal deur interne woordeboekredakteurs geskryf word, of deur

vryskutredakteurs, of deels deur beide? Wat is die rol wat deur medewerkende kenners van buite gespeel sal word in die definisies van spesiale velde? (Landau 1984: 227)

Sodra die aard en grootte van 'n woordeboek vasgestel is, moet die lemmalys gekies word en die bronne van definisies geïdentifiseer word. Die besluit of die hoofbron 'n ander woordeboek gaan wees of 'n versameling aanhalings het 'n enorme impak op die tyd wat nodig is om 'n woordeboek te voltooi – dink bv. aan die OED wat 70 jaar geduur het om te voltooi, onder meer omdat dit grootliks gebaseer is op aanhalings en sitate en omdat dit uitvoerige bewerking ontvang het.

Die primêre bronne van die woordeboekbasis is gewoonlik al die geskrewe materiaal wat tipiese kommunikasiesituasies weerspieël – alhoewel die primêre bronne gewoonlik geskrewe tekste is, kan die woordeboekbasis van 'n woordeboek wat vir 'n taal met 'n sterk orale tradisie saamgestel word, ook opnames van oratoriese versamelings as primêre bron gebruik (Gouws en Prinsloo 2005: 16).

Baie kommersiële woordeboeke is tot 'n mate gebaseer op werke wat reeds bestaan (Landau 1984: 227), en wat dus **sekondêre bronne** vir die basis van 'n woordeboek vorm, veral 'n algemene eentalige of tweetalige woordeboek:

A really new dictionary would be a dreadful piece of work, missing innumerable basic words and senses, replete with absurdities and unspeakable errors, studded with biases and interlarded with irrelevant provincialisms (Landau 1984: 35).

Een woordeboek dien veral as basis vir 'n ander in die geval van 'n eentalige woordeboek wat gebruik word as die basis vir 'n tweetalige woordeboek wat dit ten doel stel om die doeltaal i.t.v. die brontaal te bewerk (Zgusta 1971: 239).

Die gevolg van die materiaalversamelingfase – uit primêre en sekondêre bronne soos hierbo beskryf, en ook uit tersiêre bronne wat kan bestaan uit ander linguïstiese materiaal wat gebruik kan word, soos linguïstiese monografieë, referate en grammatikas – is die samestelling van 'n leksikografiese korpus. Geen moderne woordeboek kan verteenwoordigend wees as dit nie op 'n betroubare korpus gebaseer is nie. Die samestelling van korpora is 'n aktiwiteit wat hoë bedrewenheid vereis en woordeboekeenhede behoort genoeg voorsiening in hul beplanning te

maak vir hierdie belangrike aspek van hul leksikografiese onderneming – tydens die materiaalversamelingfase moet die infrastruktuur vir korpusbou en dus ook die infrastruktuur vir rekenaaraspekte in plek wees (Gouws en Prinsloo 2005: 17).

Die *grootte* van 'n woordeboek word egter nie bepaal deur blote 'woordvrag' nie en die aantal artikels is slegs 'n rowwe aanduiding van 'n woordeboek se inligtingskrag. Baie hang daarvan af hoe die artikel self uitgewerk is (Zgusta 1971: 216).

Mediumgrootte woordeboeke het gewoonlik nie minder nie as 40 000 artikels en klein sakwoordeboeke nie minder nie as 10 000, maar verkieslik meer (Zgusta 1971: 220).

Die koms van elektroniese woordeboeke het meegebring dat ruimte nie meer dieselfde probleem as in gedrukte woordeboeke is nie, en die leksikograaf word nie meer noodwendig gedwing om, byvoorbeeld, tussen 'n uitgebreide makrostruktuur en beperkte mikrostruktuur, of 'n beperkte makrostruktuur en uitgebreide mikrostruktuur te kies nie – in gedrukte woordeboeke veroorsaak die beperkte ruimte gewoonlik 'n keuse in terme van die een of die ander, maar in elektroniese woordeboeke is dit nie meer noodwendig die geval nie. (Sien ook paragraaf 3.6 vir 'n bespreking van elektroniese woordeboeke).

Hoe beraam 'n mens die tyd wat nodig sal wees om 'n woordeboek saam te stel – verkieslik sonder om by 'n totaal van 70 jaar uit te kom in ons wêreld waar 'kitskennis' die oorhand het? Elke stap wat voorsien kan word, word opgebreek, daar word min of meer bereken hoeveel definisies elke redakteur per dag kan hanteer en dan bereken hoeveel redaksionele dae, weke, maande en jare nodig sal wees om die taak te voltooi (Landau 1984: 231). Alhoewel dit enersyds belangrik is om 'n doel voor oë te hou wat betref die voltooide produk en om seker te maak dat daar na wense gevorder word, is dit andersyds ook baie belangrik om te sorg dat daardie doel *haalbaar* is, en om te onthou dat daar te eniger tyd in die hele proses onverwagte en onvoorsiene probleme kan (en sal) opduik wat dinge kan bemoeilik.

Die leksikograaf – of beter gestel, die leksikograwe – se kennis van die taal is van kardinale belang (Zgusta 1971: 233) en dit volg dat die verantwoordelikheid vir die samestelling van enige woordeboek van enige taal beswaarlik op een persoon se skouers kan rus. Al staan daar een redakteur aan die hoof van die projek, is die voltooide projek te danke aan die spanwerk van 'n groep kundiges. In die geval van 'n tweetalige woordeboek is dit gewoonlik die geval dat twee verskillende redaksies die twee helftes voorberei (Landau 1984: 129).

3.5. Die teks: van voor tot agter

Die **sentrale woordelys** bevat die mees opvallende komponente van 'n woordeboek. 'n Model vir enige nuwe woordeboek sal noodwendig moet verseker dat hierdie strukturele komponente vasgestel word en op 'n funksionele wyse gebruik word.

Minstens vyf strukturele komponente moet in die sentrale lys van 'n woordeboek hanteer word (Gouws 2001b: 83), nl.:

1. die **makrostruktuur**, die versameling leksikale items wat in die woordeboek ingesluit moet word as lemmatekens en die ordening van hierdie lemmatekens;
2. **mikrostruktuur**, die versameling datakategorieë wat deel vorm van die behandeling van die lemmateken en die ordening van hierdie inskrywings. 'n Makrostrukturele element wat met sy mikrostrukturele behandeling gekombineer word, vorm 'n woordeboekartikel;
3. **toegangstruktuur**, die soekroete wat 'n gebruiker volg om by 'n spesifieke lemmateken of datakategorie uit te kom. 'n Onderskeid word verder getref tussen die *eksterne* en *interne* toegangstruktuur: die eksterne struktuur is die soekroete wat die gebruiker tot by die toepaslike lemmateken volg, en die interne struktuur is die soekroete binne die artikel self wat die gebruiker volg tot by die relevante data-inskrywing;
4. **adresseringstruktuur**, die verband tussen 'n inskrywing en die behandelingseenheid waarop dit van toepassing is. In die geval van lemmatiese adressering is die lemma die adres van 'n gegewe inskrywing en in die geval van nie-lemmatiese adressering is 'n ander mikrostrukturele element binne die artikel die adres van 'n gegewe inskrywing;
5. die **mediostruktuur**, die sisteem van kruisverwysing wat die gebruiker lei van 'n verwysingspunt tot 'n verwysingsadres. Dit kan (a) intern of (b) ekstern van die artikel geskied, dus (a) binne die grense van 'n artikel of (b) die gebruiker verwys na 'n ander artikel of ander teks in die woordeboek.

'n Breedvoerige bespreking van die strukturele aspekte van (gedrukte) woordeboeke in die algemeen val nie binne die bestek van hierdie proefskrif nie. Die strukturele

aspekte wat spesifiek op die elektroniese model wat voorgestel word, van toepassing is, word in die toepaslike hoofstukke bespreek: hoofstuk 6 (buitetekste), hoofstuk 7 (die databasis), hoofstuk 8 (mikrostruktuur) en hoofstuk 9 (die model). Die aard en eienskappe van elektroniese woordeboeke word in paragraaf 3.6 hieronder bespreek.

3.5.1. Die sentrale woordelys

Die sentrale woordelys, wat dikwels as die "woordeboek" gesien en ook so genoem word, is 'n verpligte deel van enige woordeboek. In algemene eentalige en tweetalige woordeboeke, asook woordeboeke van tale vir spesiale doeleindes, bestaan die sentrale lys uit 'n reeks artikeltrajekte, dus al die artikels wat onder 'n spesifieke letter van die alfabet ingesluit is volgens die eerste letter van die lemmata wat as die gidselemente vir daardie artikels optree. Die sentrale lys bevat gewoonlik artikeltrajekte wat die volledige alfabet verteenwoordig, maar dit kan ook artikeltrajekte insluit wat letters of letterkombinasies verteenwoordig wat nie in die gewone alfabet voorkom nie maar wel in die alfabet van 'n spesifieke taal – soos die Deense alfabet wat, behalwe die 26 letters van die Romeinse alfabet, ook 3 bykomende letters het, nl. æ , ø en å . In woordeboeke word die artikeltrajek wat met die letter Z begin, dan gevolg deur die artikeltrajekte wat woorde bevat wat onderskeidelik met æ , ø en å begin (Gouws en Prinsloo 2005: 57).

Die woordboekstruktuurbenadering is 'n benadering wat algemeen in die meerderheid moderne woordeboeke is en word sterk aangemoedig deur woordeboeknavorsing. Dit behels dat die sentrale lys deur die insluiting van addisionele tekste aangevul word. Hierdie tekste kan voor en/of agter die sentrale lys geplaas word, en word gesamentlik buitetekste genoem, met 'n onderskeid tussen voortekste en agtertekste as strukturele komponente van die woordeboek. Die voorkoms van voor- en agtertekste bewerkstellig 'n tipe woordeboekstruktuur wat bekend is as die raamstruktuur van 'n woordeboek (cf. Kammerer en Wiegand 1998) (Gouws en Prinsloo 2005: 57).

Die sentrale lys is die mees ooglopende komponent van 'n woordeboek wat 'n raamstruktuur vertoon. Enige woordeboek, met of sonder 'n raamstruktuur, behoort egter naas die sentrale lys as verpligte teks ook 'n teks in die voorteks te hê wat die gebruikershandleiding bevat – geen leksikograaf mag aanvaar dat die

teikengebruiker van 'n spesifieke woordeboek sal weet hoe om die volledige leksikografiese aanbieding te gebruik, te interpreteer en te verstaan nie (cf. Hausmann en Wiegand 1989: 331). Die sentrale lys bestaan dus uit artikeltrajekte en elke artikeltrajek sluit 'n verskeidenheid artikels in wat as tekste in hul eie reg funksioneer. Die moderne leksikografie is ten gunste van 'n sisteem wat heterogene artikelstrukture vertoon, dus die insluiting van verskillende tipes artikels in die sentrale lys van een woordeboek, bv. geneste en geniste artikels, kruisverwysingsartikels (Gouws en Prinsloo 2005: 62) asook artikels waarvan die artikelstruktuur afwyk van dié van die verstekartikels, d.w.s. waar daar naas die verpligte mikrostruktuur ook 'n uitgebreide verpligte mikrostruktuur voorkom.

Die tipiese artikelstruktuur maak voorsiening vir die lemmateken wat as gidselement optree en die ander mikrostruktuurinskrywings wat meestal ter bewerking van die lemma aangebied word.

Ons kan verskillende tipes grammatikale inligting in woordeboekartikels verwag (Jackson 1985: 54), bv.:

- die verbuigings (van meervoud, verkleining, verlede tyd, ens.) wat 'n leksikale item kan hê;
- elke lemma in die woordeboek word tradisioneel voorsien van 'n woordsoortaanduiding;
- 'n lemma kan ook 'n inskrywing met sintaktiese inligting van 'n meer eksplisiete aard bevat, bv. werkwoorde word dikwels gemerk as 'oorganklik' of 'onoorganklik';
- grammatikale inligting, veral sintaktiese inligting, mag implisiet voorsien word deur middel van die beskrywende voorbeelde wat 'n deel kan vorm van die woordeboekartikel.

'n Onderskeid word getref tussen *enkelvoudige artikels* en *komplekse artikels*. Enkelvoudige artikels toon die tipiese behandeling wat aan die gemiddelde lemmateken gegee word. Komplekse artikels of sinopsisartikels bied 'n ekstra datakategorie, gewoonlik van 'n ensiklopediese aard, om die oordrag van inligting te versterk (Gouws 2001b: 82). Sien die bespreking in paragraaf 8.1.3 in hoofstuk 8 vir meer besonderhede hieroor. Hoofstuk 7 bied ook 'n meer gefokusseerde bespreking van die elektroniese databasis as houer van die lemmakandidate van die voorgestelde woordeboek.

3.5.1.1. Die toegangsalphabet

Een van die besluite wat 'n leksikograaf moet neem as deel van die beplanning van 'n woordeboek en waarvan rekening gegee moet word in die gebruikshandleiding van die spesifieke woordeboek, behels die toegangsalphabet. Verskille gebaseer op bv. klein- teenoor hoofletters en ander ortografiese gebruike, behoort ter sprake te kom in die bespreking van die toegangsalphabet van die woordeboek, en woordpare wat sulke verskille toon, mag nie in dieselfde nis as een gidselement ingesluit word nie (Gouws 2002: 140).

Die mees tipiese rangskikking in moderne woordeboeke staan bekend as streng alfabetiese rangskikking, wat impliseer dat lemmata volgens hul eerste en daaropvolgende letters gerangskik word, dus in volledige alfabetiese rangskikking. Daar is egter 'n aantal kwessies wat die plekbepaling van sekere lemmata in die toepaslike artikeltrajekte mag beïnvloed. Een van die praktiese probleme waarna Bergenholtz (1990) verwys, behels die streng alfabetiese rangskikking van lemmata in 'n woordeboek. Die kwessies wat deur die leksikograaf oorkom moet word, sluit o.a. in die invloed van diakritiese tekens op alfabetisering, die rangskikking van meerwoordlemmata, die invloed van 'n koppelteken in 'n lemma waar die koppelteken 'n plekhouersimbool is wat die status van 'n leksikale item as 'n stam of affiks aandui, en die rangskikking van lemmata wat slegs in terme van hoofletters teenoor kleinletters in hul beginletters verskil. Die rangskikking van lemmata met 'n simbool of nommer as 'n komponent behoort ook gedurende die woordeboekbeplanningsfase opgeklar te word (Gouws en Prinsloo 2005: 97).

Volgens Nielsen (1995: 190) moet daar 'n onderskeid getref word tussen die alfabet (soos wat dit in alledaagse taal gebruik word, as 'n stel letters wat in 'n sekere volgorde gerangskik is) en die toegangsalphabet, wat die alfabetiese rangskikkingsbeginsel is wat in 'n spesifieke woordeboek gebruik word. Die toegangsalphabet is dus nie noodwendig identies aan die alfabet soos wat in die gewone betekenis gebruik word nie. Die toegangsalphabet kan gebruik maak van addisionele letters uit ander alfabette, of koppeltekens, nommers, ens. Indien 'n leksikograaf besluit om 'n rangskikkingsstelsel te gebruik wat gebaseer is op die gebruik van 'n toegangsalphabet wat verskil van die tradisionele alfabet, impliseer dit gevolglik ook sekere afwykings van 'n tradisionele streng alfabetiese ordening – die term "streng alfabetiese ordening" is steeds van toepassing, maar moet

geïnterpreteer word in terme van die toegangsalfabet eerder as die gewone alfabet (Gouws en Prinsloo 2005: 97, 98).

In die lig van Nielsen (1995) en Bergenholtz (1990) se idees van 'n toegangsalfabet behoort leksikograwe riglyne te formuleer vir die rangskikking van lemmata in hul spesifieke woordeboek waarin 'n streng alfabetiese ordening op grond van 'n toegangsalfabet heers. Hierdie riglyne sal in die voortekste van die woordeboek gestel moet word om die gebruiker te help om die rangskikking van lemmata in daardie woordeboek sonder probleme te interpreteer. Daar is reeds algemene riglyne wat in woordeboeke van toepassing is. Die tipiese vertrekpunt in die formulering van reëls vir 'n toegangsalfabet is dat 'n ongemerkte vorm altyd die gemerkte vorm voorafgaan. 'n Letter sonder 'n diakritiese teken sal dus 'n letter met 'n diakritiese teken voorafgaan, byvoorbeeld, of kleinletters word gevolg deur hoofletters, of 'n vorm sonder 'n koppelteken word gevolg deur 'n vorm met 'n koppelteken. In die geval van hoof- en kleinletters is die spesifieke ordening van lemmata nie altyd so belangrik nie, en die volgorde sou ook omgeruil kon word. Wat wel belangrik is, is dat die toepassing van ordening nie lukraak mag geskied nie maar dat dit altyd op 'n konsekwente wyse toegepas word (Gouws en Prinsloo 2005: 98).

In gevalle waar 'n lemma 'n koppelteken as plekhouersimbool bevat, bv. om aan te dui dat die lemmateken 'n stam of 'n affiks is, het hierdie koppelteken nie enige waarde van sy eie in die toegangsalfabet nie, maar waar so 'n koppelteken die enigste verskil tussen twee lemmatekens is, sal die lemma met die koppelteken volg op die ongemerkte vorm, bv. in die voorbeeld uit die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) waarin die leksikale lemma *buite* die subleksikale lemma *buite-* voorafgaan:

bui'te¹ bw.

Nie binne nie: *Speel tog buite, kinders!*

bui'te-² woorddeel

1 [eerste lid van wwe.]: na buite: *Buitejaag, buitegooi.*

Lemmata met 'n koppelteken in die laaste posisie gaan lemmata met 'n koppelteken in die eerste posisie voor. Die algemene gebruik van koppeltekens behoort nie die ordeningstelsel van 'n woordeboek omver te werp nie – 'n Engelse koppeltekenwoord soos "chicken-hearted" behoort volgens die alfabetiese waarde van sy komponente

georden te word en argumentshalwe tussen "chickenfeed" en "chickenpox" geplaas te word. Indien die koppelteken die enigste verskil tussen twee woorde is, behoort die vorm sonder die koppelteken egter deur die vorm met die koppelteken gevolg te word (Gouws en Prinsloo 2005: 99).

Eweneens word veelwoordlemmata op dieselfde manier as eenwoordlemmata behandel – die gebruik van die spasie as sodanig het nie 'n invloed op die alfabetiese ordening nie tensy die spasie tussen twee woorde in 'n lemmateken 'n onderskeidende waarde het. In daardie geval word die enkelwoordlemma gevolg deur die meerwoordlemma (Gouws en Prinsloo 2005: 99).

Die toegangsalfabet maak verder ook voorsiening vir 'n ordening van lemmata waar die lemmateken met 'n numeriese merker gekombineer is om 'n lemma te identifiseer wat 'n leksikale item verteenwoordig wat deel is van 'n homoniemgroep. Homonieme word in die veld van leksikale semantiek gedefinieer as leksikale items met dieselfde vorm, spelling en uitspraak, maar met nieverwante betekenisonderseidings – die streng alfabetiese ordening alleen is dus nie genoeg nie en addisionele ordeningskriteria word benodig. Homonieme word nie na willekeur georden nie, maar op 'n manier wat duidelik in die woordeboek se konseptualiseringsplan geformuleer behoort te wees. Hierdie relatiewe ordening van lede van 'n homoniemgroep hang af van die onderskeie beginsels wat die ordening van 'n spesifieke woordeboek domineer: 'n woordeboek wat op historiese beginsels gebaseer is, behoort historiese ordening te vertoon en die lemmateken wat die oudste leksikale item verteenwoordig, as eerste homoniem aan te bied. Algemene sinchroniese woordeboeke wat fokus op die manier waarop taal op die oomblik gebruik word, sal die ordening gewoonlik volgens die gebruiksfrekwensie van die woorde bepaal, met die woord met die hoogste gebruiksfrekwensie as die eerste homoniem (Gouws en Prinsloo 2005: 100).

Die bostaande bespreking van die toegangsalfabet is grootliks van toepassing op gedrukte woordeboeke. Soektogte in 'n elektroniese woordeboek geskied egter nie op presies dieselfde manier as in 'n gedrukte woordeboek nie, en die gebruiker sien selde indien ooit die totale woordelys of 'makrostruktuur' in die geheel. Die voorstelle wat op hierdie gebied vir die voorgestelde woordeboek gemaak word, word in hoofstuk 7 tot 9 in meer besonderhede bespreek.

3.5.2. Buitetekste as deel van die raamstruktuur: voortekste en agtertekste

Hoofstuk 6 bespreek die buitetekste wat spesifiek vir die elektroniese woordeboek voorgestel word, maar 'n algemene bespreking sal hier aangebied word ter wille van die afronding van die oorsig van die raamstruktuur in die algemeen.

Elke woordeboek behoort twee verpligte tekste te bevat, naamlik die sentrale woordelys en die gebruiksheidsleiding as voorteks. Eersgenoemde bevat die lemmata as lede van die makrostruktuur en primêre eenhede van behandeling en laasgenoemde bevat onder meer die gebruikersriglyne en word gewoonlik as een van die buitetekste in die voortekste-afdeling aangebied. 'n Tipiese komponent van 'n gebruikersriglynteks is 'n voorbeeldartikel uit die sentrale woordelys wat die tipiese artikelstruktuur, mikrostruktuur en soekareas verduidelik (Gouws 2001a: 104).

Die tekste in die voor- en agtertekste-afdelings vorm die buitetekste van 'n woordeboek en is nie (noodwendig) funksionele dele van 'n woordeboek nie (Gouws 2001a: 103), alhoewel hulle 'n belangrike komplement vir die sentrale woordelys mag en behoort te wees. Tradisionele woordeboeke het dikwels die voor- en agtertekste-afdelings gebruik ter aanbieding van buitetekste, maar dit was dikwels die geval dat dit niefunksionele tekste was wat nie werklik by die sentrale teks 'gepas' het of enige verrykende dimensie daaraan verleen het nie en hulle het baie min bygedra tot die bereiking van die werklike doel van die woordeboek.

Daar behoort dus voorsiening gemaak te word in die beplanningsfase van enige nuwe woordeboek vir 'n dataverspreidingsplan waarvolgens die data wat ingesluit gaan word, na al die fokuspunte van die woordeboek versprei kan word. So lei die gebruik van 'n dataverspreidingsplan tot die skep van 'n dataverspreidingsstruktuur (Gouws 2001a: 103).

In die agtertekste-afdeling kan die buitetekste verskeie lysse insluit, bv. die name van lande, tale, en ander eiename, simbole, afkortings, ens. Idiome kan ook uit die sentrale lys uitgefaseer word en ingesluit word as 'n aparte, geïntegreerde buitetekste (Gouws 2001b: 84), afhangende natuurlik van die aard en omvang van die woordeboek waarop besluit word: omvattende beskrywende woordeboeke behou dikwels die idiome in die sentrale teks, terwyl beginner- of aanleerderwoordeboeke

idiome sou kon uiffaseer om op die basiese data van die leksikale item wat in die artikel bewerk word, te konsentreer in die sentrale teks. Idiomatiese uitdrukkings, saam met ander kultuurspesifieke data, word dan as aparte bykomende data aangebied.

Die gebruik van agtertekste-afdelings wat sulke lysse bevat, verhoog uiteraard die woordeboek tot 'n meervoudig toeganklike bron aangesien dit meer as een makrostruktuur het.

Dit is uiters belangrik dat die verspreiding en aanbieding van data in 'n meervoudig funksionele woordeboek op so 'n manier gestruktureer word dat die verskillende funksies onderhou kan word. 'n Meervoudig funksionele woordeboek moet voldoen aan sekere strukturele norme en behoort ook meervoudige toegang te bied (Gouws 2001b: 79).

'n Geïntegreerde buiteteks is een wat geïntegreer is in die werklike doel van die woordeboek. Dit het dikwels 'n direkte skakel tot die sentrale woordelys: 'n woordeboek wat beide enkel- en sinopsisartikels bevat, kan die gebruiker help deur die lemmata aan die hoof van die sinopsisartikels in die agterinhoud te lys. So 'n teks verduidelik die heterogene artikelstruktuur en skep op hierdie wyse nog 'n toegangsmoontlikheid vir die gebruiker. Op hierdie wyse kan geïntegreerde buitetekste in beide die voor- en agtertekste-afdelings aangewend word om woordeboeke met veelvuldige toegangsmoontlikhede te skep. Byvoorbeeld, in 'n tweetalige woordeboek word die hantering van lemmata wat kultuurgebonde leksikale items verteenwoordig, dikwels die beste behandel in komplekse artikels wat 'n meer omvattende behandeling toelaat as die tipiese artikelinskrywing. 'n Agtertekste-afdeling wat die kultuurspesifieke items lys wat in die sentrale woordelys as komplekse artikels behandel word, verryk die toegang tot hierdie items in die sentrale woordelys self (Gouws 2001b: 79).

Buitetekste kan egter ook niegeïntegreer wees; die toepaslikheid en funksionele waarde van 'n buiteteks is nie afhanklik van die integrasie daarvan in die werklike doel van die woordeboek nie, aangesien 'n buiteteks sy eie werklike doel kan hê wat nie noodwendig ooreenstem met die werklike doel van die woordeboek en sy (ander) geïntegreerde buitetekste nie (Gouws 2001b: 79).

Hoe dit ook al sy, die gemiddelde woordeboekgebruiker is dikwels nie gewoon daaraan om die buitetekste van 'n woordeboek te gebruik nie en in sommige gevalle hoegenaamd nie eens bewus van die bestaan of doel van sulke tekste nie. Die funksionele waarde en toepaslikheid van buitetekste behoort dus nie net onder die aandag van die teikengebruikers gebring te word nie, maar leksikografe behoort te poog om optimale toegang tot hierdie tekste te bied en die gebruiker as't ware daarheen te lei. Die toegangstruktuur behoort nie bevooroordeel te wêre op sigte van die sentrale woordelys te wees deur slegs op hierdie teks te fokus nie; as 'n geïntegreerde deel van die woordeboekstruktuur behoort dit 'n soekroete na al die plekke wat deur die dataverspreidingsprogram geïdentifiseer is, vir die hantering van leksikografiese data daar te stel. In hierdie opsig speel die inhoudsopgawe 'n belangrike rol deur 'n sistematiese oorsig te gee van die verskillende tekste wat in die woordeboek ingesluit is (Gouws 2001b: 79)

Afgesien van gebruikersriglyne in die voortekste-afdeling behoort 'n (tweetalige) woordeboek ook 'n grammatika van die vreemde taal in te sluit. 'n Bondige ondersoek na hierdie punt volg.

3.5.2.1. Grammatika in 'n voorteks

Die kanonieke of verstekvorme van woorde in die sentrale woordelys is (gewoonlik) reeds vasgestel deur tradisie en die leksikograaf hoef dus nie dié tradisie te verwerp nie tensy 'n verandering werklik noodsaaklik is en die leksikograaf 'n woordeboek voorberei wat werklik 'n outoritêre invloed gaan hê. Indien dit egter die leksikograaf se plig is om 'n tradisie vir 'n spesifieke taal te skep, sal dit waarskynlik beter wees om daardie vorme te kies waarvan die res van die woordparadigmas maklik afleibaar is (Zgusta 1971: 120). Dit is baie belangrik om in die ondersoek na die generiese 'materiaal' van 'n taal die 'pad' of 'roete' van een woord na die volgende te vind deur kennis te neem van die gebruikelike metodes van afleiding en verbuiging. Daar word van die tweetalige woordeboek verwag om selfs meer aandag te skenk aan die problematiek van die verwantskap tussen verwante woorde vanweë die strukturele belang daarvan (Al-Kasimi 1977: 76).

Hieruit volg 'n aanduiding van die gewigtigheid van 'n formele grammatikale beskrywing van SASL om woordafleidingsparadigmas vas te stel en die 'kernvorme' van die woordelys te bepaal. 'n Basiese vergelyking met ander

gebaretaalwoordeboeke sou waarskynlik van hulp wees weens die gebrek aan 'n gevestigde leksikografiese tradisie in SASL.

Dit is 'n algemene linguistiese stelling dat grammatika (ook die fonologiese struktuur) en leksikon die twee hoofdele van taalstruktuur is (Al-Kasimi 1977: 32) en sowel grammatikale handleidings as woordeboeke het as sodanig te doen met *woorde* (Al-Kasimi 1977: 32). Daar is inderdaad 'n groot mate van ooreenstemming tussen 'n grammatikale handleiding en 'n woordeboek: die grammatikale handleiding sluit in die sintaktiese aard van konstruksionele patrone, verbuigende morfeme en afleidingsmorfeme; die woordeboek verskaf nie bloot 'n lys van die woorde van 'n taal tesame met hul betekenis nie, maar gee ook formele inligting oor hul strukturele eienskappe. Vorm en betekenis staan nie direk teenoor mekaar nie, maar komplementeer mekaar eerder (Al-Kasimi 1977: 33).

'n Tweetalige woordeboek behoort dus minstens 'n grammatika van die vreemde taal in die voortekste-afdeling in te sluit, en indien sprekers van albei tale die teikengebruikers is, moet grammatikas van albei tale ingesluit te word. Hierdie grammatika behoort die morfologie en sintaksis van die taal op te som en bv. 'n sistematiese aanbieding van afleidings en woordvorming te bevat. Elke taal het sy eie grammatikale strukture vir die vorming van afgeleide woorde uit morfeme, soos samestelling, die gebruik van agtervoegsels, nul-veranderinge (die skuif van 'n woord van een woordklas na 'n ander) en duplikasie. Sulke woordvormingsgewoontes in die vreemde taal behoort in detail beskryf te word in die grammatika ten einde oorbodige inligting in die woordeboek uit te skakel en te verseker dat die produk gebruikersvriendelik is en inligting konsekwent en maklik gevind kan word. Dit behoort ook die verspreiding van woorde in klasse gebaseer op formele tekens (bv. verbuigingsonderskeidings) en/of hul sintaktiese gebruik te verduidelik.

Die grammatika moet verder ook 'n verwysing na die verwantskappe tussen woordklasse insluit om alle subklasse en subkategorieë uit te wys (Al-Kasimi 1977: 33).

Dit is juis in terme hiervan dat die *Dictionary of South African Signs* (Penn 1992b) gefaal het en waarvoor dit hewige kritiek van akademici en vanuit die Dowe gemeenskap ontvang het. SASL beskik oor 'n ryk morfologiese struktuur waarin 'n aantal morfeme tegelykertyd aan een basisvorm 'geplak' kan word (sien ook

paragraaf 1.4.1.1 in hoofstuk 1). Ongelukkig is daar steeds 'n gebrek aan 'n volledige (linguistiese) grammatikale beskrywing van SASL wat hierdie patrone identifiseer – die beskrywing van bv. Hough (1998) gee wel 'n aanduiding van die basiese grammatikale aspekte van SASL, maar die skrywer daarvan is nie 'n gekwalifiseerde gebaretaallinguis nie. Hierdie opmerking is geensins bedoel om afbreuk te doen aan die waardevolle werk wat Hough en ander reeds gedoen het nie, maar dit is tog belangrik om te beseft dat die suiwer linguistiese akademiese geskiedenis van SASL bitter klein is en dat daar nog 'n strawwe stryd voorlê voor dié taal die erkenning en beskrywing ontvang wat dit verdien.

The best way to get information about usage is not by asking the outstanding professional speakers and writers of the language to pass value judgments distinguishing 'good' usage from 'bad' usage, ..., but by *carefully observing* what kind of people use the linguistic form and what they actually do when they use it in speech or writing, and by *examining the status of the linguistic form which is constantly changing* (eie beklemtoning) (Al-Kasimi 1977: 88).

Al-Kasimi se stelling hier bo lê reeds klem op die belangrikheid en noodsaaklikheid daarvan om die werklike, alledaagse gebruik van 'n taal te observeer en word eerstens hier gebruik met die doel om die leser met die gedagte te laat dat enige suksesvolle woordeboek van Gebaretaal die (Dowe) gebruikers daarvan se steun en samewerking sal *moet* hê. Tweedens word dit gebruik as inleiding vir 'n bespreking om die kwessie van standaardisering en besluite oor 'goeie' en 'verkeerde' of 'slegte' taalgebruik wat in die volgende hoofstuk aangebied word.

3.6. Elektroniese woordeboeke

Hierdie afdeling bied 'n oorsig van die aard van elektroniese woordeboeke, asook sekere vereistes wat aan die ontwerp daarvan gestel word. Elektroniese woordeboeke kan nie in alle opsigte met gedrukte woordeboeke vergelyk word nie – elektroniese woordeboeke, d.w.s. aanlyn woordeboeke en nie CD-ROM-woordeboeke wat bloot gedigitaliseerde papierwoordeboeke is nie, vertoon byvoorbeeld nie 'n makrostruktuur nie – en die bespreking dien as inleiding vir die latere hoofstukke oor veral die voorgestelde woordeboek se databasis en mikrostruktuur. Vir meer omvattende besprekings van die benutting van die elektroniese medium vir die voorgestelde woordeboekmodel, sien hoofstukke 5 tot 9.

Perhaps there will always be a place for the hard-copy dictionary. There is something reassuring about paperbased products; we can touch them, write on them, and when we pay for them we acquire something very tangible in return. But computer-based dictionaries are gaining the ascendancy. As we receive more and more of our daily supply of information on-line, it will become an increasingly obvious alternative to access word knowledge on-line too, using whatever routes suit our needs (Hilary Nesi, in Svensén 2009: 437).

3.6.1. Verskille tussen elektroniese en gedrukte woordeboeke



Figuur 3.8: Anderson 2012.

Een van die mees opvallende verskille tussen elektroniese en gedrukte woordeboeke behels stoorkapasiteit – in 'n gedrukte woordeboek is ruimte gewoonlik skaars, maar in 'n elektroniese woordeboek is ruimte min of meer onbeperk. Die antwoord op die vraag of onbeperkte ruimte beteken dat alle vorme van tekstuele kondensering of verdigting van elektroniese woordeboeke verban behoort te word, is nie noodwendig 'n onvoorwaardelike "ja" nie. In die reël moet alle tekselemente wat die gebruiker moontlik sal soek – hoofsaaklik lemmas, alle tipes voorbeelde en betekenisaanduidings – as volledige teks bestaan. Teksverdigting vind altyd plaas as daar nie sprake van natuurlike sintaksis is nie. Die mikrostrukturele inskrywings met hulle lemmatiese adressering verteenwoordig dikwels 'n graad van teksverdigting. In opeenvolgende inskrywings soos "**stoel** (stoele)" bestaan daar reeds teksverdigting: die onverdigte weergawe sou iets wees soos: "Die meervoudsvorm van die woord *stoel* is *stoele*."

Die voltekvereiste is egter slegs van toepassing op die indeks waarop die soekenjin werk; die grafiese gebruikerskoppelvlak ("user interface") kan na goeddunke ontwerp word. In hierdie konteks is die aspek van duidelikheid die belangrikste kriterium (Svensén 2009: 439). Op 'n *mikrostrukturele vlak* beteken dit gewoonlik dat alle verteenwoordigende of plekhoudersimbole, bv. die tilde ~, met volteks vervang sal word, asook alle verkorte aanbiedings van alternatiewe bewoording d.m.v. hakies en dergelike. Volteks vervang ook sintaktiese kodes, en leksikografiese en taalkundige afkortings (Oppentocht en Schutz 2003: 217). Tipografiese struktuurmerkers kan ook weggelaat word aangesien dit moontlik is om van 'n veel minder kompakte uitleg van inskrywings gebruik te maak, wat dus baie duideliker is (Svensén 2009: 440). Op *makrostrukturele vlak* is die nisting en nesting van lemmas in beginsel 'n heeltemal vreemde konsep aan elektroniese woordeboeke, aangesien elke leksikale item, byvoorbeeld, as onafhanklike en selfstandige eenheid aangebied moet kan word (Svensén 2009: 441) en lemmata nie horisontaal gerangskik sal kan word nie en ook nie hoef te word nie (Gouws en Prinsloo 2005: 168, 169). Lemmata word ook nie vertikaal gerangskik nie aangesien elektroniese woordeboeke nie 'n makrostruktuur vertoon nie.

Die ander groot kenmerkende verskil tussen elektroniese en gedrukte woordeboeke behels woordeboekstrukture. Die huidige kennis van leksikografiese strukture is hoofsaaklik gebaseer op die Duitse leksikografiese tradisie, met Herbert Ernst Wiegand as die dominante figuur. Baie van Wiegand se teoretiese produksie fokus op die identifisering van spesifieke strukture, cf. Wiegand 1989a, 1989b, 1989c, 1990, 1996a, 1996b, 2002a, 2002b, en Hausmann en Wiegand 1989. Tarp (2008) dui daarop dat daar etlike probleme in hierdie bespreking van leksikografiese strukture is, o.a. dat daar geen duidelike struktuurteorie geformuleer is wat iets met beide gedrukte en elektroniese woordeboeke gemeen het nie (Tarp 2008: 102). In terme van struktuur beslaan elektroniese woordeboeke 'n wye reeks woordeboektipos – aan die een uiterste is daar elektroniese woordeboeke wat volledig gedigitaliseer of 'n digitale weergawe van 'n gedrukte woordeboek is, en aan die ander uiterste is daar eksperimente wat met nuwe woordeboeke gedoen word wat al hoe minder soos hul gedrukte verwante lyk. Papier-geïnspireerde elektroniese woordeboeke bevat duidelik al die strukture wat in gedrukte woordeboeke is en is waarskynlik die rede waarom daar so baie teoretiese besprekings is wat die tipos strukture in elektroniese woordeboeke aanroer asof hulle presies dieselfde as dié in

gedrukte woordeboeke is, bv. in die geval van besprekings van makrostrukture in elektroniese woordeboeke (cf. Lemberg et al. 2001) (Tarp 2008: 103). Om die antwoord te verskaf op die vraag of gedrukte en elektroniese woordeboeke dieselfde verpligte strukture bevat, is dit nodig om nog 'n vraag te vra: watter opsies bied die nuwe elektroniese media vir leksikografie? (Tarp 2008: 109). Die ontwikkelinge in informasietegnologie is gewoon ontploffend en dit bly 'n ope vraag wat die toekoms sal bring, maar Tarp dui op veral drie areas waarin die elektroniese media revolusionêre nuwe moontlikhede vir leksikografie bied, nl. 1) nuwe soorte behoefte- verwante **soektogte** na inligting, wat moontlik gemaak word deur nuwe soekenjins; 2) nuwe soorte data, wat deels moontlik gemaak word deur moderne databasisse en deels deur toegang tot die internet; en 3) nuwe tipes verbindings tussen data, wat moontlik gemaak word deur elektroniese **skakels**. Hierdie nuwe opsies is onderling verbonde en gesamentlik bepaal hulle die leksikografiese konseptuele raamwerk van elektroniese woordeboeke (Tarp 2008: 110).

Verskeie tradisionele strukture het in elektroniese woordeboeke minder belangrik of selfs irrelevant geword en die struktuur wat die vernaamste deel van 'n elektroniese woordeboek uitmaak, is die toegangstruktuur. Die toegangstruktuur funksioneer egter heelwat anders in 'n elektroniese woordeboek as in 'n gedrukte woordeboek (Svensén 2009: 441). Waar die vaardige gebruiker van 'n gedrukte woordeboek gekenmerk word deur die vermoë om die uitwendige en inwendige toegangstruktuur te benut en om gekondenseerde woordeboektekste korrek te ontsyfer, word die vaardige gebruiker van 'n elektroniese woordeboek gekenmerk aan die vermoë om goeie gebruik te maak van die **soekhulpmiddele** wat na die gewenste data lei (Svensén 2009: 447).

3.6.1.1. Die soekproses

Inligting word sekvensieel in 'n gedrukte woordeboek gestoor en die eksterne **toegangstruktuur** in gewone algemene woordeboeke word d.m.v. die alfabet aangebied. In 'n elektroniese woordeboek word die toegangsalfabet en as 'n gevolg ook die makrostruktuur feitlik irrelevant – daar is baie selde 'n behoefte daaraan om soektogte artikel vir artikel in alfabetiese volgorde te doen. Die aard van digitale produkte het die besonderhede van *waar* inligting gestoor word of in *watter volgorde* dit gestoor word, irrelevant gemaak (Burke 1998). In elektroniese woordeboeke bestaan die tradisionele konsep van 'n makrostruktuur nie. Daarom is die term nie

op elektroniese woordeboeke van toepassing of daarvoor geskik nie. Toegang en die verkryging van inligting word nie meer deur die alfabetiese organisering van die woordeboek bepaal nie (Hua en Woods 2008: 2). Anders as 'n soektog in 'n gedrukte woordeboek sal die soektog in 'n elektroniese woordeboek dus gewoonlik nie sekvensieel wees nie, maar dit kan volgens ander beginsels geskied. 'n Gebruiker mag byvoorbeeld soek na feitlik enige woord wat in die hele woordeboek verskyn deur 'n karakterstring in te tik; sommige woordeboeke bied ook die opsie om verskeie stringe gelyktydig te soek d.m.v. die Boolean operateurs "en", "of" en "nie" (Svensén 2009: 441-442). Die fasiliteit van 'n oorheersstringsoektog ("wild card search") kan gebruik word wanneer die gebruiker nie seker is van die spelling van die woord wat gesoek word nie en/of op soek is na alle woorde waarin 'n sekere kombinasie karakters verskyn. Die soekfunksie kan ook só ontwerp word om 'n lys van al die woorde wat begin met die letters wat tot dusver ingetik is, aan te bied sodra die gebruiker begin om 'n woord in die soekkassie te tik – hierdie metode word 'n **inkrementele soektog** genoem. Danksy die bevryding van sekvensiële rangskikking en soektogte word die gebruik van elektroniese woordeboeke nie belemmer deur dieselfde hindernisse wat in gedrukte woordeboeke voorkom nie – die gebruiker hoef nie te wonder in watter artikel 'n woordkombinasie sal verskyn nie, aangesien die soektog die eerste keer suksesvol sal wees. Idiomatiese woordkombinasies of uitdrukkings het daarom hier vir die eerste keer werklik lemmastatus en volledige bewerkingseenhede in 'n algemene woordeboek (Svensén 2009: 442).

Net soos wat dit moontlik is om enige woord in die woordeboek te soek, is dit ook moontlik om enige tipe inligting in die meeste gesofistikeerde elektroniese woordeboeke te soek. Dodd voorspel reeds in 1989 (1989: 89) dat die volgende tipes soektogte in 'n elektroniese woordeboek moontlik sal wees:

klink soos A	[soek woorde met 'n sekere uitspraak]
rym met B	[soek woorde met 'n sekere uitspraak]
woord gespel soos C	[soek woorde met 'n sekere spelling]
het 'n etimologie van D	[soek woorde van 'n sekere oorsprong]

dateer uit die jaar/eeu E	[soek woorde van 'n sekere ouderdom]
word gebruik in die styl van F	[soek woorde met 'n sekere diastratiese/sosiolinguistiese merkteken]
word gebruik in die tegniese veld G	[soek woorde met 'n sekere diategniese merkteken]
is 'n antoniem van H	[soek 'n sekere tipe semantiese verwantskap]
is 'n sinoniem van I	[soek 'n sekere tipe semantiese verwantskap]
is 'n hiponiem van J	[soek 'n sekere tipe semantiese verwantskap]
is 'n superordinaat van K	[soek 'n sekere tipe semantiese verwantskap]
bevat die woord(e) L in die definisie	[soek woorde in 'n sekere semantiese veld]
behoort aan die grammatikale klas M	[soek woorde wat aan sekere rededele behoort]
het sintaktiese valensie of patroon N	[soek woorde wat in 'n sekere konstruksie gebruik word]

Heelwat van die bostaande voorspellings het waar geword. Die soektogtipe "bevat die woord(e) L in die definisie" is besonder nuttig, aangesien dit hiermee moontlik is om in die onomasiologiese rigting te soek na woorde en uitdrukkings wat ooreenstem met die inligting wat die gebruiker reeds oor hulle het (Svensén 2009: 443). Sulke soektogte is moontlik omdat dit moontlik is om enige woord soekbaar te maak volgens enige inligting, deur gebruik te maak van die sistematiese kodering van die

inligting in 'n vorm wat ontvanklik vir elektroniese soekroetines is (Hua en Woods 2008: 2).

3.6.1.2. Die gebruik van skakels

Naas die nuwe soekmoontlikhede is die gebruik van skakels die belangrikste kenmerk van die toegangstruktuur in die elektroniese woordeboek en dit vorm in wese die **mediostruktuur**. Die gebruik van skakels is op die konsep van hiperteks gebaseer, wat 'n digitale netwerk van teksblokke is wat deur eenrigtingskakels of hiperskakels verbind is (Svensén 2009: 444). Die voorsetel *hiper-*, vanuit die Griekse voorsetel "υπερ-" wat "oor" of "anderkant" beteken, dui in die gebruik in die woord *hiperteks* (en die benutting of toepassing daarvan) op die oorwinning van die ou lineêre beperkinge van geskrewe teks. Hiperteks is dus nie lineêr gerangskik soos gedrukte teks nie, maar kan via die skakels in enige volgorde soos benodig gelees word. Gedrukte teks is staties; hiperteks is dikwels dinamies, maar ook nie altyd nie. Hiperteks kan staties wees in die sin dat dit vooraf voorberei en gestoor word, of dinamies in die sin dat dit voortdurend verander in antwoord op gebruikerinvoer. Statiese hiperteks kan gebruik word om dataversamelings in dokumente, programmatuur of boeke op CD van kruisverwysings te voorsien. Hiperteks kan geweldige komplekse en dinamiese sisteme van skakeling en kruisverwysing ontwikkel – die beroemdste toepassing van hiperteks is die Wêreldwye Web, wat in 1992 ontplooi is.

Hiperteks toon ook enkele ooreenkomste met gedrukte woordeboeke in die sin dat die woordeboekteks gefragmenteerd is en nie bedoel is om reg van voor tot agter in 'n sekere volgorde gelees te word nie. 'n Ander ooreenkoms is die parallëllisme tussen die kruisverwysings in 'n woordeboek en die skakels in hiperteks – vandaar die bostaande vergelyking tussen die mediostruktuur van 'n gedrukte woordeboek en die gebruik van skakels in elektroniese woordeboeke.

Soos wat hiperteks met die verloop van tyd ook begin het om nie net statiese media soos teks en grafieke in te sluit nie maar ook dinamiese media soos klank, animasie en video, het dit meer gepas geword om van **hipermedia** as 'n omvattende benaming vir al hierdie media te praat wanneer dit in een toepassingsprogram geïntegreer word (Storrer 1998: 107).

Skakels kan, soortgelyk aan kruisverwysings, **woordeboekintern** of **woordeboekekstern** wees. Die tipe woordeboekinterne skakel wat die meeste aan gedrukte woordeboeke herinner, is die kruisverwysing, waarvan die klik van die muis die gebruiker sal neem na die plek waar die betrokke inligting aangebied word. In sommige gevalle sal die onbeperkte spasie wat in 'n elektroniese woordeboek beskikbaar is, die gebruik van kruisverwysings verminder, aangesien die benodigde inligting dikwels op dieselfde plek aangebied kan word (Svensén 2009: 444).

Skakels kan in die elektroniese woordeboek gebruik word om eindelose interne skakelmoontlikhede aan te bied (Svensén 2009: 445), byvoorbeeld:

- 'n Skakel na 'n sekere lemma of 'n inskrywing daarby deur op die betrokke woord te klik wanneer dit in 'n ander inskrywing voorkom. Indien die gebruiker byvoorbeeld nie 'n woord verstaan wat in 'n definisie gebruik word nie, sal hy of sy gelei word na die lemma waar daardie woord verklaar word deur daarop te klik.
- 'n Skakel na 'n sekere betekeniswaarde van 'n woord deur daarop te klik in 'n venster waar die polisemiese struktuur van die woord in diagramvorm vertoon word.
- 'n Skakel na 'n ander woordeboekkomponent wat o.a. 'n lys semanties verwante woorde (in 'n sinopsisartikel) kan aanbied, asook oefeninge of ander opvoedkundige komponente, en 'n gebruikersgids of ander metakomponent (soortgelyk aan buite- en voortekste in gedrukte woordeboeke).

Woordeboekeksterne skakels lei die gebruiker na komponente wat nie ingesluit is in die woordeboek wat die gebruiker op die oomblik raadpleeg nie – sommige rekenaarwoordeboekpakkette bevat verskeie ander 'boeke', bv. 'n ensiklopedie, 'n tegniese woordeboek, 'n retrograde woordeboek, 'n rymwoordeboek, 'n etimologiese woordeboek, 'n tesourus, 'n soekbare korpus van oorspronklike teks, ens. (Svensén 2009: 445). In die geval van gebaretaalwoordeboeke lei 'n skakel uit die Woordeboek van Deense Gebaretaal na hul Facebook-bladsy, waar gebruikers die gebaar van die week kan sien en kommentaar kan lewer oor die gebaar of oor die woordeboek.

Met beide interne en eksterne skakels vertoon die elektroniese woordeboek ook 'n tipe **dataverspreidingstruktuur** wat die verhoudings tussen vorm en inhoud bepaal

en wat die sentrale struktuur in beide gedrukte en elektroniese woordeboeke vorm (Tarp 2008: 113).

Skakels moet egter oordeelkundig gebruik word: net soos wat gebruikers danksy die onbeperkte spasie wat beskikbaar is, in gevaar is om aan 'informasiedood' (Tarp 2009: 26) te ly, kan 'n oorvloed opsies en skakels verwarrend wees. Elke skakel moet deur die ware doel van die woordeboek gemotiveer word (Svensén 2009: 446).

3.6.1.3. Formaat en gebruik

Die elektroniese woordeboek (as 'n produk wat uit 'n databasis onttrek word), word nie tot spesifieke gebruikersprofiel beperk nie en kan aangepas word om aan die behoeftes van verskillende gebruikerskategorieë te voldoen – die minder gevorderde gebruiker sal 'n laer vlak inligting kies as die meer gevorderde gebruiker, wat 'n hoër en meer veeleisende vlak inligting sal kies. Op hierdie manier word dit moontlik om die woordeboek wat vir die skool se grondslagfase voorgestel word, as die *eerste gebruikersvlak* van 'n groter woordeboek of databasis te beskou: soos wat leerders deur die intermediêre en senior fases vorder en ander, meer gevorderde behoeftes t.o.v. die inligting in die woordeboek het, sal hulle die toepaslike gebruikersvlak kies wat hulle toegang tot daardie inligting sal gee. Die datatipes wat binne die woordeboek aangebied word, kan van 'n soortgelyke laagsgewyse aanbieding gebruik maak (Geeraerts 2000: 78):

- Die lemmavlak (spelling, woordafbreking, verbuiging, etimologie, ens.);
- Die betekenisvlak (definisies, ekwivalente, ens.);
- Die fraseologiese of stylvlak (konstruksies, kollokasies, idiome, ens.);
- Die voorbeeldvlak (teksvoorbeelde wat die betekenis van woorde en frases illustreer).

Deur slegs sekere inligting aan te bied of te selekteer, word ekstra ruimte op die skerm bekom en sal dit die duidelikheid van die inligting se aanbieding ondersteun (Svensén 2009: 447). Op hierdie manier word een databasis effektief as meer as een woordeboek aangebied afhangende van watter inligting geselekteer of onttrek en aangebied word – die databasis is dus veel omvattender as die individuele gebruiker se behoeftes. Indien die databasis opgestel of geënkodeer is om sekere dataveldde aan sekere gebruikersvlakke te koppel, kan elke gebruikersvlak as 'n aparte woordeboek beskou word.

3.6.2. Elektroniese aanlyn woordeboeke as onder-na-bo-woordeboeke

'n Unieke kenmerk van internetwoordeboeke is hul vermoë om gebruikerterugvoer vinnig en maklik te lewer. Dit is byvoorbeeld gebruiklik om die woordeboek 'n outomatiese opgawe van alle soektogte te laat hou, wat die samestellers in staat stel om te sien watter woorde die meeste gesoek word – en watter van hierdie woorde sonder resultaat gesoek word aangesien hulle nie in die woordeboek opgeneem is nie – asook watter soekfoute die meeste deur gebruikers gemaak word. Op hierdie manier kan ekstra hulp aan die gebruikers gegee word t.o.v. woorde wat dikwels met die verkeerde spelling gesoek word, ens. (Svensén 2009: 449).

Woordeboeke in die kuberruim, veral dié wat as 'oop bronne' ("open sources") gepubliseer word, bied ook nuwe moontlikhede i.t.v. die samestelling van die woordeboek. *Woordeboekgebruikers* kan as't ware in sekere opsigte as *woordeboekskrywers* begin optree – volgens tradisionele prosedures was leksikograwe altyd verantwoordelik vir beide die vorm en inhoud van die woordeboek, met die gebruikers aan die ontvangkant van die proses (hiërargiese, van bo-na-onder of "top down" leksikografie, cf. Carr 1997: 214f).

Internetwoordeboeke bied egter nou die gebruiker die opsie om op uitnodiging van die leksikograwe hul eie opmerkings en selfs materiaal by te dra of voor te stel en word op hierdie manier deel van die samestellingsproses (onder-na-bo-leksikografie) (Svensén 2009: 449). Dit beteken egter nie dat gebruikers na willekeur aan die inhoud kan verander sonder dat daar enige kontrole oor die inhoud en kwaliteit van bydraes is nie – 'n bydraproces waarvoor daar geen kontrole is nie sal die risiko laat ontstaan dat gebruikers op die ou end hul vertrouwe verloor in twee van die tradisionele sterk punte van professionele leksikografie, nl. kwaliteit en betroubaarheid (Docherty 2000: 68). Enige inhoud wat deur gebruikers voorgestel of bygedra word, behoort eers deur die outeurs van die woordeboek gemodereer en gekontroleer te word voordat dit tot die woordeboek gevoeg word. Die onder-na-bo-metode bied egter die ideale geleentheid in gevalle soos baie beperkte en/of spesifieke onderwerpvelde en tale waarvoor daar min bekend is, soos in die geval van SASL. Die internetwoordeboek kan dus as 'n tipe dataversamelingmetode gebruik word om groter woordeboekprojekte van SASL in die toekoms te ondersteun. Dit is onwaarskynlik dat álle Doves in die land toegang het tot 'n vinnige internetaansluiting en apparatuur soos 'n webkamera wat hulle sal toelaat om gebare in die woordeboek

se databasis op te laai, maar dit behoort nogtans moontlik te wees om 'n redelik verteenwoordigende steekproef van Dowes (en hul gebare) in verskillende dele van die land te bekom. Dit sal waarskynlik ook help om Dowes 'n gevoel van eienaarskap oor hul taal en die projekte wat daarmee gepaard gaan, te gee.

3.6.3. Ontwerpvereistes vir elektroniese woordeboeke

Elektroniese woordeboeke is nie maar 'n 'skermweergawe' van 'n gedrukte woordeboek nie en kan ook nie soos 'n gedrukte woordeboek ontwerp word i.t.v. hoe dit lyk en 'voel' vir die gebruiker nie. Dit is, om die waarheid te sê, dikwels baie moeilik om teks op 'n skerm te lees aangesien geen rekenaarskerm dieselfde mate van ligrefleksiekapasiteit as wit papier het nie, en ook nie die resolusie om druk te ewenaar nie (met moontlike uitsondering van die meer moderne e-lesers wat van e-ink gebruik maak en blykbaar nie so stremmend op die oog is om te lees nie). Om van 'n skerm te lees, is dikwels vergelykbaar met die lees van 'n koerant onder 'n 25W-gloeilamp – voldoende vir kort paragrawe, maar nie vir intense lees nie (Almind 2005: 37). Tog is dit danksy die meer moderne tegnologie van die afgelope paar jaar nie noodwendig steeds die geval nie, en bied groter skerms (wat ook dikwels plat skerms is) 'n groter mate van gemak met die lees van lang tekste. Dit is wel belangrik om te onthou dat alle rekenaargebruikers nie sonder meer met die beste en nuutste toerusting toegerus is nie en dat dit waarskynlik raadsaam is om ouer toerusting, veral skerms, as die 'laagste gemene deler' te beskou sodat gebruikers van enige agtergrond die produk so goed moontlik mag benut en steeds as gebruikersvriendelik ervaar.

Almind (2005: 38) dui daarop dat die vorm van die internetwoordeboek as fisiese realisering op die gebruiker se skerm grootliks buite die beheer van die leksikograaf val: al definieer die webontwerper sekere individuele objekte soos lettertipe en kolomwydte so presies moontlik, word die spesifikasies steeds deur die eindgebruiker se spesifieke internetblaaier (soos Mozilla Firefox, Opera, Internet Explorer, ens.) geïnterpreteer op maniere wat beteken dat die produk nie noodwendig dieselfde in alle blaaiëromgewings gaan vertoon nie. Die leksikograaf se fokus behoort eerder op die funksionaliteit as die voorkoms van die internetwoordeboek te val, met sterk klem op die soekenjin wat die internet bied. Dit is onontbeerlik vir die internetwoordeboek se sukses om toegang te verleen tot kragtige soekfunksies – inhoud is (vanselfsprekend) belangrik, maar menige

uitstekende internetwoordeboek word vermy omdat hulle omslagtige gebruikerskoppelvlakke het, met advertensies besaai is, stadige soekenjins het of onleesbare resultate vertoon (Almind 2005: 39). Almind som die vereistes wat 'n gebruiker aan 'n funksionele internetwoordeboek stel, soos volg op (Almind 2005: 39):

1. die internetwoordeboek moet maklik wees om te vind (dus met 'n eenvoudige internetadres);
2. die soekveld moet die middelpunt van fokus wees (dus visueel gesentreer naby die bokant van die tuisblad);
3. alle artikels moet leesbaar wees (gebruik kleure dus spaarsaam en hou die 'goeie' kleure vir belangrike inligting – swart op wit is goed; rooi op blou is nie. Plaas elke aparte stuk data op sy eie reël en gebruik opskrifte versigtig);
4. resultate moet vinnig wees (hou die databasis en webbladsye klein en die bedieners groot);
5. resultate moet eenvoudig wees (wys 'n beperkte aantal soekresultate van tussen 5 en 10 per bladsy afhangend van die totale aantal van die woordeboek se artikelinskrywings – dit maak die skerm minder oorvol en dui aan die gebruiker dat hy/sy die soektog moet verfyn);
6. verminder die aantal resultate (soms toets gebruikers 'n woordeboek deur bv. na alle woorde wat 'n "e" bevat, te soek. Sulke versoeke is beswaarlik gebaseer op 'n werklike wens om enige taalkundige probleem op te los. Indien 'n soektog 'n belaglike groot aantal resultate oplewer, laat die gebruiker die soektog verfyn);
7. gevorderde soektogte (indien moontlik, laat die gebruiker die soektog verfyn deur na beide lemmas sowel as spesifieke inskrywings soos kollokasies te soek of om deur die stel woordeboekartikels wat gevind is (die soekresultate) te soek);
8. vertoon die resultate op 'n logiese wyse ('n alfabetiese sortering is nie noodwendig insiggewend nie – resultate kan volgens woordlengte of toepaslikheid ("relevance") gesorteer word).

Punte 2, 3, 5 en 7 is veral van toepassing op die voorgestelde woordeboek en sal in die volgende hoofstukke weer genoem en ook bespreek word, nl. punte 2, 5 en 7 in die hoofstuk oor die databasis (hoofstuk 7) en punt 3 in die hoofstuk oor die mikrostruktuur (hoofstuk 8).

Tarp (2008: 112) kom tot die gevolgtrekking dat minstens die volgende strukture verpligtend in elektroniese woordeboeke is:

1. 'n Artikelstruktuur, aangesien daar altyd een of ander tipe lemma en ten minste een inskrywing van geadresseerde data is (ook al is dit nul-data);
2. 'n Adresseringstruktuur, aangesien die leksikale item ook aan die betrokke lemma geadresseer is – dit spreek eintlik vanself, aangesien die lede in die databasis op so 'n manier gemerk word dat hulle as die soekresultate van sekere soektogte sal verskyn, en dus tree hierdie leksikale items as geadresseerde lemmas binne 'n elektroniese woordeboek met 'n geslote databasis op;
3. 'n Mikrostruktuur, wat gesien kan word as die artikelstruktuur minus die lemma en tipografiese en nietipografiese merkers (Wiegand 1983, 1989b);
4. 'n Interne toegangstruktuur, aangesien data aan die lemmata geadresseer is.

In ooreenstemming met die bogenoemde verskille en ooreenkomste tussen gedrukte en elektroniese woordeboeke sal die raamstruktuur as deel van die dataverspreidingstruktuur in terme van moontlike buitetekste (hoofstuk 6) bespreek word, die databasis as houër van die lemmakandidate (hoofstuk 7) van die woordeboek sal bespreek word in terme van die soekproses (of toegangstruktuur, in gedrukte woordeboeke) en die skakels (of mediostruktuur, in gedrukte woordeboeke) wat toegang tot inligting binne die voorgestelde elektroniese woordeboek sal bewerkstellig. Die gebruik van soektogte en skakels vorm ook 'n geïntegreerde deel van die toegangsproses en skakels is deel van die mediostruktuur (hoofstuk 8) en word ook in hoofstuk 9 bespreek. 'n Bespreking van die interne toegangstruktuur en soekareastruktuur sal as deel van die bespreking van die woordeboekmodel in hoofstuk 9 aangebied word. Die verdere besprekings van strukture word egter deur 'n hoofstuk oor ekwivalentverhoudings in tweetalige woordeboeke voorafgegaan (hoofstuk 5), aangesien hierdie verhoudings die skakel vorm tussen die manier waarop gebare en woorde in die databasis bewerk sal word en die manier waarop inligting d.m.v. sekere strukture onttrek word.

3.7. Algemene slotopmerkings

Hierdie hoofstuk het 'n oorsig oor die ontstaan van leksikografie en tipiese eienskappe van die leksikografiese proses in die algemeen gegee. 'n Bespreking van elektroniese woordeboeke het hierop gevolg met die oog op die voorgestelde

woordeboek as elektroniese produk. Die hoofstuk dien dus ook as inleiding tot die verdere bespreking van die teoretiese leksikografiese besluite en aanbevelings wat in hoofstukke 5 tot 9 t.o.v. die voorgestelde woordeboek aangebied word.

Hoofstuk 4. Gebaretaalwoordeboeke

4.0. Inleiding

Hierdie hoofstuk bied 'n bespreking van sekere eienskappe van gebaretaal en gebaretaalwoordeboeke, soos die tradisies in die samestelling van gebaretaalwoordeboeke, standaardisering en variasie, en klassifiseerders. Die doel van hierdie besprekings is om 'n skakel te vorm met die besprekings van leksikografieteorie in hoofstuk 3 en om die leser attent te maak op die unieke en dikwels problematiese kwessies wat die leksikograaf van 'n gebaretaalwoordeboek die hoof moet bied. Hierdie inligting skets die agtergrond vir die besprekings oor die spesifieke gebaretaalwoordeboek wat uiteindelik in 'n model in later hoofstukke van die proefskrif voorgestel word. Die besprekings oor die standaardisering van gebaretale maak grotendeels van Johnston (2003a) se werk gebruik, aangesien dit gesaghebbend binne die literatuur van gebaretaalnavorsing is. 'n Gesprek oor die voor- en nadele van Johnston se sienings word nie aangebied nie, aangesien dit nie relevant vir die proefskrif as 'n geheel is nie.

4.1. Gebaretaalwoordeboeke

Every other author may aspire to praise; the lexicographer can only hope to escape reproach, and even this negative recompense has been yet granted to very few (Johnson 2013).

Die lewe is waarskynlik vir geen leksikograaf maklik nie, as ons Johnson se uitlating in ag neem. Tog lyk dit asof die lewe vir 'n gebaretaalleksikograaf nog swaarder is, aangesien daar 'n aantal bykomende uitdagings is om te oorkom. Eerstens is daar geen ortografie of skryfwyse vir gebaretale nie. Alhoewel verskeie notasiesisteme reeds ontwikkel is, word geen van hulle algemeen gebruik nie en is die meeste te ingewikkeld en kompleks om gebare in 'n woordeboek weer te gee – in ieder geval vir die algemene gebruiker. Tweedens is daar in byna alle lande slegs 'n paar gebarebronne waaruit die betekenis(se) en grammatikale eienskappe van gebare afgelei kan word en waaruit gebruiksfrekwensies van gebare bepaal kan word. Derdens, soos reeds gesien, verskil gebaretale aansienlik van gesproke tale. Aangesien die gebaretaal 'n komplekse struktuur kan hê waar die gesproke taal 'n eenvoudige woord het en ook selfs omgekeerd, is dit dikwels moeilik om 'n woord-vir-

gebaar- of gebaar-vir-woord-ekwivalent te gee (Zwitserlood 2010: 444-445). Laastens moet gebaretaalleksikografe die nalatenskap van 'n tradisie van onvoldoende samestelling van gebaretaalwoordeboeke deur nieleksikografe oorkom – soos reeds genoem, het die bestaande gebaretaalwoordeboeke in Suid-Afrika dikwels hewige kritiek ontvang en word dit selde indien ooit deur die Dowe gemeenskap gebruik.

Daar is ook 'n aantal belangrike vrae wat die leksikograaf moet beantwoord: wat is die status van die woordeboek, wie is die potensiële gebruiker, wat geld as 'n lemma, wie besluit wat in die woordeboek opgeneem moet word en hoekom, wat is die grense van 'n betekenisparafrase, wat is die bron van inligting, wie is 'n geskikte informant, ens. (Schermer 2004: 2).

Zwitserlood (2010) gee 'n goeie oorsig oor die gebaretaalleksikografie in die vroeë 21ste eeu, wat hier opgesom en bespreek sal word aangesien dit in 'n hoë mate op hierdie studie betrekking het.

4.1.1. Tradisies in die samestelling van gebaretaalwoordeboeke

The word [dictionary] suggests authority, scholarship, and precision (Landau 1984: 5).

Alhoewel gebaretale baie jare – en in sommige gevalle, steeds – as ondergeskikte of mindere tale gesien is, het 'n verskeidenheid eenvoudige gebaretaalwoordeboeke in die verlede verskyn. Hierdie boeke is gewoonlik gerig op (horende) onderwysers en ouers wat nodig het om met hul Dowe leerlinge of kinders te kommunikeer wanneer gesproke kommunikasie faal. Die meeste van hierdie woordeboeke, wêreldwyd sowel as in Suid-Afrika, is tipies saamgestel deur onderwysers, maatskaplike werkers, spraakterapeute, lede van verskeie godsdienstige instansies, en so meer. Tot ongeveer die middel 1960's is die meeste gebaretale nie eens as volwaardige tale vergelykbaar met gesproke tale gesien nie, maar danksy die publikasie van Stokoe, Casterline en Croneberg se gebaretaalwoordeboek, gebaseer op taalkundige beginsels in 1965 (eerste uitgawe), het gebaretaalleksikografie stadig momentum begin kry (Schermer 2004: 2). Sodra gebaretaalnavorsing in 'n land behoorlik posvat, is een van die eerste take wat aangepak (moet) word, gewoonlik die samestelling van 'n woordeboek.

Die woordeboeke tot dusver bestaan oor die algemeen uit tweetalige woordelyste wat 'n basiese stel geskrewe woorde uit die gesproke taal bevat tesame met 'n skets of foto van 'n persoon wat die gebaar by elke woord demonstreer. Baie min, indien enige, inligting word oor die gebaar gegee en dit is ook nie ongewoon om meer as een gebare-ekwivalent per woord aan te tref nie (bv. Penn 1992b). Sulke woordeboeke is noodwendig eenrigting, van die gesproke taal na die gebaretaal, en is volgens die alfabet, temas, of beide, gerangskik.

Nadat gebaretaal meer geredelik as natuurlike tale aanvaar is en daar 'n groter behoefte was om hulle aan te leer, was daar ook 'n groter behoefte aan meer woordeboeke met meer gebare en 'n uitvoeriger bewerking van die gebare. Hierdie woordeboeke, dikwels saamgestel deur professionele leksikograwe, het steeds dieselfde formaat: hulle heet gewoonlik "Die X Gebaretaalwoordeboek" (waar X staan vir 'n land of streek), hulle is tweetalig en gewoonlik ook eenrigting (met enkele uitsonderings). Die meeste woordeboeke bied steeds een woord vir een gebaar en bevat baie min addisionele inligting oor die gebare.


Voorbeelde van die mees gesofistikeerde tweerigting- en tweetalige gebaretaalwoordeboeke in boekvorm sluit in Johnston se *Auslan Dictionary* (1989a), Brien se *Dictionary of British Sign Language/English* (1992), Radutzky se woordeboek van Italiaanse Gebaretaal (1992) en Malm se Finse Gebaretaalwoordeboek (1998). Hierdie woordeboeke bied die leksikon van 'n gebaretaal d.m.v. 'n geordende reeks hoofgebare, wat daaropvolgend in die tweede taal verduidelik word. Dit vereis 'n gedetailleerde analise van die fonemiese eienskappe van gebare (Schermer 2004: 4).

Om werklik reg aan die rykheid en oorfloed van die leksikon van gebaretale te laat geskied, is dit eintlik nodig om eers eentalige woordeboeke te skep. Tweetalige woordeboeke behoort op die eentalige woordeboekinligting gebaseer te word om die vertaalstruikelblokke tussen die gebaretaal en die gesproke taal van 'n gemeenskap te vermy (Schermer 2004: 4). Ongelukkig is so 'n benadering nie noodwendig prakties of ekonomies haalbaar nie en daarby is dit nie ongewoon vir 'n "klein" taal se eerste woordeboek om 'n tweetalige woordeboek te wees nie. Sien ook paragraaf 3.4.3.

4.1.1.1. Die notering van gebare

Woordeboeke van gesproke tale het gewoonlik te make met tale wat wel oor 'n geskrewe vorm beskik – gesproke tale is vanweë hul aard eendimensioneel (spraakklanke word een na die ander uitgespreek) en dit word gereflekteer in die lineêre volgorde van letters in die geskrewe vorm. Sommige woordeboeke bevat ook inligting oor die uitspraak van 'n woord, gewoonlik aan die hand van fonetiese notasie, of gee minstens 'n aanduiding van die lettergrepe en klem vir elke woord. In teenstelling hiermee beskik gebaretale nie oor enige geskrewe vorm nie, en aangesien spraakklanke nie 'n rol in hierdie tale speel nie, bied die fonetiese skryfwyse ook geen uitkoms nie. Die probleem met gebaretaalnotasie is dat 'n vierdimensionele taalsein (gebare gebruik driedimensionele ruimte asook 'n sekwenziële of temporele struktuur) moeilik is om in 'n statiese voorstelling weer te gee. Woordeboeksamestellers het hierdie probleem gewoonlik op verskillende wyses hanteer, waarvan een die gebruik is van prentjies/sketse of foto's van 'n persoon wat die gebaar demonstreer. Gebarenotasie word in sommige woordeboeke gebruik, maar gewoonlik saam met die grafiese voorstelling van die gebaar. Danksy meer onlangse tegnologie is die probleem ook omseil deur die gebruik van video-uitbeeldings in elektroniese woordeboeke – elkeen van hierdie metodes het 'n impak op die organisasie van die woordeboek.

Die meeste woordeboeke, veral die gedrukte woordeboeke, gebruik sketse of foto's om die gebare voor te stel. In die verlede was dit die enigste moontlikheid vir voorstelling en die afbeeldings is gewoonlik so gekies om selfs vir die ongesofistikeerde gebruiker verstaanbaar te wees. Die aktiwiteit van 'n gebaar is egter nie sigbaar in 'n stilbeeld nie, en die aktiwiteit of beweging word gewoonlik deur pyltjies en ander ekstra simbole wat op die prent aangebring word, daargestel, of voorgestel deur 'n reeks beelde:



Figuur 4.1: Voorbeeld van 'n reeks beelde met pyltjies om beweging aan te dui (Nieder-Heitmann 1980: 109).

Voorstellings met bygevoegde simbole vir aktiwiteite of beweging is steeds nie baie uitvoerig of gedetailleerd nie, veral nie oor die deel van die gebaar wat nie op die hande plaasvind nie. Daarby neem sulke voorstellings baie ruimte in beslag en is steeds nie maklik om te gebruik nie. Ekstra inligting oor die gebaar se uitvoering is in sommige woordeboeke bygevoeg om 'n oplossing hiervoor te bied (figuur 4.1 en veral 4.2), maar dit dra eintlik slegs by tot die probleem van ruimte – die feit dat afbeeldings soveel ruimte in beslag neem, maak dit feitlik onmoontlik om inligting oor lemmas in die gebaretaal (dus d.m.v. afbeeldings) te verskaf. Om hierdie rede bestaan daar geen gedrukte tweetalige woordeboek van 'n gesproke taal na 'n gebaretaal wat inligting oor die lemmas in gebaretaal verskaf nie, en nog minder 'n eentalige gebaretaalwoordeboek. Sommige woordeboeke maak van 'n baie meer minimalistiese metode gebruik en verskaf slegs 'n diagram van die gebaar onder 'n geskrewe soekwoord in 'n alfabetiese lys, sonder enige verdere grammatikale inligting (figuur 4.4).



Bear (1) *n* a large, heavy mammal with thick, rough fur: a *grizzly bear*.

[Action of a bear scratching itself]

With the arms crossed at the wrist on the chest, scratch the fingers of both *curved hands* up and down near each shoulder with a repeated movement.

Figuur 4.2: Artikel uit 'n (gedrukte) ASL-woordeboek (Costello 1998) (uit Zwitserlood 2010: 447).

	H S Loc P O NMF Mov	Bear
		Both hands – C Both sides of head Palms facing each other Ref 2 or Ref 17 Put hands on both sides of head.

Figuur 4.3: Die artikel vir BEER uit (die gedrukte woordeboek) *Finger Talk* (Howard 2008) – die vier gebareparameters sowel as die niemanuele eienskappe (NME's) word aangedui.

bear



Figuur 4.4: Dié artikel vir die ASL-gebaar BEAR verskyn sonder enige verdere inligting in die gedrukte weergawe van die *Gallaudet Dictionary of American Sign Language*, alhoewel die meegaande CD-ROM wel ietwat meer inligting, soos sinonieme, saam met die video van die gebaar vertoon (Valli 2005: 38).

Gegewe die feit dat selfs 'n gebaretaalwoordeboek met relatief min artikels en inskrywings redelik lywig is of selfs verskeie boekdele beslaan, bevat die meeste






gebaretaalwoordeboeke redelik min artikels in vergelyking met die woordeboeke van gesproke en geskrewe tale, en enige ekstra inligting word in die geskrewe taal gegee. Die aantal artikels in 'n woordeboek word egter gesien as 'n aanduiding van die kompleksiteit en gevolglik ook die status van 'n taal (Schermer 2004: 5), met die gevolg dat 'n beperkte aantal artikels die indruk van eenvoud of ondergeskiktheid skep.

Die nadeel van gebareafbeeldings is dat hulle holistiese eenhede is wat moeilik is om te rangskik of om deur te soek, in vergelyking met die alfabetiese rangskikking van gesproke tale se woordeboeke. Slegs 'n paar tweetalige woordeboeke bevat afbeeldings van gebare sowel as 'n rangskikking gebaseer op gebarestruktuur, soos die *Preliminary Signing Dictionary of Australian Sign Language* (Johnston 1987), wat naas 'n alfabetiese lys Engels-na-Auslan artikels ook 'n afdeling met Auslan-na-Engels bevat waarin gebare volgens die waardes van die gebareparameters gerangskik is. Vir die meeste gedrukte woordeboeke is hierdie moeite nie gedoen nie en hulle is geneig om steeds tweetalig, eenrigting en alfabeties gerangskik volgens die woorde van die gesproke taal te wees.

Verskeie notasiesisteme gebaseer op die vorm van gebare is oor die afgelope dekades ontwikkel. Die belangrikste hiervan is:




- die Stokoe-notasiesisteme (Stokoe et al. 1976);
- HamNoSys (Prillwittz et al. 1989); en
- 'n sisteem wat bedoel is om as 'n ortografie van gebaretale te funksioneer, nl. SignWriting (SignWriting for Sign Languages 2011).



Elkeen van hierdie sisteme het stelle simbole vir die verskillende waardes van die gebareparameters en hierdie simbole word saamgevoeg of gekombineer om die gebarevorm daar te stel.

Stokoe notation system	$[] \sqrt{C}^{\uparrow} \sqrt{C}^{\downarrow}$
HamNoSys	..  r 0 X ■  X [ > ] +
SignWriting	

Figuur 4.5: Weergawe van die ASL-gebaar BEAR in die drie notasiesisteme (aangepas uit Zwitserlood 2010: 449).

Waar die Stokoe- en HamNoSys-noterings meestal lineêr gerangskik en redelik abstrak is, is die SignWriting weergawe meer holisties en is die gebare makliker om te herken.

SignWriting is met die eerste oogopslag baie eenvoudiger as die ander twee noterings. Dit is egter ietwat misleidend, aangesien sommige inligting wat eksplisiet gemaak word, deur die ander twee noterings implisiet in die SignWriting weergawe is. In laasgenoemde is inligting oor die oriëntering van die hand altyd teenwoordig in die handvormsimbool. Byvoorbeeld,  dui aan dat die handpalm na die gebaregebruiker gedraai is;  en  dui onderskeidelik aan dat die palm na die kant of weg van die gebaregebruiker gedraai is. Soortgelyke gebruik van kleurskakering word gebruik om rigting van beweging aan te dui, wat nie in hierdie voorbeeld teenwoordig is nie. As 'n resultaat van die kombinasie van handvorm en oriëntering in die handvormsimbole, en beweging en rigting in die bewegingsimbole, het SignWriting 'n veel groter stel simbole as die ander twee sisteme.


Stokoe notation system		HamNoSys	
[]	hands are at or near torso	**	configuration, and action of the left hand mirrors that of the right hand
√	forearm		fingers and thumb extended and straight
C	curved fingers	↑	fingers (of the right hand) pointing left upwards
†	arms crossing	0	palm (of the right hand) to the left
v	downward movement	×	hands or arms crossed
.	one repetition	▪ 	(right hand) at left side of the shoulders
x	articulators touch	X	contact with body part
		↓	downward movement
		o	small movement
		→	change in handshape (or orientation)
		~	curved (finger or fingers)
		+	one repetition

Figuur 4.6: Verklaring van die Stokoe- en HamNoSys-noteringsimbole (uit Zwitserlood 2010: 450).

Waar die SignWriting-notering redelik holistiese voorstellings vorm (alhoewel dit deur die kombinasie van simbole gevorm word), is die Stokoe- en HamNoSys-noterings tot 'n sekere mate lineêr gerangskik. Die meer simultane aard van die gebarestruktuur laat verskillende rangskikkings van die simbole in elke sisteem toe, bv. handkonfigurasie kom eerste in HamNoSys gevolg deur plek van artikulasie, terwyl die Stokoe-sisteem die plek van artikulasie in die gebaar vóór handkonfigurasie aanbied. Die rangskikking is 'n resultaat van die keuse van die ontwerpers. Danksy die lineêre rangskikking van die simbole vergemaklik die Stokoe-notering en HamNoSys nogtans die rangskikking van gebarelemmas in 'n gedrukte woordeboek. Daar is egter, tot dusver, slegs een woordeboek wat uitsluitlik op die rangskikking van gebare volgens hul notering staatmaak en glad nie enige

afbeeldings van die gebare gebruik nie, en dit is Stokoe et al. se *Dictionary of American Sign Language on Linguistic Principles* (1976).


Die notering het eenvoudig nie posgevat as 'n algemene skryfvorm van gebaretaal nie. Die rede hiervoor is waarskynlik dat 'n gebruiker eers moet leer hoe om die tekens te ontsyfer en die sisteem vereis dus 'n hoë vlak van 'n spesifieke soort visuele geletterdheid. 'n Mens sou kon argumenteer dat geskrewe en gesproke taal ook 'n hoë mate van spesifieke of gespesialiseerde geletterdheid vereis voordat die gebruiker dit op 'n sinvolle manier kan ontsluit, maar die meeste gebruikers van gebaretaal is eerder geneig om 'n meer intuïtiewe, voor die hand liggende vorm van visuele voorstelling te verkies, waarskynlik weens die beperkte toepassing van hierdie sisteme: 'n persoon wat in 'n geskrewe taal geletterd is, kan elke dag met groot gemak en in enige situasie lees of skryf, maar die noteringsisteme word feitlik uitsluitlik in woordeboeke gebruik, en is gewoonlik nie moontlik om sonder die hulp van gespesialiseerde programmatuur te produseer nie.



 (imitative of bear hug; arms crossed on chest, dez claw downward) _N bear.

Figuur 4.7: Artikel vir die gebaar vir BEAR (Stokoe et al. 1976: 192).

Die *Dictionary of British Sign Language/English* (Brien 1992) gebruik ook 'n aangepaste weergawe van die Stokoe-sisteem om die woorde wat deur die lemmas voorgestel word, te beskryf, maar alhoewel die gebare volgens parameterwaardes gerangskik is, volg die rangskikking nie die lineêre rangskikking in die lemmanotering nie, en die gebare is omvattend gerangskik volgens handvorm > plek > oriëntering > beweging, en die spesifieke waardes van hierdie parameters. Hierdie woordeboek verskaf ook foto's van die gebare wat van pyle en ander simbole voorsien is om die aktiwiteit van die gebaar aan te dui:



Figuur 4.8: Artikel vir die gebaar vir BEAR (BSL) (Brien 1992: 182-183).

Let daarop dat daar 'n verskil is tussen die ASL- en BSL-gebare vir BEER, sowel as vir die SASL-gebare in Figuur 4.3.

4.1.1.2. Elektroniese gebaretaalwoordeboeke

Die ontwikkeling van elektroniese gebaretaalwoordeboeke bied 'n oplossing vir die probleme wat met voorstelling ondervind word en het akkurate voorstelling moontlik en bekostigbaar gemaak d.m.v. vooruitgang in videoprosessering en rekenaartegnologie. Sulke woordeboeke kan digitale video's van die gebare verskaf, wat die gebare se aktiwiteite veel beter voorstel, insluitende die dele wat nie op die hande is nie, soos mondbewegings en gesigsuitdrukkings, alhoewel hulle (nog) nie die voorstelling van die gebruik van driedimensionele ruimte toelaat nie. Met die vinnige vooruitgang wat ten tyde van hierdie skrywe t.o.v. driedimensionele tegnologie gemaak word – dink maar aan al die 3D-televisies, teaters, rekenaarspeletjies, ens. wat reeds beskikbaar is – sal dit egter nie vir veel langer 'n leemte bly nie.


Woordeboeke op CD-ROM en DVD bied gewoonlik tweerigting soekopsies, wat ook in sommige aanlyn woordeboeke moontlik is, soos die woordeboek van Nederlands-Vlaamse Gebaretaal (VGT) en die onlangs gepubliseerde woordeboeke van Sweedse Gebaretaal (SSL), Deense Gebaretaal (DTS) en Finse Gebaretaal (SVK).

'n Kort beskrywing van die soekprosesse in hierdie woordeboeke volg.

Wanneer die gebruiker 'n gebaar in die VGT-woordeboek opsoek, word 'n lys van 107 fonetiese SignWriting-handvormsimbole vir die hand(e) aangebied en vier simbole vir plekke waar die gebaar gemaak word (kop, torso, arms en bene). Die keuse van 'n plek lei na 'n addisionele soekopsie m.b.t. die manier waarin die

hand(e) aan 'n liggaamsdeel raak, bv. vryf of gryp. Die soekresultate word in 'n ongeordende lys vertoon en elke trefwoord kan geklik word om 'n videogreep van die gebaar sowel as die volledige SignWriting-notering daarvan te vertoon.


Die SSL-, DTS- en SVK-woordeboeke bied ook handvorm en plek (en kombinasies) as hoofsoekopsies, maar die seleksiekriteria word op 'n meer gebruikersvriendelike, grafiese gebruikerskoppelvlak ("graphic user interface", GUI) aangebied, wat tekeninge van die hande en plekke op en naby die liggaam aandui. Die seleksie moontlikhede vir plek van artikulasie in die SVK-woordeboek word in figuur 4.9 aangedui:



Figuur 4.9: Soekopsies t.o.v. plek in die aanlyn SVK-woordeboek (uit Zwitserlood 2010: 452).

Die SVK-woordeboek bied ook die moontlikheid om aktiwiteite binne die gebaar (beweging, verandering in handvorm en verandering in oriëntering) by die soektog in te sluit. Die gebruiker kan selfs na gebare soek op grond van mondpatrone. Dit kan gedoen word óf deur 'n item vanuit 'n lysie geskrewe mondpatrone te kies, óf een uit 'n lys foto's van sekere mondpatrone te kies. Die soekresultate word vertoon in 'n lys foto's met Finse vertalings, en meer spesifieke inligting omtrent 'n gebaar, insluitend parameterbeskrywing en voorbeeldsinne – beide in die vorm van video – kan bekom word deur op die foto te klik.

Gebare kan in die DTS-aanlyn woordeboek gesoek word deur ('n kombinasie van) handvorm, plek en onderwerp. Binne die handvormkategorie is dit moontlik om 'n meer of minder gedetailleerde soektog te doen, m.a.w. die gebruiker kan aandui dat die gebaar 'n handvorm met 'n uitgestrekte vinger het (algemeen), of 'n sekere fonetiese variant vir hierdie handvorm kies, bv. met 'n reguit of gebuigde uitgestrekte vinger, of met 'n wisselvorm vir die duimposisie (meer spesifiek). Hierdie proses word in figuur 4.10 aangedui, waar die omringde handvorm 'n stel van vier variante het (aangedui deur die ovaal); hierdie vorme kan afsonderlik gekies word of in 'n soektog gekombineer word. Dit is 'n groot voorsprong bo woordeboeke wat slegs oor die moontlikheid beskik om 'n spesifieke variant te kies, en spaar die gebruiker die moeite om soektogte vir elke variant uit te voer:



Figuur 4.10: Handvormseleksie in die DTS-woordeboek (uit Zwitserlood 2010: 453).

'n Gebaresoektog in hierdie woordeboek lei na 'n lys soekresultate ("hits") wat bestaan uit 'n stilfoto van die gebarevideo, 'n glos, en die Deense vertaling(s). Die gidselmente kan weer gerangskik word volgens handvorm of plek. Deur op 'n soekresultaat te klik, word 'n nuwe venster oopgemaak wat 'n reeks data bevat: afgesien van 'n herhaling van die soekopsies, is daar 'n video van die gebaar, Deense vertalings, glosse van DTS-sinonieme vir die gebaar (waarop geklik kan word om die gebare te vertoon), en voorbeeldsinne in DTS met vertalings in Deens.

Die voorbeeldsinne word in glosse gegee, sodat elke glos geklik kan word om die video vir die gebaar wat dit voorstel, te sien. Om die hele DTS-sin te sien, kan mens op die "speel"-knoppie voor die sin klik. Onder die video verskyn 'n lys glosse waarin die lemma verskyn, met vertalings in Deens, en weereens die moontlikheid om elke glos se video te sien:



Figuur 4.11: Soekresultate in die DTS-woordeboek (uit Zwitserlood 2010: 454).

Die soektog na gebare op grond van gebareparameterwaardes is dus veel makliker in 'n elektroniese woordeboek as in 'n gedrukte een. Die woordeboeksamstellers moet steeds parameterwaardes aan die gebarevideo's koppel, maar daar is nie die tipiese probleem van rangskikking nie. Die gebruikers van so 'n woordeboek moet weg van die gebaar as 'n geheel abstraheer om die gebareparameters in 'n soektog te kan gebruik, maar die aanbieding van sulke waardes kan op 'n duidelike, gebruikersvriendelike manier gedoen word. Die aanbieding van gebare is baie duideliker as in enige gedrukte woordeboek, aangesien 'n video gesien kan word, sowel as 'n tweedimensionele prentjie.

Dit is harde werk om sulke omvattende woordeboeke saam te stel, en om daardie rede is daar op die oomblik net 'n handjievol, alhoewel die getal stadigaan groei. Baie aanlyn gebaretaalwoordeboeke is steeds eenrigting, wat beteken hulle gee slegs gebarevertaling vir woorde van 'n gesproke taal in 'n een-tot-een-verhouding (soos bv. die *American Sign Language Browser*), en sonder verdere inskrywings vir die lemma in die gebaretaal, soos die *Gallaudet Dictionary of American Sign Language*. Laasgenoemde woordeboek verskaf in die boekvorm slegs 'n alfabetiese lys Engelse soekwoorde met 'n bygaande skets, sonder enige verdere inligting. Op die meegaande CD-ROM lei die geskrewe soekwoord uit die alfabetiese lys na 'n video van die gebaar, en in sommige gevalle word sinonieme (in die gesproke taal) verskaf, maar geen verdere inligting word in ASL gegee nie. Dit is ook nie moontlik om 'n gebaar op te soek nie.

Elektroniese woordeboeke het steeds 'n redelike klein databasis, met ongeveer 2 000 tot 5 000 lemmas.

4.1.1.3. Bronmateriaal en informante

Leksikograwe van gesproke tale het toegang tot groot digitale tekskorpora, korpora wat dit moontlik maak om maklik te soek en om konkordansies op te stel (Schermer 2004: 6). Daar is egter maar min databronne van gebaretale, en gebaretaalleksikograwe is hoofsaaklik op inligting komende van gebaretaalgebruikers of –informante aangewese. Uit die aard van die saak is daar nie geskrewe bronne soos boeke, koerante of tydskrifte nie. 'n Paar lande het televisieprogramme in die nasionale gebaretaal (soos die program "See Hear!" in Brittanje en "DTV" in Suid-Afrika), maar in die meeste lande is daar geen sodanige programme nie. In die afgelope tyd het verskillende soorte video's waarin 'n gebaretaal gebruik word, hulle verskyning op die internet gemaak, veral in die vorm van enkele video's wat deur individue in YouTube opgelaa word, maar ook hele programme, soos internetnuusuitsendings. Hierdie materiaal sou ook in die toekoms as bronne gebruik kon word. Maar hoe is die gebare vir gebaretaalwoordeboeke dan tot dusver gekies en ingesamel? Die belangrikheid van datainsameling is lank in gebaretaalleksikografie verwaarloos – in die vroeë woordeboeke word die data in die woordeboek dikwels nie gemotiveer nie (Schermer 2004: 5).

Dit is belangrik om te onthou dat, in die vroeëre stadiums van gebaretaalwoordeboeke, dit die funksie van die woordeboeke was om (horende) ouers en onderwysers van gebare vir sekere woorde te voorsien sodat hulle met hul dowe kinders of leerlinge oor alledaagse voorwerpe en aktiwiteite kon kommunikeer. Gewoonlik is lysse woorde wat hierdie mense sou nodig hê, saamgestel en Dowe²³ gebaregebruikers is gevra watter gebare hulle vir elke woord sou gebruik. Gegewe hul antwoorde is pare woorde en gebare in die woordeboek ingeskryf. So 'n elisitasiemetode vergemaklik die produksie van 'n voorstelling van die gebare (d.m.v. 'n prentjie of foto), aangesien die gebaregebruikers hul bes sal doen om die gebare duidelik te vorm. Daar is egter heelwat gevare by hierdie prosedure: dit is 'n risiko om aan die gebruiker voor te stel dat daar 'n een-tot-een-verhouding tussen gebare en woorde bestaan, en daar is 'n redelike kans dat gebare op hierdie manier geëlisiteer word wat nie so in die gebaretaalgemeenskap gebruik word nie (dit is egter 'n algemene probleem in die samestelling van tweetalige woordeboeke en nie beperk tot die veld van gebaretaalwoordeboeke nie). Gegewe die lang tydperk waartydens die gebruik van Gebaretaal in skole verbied is, is daar gevolglike tekorte in die gebaretaalkorpora vergeleke met die gesproke tale van die horende gemeenskap. Die uitbreiding van tweetalige (gebaretaal/gesproke taal) programme en die voortdurende groei in opvoedkundige tolking op sekondêre en tersiêre vlak het 'n dringende behoefte geskep aan 'n gekoördineerde poging om gebare vir bv. tegniese terme en skoolvakke te bepaal. Dit is geweldig belangrik dat Dowe eerstetaalgebruikers by die ontwikkeling van nuwe gebare betrokke moet wees (Schermer 2004: 6).

As gevolg van die langdurige dominansie van gesproke tale kan die informante deur die gesproke taal beïnvloed word: 'n voorbeeld hiervan is eerstehands ervaar tydens die opname van gebarefrases vir 'n videoprojek onder leiding van dr. Lynette van Zijl (Informasietegnologie, Universiteit van Stellenbosch). Die gebare-informant, B., het summier die frases soos hulle op die witbord verskyn het, in Gebare-Afrikaans

²³ Dit het minstens algemene praktyk geword vir gebaretaalleksikograwe om 'n stel kriteria te bepaal waaraan die informante moet voldoen: informante moet Dowe eerstetaalgebruikers van gebaretaal wees, verkieslik Doof van Dowe ouers, en hulle moet gerespekteerde lede van die Dowe gemeenskap wees (Schermer 2004: 5). In die gevalle waar woordeboeke gebaseer word op inligting wat slegs van horende gebaretaalgebruikers bekom word, word die woordeboeke dikwels nie deur die Dowe gemeenskap aanvaar nie.


vertaal, m.a.w. gebare met 'n Afrikaanse woordorde en grammatika. Daar moes mooi aan hom verduidelik word dat daar nie bloot 'n *gebare-weergawe* van die Afrikaanse inhoud op die bord verlang word nie, maar die *gebaretaal-ekwivalent*.

Ongeag hierdie risiko's, word die metode om gebare deur die gebruik van woorde van 'n gesproke taal te elisiteer, steeds algemeen gebruik. Digitale gebaretaalkorpora – van onlangse oorsprong en voortgaande aard, of in die toekoms (Johnston 2009: 87; Crasborn en Zwitserlood 2008: 46-47) – gekombineer met aanlynhulpmiddele, wat minder beperk is t.o.v. aktualiteit en register as korpora, sal gebaretaalleksikografie aansienlik ondersteun deur die verskaffing van groot (geëlisiteerde en semi-spontane) datastelle wat baie gebruikers van verskillende areas en ouderdomme insluit. Sulke bronne bevat gebare in konteks, wat die afleiding van die subtiele betekenis en funksies van die gebare toelaat wat nodig is vir die meer gesofistikeerde woordeboeke wat deesdae benodig word.

4.1.1.4. Kompleksiteit van gebare

Soos reeds bespreek is, is die struktuur van gebaretale dikwels redelik verskillend van die gesproke tale wat in dieselfde land of streek gebruik word. Waar gesproke tale naamwoorde en werkwoorde gebruik om na voorwerpe en gebeure te verwys, kan gebaretale van komplekse werkwoordelike of sintaktiese strukture gebruik maak om dit te doen. Daarom is dit dikwels baie moeilik om 'n vertaling in 'n gebaretaal vir 'n woord uit die gesproke taal te gee, en omgekeerd.

In baie gebaretale stem sommige gebareparameters ooreen met morfeme en kan morfeme deur handvorme uitgedruk word asook deur die ander parameters. In sommige gevalle kan gebare afgebreek word in kleiner dele of eenhede wat wel betekenisdraend is (dus morfeme), bv. die gebaar TRUI wat bestaan uit 'n kombinasie van die gebaar vir BREI en 'n klassifiseerdervorm vir AANTREK:



Figuur 4.12: Die gebaar TRUI (Howard 2008: 59).

Gebare word op 'n produktiewe wyse gevorm deur morfeme te kombineer (vir 'n omvattende bespreking van die verskillende maniere waarop morfeme kan kombineer, sien Brennan (1992: 35 – 40) se voorbeelde uit BSL), en dit is soms moeilik om te besluit of die gebare wat uit sulke produktiewe gebarevormingsreëls ontstaan, in 'n woordeboek ingesluit moet word, al dan nie. Die morfologiese kompleksiteit van baie gebare word dikwels nie erken of selfs ontken nie, en word gevolglik ook nie in woordeboeke aangedui of uitgebeeld nie. Daar is verskeie redes hiervoor, waarvan een belangrike rede spruit uit die feit dat dit so moeilik is om 'n gebaar voor te stel of uit te beeld. Gebaretaalnavorsing, insluitend leksikografie, maak tradisioneel van glosse gebruik om gebare maklik voor te stel.

Gebaretaalglosse verskil van glosse wat in die gesproke taal se literatuur gebruik word, daarin dat algemene glossering slegs (leksikale en grammatikale) inligting etiketteer wat in die oorspronklike ortografie (of IFA) voorkom, terwyl gebaretaalglosse, by die gebrek aan die oorspronklike uiting, die gebare verteenwoordig, en ekstra kodes en uitbeeldings gebruik om grammatikale inligting weer te gee. Aangesien 'n glos dikwels bestaan uit 'n monomorfemiese woord of 'n woord met 'n morfologiese struktuur wat verskil van dié van die gebaar, word die eintlike struktuur van die gebaar gewoonlik misken. Hiermee saam bestaan die probleem dat daar dikwels aanvaar word dat die gebare aan dieselfde woordkategorie as die glos behoort, terwyl dit nie noodwendig die geval is nie (Slobin 2008 bied 'n oorsig oor die probleme wat uit die gebruik van glosse ontstaan).

Woordeboekskrywers het tot dusver min aandag aan hierdie probleme gegee. 'n Ander benadering as die tradisionele een sal in die toekoms benodig word, waarin

(r)egte gebaretaalbronne i.p.v. gebare-elisasies gebruik word, en waardeur die verskillende betekenis en interpretasies van die gebare gestel kan word en waarin ander inligting ook gevind kan word.

4.1.2. Die lemma en sy voorstelling

Die vraag "Wat presies stel 'n lemma daar?" het al baie bespreking opgelewer. Een kwessie in gebaretaalleksikografie is die vraag na die produktiewe vs. die passiewe of gevriesde leksikon. Sommige leksikograwe voel dit is belangrik om beide die produktiewe en passiewe leksikon te inkorporeer, aangesien die passiewe leksikon so 'n klein deeltjie is van die moontlike leksikon van die meeste gebaretaal. Ander leksikograwe beweer dat 'n leksikograaf hoofsaaklik 'n belangstelling in die definiëring van die leksikale gebare van 'n taal moet hê. Hulle tref weer 'n duidelike onderskeid tussen 'n lemma en 'n gebaar: nie alle gebare is lemmas nie, maar alle lemmas in gebaretaalwoordeboeke is gebare (Schermer 2004: 7). Dit beteken eenvoudig dat sommige gebare byvoorbeeld kan bestaan of ontstaan uit die gebruik van 'n klassifiseerderhandvorm wat in 'n spesifieke konteks op 'n sekere manier gebruik word om sekere betekenis oor te dra. 'n Spesifieke gebaar kan dus bestaan uit "lemma plus x", waar x 'n eienskap van die produktiewe leksikon is. Die punt wat hier gemaak word, is dat sommige gebare oor 'n spesifieke en (meestal) onveranderlike sitasievorm beskik – hulle is dus die sogenaamde "leksikale gebare" as vasgestelde woordeskatitems. Ander gebare, wat deel van die produktiewe woordeskat vorm, beskik nie oor 'n vaste sitasievorm nie aangesien hulle gewoonlik uit 'n klassifiseerderhandvorm bestaan (sien paragraaf 4.1.4 hieronder) wat sekere veranderinge t.o.v. beweging, handpalmoriëntering en dies meer mag ondergaan na gelang van die konteks waarin hulle gebruik word. Dit wil egter voorkom asof daar nie universele of eenvormige vaste beginsels t.o.v. die lemmatisering van gebare bestaan nie, en elke individuele samesteller van 'n bepaalde gebaretaalwoordeboek motiveer en beskryf gewoonlik hul besluite rakende lemmatisering in die voorteks van die betrokke woordeboek.

Die grammatikale besonderhede vir 'n gegewe lemma lewer sekere probleme vir die meeste gebaretaalleksikograwe op: in die meeste gevalle is daar vir 'n gebaretaal geen verwysingsgrammatika van die tipe wat nodig sou wees om hierdie tipe inligting saam te stel nie.

Die videomateriaal wat in elektroniese woordeboeke gebruik word, konfronteer die redakteur met 'n hele reeks probleme: wat is die presiese vorm van die sitasievorm (hoe gemaak met opsionele en nie-opsionele komponente van die gebaar wat nie op die hande gevorm word nie, soos mondbeweging); wie kan 'n model wees (die model in die video is dikwels bekend aan die Dowe gemeenskap en kan aan kritiek onderwerp word). Daar is reeds heelwat navorsing gedoen oor eienskappe waarvoor videomateriaal beskik t.o.v. agtergrondkleur, lig, die klere en kleure wat die model dra, gebaarspoed, ens. (Schermer 2004: 7).

4.1.3. Standaardisering en variasie

Krausnecker (2003: 11) dui daarop dat die erkenning van 'n gebaretaal nie al die probleme van die gebruikers daarvan tegelykertyd sal oplos nie, waarskynlik ook nie in die onmiddellike toekoms nie. Tog sal die (wettige) erkenning van gebaretaale se sosiale en regs-geldige ruimte die gebruikers daarvan toelaat om die uitputtende werk van voortdurende "selfverdediging" te stop en om kreatiewe, selfgedefinieerde prosesse en ontwikkeling te begin. Die erkenning van 'n taal gee 'n minderheidsgroep die ruimte om te dink en 'n plan te beraam om die baie ander dinge wat sy lede dink hulle nodig het of wil hê, te bereik: basiese sekuriteit in die vorm van taalregte sal 'n swaar invloed op opvoedkundige en die ander mees relevante praktyke hê. Die status van 'n gebaretaal hang af van die status van die Dowe gemeenskap, die historiese agtergrond en die rol wat 'n gebaretaal in Dowe onderrig speel, en 'n (nasionale) woordeboek wat deur 'n hoog aangeskrewe uitgewer uitgegee word, gee die (nasionale) gebaretaal die status en stukrag wat nodig is vir die wettige erkenningsproses daarvan (Schermer en Koolhof 2010: 1557).

Stokoe (1994: 331) verduidelik waarom 'n ernstige woordeboek soveel meer as 'n "woordboek" is:

By defining hundreds of thousands of English words in phrases and sentences in English, [the *Oxford English Dictionary*] describes this language more completely than any other single book can do. By quoting other examples of its use as the meaning has changed, [it] also presents a rich history of the language and a history of users' thought. That is why publication of a serious

dictionary makes news. Between the covers of a serious dictionary we find, all ready for us, the tools of thought.

Woordeboeke kan aan die wêreld wys dat Dowe gebaregebruikers in hul gebaretale kan dink met logika en presiesheid en selfs elegansie – hulle kan die vals idees wat onkundige mense oor Dowe mense en die Dowe gemeenskap en gebaretale het, uitwis op 'n manier soos niks anders kan nie (Stokoe: 1994: 332). 'n Taal kan egter nie alleen, in isolasie, bestudeer word nie, maar daar moet daarna gekyk word in die direkte verband met die mense wat dit gebruik, die dinge waarvoor hulle in die taal gesels en die beskouing of sienswyse van die wêreld wat deur hul gebruik van die taal op hul gelê is (Stokoe: 1994: 333).

Die term "ernstige woordeboek" is geen erkende leksikografiese term nie. Soos Stokoe dit gebruik, verwys dit na 'n woordeboek wat volgens leksikografiese beginsels gemaak is en sekere leksikografiese funksies vervul. Woordeboeke is deur Wiegand (1998: 298) beskryf as produkte met sekere gebruikswaarde – as sodanig moet hulle ontwerp en saamgestel word om bystand aan 'n spesifieke gebruiker te verleen wat voor komplekse behoeftes te staan kom wat uit 'n spesifieke soort gebruiksituasie spruit (soos teksproduksie of –resepsie). Dit staan bekend as leksikografiese funksies, wat, tesame met die onderwerp of veld wat deur hierdie funksies gedek word, die werklike doel van 'n woordeboek vorm:

Werklike doel = leksikografiese funksies (insluitend die onderwerp/veld wat hierdeur gedek word) + behoeftes van teikengebruiker.

Gouws stel dit dat woordeboeke praktiese instrumente is en dat hulle saamgestel word met 'n spesifieke teikengebruiker in gedagte (2001b: 64) – woordeboeke moet 'n spesifieke doel bereik om 'n funksionele instrument te kan wees. Hierdie doel moet geïdentifiseer word voordat die proses van samestelling kan begin. Volgens Gouws (2001b: 64) word die werklike doel van 'n woordeboek onder meer bepaal deur die tipologiese aard van die woordeboek en die beoogde teikengebruikergroep. Die werklike doel van 'n woordeboek impliseer immers dat 'n woordeboek gemaak word sodat die teikengebruiker wat die woordeboek in 'n tipiese gebruikskonteks gebruik, 'n instrument sal hê wat hom of haar help om 'n suksesvolle woordeboeknaslaanprosedure uit te voer deur te slaag in die doel wat die soektog gemotiveer het (Gouws 2001b: 64). Kortom, die werklike doel van 'n woordeboek

behoort dus te wees om die teikengebruiker in staat te stel om 'n toepaslike antwoord op sy vraag te vind.

Standaardisering kan beskryf word as die proses waardeur 'n taal op een of ander manier gekodifiseer is. Daardie proses behels gewoonlik die ontwikkeling van dinge soos grammatikale beginsels en spelreëls. Woordeboeke as primêre en sekondêre normeringsbronne is gewoonlik 'n uitvloeisel van hierdie proses. Standaardisering verg ook 'n mate van ooreenkoms wat bereik moet word oor wat in die taal is en wat nie (Wardhaugh 1998: 29-30).

Net soos enige gesproke taal toon gebaretaal 'n mate van variasie. Dit kom voor op alle vlakke van 'n taal: fonologie, morfologie en sintaksis. Soos reeds bespreek, stem variasie in gebaretaal – net soos in gesproke tale – ooreen met sosiale faktore soos streek, ouderdom, geslag, sosio-ekonomiese status, en so meer.

Studies en ondersoeke deur Lucas (2003: 331) dui daarop dat die leksikale items wat die meeste gebruik word en die wydste verspreid is, ook die hoogste aantal fonologiese variante het, en dat dit selfs waar is van die leksikale items wat die hoogste aantal onderskeidelike leksikale variante het – daar is blykbaar 'n skakel tussen die frekwensie van gebruik, verspreiding en variasie.

Gebaretaalwoordeboeke hanteer variasie op verskillende maniere: die meerderheid gebaretaalleksikograwe is geneig om 'n standaardiserende woordeboek van die gebaretaal te produseer of om minstens een variant as die voorkeurvariant voor te hou. Selfs al was dit nie die oorspronklike bedoeling nie, is mense oor die algemeen – en veral horende leerders van gebaretaal – dikwels geneig om die inligting in 'n woordeboek as voorskriftelik eerder as beskrywend te beskou: as dit in die woordeboek is, is dit reg, en as dit nie in die woordeboek opgeneem is nie, bestaan dit nie! (Schermer en Koolhof 2010: 1560). Al verklaar die persoon wat 'n gebarewoordeboek voorberei dat dit beskrywend eerder as voorskriftelik is, lees die algemene publiek dit feitlik met sekerheid as gestandaardiseer, en daarom voorskriftelik. Dus, tensy die voorbereider gebarevariasies aanbied soos wat hy of sy dit aantref, moet die voorbereider besluit watter van die variasies "korrek" is, aangesien die algemene publiek dit as standaard gaan beskou. Nog belangriker: indien die voorbereider nie die konsensus van die landswye Dowe gemeenskap bekom het nie, sal Dowe in streke of ouderdomsgroepe wat nie geraadpleeg is

tydens die samestelling van die woordeboek die woordeboek nie as gestandaardiseer nie maar "verkeerd" beskou (Collins-Ahlgren 1994: 340). Woordeboeke het dus sosiolinguistiese funksies wat verder strek as hul funksie om die betekenis van woorde te beskryf – die blote beskrywing van woorde en uitsprake is sosiaal geplaas (Lucas 2003: 326). In die leksikografieteorie word 'n onderskeid getref tussen woordeboeke wat *preskriptief*, *deskriptief* of *proskriptief* is. Bergenholtz (2003) verskaf 'n omvattende bespreking van die onderskeidelike verklarings, wat hier slegs kortliks genoem word: **preskriptiewe** woordeboeke is voorskriftelik en beïnvloed dus die woordeboekgebruiker se taalgebruik; **deskriptiewe** woordeboeke is beskrywend en toon aan die gebruiker hoe 'n spesifieke taalelement gebruik word; in die geval van **proskriptiewe** woordeboeke stop die leksikograaf egter nie by die inligting rakende die gebruik van 'n taalelement nie, maar wil hy of sy ook vir die gebruiker aandui watter variant gekies moet word indien daar meer as een moontlike keuse is, en dit is in die praktyk 'n selektiewe beskrywing. Anders as beskrywend, waar elke enkele geval of variant op sy eie beskryf word, vergelyk proskripsie deurentyd soortgelyke gevalle op 'n sistematiese wyse.

In die voorwoord tot die *Dictionary of American Sign Language* (DASL) sê Stokoe die volgende oor variante in die woordeboek: "following the main listing at a little distance are shown variants of the sign which are either slightly different ways of making the sign or different ways that the same sign may be written" (Stokoe et al. 1976: xxiii) (sy gebruik van die woord "listing" dui waarskynlik op 'n lemma). Die twee addenda deur Croneberg – *The Linguistic Community en Sign Language Dialects* – behandel variasie in groter besonderhede. Aanhangsel C, *The Linguistic Community*, beskryf die kulturele en sosiale aspekte van die Dowe gemeenskap en bespreek die kwessies van ekonomiese status, patrone van sosiale kontak en die faktore wat tot groepsamehang bydra, soos die uitgebreide netwerke van beide persoonlike en organisatoriese aard wat gereelde kontak tussen mense verseker, selfs al woon hulle in teenoorgestelde uithoeke van die land. Addendum D, *Sign Language Dialects*, beskou die kwessie van sosiolinguistiese variasie soos wat dit betrekking het op die voorbereiding van 'n woordeboek. "One of the problems that early confronts the lexicographers of a language is dialect, and this problem is particularly acute when the language has never before been written. They must try to determine whether an item in the language is *standard*, that is, used by the majority of a given population,

or *dialect*, that is, used by a particular section of the population" (1976: 313). Hy beskryf in hooftrekke die verskil tussen wat hy noem *horisontale* variasie (streeksvariasie) en *vertikale* variasie (variasie wat voorkom in die taal van groepe wat deur sosiale stratifikasie geskei is). Hy lewer ook kommentaar op wat standaardgebaretaal mag wees en verklaar dat min mense enige aandag gegee het aan die term *standaard* in die sin van "statisties mees frekwent". Die neiging was nog altyd om gebaretaal in "goed" en "sleg" te verdeel (1976: 318), en hiermee gee hy 'n goeie opsomming van die verskil tussen voorskriftelike en beskrywende perspektiewe op taal deur te sê: "What signs the deaf population actually uses and what certain individuals consider good signs are thus very often two completely different things" (1976: 319). Die siening van 'n variëteit as "goed" of "sleg" is natuurlik heeltemal subjektief en tegnies, binne die variasietaalkunde, selfs onmoontlik, aangesien geen variëteit linguisties beter of slegter as 'n ander is of kan wees nie. Die term "standaard" is nie 'n gehalte-oordeel nie, al word dit dikwels in lekekringe as sodanig gesien.

Selfs al erken woordeboekskrywers die bestaan van variasie en maak hulle plek daarvoor tot 'n sekere mate, gee woordeboeke nietemin blykbaar nie volledige rekenskap van leksikale variasie nie, en Lucas (2003: 337, 338) stel voor dat dit te doen het met die wesenlike verskille tussen die funksie van woordeboeke aan die een kant (asook die tipe woordeboek) en die aard van variasie aan die ander. Sy sit dit – in baie basiese trekke, veral t.o.v. die siening van woordeboeke – soos volg uiteen:

Woordeboeke	Variasie
Om die betekenis van woorde te beskryf, te illustreer hoe hulle in konteks gebruik word, en aan te dui hoe hulle uitgespreek word	Per definisie, die maniere waarop dele van taal varieer terwyl die betekenis behoue bly
Om 'n standaardmodel vir gebruikers voor te skryf	Per definisie, afwykings van 'n voorskriftelike standaardmodel Onthul dikwels die eerste stappe in taalverandering

Om die status van 'n taal as 'n "regte" taal te versterk en te bevestig, die versterking en bevestiging word deels bereik deur die relatiewe onveranderlikheid van woordeboeke.	Aangesien alle "regte" tale variasie toon, versterk en bevestig die teenwoordigheid van variasie ook die status van 'n taal, maar meer indirek.
---	---

Figuur 4.13: Die funksie van woordeboeke teenoor die aard van variasie.

Hieruit sien ons dat die funksie van woordeboeke gewoonlik is om 'n standaardmodel vir gebruikers voor te skryf, terwyl variasie van nature 'n afwyking van 'n standaard is. Die relatiewe onveranderlikheid van woordeboeke bereik deels die funksie van woordeboeke om die gewaande status van 'n taal as 'n "regte" taal te versterk en te bevestig. Ironies genoeg is dit egter ook die *teenwoordigheid* van variasie wat hierdie status bevestig en versterk, aangesien alle "regte" tale variasie toon, maar dit geskied hier op 'n baie meer indirekte manier en word dikwels as ontoereikend deur nietaalkundiges geag.

Dit lyk nie asof daar 'n manier is om hierdie verskille te versoen nie, wat nie noodwendig 'n slegte ding is nie, net 'n werklikheid. Woordeboekskrywers sal voortgaan om die bestaan van variasie te erken en te verklaar so goed as wat hulle kan, al geskied die verklaring van variasie juis op dieselfde tyd waar daar na eenwording gestreef word (Lucas 2003: 338).

Die vernaamste motivering van die borge en skrywers van gebaretaalwoordeboeke in die verlede en ook in die hede was die standaardisering van die taal van Dowe gemeenskappe – waarskynlik nie met die oog om die Dowe gemeenskap werklik te dien nie, maar om dit vir *horende* mense wat interaksie met die Dowe gemeenskap het of moet hê vanweë hul beroep, makliker te maak om te kommunikeer. Die motivering was dus *ekstern*, met horende-Dowe-interaksie as fokus, en nie *intern*, as 'n beskrywing van die taal soos wat dit in eie reg bestaan en deur die Dowe gemeenskap gebruik word, nie. Dié betrokke Dowe gemeenskap kon so klein of so groot wees as diegene wat in 'n betrokke stad of area woon of tot 'n spesifieke godsdienstige groep behoort, of die Dowe gemeenskappe van 'n hele bevolking. Dit bly steeds 'n omstrede vraag of veel van hierdie publikasies woordeboeke genoem kan word, en in baie gevalle is hulle bloot woordelyste wat gebare as eenvoudige ekwivalente van spesifieke woorde voorstel (Johnston 2003a: 431).

Taalkundiges, opvoeders en die Dowes self het reeds by herhaling die hoë mate van individuele, gemeenskaps- en streeksvariasie in gebaretaalwoordeskat gerapporteer. Die lede van plaaslike Dowe gemeenskappe het leksikograwe al dikwels aangemoedig in hul soeke na standaardisering, selfs wanneer die bydrae van die groepe in elke gemeenskap dikwels konsensus aktief ondermyn en die finale produk en die aanvaarding daarvan deur die breër Dowe gemeenskap in gevaar stel. Ander gebaretaalleksikograwe is gemotiveer deur 'n begeerte om 'n spesifieke gebaretaal in woordeboekformaat te dokumenteer as 'n diens aan die gemeenskap en hulpbron in die eerste plek, en as 'n navorsingshulpmiddel om verdere ondersoek in die taal te vergemaklik in die tweede plek (Johnston 2003a: 432).

Die feit dat gebaretale nie oor 'n geskrewe vorm beskik nie, konfronteer leksikograwe met 'n verdere probleem: watter vorm is die korrekte of mees gebruiklike een en watter vorm sal die sitasievorm in die woordeboek wees? By gebrek aan 'n groot geskrewe korpus moet die leksikograaf op een of ander manier probeer bepaal of 'n sekere item in die taal deur die meerderheid gebruikers gebruik word en dus as standaard gekenmerk kan word, en of dit 'n dialek- of sosiolekvorm is wat net deur 'n sekere deel van die gemeenskap gebruik word. Die meer gesofistikeerde woordeboeke verklaar of beskryf variasie op een of ander manier (al is dit soms 'n skewe beeld wat gegee word en wat op verkeerde interpretasie gebaseer is, soos Penn (1992b; 1993-1994) se *Dictionary of Southern African Signs*), maar min woordeboeke is gebaseer op omvattende navorsing t.o.v. variasie in die taal (Schermer 2004: 9).

Om die potensiaal van gebaretaalwoordeboeke as hulpmiddels vir standaardisering behoorlik te verstaan, moet ons die proses van taalstandaardisering soos ons dit gewoonlik verstaan, definieer, die rol van woordeboeke in verskillende tipes taalgemeenskappe identifiseer, en kyk na die vorm van gebaretaalwoordeboeke in hierdie konteks om te kan onderskei tussen dié wat hoofsaaklik as 'n poging tot standaardisering ontstaan het en dié wat as 'n poging tot dokumentering ontstaan het. Slegs dan sal bepaal kan word hoe standaardisering in Dowe gemeenskappe die beste behaal kan word en watter rol woordeboeke van hierdie tale in dié proses kan speel (Johnston 2003a: 432).

4.1.3.1. Die definisie van standaardisering

Milroy en Milroy (1999: 6) definieer standaardisering in taal as "die onderdrukking van opsionele veranderlikheid in taal" – 'n proses wat taalgemeenskappe oor 'n aansienlike tydperk ondergaan. Die proses mag voorkom op die vlakke van fonologie, woordeskat en sintaksis. Volgens Milroy en Milroy (1999: 22) beskryf die begrip standaardisering eerder die proses as die eindproduk (nl. "die standaardtaal"), en die proses kan in verskillende stadiums afgebreek word: seleksie, verspreiding, handhawing, kodifisering, en 'n voorskrif vir die standaardvorm van die taal. Sonder hierdie onderskeidings of stappe kan ons maklik glo dat 'n standaardvorm van 'n taal aan 'n gemeenskap voorgestel of op hulle afgedwing kan word sonder om die fundamentele aanvanklike omstandighede of voorwaardes teenwoordig te hê wat die proses moet voed en onderhou.

In wese word 'n spesifieke taalvariëteit binne 'n bestaande, lewenskragtige en wydverspreide taalgemeenskap in 'n hoogs gestratifiseerde samelewing as wenslik beskou. Dié variëteit word geassosieer met individue en groepe met mag en aansien wat ook dikwels geografies gekonsentreer is. Mense wat ander variëteite van die taal gebruik en na mag of invloed streef, sal dikwels die eienskappe van die voorkeurvariëteit in hul eie taalgebruik opneem. Op hierdie manier word dit gevolglik dwarsdeur die taalgemeenskap versprei soos wat gebruikers dit as die waardevolle variëteit reproduseer of minstens as sodanig wyd erken (Johnston 2003a: 432, 433).

Maar die voorkeur vir 'n spesifieke taalvariëteit het met meer as die assosiering daarvan met die rykes en magtiges te make, en daar bestaan ook 'n baie praktiese en funksionele sy aan standaardisering. Die verskyning of vinnige toename in die gebruik van geskifte as 'n kommunikasiemiddel begunstig die selektering van die uitspraak, woordeskat en sintaksis van 'n spesifieke variëteit van die taal om in geskifte verteenwoordig te word. Die keuse in die spelling van woorde neig byvoorbeeld om ooreen te kom met die dialek en aksent van die sprekers van die "gesagsvorm": geletterde persone leer om die woorde in slegs een vorm voor te stel ongeag hoe daardie persoon die woorde praat; skrywers leer om die "dialekwoorde" met die "regte" woorde van die nou verhewe en opkomende standaard te vervang. Geletterdheid vergemaklik die doeltreffende verspreiding van hierdie standaard deur korrespondensie, amptelike dokumente en die onderwyssisteem. Die opkomende standaardvorm handhaaf en brei sy invloed uit soos dit aanhou om die funksies wat

die variëteit van die taal vervul, uit te brei. Gebruikers of aspirantgebruikers van die voorkeurvariëteit werk gewoonlik in die regstelsel, wetenskaplike navorsing, letterkunde, geneeskunde, godsdiens en opvoeding. Spesifiek vanweë godsdienstige en regskundige assosiering word die geskrewe vorm self van die taal, wat eens op die opkomende standaard gebaseer is, die maatstaf van korrektheid van die taal in sy geheel (Johnston 2003a: 433).

Op hierdie stadium in die proses van standaardisering ontstaan kodifisering, wat die konvensionele gebruike in skryfwyse en sinstruktuur wat reeds of steeds blyk, duidelik maak. Dit is soos 'n taalkundige voorraadopname waarin sprekers probeer om die voorraad woorde in die taal, hul erkende en aanvaarde vorms en spesifiek die vorm van hul spelling te identifiseer. Alhoewel die eerste woordeboeke en grammatikaboeke van die standaardvorm nou geproduseer word, maak hulle geen aanspraak daarop om omvattend of volledig te wees nie aangesien hulle neig om slegs met "moeilike" woorde, frases of grammatikale strukture wat probleme vir potensiële skrywers inhou, te make te hê. Sodra die standaardiseringproses behoorlik op dreef is, word niestandaardsprekers en gebruikers van die taal gestigmatiseer en word daar teen hulle gediskrimineer. Die terme "dialek" en "aksent" definieer en beskryf nou variëteite van die taal wat van die standaard afwyk en nie na die standaard verwys nie – gebruikers van die standaardvariëteit beskou dialekte of niestandaardvariëteite onmiskenbaar as verkeerd, veral wanneer dit in geskrewe vorm verskyn. Leksikograwe en taalkundiges produseer dokumente wat bedoel is om die korrekte betekenis en spelling van woorde en korrekte sinstrukture te beskryf. Die woordeboeke en grammatikaboeke wat hieruit voortspruit, beweer nou om omvattend en volledig te wees en die meeste gebruikers beskou hulle as skeidsregters t.o.v. korrektheid. Standaardisering bereik sy volledigste vorms in gemeenskappe van massa- of byna universele geletterdheid – mense in sulke gemeenskappe spandeer baie jare aan formele opleiding en wy 'n groot hoeveelheid van hierdie tyd aan die verwerwing van geletterdheid in hierdie standaardvorm van die taal. Vir hulle *is* die geskrewe vorm van die taal "die taal" – enigiets anders word gewoonlik as afwyking, slordige produksie of uitvoeringsfout geringgeskat (Johnston 2003a: 433, 434).

Die een eienskap van hierdie scenario wat uitstaan, is die kernbelangrikheid van skrywery as 'n katalisator in en 'n eindproduk van die hele proses – daar is inderdaad

min twyfel dat die gestandaardiseerde vorm van enige taal "is most fully achieved in writing" (Milroy en Milroy 1999: 8). In 'n sekere sin is die standaardvorm van 'n taal ietwat van 'n hersenskim of droombeeld: aksente en dialekte bestaan voort in alledaagse taalgebruik en variasies in die uitspraak, woordeskat en grammatika wat van die standaardvorm afwyk, kom oral voor. Selfs sprekers van die standaardvariëteit praat gewoonlik anders as die ideale geskrewe vorm van daardie taal. Tog word niestandaardvariëteite steeds geëvalueer en word afwyking in die geskrewe taal selde geduld, ten spyte van die volharding van dialekte en streeksaksente (Johnston 2003a: 434).

Geletterdheid, of dan minstens die bestaan van 'n geskrewe vorm, is so sentraal tot die standaardiseringsproses soos hier beskryf word, dat gevra moet word hoe die proses kan plaasvind buite die verhouding tussen die gesproke en geskrewe vorme van 'n taal. Sonder geletterdheid of 'n geskrewe vorm kan dit baie moeilik wees om 'n standaardvorm selfs voor te stel of te spesifiseer – dit kan selfs glad nie moontlik wees nie.

4.1.3.2. Standaardisering van gesproke tale sonder 'n geskrewe vorm

Met die bogenoemde in ag genome, kan 'n mens nie die proses van standaardisering van 'n gesproke taal sonder 'n geskrewe vorm as 'n streng vergelykbare proses beskou nie. Indien mens kan sê dat standaardisering hoegenaamd in die geval van 'n ongeskrewe gesproke taal plaasvind, is dit gewoonlik simptome van die ingebruikneming van 'n geskrewe vorm van die taal en die ontwikkeling van 'n plaaslike geletterdheid – die eerste bewys van hierdie skuif weg van 'n suiwer "orale" of mens-tot-mens-status van die taal is dikwels die verskyning van 'n woordeboek (Johnston 2003a: 435).

Wanneer die woordeskat van tale wat tot dusver eksklusief van aangesig tot aangesig was, vir die eerste keer in woordeboekvorm gedokumenteer word, moet sprekers van 'n tipe skryfsisteem gebruik maak of een uitdink. Op die laagste vlak kan sprekers die Internasionale Fonetiese Alfabet gebruik om leksikale items in die onbeskryfde taal te transkribeer, en dan kan hulle van 'n tweede taal en sy geskrewe vorm gebruik maak om die betekenis en funksie van die woorde in die lys te beskryf. Antropoloë, etnografe en taalkundiges het al dikwels van hierdie metode gebruik gemaak om 'n woordeboek as 'n dokumentêre bron en as 'n basis vir die verdere

studie van 'n taal te produseer. Die meeste leksikograwe stel ook een of ander enkeldoelskrif om die taal neer te skryf op 'n manier wat die fonologiese en morfologiese vorme daarvan weerspieël – m.a.w. een van die eerste stappe in die voorbereiding van die meeste woordeboeke van aangesig-tot-aangesig-tale, en veral in die geval van 'n woordeboek wat vir gebruik deur die gemeenskap bedoel is, is om 'n enkeldoelskryfsisteem te ontwerp. Die algehele bedoeling is om die taal te bewaar aangesien sulke tale dikwels bedreig word deur dominante tale en kulture: die ontwikkeling van 'n inheemse geletterdheid is een van verskeie strategieë om die taal, kultuur en lewenswyse te behou (Johnston 2003a: 435).

Die dokumentering van 'n onbeskryfde taal sonder 'n geskrewe vorm behels uiteraard kodifisering en selfs voorskriftelikheid t.o.v. woordspelling deur die nuutontwikkelde ortografie. Verder behels die insameling en aanbieding van data in die woordeboek ook die seleksie en weglating van sekere woorde as lemmakandidate, die seleksie en redigering van woordbetekenisse en die toekenning van sekere grammatikale klasse aan woorde in soverre hulle geïdentifiseer is – dit is op sigself 'n kodifiseringsaktiwiteit. Tog is dit onwaarskynlik dat dit veel gevolge vir die alledaagse spraak of taal van die gemeenskap sal inhou sonder die ekstra mobilisering van die sosiale en taalkundige magte (soos reeds bespreek is) wat ten gunste van standaardisering is (Johnston 2003a: 435, 436).

Slegs die mees naïewe taalintervensionis sou kon glo dat 'n woordeboek alleen in so 'n situasie taalgebruik kan standaardiseer op 'n manier wat soortgelyk aan geletterde samelewings is: die taal moet eerder ook in opvoeding as die onderrigtaal en as 'n medium vir betekenisvolle, funksionele geletterdheid gebruik word. 'n Woordeboek kan 'n belangrike rol in die fasilitering van standaardisering in sulke omstandighede speel, maar daar is geen waarborg vir sukses nie. Dit is belangrik om te erken dat standaardisering die ontwikkeling en gebruik van 'n geskrewe vorm behels: die een impliseer die ander. Geletterdheid is m.a.w. so sentraal tot die idee van standaardisering dat om voor te stel dat dit plaasvind in 'n taalgemeenskap sonder 'n skryfsisteem eintlik impliseer dat die gemeenskap in oorgang is en dat 'n skriftelike vorm besig is om ingevoer word (Johnston 2003a: 436).

4.1.3.3. Die standaardisering van 'n gebaretaal sonder 'n geskrewe vorm

Gebaretale het nie 'n geskrewe vorm nie, soos wat reeds vroeër bespreek is. Die opskrif verwys dus nie na die uitsondering nie, maar na die reël. Die implikasies wat dit vir taalstandaardisering in gebaretaalgemeenskappe inhou, is beduidend.

Gebaretale deel wel die probleme en struikelblokke wat deur ongeskrewe aangesig-tot-aangesig-tale ondervind word, maar het ook hul eie spesifieke en addisionele hindernisse tot die proses van die standaardisering, wat die volgende mag insluit:

- die moeisaamheid, indien hoegenaamd moontlikheid, van die ontwikkeling van 'n skriftelike vorm vir gebaretale;
- die verankering van individuele gebaregebruikers binne familie-, gemeenskaps-, werks- en sosiale netwerke waarin ander mense 'n gesproke meerderheidstaal gebruik waarin hulle gewoonlik ook geletterd is;
- die onderbroke of onreëlmatige aard van gebaretaaloordrag op algemene vlak;
- die geweldige omvang van veranderlikheid en vaardigheid in die taal regdeur gebaretaalgemeenskappe;
- die gebrek aan 'n variëteit van die taal wat binne die meeste gebaregemeenskappe wyd erken en hoog op prys gestel word;
- die feitlik algehele gebrek aan die gebruik van gebaretaal as moedertaal of as minstens een van die tale van onderrig in die onderrig van Dowe persone.

Die elemente wat veral van belang in die lig van taalstandaardisering is, is geletterdheid, onderrig en die bestaan van 'n voorkeurvariëteit van die taal (Johnston 2003a: 436, 437).

Daar is geen (algemeen aanvaarde of gebruikte) geskrewe vorm van enige gebaretaal nie en dit is ook onwaarskynlik dat enige ooit met sukses in die gebaregemeenskap ingevoer sal word. Die transkripsiesisteme wat bestaan en wat 'n doel soortgelyk aan dié van die fonetiese alfabet het, is nie ontwerp of gebruik vir kommunikasie in 'n geskrewe vorm van die gebaretaal nie, wat egter nie beteken dat geen van hierdie sisteme ooit in beginsel vir die skryf van 'n gebaretaal aangepas kan word nie. Daar is egter sekere sielkundige redes waarom dit onwaarskynlik is dat enige plan om 'n skryfsisteem vir gebaretaal te beraam, 'n lewensvatbare vorm

van kommunikasie sal lewer: die mees opvallende een is dat die geskrewe vorm van die gesproke meerderheidstaal van die meeste Dowe gemeenskappe reeds die funksie van geskrewe kommunikasie vir die meeste gebaregebruikers vervul. Verder is die sisteme wat ontwerp is om gebaretale skriftelik voor te stel, gewoonlik net vir taalkundiges van belang. In soverre hulle geletterd is, is die meeste Doves, om die waarheid te sê, ook tweetalig – daar is dus nie werklik 'n funksionele taalkundige nis in Doves se lewens wat deur "geletterdheid in gebaretale" gevul moet word nie (Johnston 2003a: 437).

Wat betref 'n voorkeurvariëteit of variëteit wat hoog op prys gestel word, toon die meeste gebaregebruikende gemeenskappe 'n opmerklieke gebrek aan 'n variëteit van die moedergebaretale wat deur die oorgrote meerderheid van die gemeenskap verkies of gewaardeer word, met Amerika as moontlik die enigste noemenswaardige uitsondering. Die ASL wat aan die Gallaudet Universiteit en die NTID (National Technical Institute for the Deaf, in Rochester, New York) gebruik word, word blykbaar as 'n invloedryke en voorkeurvorm beskou aangesien dit reeds geruime tyd in tersiêre onderrig gebruik word en aangesien graduandi van hierdie instellings dikwels hierdie vorm van ASL in hul professionele beroepslewens gebruik. Selfs die gebaregebruik van moedertaalgebaregebruikers geniet nie altyd dieselfde aansien nie. In soverre as wat voorkeurvariëteite van elke taal bestaan, is hierdie variëteite tot onlangs nog in die meerderheid gebaretalegebruikende gemeenskappe geassosieer met vorme van gebaretale wat sterk deur die gesproke meerderheidstaal beïnvloed is, gewoonlik in sy geskrewe vorm (Johnston 2003a: 438).

Wat opvoeding betref, is die moedergebaretale van sommige Dowe gemeenskappe wêreldwyd eintlik eers die afgelope twee of drie dekades as die onderrigtaal in die opvoeding van Dowe kinders gebruik, en in Suid-Afrika is die gebruik nie eens naastenby so lank in plek nie. Die aantal van hierdie tweetalige en bikulturele programme is baie klein en die mate waartoe die moedergebaretale met goeie beheersing in hierdie programme gebruik en onderrig word, word betwyfel. Onderrig in die moedergebaretale self vind soms plaas, maar nie altyd nie – daar is geen onderrig in die moedergebaretale wat met dié van die meerderheid gesproke taal en sy standaard geskrewe vorm vergelyk kan word nie, en soos ons reeds gesien het,

het die meeste moedergebare tale geen standaardvorm wat goed gedefinieer of gestandaardiseer is nie (Johnston 2003a: 438).

Leksikograwe wat hoop om gebaretaalwoordeboeke as 'n groot hulpmiddel in die standaardisering van die taal te gebruik, vereis dus hopeloos te veel: selekteer, versprei, onderhou, kodifiseer en skryf 'n taal voor – alles in die afwesigheid van geletterdheid in die taal of die gebruik daarvan in opvoeding behalwe vir 'n klein minderheid Dowe kinders. Sonder die seleksie van 'n variëteit van hoë aansien as 'n voertuig van instruksie en as die model van die taal in die geskrewe vorm, is sukses onwaarskynlik. Baie gebaretaalleksikograwe probeer om alles wat in standaardisering betrokke is, te doen in 'n konteks waar taalkundiges en gebruikers van die betrokke taal amper sekerlik die taal nog nooit uitvoerig in 'n korpus literatuur (letterkundig, wetenskaplik, regs kundig of godsdienstig) gedokumenteer of beskryf het nie (Johnston 2003a: 438).

4.1.3.4. Leksikale en fonologiese variasie en standaardisering

In die geval van gebare tale, lyk dit asof leksikale variasie – die gebruik van heeltemal verskillende gebare deur verskillende gebaregebruikers vir dieselfde konsep – vir sommige gebaretaalleksikograwe die aanleidende oorsaak van kommer is. Die aandrang op standaardisering is 'n poging om hierdie verskynsel te beheer of te elimineer. Die volgende probleem is fonologiese variasie – die verskynsel van verskillende vorme van "dieselfde" gebaar (bv. die gebruik van verskillende handvorme of bewegings) by verskillende gebaregebruikers. Anders as die parallelle verskynsel in gesproke taal, is hierdie fonologiese verskynsel by uitsondering sistematies geassosieer met streeks- of dialektiese verskille – dit gebeur baie selde dat die gebaregebruikers van 'n sekere streek een tipe handvorm of beweging op 'n sistematiese manier met 'n ander omruil. As 'n gevolg hiervan is die standaardisering van vorm (of "uitspraak") in gebare tale nie 'n kwessie van 'n voorkeuraksent nie, maar 'n geval van die vermindering van variasie d.m.v. die keuse tussen alternatiewe vorme. Dit is te betwyfel of die uitdruklike standaardisering van aspekte van 'n gebaretaal wat alledaagse gebruik en uitdrukking weerspieël, moontlik is. Nietemin is 'n sekere mate van standaardisering of minstens gelykvormigheid in die leksikon en uitspraak dalk in die lang termyn moontlik as slegs sekere voorkeurvorme van gebare in 'n woordeboek opgeneem word wat dan gebruik word om toekomstige gebaregebruikers, horend en Doof, te onderrig (Johnston 2003a: 439).

Daar is egter geen kans op sukses as standaardisering met onkunde oor die woordeskat van 'n gebaretaal benader word nie: die oorsake van en tipes variasie moet geïdentifiseer en begryp word. Kom ons neem byvoorbeeld leksikale variasie, wat in gebaretale gewoonlik een van twee vername tipes variasie is. In die eerste plek vind leksikale variasie dikwels plaas in leksikale items in basiese semantiese velde (bv. kleure, familieverwantskap, kossoorte en getalsisteme) dwarsoor verskeie gemeenskappe binne 'n nasionale Dowe gemeenskap. So vind ons byvoorbeeld dat die Doves in Kaapstad die eenhandige Amerikaanse of Ierse vingeralfabet gebruik, terwyl die Doves in Worcester hoofsaaklik die tweehandige Britse vingeralfabet gebruik. Hierdie spesifieke element is egter besig om na algemener gebruik van die eenhandige Amerikaanse alfabet te standaardiseer, veral onder jonger gebruikers. Hierdie tipe leksikale variasie is gewoonlik nie naastenby so 'n groot probleem vir die Dowe gemeenskap self as wat dit is vir buitelanders wat die Gebaretaal wil leer nie. Hierdie mate van variasie is gewoonlik ook nie kenmerkend van die standaard-meerderheidstale nie, hetsy geskrewe of gesproke, en dit kan 'n groot bron van irritasie vir opvoeders en owerhede wees. In hierdie situasie verteenwoordig standaardisering die *de jure*- eerder as die *de facto*-selektering van een variëteit bo 'n ander as die "amptelike goedgekeurde standaard" van die hele gemeenskap. Nie alleen ontvang dit gewoonlik natuurlike weerstand van die gebruikers van die gedevalueerde of gewoon geïgnoreerde variëteite van die gebaretaal nie, maar dit kan ook taalkundig ongeldig wees. Hierdie tipe leksikale variasie kan byvoorbeeld in werklikheid 'n funksie van die gelyktydige bestaan van een of meer verskillende gebaretale in 'n land wees eerder as bloot dialekties. Sonder gedetailleerde dokumentering en beskrywing van die taal of tale van die Dowe gemeenskap of gemeenskappe van 'n bepaalde streek of land is daar geen manier om te weet wat die situasie werklik is nie (Johnston 2003a: 439, 440).

In die tweede plek vind opvallende variasie dikwels plaas in die gebare wat gebruik kan word as vertaalekwivalente vir baie van die woorde en konsepte van die gesproke meerderheidstaal, veral dié wat in opvoeding gebruik word en in die standaard geskrewe vorm van die taal aangetref word. Begrypklikerwyse het gebaretaalleksikograwe dikwels baie probleme met hierdie area en die regstelling van hierdie probleem, ook wat die "standaardisering" van gebaretale dikwels beteken. Hierdie probleem het egter beide 'n werklike en 'n denkbeeldige dimensie. Dit kan werklik wees insoverre daar terreine of areas van opvoeding en kennis is

waarin die moedergebaretal nog nooit gebruik is om te kommunikeer nie en waar daar dus werklik 'n gebrek aan leksikale ekwivalente is. Onderwysers en opvoedkundiges ondervind dikwels hierdie probleem, terwyl gebaregebruikers onwillig kan wees om dit te erken en enige aantal geloofwaardige maar nie-geleksikaliseerde ekwivalente vir die onderwyser of leksikograaf mag aanbied. In hierdie konteks kan "standaardisering" dus ook "taalbeplanning" beteken en dit behels die innovasie of skep van nuwe gebare om hierdie leksikale gapings te vul (Johnston 2003a: 440).

Dit kan ook denkbeeldig wees insoverre gebare in die woordeskat van die Dowe gemeenskap bestaan wat gepaste vertaalekwivalente van sekere woorde en konsepte is, maar wat nog nie deur informante geëlisiteer is nie of wat nie aangebied word nie vanweë elisitasietegnieke wat te swaar op die gesproke meerderheidstaal steun. Swak tweetaligheid in óf die navorser óf die informante kan die situasie verder verwar – dit lyk dalk asof leksikale gapings in die gebaretal bestaan terwyl dit nie waar is nie. Dit is onnodig om veranderings aan te bring vir denkbeeldige leksikale gapings, aangesien dit die gebaregebruikende gemeenskap aanstoot gee en van die navorser en/of die navorsingsresultate vervreem (Johnston 2003a: 440).

In hulle keuse t.o.v. watter gebaar om op te neem en met watter "uitspraak" probeer ondersteuners en skrywers van nasionale gebaretalwoordeboeke om beide leksikale en fonologiese variasie te onderdruk: woordeboeke word gesien as die vernaamste instrument in die standaardisering van 'n gebaretal. Maar sonder die voorafgaande verskyning van beskrywende woordeboeke wat die gebaretal van die nasionale Dowe gemeenskappe dokumenteer, sal pogings om woordeboeke op hierdie voorskriftelike wyse te gebruik, moeilik sukses behaal.

Gebaretalwoordeboeke wat met hierdie doel voor oë gemaak is – en baie van hulle is waarskynlik – het grootliks gefaal om enige betekenisvolle en langdurige graad van standaardisering te bewerkstellig. Om hierdie redes hang die waarskynlike sukses van gebaretalwoordeboeke as effektiewe instrumente van taalstandaardisering in Dowe gemeenskappe baie af van of hierdie woordeboeke, bedoel as akkurate gedokumenteerde rekords van die bestaande gebaretal of –tale van die gemeenskap, ooit geproduseer is. Voorts kan die presiese vorm van 'n gevolglike standaardiserende woordeboek (boek, CD/DVD of internet-gebaseerde vorm) ook 'n

groot invloed op die doeltreffendheid daarvan in hierdie opsig hê (Johnston 2003a: 441).

4.1.3.5. Variasie, standaardisering en die woordeboek: die geval van Auslan

Johnston gaan voort om 'n beskrywing te gee van die samestelling van die vyf Auslan-woordeboeke waaraan hy sedert die vroeë 1980's gewerk het. 'n Belangrike aspek van die benadering van hierdie woordeboeke was om nie voor te skryf nie, maar om te dokumenteer: "The signs collected for the Auslan dictionaries are those in general use within the community, and for the most part they are signs that significant numbers of native or heritage signers recognize and use" (2003a: 442). Johnston definieer erfenis-Auslan ("heritage Auslan") as die gebaretaal wat gebruik word deur mense wat met gebaregebruik met Dowe familieledede grootgeword het en wat hierdie tipe gebaregebruik met ander, soortgelyke gebruikers deel: "The greater the generational depth of anyone's immediate family and the larger the signing community in which that family finds itself, the greater 'authority' or 'weight' I attributed to their usage" (2003a: 442). Daarby stel hy dit duidelik dat hy dit nie vermy het om variasie in die taal te dokumenteer in die hoop dat dit gebruik sou beïnvloed nie, en dat hy ook nie veronderstel dat die woordeboeke alleen 'n groot bydrae tot die standaardisering van die taal kan of mag maak, of dat hulle 'n beduidende impak op die alledaagse gebaregebruik van die erfenis-Auslan-gemeenskap sal hê nie. Sekere indirekte gevolge op die gebaregebruikende Dowe gemeenskap as 'n geheel kan wel te wagte wees: mens sou kon verwag dat toenemende toegang tot dokumentering van die taal sal lei na onderwysers van Dowe mense en van gebaretaal wat in staat sal wees om die gebaretaal van die gemeenskap meer akkuraat te weerspieël en te onderrig. Gevolglik sou mens ook kon verwag dat Dowe kinders vir wie blootstelling aan volwasse gebaregebruik op 'n jong ouderdom hoofsaaklik deur hul onderwysers geskied, asook horende mense wat gebaretaal deur volwasse opleidingskursusse leer, gebaregebruik sal leer en vertoon wat meer soos die erfenisgemeenskap van die gebaretaal is, minstens in terme van woordeskat (Johnston 2003a: 443).

Dit is 'n belangrike punt om te erken en te onthou: daar is baie vroeë rondom die standaardisering van SASL en sommige gebruikers is dit steeds nie aldag eens dat daar wel net een SASL bestaan nie, maar (dalk) eerder Suid-Afrikaanse Gebare *taal*.

Die voorgestelde skoolwoordeboek kan dus ook nie hoop om voorskriftelik op te tree ten opsigte van die inhoud deur variante wat in die skoolkonteks voorkom, te ignoreer of uit te sluit nie. Om die waarheid te sê, geen huidige of toekomstige woordeboek van SASL kan, selfs in 'n breër konteks en met 'n groter omvang en/of teikengroep, hoop om dit reg te kry nie. Variasie kan (en moet selfs) ingesluit word, maar behoort as sodanig gemerk te word in gevalle waar 'n definitiewe voorkeurvariant bestaan en algemeen gebruik word. Daar sal sorg gedra moet word in terme van die persone wat die status of gebruiklikheid van enige variante beoordeel sodat dit nie noodwendig die "gewone" gebare is wat tipies deur die (meestal horende) onderwysers gebruik word nie, maar dat dit wel die gebruik van die Dowe leerders weerspieël. "Skoolgebare", m.a.w. gebare wat voorkeur in die klaskamer geniet terwyl daar moontlik ander gebare is wat eerder in gesprekke buite die klaskamer gebruik word, behoort as sodanig gemerk en opgeneem te word. Op hierdie manier word 'n "skoolgebaar" as 'n variant of selfs 'n soort register gemerk, maar die gebaar wat deur die Dowe erfenisgemeenskap as die gebruiklikste beskou word, word as die verstekvariant aangebied en sodoende bestendig as 'n tipe standaard, sodat jong Dowe leerders en selfs (ouer) horende leerders toegang het tot die gebare wat deur die Dowe gemeenskap self gebruik word. Die beste benadering is dus 'n *proskriptiewe* benadering – waar bestaande variante aangebied word tesame met 'n aanbeveling of aanbevelings oor die variant(e) wat verkies word – eerder as 'n voorskriftelike of selfs deskriptiewe een. In 'n proskriptiewe bewerking kan die artikel vir die variant wat verkies word die volledige definisie bevat sowel as sinoniemverwysings na die ander variante, wat op hul beurt weer 'n kruisverwysing na die variant wat verkies word, bevat. 'n Streng voorskriftelike bewerking sal slegs die variant wat verkies word, as lemma opneem sonder om na ander variante of sinonieme te verwys, en 'n beskrywende benadering sal alle variante opneem sonder om 'n uitspraak te lewer oor watter variant(e) as verskieslik beskou word.

Die vraag sou sekerlik gevra kon word of 'n skoolwoordeboek kan of mag voorkeur gee aan terme wat in die klaskamer verkies word, maar gegewe die voortdurende onsekerheid om die status van gebaretaal in Suid-Afrika en ook die feit dat soveel onderwysers horend en nie noodwendig eerstetaalgebruikers van gebaretaal is nie, sou dit onwys wees om horende voorkeure d.m.v. die woordeboek voort te sit. Selfs binne die konteks van 'n gevallestudie by 'n spesifieke skool moet dié skoolwoordeboek as deel van 'n groter geheel gesien word, as een eksemplaar van

'n (toekomstige) reeks woordeboeke wat op verskillende teikengroepe gemik is en 'n groter omvang sal hê.

SASL toon baie ooreenkomste met Auslan en ander gebaretale wêreldwyd: soos reeds bespreek, was dit in die verlede dikwels onderwysers, maatskaplike werkers of lede van geestelike ordes wat aan gebaretaalbeskrywing en –analise gewerk het – die motivering vir hierdie werk was dikwels om gespesialiseerde terminologie (dikwels godsdienstig) in te voer en om gebruik te standaardiseer deur woord-tot-gebaar-ooreenkomste te regulariseer of voor te skryf. Die meeste woordeboeke van hierdie aard is gewoonlik tweetalig en eenrigting, en bevat 'n glos (of glosse) van gebare wat gesorteer is volgens die ortografie van die taal waarin geglos word, m.a.w. geskrewe woorde of glosse. Hierdie woordeboek stel die gebaar gewoonlik voor deur 'n illustrasie of foto en maak selde gebruik van 'n transkripsienoteringsstelsel. Definisies word in die tweede (geskrewe) taal gegee, en sommige woordeboeke groepeer gebare in kategorieë volgens tematiese onderwerpe en rangskik dan, binne elke kategorie, die gebare alfabeties volgens glos of losweg volgens handvorm, plek of rigting, afhangend van watter eienskap die opvallendste vir die onderwerp geag word. Tot onlangs was die meeste gebaretaalwoordeboeke egter tweetalig (gesproke taal – gebaretaal) en eenrigting (vanaf die gesproke/geskrewe taal na die gebaretaal, maar nie andersom nie).

Tweetalige tweerigtinggebaretaalwoordeboeke het 'n gebaretaal-na-meerderheidstaalafdeling waarin gebare gerangskik is volgens taalinterne formasionele beginsels soos handvorm of plek (Johnston 2003a: 444). Met of sonder die gebruik van 'n transkripsiesistelsel sorteer en rangskik hierdie woordeboeke die gebare self volgens die beginsels wat op vormingseienskappe ("formational features"), soos handvorm, gebaseer is. Die eerste woordeboek van hierdie tipe was die *Dictionary of American Sign Language on Linguistic Principles* (Stokoe et al. 1976). Hierdie woordeboek gebruik slegs plek ("location") as die vernaamste organiseringsbeginsel.

'n Tweetalige tweerigtingwoordeboek bied aan gebruikers die moontlikheid om 'n woord deur 'n gebaar op te soek, asook om 'n woord uit die gesproke en geskrewe taal te kies en dan die ekwivalent in die gebaretaal te vind – dit word gewoonlik gedoen deur 'n eenvoudige indeks of 'n tweede groot afdeling in die woordeboek waarin die lemmas, in alfabetiese volgorde, direk na die gebare-ekwivalente en

vertalings lei, soos in 'n tweetalige eenrigtinggebaretaalwoordeboek. Sover vasgestel kan word, het daar nog geen eentalige woordeboek in enige gebaretaal verskyn nie: sonder skryfsisteme vir gebaretale is eentalige woordeboeke van gebaretale in gedrukte vorm feitlik ontmoontlik. Selfs met die koms van film en video was hierdie woordeboeke steeds onprakties, selfs al was hulle in beginsel moontlik. Dit is eers sedert die beskikbaarheid van CD-ROM-tegnologie en rekenaargebaseerde databasisse dat dit moontlik is om 'n eentalige woordeboek te maak (Johnston 2003a: 445). Tot op hede is die mees gesofistikeerde gebaretaalwoordeboeke dus dié wat tweetalig en tweerigting is en die woordeskat van die gebaretaal d.m.v. 'n geordende reeks trefgebare verteenwoordig wat in die tweede taal verduidelik word.

4.1.4. Woordeboekinhoud: nie-leksikale en leksikale gebare

Johnston en Schembri (1999: 126) onderskei soos volg tussen lekseme en gebare:

A lexeme ... is ... a sign that has a clearly identifiable citation form which is regularly and strongly associated with a meaning which is (a) more specific than the sign's componential meaning potential, especially when cited out of context, and/or (b) quite unrelated to its componential meaning potential (i.e., lexemes may have arbitrary links between form and meaning).

Voorts sê hulle gebare is dikwels saamgestel en/of ikonies gemotiveer met betrekking tot hul algemene betekenis: baie van die aanvaarbare gebare wat moontlik gevorm kan word, het 'n graad van inherente betekenis wat afgelei is van die onderliggende ikonisiteit of die semantiese waarde van hul samestellende eienskappe (soos handvorm). Gebare kan ook spesifieke betekenis aanneem wanneer hulle in spesifieke kontekste gebruik word wat nie normaalweg met die gebaar self geassosieer word nie (plaaslike leksikalisering). Hierdie verskynsel kan geweldig misleidend wees vir die leksikograaf wat probeer om 'n gebaar se leksikale betekenis te definieer: dit kan lyk asof die konteks 'n algemeen aanvaarde en meer spesifieke betekenis aan 'n gebaar gee, maar buite konteks sal geen gebaregebruiker waarskynlik enige soortgelyke spesifieke of onvoorspelbare betekenis aan die gebaar toeken nie. Dus behoort die leksikograaf dit ook nie te doen nie: 'n leksikograaf van gebaretaal behoort hoofsaaklik daarin geïnteresseerd te wees om die leksikale gebare van 'n taal te definieer, nie die moontlike


samestellende kontekstuele betekenis(se) van 'n gegewe gebaar nie (Johnston en Schembri 1999: 126; Johnston 2003a: 446).

Eenvoudiger gestel: die verskil tussen die vasgepende ("frozen") en produktiewe leksikon is 'n belangrike aspek van gebaretaalwoordeskat. Brennan (1992: 45) wys daarop dat leerders van 'n gebaretaal dikwels wonder waarom dit vir hulle so moeilik is om werklike gebaretaalgesprekke te verstaan as hulle honderde individuele gebare ken. Die rede hiervoor is dat leerders blootgestel is aan een soort woordeskat wat die gevestigde ("established") woordeskat genoem word en wat gewoonlik in woordeboeke gevind word. Daar is egter ook 'n ander kategorie gebaretaalwoordeskat wat Brennan die produktiewe of "doen-dit-self"-woordeskat noem wat moeilik – en volgens Johnston ook onwenslik – is om in 'n woordeboek vas te vang: die gebaregebruiker skep en kombineer gebare of aspekte van gebare na behoefte en produseer dalk sodoende kombinasies wat nog nooit vantevore gebruik is nie, maar wat verstaanbaar en betekenisvol binne die konteks is (Brennan 1992: 46). 'n Voorbeeld uit SASL is die verskil tussen die gevestigde gebaar BESTUUR (*'n motor*) en die produktiewe gebaar BESTUUR (*'n motor vinnig teen 'n steil, kronkelende pad op*), wat gevorm (kan) word danksy die gelyktydige agglutinerende morfologie wat in gebaretaal moontlik is vanweë die driedimensionele gebareruimte. Die eerste gebaar sal in die woordeboek verskyn, die tweede een nie (Schermer en Koolhof 2010: 1561), aangesien dit van 'n klassifiseerderpredikaat gebruik maak, dus 'n klassifiseerderhandvorm (VOERTUIG) waaraan die predikaat geheg word.


Die probleem met produktiewe woordeskat kan egter grootliks aangespreek word deur 'n oorsig van klassifiseerderhandvorme ("classifier handshapes") en hul werking te gee, soos wat in die *Dictionary of British Sign Language/English* (Brennan 1992: 53 - 67) verskyn – sien die **Bylae: Klassifiseerderhandvorme in BSL** (die verkleuring aan die linker- of regterkant van die afbeeldings en die feit dat dit lyk asof die beelde na een of ander kant "afbuig", is die gevolg van kopiëring en/of skandering uit 'n dik bundel). Die kategorieë waarin die handvorme ingedeel word ("Size and shape", "Tracing size and shape", "Handling", "Instrumental" en "Touch") word in die onderstaande paragrawe verduidelik.

Daar bestaan ongelukkig nie 'n soortgelyke uiteensetting of opsomming van SASL nie – Penn (1992b: 625) bestee 'n enkele paragraaf aan die onderwerp van klassifiseerders en noem slegs twee voorbeelde, nl. die dier-klassifiseerder

(verkeerdelik aangedui as die Y-hand, terwyl dit eintlik die U-hand oftewel H-hand is) en die persoonklassifiseerder (sonder om te noem hoe dit lyk, of selfs dat dit verskillende vorme mag aanneem). Die *Finger Talk*-woordeboek (Howard 2008) dui indirek op klassifiseerders sonder om dit by die naam te noem of om te verduidelik hoe dit werk. By nadere bestudering lyk dit asof lemmas waarvan die beweging as "Mime ..." beskryf word, in werklikheid van klassifiseerderhandvorme gebruik maak:

	<p>H S Loc P O NMF Mov</p>	<p>Drink</p> <p>RH- C In front of mouth Palm left Ref 1 Mime holding a cup and drinking by twisting wrist up towards face.</p>
---	--	---


Figuur 4.14: Die gebaar vir die werkwoord DRINK (Howard 2008: 27).

	<p>H S Loc P O NMF Mov</p>	<p>Pan</p> <p>RH – T Neutral Space Palm left Ref 1 Mime holding handle of pan and move hand forward and backwards quickly a couple of times as if shaking pan.</p>
---	--	---


Figuur 4.15: Die gebaar vir die selfstandige naamwoord PAN (Howard 2008: 129).

Dit wil voorkom asof die beweging nie bloot 'n mimiekagtige beweging is nie maar 'n klassifiseerderhandvorm wat op 'n spesifieke manier beweeg word om die tipiese hantering van die betrokke voorwerp of uitvoering van die betrokke aksie voor te stel – as sodanig is dit veel meer reëlgebonde as blote mimiek.


Uit die voorbeeld vir die gebaar vir PAN, sowel as die volgende voorbeelde vir SKOPPIE, HANDBESEM, VERESTOFFER en BESEM, wil dit voorkom asof die hanteringsklassifiseerder (sien bespreking onder) vir voorwerpe met lang, smal handvatsels die T-handvorm is:




Figuur 4.16: Die gebaar SKOPPIE (Howard 2008: 132).



Figuur 4.17: Die gebaar HANDBESEM (Howard 2008: 132).



Figuur 4.18: Die gebaar VERESTOFFER (Howard 2008: 132).



Figuur 4.19: Die gebaar BESEM (Howard 2008: 133).

By gebrek aan 'n volledige uiteensetting of dokumentering van die klassifiseerderhandvorme van SASL word daar in die volgende onderafdelings swaar en by tye feitlik uitsluitlik op Brennan (1992) se beskrywing van BSL gesteun: al word daar aanvaar dat dit nie (noodwendig) in alle opsigte ook vir SASL waar sal wees nie en dat daar sommige verskille sal wees, gee dit nietemin 'n besonder grondige oorsig van die aard van die taal, sy woorde en grammatika en kon die skrywer selfs met net 'n basiese kennis van SASL die ooreenkomste tussen die werking van die twee tale raaksien.

4.1.4.1. Grootte en vorm

Klassifiseerders van grootte en vorm sê iets van die fisiese eienskappe van voorwerpe, spesifiek hul grootte en vorm. Klassifiseerders is dikwels gemotiveer deur die verhouding tussen vorm en betekenis, en die verhouding in die geval van Grootte-en-Vorm-Klassifiseerders (GVK's) is ooreenkoms/gelykenis: die vorm van die hand lyk na die vorm van die voorwerp. Plat voorwerpe word dus deur plat handvorme voorgestel, soos **B**, **H** en **Wm** (sien die addendum wat na die bronnelys ingesluit is vir illustrasies van hierdie en al die volgende handvorme); ronde voorwerpe word voorgestel deur die sirkel wat gevorm word deur die vingers en duim in **O** en deur die sirkel wat gevorm word deur die wysvingers en duim in **F**; soliede, kompakte ronde of sferiese voorwerpe word deur die kompakte **A**-hand verteenwoordig; smal of dun voorwerpe word deur enkelvinger-handvorme soos **D** en **I** uitgedruk; gebuigde voorwerpe word deur handvorme waarin een of meer vingers gebuig is, voorgestel, soos **D^{||}** en **V^{||}**; gekromde of geronde voorwerpe word deur gekromde handvorme (wat by litte naaste aan die palm gebuig is) soos **B^{||}**, en so meer. Gebaretaal beskik uit hul aard oor die gepaste fisiese hulpmiddele waarmee inligting oor grootte en vorm nageboots kan word, en dit is daarom nie werklik verbasend dat hierdie verhouding van ooreenkoms bestaan nie (Brennan 1992: 47).

4.1.4.2. Natekenende grootte-en-vorm-klassifiseerders

Natekenende klassifiseerders is baie na verwant aan GVK's: hier word die hande gebruik om die grootte en vorm van óf die hele voorwerp óf 'n sekere betekenisvolle of beduidende eienskap van die voorwerp na te teken, soos die **G**-handvorm wat gebruik word om geometriese vorms na te teken, soos om die buitelyn van 'n vierkant, kamer of venster aan te dui, of die **C**-handvorm wat die silindriese aard van

'n olifant se slurp, 'n swaan se nek en pilare kan aandui sowel as hul algehele vorm (bv. gekrom) en posisie (Brennan 1992: 47).

4.1.4.3. Hanteringsklassifiseerders

Hierdie klassifiseerders kategoriseer voorwerpe in terme van hoe mense hulle hanteer, en dus verteenwoordig die vorm van die klassifiseerder nie die vorm van die voorwerp as sodanig nie, maar die vorm van die hande self wanneer hulle verskillende kategorieë voorwerpe hanteer. Die geslote vuis van **A** word gebruik om die vasvat van smal, silindriese voorwerpe soos stapstokke of biljartstokke aan te dui, of die handvatsel van 'n sak, 'n tas of 'n beker. Die **Â**-handvorm word gebruik wanneer meer beheer nodig is, soos met die hantering van 'n sleutel, 'n raket, 'n hamer of dromstokke. Die **F**-handvorm en die **G**-handvorm word gebruik om die hantering van klein of delikate voorwerpe soos juwele, pille en naald en gare aan te dui. Die handvorme **5**, **V** en **V̄** word gebruik vir ronde of kompakte voorwerpe soos deurknoppe, handvatsels, krane, oorfone en flesdeksels (Brennan 1992: 47).

4.1.4.4. Instrumentele klassifiseerders

Instrumentele klassifiseerders is ook soortgelyk aan GVK's in dié opsig dat hulle instrumente, soos stukke gereedskap, werktuie en ander implemente in terme van die fisiese eienskappe van grootte en vorm klassifiseer: die **H**-handvorm word vir lang, smal instrumente gebruik, soos vir eetgerei, veral messe; die **V**-handvorm word gebruik vir instrumente wat twee smal verlengings het, soos skêre en vurke; die **5**-handvorm word gebruik vir instrumente wat verskeie, lang, krom verlengings of tande het, soos 'n grashark (Brennan 1992: 47).

4.1.4.5. Aanrakingsklassifiseerders

Hierdie klassifiseerders is gebaseer op die manier waarop voorwerpe aangeraak mag word en verteenwoordig dus nie die vorm van die voorwerp as sodanig nie, maar die vorm van die hande self wanneer hulle aan verskillende kategorieë voorwerpe raak en wanneer hulle op verskillende maniere aan dieselfde voorwerpe raak. Voorwerpe kan met die vingerpunte van die **5** of **5̄**-handvorm aangeraak word soos wanneer klavier gespeel word, 'n sleutelbord gebruik word of braille gelees word; hulle mag deur die punt van die duim aangeraak word soos wanneer 'n

deurklokkie gelui word, 'n pleister aangebring word of oorpluisies ingesit word; hulle mag deur die punt van die wysvinger aangeraak word soos wanneer 'n afstandbeheer gebruik word. Dit is soms moeilik om die grens tussen hierdie klassifiseerders en hanteringklassifiseerders te bepaal, maar die groot verskil is dat voorwerpe in hierdie geval gesien word as aangeraak en nie as gehanteer, geskuif of geplaas nie (Brennan 1992: 47).

4.1.5. Die lys handvorme en klassifiseerders



Die BSL-tabel van klassifiseerders bevat vier-en-veertig BSL-handvorme wat ten minste een van die bogenoemde klassifiseerdergebruike uitdruk (Brennan 1992: 53 – 67). Sommige word gebruik vir al vyf verskillende tipes klassifiseerderfunksies wat tot dusver beskryf is, sommige druk verskeie van hierdie funksies uit en ander het weer 'n veel meer beperkte gebruik en druk slegs een tipe klassifiseerderfunksie uit. Soos reeds genoem, kan daar met redelike sekerheid aanvaar word dat daar 'n groot mate van ooreenkoms tussen die klassifiseerdervorme vir BSL en SASL sal wees, aangesien hierdie handvorme fisiese voorwerpe en hul hantering deur mense in die werklike wêreld verteenwoordig. Tog sal ál die vorme nie noodwendig identies wees nie, alhoewel daar nog nie met sekerheid aangedui kan word waar en in watter mate daar verskille sal wees nie, aangesien daar nog nie 'n lys klassifiseerdervorme vir SASL saamgestel is nie.

4.1.6. Belangrike semantiese klassifiseerderstelle: persoon, mense en voertuig

Die BSL-klassifiseerders wat as *persoon*, *mense* en *voertuig* bekend staan, was in die verlede hoofsaaklik die fokus in die literatuur. Hierdie klassifiseerders kom met aansienlik hoë frekwensie in die taal voor en funksioneer saam met die wyer reeks ander klassifiseerders wat vooraf en in die tabel bespreek word (Brennan 1992: 53 – 67). Hulle staan soms as semantiese klassifiseerders bekend, aangesien hulle voorwerpe groepeer in terme van spesifieke semantiese eienskappe anders as dié wat reeds genoem is, soos vorm en grootte. Soms word hulle ook as arbitrêr beskou, aangesien hul vorm nie noodwendig met hul betekenis verband hou nie – die meeste gebruikers sien egter wel 'n ooreenkoms tussen vorm en betekenis en hierdie klassifiseerders word gewoonlik onder die inskrywings vir Grootte en Vorm ingedeel. Alhoewel nie alle mense lank en dun is nie, kategoriseer gebaretaal hulle

as sodanig; voertuie is weer langer as wat hulle breed is. Dis egter belangrik om te onthou dat die fokus op hierdie handvorme as verteenwoordigend van hierdie belangrike semantiese kategorieë eerder as op hul vorm en grootte is (Brennan 1992: 49).

Die persoon-klassifiseerder word deur die **D**-handvorm voorgestel, tipies met die wysvinger na bo. Die mense-klassifiseerder (vir 'n redelike groot of onbepaalde aantal mense) word deur die **5**-handvorm of **5**-handvorm voorgestel. Die **5**-hand kan met die vingers na bo gehou word om mense voor te stel wat in 'n ry loop, of met die palm na onder en die vingers weg van die gebaregebruiker of na links en regs soos in SKARE-MAAL-ROND:

<i>Classifier handshape</i>	5		
<i>Size and shape</i>	objects with many long extensions; people; objects of indeterminate shape; crowd milling about (sign 1056)²⁶¹, assembly, furniture		
<i>Tracing size and shape</i>	tracing the position and size of stripes and lines; screeds of writing, lines, graph paper		
<i>Handling</i>	handling curved items or flat items with fingertips; netball (sign 1108), coconut, ball		
<i>Instrumental</i>	instruments with several or many long narrow extensions; garden rake, combine harvester, car wash brushes		
<i>Touch</i>	actions of the fingers; play the piano (sign 1118), deaf-blind alphabet, keyboard		

Figuur 4.20: SKARE-MAAL-ROND (Brennan 1992: 64).

Die **5**-handvorm kan ook vanuit 'n geslote **O** of **A** oopmaak, wat gebruik kan word om klem op sekere soorte ritmiese bewegings soos marsjering te lê (Brennan 1992: 49).


Die voertuig-klassifiseerder word deur die **B**-handvorm voorgestel, hetsy met die palm na onder vir gebare soos VERBYSTEEK of met die palm na links (en die duim dus na bo) soos in PARKEER. Die gebruik van klassifiseerders in verskillende soorte werkwoorde en naamwoorde sal vervolgens verder bespreek word (Brennan 1992: 50).

4.1.7. Klassifiseerders en die regte wêreld


Tot dusver is klassifiseerders bespreek asof daar 'n direkte verhouding bestaan tussen handeling en voorwerpe in die regte wêreld en wat in gebaretaal voorkom, maar dit is streng gesproke nie die geval nie. Daar is ook 'n mate van abstraksie weg van verskynsels in die regte wêreld, al weerspieël die taal dit wel.

Hanteringsklassifiseerders weerspieël wel hoe ons voorwerpe in werklikheid hanteer, maar hulle maak asof ons dit altyd d.m.v. baie spesifieke handvorme doen: ons hou gereeld klein voorwerpe tussen die duim en wysvinger vas, maar die hand vorm nie noodwendig 'n **F** of **G** nie – al tree die taal op asof dit wel die geval is. Dit kan wees dat die taal hierdie spesifieke handvorme gevorm het deels om die funksie van menslike hantering te weerspieël, maar die gebaretaal wat tot dusver bestudeer is – en almal maak wel van klassifiseerders gebruik – het nie almal presies dieselfde stel verhoudings tussen hanteringsfunksies en spesifieke handvorme nie (Brennan 1992: 50).

Alhoewel grootte-en-vorm-klassifiseerders die vorm en grootte van voorwerpe weerspieël, is daar 'n tipe tweerigtingbenadering tot realiteit: die hande self kan die vorme net by benadering voorstel, aangesien hulle deur sowel die fisiese beperkings van hul anatomie as die taalkundige sisteem van handvormkontraste beperk word. Voorwerpe wat in baie opsigte in vorm en grootte verskillend is, kan tot dieselfde groep gekategoriseer word, soos die **C**-handvorm wat as GVK in die gebare PARAGRAAF en DIKSOOLSKOEN gebruik word:



Figuur 4.21: Die gebaar PARAGRAAF (Brennan 1992: 50).



Figuur 4.22: Die gebaar DIKSOOLSKOEN (Brennan 1992: 50).


Die natekenende grootte-en-vorm-klassifiseerder **C** word gebruik vir voorwerpe so uiteenlopend soos pilare in 'n katedraal, kables, 'n olifant se slurp, 'n bierblikkie, 'n kameelperd se nek en 'n eekhorning se stert. Al is daar groot verskille in die werklike grootte en vorm van hierdie voorwerpe, word hulle hanteer asof hulle een of ander eienskap, waarskynlik 'n silindriese vorm, gemeen het. Dit wil voorkom asof gebaregebruikers werk met 'n skakel tussen twee verskillende skale van verwysing: in die regte-wêreld-skaal word dit aanvaar dat voorwerpe wat deur klassifiseerders verteenwoordig word, ook op min of meer lewensgrootte verteenwoordig word. 'n Sigaret, soos verteenwoordig deur die **D**-vinger, is min of meer so lank soos 'n wysvinger. Modelskaal, aan die ander kant, gee die gebaregebruiker 'n langafstandperspektief waarvandaan hy of sy op die toneel kan afkyk eerder as om self daaraan deel te neem: in die Britse navorsingstradisie word soms daarna verwys as *naby* en *verwyderde* fokus (Brennan 1992: 50). Gegewe hul aard, funksioneer hanteringsklassifiseerders binne die regte-wêreld-skaal, terwyl GVK's in al twee skale kan funksioneer: die gebaregebruiker swaai om van een na die ander en zoem soms in om 'n "nabyskoot" te verskaf, en dan weer uit om 'n afstandskoot van die aksie te verskaf. Sulke veranderinge in perspektief is iets wat baie moeilik uit gebaretaal in 'n gesproke taal vertaal word (Brennan 1992: 51).

4.1.7.1. Werkwoorde, naamwoorde en byvoeglike naamwoorde

Klassifiseerders kan verskillende rolle binne die grammatika van die taal speel – hulle kan byvoorbeeld in beide werkwoord- en naamwoordvorm optree en ook deelneem aan die uitdrukking van meervoud en omvang.

Die **A**-GVK kan in die naamwoord PERD gebruik word of in predikaatvorm soos PERD GALOP. Die instrumentele **V**-klassifiseerder kan vir die naamwoord SKÊR of die werkwoordvorm MET 'N SKÊR SNY gebruik word. Hierdie vermoë om verskillende sintaktiese rolle aan te neem, speel 'n belangrike rol in die taal (Brennan 1992: 51).

Alhoewel dit lyk asof SASL en BSL wel aparte items het wat as byvoeglike naamwoorde kan funksioneer, soos kleurterme, is daar ook bewyse dat hulle hoofsaaklik as byvoeglike predikate funksioneer, en dus as werkwoorde optree. Die blote bestaan van klassifiserende handvorme is in stryd met die behoefte aan ekstra, aparte byvoeglike naamwoorde – daar is immers 'n veel meer beperkte nut vir byvoeglike naamwoorde wat "smal", "rond", "gekrom" en "plat" beteken as hierdie inligting reeds in die naamwoord- en werkwoordvorme ingebou is deur die gebruik van die klassifiseerderhandvorme. Dikwels gee die taal sulke inligting vanselfsprekend eerder as om dit as 'n opsionele ekstra by te las. Brennan (1992: 51 – 52) demonstreer dit d.m.v. die voorbeeld 'N TOILET SPOEL, wat kan varieer na gelang van die spesifieke toestel wat gebruik word om die proses te aktiveer: die hanteringsklassifiseerder **A** kan gebruik word om te wys dat 'n ketting getrek of 'n handvatsel afgedruk word; 'n ^{III}**V**-hanteringsklassifiseerder kan gebruik word om te wys dat 'n ronde hefboom wat gewoonlik met gebuigde vingers vasgevat word, getrek word; 'n ^A**A**-aanrakingsklassifiseerder mag gebruik word om die druk van 'n knoppie aan te dui; **B** en ^B**B** hanteringsklassifiseerder kan gebruik word om te wys dat 'n hefboom met die hele hand of met die vingerpunte afgedruk word en 'n **B** GVK-klassifiseerder kan aandui dat 'n hefboom met die voet afgetrap word. Al hierdie klassifiseerders sal in 'n toepaslike posisie t.o.v. 'n denkbeeldige toilet geproduseer word. Dit mag wel wees dat daar 'n gewone gevestigde gebaar in die taal is wat die gebaregebruiker in alle omstandighede kan gebruik, soos die gebaar vir KETEL, selfs al het sommige ketels 'n handvatsel bo-op die ketel en ander aan die kant:

	<p>H S Loc P O NMF Mov</p>	<p>Kettle</p> <p>RH – Y In front of chest Palm facing Ref 1 Keep hand still then twist wrist a little to the left so that thumb points down.</p>
---	--	---

Figuur 4.23: Die gebaar KETEL (Howard 2008: 127).

Die gebaregebruiker kan egter kies om verskille in die regte wêreld te weerspieël en hierdie weerspieëling van fisiese variasie is tipies van gebaretaalgebruik. Aangesien die taal oor hierdie ingeboude moontlikheid beskik, kan die gebaregebruiker hierdie moontlikhede op 'n gereelde basis benut – op dié manier gee die gebaregebruiker vanselfsprekend inligting oor grootte en vorm of hoe voorwerpe hanteer word. 'n Gebaregebruiker wat vertel hoe hy/sy by 'n gebou instap, sal ook spesifieke inligting oor die deure wat betrokke is, gee: swaaideure, dubbele deure, outomatiese deure, deure wat na die kant toe oopmaak, deure wat deur die druk van 'n knoppie oopgemaak word, deure met ronde handvatsels, deure met lang en smal handvatsels, en so meer. Vir die meeste horende mense is dit 'n vreemde verskynsel aangesien hulle sulke inligting gewoonlik net verskaf wanneer hulle dit nodig ag; gebaretaal is geneig om hierdie inligting outomaties te enkodeer en die gebaregebruiker fokus op belangrike fisiese eienskappe. Hierdie eienskappe is belangrik *binne die konteks van die taal*, en gebaretaal enkodeer nie inligting oor kleur op 'n gereelde of outomatiese basis nie, maar wel oor vorm en grootte (Brennan 1992: 52).

Die voorbeelde uit BSL dien bloot ter illustrasie en is bedoel om die leser se aandag te vestig op die grammatikale eienskappe van 'n gebaretaal. Alhoewel daar moontlik 'n mate van ooreenkoms is tussen die klassifeerderhandvorme wat in verskillende gebaretale gebruik word – gegewe die feit dat hulle na die grootte en vorm van fisiese voorwerpe in die werklike wêreld, asook tipiese hantering van voorwerpe, verwys – en beslis in die manier waarop hulle gebruik word, is klassifiseerders nie presies dieselfde in alle gebaretale nie: die semantiese ASL-klassifiseerder vir VOERTUIG, nl.



is nie 'n moontlike/aanvaarbare handvorm in die fonologie van NGT nie, byvoorbeeld, en is ook nie die voertuig-klassifiseerder in SASL nie (in SASL, soos in BSL, word die **B**-handvorm gebruik), alhoewel dit 'n aanvaarbare handvorm is.

Klassifiseerders funksioneer egter nie in isolasie nie, maar kan met produktiewe morfologie gekombineer word om klassifiseerder-predikate te vorm.

4.2. Algemene slotopmerkings

Hierdie hoofstuk het in meer besonderhede besprekings aangebied oor gebareparameters, gebaretaalwoordeboeke, standaardisering van gebaretale en die verskillende tipes klassifiseerders om sodoende as aansluiting te dien tot die leksikografiese teorie wat in die vorige hoofstuk bespreek is asook om die leser insig te bied in sommige van die uitdagende en/of problematiese kwessies waarmee die leksikograaf van 'n gebaretaalwoordeboek te make het.

Hoofstuk 5. Ekwivalentverhoudings in tweetalige woordeboeke

5.0. Inleiding

Manley, Jacobsen en Pedersen (1988) is van mening dat beide eentalige en tweetalige woordeboeke eintlik 'n spul leuens is – eentalige woordeboeke begewe hulle op die weg om die indruk oor te dra dat woorde "betekenis" het, eerder as sekere vermoëns om tot betekenisvolle kontekste toe te tree; tweetalige woordeboeke probeer weer aandui dat woorde "ekwivalente" in ander tale het, eerder as sekere verhoudings van gedeeltelike ekwivalensie wat verder gekompliseer word deur die reeks linguistiese en ekstra-linguistiese kontekste waartoe die woorde en hul ekwivalente mag toetree (1988: 281). Die stelling is sekerlik ironies of komies bedoel, maar dui wel op die komplekse verhoudings tussen woorde en hul betekenis(se) in konteks in eentalige woordeboeke, en woorde en hul ekwivalente in konteks in tweetalige woordeboeke. Hierdie hoofstuk ondersoek die tipiese ekwivalentverhoudings in tweetalige woordeboeke en die kern van die hoofstuk maak op grond daarvan voorstelle oor hoe die leksikograaf ekwivalentverhoudings tussen gebaretaal en Afrikaans in die voorgestelde woordeboek sou kon hanteer. Daar is nie 'n brontaal of doeltaal *per se* in die voorgestelde woordeboek nie omdat die bewerkingseenhede in albei tale gebied word (sien hoofstuk 8), maar die ekwivalentverhoudings tussen die twee tale is steeds belangrik en sal veral 'n impak hê op hoe gebare en woorde in die databasis hanteer word.

5.1. Ekwivalentverhoudings in tweetalige woordeboeke

Die semantiese kommentaar in 'n ("gewone") tweetalige woordeboek moet ook voorsiening maak vir 'n behandelingsprosedure wat al die polisemiese betekenisonderskeidings in sy bestek het. Polisemie is 'n taalspesifieke eienskap wat impliseer dat vir 'n polisemiese woord in die brontaal daar nie noodwendig 'n vertaalekwivalent in die doeltaal gevind sal word wat presies dieselfde polisemiese betekenisonderskeidings het nie (Gouws en Prinsloo 2005: 151, 152). Dit kom dus daarop neer dat die leksikograaf dikwels 'n aparte vertaalekwivalent vir elk van die polisemiese betekenisonderskeidings van 'n lemma moet verskaf. Die versameling vertaalekwivalente, hetsy een of meer as een, wat in die semantiese kommentaar

van 'n enkele artikel aangebied word, staan bekend as die **vertaalekwivalentparadigma** van die gegewe artikel. Die leksikograaf moet verseker dat die teikengebruiker van 'n bepaalde woordeboek inligting suksesvol uit 'n vertaalekwivalentparadigma kan bekom. Die leksikograaf mag in die geval waar daar meer as een vertaalekwivalent in die paradigma verskyn, nie op die intuïsie van die gebruiker staatmaak om die korrekte keuse(s) te maak nie (Gouws en Prinsloo 2005: 152).

Gebruikers wat 'n tweetalige woordeboek raadpleeg, verwag dikwels dat hierdie tipe woordeboek data oor die betekenis van die brontaalitem aanbied, soos wat deur die lemma verteenwoordig word, en sien die vertaalekwivalente as die "betekenis van die brontaalwoord in die ander taal". Hulle besef selde dat die data wat aangebied word, nie 'n **betekenisparafrase** is nie maar eerder 'n lys **vertaalekwivalente** (Gouws en Prinsloo 2005: 153). Vertaalekwivalente mag egter nie gesien word as inskrywings wat die betekenis van die lemma gee nie, maar as leksikale items in die doeltaal wat gebruik mag word om die brontaalitem in 'n spesifieke situasie te vervang. Die leksikografiese behandeling in 'n tweetalige woordeboek mag dus nie vertaalekwivalente van hul tipiese kontekste en kontekste isoleer nie, soos die volgende voorbeeld uit die *Groot Woordeboek* (GW) toon:

vrug, (-te), fruit; result, effect; embryo, foetus ...

Vanuit 'n semantiese perspektief is dit verkeerd om te redeneer dat enige van die ekwivalente soos *fruit*, *result*, *effect*, *embryo* en *foetus* as die betekenis van die woord *vrug* gesien kan word; *vrug* **beteken** nie *effect* nie, maar kan in 'n spesifieke konteks met die woord *effect* **vertaal** word.


5.2. Verskillende tipes ekwivalentverhoudings

Leksikograwe het 'n plig teenoor hul gebruikers om 'n aanbieding en behandeling van vertaalekwivalente te verseker wat 'n ondubbelsinnige verkryging van inligting moontlik te maak uit die data wat in die semantiese kommentaar van 'n tweetalige woordeboek aangebied word. Die behoorlike aanbieding en behandeling van vertaalekwivalente voorvereis 'n deeglike begrip van die verskillende tipes ekwivalentverhoudings. Juis vanweë die feit dat so baie woordeboekartikels nie 'n een-tot-een-verhouding tussen die brontaal- en doeltaalitems toon nie, maak dit vir

die leksikograaf noodsaaklik om addisionele inskrywings as ondersteunende materiaal aan te bied sodat die gebruiker 'n ingeligte besluit kan maak wanneer 'n vertaalekwivalent vir 'n gegewe geval van die brontaalitem gekies word (Gouws en Prinsloo 2005: 154).

5.2.1. Volledige ekwivalensie

Volledige ekwivalensie heers waar daar 'n een-tot-een-verhouding bestaan tussen die brontaalitem, soos verteenwoordig deur die lemma, en doeltaalitem, soos verteenwoordig deur die vertaalekwivalent, op beide die leksikale en semantiese vlak. Hierdie tipe volledige ekwivalensie staan ook as kongruensie bekend: die brontaal- en doeltaalitems het presies dieselfde betekenis, funksioneer op dieselfde sintaktiese vlak en verteenwoordig dieselfde register, wat impliseer dat die doeltaalitem sonder enige beperkings as 'n vertaalekwivalent van die brontaalitem gebruik kan word (Gouws en Prinsloo 2005:154):



Figuur 5.1: Die gebaar APPEL, wat in kongruensie met die woord "appel" is (Howard 2008: 103)

Volledige ekwivalensie hoef nie noodwendig 'n een-tot-een-verhouding tussen bron- en doeltaal te verg nie, aangesien die doeltaal ook twee absolute sinonieme as ekwivalente vir 'n gegewe brontaalitem kan hê. Dit is dan nie meer 'n verhouding van kongruensie nie, maar eerder 'n sub tipe divergensie (Gouws en Prinsloo 2005: 155), soos in die onderstaande bespreek sal word.

5.2.2. Gedeeltelike ekwivalensie

Gedeeltelike ekwivalensie heers waar daar nie 'n een-tot-een-verhouding tussen bron- en doeltaalitems bestaan nie. Dit kan op die leksikale vlak of die semantiese vlak of op albei leksikale en semantiese vlakke voorkom. Dit is ook van toepassing

indien 'n een-tot-een-verhouding tussen die bron- en doeltaal slegs op leksikale vlak bestaan maar nie op semantiese vlak nie, soos wanneer 'n gegewe doeltaalitem die enigste vertaalekwivalent van die brontaalitem is maar die twee items nie presies dieselfde betekenis gemeen het nie. Die rede hiervoor kan wees dat die brontaalitem monosemies is waar die doeltaalitem polisemies mag wees en as 'n ekwivalent vir die brontaalitem funksioneer omdat een van sy betekenisonderskeidings met die enigste betekenis van die brontaalitem ooreenstem (Gouws en Prinsloo 2005: 155).

'n Tweede rede vir gedeeltelike ekwivalensie is wanneer 'n een-tot-een-verhouding op die leksikale vlak nie 'n parallele ooreenkoms op die semantiese vlak het nie – die bron- en doeltaalitems het dus wel dieselfde betekenis maar val nie in dieselfde register nie, wat impliseer dat die doeltaalitem nie die brontaalitem in elke geval of situasie kan vervang nie aangesien dit vir 'n spesifieke register gemerk is (Gouws en Prinsloo 2005: 155, 156).

5.2.2.1 Divergensie

'n Een-tot-meer-as-een-verhouding tussen items in die bron- en doeltaal staan bekend as divergensie en impliseer nie noodwendig gedeeltelike ekwivalensie nie, maar kan ontstaan wanneer die doeltaal twee sinonieme as vertaalekwivalente vir die taalitem in die brontaal het. Hierdie een-tot-meer-as-een-verhouding kan 'n subkategorie van volledige ekwivalensie verteenwoordig, alhoewel die meerderheid van sulke gevalle 'n vorm van gedeeltelike ekwivalensie verteenwoordig (Gouws en Prinsloo 2005: 156). In 'n artikel wat 'n ekwivalente verhouding van divergensie vertoon, kan twee subtypes onderskei word, nl. leksikale divergensie en semantiese divergensie.

Leksikale divergensie heers wanneer 'n monosemiese leksikale brontaalitem wat as lemma funksioneer, een of meer vertaalekwivalente het wat gewoonlik gedeeltelike sinonieme in die doeltaal is en daarom 'n verhouding van gedeeltelike ekwivalensie toon. Indien die ekwivalente egter absolute of volkome sinonieme is, stel hulle 'n verhouding van volledige ekwivalensie daar. Leksikale divergensie word gewoonlik aangedui d.m.v. 'n komma as nietipografiese struktuurmerker wat gebruik word om hierdie ekwivalente te skei. Die voorbeeld *grootliks* uit die GW is so 'n voorbeeld en het drie vertaalekwivalente:

groot'liks, greatly, to a great extent, to a high degree.

Die woorde *greatly*, *to a great extent* en *to a high degree* kan mekaar dus in enige vertaling van die woord *grootliks* vervang. Die meeste gevalle van leksikale divergensie toon ekwivalente wat gedeeltelike sinonieme is en die gebruiker behoort daarop attent gemaak te word dat alhoewel die gedeeltelike sinonieme die brontaalitem kan vervang, hulle dit nie in alle situasies kan doen nie. Die leksikograaf moet dus een of ander kontekstuele of kotekstuele leiding verskaf om die tipiese omgewing aan te dui waarin die gemeenskaplike semantiese waarde van die vertaalekwivalente geaktiveer word. Leksikale divergensie vereis nie noodwendig 'n ingewikkelde sisteem om die beste toegang tot inligting te verseker nie, maar benodig wel die konsekwente toepassing van 'n weldeurdagte sisteem (Gouws en Prinsloo 2005: 156, 157).

Semantiese divergensie word beskou as die mees tipiese verskynsel van gedeeltelike ekwivalensie en heers waar die lemmateken 'n polisemiese leksikale item verteenwoordig. Polisemie is taalspesifiek en die kans is daarom skraal dat 'n doeltaalitem dieselfde semantiese lading as die polisemiese brontaalitem sal hê. Die semantiese kommentaar bevat daarom 'n semantiese subkommentaar vir elk van die polisemiese betekenisonderskeidings van die brontaalvorm. Deur polisemiese betekenisonderskeidings met 'n poliseemmerker soos 'n syfer aan te dui, vorm die poliseemmers deel van die kitstoegangstruktuur wat die gebruiker op sy soekroete na die gewenste inskrywing lei. Die gebruik van nommers as poliseemmers is 'n goed gevestigde en gestandaardiseerde leksikografiese gebruik wat in eentalige sowel as sommige tweetalige woordeboeke gebruik word. Gedrukte tweetalige woordeboeke maak ook dikwels gebruik van kommas en kommapunte as struktuurmerkers om 'n verhouding van semantiese divergensie aan te toon (Gouws en Prinsloo 2005: 157). In 'n elektroniese woordeboek, waar spasie nie dieselfde probleem as in 'n gedrukte woordeboek is nie, sou die gebruik van nommers eerder as kommas en kommapunte waarskynlik 'n beter en meer eksplisiete merker van semantiese divergensie wees. Soos wat in die bespreking hieronder in paragraaf 5.4 aangedui word, sou die grondslagfasewoordeboek kon kies om selfs polisemiese of homonimiese brontaalitems op 'n eenvoudige 'monoseemiese' wyse per betekenisonderskeiding aan te bied, soortgelyk aan ander beginnerwoordeboeke, wat die gebruik van struktuurmerkers om semantiese

divergensie aan te dui, in hierdie spesifieke geval oorbodig maak. Voorstelle oor die uitleg van die mikrostruktuur sal in hoofstuk 8 in meer besonderhede bespreek word.

5.2.3. Nul-ekwivalensie

Nul-ekwivalensie heers wanneer die doeltaal nie oor 'n item beskik wat met 'n lemma wat die brontaalitem verteenwoordig, gekoördineer kan word nie. Die afwesigheid van woorde in 'n vergelyking tussen twee tale staan as leksikale gapings bekend en is taalspesifiek. Dagut (1981) identifiseer twee soorte semantiese gapings in die oordrag van 'n teks van een taal na 'n ander: gapings wat ontstaan vanweë taalkundige faktore en gapings wat ontstaan vanweë ekstra-linguistiese faktore. Hierdie twee kategorieë staan onderskeidelik as linguistiese en referensiële gapings bekend (Gouws en Prinsloo 2005: 158, 159). 'n Linguistiese gaping kan geïdentifiseer word wanneer sprekers van beide die tale wat vergelyk word, bekend is met 'n sekere konsep maar waar die een taal nie 'n spesifieke woord het om daarna te verwys nie en die ander taal wel. Beide Engelssprekende sowel as Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners is byvoorbeeld vertrouwd met woorde en konsepte soos *bakkie* (beide die voertuig en 'n plastiekhouer waarin iets gebêre word), *kloof*, *koeksister*, *kombi*, *bobotie*, *samoesa*, ens. Hierdie woorde word algemeen in albei tale gebruik hoewel (of dalk juis omdat) Engels nie 'n woord daarvoor het nie. 'n Referensiële gaping ontstaan wanneer die sprekers van taal B glad nie vertrouwd is met 'n referent of konsep wat in taal A 'n naam het nie, bv. sprekers van 'n Europese taal wat nie weet wat die woord *lobola* beteken nie, al is dit wel bekend aan al die sprekers van die Nguni-tale. Die brontaalitem verteenwoordig dus 'n referensiële gaping aangesien dit 'n kultuurgebonde leksikale item is en die sprekers van die doeltaal nie daardie kultuur deel nie (Gouws en Prinsloo 2005: 159). Die gebrek aan vertaalekwivalente waar leksikale gapings bestaan, skep 'n verhouding van nul-ekwivalensie en lei dikwels tot die gebruik van **surrogaatekwivalente**, m.a.w. 'n doeltaalinskrywing wat 'n vertaalekwivalent vervang. Die aard van die leksikale gaping in die doeltaal sal ook die omvang bepaal van die leiding wat die leksikograaf in die behandeling van die doeltaalitem gee: in die geval van 'n linguistiese gaping weet die leksikograaf dat die sprekers van die doeltaal ook bekend is met die spesifieke konsep in die brontaal en 'n kort beskrywing of omskrywing van betekenis sal voldoende wees; in die geval van 'n referensiële gaping is 'n meer omvattende behandeling nodig aangesien die

gebruikers van die doeltaal nie bekend is met die konsep wat deur die brontaallemma voorgestel word nie (Gouws en Prinsloo 2005: 159, 160). Artikels waarin nul-ekwivalensie heers, is die ideale kandidate vir die insluiting van prentjies of illustrasies in woordeboeke wat van prentjies/illustrasies in die mikrostruktuur gebruik maak – 'n prentjie sê immers meer as 'n duisend woorde.

5.2.4. Konvergensie, of omgekeerde ekwivalensie

Konvergensie ontstaan wanneer die konsep wat onderliggend aan die een taal (as doeltaal) se uitdrukking of lemma is, dus minder onderskeidende eienskappe het as dié wat onderliggend aan die ander taal (as brontaal) se lemmas is. Daar ontstaan gevolglik konvergensie van die brontaal na die doeltaal wanneer 'n enkele doeltaalitem ooreenkom met die som van die betekenis van twee (of meer) brontaalitems (Svensén 2009: 259):



Figuur 5.2: Konvergensie van die brontaal na die doeltaal (Svensén 2009: 259).

5.2.5. Kommunikatiewe ekwivalensie

Die funksie(s) van 'n spesifieke woordeboek, bv. 'n teksresepsie- of 'n teksproduksiefunksie, behoort 'n invloed te hê op die aard en omvang van die addisionele inskrywings wat gegee word om die vertaalekwivalente te ondersteun en aan te vul. Die meerderheid tweetalige woordeboeke word as bifunksionele produkte saamgestel en moet dus hul gebruikers in minstens die funksies van teksresepsie of –produksie ondersteun. Tog gee die data wat in die semantiese kommentaar van tweetalige woordeboeke aangebied word, dikwels die gebruiker min geleentheid om die regte ekwivalent te kies – leksikograwe beperk te dikwels hul pogings tot die blote lysing van 'n aantal doeltaalitems om vertaalekwivalensie te verseker. In sulke gevalle ontvang die gebruikers geen leiding om hulle in die keuse van ekwivalente by te staan of om hulle te help om die doeltaalitems op die regte manier te gebruik nie. Dit kan voldoende wees in gevalle van teksresepsie, maar nie vir teksproduksie nie – **kommunikatiewe ekwivalensie** kan slegs bereik word indien die behandeling van die vertaalekwivalentparadigma nie net tot 'n lysing van ekwivalente beperk word

nie, maar as hierdie ekwivalente deur konteks- en koteksinskrywings aangevul word wat die gebruiker kan help om die korrekte ekwivalent vir 'n gegewe geval van die brontaalitem te kies en om hierdie ekwivalent op die regte manier te gebruik (Gouws en Prinsloo 2005: 161, 162). Voorbeelde van vertaalekwivalente wat sonder konteks- of koteksinskrywings gelys word en die gebruiker dus nie met teksproduksie kan bystaan nie, lyk soos volg:

form ... vorm; maak; fatsoeneer; formeer; set; kweek; oprig, stig; in gelid stel, rangskik ... (TW)

op'staan, (-ge-), stand up, rise, arise, get up; get on one's legs; rebel, revolt ... (GW)

Beide hierdie artikels toon **polidivergensie** en het dus 'n kombinasie van leksikale en semantiese divergensie. Semantiese ekwivalensie is wel tussen die lemmata en hul onderskeidelike vertaalekwivalentparadigmas vasgestel, maar nie kommunikatiewe ekwivalensie nie (Gouws en Prinsloo 2005: 162). 'n Oplossing vir hierdie probleem is te vinde in die voorsiening van bykomende inskrywings sodat ruimte geskep word vir nielemmatiese adressering met die vertaalekwivalente as adresse van die konteks- en koteksinskrywings, soos in die volgende paragraaf bespreek word.

Die bostaande voorbeelde maak slegs voorsiening vir lemmatiese adressering, alhoewel die adresseringstruktuur van tweetalige woordeboeke vir beide **lemmatiese** en **nielemmatiese adressering** voorsiening kan maak. Nielemmatiese adressering kan die prosedures van lemmatiese adressering aanvul en die leksikograaf in staat stel om die gebruiker met teksproduksie te help. Nielemmatiese adressering impliseer dat die lemma nie die enigste behandelingseenheid in 'n woordeboekartikel behoort te wees nie maar dat die status van vertaalekwivalente as doeltaalitems verhoog moet word om ook behandelingseenhede te wees. Addisionele inskrywings kan dus by die vertaalekwivalente gevoeg word om die gebruiker te help om hulle beter te verstaan en om 'n idee te vorm van watter ekwivalent die brontaalitem in 'n spesifieke geval kan vervang (Gouws en Prinsloo 2005: 162). 'n Voorbeeld van nielemmatiese adressering wat kommunikatiewe ekwivalensie help bereik, kan in die volgende voorbeeld uit die *Tweetalige Aanleerderswoordeboek* (TAW) gesien word:

figure 1 figuur [a] *Sy het 'n mooi **figuur** en lieflike lang bene.* She has a beautiful **figure** and lovely long legs. [b] *Die skoolhoof is 'n belangrike **figuur** op 'n klein dorpie.* The headmaster is an important **figure** in a small village. 2 syfer "Ek kan nie dié syfer uitmaak nie. Is dit 'n 1 of 'n 7?" "I can't make out this figure. Is it a 1 or a 7?"... (TAW)

In hierdie behandeling van die polisemiese Engelse woord *figure* is die verskillende semantiese subkommentare met nommers as struktuurmerkers gemerk, wat uitdruklik aandui dat die lemma 'n polisemiese leksikale item verteenwoordig. Die geïntegreerde mikrostruktuur laat elke vertaalekwivalent toe om dadelik deur 'n beskrywende voorbeeld gevolg te word wat aan hierdie vertaalekwivalent geadresseer is, en dui dus aan hoe die doeltaalitem gebruik word om die spesifieke polisemiese betekenisonderskeiding van die lemma as brontaalitem uit te druk (Gouws en Prinsloo 2005: 162). Konteksinskrywings kan ook in die toepassing van nielemmatiese adresseringsprosedures gebruik word om kommunikatiewe ekwivalensie te bevorder. In die meeste gedrukte woordeboeke word van woorde tussen hakies as konteksinskrywings gebruik gemaak, soos in die volgende voorbeeld uit die *Oxford French Dictionary and Grammar* (OFD) gesien kan word:

line ... ligne ...; (track) voie ...; (wrinkle) ride ...; (row) rangée ..., file ...; (of poem) vers ...; (rope) corde ...; (of goods) gamme ...; (queue: US) queue ...

5.3. Glosse en ekwivalensie in gebaretaalwoordeboeke

Gebaretale word tipies gebaar-vir-gebaar in die geskrewe taal getranskribeer d.m.v. 'n geskrewe glos wat in hoofletters geskryf word. Prosodie word dikwels in boskrif geglos met die omvang daarvan tussen hakies aangedui:

[I LIKE]^{NEGATIVE} [WHAT?]^{RHETORICAL},
 GARLIC.
 "I don't like garlic."

Figuur 5.3: Voorbeeld van die glossering van 'n gebare-uiting d.m.v. geskrewe woorde en prosodiese inligting in boskrif gevolg deur 'n vertaling van die uiting in idiomatiese Engels (Wikipedia 2012).

Primêre glosse word gewoonlik beskou as die naaste vertaalekwivalente uit die geskrewe taal vir 'n spesifieke gebaar, terwyl sekondêre glosse beskou word as enige ander betekenis wat aan die gebaar toegeken sou kon word in die geval van enkele of minimale veranderinge aan die gebaar, soos 'n verandering in handpalmoriëntasie of beweging:

Two \bar{B} hands are held with the palms facing away from the signer (if the hands were opened, the fingers would all point up).	The hands are held in front of the body.	The hands close (forming two \bar{B} hands).	cease end finish stop conclude* conclusion*
Notes		* This sign may be produced with the hands moving apart, before moving down and towards each other, while closing (forming two \bar{B} hands).	\emptyset $\bar{B} \perp \wedge$, $\bar{B} \perp \wedge$ $\begin{matrix} +x \\ v \\ \# \end{matrix}$ [B]

Figuur 5.4: Voorbeeld van die gebruik van sekondêre glossering in die geval waar 'n verandering in die beweging van die gebaar 'n sekondêre betekenis kan meebring (Brien 1992: 749).

In die tradisie van gebaretaalnavorsing word die woord **glos** gebruik om na die transkripsie van die betekenis van 'n gebaar te verwys (leke-woordeboekmakers maak ook dikwels van hierdie term gebruik, waarskynlik uit onkunde, maar dit is nie nou hier ter sprake nie). Leksikograwe van gesproke/geskrewe tale vind dié gebruik egter vreemd en verkies om van 'n vertaalekwivalent te praat. Dit is egter belangrik om te onthou dat gebaretale nie sonder meer met gesproke tale vergelyk kan word nie, al betwis niemand die feit dat gebaretale nié om daardie of enige ander rede minderwaardige tale is. Hulle is eerder *unieke* tale wat in sekere opsigte op unieke maniere funksioneer. Om 'n gebaretaal in terme van 'n gesproke taal te beskryf, is in baie opsigte problematies, aangesien dit maklik is om sekere kenmerke of beperkinge van die gesproke taal (in vergelyking met die gebaretaal) op die gebaretaal te projekteer. Geen gebaretaalleksikograaf het 'n maklike taak wanneer besluite geneem moet word t.o.v. leksikalisering, aanhalingsvorme en selfs woordsoorte nie, omdat (i) daar nie 'n bepaalde tradisie of voorskrif hiervoor (kan) bestaan nie (ii) aangesien gebaretale hulle nie summier in dieselfde kassies as gesproke tale laat groepeer nie – gebaretale "is prone to synthesising localised meanings that are not strictly lexicalised" (McKee en McKee 2012). Wanneer 'n gebaretaal met 'n gesproke/geskrewe taal in 'n tweetalige woordeboek vergelyk of gekontrasteer word, gebeur dit baie selde dat 'n enkele gebaar-tot-woord ekwivalent in die geskrewe taal gevind kan word. Dit is selfs gevaarlik en misleidend om die

indruk te skep dat so 'n gebaar-tot-woord of woord-tot-gebaar verhouding sonder meer bestaan. Feitlik alle gebaretaalwoordeboeke het te make met hierdie unieke sintetiserende eienskap van gebaretaal en die enigste algemene hantering hiervan is om die moontlike betekenis van 'n gebaar d.m.v. glosse aan te dui. Neem die onderstaande voorbeeld uit die *Dictionary of British Sign Language/English* (DBSL) (Brien 1992: 456-7):



Figuur 5.5: DBSL 1992: 456.

'n Uittreksel uit die woordeboekartikel vir dié gebaar lyk soos volg:

<i>Glosses</i>	
clapped out	825
crummy	
lousy	
rotten	
rubbish	
tacky	
tatty	

Figuur 5.6: DBSL 1992: 457.


Onder die opskrif "Glosses" word 'n lys van die gebaar se moontlike "vertaalekwivalente" as glosse aangedui, nl. "clapped out", "crummy", "lousy", "rotten", "rubbish", "tacky" en "tatty". In die gebruiksaanwysings van hierdie woordeboek word die volgende oor die glosse gesê: "the glosses column contains a number of entries that *can be thought of as possible parallels to the sign given opposite*" (xv) (eie beklemtoning). Dit is duidelik dat die woordeboek nie probeer om aan te voer dat die inskrywings in die glosse-kolom die vertaalekwivalente van die betrokke gebaar is nie, maar dat hulle "moontlike parallelle" is in 'n taal waar die lyne

van grammatiese sinsontleding en beskrywing soms 'n bietjie wasig is in vergelyking met dié van gesproke/geskrewe tale.

5.4. Die impak van ekwivalentverhoudings op die databasis en voorstelle vir die woordeboek

Die ekwivalentverhoudings tussen gebaretaal en Afrikaans het sekere implikasies vir die manier(e) waarop gebare en woorde in die databasis hanteer sal word. Beide gebare asook geskrewe woorde is parallelle lemmakandidate wat lede van die databasis is en daarin bewerk word.

Die voorgestelde woordeboek is gebaseer op een elektroniese databasis van gebare én geskrewe woorde wat d.m.v. 'n elektroniese soekprosedure (waarskynlik via 'n webblaaier) toegang tot 'n gebaar parallel aan 'n geskrewe woord sal verleen sodat beide gebare én geskrewe woorde soekbaar is en die woordeboek volledig **tweetalig** is – die besonderhede van hierdie tipe soekmetodes word in hoofstuk 7 as onderdeel van die databasis bespreek, en die konsep van 'n meervoudige lemma wat die resultaat is van hierdie parallelle gebaar-woord-lemmatisering vorm ook 'n belangrike deel van die bespreking van die mikrostruktuur in hoofstuk 8.



Figuur 5.7: Beide die woordsoekmetode en die gebaarsoekmetode lei tot toepaslike resultate.

'n Databasis van gebare word saamgestel wat bestaan uit a) gebare waarvoor die **woorde** in die geskrewe klaswoordelyste vertaalekwivalente sou wees, en b) enige


bykomende **gebare** wat deur 'n raadgewende Dowe gebaretaalkomitee gekies of aanbeveel word tydens die uiteindelijke praktiese samestelling van die voorgestelde woordeboek (sien ook die bespreking in paragraaf 7.3). Gebare en woorde word dus per *betekeniswaarde* gedupliseer en onderling as gidselemente aan mekaar gekoppel.

Die woorde wat in die voorgestelde woordeboek as geskrewe lemmas aangebied word, behoort ooreen te stem met die doeltaalvlak van die gebruiker en sal dus nie noodwendig alle moontlike glosse van die gebaar (sien paragraaf 5.3) as lemmas in die geskrewe taal insluit nie.

'n Soekopdrag gaan nie noodwendig dadelik die volle mikrostrukturele bewerking van 'n bepaalde meervoudige lemma oplewer nie maar slegs 'n deel van die mikro- en artikelstruktuur. Die data wat in hierdie deelstruktuur gebruik word, kan meebring dat dit in sommige gevalle selfs nie vir die gebruiker nodig sal wees om die soekproses voort te sit deur op een van die soekresultate te klik nie, amper soos wanneer die gebruiker van 'n gedrukte woordeboek 'n artikel vinnig opsoek net om die vorm of spelling te kontroleer en nie enige behoefte daaraan het om verdere inligting aan die artikel te onttrek nie. Hipotetiese voorbeelde van so 'n deelstruktuur word hieronder in figuur 5.12 en 5.13 voorgestel. Die meer volledige mikrostrukturele bewerking van die lemma – of, meer spesifiek, 'n spesifieke *betekeniswaarde* van die lemma – word bekom deur een van die soekresultate te selekteer.

Vanweë die parallelle aanbieding van albei tale en die meervoudige lemmas wat daaruit spruit (sien hoofstuk 8), kan die verhouding tussen die twee tale ook nie in terme van gewone ekwivalentverhoudings in tweetalige woordeboeke bespreek word nie. Dit sal wel in terme van een-tot-een-, een-tot-meer- en een-tot-nul-verhoudings bespreek en geïllustreer word.

5.4.1. Een gebaar tot een woord, en omgekeerd

	<p>H S Loc P O NMF Mov</p>	<p>Apple RH – C In front of mouth Palm facing Ref 1 Move hand down and up twice.</p>
---	--	---

Figuur 5.8: Die gebaar APPEL, wat in kongruensie met die woord "appel" is (Howard 2008: 103)


In gevalle van 'n een-tot-een-verhouding tussen die twee tale word geïmpliseer dat daar dus net een geskrewe woord aan 'n gebaar (en omgekeerd) in die databasis toegeken of gekoppel sal word en hierdie gevalle behoort geen probleme te veroorsaak nie.

5.4.2. Een gebaar tot meer as een (sinonieme) Afrikaanse woord



Figuur 5.9: Die gebaar LOOP/STAP wat, soos uit die glossering afgelei kan word, met die sinonieme *loop* of *stap* vertaal kan word

In die geval van 'n een-tot-meer-verhouding van gebaretaal na Afrikaans, soos in die geval van die gebaar wat met die Afrikaanse sinonieme "loop" en "stap" vertaal kan word, sal beide woorde in die databasis aan dieselfde gebaar toegeken of as gidselemente vir dieselfde gebaar opgeneem moet word sodat 'n soektog na enige van die twee woorde 'n suksesvolle en toepaslike soekresultaat lewer:



Figuur 5.10: Hipotetiese soekresultaat vir 'n gebaar wat in 'n een-tot-meer-verhouding met die geskrewe taal staan.

Let wel: in figuur 5.10 word die geskrewe woorde nie in hoofletters gegee soos wat gewoonlik in die glossering van gebare gedoen word nie, aangesien die geskrewe woorde nie meer as vertaalekwivalente of glosse beskou word nie maar as **lemmas**. Die gebruik van 'n meervoudige lemma word in hoofstuk 8 bespreek.

5.4.3. Een gebaar tot meer as een woord

'n Voorbeeld van 'n polisemiese gebaar wat voorkom in die spesifieke dialek of variant van SASL wat by De la Bat gebruik word, is die gebaar wat "lemoen" of "oranje" kan beteken (homonieme of poliseme is egter baie skaars in gebaretaal en hierdie voorbeeld is die enigste een wat by navraag gevind kon word). Hierdie gebaar is besonder gepas in hierdie bespreking aangesien dit geskrewe woorde verteenwoordig wat in die grondslagfasewoordelys verskyn en wat dus ook gelemmatiseer sal word:




Figuur 5.11: Die polisemiese gebaar wat "oranje" of "lemoen" kan beteken, soos dit by De la Bat gebruik word (Howard 2008: 104).

Die deelstruktuur van die soekresultaat wat deur die gebaarsoekmetode bekom word, sou soos in figuur 5.10 aangedui word.

Die teikengebruiker van die *Longman Grondslagfasewoordeboek* (LGFW) wat die woord "lig" in die alfabetiese lys opsoek (LGFW 2010: 55, 56) en sien dat daar drie lemmas vir daardie woord aangebied word, nl. 'n selfstandige naamwoord, 'n byvoeglike naamwoord (teenoor donker) en nog 'n byvoeglike naamwoord (teenoor swaar), beskik nie oor die insig dat die woord twee maal homonimies en ook twee maal polisemies is nie – dit word ook nie van die gebruiker verwag nie. Die betekeniswaardes vir "lig" word dus nie soos in algemene tweetalige woordeboeke van getalle in boskrif voorsien om homonieme te onderskei nie, en ook nie van Romeinse syfers om polisemiese betekenisonderskeidings te onderskei nie, maar eerder in 'n heeltemal streng alfabetiese makrostruktuur, sodat elkeen as 'n aparte lemma in die makrostruktuur verskyn.

Die gebare en woorde wat in die databasis is en wat polisemies of homonimies is, sal dus op 'n soortgelyke wyse vir die grondslagfasewoordeboek 'gedupliseer' kon word sodat elke *betekeniswaarde* apart in die soekresultate van onderskeidelik die gebaarsoekmetode en woordsoekmetode aangebied word – trouens, 'n volkome tweetalige woordeboek waarin sowel gebaretaal as 'n geskrewe taal as bron- óf doeltaal kan optree, vereis hierdie tipe bewerking. Die soekresultaat vir *een gebaar waaraan meer as een woord met verskillende betekeniswaardes* toegeken word, sou dus soos in figuur 5.12 kon lyk (steeds met prentjies as aanduiders om die onderskeid so duidelik moontlik te maak sodat die gebruiker deur visuele leidrade waarvan die betekenis deursigtig is, gelei word):




Figuur 5.12: Hipotetiese soekresultaat vir 'n gebaar waaraan meer as een woord met verskillende betekeniswaardes in die databasis toegeken word en wat deur die gebaarsoekmetode gesoek word, as aparte soekresultate vertoon.

Soos in hoofstuk 7 in paragraaf 7.4.1 aangedui word, sou die herhaling of duplisering van gebare én woorde per betekeniswaarde in die databasis ook verseker dat die tematiese soekmetode (waar gebare volgens referent en dus in een spesifieke betekeniswaarde vertoon word) sowel as die woord- en gebaresoekmetodes gepaste resultate lewer. Dit sou verhoed dat die tematiese kategorieë uit 'n aparte databasis moet bestaan en laat die tematiese soekmetode op 'n uniforme en bevredigende manier met die woord- en gebaresoekmetodes sluit.

5.4.4. Een woord tot meer as een gebaar

In gevalle van *een woord waaraan meer as een gebaar* toegeken word, sal dit waarskynlik in die meerderheid gevalle wees a.g.v. een woord met meer as een betekeniswaarde, tensy daar natuurlik hoegenaamd gevalle van sinonieme gebare (waarvan geen voorbeelde gevind kon word nie) of variante van 'n gebaar teëgekomp word. In die geval van variante sou die meer of mees gebruiklike variant wat op 'n proskriptiewe wyse deur die woordeboek aanbeveel kon word, met 'n etiket gemerk moet word om die voorgestelde keuse aan te dui. Gegewe die beperkte woordeskat wat in die woordeboek op leerders in die grondslagfase gerig sal word, is dit redelik onwaarskynlik dat daar enige gevalle van variasie sal voorkom. Dit sal waarskynlik eers in woordeboeke vir meer gevorderde leerders in die intermediêre en senior fases na vore kom en kan dan op die spesifieke gebruikersvlak hanteer word.

'n Soektog na die polisemiese of homoniese woord sal dus al die gebare wat daardie woord kan "vertaal", oplewer. Die deelstruktuur wat in die soekresultate gereflekteer word, is van die uiterste belang om die gebruiker te help om die regte keuse te maak deur te verseker dat genoeg kontekstuele leiding verskaf word. Die deelstruktuur van sulke soekresultate sou soos volg kon lyk, bv. in die geval van die geskrewe woord "lig" wat beide homonimies en polisemies is:



Figuur 5.13: Hipotetiese soekresultaat van die woord "lig".

Die uitleg t.o.v. die gebare en geskrewe woorde in figuur 5.13 is slegs hipoteties en is ter wille van bladsyruimte met die gebaar bo en die geskrewe woord daaronder gedoen – daar is geen rede hoekom die gebaar en die geskrewe woord as parallelle lemmas in 'n volledig tweetalige woordeboek nie *langs* mekaar geplaas kan word nie. Soos ook in hoofstuk 8 bespreek word, lei die feit dat gebare en woorde per betekeniswaarde in die databasis gemerk word tot meervoudige lemmas en behoort die mikrostruktuur ook aan te dui dat daar nie voorkeur aan die een bo die ander gegee word nie.

Soos gesien kan word in figuur 5.13, sou die deelstruktuur van die soekresultate ook van aanduiders (die prentjies) gebruik kon maak om die referent waarna verwys word, te beklemtoon en te illustreer. Dit sal die gebruiker help om die korrekte lemma te kies en kommunikatiewe ekwivalensie ondersteun.

Soos reeds genoem, bied die deelstruktuur nie net leiding aan die gebruiker in die korrekte keuse van 'n lemma (of die betekeniswaarde van 'n lemma) nie, maar kan dit reeds aan sommige basiese navrae van die gebruiker voldoen, amper soos

wanneer die gebruiker van 'n gedrukte woordeboek 'n artikel net vlugtig besoek om die vorm of spelling na te gaan. Watter datatipes ook al as inskrywings vir die deelstruktuur van soekresultate gekies word, behoort só gekies te word dat dit die gebruiker se basiese navrae reeds op hierdie vlak kan beantwoord.

5.4.5. Een-tot-nul-verhoudings

Daar is nie (baie) inligting beskikbaar oor een-tot-nul-verhoudings van SASL na Afrikaans nie, waarskynlik omdat 'n gebaretaal nog nooit (in Suid-Afrika en slegs selde elders) as brontaal in 'n woordeboek aangebied is nie maar meer dikwels as doeltaal. Daar is dus heelwat meer gerapporteerde gevalle van een-tot-nul-verhoudings van Afrikaans na SASL, en gebruikers kla dikwels dat daar nie 'n gebaar is wat 'n spesifieke konsep of term in Afrikaans kan vertaal nie. Sulke gevalle kom veral in gespesialiseerde woordeskat voor, soos wetenskap, landbou, en dergelike. Daar is selfs binne die Dowe gemeenskap nie ooreenstemming oor die verhouding van een-tot-nul verhoudings van Afrikaans na SASL nie: sommige Doves sal aandui dat daar 'n linguistiese gaping bestaan, terwyl ander sal sê dat dit glad nie waar is nie en dat die gebaar eenvoudig nie baie bekend is nie, waarskynlik juis omdat dit tot 'n gespesialiseerde veld van die woordeskat behoort. Aangesien SASL nie geskryf kan word nie, is dit dikwels moeilik om woordeskat (of 'gebareskat') wat dalk in een deel van die land ontwikkel (word) na ander dele van die land te laat versprei. Daar bestaan vermoedelik min of geen gevalle van referensiële gapings tussen SASL en Afrikaans, aangesien daar nie dieselfde tipe kultuurverskille ter sprake is wat dikwels tussen die sprekers van ander taalpare voorkom nie – Doves leef steeds 'binne' die kultuur van die mense rondom hulle. Die mees ooglopende verskille is kultuurspesifieke dinge wat tot die Dowe kultuur behoort, soos 'n deurklokkie wat uit 'n flikkerende lig in die Dowe persoon se huis bestaan eerder as 'n apparaat wat 'n geluid maak soos in die huis van 'n horende persoon. Hierdie referente sou in 'n tematiese kategorie saamgegroepeer kon word om die horende gebruiker 'n oorsig van al dié tipe items te gee sonder om individueel daarvoor te gaan soek, veral in gevalle waar die horende gebruiker dalk nie eens daarvan bewus is dat daar sulke verskille bestaan nie. Die gebare vir sulke referente in die Dowe kultuur sou dan ook met die naaste woord in die horende kultuur "vertaal" of daaraan gekoppel kon word, bv. in die geval van 'n gebaar soos FLIKKER LIG wat dui op die visuele sein wat aan 'n Dowe persoon wys dat daar iemand by die deur is, sou die woord "deurklokkie"

ook in die databasis aan die gebaar gekoppel kon word sodat 'n woordsoektog na "deurklokkie" ook hierdie gebaar as soekresultaat sal lewer. 'n Skakel tussen sulke artikels en 'n tematiese kategorie van al die toepaslike items uit die Dowe kultuur, of 'n buiteteks oor Dowe kultuur, sou die gebruiker dan kon lei na 'n vollediger oorsig van kultuurspesifieke items.

5.5. Algemene slotopmerkings

Hierdie hoofstuk het die ekwivalentverhoudings tussen gebaretaal en Afrikaans ondersoek en aangedui watter impak hierdie verhoudings op die hantering van die gebare en woorde in die databasis sou hê. Al het die voorgestelde woordeboek nie 'n spesifieke bron- of doeltaal nie, maar eerder twee tale wat parallel aan mekaar aangebied word (soos wat in hoofstuk 8 bespreek word), sal die voorgestelde hantering van die ekwivalentverhoudings tussen woorde en gebare in die databasis verseker dat beide die woordsoekmetode sowel as die gebaarsoekmetode (in aansluiting met die tematiese soekmetode) suksesvol is en die toepaslike resultate lewer. Hoofstuk 7 fokus in meer besonderhede op hierdie soekmetodes.

Hoofstuk 6. Buitetekste in 'n elektroniese woordeboek

6.0. Inleiding

Hierdie hoofstuk ondersoek die moontlikhede ten opsigte van buitetekste wat in die voorgestelde woordeboek gebruik sou kon word. Woordeboeke, ook elektroniese woordeboeke, word beskou as tekssamestellings en draers van verskillende tekssoorte (Gouws 2001b: 60). Buitetekste kan beskou word as addisionele tekste wat die sentrale lemmalys aanvul en steeds deel het aan die leksikografiese funksies van die betrokke woordeboek en wat tot die gebruiker se behoeftes t.o.v. kennis en kommunikasie bydra. In die geval van 'n elektroniese woordeboek verteenwoordig buitetekste dus enige materiaal wat ook buite die databasis staan of as subafdeling bestaan van die databasis waaruit soekresultate gegenereer word. In 'n elektroniese woordeboek kan buitetekste saam gegroepeer en op 'n spyskaart gelys word of hulle kan d.m.v. opwiptekste ("pop-up texts") of soortgelyke skakels van binne die mikrostruktuur bereik word.

6.1. Dataverspreiding

Die funksionaliteit van 'n beplande woordeboek strek verder as die perke van die sentrale lemmalys: beide die voor- en agtertekste kan data en teks bevat wat 'n funksionele rol in die aanbieding van leksikografiese inligting het (Gouws en Prinsloo 2005: 58). 'n Raamstruktuur bied meer opsies aan die leksikograaf wanneer leksikografiese aanbod beplan word – buitetekste help nie net die gebruiker om suksesvolle woordeboekraadplegingsprosedures en die beste verkryging van inligting te verseker nie, maar speel ook 'n belangrike rol in die dataverspreidingstruktuur van die woordeboek deur die leksikograaf toe te laat om leksikografiese data in meer as een teks aan te bied (Gouws en Prinsloo 2005: 58).

Die gebruik van buitetekste vereis 'n besluit oor die inligting wat daarin aangebied moet word en die verhouding tussen die buitetekste en die sentrale lys. Twee hoofipes dataverspreidingstrukture kan geïdentifiseer word, nl. 'n **eenvoudige dataverspreidingstruktuur** en 'n **uitgebreide dataverspreidingstruktuur**: waar die sentrale lys die enigste teken vir dataverspreiding is, vertoon die woordeboek 'n eenvoudige dataverspreidingstruktuur; waar buitetekste of dele van buitetekste gebruik word om data as deel van die prosedure van dataverspreiding aan te bied,

vertoon die woordeboek 'n uitgebreide dataverspreidingstruktuur (cf. Bergenholtz, Tarp en Wiegand 1999: 1779).

Die sentrale of hoofteks word in 'n woordeboek met 'n raamstruktuur deur die buitetekste omraam, nl. die voor- en agtertekste. Die voortekste-afdeling bevat gewoonlik onder meer:

1. die verpligte gebruikersgids
2. 'n beskrywing van een of meer aspekte van die woordeboek se objektaal.

Die agtertekste-afdeling is opsioneel en bevat gewoonlik addisionele tekste, byvoorbeeld met getalle, plekname, nasionaliteite, tale, ens. (cf. Hausmann en Wiegand 1989: 331). Geen buitetekste behoort egter ooit as blote kosmetiese byvoegsel gesien te word nie aangesien hulle 'n belangrike rol in die oordrag van data in woordeboeke behoort te speel (Gouws 2009a: 67) en die leksikograaf ook toelaat om kategorieë inskrywings in te sluit wat nie gewoonlik in die betrokke soort woordeboek se artikels verskyn nie (Gouws en Prinsloo 2005: 60).

Woordeboekinleidings of gebruikersgids word gewoonlik beskou as hoogs waardevolle metaleksikografiese tekste wanneer hulle deur 'n (bedrewe of vaardige) gebruiker benut word. Hulle bevat inligting oor onder meer die inhoud en strukture van die betrokke woordeboek (Mavoungou 2002: 105). Al-Ajmi (2001) het ses fokusareas geïdentifiseer wat gebruik kan word om die inleidings van woordeboeke krities te evalueer, naamlik:

1. Spesifisering van die beoogde gebruikersgroep,
2. Aanduiding van die redes waarom die woordeboek saamgestel is,
3. Verwysing na die bronne van die woordeboek,
4. Oorsig van nuwe verskynsels in die inleiding,
5. Spesifisering van die aantal lemmas (of woorde),
6. Praktiese leiding t.o.v. die gebruik van die woordeboek.

In die konteks van hierdie navorsing wat gerig is op 'n spesifieke gebaretaalwoordeboek, is sommige van hierdie punte reeds bespreek: die beoogde gebruikersgroep is geïdentifiseer as die Dowe leerders wat onderrig by die De la Bat Skool vir Doves in Worcester ontvang. Horende gebruikers, soos die ouers, vriende,

familie en selfs onderwysers van hierdie leerders, word as die sekondêre teikengroep beskou, aangesien dié woordeboek nie in die eerste plek daarop gemik is om horendes te help of te leer om gebaretaal te gebruik nie. Hierdie woordeboek hoop om vir die eerste keer in Suid-Afrika weg te beweeg van 'n benadering waar die fokus op horende-Dowe interaksie val, en die uitgangspunt is eerder 'n klemverskuiwing waar die fokus op gebaretaal self val, in hierdie geval SASL.

6.2. Die toepassing of gebruik van buitetekste

Bergenholtz, Tarp en Wiegand (1999: 1776-1778) onderskei tussen **geïntegreerde** en **niegeïntegreerde** buitetekste, wat dit vir die leksikograaf moontlik maak om 'n stel buitetekste te ontwerp met of sonder 'n direkte skakel met die werklike doel van die spesifieke woordeboek. Tekste soos die lys medewerkers, die historiese ontwikkeling van die taal, en dies meer is tipiese voorbeelde van niegeïntegreerde buitetekste aangesien hulle gewoonlik nie 'n direkte skakel met die sentrale lys van 'n woordeboek of sy ware doel toon nie. In teenstelling hiermee is die voorbeeld van die *Longman Dictionary of Contemporary English* (LDOCE) se tabel met diere name en o.a. hul manlike, vroulike en verkleinvorme, soos in voorbeeld 6.4 aangegee, 'n voorbeeld van 'n geïntegreerde buitetekste aangesien dit die gebruiker die moontlikheid gee om direk by hierdie inligting (wat ook in die sentrale lys verskyn) uit te kom en dit in tabelvorm te beskou sonder om die sentrale teks te raadpleeg.

In die geval van data wat in tabelvorm as buitetekste gegroepeer word en wat ook in ('n tematiese kategorie van) die sentrale lys verskyn, soos syfers in die lys wat hieronder in paragraaf 6.4.5. aangegee word, skep 'n multimedia- of elektroniese formaat die moontlikheid om ook 'n hiperskakel na die inskrywing vir die spesifieke item in die sentrale lys te verskaf; die lemma word van 'n volledige bewerking voorsien wat inligting soos die handvorm, die plek in die gebaretealruimte, die geskrewe ekwivalent van die gebaar, woordsoort, 'n lynskets van die gebaar, 'n video van die gebaar, 'n geskrewe glos van 'n voorbeeld van die gebaar in 'n volledige sin sowel as 'n video van die gegewe voorbeeld en die korrekte vertaling van die gebaretaalluiting in die geskrewe taal insluit. 'n Voorbeeld van hierdie tipe toepassing van 'n buitetekste verskyn in die *Online Dictionary of New Zealand Sign Language* (NZSL Online): die gebruiker kan in die lys hoofgetalle (ingedeel onder die hoofopskrif "Numbers" wat in 'n navigeringsbalk geplaas is wat altyd sigbaar is) op die skakel wat saam met die lynskets van die getal verskyn, klik:



Figuur 6.1: Navigeringsbalk in die NZSL Online waarop die skakel na 'n 'buiteteks' bestaande uit 'n oorsigtelike groepering van die gebare vir getalle gevind word.





Figuur 6.2: Lynskets van die gebaar vir die getal 9 wat in die NZSL Online op die bladsy onder die hoofskrif "Numbers" verskyn.

(Die tussenstap, nl. die bladsy direk onder die skakel "Numbers" waar al die gebare oorsigtelik saamgegroeper is, is in die bostaande voorbeeld oorgeslaan om ruimte te spaar.)

Deur op die skakel ([9](#)) wat by die gebaar verskyn, te klik, word die gebruiker herlei na die bladsy waar die volledige artikel van die gebaar aangebied word:

 	<p>nine</p> <p>9</p> <p><i>numeral</i></p> <p>Add to Vocab Sheet</p>	
--	---	--

	 <p data-bbox="1046 976 1315 1021">Play in slow motion</p>
	<p data-bbox="344 1077 600 1122">Usage Examples</p>  <p data-bbox="858 1144 1289 1223"><i>The boy invited nine friends to his birthday party.</i></p> <p data-bbox="858 1256 1222 1335"><u>boy invite nine friend come birthday party</u></p> <p data-bbox="1046 1368 1315 1413">Play in slow motion</p>

Figuur 6.3: Volledige artikel van die gebaar vir die getal 9 in die NZSL Online.

Dit kan hier genoem word dat dit belangrik is dat hiperskakels verkieslik altyd soos "tipiese" hiperskakels moet lyk (dus in blou en onderstreep, soos in die skakel vir [9](#)), aangesien die deursneegebruiker van die internet a) reeds verwag dat 'n hiperskakel so sal lyk en b) ook sal verstaan dat teks wat op hierdie manier gemerk is, 'n skakel is wat na 'n ander bladsy sal lei.

Soos reeds genoem, is buitetekste meer as net kosmetiese versierings (Gouws 2009a) of selfs byvoegsels wat na willekeur bygevoeg of weggelaat word, maar hulle

behoort 'n ondersteunende rol tot die hoofartikels van die woordeboek t.o.v. die oordrag van inligting te speel. 'n Woordeboek behoort ook 'n transtekstuele benadering tot leksikografiese funksies te hê wat meebring dat die funksies wat in die sentrale lys nagestreef word, ook deur buitetekste bevredig moet word.

6.2.1. Tabele en lyste in geskrewe woordeboeke

'n Voorbeeld van 'n buitetekst wat aan goeie leksikografiese beginsels voldoen en die ware doel van die woordeboek ondersteun deur die gebruiker te help om inligting wat in die woordeboek is (makliker) te bekom, en wat ook 'n kognitiewe funksie het, is die dieretabel in die LDOCE (1978: 1298):

ANIMAL	MALE	FEMALE	YOUNG	GROUP NOUN	Noise – all verb and noun: some are also interjections
cat	tom(cat)	queen	kitten		purr miaow <i>interj</i>
cattle (<i>pl.</i>)	bull	cow	calf	herd	bellow (of bull) moo (of cow) <i>interj</i>
chicken	cock	hen	chick	brood (of young)	
dog	dog	bitch	pup(py)		bark whine growl bowbow

					<i>interj</i>
dolphin, porpoise, whale	bull	cow	calf	school	
donkey					heehaw <i>interj</i> bray
duck	drake	duck	duckling		quack <i>interj</i>
deer (<i>pl.</i> deer)	buck stag	doe hind (esp. Of reddeer)		herd	
fish				shoal	
fox	dog	vixen	cub		bark
goat	billy (goat)	nanny (goat)	kid	herd	bleat
goose (<i>pl.</i> geese)	gander	goose	gosling	flock gaggle	hiss honk
horse	stallion	mare	foal	herd (esp. in the wild)	neigh whinny
lion	lion	lioness	cub	pride	roar
pig	boar	sow	piglet	herd	grunt oink <i>interj</i>
rabbit	buck	doe			

seal	bull	cow	pup	colony	bark
sheep	ram	ewe	lamb	flock	bleat baa <i>interj</i>

Figuur 6.4: Dieretabel in die LDOCE (1978: 1298).

Tabelle of lyste wat tipies in die buitetekste van woordeboeke vir jong gebruikers, soos die *Oxford First Bilingual Dictionary* (OFBD) (2010) en die LGFW (2010), gebruik word, sluit in lyste van die alfabet, die kalender (dae van die week en maande van die jaar), seisoene, syfers/getalle, teenoorgesteldes, kleure en geometriese vorme:



Figuur 6.5: Voorbeeld van buitetekst in die LGFW (2010: 1).

Teenoorgesteldes / Opposites

<p>donker dark</p>  <p>lig light</p>	<p>eenders same</p>  <p>verskillend different</p>	<p>gelukkig happy</p>  <p>treurig sad</p>	<p>groot big</p>  <p>klein small</p>	<p>hoog high</p>  <p>laag low</p>
<p>kort short</p>  <p>lank tall</p>	<p>nat wet</p>  <p>droog dry</p>	<p>nuut new</p>  <p>oud old</p>	<p>oop open</p>  <p>toe closed</p>	<p>skoon clean</p>  <p>vuil dirty</p>
<p>swaar heavy</p>  <p>lig light</p>	<p>vet fat</p>  <p>maer thin</p>	<p>vinnig fast</p>  <p>stadig slow</p>	<p>vol full</p>  <p>leeg empty</p>	<p>warm hot</p>  <p>koud cold</p>

*My hare is droog, maar joune is nog nat.
Jou glas is vol, maar myne is leeg.*

*My hair is dry, but yours is still wet.
Your glass is full, but mine is empty.*

39

Figuur 6.6: Voorbeeld van buitetekst oor teenoorgesteldes in die OFBD (2010: 39).

 **Waar is dit? / Where is it?** 

			
The bird is on the roof. <i>Die voël is op die dak.</i>	There is cool drink in the glasses. <i>Daar is koeldrank in die glase.</i>	The T-shirt is under the bed. <i>Die T-hemp is onder die bed.</i>	The light is above the television. <i>Die lig is bo die televisie.</i>
			
The nurse is in front of the clinic. <i>Die verpleegster is voor die kliniek.</i>	The donkey is next to the farmer. <i>Die donkie is langs die boer.</i>	Who is behind the door? <i>Wie is agter die deur?</i>	The photograph is at the top . <i>Die foto is heel bo.</i>
Waar gaan hulle heen? / Where are they going?			
			
The boy is climbing up the ladder. <i>Die seuntjie klim teen die leer op.</i>	The cat is climbing down the tree. <i>Die kat klim uit die boom.</i>	She is going into the water. <i>Sy gaan in die water in.</i>	Jabu is running to the car. <i>Jabu hardloop na die kar toe.</i>
			The list is at the bottom . <i>Die lys is heel onder.</i>

(47)

Figuur 6.7: Voorbeeld van buitetekste oor voorsetsels in die OFBD (2010: 47).

Die gebruik van kleurvolle prentjies om konsepte soos teenoorgesteldes en die gebruik van voorsetsels te illustreer, is nie alleen prakties vanuit 'n leksikografiese oogpunt nie, maar ook aantreklik en prettig vanuit die jong gebruiker se oogpunt. Deur aan jong gebruikers te demonstreer dat dit ook lekker kan wees om iets in die woordeboek te soek en/of iets daaruit te leer met die hulp van kleurrike sketse, kan

'n woordeboekkultuur (mettertyd) gekultiveer word by 'n gebruikersgroep wat tot dusver (in die spesifieke geval van die voorgestelde woordeboek) afgeskeep is.

6.3. Voorbeelde van buitetekste in bestaande gebaretaalwoordeboeke

'n Oorsig van die voor- en agtertekste wat in enkele bestaande gebaretaalwoordeboeke aangebied word, gee 'n goeie idee van die tipe buitetekste wat vir die gebruiker van 'n gebaretaalwoordeboek van nut kan wees en dus ook vir gebruik in die beplande woordeboek *oorweeg* kan word.


Stokoe et al. (1976) se *Dictionary of American Sign Language on linguistic principles* (voorts DASL) beskik oor 'n omvattende beskrywing van ASL en die hantering daarvan in die woordeboek (in 'n inleidende voorteks), die sintaksis van ASL (bylaag A – al die bylaes word as agtertekste aangebied), naamgebare ("name signs", dus die gebaar wat aan 'n spesifieke persoon toegeken word om 'n voorstelling van sy of haar naam te wees en wat dikwels deur Dowes gekies word om 'n spesifieke eienskap van die persoon te beklemtoon) en die getalstelsel (bylaag B), die taalkundige gemeenskap van ASL (bylaag C), gebaretaaldialekte (bylaag D) sowel as 'n alfabetiese indeks van Engelse woorde (en frases soos "I didn't mean that", "turn one's stomach", "going back and forth", "hanging out laundry"). Geen eksplisiete verduideliking van dié Engelse woorde word gegee nie, maar dit wil voorkom asof dit die Engelse ekwivalente vir die gebare in die sentrale lys is – die woordeboek is georden volgens gebare (volgens Stokoe se notering van die gebare volgens handvorm en ander parameters) en nie volgens geskrewe woorde nie. Die Engelse indeks dien dus as 'n kruisverwysing na items in die sentrale lys.

Dit is interessant om op te merk dat die indeks ook eiename bevat, soos "Lincoln, Abraham", "Benson, Elizabeth E.", en plekname, soos "Hartford, Conn." en "Phoenix, Arizona". Die artikel vir "Benson, Elizabeth E." dui aan dat dit 'n naamgebaar is en lyk soos volg:

Elizabeth E. Benson, Dean of Women, Gallaudet College. See Appendix B (Stokoe et al. 1976: 185).

Die artikel bevat dus 'n kruisverwysing na die bylaag oor naamgebare, aangesien dit 'n belangrike komponent van ASL (en ander gebaretale) is wat in meer besonderhede in die bylaag bespreek word.

Die DBSL beskik oor 'n **inleidende voorteks** en **gebruikersgids** wat in inhoud en aanbieding baie ooreenkomste toon met die woordeboeke van gesproke/geskrewe tale. Dit bevat o.a. 'n afdeling oor die geskiedenis van die DBSL, 'n oorsig van gebaretaalleksikografie oor die algemeen, 'n kort opsomming van die inhoud van die woordeboek, 'n omvattende gebruikersgids onder die opskrif "Locating information in the Dictionary" wat van voorbeeldbladsye uit die woordeboek voorsien is, 'n uiteensetting van die notasiesisteem soos wat dit in die DBSL gebruik is, 'n uiteensetting van die niemanuele eienskappe, 'n produksiegids (wat gebruikers leiding gee oor die korrekte gebruik van die gebareparameters handvorm en oriëntasie (gids een), plek, rangskikking van die hande en kontak (gids twee), beweging (gids drie) en niemanuele eienskappe.



Figuur 6.8: Gebruikersgids tot die uitleg van die BSL-afdeling van die DBSL (Brien 1992: xiv).

How to use the Dictionary
[BSL section layout]

5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15
	<i>The best index and middle fingers are extended from the fist and spread apart.</i>									807-809
<i>Handshape and orientation</i>	<i>Location, hand arrangement and contact</i>			<i>Movement</i>			<i>Glosses</i>			
The \checkmark hand is held with the palm facing left (if the hand were opened, the fingers would point up).	The hand is held in front of the shoulder.			The hand makes a short movement away from the signer.			bus* metro * ¹ subway * ¹ tube * ¹ underground * ¹ underground train * ¹			
<i>Notes</i>	* Regional sign.			1 If the movement is changed to a short repeated downward movement, the sign produced is metro, subway, tube, underground, underground train.			$\checkmark < \Lambda$			
The \checkmark hand is held with the palm facing towards the signer (if the hand were opened, the fingers would point up).	The hand is held with the extended fingers in front of the eyes.			The hand makes two short movements from side to side.			blind as a bat miss			
<i>Non-manual features</i>	The lips are rounded and pushed forward.									
The \checkmark hand is held with the palm facing towards the signer (if the hand were opened, the fingers would point up).	The hand is held with the extended fingers in front of the eyes.			The hand makes short twisting movements from side to side.			blind blind person			

807 above— or explains how a sign *may* be modified. The symbols ¹, ², ³ and ⁴ are used to explain that a sign *can only* be produced following the instructions in the *Notes*.

9 *Non-manual features*
If non-manual features are specified, remember that these are integral parts of the sign. The non-manual features are produced at the same time as the manual aspects of the sign. As it has not always been possible to capture the features in the *Photographs*, you should always check here for a description of the non-manual features. See pages xxiv–xxvii for more details of these features.

10 *Production guide one*
The information in the first column tells you (using *Notation* symbols) which handshapes are used at the start of the sign and how they are orientated in space. Note that the production specification is always given from the signer's own point of view. See page xxx for further information.

11 *Production guide two*
The second column of texts explains where the hands are held and how they are positioned relative to each other. Follow the information in this and the first column and your hands will be in position to begin the sign (see page xxx).

12 *Production guide three*
In the third column, you will find a description of the movement made


by the hands in the production of the sign, including any changes in the shape of the hands (see page xxx).

13 *Glosses*
The glosses column contains a number of entries that can be thought of as possible parallels to the sign given opposite. Two types of additional information are indicated in this column. Firstly, we have used the symbols *, † and ‡ to give supplementary information or to show that the sign with this gloss *may* be modified in certain ways as indicated in the *Notes*. Secondly, we have used the symbols ¹, ², ³ and ⁴ when the sign with this gloss *can only* be produced following the instructions in the *Notes* (see page xxxi for details).

14 *Entry number repeated*
Numbers (corresponding to the *Entry numbers* on the facing page) are located at the side of the text. Each number provides a direct link between a section of descriptive text here, the *Photographs* (plus *Notation*) opposite and an entry or entries in the *English (Guide to meaning)* section. See pages xxxii–xxxiv for further information.

15 *Page entry contents*
In the top corner of the page, you will find numbers showing the range of entries contained on these two pages, to help you locate quickly the information you need (see pages xxxii–xxxiv for more details).

Figuur 6.9: Gebruikersgids tot die uitleg van die BSL-afdeling van die DBSL (vervolg) (Brien 1992: xv).



Figuur 6.10: Gebruikersgids tot die uitleg van die Engelse gids tot betekenis-afdeling van die DBSL (Brien 1992: xvi).

Daar is ook 'n baie handige deel met "Questions and answers" wat voorbeelde verskaf van die maniere waarop die woordeboek gebruik kan word, bv. wat om te doen in die geval van 'n gebruiker wat a) vlot is in BSL en b) oor 'n mate van kennis van Engels beskik, wat c) besig is om 'n brief in Engels te skryf en wil d) uitvind of

daar ander Engelse woorde met dieselfde betekenis (dus sinonieme) is vir 'n woord wat dikwels in die teks gebruik word (dus **teksproduksie** vir die Dowe gebruiker van die geskrewe taal). 'n Ander scenario sluit in 'n gebruiker wat a) vlot is in BSL en b) oor 'n mate van kennis van Engels beskik, wat c) besig is om 'n boek te lees en d) op soek is na ander betekenis vir 'n spesifieke woord waarvan een betekenis aan die gebruiker bekend is (dus **teksresepsie** vir die Dowe gebruiker van die geskrewe taal). In terme van horende gebruikers word daar o.a. voorsiening gemaak vir scenario's waarin 'n vlot spreker van Engels met 'n mate van kennis van BSL 'n gebaar in gesprekke teëgekomp het maar nie weet hoe om dit te produseer nie (dus **teksproduksie** vir die horende gebruiker van gebaretaal); 'n vlot spreker van Engels met 'n mate van kennis van BSL wat 'n video in BSL het waarin daar 'n gebaar is wat hy/sy nie verstaan nie (dus **teksresepsie** vir die horende gebruiker van gebaretaal); 'n vlot spreker van Engels met 'n mate van kennis van BSL wat op soek is na 'n gebaar om 'n spesifieke betekenis in 'n gebaretaaluiting oor te dra (dus **teksproduksie** vir die horende gebruiker van gebaretaal). 'n Uiteensetting van volledige instruksies vir elke scenario wat geskets word, word verskaf en bied aan die gebruiker 'n stap-vir-stap-gids oor presies hoe om die woordeboek te gebruik om in spesifieke behoeftes te voorsien.

In 'n aparte afdeling getiteld "The Visual World of British Sign Language: an introduction" bied Brennan (1992: 1-133) 'n omvattende beskrywing van die Dowe gemeenskap en veral die taal, insluitend die vasgestelde en produktiewe leksikon, klassifiseerders en die grammatika (woordklasse in BSL, werkwoordverbuiging, ontkenning, die breër grammatikale konteks, ens.). Hierdie beskrywing kwalifiseer dalk nie as 'n "minigrammatika" nie, maar is wel bruikbaar en nodig, veral in die lig van die wanopvattinge en verkeerde of gebrekkige kennis wat daar oor die algemeen oor gebaretaal bestaan.

Die *Gallaudet Dictionary of American Sign Language* (Valli 2005) (voortaan GDASL) op CD-ROM bevat 'n hulpknoppie as toegang tot 'n tipe buitetekst, aangesien die gebruiker na die volgende beeld gelei word wanneer die knoppie gedruk word:

The screenshot displays the GDASL interface with the following components and callouts:

- Word List:** A scrollable list of words starting with 'A'. A callout says: "Scroll through the list of words and click on your selection to play the video clip." Another callout says: "Type a word into the Word Search box. The Word List will scroll to the closest match as you type. Press ENTER or click on the word in the list to play the video." Below the list is a "Word Search" box with a callout: "Type in this box to locate a word or phrase. The Word List will scroll to the closest match as you type." Below the search box are three callouts: "Returns to the previous screen.", "Presents the video in a larger size.", and "Presents the video in slow motion. Click PLAY to return to normal speed." At the bottom of the interface are buttons: "← Back", "Full Screen", "Play", "Stop", "Play Slow", "Step Fwd", and "QUIT".
- answer:** A video window showing a signer. A callout says: "If a word has synonyms or related words they will appear here." Below the video, the word "reply, response" is listed under "Synonyms:". A callout says: "Some words have helpful additional explanations, which appear here." Below the synonyms, the word "Use same sign for both the noun and verb." is listed under "Explanation:". A callout says: "Advances the video frame by frame with each mouse click. Click PLAY to return to normal speed." Below the explanation, there are buttons: "← Back", "Full Screen", "Play", "Stop", "Play Slow", "Step Fwd", and "QUIT".

Figuur 6.11: Hulpbladsy met instruksies soos gevind op die GDASL CD-ROM.

Hierdie bladsy is nuttig omdat dit 'n beskrywende etiket aan alles op die skerm gee en verduidelik wat die funksie of betekenis daarvan is. Die enigste knoppie op die Help-bladsy wat aktief is en geklik kan word, is die "Back"-knoppie, wat die gebruiker terugneem na die oorspronklike, soekbare gebruikerskoppelvlak.

Die GDASL in boekvorm sluit benewens 'n **algemene inleiding** met 'n oorsig en geskiedenis van die Amerikaanse Dowe gemeenskap, 'n bespreking van ASL en die eienskappe en struktuur daarvan (insluitend die gebareparameters en niemanuele eienskappe of tekens), 'n afdeling oor die uitbreiding van die leksikon deur middel van vingerspelling, leenwoorde uit ander (gebare)tale en verandering oor 'n verloop van tyd, variasie en kontak tussen tale ook 'n aparte afdeling oor **klassifiseerders** in ASL in sowel as 'n lys **Engelse woorde** wat gewoonlik in ASL **gevingerspel** word, hetsy volledig of afgekort:

English Words That Are Usually Fingerspelled

The following words are usually fingerspelled as complete words or as abbreviations.

air = A-I-R	nail = N-A-I-L
apartment = A-P-T	nap = N-A-P
bank = B-A-N-K	news = N-E-W-S
bar = B-A-R	oil = O-I-L
barbecue = B-B-Q	ounce = O-Z
cab = C-A-B	pan = P-A-N
car = C-A-R	prescription = R-X
ferry = F-E-R-R-Y	quarterback = Q-B
handicapped = H-C	racquetball = R-B
headquarters = H-Q	rice = R-I-C-E
heel = H-E-E-L	roll = R-O-L-L (bread)
high school = H-S	rug = R-U-G
ice = I-C-E	social security number = S-S + NUMBER
junior = J-R	tablespoon = T-B-S (measure)
liberal = L-I-B-E-R-A-L	teaspoon = T-S-P (measure)
map = M-A-P	Total Communication = T-C
menu = M-E-N-U	tip = T-I-P
meter = M-E-T-E-R	toe = T-O-E
mud = M-U-D	yard = Y-A-R-D
multiple sclerosis = M-S	

Figuur 6.12: Lys woorde wat gewoonlik in ASL gevingerspel word (Valli 2005: xii).

Hierdie lys in die GDASL is gerig op die bereiking van die werklike doel van die woordeboek, nl. die resepsie en produksie van ASL. Die gebare wat in die lys genoem word, word egter nie in die gedrukte teks herhaal nie en slegs enkeles verskyn wel op die CD-ROM (die hele GDASL bestaan uit 'n gedrukte woordeboek en 'n multimedia woordeboek op CD-ROM wat soekbaar is volgens die geskrewe woorde maar wat ook video-opnames van die gebare bevat). Daar word 'n onderskeid getref tussen woorde wat gewoonweg gevingerspel word en woorde wat oorspronklik uit die gesproke/geskrewe taal geleen is maar wat **geleksikaliseer** is in ASL, bv. #JOB en #BACK (die hutsteken # word by geleksikaliseerde vingerspelgebare gebruik) – die oorgang tussen die onderskeie letters word so vloeiend dat sommige van die letters uitgelaat word, bv. in die gebaar #JOB word slegs die J en B gevingerspel, en in #BACK slegs die B, A en K. Dit wil egter voorkom asof die GDASL hierdie onderskeid nie konsekwent toepas nie, aangesien

die vingerspelgebaar BUS (waarin elke letter B, U en S gevingerspel word) as die geleksikaliseerde inskrywing #BUS opgeneem is.

Die idee behoort egter nooit te wees om elke moontlike buitetekst in die voorgestelde skoolwoordeboek of enige ander (skool)woordeboek te gebruik nie, aangesien dit na alle waarskynlikheid slegs na informasiedood ("information death", cf. Bergenholtz et al. 2009; Bergenholtz en Gouws 2010) sal lei. Die *Finger Talk South African Sign Language (SASL) Dictionary* (Howard 2008) (voortaan FTSASLD) bied 'n kompakte versameling buitetekste van die noodsaaklikste inligting aan, wat moontlik as 'n riglyn vir die insluiting van buitetekste in die voorgestelde woordeboek gebruik kan word: benewens 'n inhoudsbladsy en 'n kort inleiding (waarin dit lyk asof die woordeboek hoofsaaklik op die ouers en vriende van die Dowe leerders by die Fulton Skool vir Doves gemik is, aangesien die woordeboek onder die naam en embleem van die skool verskyn) bevat die voorteks ook 'n afdeling oor die **gebareparameters** en **niet-manuele eienskappe** of tekens, die **vingerspelalfabet**, **maande** van die jaar en **getalle** 0 tot 20. Die sentrale lys van die FTSASLD is ingedeel in tematiese kategorieë soos Kommunikasie, Plaasdiere, Wilde Diere, Klere, Liggaamsdele asook Werkwoorde, Vraagwoorde, Voornaamwoorde, Voorsetsels en Teenoorgesteldes – hierdie kategorieë stem tot 'n groot mate ooreen met die tematiese kategorieë wat op De la Bat se klaswoordelyste verskyn, wat dit laat voorkom asof die teikengebruikers wel die Dowe leerders by die skool (ook) is. Ongelukkig word die teikengebruiker(s) nie pertinent geïdentifiseer nie.

Na die sentrale lys volg 'n **alfabetiese indeks** van al die woorde wat in die woordeboek verskyn tesame met die bladsynommer waar hulle gesien kan word. Dit maak van die woordeboek 'n politoeganklike bron. Daar is ook 'n bladsy met "Useful Contacts" waarop die adresse en kontakbesonderhede van o.a. DEAFSA, die Dowe Vereniging van KwaZulu-Natal, 'n gebaretaalinstrukteur en die KwaZulu-Natal Blinde en Dowe Vereniging aangegee word. Hierop volg weer twee bladsye met 'n kort geskrewe teks oor die Fulton skool sowel as verskeie foto's, en heel laaste 'n bladsy waarop notas gemaak kan word en waarop kortliks inligting omtrent die outeur verskyn.

Die agtien (18) handvorme wat in die FTSASLD gelys word, is veel minder as die ses-en-sestig (66) handvorme wat in totaal in die *Dictionary of Southern African Signs* (Penn 1992b:12) gelys word. Dit lyk egter nie asof die FTSASLD enige gebare

bevat wat uit handvorme bestaan wat nie in die voorteks gelys is nie; dit veroorsaak dus geen probleme binne die konteks van die woordeboek en sy gebruik nie. Op soortgelyke wyse hoef die voorgestelde skoolwoordeboek nie 'n lys of indeks van elke *moontlike* handvorm in SASL te bevat nie, maar die lys en indeks kan saamgestel word op grond van die handvorme wat in die opname van die gebare wat gebruik gaan word, gevind word.

6.4. Voorstelle vir buitetekste

6.4.1. Beskrywing van die brontaal en doeltaal

Die primêre teikengebruiker van die voorgestelde woordeboek is 'n Dowe leerder wat nie noodwendig baie goeie taalvaardigheid in die tweede (geskrewe) taal het nie. Die situasie word egter verder gekompliseer deurdat die tipiese Dowe leerder in sommige gevalle ook nie 'n baie gesofistikeerde of uitdruklike kennis van gebaretaal het nie, aangesien die oorgrote meerderheid Dowe kinders nie gebaretaal van hul ouers leer nie en dikwels eers in 'n later stadium daaraan blootgestel word, soos by 'n residensiële skool. Daarby is die onderrig en bestudering van gebaretaal as 'n formele skoolvak nog 'n nuuttjie en word die gebaretaalkurrikulum ten tyde van hierdie skrywe steeds in fases in die verskillende grade in die skool bekendgestel.

Die sekondêre teikengebruiker is 'n horende leerder van gebaretaal, veral iemand soos 'n familielid wat self met die basiese woordeskat vertrou wil raak sodat hulle (makliker) met die Dowe leerder kan kommunikeer.

Beide gebaretaal en Afrikaans tree dus as bewerkingstaal en bewerkte taal op aangesien die voorgestelde woordeboek volkome tweetalig is en lemmabewerkings volledig en parallel in beide tale aangebied word (soos wat in hoofstuk 8 bespreek word).

Daar moet dus aanvaar word dat beide die geskrewe taal en gebaretaal deeglik behandel sal moet word en dat die fokus eweredig tussen die twee tale gebalanseer sal moet word. Hierdie ewewig in die hantering van albei tale moet ook in die buitetekste van die voorgestelde woordeboek weerspieël word. Die voorgestelde woordeboek verteenwoordig die eerste geval waar gebaretaal self (ook) as brontaal in Suid-Afrika aangebied word. Die buitetekste van die voorgestelde woordeboek sal dus nie net 'n minigrammatika van die geskrewe taal moet aanbied nie, maar ook 'n

grammatikale oorsig van gebaretaal. Hierdie benadering sal in ooreenstemming wees met die **ware doel** van die woordeboek, nl. om die Dowe gebruiker (asook die horende gebruiker) te help om die toepaslike inligting in albei tale so gou moontlik op te spoor.

'n Fonologiese, morfologiese en selfs sintaktiese analise van beide tale sal dus waarde tot die voorgestelde woordeboek toevoeg. Die woordeboek sal nie net 'n leksikografiese verwysingbron wees nie maar ook 'n taalkundige hulpmiddel (ook in die resepsie en produksie van die geskrewe taal).

Daar bestaan geen twyfel daaroor dat die primêre teikengebruikers en hul naslaanvaardighede die struktuur van die woordeboek behoort te bepaal nie. Daar is nie tans 'n woordeboek met SASL as brontaal nie en daar is nog baie debat oor die standaardisering van die taal. Volgens Gallardo (1980: 61) behoort daar nie in die geval van 'n taal wat nog in die proses van standaardisering is prioriteit aan die samestelling van 'n eentalige woordeboek gegee te word nie, maar eerder aan die samestelling van 'n tweetalige of selfs veeltalige woordeboek. Die voorgestelde woordeboek voldoen dus aan hierdie aanbeveling.

6.4.2 Instruksies aan die gebruiker

Gegewe die feit dat die primêre teikengebruiker geen ervaring van woordeboeke en 'n beperkte woordeboekkultuur het – veral waar dit nie moontlik is om 'n gebaar op te soek sonder die hulp van 'n geskrewe taal nie – sal die buiteteks vir besonder deeglike instruksies en opleiding aan die gebruiker voorsiening moet maak (benewens die duidelike leiding wat ook in die klas aan die gebruikers gegee sal moet word). Voorbeelde uit al drie dele van die teks, nl. 'n tematiese kategorie en 'n tipiese artikel of subveld (of 'n kort deeltrajek) daaruit, 'n voorbeeld van die manier waarop gebare volgens handvorm gesoek word sowel as die manier waarop 'n woord as soekmetode optree, moet ingesluit en duidelik geïllustreer en van aanwysings in beide die geskrewe taal sowel as gebaretaal voorsien word om aan die gebruiker te wys hoe om inligting nie net vanuit die (drie) soekmetodes nie, maar ook vanuit die mikrostruktuur binne elke artikel te ontgin. Hierdie instruksies kan d.m.v. 'n videotutoriaal aangebied word. 'n Goeie voorbeeld van 'n omvattende stap-vir-stap-videotutoriaal in gebaretaal (naas die geskrewe instruksies) kan aanlyn op die NZSL Online-webblad by <http://nzsl.vuw.ac.nz/help> gesien word.

Dit is belangrik om dit eksplisiet of stap-vir-stap aan die gebruiker duidelik te maak hoe en in watter situasies die woordeboek gebruik kan word, en dit kan gedoen word deur sekere scenario's te skets wat dien as voorbeelde van die tipiese funksies waarop die woordeboek gemik is. **Teksproduksie** in die geskrewe taal kan verduidelik word aan die hand van die Dowe leerder wat weet wat 'n gebaar beteken maar nie weet wat die geskrewe ekwivalent vir daardie gebaar is nie. **Teksresepsie** in die geskrewe taal kan weer geïllustreer word as 'n Dowe leerder wat 'n woord in 'n teks lees maar nie seker is wat die woord beteken nie. Op 'n soortgelyke manier behoort die gebruikershandleiding die sekondêre gebruikersgroep, nl. horende leerders van SASL, se behoeftes oor die produksie en resepsie van SASL te hanteer en te verduidelik hoe die woordeboek die gebruiker in daardie aspekte ondersteun, bv. in gevalle waar 'n horende leerder a) nie weet watter gebaar om in 'n sekere situasie te gebruik nie (en dus 'n soektog via 'n geskrewe woord na 'n gebaar sal volg), of b) nie weet wat 'n gebaar in 'n uiting beteken nie (en dus 'n soektog via 'n gebaar na 'n geskrewe woord sal volg).

Die instruksies kan op die **Tuis-bladsy** aangebied word, maar 'n skakel daarheen kan via 'n hulp-knoppie of -skakel op elke elektroniese 'bladsy' van die gebruikerskoppelvlak ("user interface") ingesluit word sodat dit altyd teenwoordig en bereikbaar is. Veral internet- en ook die meeste ander rekenaargebruikers is daaraan gewoond dat daar 'n hulpfunksie of -knoppie in die betrokke program is en hulle soek intuïtief daarvoor **op die bladsy waar hulle is**. Vir 'n voorbeeld van 'n hulpbladsy, sien die bespreking van die *Gallaudet Dictionary of American Sign Language* se hulpbladsy in paragraaf 6.3 hierbo.

Dit behoort duidelik aan die gebruiker gestel te word dat die inhoud van die woordeboek gebaseer is op die temas wat volgens die betrokke leerplanne in die klas behandel word, waarvoor die enigste hulpmiddel tot dusver die geskrewe woordelyste was – deur die nuwe woordeboek op hierdie manier binne die konteks van die leerder se daaglikse situasie te plaas, behoort dit vir die leerder duidelik te wees *hoekom* daar nou 'n woordeboek is en *waarvoor* hy/sy dit kan gebruik.

Die **keuse** en **doel** van die ander tipe buitetekste wat gekies en ingesluit word, soos tabelle van diere en hul geluide, die trappe van vergelyking, teenoorgesteldes, voorsetsels, kleure, ens. (sien paragraaf 6.4.5.) moet ook deeglik geïllustreer en verduidelik word sodat die teikengebruiker weet a) **wat** in hierdie tekste aangebied

word, b) **waar** om dié tekste te vind en c) **hoe**, **hoekom** en **wanneer** hulle die tekste kan raadpleeg om hul gebruik van die woordeboek aan te vul en uit te brei. Net soos in die geval van 'n hulp-ikoon wat op die Tuis-bladsy en ook elke ander bladsy teenwoordig is om die gebruiker na die gebruikersaanwysings te neem, kan 'n ikoon of ikone wat die gebruiker na die buitetekste lei, op dieselfde manier aangewend word.

6.4.3. Minigrammatika van die geskrewe taal

Soos reeds genoem, is dit nie die doel om hier te fokus op presies hoe die inhoud van die grammatika-aanbod in die woordeboek sal lyk nie. Die tipe onderwerpe wat ter sprake kan kom, word hier bespreek. Die spesifieke gebruikersbehoefte sal telkens bepalend wees vir die aard en omvang van die bespreking. Afhangend van die spesifieke geskrewe taal waarmee die Dowe leerder in die klaskamer te make het, sal die onderstaande beskrywings op Afrikaans of Engels van toepassing wees.

6.4.3.1. Fonetiek

Aangesien die doel van die woordeboek nie is om Dowe gebruikers te help om die geskrewe taal te *praat* nie – spraakontwikkeling vind by die skool op grond van leerders se individuele vermoë plaas – sal dit nie nodig wees om enige uitdruklike verduidelikings oor die uitspraak van die gesproke taal in die inleiding in te sluit nie, en ook nie enige fonetiese transkripsies van woorde nie.

6.4.3.2. Morfologie en sintaksis

Leerkragte moet geraadpleeg word om te bepaal watter morfeme die belangrikste is (of as die belangrikste in die onderrigsituasie geag word) en met watter morfeme die leerders tipies die meeste probleme ondervind, bv. toekomstige en verlede tyd, meervoud, verkleining, ens. Op hierdie manier kan aandag gegee word aan die toepaslike morfologiese reëls wat in die klassituasie gebruik word en kan hierdie reëls met voorbeelde van die praktiese toepassing daarvan toegelig word.

Die begrip **woordsoorte** kan aan die hand van voorbeelde verduidelik word om leerders aan die verskille tussen die vernaamste woordsoorte soos naamwoorde, byvoeglike naamwoorde, werkwoorde, bywoorde, voorsetsels, en dergelike, te herinner.

Afrikaanse (of Engelse) **woordvolgorde** behoort ook verduidelik en geïllustreer te word, veral aangesien dié volgorde dikwels verskil van die orde van gebare in 'n gebare-uiting. Hier sal die insig en oordeel van die leerkragte weereens 'n belangrike rol speel in die keuse van sintaktiese aspekte wat behandel moet word asook gepaste voorbeeldmateriaal wat die beste geskik sal wees om vir die leerders van waarde te wees.

Die gebruik van 'n woordeboeksterne verwysing kan oorweeg word indien daar toepaslike handboeke, klasnotas of dergelike materiaal bestaan waarmee die leerders vertrou is en wat hierdie inligting in meer besonderhede bespreek en verduidelik. Hier kan die beginsel van **geïntegreerde woordeboekgebruik** toegepas word. Geïntegreerde woordeboekgebruik impliseer dat dit 'n wesenlike deel van 'n bepaalde leeropdrag is, en voorvereis die beplanning en samestelling van 'n bepaalde woordeboek as deel van 'n groter pakket naslaanbronne (Gouws 2009b: 83). 'n Tipiese voorbeeld van geïntegreerde woordeboekgebruik word gevind wanneer 'n woordeboek gekoppel is aan 'n bepaalde nieleksikografiese bron en die gebruik van die woordeboek onder meer daarop gerig is om die inhoud van die betrokke bron beter te ontsluit (Gouws 2009b: 83). Die klaswoordelys vorm (ook) so 'n nieleksikografiese bron en vorm ook die basis vir die inhoud van die woordeboek by gebrek aan 'n ander korpus. Geïntegreerde woordeboekgebruik sal in hierdie geval nie net tot groter insig in die betrokke leerareas lei nie, maar terselfdertyd ook tot die verwerwing van woordeboekgebruiksvaardighede en die vestiging van 'n woordeboekkultuur (Gouws 2009b: 83). Ander handboeke en/of tekste wat in die skool gebruik word en wat terme bevat wat in die woordeboek verklaar word, kan aangepas word sodat die betrokke terme in dié tekste aangedui of gemerk word. Sodoende sal die gebruikers mettertyd weet en onthou dat die 'pakket' van woordeboek tesame met klasmateriaal voorsiening maak vir leksikografiese bewerking van die betrokke terme – die wisselwerking tussen klasmateriaal en woordeboek deur middel van kruisverwysings verhef die klasmateriaal dan tot woordeboeksterne geïntegreerde buitetekste (Gouws 2009b: 88, 90).

Die inligting wat in hierdie afdelings aangebied word, behoort in beide die geskrewe vorm (aangesien dit immers die geskrewe taal is wat bespreek word) sowel as 'n video-opname met SASL aangebied word om maksimum toegang en begrip te verseker en om getrou te bly aan die woordeboek se tweetalige aard.

6.4.4. Minigrammatika van SASL

6.4.4.1. Fonologie

Die fonemiese elemente van SASL, nl. handvorm, handpalmoriëntering, ruimte/plek en beweging, sal in hierdie afdeling behandel word. Niemanuele eienskappe (dus die gesigsuitdrukking wat grammatikale betekenis het) sal ook hier behandel en aangebied word.























6.4.4.2. Morfologie en sintaksis














Morfologiese en sintaktiese elemente soos verbuiging t.o.v. wyse en graad, veelvoudigheid (meervoudsvorming en/of die inkorporering van getal) en tydsaanduiding (verlede, toekomstige of teenwoordige tyd), ruimtelike en persoonsooreenstemming, die werking en gebruik van klassifiseerders as deel van die produktiewe leksikon, woordsoortelike indeling en onderskeid, eenhandige en tweehandige gebare (die dominante en nedominante hand, tweehandige gebare wat met een gehand gevorm kan word deur die nedominante hand te laat sak, eenhandige gebare wat met twee hande gevorm kan word deur die dominante hand op die nedominante hand te dupliseer, ens.), vingerspelling, en dies meer, sal in hierdie afdeling bespreek word. 'n Lys klassifiseerderhandvorme kan in tabelvorm aangebied word, asook 'n tabel van die vingerspelalfabet. Al hierdie elemente is reeds vroeër in die hoofstuk verduidelik en geïllustreer en sal nie hier herhaal word nie.

Soos in die geval van die minigrammatika van die geskrewe taal, sal die inligting wat hier aangebied word, in beide SASL sowel as die geskrewe taal verskyn om maksimum toegang te verseker vir sowel die primêre gebruiker, die Dowe leerder, as die sekondêre gebruiker, 'n horende persoon.

6.4.5. Tabele en lyste

'n Vereenvoudigde weergawe van die LDOCE se dieretabel (figuur 6.4) met die diere se name en hul geluide soos wat dit in die voorskoolse klaswoordelys verskyn, kan in die buitetekst ingesluit en d.m.v. kruisverwysings in die mikrostruktuur bereik word, bv.:
















<p>DIER </p>	<p>DIEREGELUID </p>
<p> hond </p>	<p>blaf </p>
<p> kat </p>	<p>miaau </p>
<p> hoender   hen </p>	<p>kekkel </p>
<p> haan </p>	<p>kraai </p>
<p> skaap </p>	<p>blêr </p>
<p> koei </p>	<p>bulk </p>

 perd 	runnik 
 muis 	piep 
 leeu 	brul 
 voël 	sing  fluit 

Figuur 6.13: Dierenname en dieregeluide soos wat dit in die voorskoolse klaswoordelys verskyn as een tabel gegroeper (die meegaande prentjies is van die internet geneem en is slegs ter illustrasie van die konsep).

Die tabel bied dus toegang tot die woordeboek se inhoud d.m.v. gidselemente (die prente) wat nie tot enige van die lede van die taalpaar van die woordeboek behoort nie, net soos wat die prente die kern van die tematiese soekprosedure vorm (sien hoofstuk 7 vir 'n bespreking van die databasis en soekprosedures). As gidselemente bied die prente toegang tot die bewerking aan gebruikers van albei die behandelde tale en verhef dit die woordeboek tot iets meer as bloot tweetalig.

Deur die items wat in die skoolwoordelys onder die tematiese opskrif "Plaasdiere" verskyn, eenvoudig in tabelvorm te groepeer, word die direkte verband tussen die manlike en vroulike name vir die onderskeie diere duidelik (bv. **bul** en **koei** vir 'n manlike en vroulike **bees**), sowel as die name wat aan die diere toegeken word wanneer hulle nog klein is (bv. **kalf/kalfie** vir 'n jong **bees**):

	<p>plaasdier</p>		 (Skets plus video van gebaar vir "plaasdier")		
		<p>'n Plaasdier woon op 'n plaas.</p>		 (Video van die definisie in gebaretaal)	
	<p>PLAASDIERE</p> 	<p>MANNETJIE</p> 	<p>WYFIE</p> 	<p>BABA</p> 	
	 <p>hoender (mv. hoenders)</p>	  <p>haan (mv. hane)</p>	  <p>hen (mv. henne)</p>	  <p>kuiken (mv. kuikens) / kuikentjie (mv. kuikentjies)</p>	
	<p>eend (mv. eende)</p>			<p>eendjie (mv. eendjies)</p>	
	<p>skaap (mv. skape)</p>	<p>ram (mv. ramme)</p>	<p>ooi (mv. ooie)</p>	<p>lam (mv. lammers) / lammetjie (mv. lammetjies)</p>	
	<p>perd (mv.</p>	<p>hings (mv.</p>	<p>merrie (mv.</p>	<p>vul (mv. vullens)</p>	

	perde)	hingste)	merries)	/ vulletjie (mv. vulletjies)
	donkie (mv. donkies)	donkiehings	donkiemerrie	donkievul (mv. donkievullens) / donkievulletjie (mv. donkievulletjies)
	vark (mv. varke)	beer (mv. bere)	sog (mv. sogge / sôe)	varkie
	haas (mv. hase)			hasie
	bok (mv. bokke)	bokram (mv. bokramme)	bokooi (mv. bokooie)	boklam (mv. boklammers) / boklammetjie (mv. boklammetjies)
	muis (mv. muisse)			muisie (mv. muisies)
	skilpad (mv. skilpaaie)			skilpadjie (mv. skilpadjies)
	bees (mv. beeste)	bul (mv. bulle)	koei (mv. koeie)	kalf / kalfie (mv. kalfies)
	duif (mv. duiwe)			duifie (mv. duifies)
	hond (mv. honde)	reun (mv. reuns)	teef (mv. tewe)	hondjie (mv. hondjies)

Figuur 6.14: Inhoud van die tematiese kategorie "Plaasdiere" wat in tabelvorm as buitetekst aangebied kan word.

In die gevalle waar daar nie 'n spesifieke woord vir 'n babadier gebruik word nie, soos **eend**, **vark**, **haas**, **muis**, **skilpad**, **duif** en **hond**, kan die gewone verkleinvorm ingevul word om die tabel te voltooi en die verskillende verkleinvorms vas te lê. Hierdie tabelle se geskrewe inhoud kan op sowel teksproduksie as teksresepsie van toepassing en van hulp wees, en dit het ook 'n kognitiewe funksie aangesien dit die opdoen van feitekennis in die sin van die leer van die verband tussen verskillende manlike en vroulike diere, ens., help bewerkstellig.

In die bostaande tabel verteenwoordig die grys plekhouers die sketse van gebare wat die tabelopskrifte vertaal. Slegs die eerste ry van die tabel is van prentjies (wat vanaf die internet bekom is) voorsien om die konsep te illustreer – ander items in die tabel sal ook van toepaslike prentjies of sketse voorsien word. Die prentjies is hiperskakels wat die gebruiker (terug)neem na die onderskeie artikels (dus lei die prentjie van die hen na dieselfde artikel wat die soekresultaat van 'n soektog met die woord "hen" of die gebaar daarvoor sou wees), maar wat ook 'n skakel (sou kon) bevat wat die gebruiker toelaat om die ander items in die tabel na willekeur op te soek, bv. in die geval van "hen":

	hen	 (Skets plus video van gebaar HEN)
	'n Hen is 'n wyfiehóender. Die hen lê eiers. 'n Hen kekkel .	 (Video van die definisie in gebaretaal asook die voorbeeldsin in gebaretaal)
	Sien nog PLAASDIERE .	 (Video van kruisverwysing) plus skets van gebaar vir "plaasdiere" wat ook 'n hiperskakel is)


Figuur 6.15: Mikrostrukturele bewerking vir die woord "hen" met 'n kruisverwysing na die buitetekst vir plaasdiere ("[PLAASDIERE](#)") asook 'n kruisverwysing na 'n buitetekst van diere en die geluide wat hulle maak ("[kekkel](#)") (soos uiteengesit in figuur 6.13 hierbo), wat in die mikrostruktuur van elke referent in die betrokke kategorie teenwoordig sal wees.


































Toegang tot die buitetekste kan dus in hierdie geval ook deur skakels in die mikrostruktuur verkry word. Daar is effektief drie hiperskakels in die bostaande tabel van die mikrostruktuur: die eerste een, die prentjie van die hen, lei, soos al die ander prentjieskakels wat in die mikrostruktuur *links* van die geskrewe woord geplaas word, na die tematiese kategorie/prentjiebladsy vir *Plaasdiere* waarop die prentjie van die hen (saam met al die ander referente in die kategorie) gevind kan word; die tweede een, in die voorbeeldsin ("[kekkel](#)"), lei na 'n opwip-buitetekst waarin die tabel van diere en dieregeluide (soos in figuur 6.13) aangebied word; die derde een, die geskrewe woord [PLAASDIERE](#) asook die skets van die ooreenkomstige gebaar (wat in die bostaande tabelle deur 'n grys 'plekhouer' verteenwoordig word), lei na die buitetekst vir "Plaasdiere" soos wat dit hierbo in figuur 6.14 aangedui word. Sou die gebruiker "plaasdiere" d.m.v. 'n woord of gebaar opsoek, sal 'n skakel na die buitetekst ook in die soekresultaat voorsien word:





	<p>plaasdier</p>	  (Skets plus video van gebaar
	<p>'n Plaasdier woon op 'n plaas.</p>	 (Video van die definisie in gebaretaal)
	<p>Sien nog PLAASDIERE.</p>	  (Video van kruisverwysing) plus skets van gebaar vir "plaasdiere" wat ook 'n hiperskakel is)

Figuur 6.16: Die soekresultaat vir "plaasdiere".

Die mikrostruktuur van die bostaande artikel is grootliks dieselfde as die eerste deel van die mikrostruktuur wat vir die buitetekst aangebied word en bo die tabel van diere name staan, behalwe vir die ekstra komponent van die kruisverwysende skakel na die buitetekst self (in die derde ry van die bostaande tabel). Die prentjie van die plaasdiere heel links binne die artikel is die skakel of aanduider wat die gebruiker (terug)neem na die tematiese kategoriebladsy waar al die inskrywings binne die kategorie aangebied word.

Nog 'n leerarea en die inhoud daarvan wat as buitetekst oorweeg kan word, is die **trappe van vergelyking** van die byvoeglike naamwoorde wat in die woordelys verskyn. 'n Kruisverwysende skakel a) vanuit die minigrammatika van Afrikaans en b) vanuit die mikrostruktuur van die byvoeglike naamwoord kan die gebruiker d.m.v. 'n ikoon soos  na 'n tabel soos hierdie (ook as opwipitem) lei:

		 -er	 -ste
	<p>vet  </p> <p>Hans is vet.</p> <p></p>	<p>vetter  </p> <p>Pieter is vetter (as Hans).</p> <p></p>	<p>die vetste </p> <p></p> <p>Gert is die vetste (van almal).</p> <p></p>
	<p>maer  </p> <p>Tom is maer.</p> <p></p>	<p>maerder </p> <p></p> <p>Sarie is maerder (as Tom).</p> <p></p>	<p>die maerste </p> <p></p> <p>Johan is die maerste (van almal).</p> <p></p>
	<p>groot  </p> <p>My huis is groot.</p> <p></p>	<p>groter  </p> <p>Susan se huis is groter (as my huis).</p> <p></p>	<p>die grootste </p> <p></p> <p>Janet se huis is die grootste (van almal).</p> <p></p>

	<p>klein  </p> <p>'n Haas is klein.</p> <p></p>	<p>kleiner </p> <p></p> <p>'n Muis is kleiner (as 'n haas).</p> <p></p>	<p>die kleinste </p> <p></p> <p>'n Mier is die kleinste (van al drie).</p> <p></p>
	lank	langer	die langste
	kort	korter	die kortste
	hard	harder	die hardste
	sag	sagter	die sagste
	mooi	mooier	die mooiste
	lelik	leliker	die lelikste
	koud	kouer	die koudste
	warm	warmer	die warmste
	vinnig	vinniger	die vinnigste
	stadig	stadiger	die stadigste
	oop	oper	die oopste
	toe	toeër	die toeste
	grof	growwer	die grofste
	glad	gladder	die gladste
	oud	ouer	die oudste

	jonk	jonger	die jongste
	goedkoop	goedkoper	die goedkoopste
	duur	duurder	die duurste
	lig	ligter	die ligste
	swaar	swaarder	die swaarste
	vuil	vuiler	die vuilste
	skoon	skoner	die skoonste
	donker	donkerder	die donkerste
	lig	ligter	die ligste

Figuur 6.17: 'n Tabel van die trappe van vergelyking, met illustrerende sketse om die konsepte te kontekstualiseer (slegs die eerste vier inskrywings van die tabel is ter illustrasie van sketse en voorbeeldsinne voorsien – die hele tabel as buiteteks sal uiteraard van passende sketse en voorbeeldsinne voorsien word).

Die versoeking moet weerstaan word om te veel aparte buitetekste aan te bied, selfs in die elektroniese medium waar ruimte nie dieselfde rol speel as in die gedrukte medium nie. Die elektroniese omgewing moet so **gebruikersvriendelik** moontlik wees, en dit behels (o.a.) dat die aantal klikke van die muis wat 'n gebruiker moet uitvoer om by die nodige data uit te kom tot die minimum beperk word. 'n Lang lys buitetekste skep twee probleme: a) hoe en waar word hulle op die bladsy of gebruikerskoppelvlak ("user interface") geplaas sodat die gebruiker weet waar om hulle te kry, en b) hoe gaan die gebruiker weet hoe en wanneer om hulle te gebruik? Die elektroniese medium is nie op dieselfde manier lineêr (van voor tot agter, of van agter tot voor) "blaaibaar" as wat 'n boek is nie. 'n Elektroniese woordeboek is nie bloot 'n gedrukte woordeboek wat op 'n skerm en d.m.v. 'n gebruikerskoppelvlak aangebied word nie – dit kan en hoef dit ook nie te probeer wees nie. Daar moet dus nie soveel opsies op die gebruikerskoppelvlak geplaas word sodat die bladsy beknop of oorvol lyk nie, en ook nie soveel interne klikkruisverwysings dat die gebruiker sy of haar oorspronklike plek of bladsy heeltemal byster raak nie. Net soos wat daar 'n

gevaar van 'inligtingdood' bestaan, is daar ook 'n moontlike gevaar van 'klikdood', wat die gebruiker op die ou end laat vra: "Hoe het ek hier gekom? En hoe kom ek weer terug waar ek was?"

Waar die skakels na buitetekste lei – soos die tabel van plaasdiere en hul geluide in figuur 6.13 – kan die buiteteks as 'n opwipitem ("pop up item") aangebied word wat weer toegemaak kan word sonder dat die gebruiker sy of haar plek verloor en van die bladsy weggeneem word.

Soos reeds in paragraaf 6.4.2 genoem, speel die leiding wat in die gebruikershandleiding gegee word 'n geweldige belangrike rol in die teikengebruikers se begrip en gebruik van enige buitetekste – dit is noodsaaklik dat hulle weet watter buitetekste tot hul beskikking is, die inhoud wat in daardie buitetekste aangebied word en hoe en wanneer om dié tekste te raadpleeg.

Ander tabelle of lysse wat vir insluiting as buitetekste oorweeg sou kon word, sluit die volgende in:

1. Alfabet (hoof- en kleinletters van die geskrewe alfabet, en vingerspelling met beide 'n video-opname van die hele alfabet van A tot Z, sowel as 'n grafiese voorstelling of lynskets van elke individuele letter)
2. Die Kalender: Dae van die week
3. Die Kalender: Maande van die jaar
4. Seisoene
5. Syfers/Getalle
6. Teenoorgesteldes
7. Kleure
8. Geometriese vorme
9. Klassifiseerders

Die items wat onder nommers 2 tot 7 in die bostaande lys verskyn, vorm tematiese kategorieë binne die klaswoordelys en sal dus reeds op 'n tematiese prentjiesbladsy in die tematiese afdeling van die woordeboek (met die moontlike insluiting van nommer 8, geometriese vorme) behandel word: die gebruiker sal waarskynlik eerder verwag dat hierdie temas, net soos al die ander temas in die woordelys, eerder 'in'

die woordeboek verskyn as 'buite' die woordeboek. Hierdie kategorieë kan egter steeds as buitetekste oorweeg word.

In die geval van die voorgestelde skoolwoordeboek sou maksimumtoegang verseker kon word deur 'n geïntegreerde lys **vingerspelgebare** (hetsy geleksikaliseerde gebare of leenwoorde, indien enige wel in die klaswoordelyste voorkom) in te sluit én al dié gebare in die lys ook as lemmakandidate in die databasis van die woordeboek in te sluit. Die skakel/kruisverwysing na die lys van vingerspelgebare – indien dit ingesluit word – sal dan in die mikrostruktuur van die betrokke leksikale items aangebied word, sodat die gebruiker wat wel so 'n gebaar opsoek, gelei kan word na die volledige tabel van gebare wat op soortgelyke wyse gevorm word. Die lys vingerspelitems kan ingesluit word by die skakel wat in die navigasiekolom na die alfabet lei.

Soortgelyk aan die **eiename** wat in 'n buitetekst in die DASL opgeneem is (sien paragraaf 6.3), kan 'n lys belangrike en/of algemene eiename wat dikwels voorkom, soos "Nelson Mandela" of "Jacob Zuma", ook as 'n agterteks aangebied word, wat 'n voorbeeld van 'n niegeïntegreerde buitetekst is, aangesien hulle nie die volledige bewerking ontvang wat deur die werklike doel van die woordeboek voorgeskryf word nie.

Net soos in die geval van naamgebare vir persone, word 'n spesifieke gebaar dikwels aan 'n **pleknaam** toegeken, soos aangedui deur die voorbeeld wat hierbo aangegee is. Ook in SASL bestaan daar gebare vir spesifieke plekname – dus 'n gebaar wat, soos naamgebare, nie die hele naam vingerspel nie, maar 'n verkorte vingerspelling kan wees (soos "WK" vir die Wes-Kaap), of 'n selfstandige gebaar soos vir "Mpumalanga" (wat die betekenis van die SiSwati-woord voorstel, nl. "plek waar die son opkom"). 'n Lys belangrike en/of algemene plekname kan dus ook as 'n niegeïntegreerde buitetekst ingesluit word.

Beide lyste eiename en plekname kom handig te pas in 'n woordeboek waarin die keuse van lemmas op die algemene leksikale items van die gegewe taal fokus, maar waar die leksikograaf items wat dikwels voorkom (of wat probleme met spelling lewer, bv.) wil insluit. Sulke items hoef nie noodwendig dieselfde behandeling te ontvang as wat aan die lemmata in die sentrale lys gegee word nie – 'n agterteks met hierdie items kan slegs 'n beperkte behandeling insluit wat fokus op die inligting wat

van toepassing op die behoeftes van die beoogde teikengebruiker is (Gouws en Prinsloo 2005: 60).

6.4.6. Speletjies as buitetekste


Bykans elke moderne kind assosieer vandag 'n rekenaar nie (net) met die leerproses nie, maar veral met speletjies wat op die rekenaar gespeel word. Tydens skoolbesoeke is opgemerk hoe selfs voorgraadse Dowe kinders met groot entoesiasme om die rekenaar in die klaskamer saamkoek om speletjies te speel of insette te lewer t.o.v. die 'prestasie' van die kind wat beheer oor die rekenaarmuis het. Selfs met net een rekenaar tot die groepie se beskikking het 'n samewerkende speel-/leerproses ontstaan.

Die buitetekste kan ook sekere **aktiwiteite/speletjies** wat om sekere woordgroepe gebou word, huisves: dit is relatief maklik om 'n voltooide JavaScript-programmetjie, byvoorbeeld, van die internet te laai en te gebruik om prentjies (van tematiese kategorieë of items binne die kategorie) in legkaartstukke te verander wat deur die gebruiker bymekaar gepas moet word. So 'n aktiwiteit kan gebruik word om spelvaardighede te oefen – 'n beperkte aantal woorde word opgebreek (vir die jonger, voorskoolse gebruikers in nie meer as twee stukke nie, vir ouer leerders in die grondslagfase waarskynlik meer) en die onderskeie dele moet dan bymekaar gepas word. Die rekenaar gee terugvoer soos "Probeer weer" of "Korrek" (in sowel die geskrewe taal as gebaretaal) afhangende van die sukses van die poging.


1. Voorskoolse leerders: sluit prentjie by gebroke legkaartstuk in sodat dit 'n visuele leidraad kan gee (waar geletterdheid nog nie so gevorderd is nie). Die herkenning en passing van die woord kan dus bloot "toevallig" ook wees, maar dit maak nie saak nie, aangesien die aktiwiteit steeds passiewe woordeskat (herkenning i.p.v. produksie) sal bevorder. Produksie is 'n leeruitkoms in die voorskoolse fase slegs vir die oorskryf van 'n enkele woord op 'n slag, nie teksproduksie in die gewone sin van die woord (dus een wat die produksie van volsinne behels nie). Die klem val in die voorskoolse klas meer op die ken van die gebaar (dus produksie en resepsie) en die herkenning van die woord (resepsie).

2. Grondslagfaseleerders: Plaas die regte gebaar (op 'n lynskets of selfs op 'n video) by die passende prentjie en/of woord. Die hele geskrewe woord moet dus nou

in isolasie by die korrekte gebaar of prentjie gepas word. Die aktiwiteit fokus steeds op die passiewe woordeskat, maar daar is nie meer dieselfde mate van visuele leiding wat verskaf word nie.




Figuur 6.18: Eenvoudige legkaartspeletjie waar twee dele van die legkaart bymekaar gepas moet word om die prentjie te voltooi.



Figuur 6.19: Meer gevorderde tipe legkaartspeletjie waar die gebaar by die korrekte prentjie en/of woord gepas moet word (<http://nzsl.vuw.ac.nz/signs/4199> - die lynskets is ter illustrasie vanaf die NZSL-webtuiste geneem en is nie noodwendig dieselfde as die SASL-gebaar vir "appel" nie).

Pleks van 'n legkaart, kan die verskillende komponente wat saam hoort (gebaar plus prentjie plus geskrewe woord) in 'n tabel aangebring word (d.m.w. "drag and drop") om dan terugvoer van die rekenaar te ontvang, m.a.w. "Probeer weer" of "Korrek" (weereens in albei tale). Indien 'n leerder byvoorbeeld slegs een of twee van die komponente (soos gebaar en prentjie) korrek bymekaar kan pas en nie seker is wat die geskrewe vorm is nie, kan 'n "Help"-knoppie die gebruiker in die regte rigting aanpor deur óf onmiddellik die hele woord in te vul óf die letters een na die ander in te vul totdat die gebruiker (hopelik) die hele woord self onthou en verder kan invul.




Figuur 6.20: Gebaar plus prentjie.



Figuur 6.21: Gebaar plus geskrewe woord.

Ander aktiwiteite/oefeninge wat op 'n soortgelyke manier gedoen kan word, is:


- Teenoorgesteldes
- Vorms
- Kleure
- Syfers
- Dae en Maande
- Voorsetsels
- Soek woorde in 'n ander taal (bv. tweede geskrewe taal) (die pas van die geskrewe woord by 'n video of skets van die gebaar is eintlik reeds 'n "soek die woord in 'n ander taal"-aktiwiteit).




Figuur 6.22: Voorbeelde van teenoorgesteldes wat bymekaar gepas word.



Figuur 6.23: Voorbeelde van die gebaar vir 'n dag van die week wat by die geskrewe vorm gepas word.



Figuur 6.24: Voorbeelde van gebare vir getalle wat by die geskrewe vorm gepas word.



Figuur 6.25: Voorbeelde van gebare vir getalle wat by die geskrewe syfer tesame met 'n grafiese voorstelling van die getal se waarde (t.w.v. konseptualisering) gepas word.

Hierdie speletjies kan dan in 'n gesamentlike groep as buitetekst of 'kategorie' verskaf word deur 'n skakel na die lys speletjies te verskaf op dieselfde bladsy wat die skakels na al die tematiese kategorieë verskaf – sien die skematiese uitleg hiervan in paragraaf 7.4.1 in hoofstuk 7. Skakels kan ook (hierdie of enige ander) buitetekste verbind met relevante inskrywings in die mikrostruktuur van artikels wat via gebaar of woord gesoek word. Vir 'n bespreking van die verskillende soekmetodes in die voorgestelde woordeboek, sien hoofstuk 7.

6.4.7. Afwisselende gebruik van verdere moontlike buitetekste

Die elektroniese woordeboek wat aanlyn aangebied word, bied ook die unieke moontlikheid om 'n dinamiese omgewing t.o.v. die buitetekste te skep – hierdie tekste kan gereeld gewissel en aangepas word na gelang van die behoeftes wat die gebruikers ook al op 'n spesifieke oomblik het en die leksikograaf het die vryheid om aan die hand van gebruikersbehoefte en –terugvoer, asook eie goeddunke, die verskeidenheid buitetekste wat aangebied word, te meng en te pas. Alle moontlike interne en eksterne buitetekste hoef dus nie op een stadium aangebied te word nie, aangesien dit waarskynlik net tot informasie- en selfs skakel-/klikdood sal lei. Die buitetekste wat aangebied word en die aktiwiteite wat om dit gebruik word, moet ouderdomspesifiek en ook gepas vir die gebruiker se vaardigheidsvlak wees. 'n Kieslys moet aan gebruikers leiding gee oor watter buitetekste in die databasis aan hulle beskikbaar is.

Skakels na buitetekste/bladsye oor die **alfabet**, **getalle** en **klassifiseerders** kan as die minimum vir buitetekste (benewens die verpligte instruksies aan die gebruiker, en die minigrammatikas van die twee tale) beskou word en dit word dus aanbeveel dat hierdie tekste in die voorgestelde woordeboek ingesluit word. Ander buitetekste soos hierbo bespreek, bv. die tabelle van **dieregeluide** en **dierename**, asook die **trappe van vergelyking**, **eiename** en **plekname**, **idiome** en **speletjies** kan ook vir insluiting oorweeg word. Verdere skakels na inligting soos 'n lys **mates en gewigte**, die land se **provinsies** en **hoofstede**, en 'n lys van die name van die **tale** wat in die land gebruik word, sal ook tot die kognitiewe funksies van die buitetekste bydra en gebruikers toelaat om die woordeboek ook as skakel na ander ensiklopediese inligting te benut sodat die omvang van die woordeboek se moontlikheid as naslaanbron eintlik onbeperk is.

'n Skakel na die **kontakbesonderhede** van die woordeboek se samestellers sal dit vir gebruikers moontlik maak om terugvoer oor hul ervaring van en behoeftes ten opsigte van die woordeboek te lewer, wat die leksikograaf verder in staat sal stel om 'n produk te lewer wat vir die gebruikers pasgemaak is. Dit is veral belangrik dat ook die onderwysers moet kan terugvoer gee, aangesien die woordeboek hoofsaaklik daarop gemik is om in klassituasies gebruik te word en as aanvulling (indien nie selfs as plaasvervanging) vir die geskrewe klaswoordelyste te dien.

'n Lysie skakels na ander **woordeboeke**, in gebaretaal of die geskrewe taal, kan ook ingesluit word.

Die leksikografiese span kan ook weekliks of selfs daagliks 'n **gebaar-van-die-week/dag** kies op grond van kriteria soos belangrike en/of aktuele gebeure plaaslik of elders. Soos wat die gebruikers mettertyd besef dat die inhoud van die woordeboek dinamies is en gereeld vir nuwe 'verrassings' sorg, behoort hul belangstelling en nuuskierigheid ook geprikkel te word om gereeld na die woordeboek terug te keer. Deur so 'n proses kan die geleidelike ontwikkeling van 'n woordeboekkultuur ook aangewakker word.

Nuwe soorte buitetekste wat oorweeg kan word, sluit die volgende in:

1) 'n skakel na 'n **aanlyn forum** waar gebruikers gebare na 'n bediener kan oplaai vir moderering en moontlike uiteindelijke insluiting in die woordeboek;

2) 'n tipe "**Maak jou eie woordelys**"-funksie waarvoor daar by elke inskrywing 'n skakel verskaf word. 'n Manipuleerbare lys gebare (met die geskrewe woord en 'n lynskets van die gebaar) word dan saamgestel en kan op papier uitgedruk word of selfs elektronies gestoor word as "My woordeboek" sodat die gebruiker met elke sessie kan terugkeer na die gebare wat hy of sy om watter redes ook al uit die woordeboek gekies en opsygesit het. Met "manipuleerbaar" word bedoel dat die gebruiker die volgorde van die gebare op die woordelys self kan aanpas deur die gebaresketse heen en weer oor die skerm te sleep met die muis ("drag and drop"). Die gebruiker het d.m.v. so 'n funksie die moontlikheid om sy of haar eie idiolekwoordeboek te skep;

3) skakels na die skool se **webblad**, NID (Nasionale Instituut vir Dowes, wat ook in Worcester geleë is) se webblad en Facebook-bladsy, DEAFSA, Dowe sportverenigings en sosiale klubs, ens., wat by die volgende afdeling oor kultuur aansluit;

4) 'n Afdeling oor die **Dowe gemeenskap** of **kultuur**, wat video's van stories en gedigte, ens. in gebaretaal aanbied, asook gedragskodes binne die kultuur t.o.v. dinge soos die etiket wat die maniere bepaal waarop iemand se aandag gekry kan word, beurtneeming in 'n gesprek en onderbreking, hoe en wanneer mens 'deur' 'n gesprek mag loop, die vereistes t.o.v. beligting in 'n vertrek waar Dowes met mekaar

of met horendes kommunikeer, etiket en moontlike strategieë wanneer horendes wat nie gebaretaal ken nie met Dowe kommunikeer d.m.v. liples, geskrewe notas, of dergelike, hoe applous in gebaretaal lyk, ens. Deur sulke inligting in 'n buitetekst beskikbaar te maak, word die Dowe gemeenskap ook kultureel gekontekstualiseer, en help dit die horende gebruiker van die woordeboek om ook iets van die nuwe/ander kultuur te leer. Dit is ook iets wat binne die kognitiewe funksie van die woordeboek val (Gouws 2009b). 'n Lys gebare wat spesifiek aan Dowe kultuur is, kan ook aangebied word, met skakels vanuit die buitetekst na die betrokke artikels;

5) die woordeboek kan selfs 'n skakel na sy **ei Facebook-bladsy** hê waarop o.a. die gebare van die week/dag (sien hierbo) geplaas kan word. Deur middel van gewilde sosiale media soos Facebook kan die woordeboek moontlik 'n al groter groep gebruikers bereik en bewustheid van die woordeboek help versprei.

Die idee is hoegenaamd nie dat **al** die bogenoemde buitetekste op een slag aangewend word nie, veral nie in 'n grondslagfasewoordeboek nie – die bespreking dien slegs as 'n aanduiding van die opsies wat oorweeg kan word. Dit word weereens benadruk dat buitetekste gekies moet word op grond van hul nut en gepastheid vir 'n spesifieke gebruikersgroep, en dat sommige aanvullende tekste op 'n tipe rotasiebasis aangewend kan word. Al is die moontlikhede legio mag die gebruiker nooit deur die aanbod oorweldig word nie.

6.5. Algemene slotopmerkings

In hierdie hoofstuk oor minigrammatikas en ander buitetekste in die raamstruktuur van die beplande woordeboek was die fokus die inhoud van minigrammatikas van beide SASL en Afrikaans as bewerkingstale en bewerkte tale en die hoofstuk het 'n oorsig gegee van onderwerpe wat in die minigrammatikas hanteer behoort te word of kan word. Ten spyte daarvan dat die hoofstuk voorstelle maak oor die tipe grammatikale inligting wat t.o.v. SASL ingesluit behoort te word, is verdere navorsing oor die besonderhede van die grammatika SASL steeds nodig, aangesien 'n volledige grammatikale beskrywing van die taal steeds ontbreek. Voorbeelde uit ander gebaretaal is daarom dikwels nodig om 'n punt te illustreer.

Hoofstuk 7. 'n Databasis as houer van die lemmakandidate van 'n elektroniese woordeboek

7.0. Inleiding

Elektroniese woordeboeke vertoon nie 'n makrostruktuur nie. Hierdie hoofstuk sal dus nie aandag skenk aan die tipiese kenmerke van "gedrukte makrostrukture", soos streng alfabetiese rangskikking teenoor kronkelordening nie (Gouws en Prinsloo 2005: 65). Die onderbou van 'n elektroniese woordeboek is eerder 'n databasis wat al die woordeboek se lemmas as lede bevat, tesame met die mikrostrukturele inskrywings wat aan daardie lemmas gekoppel is.

Dit is belangrik vir 'n leksikograaf om te weet watter tipe leksikale items gelemmatiseer behoort te word, en die keuse van die tipe leksikale items wat opgeneem moet word, hang van die woordeboeksoort af. Leksikale items is woorde of meerwoordige frases of uitdrukkings wat as 'n betekeniseenheid optree. Naamwoorde en werkwoorde is in 'n sekere opsig die mees basiese woordsoorte wat ook as leksikale items optree en word gewoonlik as universele kategorieë beskou. Daarom word hul opname in 'n woordeboek dikwels as vanselfsprekend beskou.

7.1. Makrostrukturele besluite in gedrukte woordeboeke

Die leksikograaf van 'n gedrukte woordeboek word deur minstens twee belangrike kwessies tydens die ontwerp van die makrostruktuur van 'n woordeboek gekonfronteer. Eerstens moet hy of sy besluit watter leksikale items ingesluit moet word en watter nie, en hierdie besluit moet gemotiveer word. Tweedens moet die vraag van die rangskikking van hierdie makrostrukturele elemente beantwoord word. In die beantwoording van die eerste vraag kan die leksikograaf gebruik maak van frekwensietellings van lekseme (Hartmann 1989: 21), terwyl die tweede vraag verband hou met twee hoofmakrostrukturele tradisies in leksikografie, i.e. die **onomasiologiese** en **semasiologiese** tradisies. Die toepassing van die eerste benadering lei tot 'n **tematiese** rangskikking van die lemmata in 'n woordeboek, 'n rangskikking wat in tesourusse geld en ook soms in vakwoordeboeke. Die toepassing van die tweede benadering lei tot **alfabetiese rangskikking**, wat

gewoonlik algemene eentalige woordeboeke en tweetalige woordeboeke geld sowel as die meerderheid LSP-woordeboeke (Bogaards 2003:40).

Gebruikers is oor die algemeen geneig om die kwaliteit van tweetalige woordeboeke – of enige ander woordeboek – uitsluitlik aan die aantal lemmas in die makrostruktuur te meet, en verkies woordeboeke met 'n groot makrostruktuur (en meestal, in die gedrukte vorm, die meer beperkte mikrostruktuur wat die gevolg is van die beperkinge van die gedrukte medium) (Hernández 1989: 122). Een van die basiese beginsels van pedagogiese leksikografie is egter dat 'n aanleerderwoordeboek, en dit geld in baie gevalle ook skoolwoordeboeke, die belangrikste woordeskat so deeglik moontlik (volgens die vaardigheidsvlak van die gebruiker) moet hanteer eerder as om te probeer om gelyke dekking aan 'n maksimum aantal lemmas te gee (Zöfgen 1991: 2898). Die funksie van die woordeboek is weer bepalend. Waar dit om teksresepsie gaan, sal daar 'n uitgebreider makrostruktuur wees en waar dit om teksproduksie gaan, sal daar 'n uitgebreider mikrostruktuur wees. Die feit dat 'n elektroniese woordeboek nie dieselfde beperkinge stel aan die aantal lemmas of die data wat hulle bevat nie, beteken dus dat dit in 2012, meer as 20 jaar nadat Zöfgen se artikel verskyn het, nie sonder meer nodig is om die een vir die ander in te boet nie.

7.1.1. Tematiese rangskikking in gedrukte skoolwoordeboeke

Volgens Zöfgen (1991: 2888) is daar 'n algemene neiging in die literatuur wat met die metaleksikografiese probleme van tweetalige aanleerderwoordeboeke gemoeid is, om te fokus op aanleerderwoordeboeke wat alfabeties gerangskik is, wat lei tot die afskeep van woordeboeke wat tradisioneel 'n duidelike opvoedkundige doel (gehad) het. Alhoewel Zöfgen se opmerkings op *aanleerderwoordeboeke* van toepassing is, is daar sekere punte wat ook op *skoolwoordeboeke* van toepassing is (en ook in die geval van die voorgestelde skoolwoordeboek van toepassing kan wees) aangesien beide aanleerderwoordeboeke en skoolwoordeboeke pedagogiese woordeboeke is – daar kan dus 'n mate van oorvleueling tussen die twee tipes in die kategorie te wagte wees. Tweetalige beperkte woordeboeke wat **tematies** of **semanties** georden is, bevat volgens Zöfgen "*einen begrenzten, lernenswert erscheinenden Wortschatz [...], der so arrangiert und kombiniert wird, wie er für das Vokabellernen am geeignetsten ist* ['n beperkte woordeskat wat die moeite werd is om te leer en wat gerangskik en gekombineer word op 'n manier wat vir die aanleer van woordeskat die geskikste is]"

(aangehaal in Lübke 1982: 22). Zöfgen noem verder dat daar empiriese bewyse bestaan dat die alfabetiese rangskikking van lemmas eerder nadelig op sistematiese leerprosesse inwerk as wat dit van hulp is, en daarom word woorde in die makrostruktuur georganiseer volgens semanties relevante assosiatiewe velde. Hierdeur weerspieël die makrostruktuur 'n belangrike beginsel in die vordering van die leerproses: die in verband bring van dít wat bekend is met dít wat nog geleer moet word. Die gebruik van kleurvolle sketse om tematiese kategorieë te illustreer, maak dit maklik vir die leerder/gebruiker om die tema en die inhoud daarvan te kontekstualiseer, aangesien dit met die eerste oogopslag duidelik is watter (tipe) woorde en konsepte ter sprake is. 'n Goeie voorbeeld hiervan kan in die LGFW (2010), wat 'n skoolwoordeboek is, gesien word:



Figuur 7.1: Voorbeeld van die tematiese groepering van lemmas in die kategorie "In die kombuis" in die LGFW (2010: 7).

Dit is onmiddellik duidelik, danksy die teenwoordigheid van gebruiksiems soos die yskas, stoof, ketel, breekware en eetgerei, dat hierdie kategorie bestaan uit dinge wat tipies in 'n kombuis gevind word. Met lemmas wat tematies gekies word om die geassosieerde verwantskappe van betekenis te benut of bloot te lê (asook taalgebruik wat binne die situasie of konteks gepas is), is tweetalige beperkte woordeboeke goeie primêre aanleerderwoordeboeke ("*primäre Lernwörterbücher*") (Hausmann 1976: 102) ondanks hul baie beperkte aantal lemmas. Hulle is by uitbreiding ook goeie primêre skoolwoordeboeke. Selektiewe primêre woordeboeke (in teenstelling met uitgebreide aanleerder- of skoolwoordeboeke, wat 'n groter aantal lemmas bevat en veral op gevorderde leerders of akademiese studente van die taal gerig is,) het 'n klein aantal lemmakandidate, gewoonlik nie meer as 5 000 lemmas nie, en word gewoonlik in skoolopleiding gebruik. Hulle kan onafhanklik van sekere handboeke en in feitlik enige stadium van die leerproses gebruik word vir die hersiening van basiese woordeskat in 'n gegewe veld en leen hulle ook tot die hersiening van woordeskat wat reeds in 'n vroeër stadium geleer is (Zöfgen 1991: 2889).

7.1.2. Alfabetiese rangskikking in gedrukte skoolwoordeboeke

'n **Tematiese eerstevlak-skoolwoordeboek** kan gebruik word in samehang met 'n **alfabetiese tweedevlak-skoolwoordeboek** (dus 'n woordeboek met 'n tematiese afdeling sowel as 'n alfabetiese afdeling). Hierdie tipe metode word in die LGFW gebruik en dié woordeboek het gevolglik meer lemmas in die alfabetiese afdeling as in die tematiese afdeling, soos uit die verduideliking by die volgende figuur gesien kan word (LGFW 2010: 59):



Figuur 7.2: Voorbeeld uit die LFW (2010: 59).

Die onderste artikel, met "mond" as gidselement, word van 'n vetgedrukte bladsynommer as kruisverwysing voorsien, wat aandui dat die ostensiewe inskrywing ook in die tematiese/prentjie-afdeling van die woordeboek op daardie bladsy gevind kan word (in die kategorie "My liggaam").

Die middelste artikel met "moelik" as gidselement, word van 'n bladsynommer sonder vetdruk as kruisverwysing voorsien, wat beteken dat die woord deel vorm van 'n tema maar nie op die temabladsy gewys word nie (in hierdie geval "Teenoorgesteldes", soos ook deur die insluiting van die antoniem "maklik" geïmpliseer word).

Die boonste artikel, met "moeg" as gidselement, is nie van enige bladsynommer in die prentjie-afdeling van die woordeboek voorsien nie en kom dus nie in enige van die temas voor nie. Dit is egter in die alfabetiese lys ingesluit omdat dit ook deel van die basiese woordeskat in die grondslagfase vorm.

Die gebruik van alfabetiese rangskikking in 'n pedagogiese woordeboek veronderstel 'n sekere vaardigheid in woordeboekgebruik en die vermoë om 'n verwysingsvorm vir 'n saak of referent te kry – indien 'n persoon glad nie weet wat 'n sekere item genoem word nie, sal hulle dit ook nie alfabeties in die woordeboek kan opsoek nie. Dus word alfabetiese rangskikking as 'n besliste nadeel vanuit die oogpunt van vreemdetaalonderrig beskou, alhoewel dit besliste voordele vanuit die oogpunt van die leksikograaf inhou – aangesien die rangskikking in beginsel deur die alfabet vooraf bepaal is, hang die rangskikking van die lemmas nie van die woordeboekredakteur af nie (Zöfgen 1991: 2889). Wanneer die redakteur egter by die inhoud/betekenis van die woorde begin, kan hy of sy (gewoonlik) nie op 'n algemeen aanvaarde sisteem van kategorisering staatmaak nie en gevolglik het die meeste pogings om die woordeskat sistematies met verwysing na onomasiologiese (dus naamgewende) beginsels te 'ontwikkel' of 'op te bou' 'n sekere mate van willekeurigheid, aangesien die insluiting van 'n spesifieke lemma binne 'n gegewe onderwerpgroep in baie gevalle die besluit van die redakteur bly (Zöfgen 1991: 2889). In die geval van die voorgestelde skoolwoordeboek kan die leksikograaf egter van die bestaande kategorisering van die klaswoordelyste gebruik maak soos in paragrawe 7.3 en 7.4.1 beskryf word – hierdie woordelyste en hul inhoud is reeds aan die leerders bekend en word daagliks gebruik.

Daar word algemeen aanvaar dat (basiese) tematiese of primêre leerwoordeboeke nie kommunikatiewe sukses verseker nie en dus deur (intermediêre) **sekondêre leerwoordeboeke** [*sekundäre Lernwörterbücher*] (Hausmann 1976: 102) aangevul moet word, wat hoofsaaklik alfabeties gerangskik is. Sulke woordeboeke kan van 'n veel breedvoeriger mikrostrukturele bewerking as onderwerpwoordeboeke gebruik maak en kan hul inhoud volgens die behoeftes en vaardighede van vreemdetaalleerders oriënteer (Zöfgen 1991: 2893). Die alfabetiese tweetalige leerwoordeboek is die meeste van nut vir die aanleerder of skolier wat reeds 'n basiese kennis van die vreemde taal het en wat die nodige vergelykings tussen die twee taalsisteme kan tref (Zöfgen 1991: 2897).

7.2. Gebaarsoekmetodes in elektroniese gebaretaalwoordeboeke

Die meeste, waarskynlik eerder alle, gebaretaalwoordeboeke bied 'n woordsoekmetode. In gedrukte gebaretaalwoordeboeke is daar gewoonlik a) 'n alfabetiese lys geskrewe lemmas met 'n verwysing na die toepaslike gebaar, of b) die

gebare is gerangskik as vertaalekwivalente van die lemmas in die geskrewe taal. In elektroniese gebaretaalwoordeboeke is dit ook moontlik om deur die databasis te soek met behulp van 'n geskrewe woord en dan 'n artikel as soekresultaat te vind waarin die geskrewe woord as vertaalekwivalent van die gebaarlemma aangebied word of andersom. In die era van elektroniese leksikografie is dit egter ook meer en meer die geval dat elektroniese gebaretaalwoordeboeke 'n gebaarsoekmetode aanbied.

'n Begrip van die fonemiese eienskappe van gebare laat ons sien dat elke gebaar uit sekere elemente of parameters bestaan, nl. handvorm, beweging, palmoriëntering en plek (i.d. gebareruimte). Sommige gebaretaalwoordeboeke, soos die *Auslan Dictionary* (Johnston 1989a) maak van een of meer van hierdie kenmerke gebruik om 'n vloeiendiagramtipe-soekproses vir gebare te skep: die gebruiker word eerstens gevra of die gebaar wat gesoek word, met een of twee gehande gemaak word. Indien dit twee hande is, word gevra of die hande simmetries t.o.v. hul vorm en beweging is, en of hulle asimmetries is. Dan word die gebruiker gevra om die handvorm te identifiseer, sowel as die plek waar hierdie gebaar in die gebareruimte afspeel. Na afloop van hierdie soekproses behoort die gebruiker 'n kort lysie moontlike gebare te hê om van te kies.

Dit is standaardpraktyk onder die meeste gebaretaalwoordeboeke wat vandag aanlyn of digitaal beskikbaar is, om gebruik te maak van 'n soekmetode volgens handvorm (en o.a. dikwels ook plek waar die gebaar geartikuleer word). Enkele voorbeelde van **tweetalige internetwoordeboeke** – waarin dit dus moontlik is om gebare op te soek asook woorde – van verskillende gebaretale word ter illustrasie genoem. Die soektogte wat hieronder genoem word, is na willekeur gedoen en nie met enige spesifieke gebaar of soekresultaat in gedagte nie, aangesien die skrywer geen kennis van die betrokke gebaretale het nie.

Die internetwoordeboek van Deense Gebaretaal (DTS) bied 'n totaal van vier soekriteria vir gebare aan (afgesien van 'n woordsoektog): die handvorm van 1) een of 2) twee hande kan gekies word, 3) die plek waar die gebaar geartikuleer word, kan ingesluit word asook 4) die tema waartoe die gebaar behoort. Die gebruiker is nie verplig om van al vier soekriteria gebruik te maak nie, alhoewel die soekresultate aansienlik verminder hoe meer kriteria geselekteer word. Deur bv. slegs die handvorm van een hand as die C-handvorm te kies, word 42 gebare as

soekresultate aangebied. Deur die gesig/kop as die plek van die gebare te selekteer, verminder die resultate na 10. Deur "Natuur" as die tema te selekteer, word 3 gebare in die soekresultate gelewer. Die woordeboek bevat ongeveer 2 000 gebare, wat 'n relatiewe klein aantal lemmas in vergelyking met die meeste woordeboeke van ander gebaretaal is, maar dit dien as 'n goeie aanduiding van die effektiwiteit van 'n **trapsgewyse of verfynbare soektog** waar soekriteria bygevoeg kan word indien die resultate te veel is. Verfynbare soektogte, veral in die geval van 'n groot aantal soekresultate, is een van Almind (2005:39) se ontwerp kriteria vir elektroniese woordeboeke (punt 7 in die lys van ontwerpvereistes in paragraaf 3.6.3 in hoofstuk 3). Die voorbeelde van soekprosedure wat hieronder uit ander tweetalige gebaretaalwoordeboeke genoem word, voldoen almal aan hierdie vereiste.

Die *Woordenboek Vlaamse Gebaretaal* (VGT) bevat ongeveer 7 458 gebarelemmas en bied ook handvorm en plek/aanraking as soekriteria aan. Deur aanvanklik slegs een handvorm te kies, nl. die F-hand, word 19 soekresultate gelewer. Deur die kop/gesig as plek te selekteer en "aanraak" as die tipe aanraking (in vergelyking met die ander tipes aanraking wat voorsien word, nl. "geen", "gryp", "tussen/in", "slaan", "vee" en "vryf") word die resultate na 'n totaal van 1 gebare verminder.

Die internetwoordeboek van Finse Gebaretaal (SVK) bied vier soekriteria vir gebare aan, nl. handvorm, aantal hande (een of twee), plek en beweging. Deur slegs die C-handvorm as soekriterium te selekteer, word 17 gebare in die soekresultate gelewer. Indien die soekprosedure aangepas word om na eenhandige gebare met die C-handvorm te soek, word 9 gebare verkry. Deur een stap verder te gaan en die neutrale gebare ruimte as plek te selekteer, word die soeklys na 2 resultate verkort. Dit is nie duidelik hoeveel gebare in die woordeboek opgeneem is nie, en alhoewel die soektog redelik intuïtief volgens die prentjies op die bladsy kon geskied, word al die teks op die webblad slegs in Fins aangebied.

Die internetwoordeboek van Italiaanse Gebaretaal (e-LIS) bevat op die oomblik ongeveer 200 gebare en bied ook 'n soekprosedure volgens die parameters handvorm, oriëntasie, plek en beweging aan. 'n Aanvanklike soektog na gebare met die C-handvorm lewer 21 resultate ('n maksimum van agt resultate word per bladsy vertoon). Ten tyde van 'n besoek aan die webblad op 1 September 2011 het die verfyning van die soektog skynbaar nie korrek gefunksioneer nie, aangesien 'n

soektog na die C-handvorm met 'n palmoriëntasie na links steeds 21 resultate gelewer het, asook 'n soektog met die bogenoemde parameters plus die boonste gedeelte van die borskas as plek. Dit is natuurlik heeltemal moontlik dat die spesifieke gebruiker se gebrekkige kennis van die Italiaanse instruksies die soektog laat misluk het eerder as 'n fout op die webblad self.

Die internetwoordeboek van Nieu-Seelandse Gebaretaal (NZSL Online) bevat ongeveer 4 000 NZSL-gebare. Die gebruiker kan 'n soektog doen met behulp van 'n Engelse woord, 'n gebaar (volgens handvorm en plek) en ook 'n gevorderde soekfunksie, wat behalwe die selektering van handvorme en plek ook 'n seleksie uit 'n lys tematiese onderwerpe en gebruiksetikette (argaïes/verouderd, neologisme, obseen, informeel of raar) bied. Deur die velde handvorm, plek en gebruiksetiket leeg te laat terwyl slegs 'n tematiese kategorie gekies word, is dit ook moontlik om die totale aantal artikels in elk van die tematiese kategorieë (met 'n maksimum van 9 resultate per bladsy en in alfabetiese volgorde) te sien. Die beperking van die aantal soekresultate wat op 'n bladsy vertoon word, voldoen aan Almind se vyfde ontwerpvereiste vir elektroniese woordeboeke (2005:39).

Die aanlyn woordeboek van Oostenrykse Gebaretaal (LedaSila) bied benewens die gebruiklike soekriteria plek, handvorm en tema ook die "tipe gebaar" (eenhandig of tweehandig, simmetries of asimmetries) en die landstreek waarin die gebaar voorkom as soekriteria aan. Dit word nie aangedui presies hoeveel gebare in totaal in die woordeboek opgeneem is nie, maar 'n soektog na alle eenhandige gebare lewer 7 066 resultate. 'n Volgende soektog waarby die D-handvorm (geslote vuis met uitgestrekte wysvinger) ingesluit word, lewer 3 resultate.

Soos uit die bostaande bespreking gesien kan word, is dit algemene praktyk in gebaretaalleksikografie om 'n gebaar volgens handvorm op te soek en maak die elektroniese formaat van gebaretaalwoordeboeke dit aansienlik makliker om 'n tweetalige tweerigtingwoordeboek van gebaretaal en 'n geskrewe taal saam te stel. Die elektroniese soekproses volgens handvorm is ook baie meer gebruikersvriendelik as die soekproses aan die hand van notering wat bv. in Stokoe et al. se woordeboek (1976) gebruik is.

7.3. Die woordeboekbasis en keuse van 'n lemmakandidaatlys in die databasis van die voorgestelde skoolwoordeboek

In die geval van die voorgestelde skoolwoordeboek word die klaswoordelyste soos wat dit in die skool gebruik word as die korpus van geskrewe woorde beskou. Aangesien daar nie 'n geskrewe vorm van gebaretaal bestaan wat vir die doeleindes van 'n korpus gebruik kan word nie – en 'n geannoteerde korpus gebare nog nie in Suid-Afrika bestaan wat vir hierdie doel aangewend kan word nie – is die geskrewe klaslyste (waarskynlik) die enigste bron van inligting wat op die oomblik vir hierdie projek beskikbaar sal wees (sien ook die volgende paragraaf vir 'n bespreking van die probleem met 'n geskrewe woordelys as lemmalys van gebare). In die lig van die beoogde teikengebruikers – Dowe leerders in die voorskoolse en grondslagfases wat woordeskat binne spesifieke leerareas leer – kan hierdie tematiese woordelyste 'n goeie vertrekpunt wees, en 'n versameling van hoëgebruiksfrekwensiegebare kan uit die literatuur of uit bestaande woordeboeke met gesproke taal en gebaretaal as taalpaar aanvullend tot die tematiese woordelyste gebruik word om 'n wesenlike deel van die woordeboekbasis te vorm. Die klaswoordelyste toon baie ooreenkomste met ander grondslagfasewoordeboeke, soos veral die LGFW en ook die OFBD. Daar kom wel ook 'n paar 'gapings' voor in die klaslyste in vergelyking met die LGFW en OFBD, soos wat hieronder bespreek word. Die ooreenkomste tussen die lyste behoort geen verbasing te veroorsaak nie: Dowe kinders verskil immers nie van horende kinders in terme van die dinge waarin hulle belangstel of waarvan hulle hou nie, of die feit dat hulle graag na kleurvolle prentjies kyk nie. Nogtans is die hoë mate van ooreenkoms van die woordelyste se inhoud met die lemmas van 'n woordeboek soos die LGFW eintlik verstommend, gegewe die feit dat die Dowe leerders eintlik met die verwerwing van 'n *tweede taal* besig is wanneer hulle Afrikaans leer, terwyl die LGFW op eerstetaalsprekers van Afrikaans gemik is. Die rede hiervoor lê moontlik in die sterk klem wat tradisioneel op die geskrewe (en ook gesproke) taal as eerste taal in Dowe onderrig geval het – met die onlangse ingebruikneming van gebaretaal as skoolvak kan die klem moontlik in die toekoms verskuif. Die dilemma bestaan egter steeds dat die meeste Dowe kinders nie van jongs af 'n Dowe volwassene as taalmodel het van wie hulle gebaretaal as moedertaal kan leer nie, en aangesien Dowe 'n taalkundige minderheid binne 'n oorheersende meerderheid horendes en gesproke tale vorm, sal daar waarskynlik altyd groot klem op die aanleer van 'n geskrewe/gesproke taal geplaas word.

Die **probleem** met 'n woordeboek waarvan die lemmakandidaatlys in die databasis saamgestel is uit 'n lys *woorde* uit die gesproke taal eerder as uit 'n korpus *gebare* soos wat hulle in die taal voorkom, is dat dit maklik is om die tipiese denkfout te maak dat daar 'n een-tot-een-ooreenkoms tussen woorde en gebare is, sodat daar gevolglik aspekte van gebare of gebare self – die geweldige produktiewe rykheid van die taal – is wat (moontlik) nie in die geskrewe bron van die databasis (dus die klaswoordelyste) gereflekteer sal word nie. Tog behoort die woordeboek as 'n **tweetalige** woordeboek ook 'n akkurate voorstelling te kan gee van die gebare wat in die gebruiksfere van die teikengebruikers val en in die woordeboek gelemmatiseer behoort te word. Indien die klaswoordelyste as 'n aanduiding van die lemmas in die geskrewe tweede taal as doeltaal beskou word, bestaan die moontlikheid dat die gebare as brontaallemmas in die eerste taal potensieel meer sou kon wees. Ongelukkig verskaf die gebaretaalkurrikulum (South African Sign Language – Home Language 2010) nie 'n lys gebare wat as kernwoordeskat geag word op dieselfde manier as wat hierdie woordeskat vir die geskrewe taal in die woordelyste gereflekteer word nie. 'n Afrikaanse leksikograaf gebruik nie 'n Engelse woordelys om 'n tweetalige Afrikaans/Engelse woordeboek op te stel en gee dan bloot die Afrikaanse vertalings van die Engelse inhoud nie, maar moet 'n ware beeld van die inhoud en realiteit van *Afrikaans* kan weergee. Dieselfde beginsel behoort in die leksikografie van gebaretale te geld.

'n Moontlike **oplossing** is om die geskrewe lys van die sentrale woordeskat as die *minimumvereiste* vir opname te beskou en nie as verteenwoordigend van die absolute of finale aantal lede in die databasis nie, sodat daar tesame met 'n Dowe gebaretaalkomitee besluit kan word watter *gebare* in die leksikon behoort te verskyn pleks van slegs watter *woorde*. Die klaswoordelyste gee immers 'n goeie aanduiding van spesifieke leerareas en hul inhoud en nie net van basiese woordeskat nie. Die gebaretaalkomitee sal moet besluit watter gebare as **eerstetaalinhoud** binne elke leerarea belangrik is en gevolglik in die toepaslike tematiese kategorieë in die woordeboek opgeneem moet word, of wat in die databasis bygevoeg moet word sodat die gebare as lemmas soekbaar kan wees volgens een van die parameters (en volgens 'n woordsoektog). Die gebaretaalkomitee moet dus reeds in die beplanningsfase van die woordeboek inspraak hê.

Gebare sowel as woorde word dan in die databasis as lemmakandidate opgeneem – aan elke woord word 'n gebaar gekoppel, en aan elke gebaar word 'n woord gekoppel (sien ook hoofstuk 5). Dit is noodsaaklik sodat die woord- en gebaresoekmetodes, soos hieronder beskryf, altyd toepaslike soekresultate lewer en die woordeboek dus werklik tweetalig kan wees.

7.4. Drie moontlike soekmetodes: tematiese kategorieë, woordsoektogte en gebaresoektogte

Die voorgestelde skoolwoordeboek hoop om werklik **tweetalig** en **polifunksioneel** te wees deur nie net aan die (primêre teiken-)gebruiker die opsie te bied om teksproduksieinligting (L1 → Afrikaans) na te slaan nie, maar ook teksresepsieinligting (Afrikaans → L1) (waar L1 gebaretaal is). Die horende gebruiker kan egter ook baat by die woordeboek vind en kan dit op sy beurt gebruik om enkoderende of 'aktiewe' inligting (L1 → gebaretaal) sowel as dekoderende of 'passiewe' inligting (gebaretaal → L1) (waar L1 Afrikaans is,) te onttrek. Manley et al. (1988: 283, 284) dui daarop dat teksresepsiewoordeboeke dikwels in die praktyk ook teks(her)produksiewoordeboeke is aangesien niemand se aktiewe woordeskat in hul moedertaal so groot is soos hul passiewe woordeskat nie – 'n Afrikaanssprekende persoon kan, byvoorbeeld, sy of haar teksresepsie-woordeboek ('n Engels-Afrikaans woordeboek) raadpleeg nie omdat hy of sy nie die brontaalwoord verstaan nie, maar om aan die reeks ekwivalente wat in Afrikaans beskikbaar is, herinner te word.

Die woordeboek sou van so veel moontlik didaktiese waarde wees deur nie net die leerders se *eerste taal* in aanmerking te neem nie, maar ook hul produksie- en resepsievaardighede in die *tweede taal*. Dit is 'n redelik ambisieuse onderneming, een wat nie dikwels in grondslagfasewoordeboeke aangepak word nie. Tog sou dit in die lig van die grootlikse (leksikografiese) afskeping en die gebrek aan algemene erkenning van gebaretaal sin maak om so ver moontlik te poog om gebaretaal vir die eerste keer in werklike ewewig met 'n gesproke taal in 'n woordeboek te behandel. Dit is eers sedert 2011 moontlik om gebaretaal as skoolvak by die De la Bat Skool te neem, en 'n grondslagfasewoordeboek sou 'n goeie beginpunt wees, al is dit ook 'n redelike eenvoudige woordeboek. Die doel van die voorgestelde woordeboek is nie om 'n volledige leksikografiese model vir *alle* tipes woordeboeke van SASL in die totale omvang van die taal voor te stel nie, maar eerder om verdere leksikografies gegronde aktiwiteit aan te moedig en te stimuleer, aangesien 'n pedagogiese

woordeboek uiteraard aan sekere beperkinge onderhewig is – dit is nie bedoel vir (professionele) vertalers nie en sal waarskynlik ook nie al die vrae beantwoord wat die gebruikers dalk het nie (Zöfgen 1991: 2899). Daar bestaan ook geen twyfel dat die aanleer van 'n taal veel meer as die grootskaalse gebruik van naslaanwerke behels nie (Tomaszczyk 1987: 147) – niemand leer (normaalweg) 'n taal uit 'n woordeboek nie, maar 'n woordeboek kan die aktiwiteit of proses van taalleer ondersteun. Alhoewel hierdie opmerking t.o.v. aanleerderwoordeboeke gemaak is, is dit tot 'n groot mate ook op skoolwoordeboeke van toepassing – dit is realisties om te verwag dat ook geen skolier 'n taal (veral die tweede taal) uit 'n skoolwoordeboek sal kan leer nie, alhoewel die woordeboek die leerproses tot 'n groot mate kan ondersteun.

Die voorgestelde woordeboek sou op drieledige wyse volgens tematiese kategorieë, 'n woordsoekmetode en 'n gebaarsoekmetode soekbaar kon wees om nie net onomasiologiese sowel as semasiologiese soektogte moontlik te maak nie, maar ook tweetalige soektogte. Die soekmetodes word bespreek na aanleiding van o.a. die bostaande besprekings van tematiese kategorieë en alfabetiese rangskikking in (gedrukte) skoolwoordeboeke. Selfs al word die voorgestelde woordeboeke in elektroniese formaat aangebied, is daar steeds punte uit die bostaande besprekings t.o.v. gedrukte skoolwoordeboeke wat daarop van toepassing sou kon wees, bv. 'n tematiese eerstevlak-skoolwoordeboek wat in samehang met 'n alfabetiese tweedevlak-skoolwoordeboek gebruik kan word. Hierdie benadering word in die volgende paragrafe bespreek.

7.4.1. 'n Tematiese soekmetode in die voorgestelde skoolwoordeboek

As eerste vlak skoolwoordeboeke bied die tematiese afdelings van gedrukte woordeboeke wat van beide tematiese kategorieë én alfabetiese rangskikking gebruik maak, gewoonlik nie streng dieselfde aantal lemmas as die twee vlak alfabetiese rangskikking aan nie (sien ook die bespreking in paragraaf 7.1.2). Die bladsye met die tematiese prentjies en uitbeeldings as gidselemente word gewoonlik nie 'oorbevolk' met 'n te groot aantal lemmas wat die bladsy so kompliseer en met besonderhede oorlaai dat die gebruiker 'n lang soektog deur al die lemmas moet uitvoer en/of sukkel om die toepaslike deel van die tematiese prentjie by die regte lemma te pas nie.

Die voorskoolse en grondslagfaseklaswoordelyste van De la Bat bestaan onderskeidelik uit die volgende tematiese kategorieë en aantal woorde (tussen hakies) en word in die tabel ook vergelyk met die lemmalys van die LGFW, soos wat in die onderstaande paragrawe verduidelik word:

Voorskoolse lys	Grondslagfaselys	LGFW (2010) tematiese afdelings
Getalle (nul tot tien) (11)		
Kleure (10)	Kleure (15)	Alfabet, kleure en vorms (15)
Herfs (15)		
See (36)	Die See (23)	
Liggaam (16)	Liggaamsdele (40)	My liggaam (23)
My familie (10)	My gesin (17)	My familie (12)
Emosie (6)	Gevoelens (16)	
Vrugte (11)	Vrugte (21)	Vrugte en groente (11)
Groente (10)	Groente (17)	
Kossoorte (11)	Ander kossoorte (23)	Ander kos (11)
Skool (10) (werkwoorde)	Skool (17)	In die klaskamer (23)
Skryfbehoeftes (10)	Skryfbehoeftes (14)	
Skoolmeubels (10)	Skoolmeubels (10)	
Speelgoed (10)	Speelgoed (24)	
Seisoene (11)	Seisoene/Weer (27)	Ons pragtige wêreld (23) (weer, seisoene, natuur)
Kalenderwerk (dae v.d. week, vandag, gister en môre) (10)	Maande en dae (27)	
Klere (10)	Klere (19)	Klere (11)
Sport (9)	Sport (9)	Sport (7)
Troeteldiere (10)	Troeteldiere (9)	

Diere-liggaamsdele (10)	Diere se liggaamsdele (17)	
Plaasdiere (10)	Plaasdiere (37)	Diere (23) (Plaasdiere en Wilde diere)
Dieregeluide (10)	Dieregeluide (11)	
Wilde diere (12)	Wilde diere (11)	
Goggas (8)	Ander diere en insekte (13)	
Badkamer (19)	Badkamer (22)	
Kombuis (17)	Kombuis (19)	In die kombuis (11)
Slaapkamer (13)	Slaapkamer (13)	
Sitkamer (7)	Sitkamer (9)	
Huis (buite) (16)	Huis – buite (17)	Ons huis (11) (meubels)
Vervoer (10)	Vervoer (10)	Vervoer (11)
Voëls (7)		
Wat doen? (werkwoorde) (23)	Werkwoorde (33)	Dinge wat ons doen (22)
Wie? (Persone en beroepe) (19)		Plekke en mense (23)
Winter (14)		
Lente (33)		
Polisie (14)		
	Diere se huise (16)	
	Eetkamer (10)	
	Voorsetsels (14)	Waar is jy? (voorsetsels) (12)
	Padveiligheid (19)	
	Bak en brou (18)	
	Byvoeglike naamwoorde (teenoorgesteldes) (26)	Teenoorgesteldes (22)

		Tegnologie (10)
--	--	-----------------

Figuur 7.3: Vergelyking tussen die tematiese kategorieë soos gevind in die skool se voorskoolse woordelys en grondslagfasewoordelys, en die LGFW.

Met die eerste oogopslag is daar altesaam 468 woorde in die voorskoolse lys (van De la Bat). Daar vind egter 'n redelike mate van **oorvleueling** tussen kategorieë plaas en sommige woorde word dus in ander kategorieë gedupliseer, soos die vier kleure "geel", "rooi", "oranje" en "groen" wat in die *Herfs*-kategorie voorkom maar ook in *Kleure*, die inskrywings "herfs" en "wind" wat ook in die kategorie *Seisoene* voorkom, "blaar" wat ook in *Lente* voorkom en (die meervoudsvorm) "bome" wat in die kategorie *Huis* herhaal word. Die werklike aantal woorde in die voorskoolse lys, kategorieënname en meervoudsvorme ingesluit maar duplisering uitgesluit, is **393**.

Die 'skoongemaakte' De la Bat-lys vir die grondslagfase – dus een waaruit getalle, maande van die jaar en dae van die week verwyder is (ter wille van die vergelyking met die LGFW), maar kategorieënname en meervoudsvorme ingesluit is – lewer **588** items in die grondslagfaselys op. Hierdie telling vergelyk goed met die LGFW wat 'n totaal van 685 lemmas bevat (die getal is bekom uit die alfabetiese lys lemmas en sluit ook sommige meervoudsvorme en verboë vorme van byvoeglike naamwoorde in).

Alhoewel daar in die De la Bat-lyste heelwat oorvleueling tussen die voorskoolse lys en die grondslagfaselys bestaan, is daar ook bykomende kategorieë in die grondslagfaselys. Daar is ook in sommige kategorieë aansienlike uitbreiding in die aantal woorde wat ingesluit word soos wat woordeskatteikens vir verskillende fases en/of grade gestel word, en soos uit die tabel blyk.

Die tabel toon ook die LGFW se tematiese kategorieë en die aantal woorde wat hulle bevat tussen hakies (**281** in totaal) – die volgorde van hierdie kategorieë is verander om by ooreenkomstige kategorieë in die eerste twee lyste te pas. Dit is interessant om op te merk dat daar heelwat meer ooreenkomste tussen die De la Bat Voorskoolse lys en die LGFW se tematiese lys as tussen die grondslagfaselys en die LGFW se tematiese lys is. Die De la Bat voorskoolse lys het in heelwat gevalle ook slegs ongeveer tien woorde in 'n kategorie, behalwe vir die kategorieë wat klastemas of leerareas bevat wat oënskynlik in groot besonderhede behandel word, soos die

see, die seisoene (wat elk apart behandel word), die kategorieë vir diere (plaasdiere, troeteldiere, wilde diere, voëls en goggas/insekte), en die vertrekke in die huis en skool (insluitend voorwerpe soos meubels en speelgoed). Die doel van die vergelyking tussen die skool se woordelyste en die lys items wat in die LGFW verskyn, is egter nie om veranderinge aan die inhoud van die skoollyste voor te stel nie – die proefskrif het immers geen aanspraak op die didaktiese praktyk in Dowe onderwys nie – maar dien as bewys dat Dowe kinders die wêreld om hulle op soortgelyke wyse bestudeer en ervaar as wat horende kinders dit doen, indien nie dalk in selfs meer besonderhede nie, gegewe die Dowe kind se *visuele* instelling en klem op die dinge in sy of haar omgewing.


Op grond van die bostaande vergelyking en ooreenkomste asook die besprekings t.o.v. gedrukte skoolwoordeboeke in paragraaf 7.1.1. en 7.1.2. kan dit dalk voorkom asof die De la Bat Voorskoolse woordelys vir 'n **tematiese eerstevlak-skoolwoordeboek** gebruik sou kon word en die grondslagfasewoordelys vir 'n **alfabetiese tweedevlak-skoolwoordeboek**. Hierdie tipe metode word in die LGFW gebruik en dié woordeboek het gevolglik meer lemmas in die alfabetiese afdeling as in die tematiese afdeling, soos wat in die bostaande figuur 7.3 gesien kan word .

Die bestaande teorie van eerste- en tweedevlak-skoolwoordeboeke soos hierbo bespreek word, kan egter nie sonder meer op die Dowe grondslagfaseleerder, die teikengebruiker van die voorgestelde woordeboek, toegepas word nie. Tydens 'n besoek aan die skool in 2010 het die vakhoof van die grondslagfase dit beklemtoon dat die visuele aspek geweldig belangrik is, ook as soekmiddel. Die gemiddelde Dowe leerder in die grondslagfase – en moontlik ook dié wat (bietjie) ouer is – gaan min of geen baat by 'n alfabetiese/geskrewe soekproses vind nie. Die tematiese indeling of soekmetode mag die gebruiker dus nie tydens die soekproses in die steek laat nie en moet so volledig moontlik aangebied word, met ál die woorde wat ook in die klaswoordelys staan. 'n Groepering van gidselemente wat tematies aangebied en opgesoek word maar wat nie ooreenstem met die lys woorde in die klaslys nie, gaan beteken dat 'n leerder 'n lemma uit die klaslys (tematies) opsoek wat dalk nie in die betrokke tematiese kategorie aangebied word nie. Dit sal onnodige verwarring en/of 'n gekompliseerde soekproses, en 'n mislukte naslaanprosedure tot gevolg hê.

'n Tematiese prentjiewoordeboek (elektronies, vir klasgebruik of om huis toe te neem) kan wel *apart* vir die voorskoolse leerders aangebied word. Hierdie

woordeboek sal dan al die drievoudige lemmas (bestaande uit 'n prentjie van die referent as ostensiewe lemma, die gebaar en die woord) vir 'n sekere leksikale item as gidselemente in die tematiese kategorieë bevat en uitbeeld (sien die skematiese voorstelling van die tematiese soekmetode in figuur 7.5).


Eerder as wat die Voorskoolse lys dan 'n tipe eerstevlak-skoolwoordeboek in die tematiese afdeling van die grondslagfasewoordeboek vorm, behoort *elke* kategorie wat in die klaswoordelys van die grondslagfase verskyn, volledig in 'n tematiese afdeling behandel en aangebied te word. Kleurvolle prentjies of sketse wat elke tematiese kategorie afsonderlik verteenwoordig, kan vir die voorgestelde woordeboek geskep word om saam met die naam van die kategorie (in Afrikaans en in gebaretaal) die **tematiese soekmetode** van die woordeboek te vorm. Hierdie prentjies moet die tema **kontekstualiseer**, bv. deur 'n prentjie soos die volgende vir die tema "Groente" te gebruik:



Figuur 7.4: Hipotetiese skets wat vir die tema "Groente" gebruik sou kon word.

Die tematiese soekmetode kan skematies voorgestel word soos uit die onderstaande beskrywing volg.

Al die tematiese kategorieë word op een bladsy gelys:




Figuur 7.5: Tematiese soekmetode wat bestaan uit 'n bladsy waarop die tematiese kategorieë met hul name in gebaretaal en Afrikaans aangedui word.

Hierdie bladsy bevat dus al die **prentjies** of sketse (soos in figuur 7.4) wat kategorieë voorstel plus hul **name** in gebaretaal (moontlik via 'n foto of lynskets van die gebaar asook video) en Afrikaans. Hierdie bladsy sou vergelyk kon word met die inhoudsopgawe wat in die LGFW aangebied word.

Die gebruiker gaan voort deur op die gewenste kategorie te klik.



Die resultaat is die tematiese kategorie en die volledige aantal lemmas daarin wat op een bladsy aangebied word:



Figuur 7.6: Tematiese kategorie met gidselemente wat bestaan uit 'n drievoudige lemma.

In hierdie tabel is elke gidselement 'n hiperskakel wat lei na die mikrostrukturele bewerking van die lemma. Die hele gidselementeenheid word saamgestel uit drie gelykwaardige komponente wat elk individuele lemmastatus binne 'n bepaalde medium het, te wete 'n ostensiewe lemma wat deur die **prentjie** verteenwoordig word, 'n tweede lemma wat deur die **gebaar** (as skets en/of video) verteenwoordig word en 'n derde lemma wat uit die geskrewe **woord** bestaan, en vertoon ook 'n deelstruktuur (sien hieronder en figuur 7.11). Die gebruiker wat die kontekstualisering van die tematiese kategorie en die trippellemma voldoende vind, kan dus hier ophou en op die Terug-pyl heel bo links klik om na die bladsy met al die kategorieë terug te keer (soos in figuur 7.5). Die voorskoolse woordeboek se naslaanprosedure sou hier kon eindig. Die grondslagfaseleerder, wat moontlik na verdere inligting op soek is, soos die tweetalige definisie en voorbeeldsin in die mikrostruktuur, kan dit bekom deur op die gewenste trippellemmateken te klik, wat na die volledige artikel sal lei:

		wortel
	 Definisie in gebaretaal.	Definisie.
	 Voorbeeldsin in gebaretaal.	<i>Voorbeeldsin.</i>

Figuur 7.7: Volledige artikel wat bekom word deur op 'n gidselement in die tematiese kategorie te klik.

In hierdie geval is die ostensiewe lemma (die skets wat heel links in die tabel verskaf word) 'n hiperskakel wat die gebruiker terugneem na die bladsy waarop al die referente in die betrokke tematiese kategorie gelys word (figuur 7.6).

Die skematiese voorstelling van 'n tematiese kategorie soos dit in figuur 7.6 uitgebeeld word, is bloot 'n skema van die onderliggende struktuur van die tematiese kategorie. Dit sou ook moontlik wees om die grafiese ontwerp van die bladsy te behartig op 'n manier wat soortgelyk is aan die tematiese sketse wat in beginnerskoolwoordeboeke, soos die LGFW en OFBD, gebruik word.

Die soekproses in hierdie tematiese kategorieë word visueel bepaal danksy die ostensiewe lemmas wat elke referent in die kategorie uitbeeld en verteenwoordig, en slegs referente wat tot 'n spesifieke kategorie behoort, word in daardie kategorie vertoon. Polisemie en homonimie is dus nie in hierdie kategorieë merkbaar nie, net soos dit in geen ander tematiese woordeboeke of woordeboeke met tematiese afdelings, soos die LGFW, sigbaar is nie. Dit word eers duidelik wanneer 'n woord of gebaar buite konteks opgesoek word. 'n Gebruiker wat, byvoorbeeld, die woord "lig" as selfstandige naamwoord op die tematiese bladsy vir "Ons huis" (LGFW 2010:6) teëkom, word nie daarvan bewus gemaak dat die woord ook met verdere betekenis gebruik word nie. 'n Polisemiese gebaar soos die gebaar wat vir beide "lemoen" en "oranje" gebruik word, sal dus net in een betekenisonderskeiding binne

'n bepaalde tematiese kategorie verskyn, nie albei nie: in die kategorie "Kleure" sal die gebaar in die betekenisonderskeiding "oranje" verskaf word, en in die kategorie "Vrugte" in die betekenisonderskeiding "lemoen" wees. Dit sou te verwarrend wees om 'n betekenisonderskeiding in 'n kategorie te plaas indien dit nie tot daardie tematiese kategorie behoort nie.

Indien 'n lemma in meer as een kategorie voorkom – soos "lees" wat in beide die kategorieë "Skool" en "Werkwoorde" in die grondslagfaselys voorkom, byvoorbeeld – moet albei hierdie kategorieë die lemma bevat (duplisering word dus in die temas toegelaat, net soos wat dit in die klaswoordelyste voorkom).


Die skematiese voorstelling van die artikel (figuur 7.7) vertoon **dieselfde mikrostruktuur** as die soekresultate van lemmas wat d.m.v. gebare of woorde opgesoek word, aangesien **die drie soekmetodes** almal lei na die lemmas en hul leksikografiese bewerking in die "sentrale lys" van die elektroniese woordeboek, nl. die databasis. Sien hoofstuk 8 vir verdere bespreking van die voorgestelde mikrostruktuur.

Danksy die elektroniese omgewing waarin die woordeboek aangebied word en die gebruik van hiperskakels soos in die bogenoemde skematiese voorbeeld is die onderwerpwoordeboek dus nie meer beperk in die aanbieding van 'n breedvoerige mikrostrukturele bewerking nie en kan dit ook die inhoud volgens die behoeftes en vaardighede van die vreemdetaalleerder oriënteer (cf. Zöfgen 1991: 2893).

Danksy die duplisering in die databasis van gebare sowel as woorde wat homonimies of polisemies is – dus 'n herhaling vir elke geval van 'n onderskeidelike betekeniswaarde – sou die **deelstrukturele** bewerking van leksikale items in die tematiese kategorieë identies wees aan dié wat in woord- en gebaresoektogte as soekresultate gelewer word (sien hoofstuk 5 en spesifiek die bespreking in paragraaf 5.4).

Die tematiese kategorieë in die voorgestelde woordeboek verteenwoordig 'n volwaardige soekmetode waardeur dieselfde resultate gevind kan word as wat deur die woord- en gebaresoekmetodes moontlik is. Soos reeds aangedui is, is die visuele soekmetode vir die leerders in die grondslagfase van kardinale belang, en daarom moet die tematiese kategorieë in hierdie geval as eerstevlak inhoud hanteer word wat identies is aan die inhoud van die tweedevlaksoekmetodes as toegang tot

die databasis: enige ander werkwyse sou die leerder in die steek laat. Die tematiese bladsy alleen (sien figuur 7.6) kan en mag dus nie die finale bestemming van die soekmetode wees nie, aangesien dit dieselfde navrae in die gebruiker se woordeboekraadplegingshandeling moet kan beantwoord as wat in die ander soektogte beantwoord word. Die deelstruktuur van die artikels in die tematiese kategorieë is dus opsigself 'n soekresultaat wat ook 'n hiperskakel is, net soos in die ander twee soekmetodes die geval is, en dit lei die gebruiker na die volledige mikrostrukturele aanbieding waarin o.a. definisies en voorbeelde verskaf word, soos wat in figuur 7.7 geïllustreer is. Die skema wat in hoofstuk 5 gebruik is om die soekresultate van die woord- en gebaresoekmetodes te demonstreer, sou dus nou aangepas kon word om ook die tematiese soekmetode in te sluit:



Figuur 7.8: Skematiese aanduiding daarvan dat die drie soekmetodes almal toepaslike resultate lewer.


7.4.2. Die woordsoekmetode

Die woordsoekmetode (sowel as die gebaresoekmetode) binne die voorgestelde woordeboek vervul die **sekondêre funksies** vir die leerder/gebruiker wat meer gesofistikeerde of spesifieke behoeftes t.o.v. teksproduksie en –resepsie in veral die

geskrewe taal het en/of oor meer ontwikkelde naslaanvaardighede beskik. Die woordsoekmetode stel egter veel minder kognitiewe eise aan die gebruiker as 'n soektog deur 'n alfabetiese lys in papiervorm – dit is makliker om 'n woord in te tik en die rekenaar effektief die soekwerk te laat doen as wat dit is om self 'n woord in 'n alfabetiese makrostruktuur op te spoor.

Die woordsoekmetode sowel as die gebaarsoekmetode aan die **semasiologiese navrae** (dus t.o.v. die betekenis van 'n woord of gebaar) van die gebruikers waar die tematiese kategorieë en 'n tematiese soekmetode hul onomasiologiese soektogte fasiliteer. Na afloop van 'n woordsoekmetode asook 'n gebaarsoekmetode kry die gebruiker dus 'n antwoord op die vraag "Wat **beteken** X?" terwyl die tematiese soekmetode die antwoord lewer op die vraag "Wat is die **naam** vir X?":



Vanuit die kategorie "Vrugte" lei 'n prentjie soos  na 'n mikrostrukturele bewerking wat bestaan uit (o.a.) die prentjie as ostensiewe lemma, die gebaar APPEL (via lynskets en video) en die geskrewe vorm van die woord tesame met 'n definisie en voorbeeldsin in albei tale (sien hoofstuk 8 vir 'n meer omvattende bespreking van die mikrostruktuur). Die gebruiker weet dus nou wat die **naam** vir




is.

Indien die gebruiker die woord "appel" in 'n teks teëkom en wil weet wat dit **beteken**, kan hy of sy dit egter ook d.m.w. 'n woordsoekmetode opsoek en by *dieselfde* mikrostrukturele bewerking uitkom soos hierbo beskryf word.

Soos ook in hoofstuk 3 genoem word, is 'n elektroniese woordeboek nie maar net 'n "gedrukte woordeboek op 'n skerm" nie. Die elektroniese formaat en omgewing verskil in vele opsigte van dié van die gedrukte formaat van 'n woordeboek, en die elektroniese woordeboek kan en hoef nie identies aan 'n gedrukte woordeboek te wees nie, al moet dit dieselfde (basiese) funksies vervul. In die geval van die voorgestelde woordeboek moet dit selfs méér funksies as die bestaande gebaretaalwoordeboeke in Suid-Afrika vervul: dit moet videomateriaal van die gebaar "in aksie" verskaf en dit ook moontlik maak om 'n gebaar op te soek sonder om die geskrewe ekwivalent(e) daarvoor te ken (sien paragraaf 7.4.3). In terme van

geskrewe woorde wat opgesoek word, beteken die elektroniese formaat dat daar nie 'n bladsy sal wees waarop verskeie lemmas alfabeties gerangskik onder mekaar verskyn en wat die gebruiker kan "omblaai" om meer lemmas of lemmatrajekte te sien nie – die omvang van die inhoud van 'n elektroniese woordeboek kan nie besigtig en hanteer word soos in 'n gedrukte woordeboek nie, dit kan hoogstens gevisualiseer word (Nesi 2000: 844). Die gebruiker sal dus nie 'n bladsy soortgelyk aan dié in 'n gedrukte woordeboek soos die LGFW (2010: 27) teëkom nie:



Figuur 7.9: Bladsy uit die alfabetiese afdeling van die LGFW.

Die "makrostruktuur" soos verteenwoordig deur die gebare en woorde in die databasis bly dus eintlik 'weggesteek' vir die gebruiker in die sin dat die hele lemmalys nie soos in 'n gedrukte woordeboek deurgeblaai kan word nie.

Gebruikers sou gebruik kon maak van 'n tipiese **soekkassie** of soekveld as woordsoekfunksie (sien hoofstuk 9) – gebruikers van rekenaars en die internet

verwag reeds dat daar 'n soekfunksie op 'n elektroniese bladsy moet wees. Nielsen (2000: 224) stel dat sy gebruikerstudies toon dat meer as die helfte van alle gebruikers soekdominant is terwyl slegs 'n vyfde skakeldominant is (en dus verkies om skakels te volg eerder as om te soek). Dit is nie duidelik of hierdie gebruikersinligting noodwendig ook op jong (Dowe) kinders van toepassing sal wees nie, maar dit is nogtans 'n belangrike oorweging om in die oog te hou. Selfs al bestaan hierdie verwagting van 'n soekkassie nog nie pertinent by sommige gebruikers nie, byvoorbeeld in die geval van gebruikers wat (nog) nie baie gebruik van die internet en/of ander programmatuur maak nie, sal die gebruik van 'n soekkassie 'n soekmetode skep wat uniform is met die soekmetodes wat wel in die internet en dikwels ook in ander programmatuur gebruik word en die gebruiker moontlik op sulke toekomstige naslaanprosedures in ander bronne kan voorberei.

Aangesien die voorgestelde woordeboek nie bedoel om die gebruik van klaswoordelyste te vervang nie maar eerder aan te vul, beteken dit dat 'n moontlike scenario ook bestaan waarin die gebruiker 'n woord in die klaslys sien en die betekenis wil opsoek sonder dat enige ander tekste noodwendig teenwoordig is – die spelling is dus reeds bekend en kan uit die klaslys gekopieer word. Dit sou as 'n tegniese aanbeveling dien om vir 'n sekere mate van fouttoleransie in die sisteem voorsiening te maak, sodat selfs 'n woordsoektog wat 'n spelfout bevat nie op 'n onsuksesvolle soektog hoef uit te loop nie. Die soekkassie kan vir 'n inkrementele soektog voorsiening maak, soos wat in paragraaf 3.6.1.1 verduidelik word. 'n Inkrementele soekmetode wat outomaties die moontlike aantal geskrewe soekwoorde verminder soos wat die gebruiker die soekwoord letter vir letter intik, en wat dit ook aan die gebruiker toon (gewoonlik d.m.v. 'n kassie wat onder die soekveld verskyn en wat die voorgestelde of moontlike soekwoorde bevat, soos wat 'n soektog gewoonlik in Google verloop,) sal die gebruiker in staat stel om te sien hoeveel soekbare woorde wat met 'n sekere letter of string letters begin, in die databasis opgeneem is. Dit is 'n funksie wat die gebruiker die naaste aan 'n oorsig van die lemmalys sal bring, in elk geval vir 'n spesifieke letter. Dié soekmetode bied dus wel 'n alfabetiese lysing van een trajek, maar die lys staan los van die bewerking in die databasis en verteenwoordig hoogstens die lys lemmakandidate vir 'n spesifieke trajek en nie die makrostruktuur van die woordeboek nie – elektroniese woordeboeke vertoon geen makrostruktuur nie. 'n Alfabetiese indeks sou natuurlik ook 'n oorsig van die lemmakandidate bied, maar deur die soekwoorde inkrementeel in die

soekproses aan te bied, kan die gebruiker onmiddellik sien watter woorde soekbaar is, eerder as om via 'n alfabetiese indeks die woorde eers op te soek en dan in te tik of selfs uit die lys na die spesifieke artikels te klik, indien die inskrywings in die alfabetiese indeks hiperskakels sou wees.

Dit kan ook hier genoem word dat dit wat gesoek word in die eerste posisie na die ostensiewe lemma aangedui sou kon word, bv. indien die **woord** "wortel" gesoek word, sal die voorbeeld in figuur 7.7 soos volg lyk:


	<p>wortel</p>	
	<p>Definisie.</p>	 Definisie in gebaretaal.
	<p><i>Voorbeeldsin.</i></p>	 Voorbeeldsin in gebaretaal.

Figuur 7.10: Rangskikking van gidselemente na aanleiding van soekmetode.

In die besprekings wat volg, word slegs een volgorde aangedui, nl. die gebaar in die eerste posisie na die ostensiewe lemma.

7.4.2.1. Homonieme en poliseme in die geskrewe taal

Soos wat reeds in ekwivalentverhoudings tussen gebaretaal en Afrikaans in hoofstuk 5 bespreek is, spesifiek in paragraaf 5.4, sal alle gebare en woorde per betekeniswaarde in die databasis opgeneem en gedupliseer word en onderling aan mekaar gekoppel word om uiteindelik as gekombineerde gidselemente te kan optree. Tydens die woordsoekmetode met die **woord** "lig" sal die volgende resultate dus geaktiveer word:



Figuur 7.11: Hipotetiese soekresultaat van die woord "lig".

In die bestaande klaswoordelys verskyn daar 'n aantal homonimiese en polisemiese woorde, soos hieronder gelys. Homonimie/polisemie word nie in alle gevalle 'uitgebuit' nie, m.a.w. nie alle woorde wat ook ander betekeniswaardes het, word in ander kategorieë met daardie betekeniswaardes herhaal nie, bv. "bly" verskyn net onder die kategorie "Gevoelens" (ooglopend as sinoniem vir "gelukkig") maar nie ook in die kategorie "Werkwoorde" met die betekeniswaardes "op een plek wees" en "woon" nie. Die homonimiese leksikale items wat die breedvoerigste 'bewerking' in die klaswoordelys ontvang, is die verskillende homonieme "lig", wat in die kategorie "Kleure" verskyn as (ooglopende) antoniem vir "donker", in die kategorie "Byvoeglike Naamwoorde" as (ooglopende) antoniem vir "swaar" en in die kategorie "Slaapkamer" as selfstandige naamwoord. Enkele ander homonimiese en polisemiese woorde in die woordelys wat bespreek sal word, is die volgende:

- wortel
- kool
- bly
- ken
- deur
- ry.

Beide "wortel" en "kool" word onder "Groente" gelys, net soos in grondslagfasewoordeboeke soos die OFBD (2010) en LGFW (2010) –

eersgenoemde lys slegs "wortel" onder "Inkopies" en laasgenoemde lys beide "wortel" en "kool" onder "Vrugte en groente". Die voorskoolse woordelys dui wel op "wortel" as polisemiese leksikale item met die hipotetiese betekenisonderskeidings a) 'n tipe groente of b) die ondergrondse gedeelte van 'n boom of plant (die betekenisonderskeidings word nie in soveel woorde duidelik gemaak nie, maar kan van die indeling in die kategorieë "Groente" en "Lente" afgelei word en die betekenisonderskeidings wat in a en b aangebied word, is dus slegs voorbeelde). Dit is moontlik slegs 'n oorsig wat veroorsaak het dat "wortel" nie in die tweede sin (b) in die grondslagfaselys ingesluit is nie, aangesien beide betekenisonderskeidings reeds aan die leerlinge in die grondslagfase bekend behoort te wees.

"Bly" verskyn in die klaswoordelys net in die kategorie "Gevoelens" as (ooglopende) sinoniem vir "gelukkig" wat daarnaas verskyn, maar glad nie as werkwoord met die betekenis "op een plek wees" (LGFW 2010: 32) of "woon" (bv. "Ek **bly** in Worcester") nie.

Op soortgelyke wyse verskyn "ken" net as naamwoord in die kategorie "Liggaamsdele" sonder die werkwoordelike gebruik, bv. "Ek **ken** daardie seun" (LGFW 2010: 48).

"Deur" verskyn net as naamwoord in die kategorieë vir "Slaapkamer", "Huis – Buite", en "Skoolmeubels", maar nie as voorsetsel (bv. "Ek klim **deur** die venster") nie.

"Ry" verskyn net as werkwoord in die kategorieë "Padveiligheid" en "Werkwoorde", maar nie as selfstandige naamwoord in die betekenis "'n klomp mense wat agtermekaar staan" (LGFW 2010: 71) nie.

"Leer" verskyn glad nie in die lys nie en sou moontlik as naamwoord met die betekenis "iets waarteen jy kan opklim om 'n hoë plek by te kom" (LGFW 2010: 54) in die kategorie "Huis – Buite" en as werkwoord met die betekenis "om meer oor iets uit te vind" (LGFW 2010: 54) in die kategorieë "Skool" en "Werkwoorde" aangebied kon word.

Indien hierdie weglatings bloot toevallige oorsigte is – die klaswoordelys is immers relatiewe 'ongesofistikeerde' hulpmiddels wat nie (noodwendig) soos woordeboeke volgens frekwensielyste saamgestel is nie – kan die bestaande gapings gevul word sodat die lemmakandidatels in die databasis verryk word. Indien die opvoeders by

die skool egter voel dat die insluiting van hierdie homonimiese en polisemiese woorde problematies of verwarrend vir die Dowe grondslagfaseleerder gaan wees en dat dit eers in woordeboeke vir die intermediêre en senior fases hanteer moet word, kan die bestaande lys onveranderd bly. Dit is belangrik om te onthou dat die Dowe teikengebruikers in hierdie geval effektief *tweedetaalleerders* van geskrewe Afrikaans is en dat hul behoeftes en vermoëns sal verskil van horende grondslagfaseleerders met Afrikaans as *eerste taal*, wat die teikengroep van die LGFW en soortgelyke woordeboeke vorm. Die idee is dus nie om die voorgestelde woordeboek vir die skool 'nader aan' enige ander bestaande grondslagfasewoordeboek vir (horende) eerstetaalleerders te bring nie, alhoewel 'n vergelyking met sulke woordeboeke t.o.v. hul inhoud en aanbieding op heelwat plekke van nut kan wees. Die kontekstualiserende moontlikhede wat binne die elektroniese woordeboek bestaan en wat nie noodwendig op die klaswoordelyste in hul huidige vorm moontlik is nie of nie daar gebruik word nie, soos die gebruik van 'n prentjie vir elke referent, sou dit moontlik makliker maak om die bostaande Afrikaanse homonimiese en polisemiese in te sluit. Die elektroniese medium van die woordeboek sou dus ook 'n impak kon hê op die besluite wat t.o.v. die inhoud geneem word.

7.4.2.2. Die opname van die verboë vorme van woorde

Die lemmatisering van beide enkelvoudige en meervoudige naamwoordvorme is 'n geweldige gebruikersvriendelike lemmatiseringstrategie en veral baie nuttig vir onervare gebruikers en leerders van 'n taal (Gouws en Prinsloo 2005: 76).

Benewens die gebruik van tekskassies as ingevoegde binnetekste om op o.a. die verbuiging van byvoeglike naamwoorde te dui (sien hoofstuk 8 vir verdere bespreking), word dit egter ook aanbeveel dat die verboë vorme van veral byvoeglike naamwoorde en die meervoudsvorme van selfstandige naamwoorde (bv. *elumboog* → *elumboë* onder "Liggaamsdele" in die woordelys) ook in die databasis opgeneem en aan gebare en woorde toegeken word sodat 'n soektog na enige van hierdie vorme steeds tot gepaste soekresultate sal lei. Hough (1998: 187) noem dat selfs Dowe volwassenes dikwels probleme ondervind met die herkenning van woorde waarvan die (stam)vorm verander vir doeleindes van meervoudsvorming of verkleining. Woordpare soos die volgende woorde uit die skoolwoordelys behoort dus in die databasis opgeneem te word: *been/bene*, *duif/duiwe*, *beer/bere*, *blaar/blare*, *droog/droë*, *gaaf/gawe*, *graaf/grawe*, *grof/growwe*, *hemp/hemde*, *koud/koue*,

kraan/krane, kreef/krewe, liniaal/liniale, lyf/lywe, maag/mae, mikrogolf/mikrogolwe, muur/mure, oog/oë, oor/ore, peer/pere, poot/pote, rug/rûe, sambreel/sambrele, sandkasteel/sandkastele, skaap/skape, skoorsteen/skoorstene, stoof/stowe, en toon/ton. Dit is nie ongewoon om meervoudsvorme as aparte lemmas in beginnerswoordelyste op te neem nie, soos wat ook in die LGFW (2010) gesien kan word waar meervoude soos "bene", "blomme", "bote" en byvoeglike naamwoordverbuigings soos "goeie" in die alfabetiese lys met kruisverwysings na die enkelvoud of onverbuigde vorm as lemma opgeneem is. Leerkrigte kan tydens 'n praktiese toetsfase terugvoer gee oor of daar enige ander leksikale items bygevoeg moet word wat veral problematies is om watter rede ook al, en selfs of daar van hierdie woorde is waarmee leerders nie sodanige probleme ondervind nie en wat dus nie gelemmatiseer hoef te word nie.

Prakties gesien beteken **opname in die databasis** in die geval van die voorgestelde skoolwoordeboek as elektronies soekbare produk dat verboë vorme dus ook as soekmerkers gebruik moet word: die gebaar ELMBOOG én die woord "elumboog" moet van (o.a.) die woorde "elumboog" en "elumboë" en selfs die verkleinvorm "elumbogie" as soekmerkers voorsien word sodat 'n soektog waarin die woorde "elumboë" of "elumbogie" pleks van "elumboog" gebruik word, steeds by dieselfde artikel uitkom.

7.4.3. Die gebaarsoekmetode

Ons leef in 'n moderne wêreld en tyd waar die nuutste rekenaarspeletjies spelers toelaat om interaktief in 'n virtuele wêreld aan die handeling op die skerm deel te neem deur die bewegings van hulle liggame op 'n vasgestelde punt waar te neem, te herken en te interpreteer deur 'n klein kamera en gesofistikeerde herkenningsprogrammatuur. Dit behoort seker ook nie onmoontlik te wees om in die toekoms 'n interaktiewe tipe leksikon te ontwikkel wat van soortgelyke herkenningsprogrammatuur gebruik maak en die gebruiker van 'n maksimum van, sê maar, vyf moontlike gebare te voorsien nadat hy of sy die gebaar wat gesoek word, voor die skerm uitgevoer het nie. Sulke stelsels bestaan reeds (Chu 2009). Dit is egter nie noodwendig belangrik *hoe* die elektroniese woordeboek die soektog na gebare moontlik maak nie, maar wel *dat* die woordeboek sulke soektogte sal kan akkommodeer.

Dit is van uiterste belang dat die gebruiker, hetsy horend of Doof, nie net 'n gebaar kan opsoek deur van die woordsoekmetode in die gesproke taal gebruik te maak nie, maar ook om 'n soektog in die teenoorgestelde rigting te laat slaag, m.a.w. om die betekenis van 'n gebaar te kan opsoek *sonder* dat die ekwivalent in die gesproke taal bekend is. Dit klink dalk na 'n nuwe idee, maar tog is dit iets wat (horende) gebruikers van geskrewe woordeboeke as vanselfsprekend aanvaar: wanneer ek 'n Afrikaans-Duits woordeboek koop, verwag ek immers dat ek:

- 'n Duitse vertaalekwivalent vir 'n woord in die Afrikaanse lys kan opsoek, en
- 'n Afrikaanse vertaalekwivalent vir 'n woord in die Duitse lys kan opsoek.

Indien een van hierdie soekrigtings nie moontlik is nie, sou dit beteken dat ek bv. steeds 'n Duitse vertaalekwivalent vir my Afrikaanse soekwoord sou kon opspoor, maar dat ek ook *slegs* toegang tot die Duitse soekwoorde d.m.v. die Afrikaanse terme het, of omgekeerd. Dit is onregverdig teenoor die gebruiker en skep selfs 'n onnatuurlike soekproses.

Tog is dit die realiteit wat – tot dusver in Suid-Afrika – deur gebaretaalwoordeboeke geskep is. Die bestaande woordeboeke is eintlik almal woordelyste wat 'n alfabetiese woordelys in die gesproke taal verskaf, met sketse of foto's van gebare wat die geskrewe terme vergesel en as vertaalekwivalente vir daardie items aangebied word. Dit beteken egter dat die enigste toegang tot die gebare as leksikale items deur die gesproke taal is, en dat dit nie moontlik is om d.m.v. 'n gebaar by 'n geskrewe vertaalekwivalent uit te kom nie. Hierdie gebrek laat beide horende én Dowe gebruikers in die steek: 'n Dowe gebruiker wat nie noodwendig (volledig of tot 'n hoë mate) in die geskrewe taal geletterd is nie, kan nie 'n geskrewe woord d.m.v. 'n gebaar opsoek nie, en 'n horende gebruiker wat 'n onbekende gebaar teëgekomp het, kan dit ook nie opsoek nie. Ten spyte van die feit dat hierdie situasie ewe onnatuurlik en onregverdig teenoor gebruikers is, is daar oor die jare weinig gedoen om dit reg te stel.

Soos uit die bostaande voorbeelde uit elektroniese gebaretaalwoordeboeke in paragraaf 7.2. gesien kan word, is die parameters waarvolgens gebare gesoek word redelik uniform vasgestel, alhoewel die kombinasie of aantal parameters wat in die soekproses aangewend word, kan wissel. Die parameter wat gekies word, soos bv. die inisiële handvorm van 'n gebaar, word as **soekmerker** aan 'n spesifieke gebaar

gekoppel, wat beteken dat dit as 'n meganisme optree wat verseker dat die gebaar as soekresultaat van die soekmetode d.m.v. 'n spesifieke handvorm sal verskyn.

Wanneer 'n soektog in al die bogenoemde gevalle deur een parameter, soos handvorm, te veel soekresultate lewer, is dit 'n aanduiding vir die gebruiker om die soektog te verfyn deur van die ander soekriteria ook gebruik te maak. Soos reeds genoem, verteenwoordig dit goeie praktyk in soektogte deur die elektroniese of internetwoordeboek, soos uiteengesit as vereiste vir funksionele internetwoordeboeke deur Almind (2005: 39).

'n Gebaarsoekmetode volgens parameters behoort redelik maklik deur die gebruikers gesnap te word, aangesien die Gebaretaalkurrikulum (South African Sign Language – Home Language 2010) dit reeds in graad 1 as 'n leeruitkoms stel dat leerders 'n cheremiese bewustheid ontwikkel, wat behels dat hulle tussen verskillende gebareparameters moet kan onderskei. "Chereem" (Stokoe et al. 1976: xxix) is die term vir die kleinste betekenisvolle eenhede van gebaretaalanalise, soortgelyk aan foneme in gesproke tale. Die woord is afgelei van die Grieks vir "hand", en klassifiseer gebare volgens handvorme, bewegings en plekke van artikulasie.


Die empiriese data wat tydens die produksie van die woordeboek ingesamel word, sal tot die finale besluit lei oor die keuse en aantal gebareparameters wat as soekriteria in die woordeboek aangewend word, maar dit blyk dat **handvorm** en **plek** moontlik die ooglopende keuses sal wees. Dit sou ook moontlik wees om tematiese kategorieë by die soekproses in te sluit.

Die voorgestelde hantering van gebare en woorde in die databasis soos dit in hoofstuk 5 bespreek is, maak dit moontlik om *per betekeniswaarde* 'n enkele betekenisonderskeiding van die woord of gebaar aan 'n spesifieke tematiese kategorie te koppel. Byvoorbeeld, deur op die kontekstuele prentjie te klik wat as ostensiewe lemma vir elke betekenisonderskeiding in die mikrostruktuur verskaf word, word die gebruiker geneem na die tematiese kategorie waarin al die ander referente in daardie kategorie ook gelys word, tesame met hulle eie gidselemente (sien die spesifieke skema hiervoor in figuur 7.6). Sodoende kan die woord- en gebaresoekmetodes as **tweedevlaksoekmetodes** met die tematiese kategorieë as **eerstevlaksoekmetode** sluit om 'n geheel te vorm. In hierdie opsig maak dit aparte sinopsisartikels ook feitlik onnodig – sien paragraaf 8.1.3.


7.4.3.1. Homonieme en poliseme in gebaretaal

Net soos sommige woorde homonieme en/of poliseme kan wees, is daar ook enkele gebare waaraan verskillende betekeniswaardes toegeken kan word, alhoewel dit baie raar is. Soos reeds in hoofstuk 5 bespreek is, word woorde sowel as gebare per betekeniswaarde in die databasis opgeneem en gedupliseer.

Pleks van 'n soekresultaat soos in figuur 7.12, sal die soekresultaat vir, byvoorbeeld, 'n polisemiese gebaar dus eerder soos in figuur 7.13 lyk:



Figuur 7.12: Hipotetiese soekresultaat vir 'n polisemiese gebaar, as 'n soekresultaat vertoon.



Figuur 7.13: Hipotetiese soekresultaat vir 'n polisemiese gebaar, as aparte soekresultate vertoon.

Dit beteken uiteraard dat *albei betekeniswaardes* van die gebaar slegs as soekresultate vertoon sal word indien die **gebaar** opgesoek word; 'n soektog na enige van die **geskrewe woorde** as soekwoord sal slegs die *toepaslike betekeniswaarde* as soekresultaat lewer en die gebruiker sal steeds onbewus wees

van die ander betekeniswaardes van die gebaar. Dit is egter nie werklik ter sake nie aangesien daar nie in hierdie elektroniese woordeboek (of die meeste ander) 'n sigbare artikeltrajek van enige aard bestaan waaruit die korrekte betekeniswaarde gekies moet word nie. Gestel 'n gebruiker tik die woord "lig" in en sien dat daar drie artikels is wat deur die woord geaktiveer word – die korrekte betekeniswaarde word gekies uit die kontekstuele leiding wat in die deelstruktuur gebied word. Gestel nou 'n gebruiker soek die gebaar LEMOEN/ORANJE en sien dat daar twee artikels is wat deur die gebaar geaktiveer word – die korrekte betekeniswaarde word weereens gekies uit die kontekstuele leiding wat in die deelstruktuur gebied word. Dit is onnodig om die gebruiker wat die *woord* "lemoen" intik, ook in te lig dat dieselfde gebaar vir "oranje" gebruik word en dus meer as een geskrewe woord 'vertaal'. Deur albei betekeniswaardes in die deelstruktuur aan te bied, sou eerder die indruk kon skep dat die *woorde* sinoniem is, wat duidelik nie die geval is nie.

Dit kan moontlik makliker verduidelik word aan die hand van die volgende situasie: 'n gebruiker soek die woord "lemoen" in 'n Afrikaans-Engels woordeboek en vind daar die vertaalekwivalent "orange". Die gebruiker sien egter nie dat die Engelse "orange" ook "oranje" as Afrikaanse vertaalekwivalent het nie en sal dit eers uitvind wanneer die woord "orange" in die Engels-Afrikaans woordeboek opgesoek word.

Net so word die gebruiker wat één van die gebare opsoek wat "lig" kan beteken – dus 'n spesifieke gebaar wat d.m.v. die handvorm en/of ander kriteria uitgesoek word – nie daarop attent gemaak dat die gebaar ook met ander woorde 'vertaal' word nie.

Hierdie verduideliking kom neer op 'n argument wat eintlik vanselfsprekend is, maar word nogtans hier ingesluit aangesien dit maklik is om die denkfout te begaan dat Afrikaans die enigste brontaal of doeltaal van die voorgestelde woordeboek is – 'n gebaar wat opgesoek word, hoef nie daarmee saam alle moontlike woorde wat aan die gebaar toegeken is, aan te dui nie.

7.5. Algemene slotopmerkings

Hierdie hoofstuk het die woordeboekbasis en keuse van 'n lemmakandidaatlys van die voorgestelde woordeboek ondersoek. In teenstelling met 'n gedrukte woordeboek het 'n elektroniese woordeboek nie 'n sigbare makrostruktuur in die gewone sin van die woord nie. Die lemmakandidate bestaan dus in 'n databasis wat

deur programmering en 'n soekenjin op verskillende maniere soekbaar kan wees, soos 'n woordsoekmetode of 'n gebaarsoekmetode. Hierdie soekmetodes verteenwoordig egter 'n gevorderde soekproses en die woordeboek sou van 'n primêre- of eerstevlaksoekmetode in die vorm van vasgestelde tematiese kategorieë gebruik kon maak.

Hoofstuk 8. Mikrostrukturele aspekte en besluite binne die model

8.0. Inleiding

Waar elektroniese woordeboeke nie makrostrukture het nie, lyk dit asof hul mikrostrukture op meer ooreenkomstige maniere gerangskik is.

Volgens Zgusta bestaan woordeboekartikels uit twee dele, nl. die lemma, wat die betrokke leksikale item aandui, en die tweede deel wat al die ander data bevat (1971: 249). Herbst en Klotz verdeel die artikel op soortgelyke wyse in twee dele, "Lemma und Explikationsteil [...], wobei der Explikationsteil aus einer Reihe von Artikelkonstituenten besteht" (2003: 168). Die mikrostruktuur is 'n ordeningstruktuur wat aanduiders bevat wat verskillende datatipes verteenwoordig ter bewerking van die leksikale item wat deur die lemma verteenwoordig word. Die mikrostruktuur is 'n onderafdeling van die artikelstruktuur en sluit slegs aanduiders in en nie struktuurmerkers nie. Aanduiders is inskrywings wat data oordra, bv. uitspraak, morfologie en definisie. Struktuurmerkers merk soeksones waarin datatipes voorkom en help gebruikers om verskillende aanduiders suksesvol te identifiseer, bv. simbole soos "-", "•", "■" of "►" (nietipografiese struktuurmerkers) en verskillende lettertipes soos romein, kursief en vetdruk (tipografiese struktuurmerkers).

'n Woordeboekartikel bestaan dus tipies uit 'n makrostrukturele element wat verteenwoordig word deur die lemma wat as die gidselement van die artikel optree, en 'n onbeperkte aantal mikrostrukturele inskrywings, wat hoofsaaklik aangebied word as deel van die behandeling van die lemma. 'n Gebruikersvriendelike woordeboek vereis dat die mikrostrukturele inskrywings op 'n sistematiese manier eerder as 'n arbitrêre een aangebied word – die gebruiker (wat vertrou is met die woordeboek se sisteem, dataverspreidingstruktuur en die manier waarop mikrostrukturele inskrywings aangebied word), behoort te kan voorspel watter datatipes in 'n gegewe artikel gevind kan word en ook waar om die spesifieke datakategorie te vind (Gouws en Prinsloo 2005: 115).

8.1.1. Mikrostrukturele tipes en eienskappe

Die leksikografiese proses van elke woordeboekspesifieke projek behoort die leksikograwe voor te lig in terme van die tipe mikrostruktuur wat in die spesifieke woordeboek gebruik gaan word. Hierdie besluit kan nie in isolasie geneem word van die ander besluite wat vir 'n spesifieke woordeboek geneem word nie, maar die mikrostruktuur behoort gesien te word as 'n instrument (moontlik een van die belangrikste instrumente) wat help om aan die ware doel van die woordeboek te voldoen. Die tipologiese klassifisering van die woordeboek, gebruikers en hul behoeftes en naslaanvaardighede en die funksies van die woordeboek behoort hierdie besluite te bepaal (Gouws en Prinsloo 2005: 138).

Leksikograwe behoort tussen minstens twee wesenlike soorte mikrostrukture te kies in die beplanning vir 'n nuwe woordeboek, nl. 'n **geïntegreerde** en 'n **nie-geïntegreerde mikrostruktuur**. Binne albei hierdie kategorieë maak Gouws (1999: 45) in terme van Hausmann en Wiegand (1989: 346) die volgende onderskeid tussen die verpligte mikrostruktuur (wat bestaan uit die stel datakategorieë wat verpligtend vir elke tipe lemmateken verstrek moet word en dus die mikrostrukturele inhoud van die verstekartikel vasstel) en die uitgebreide verpligte mikrostruktuur (wat meer as die voorgeskrewe minimum vereis):

Lexicographers should identify beforehand the **obligatory microstructure**, i.e. the structure which is common to all articles. This obligatory microstructure contains those data categories, which have to be treated obligatory for each lemma sign. In a general monolingual dictionary the article of each lemma sign should contain a part of speech indicator and some form of semantic description – either a meaning paraphrase or a synonym. However, all articles do not include e.g. an entry representing an antonym of the lemma sign. An article slot for antonyms will only be utilised in articles where something more than obligatory microstructure prevails. This constitutes an *extended obligatory microstructure* because it includes more data categories than the prescribed minimum.

Ander voorbeelde van addisionele datakategorieë wat belangrik in die behandeling van sekere leksikale items is en dus tot die uitgebreide verpligte mikrostruktuur behoort, is die morfologie van naamwoorde, die verbuiging van werkwoorde (bv. vir

verlede tyd) en sinonieme wat, soos antonieme, in die semantiese kommentaar aangebied kan word (Gouws en Prinsloo 2005: 141).

'n Uitgebreide verpligte mikrostruktuur impliseer nie noodwendig 'n komplekse artikel nie, maar alle komplekse artikels vertoon 'n uitgebreide verpligte mikrostruktuur aangesien die uitgebreide verpligte mikrostruktuur voorsiening maak vir die insluiting van addisionele datakategorieë of meer omvattende behandeling binne 'n gegewe soekarea wat 'n komplekse artikel van 'n enkelartikel onderskei. Die byvoegings kan bestaan uit artikel-interne binnetekste wat ingevoeg is, tekskassies met leksikografiese kommentaar of 'n behandeling met 'n sterker ensiklopediese benadering in die semantiese kommentaar om gebruikers in spesifieke woordeboekgebruiksituasies te help (Gouws en Prinsloo 2005: 142).

Die keuse tussen 'n geïntegreerde en niegeïntegreerde mikrostruktuur hang af van die dataverspreidingstruktuur van 'n spesifieke woordeboek: die onderskeid tussen hierdie vername tipes mikrostruktuur word gemaak op grond van die nabyheid en direktheid van die verhouding tussen a) elke inskrywing wat 'n betekenisparafrase verteenwoordig (in 'n eentalige woordeboek) of elke inskrywing wat 'n vertaalekwivalent verteenwoordig (in 'n tweetalige woordeboek) en b) die ondersteunende konteks- of koteksinskrywings wat bykomende ondersteunende inskrywings in die spesifieke artikel verteenwoordig (Gouws en Prinsloo 2005: 138).

'n **Geïntegreerde mikrostruktuur** vertoon 'n stelsel van direkte adressering tussen 'n betekenisparafrase/vertaalekwivalent en sy koteksinskrywing(s). Elke betekenisparafrase/vertaalekwivalent word dus onmiddellik gevolg deur die koteksinskrywing wat die tipiese gebruik van die betrokke leksikale item illustreer (Gouws 1999: 47).

'n Voorbeeld uit 'n tweetalige woordeboek, die TAW, lyk soos volg:

gras ① grass *Cows eat **grass**.* Koeie vreet **gras**. ② grass, lawn "*George, please mow the **grass/lawn** for me.*" "*George, sny asseblief vir my die **gras**.*"

'n Voorbeeld uit 'n eentalige woordeboek, die HAT, lyk soos volg:

rof b.nw. [**rowwer**, ~**ste**] **1** Grof, ru, ongelyk: 'n *Rowwe oppervlak. Rowwe stene.* **2** Sonder maniere, verfyndheid: *Hulle is maar 'n rowwe spul. Rowwe spel in die skrums. Dit gaan rof vandag ...*

Albei hierdie artikels bied die bewerking van 'n lemma wat 'n polisemiese leksikale item verteenwoordig, en elke betekenisonderskeiding word in sy eie semantiese subkommentaar behandel. In die tweetalige woordeboek word die koteksinskrywings, nl. die voorbeelde, direk langs die vertaalekwivalente in dieselfde semantiese subkommentaar verskaf; in die eentalige woordeboek word elke polisemiese onderskeiding van die leksikale item wat deur die lemma verteenwoordig word, voorsien van 'n betekenisparafrase, onmiddellik gevolg deur 'n voorbeeld as koteksinskrywing. Die feit dat daar niks tussen 'n betekenisparafrase/vertaalekwivalent en sy koteksinskrywing geplaas word nie, verminder die tekscondensering en maak dit veel makliker vir die gebruiker om die inhoud van die semantiese subkommentaar korrek te interpreteer, veral in die geval van polisemiese betekenisonderskeidings (Gouws en Prinsloo 2005: 139).

'n **Niegeïntegreerde mikrostruktuur** vertoon 'n verwyderde adressering tussen 'n koteksinskrywing en die toepaslike betekenisparafrase/vertaalekwivalent. In die geval van 'n polisemiese leksikale item gee 'n tweetalige woordeboek dan eers al die vertaalekwivalente en die koteksinskrywings daarna (Gouws 1999: 47). Ten spyte hiervan word die aanbieding en rangskikking van die koteksinskrywings in die toepaslike teksblok op so 'n manier gedoen dat die verhouding tussen 'n gegewe koteksinskrywing en die aanduiding waaraan dit geadresseer is, duidelik gemerk is. Hier volg 'n saamgestelde voorbeeld uit 'n eentalige woordeboek:

veeg s.nw. (veë)

1 Haal met 'n besem. **2** Swaaiende hou; veegbeweging. **3** Streep deur 'n veegbeweging veroorsaak.

Gee hier nog 'n veeg (1). Iemand 'n veeg deur sy gesig gee (2). Vuil veë lê op die meubels (3).

Elke koteksinskrywing is geadresseer aan 'n betekenisparafrase wat een van die betekenisonderskeidings verteenwoordig van die woord wat deur die lemmateken verteenwoordig word, en elke koteksinskrywing word gevolg deur 'n nommer wat dit

laat aansluit by een van die betekenisparafrases wat in die voorafgaande teksblok aangebied is. Alhoewel hierdie nommers 'n verhouding tussen die koteksinskrywings en 'n spesifieke semantiese subkommentaar verklaar, is dit nie heeltemal so duidelik soos die verhouding wat in die geïntegreerde mikrostruktuur heers nie. Aangesien 'n niegeïntegreerde mikrostruktuur meer woordeboekgebruiksvaardighede van die gebruiker vereis, behoort die leksikograaf hierdie tipe mikrostruktuur slegs te gebruik indien dit nie die woordeboekraadplegingshandeling van die teikengebruik sal belemmer nie (Gouws en Prinsloo 2005: 140).

Gouws (1999) dui op nog 'n derde tipe mikrostruktuur, die **semigeïntegreerde mikrostruktuur**, wat 'n hibridiese model is, en beskryf 'n semigeïntegreerde mikrostruktuur soos volg:

A semi-integrated microstructure is a hybrid form displaying features of both an integrated and an unintegrated microstructure and is typically used in more comprehensive dictionaries where lengthier articles with a variety of data types and search zones occur. The article structure has two distinct sections to deal with the two microstructural types, cf. Wiegand (1996). In the first article component, a single co-text entry is added to each entry given as a paraphrase of meaning/translation equivalent. A separate article component is presented to accommodate additional co-text entries. In this unintegrated component the relation between each co-text entry and the relevant paraphrase of meaning/translation equivalent entry is explicated by means of a clear and unambiguous cross-reference entry marking the co-text entry as addressed at a specific paraphrase of meaning/translation equivalent entry (Gouws 1999: 47).

Volgens Wiegand (1990: 56) en Gouws en Prinsloo (2005: 141) heers 'n **rudimentêre** of **onvolledige mikrostruktuur** in gevalle waar die woordeboekartikel tot vormkommentaar beperk is en die semantiese kommentaar deur 'n kruisverwysingsinskrywing vervang word – die mikrostruktuur bevat dus minder as die minimum aantal inskrywings (soos wat deur die verpligte mikrostruktuur bepaal word) wat nodig is om inligting met sukses daaruit te bekom. Rudimentêre mikrostrukture word dikwels gevind in die geval van lemmas wat afkortings verteenwoordig – waar afkortings as lemmata in die sentrale lys van 'n woordeboek ingesluit word, word hul behandeling gewoonlik beperk tot 'n inskrywing wat die

volledige vorm van die afkorting aandui, cf. Gouws (1999: 45). 'n Rudimentêre mikrostruktuur kom ook voor waar daar minder datatipes gebied word as wat deur die verpligte mikrostruktuur bepaal word.

Dit word vir die voorgestelde woordeboek aanbeveel dat 'n geïntegreerde mikrostruktuur gebruik word, aangesien dit 'n onmiddellike koppeling tussen voorbeeldsin en lemma bied. Die meeste artikels bied 'n bewerking met 'n enkele betekeniswaarde, wat 'n geïntegreerde mikrostruktuur 'n logiese uitvloeisel maak. Dit stel ook die minste eise aan 'n gebruiker in terme van woordeboekgebruiksvaardighede.

8.1.2. Etiket en etimologie as semantiese kommentaar

Leksikografiese etikette word dikwels in die semantiese kommentaar gebruik om eksplisiete kontekstuele leiding te gee. 'n Etiket kan as 'n pragmatiese merker gebruik word om 'n item met die wêreld buite die woordeboek in verband te bring en kan 'n makro- of mikrostrukturele item in 'n woordeboek merk. Etiket word veral gebruik om afwykings van die neutrale of verstekwaarde wat in 'n woordeboek van toepassing is, aan te dui. Alhoewel woordeboeke geneig is om hul eie interne stelsel van etikette te gebruik, kan die etikette wat in woordeboeke gebruik word in drie hoofkategorieë ingedeel word, nl. vakgebiedetikette, styletikette en kronolektiese etikette (Gouws en Prinsloo 2005: 129, 130).

Vakgebiedetikette word gebruik om aan te dui dat 'n item tot 'n spesifieke, gespesialiseerde vakgebied behoort wat nie deel vorm van die woordeskat wat die spesifieke woordeboek hoofsaaklik bevat nie. **Styletikette** kom meer in algemene woordeboeke voor en merk afwykings van die standaardvariëteit, neutrale register en alledaagse taalgebruik, bv. *formeel*, *informeel*, *figuurlik*, *sleng*, *streektaal*, ens. Vloekterme en ander taboewoorde het dikwels 'n hoë frekwensie in die alledaagse taal en behoort dus ook in die lemmalys van 'n algemene woordeboek te verskyn. Etiket soos *obseen*, *vulgêr*, *neerhalend* word dikwels gebruik om die relatiewe taboewaarde van 'n spesifieke woord aan te dui, aangesien taboewoorde gewoonlik 'n hiërargie van taboewaardes vertoon. Die gebruik van hierdie etikette behoort duidelik in die gebruikersgids van 'n woordeboek verduidelik te word. **Kronolektiese etikette** plaas 'n woord of een van sy betekenisonderskeidings in die tipiese tyd waarin dit gebruik is of word, bv. as 'n verouderde of 'n baie nuwe vorm. Verouderde

forme sal meer waarskynlik in 'n woordeboek gemerk word, aangesien neologiesmes baie vinnig deel van die standaardvariëteit word en dan ook nie meer gemerk hoef te word nie (Gouws en Prinsloo 2005: 131).

Die voorgestelde skoolwoordeboek vir leerders (wat beginners in die gebruik van 'n woordeboek is, hetsy in Afrikaans of gebaretaal) sal nie van enige etikette gebruik hoef te maak nie, aangesien die lemmalys beperk is tot spesifieke leerareas en leeruitkomst binne die kurrikulum en gevolglik ook nie variasie in vakgebied, styl of tydvak toon nie. Geen verdere bespreking of illustrasies van die gebruik van etikette is dus hier van toepassing nie.

Etimologie, die oorsprong van 'n woord en hoe dit oor 'n verloop van tyd ontwikkel het, word gewoonlik in standaardgrootte eentalige woordeboeke ingesluit maar word selde in tweetalige en selfs eentalige leerwoordeboeke aangetref (Atkins en Rundell 2008: 208). In algemene sinkroniese eentalige en tweetalige woordeboeke kan etimologiese data beskou word as 'n bonus en nie as 'n verpligte komponent van die semantiese kommentaar nie (Gouws en Prinsloo 2005: 132).


As 'n skoolwoordeboek vir leerders (wat beginners is in die gebruik van 'n woordeboek in enige taal of vorm) en die beperkte omvang van die lemmas wat daarin aangebied word, hoef die voorgestelde woordeboek nie enige etimologiese data aan te bied nie. Geen ander basiese woordeboek wat op jong kinders gemik is, verskaf enige etimologiese data nie. Verdere bespreking en illustrasies van etimologie is dus nie hier van toepassing nie.

8.1.3. Komplekse artikels en sinopsisartikels

Komplekse artikels word gekenmerk deur die insluiting van addisionele datakategorieë of soekvelde wat nie kenmerkend van die verstekartikel in 'n gegewe woordeboek is nie, of 'n meer omvattende behandeling van 'n spesifieke aspek van die leksikale item wat deur die lemmateken verteenwoordig word. Die leksikograaf kan dus van artikelinterne ingevoegde tekste of soortgelyke prosedures gebruik maak om addisionele data aan te bied (Gouws en Prinsloo 2005: 91). Een van die tipes leksikale items wat gewoonlik ideaal is vir behandeling in 'n komplekse artikel is **kultuurspesifieke items**. Die tipiese behandeling wat in die semantiese kommentaar aangebied word, maak gewoonlik voorsiening vir 'n betekenisparafrase

of vertaalekwivalent, maar in die geval van kultuurspesifieke items is 'n meer omvattende bewerking gewoonlik nodig. Daar is reeds in hoofstuk 6 (paragraaf 6.4.7) aanbeveel dat kultuurspesifieke items, veral in die Dowe kultuur waarin 'n spesifieke referent moontlik dieselfde funksie vervul as 'n ander referent in horende kultuur (soos 'n flikkerende lig wat deur Doves as deurklokkie gebruik word), as 'n buitetekst aangebied word wat 'n oorsig en beskrywing van Dowe kultuur bevat. Die verdere gebruik van komplekse artikels sal nie hier verder bespreek of geïllustreer word nie.

Bergenholtz, Tarp en Wiegand (1999) tref 'n onderskeid tussen enkelartikels en **sinopsisartikels** – 'n sinopsisartikel sluit die tipiese data in wat in 'n enkelartikel bevat word, maar gaan verder deur addisionele data aan te bied, veral data van 'n meer ensiklopediese of algemene aard. Volgens Bergenholtz et al. (1999:1780) sluit sinopsisartikels met ensiklopediese data in woordeboeke vir spesiale doeleindes nie net die data in wat toepaslik is tot die leksikografiese behandeling van die leksikale item wat deur die lemmateken van die spesifieke artikel verteenwoordig word nie, maar dit sluit ook data in wat van toepassing is op die lemmatekens van sommige enkelartikels in die spesifieke woordeboek. In algemene woordeboeke verskaf sinopsisartikels dikwels die behandeling van 'n lemmateken wat 'n leksikale item verteenwoordig wat as die superordinaat van 'n semantiese veld funksioneer, met die verskillende hiponieme of subordinate van die semantiese veld wat deur die lemmatekens van ander enkelartikels in die woordeboek verteenwoordig word – die sinopsisartikels bevat dus data wat ook van toepassing is op die enkelartikels, en hierdie enkelartikels bevat 'n kruisverwysing om die gebruiker na die toepaslike sinopsisartikel te lei (Gouws en Prinsloo 2005: 93). Superordinaat is gewoonlik naamwoorde wat gebruik kan word om 'n hele 'klas' of 'kategorie' leksikale items te verteenwoordig. 'n Superordinaat funksioneer dus as 'n sambreelterm wat die betekenis van ander woorde insluit, bv. "voertuig" is die superordinaat vir die terme "vragmotor", "motor", "fiets", "trem" en "skip":



Figuur 8.1: Voorbeeld van superordinate en subordinate terme.

Superordinate terme, soos in definisies gebruik, dui aan die gebruiker tot watter klas of groep 'n leksikale item behoort. Definisies van naamwoorde wat tot sulke klasse behoort, bestaan gewoonlik uit drie dele: die leksikale item wat verklaar word, die klas of kategorie (as superordinaat) van die konsep of voorwerpe waartoe die item behoort, en die eienskappe wat dit van ander leksikale items in dieselfde klas onderskei, bv. "'n Vragmotor (item) is 'n groot voertuig (klas/superordinaat) wat dinge op die pad vervoer (eienskappe)".

Aangesien elke leksikale item wat deur 'n lemma in die databasis van die grondslagfasewoordeboek verteenwoordig word reeds aan 'n tematiese kategorie behoort – wat in sommige gevalle ook as 'n superordinaat van die inhoud optree, bv. die kategorieë vir "Vrugte", "Groente", "Sport", "Klere" – en aangesien elke leksikale item in die grondslagfasewoordeboek ook aan die toepaslike kategorie geskakel word, ongeag die soekmetode (dus 'n tematiese soekmetode d.m.v. 'n seleksie vanaf die tematiese soekbladsy, 'n woord- of gebaresoekmetode), is dit eintlik onnodig om spesiale sinopsisartikels vir die grondslagfasewoordeboek te ontwerp. 'n Tipe definisie soos wat in die vorige paragraaf aangedui is, bv. "'n Lemoen is 'n soet en oranje vrug", en die ostensiewe lemma (die kontekstuele of tematiese prentjie) wat een van die drie lemmas in die trippellemma vorm en as 'n hiperskakel funksioneer wat die gebruiker toelaat om na die tematiese kategorie terug te keer, verskaf reeds 'n groot mate van die tipe ensiklopediese data wat deur die beginnergebruiker benodig word en gebruik kan word. Dit maak die gebruik van sinopsisartikels in die voorgestelde woordeboek onnodig en hierdie artikeltipe sal nie verder hier bespreek word nie.

8.1.4. Idiome

Danksy die elektroniese soekproses, wat dit moontlik maak om deur die hele teks van 'n (elektroniese) woordeboek te soek, kry idiomatiese woordkombinasies of

uitdrukkings vir die eerste keer werklik onafhanklike status in 'n algemene woordeboek (Svensén 2009: 442). Die leksikograaf hoef dus nie te bekommerd te wees oor die metode wat gekies word om te bepaal waar die idioom geplaas word nie, aangesien 'n soektog na enige woord in die idioom die idioom as soekresultaat sal kan lewer. Idiome hoef dus nie deel van die mikrostrukturele bewerking van 'n spesifieke leksikale item in 'n elektroniese woordeboek te vorm nie, maar kan prominente behandeling as 'n aparte soekresultaat ontvang (Atkins en Rundell 2008: 253).

Leerders by De la Bat leer egter geen idiome op laerskool nie, en dus sal die woordeboek vir die grondslagfase geen idiome bevat nie.

8.2. Verskillende datakategorieë wat in die voorgestelde woordeboek ingesluit kan word


Die datakategorieë wat in 'n woordeboek ingesluit word, word gewoonlik bepaal deur (o.a.) die funksies van die woordeboek. Wiegand (1978, soos aangehaal deur Smit: 1996: 143-144) huldig die opvatting dat alle dele van die woordeboekartikel, soos die betekenisverklarings, die aanduiders van woordsoort, etimologie, spelling, ens., as die antwoorde op spesifieke gebruikersvrae gesien kan word. Hierdie vrae wat deur die leksikograaf geantisipeer kan word, bepaal ook die woordeboektipe.

8.2.1. Rangskikking van inskrywings

'n Suksesvolle woordeboekraadplegingshandeling hang hoofsaaklik af van die manier waarop data gerangskik word.

8.2.1.1. Lemmata

Aangesien die woordeboek nie net **tweetalig** wil wees nie maar ook **polifunksioneel**, en aangesien woorde én gebare per betekeniswaarde in die databasis gedupliseer en onderling as gidselemente aan mekaar gekoppel word (soos wat in hoofstuk 5 en 7 bespreek is), is 'n tipe parallelle aanbieding van drievoudige lemmas of trippellemmas, nl. 'n prentjie uit die tematiese kategorie as ostensiewe lemma, 'n gebaar en 'n geskrewe woord, moontlik, bv.




Figuur 8.2: Hipotetiese voorstelling van die voorkoms van die drievoudige lemma.

Gebare het weliswaar geen "uitspraak" nie, maar sommige *tweehandige* gebare kan alternatief ook as *eenhandgebare* voorkom deur die nedominante hand weg te laat, bv.



Figuur 8.3: Die gebaar BOOM, wat ook eenhandig i.p.v. tweehandig gemaak kan word (Howard 2008: 198).

Hierdie tipe verandering van vorm of alternatiewe vorm kan ook in die vormkommentaar van die gebarelemma aangebied word, aangesien dit gering is, nie die betekenis van die gebaar verander nie en met 'n alternatiewe uitspraak van 'n woord vergelyk kan word (sien paragraaf 8.2.1.7 vir meer besonderhede).















Figuur 8.4: Alternatiewe vorm van 'n gebaar in die vormkommentaar aangedui.

Uitspraak van die Afrikaanse lemma hoef nie foneties aangedui te word nie, aangesien dit nie een van die woordeboek se funksies is om die teikengebruikers te help om die tweede taal te *praat* nie – spraakontwikkeling vind individueel by die skool plaas – maar eerder om hulle te help om dit te kan lees en te skryf. Bewens die geskrewe vorm van die woord sou 'n video met 'n **vingerspelling** van die gebaar egter ook ingesluit kon word (en/of 'n skets van die vingerspelvorm). Navorsing toon dat die tegnieke om veelvuldige vorme van 'n woord deur gebaar en druk te 'ketting' (Padden en Hanson 2000: 441-443; Padden en Ramsey 1998: 34-35, 38-39) en die gebare- en vingerspelvorms in te voeg (te "sandwich") (Blumenthal-Kelly 1995: 65, 68-71), 'n leerder ondersteun in die vorming van assosiasies tussen die prentjie, die gebaar, die geskrewe woord en die ortografiese voorstelling daarvan in vingerspelling. Hierdie assosiasies staan sentraal tot die Dowe leerder se vermoë om die twee taalvorme (gebaretaal en geskrewe taal) te bewerkstellig (McKee en Biederman 2003: 203). Die vingerspelvorm van 'n woord is eintlik 'n ortografiese "hibried", aangesien vormkommentaar oor die woord in gebaretaal verskaf word. Sien figuur 8.8 vir 'n voorbeeld van vingerspelling as deel van die vormkommentaar van die woord.

Alhoewel 'n gebaar nie 'n *uitspraak* in die gewone sin van die woord het nie, het dit wel 'n fonologiese of eerder **cheremiese realisering** deur middel van spesifieke parameters. Inligting oor die gebaar se vorm in terme van handvorm, plek,


palmeriëntering, NME's en beweging kan in 'n matriks aangebied word om die gebaar struktureel te beskryf, bv.

		<p>lemoen</p>
	<p> Handvorm:</p> <p> Plek:</p> <p> Palmoriëntering:</p> <p> NME:</p> <p> Beweging:</p>	<p> Gebuigde 5</p> <p> Voor die skouer</p> <p> Palm na bo</p> <p> Verwysing 1</p> <p> Draai gewrig na binne en buite terwyl die arm stil gehou word</p>

Figuur 8.5: Hipotetiese voorstelling van die gebaarlemma met parameterbeskrywing as vormkommentaar.

Die parameterbeskrywing behoort aan die inskrywing in 'n eie artikelgleuf geadresseer te word. Om egter te voorkom dat dié artikelgleuf vertikaal gerek word soos in figuur 8.5, kan 'n nietipografiese struktuurmerker gebruik word om te voorkom dat die mikrostruktuur die risiko van 'teksdood' loop. Deur op die struktuurmerker te klik, word 'n opwikkassie oopgemaak wat die parameters in beide tale beskryf. Die voorkoms, funksie en gebruik van die struktuurmerker wat gekies word, moet duidelik

in die gebruikersgids bespreek word. 'n Struktuurmerker soos die volgende is ter illustrasie gekies:




Figuur 8.6: Nietipografiese struktuurmerker wat as hiperskakel optree om 'n opwikkassie met die uiteensetting van die gebareparameters te vertoon.

Die opwikkassie kan dan soos volg lyk:

 Handvorm	 Gebuigde 5
 Plek	 Voor die skouer
 Palmoriëntering	 Palm na bo
 NME	 Verwysing 1
 Beweging	 Draai gewrig na binne en buite terwyl die arm stil gehou word

Figuur 8.7: Die gebaarparameters, tweetalig aangedui binne 'n opwikkassie.

Die parameterparadigma van die gebaar sowel as die vingerspeltvorm van die woord verteenwoordig vormkommentaar oor die onderskeie lemmas. Die plasing van die parameterhiperskakel in die mikrostruktuur sou parallel aan die vingerspelling van die woord (as lynskets en as video) geplaas kon word en dus soos volg kon lyk:



Figuur 8.8: Die parameterhiperskakel in 'n artikelgleuf saam met die vingerspelling van die woord.

Die inskrywings vir die onderskeie gebaarparameters sou skakels kon wees na die minigrammatika van gebaretaal wat as buitetekst aangebied word.

8.2.1.2. Morfologie – verbuiging van woorde

Die ander mees tipiese inskrywings in die vormkommentaar is dié wat data oor die morfologie van die lemma oordra asook sekere grammatikale eienskappe. In die geval van 'n geskrewe lemma wat 'n **naamwoord** verteenwoordig, kan die vormkommentaar o.a. inskrywings insluit wat die **meervouds-** en **verkleinvorm** van die geskrewe woord aandui (Gouws en Prinsloo 2005: 121). In 'n skoolwoordeboek, en veral ook in 'n elektroniese een waarin ruimte nie deur tekskondensering bespaar hoef te word nie, is dit die beste om die meervouds- en verkleinvorm in hulle volledige vorme aan te bied, veral (maar nie uitsluitlik nie) in die geval van veranderinge in die stam van 'n woord. Die verbuiging van meervouds- en verkleinvorme geskied en funksioneer in Afrikaans morfologies heeltemal anders as meervouds- en verkleinvorme in gebaretaal en dit word aanbeveel dat die aandag uitdruklik op hierdie morfologiese kenmerke van die geskrewe taal gevestig moet word d.m.v. die **rooi ster** in 'n ingevoegde binneteks – sien dus paragraaf 8.2.1.8 vir voorbeelde. Sien ook paragraaf 8.2.1.6 vir 'n volledige verduideliking van die rooi ster wat in die klaskamer gebruik word om die leerders se aandag te vestig op


aspekte van die geskrewe taal wat van gebaretaal verskil. In die besprekings van die morfologie word die toepassing van die rooi ster uitgebrei om in *albei tale* die aandag op 'n spesifieke inskrywing te vestig.

Vir **werkwoorde** behoort die volledige verledetydsvorm van die geskrewe werkwoord verskaf te word, bv. "het geswem". Die verledetydsvorm van die geskrewe woord stem ook nie morfologies ooreen met die gebruik van die verlede tyd in gebaretaal nie en geskrewe verledetydsvorme kwalifiseer dus ook as rooister-inskrywings. Morfologiese rooister-inskrywings vir die geskrewe taal, soos die verbuiging t.o.v. meervoud, verkleinwoorde, attributiewe byvoeglike naamwoorde en die verlede tyd van werkwoorde kan duidelik gemerk en geplaas word om die oog van die gebruiker te vang deur van ingevoegde binnetekste gebruik te maak – sien paragraaf 8.2.1.8 vir voorbeelde.

Die **attributiewe verbuiging** van 'n byvoeglike naamwoord kan ook as 'n rooister-inskrywing in 'n ingevoegde binneteks aangebied word hoofsaaklik vanweë die feit dat sommige geskrewe byvoeglike naamwoorde van vorm verander in attributiewe gebruik, wat nie die geval in gebaretaal is nie. Sien paragraaf 8.2.1.8 vir voorbeelde.

Die **trappe van vergelyking** van die byvoeglike naamwoord blyk die enigste morfologiese verbuiging te wees wat kwalifiseer om in 'n artikelgleuf te staan wat op *beide* die gebaarlemma sowel as die woordlemma slaan: *soortgelyk* aan die woordlemma wat 'n aanvulling in vorm (-er, -ste) ontvang om op die verbuiging van graad te dui, ondergaan 'n gebaarlemma 'n verandering aan of toevoeging tot die basiese parameterwaardes om verbuiging van graad aan te dui. Die gebaar VET word gevorm deur die oë te rek, die wange te bol en die arms bak langs die lyf te hou (sien figuur 8.11). Hierdie gebaar inflekteer vir graad deur die oë en wange onderskeidelik groter en groter te rek, en meer en meer te bol en die arms verder en verder langs die lyf te hou.













'n Nietipografiese struktuurmerker kan gebruik word om aan te dui waar die **trappe van vergelyking** in die artikel aangebied word en ook om die data te identifiseer, bv.



Figuur 8.9: Hipotetiese nietipografiese struktuurmerker wat gebruik sou kon word om die trappe van vergelyking van byvoeglike naamwoorde in die mikrostruktuur te identifiseer en aan te dui.

Hierdie struktuurmerker sou ook 'n opwipkassie kon aktiveer om 'n bietjie ruimte op die skerm te spaar en te verhoed dat die artikel te lank van bo na onder uitgerek word, aangesien die semantiese kommentaar nog sal bydra tot die vertikale lengte van die volledige artikel. 'n Aparte artikelgleuf word dus aan hierdie struktuurmerker toegeken. Die voorkoms, funksie en gebruik van die struktuurmerker wat gekies word, moet duidelik in die gebruikersgids bespreek word.

Die opwipkassie wat geaktiveer word wanneer op die struktuurmerker in figuur 8.9 geklik word, sou soos volg kon lyk:

					
	vet 		vetter 		(die) vetste 
	<i>Hans is vet.</i>		<i>Pieter is vetter.</i>		<i>Gert is die vetste van almal.</i>


Figuur 8.10: Hipotetiese nietipografiese strukturele merk van elke trap in die vergelyking wat by 'n woord en gebaar pas.

Die Afrikaanse byvoeglike naamwoorde word van 'n vingerspelling van die woord (as skets soos in die bostaande figuur, en/of 'n video daarvan) vergesel aangesien die trappe van vergelyking nie in die twee tale ooreenstem nie en die indruk ook nie geskep behoort te word dat dit die geval is nie.

Afgesien van die inskrywings vir die trappe van vergelyking self sou voorbeeldsinne verskaf kon word wat dié trappe in beide tale illustreer. Die video's parallel aan die geskrewe voorbeeldsinne in die onderste artikelgleuf van die voorbeeld is dan

gebare-uitinge in eie reg en nie gebaar-vir-woord-vertalings van die geskrewe voorbeeldsinne nie.

Die uiteindelige vormkommentaar in die artikel van 'n byvoeglike naamwoord, waar die nietipografiese struktuurmerker 'n hiperskakel is wat 'n opwipkassie soos in figuur 8.10 aktiveer, sou dus soos volg kon lyk:



Figuur 8.11: Nietipografiese struktuurmerker wat 'n hiperskakel is na 'n opwipkassie as vormkommentaar t.o.v. die trappe van vergelyking van 'n byvoeglike naamwoord.

In die bostaande figuur is stippellyne gebruik om aan te dui dat die morfologiese data as vormkommentaar nader aan die lemma staan as aan die semantiese kommentaar wat volg, asook dat dit op beide die gebaar- en woordlemma van toepassing is.

8.2.1.3. Morfologie – verbuiging van gebare




Sommige gebare kan wel sekere verbuigingsveranderinge in konteks ondergaan. Daar is minstens ses sulke verbuigings, nl. (1) verbuiging vir wyse en graad, (2) meervoudsvorming deur duplisering, (3) temporele verbuiging, (4) getalinkorporasie, (5) persoonsooreenstemming en (6) ruimtelike ooreenstemming. Daar word van leerders in die grondslagfase verwag om **meervoudsvorming deur duplisering** asook **getalinkorporasie** te verstaan en te gebruik; die ander vorme van verbuiging is dus nie hier ter sprake nie. Soos met die morfologiese verbuiging van *woorde* in die geskrewe taal wat nie op dieselfde manier in gebaretaal inflekteer nie (paragraaf 8.2.1.3.), inflekteer dié *gebare* op maniere wat verskil van die geskrewe woorde. Dit word aanbeveel dat die gebaarmorfologie ook **rooister**-status ontvang en as 'n ingevoegde binneteks aangebied word. Dit sou onwys wees om die gebaarmorfologie in 'n parallelle artikelgleuf teenoor die woordmorfologie te plaas,

wat die verkeerde indruk kon skep dat die een 'n vertaling van (of selfs net vergelykbaar met) die ander is. Sien paragraaf 8.2.1.8 vir voorbeelde.

8.2.1.4. Woordsoort

Woordeboeke word dikwels geraadpleeg om die woordsoort te kontroleer van die woord wat deur die lemmateken verteenwoordig word, en hierdie data vorm deel van die vormkommentaar. Die tipe woordeboek, die dataverspreidingstruktuur en funksies daarvan, die gebruikers en hul situasies en natuurlik ook die aard van die taal/tale behoort alles 'n invloed te hê op die omvang van die woordsoortdata wat aangebied word. Baie woordeboeke beperk die woordsoortleiding tot 'n item wat die vernaamste woordsoortklas van 'n woord aandui, bv. werkwoord, naamwoord en byvoeglike naamwoord (Gouws en Prinsloo 2005: 125). In die geval van 'n skoolwoordeboek is dit normaalweg die beste om die woordsoortmerker in 'n onafgekorte vorm te verskaf.

Verkieslik behoort die woordsoort **glad nie** in 'n basiese skoolwoordeboek eksplisiet aangedui te word nie, soos wat in die LGFW die geval is. Woordsoort word ook nie in die tematiese afdeling van die woordeboek eksplisiet aangedui nie, maar die kategorie vir werkwoorde word genoem "Dinge wat ons doen" en die kategorie vir voorsetsels heet "Waar is jy?". Die gebruiker se spesifieke taalvaardighede en kennis, en die leeruitkomste wat ten opsigte van taalkundige onderrig gestel word, sal die bepalende faktor in hierdie besluit wees. Indien daar wel besluit word om woordsoort aan te dui, sou dit soos volg kon lyk:

		<p>lemoen</p>
<p style="text-align: center;">  naamwoord </p>		

Figuur 8.12: Woordsoortelike aanduiding.

Die woordsoortaanduiding word in 'n aparte artikelgleuf geplaas waaruit die bestek van die struktuurmerker duidelik afgelei kan word en word dan in albei tale aangebied.





8.2.1.5. Semantiese kommentaar – betekenisparafrase of definisie

Die semantiese kommentaar is die soekarea wat die datatipes huisves wat die semantiese en pragmatiese eienskappe van die leksikale item weergee wat deur die lemma verteenwoordig word,. 'n Wye reeks datatipes kan hier aangebied word en die aard en omvang van dié kommentaar word ook bepaal deur die woordeboek tipe, die woordeboekgebruiker en die gebruiksituasies (Gouws en Prinsloo 2005: 125).

Woordeboeke word dikwels geraadpleeg vir semantiese data – eentalige woordeboeke word geraadpleeg vir 'n **betekenisparafrase** en tweetalige woordeboeke word geraadpleeg vir 'n ander soort semantiese leiding, nl.

vertaalekwivalente wat as doeltaalitems vir 'n spesifieke brontaalvorm aangebied word. Aangesien die voorgestelde woordeboek 'n tipologiese hibried verteenwoordig wat eienskappe van beide eentalige en tweetalige woordeboek toon en beide gebare én woorde lemmastatus gee, is die keuse in hierdie geval nie die een of die ander nie – die woordeboek kan dus 'n betekenisparafrase of definisie in beide tale aanbied.

Danksy 'n parallelle mikro-argitektuur, soos in die voorbeelde hierbo, kan hierdie definisies langs mekaar verskyn, bv.

	 	lemoen
	 (Video van definisie in gebaretaal).	'n Lemoen is 'n groot, sappige vrug met 'n dik skil.

Figuur 8.15: Hipotetiese aanbieding van 'n definisie in albei tale.

In die bostaande voorbeeld is slegs die gebruik van parallelle definisies in albei tale gedemonstreer, nie die volledige mikrostruktuur nie. Die geskrewe definisie is uit die LGFW (2010: 55). Die gebaretaaldefinisie en die geskrewe definisie sal met mekaar moet ooreenstem om die inhoud van die mikrostruktuur tweetalig te maak.


Die definisie en metataal wat daarvoor gebruik word, word duidelik ook bepaal deur die vaardigheidsvlak en behoeftes van die gebruiker. Soos wat in hoofstuk 5, spesifiek in paragraaf 5.4 aangedui is, sou die grondslagfasewoordeboek

homonimiese en polisemiese lemmas uit gebaretaal en Afrikaans as 'monosemies' en dus *per betekeniswaarde* in die databasis kon opneem, wat dus ook tot 'n eenvoudige mikrostruktuur aanleiding sal gee wat geen homonimie- of poliseemonderskeidings d.m.v. getalle aandui nie. Hierdie werkwyse is soortgelyk aan dié wat in die LGFW gesien kan word en sal die heel maklikste wees vir grondslagfaseleerders wat met gebare en woorde in een spesifieke betekenis binne 'n spesifieke tematiese kategorie te doen kry. Op hierdie manier kan elke betekeniswaarde van 'n homonimiese of polisemiese gebaar of woord gekoppel word aan die spesifieke denotatum/referent wat dit in 'n spesifieke tematiese kategorie verteenwoordig. Die mikrostruktuur hoef dus ook nie van semantiese subkommentaar gebruik te maak nie.

8.2.1.6. Semantiese kommentaar – konteks en koteks

In 'n woordeboek wat eksklusief vir teksresepsie saamgestel is, is dit aanvaarbaar om die semantiese kommentaar in baie artikels tot 'n betekenisparafrase in eentalige woordeboeke en 'n vertaalekwivalent in tweetalige woordeboeke te beperk. Indien die voorgestelde woordeboek dus tot teksresepsie in SASL en Afrikaans beperk was, sou die semantiese kommentaar vir baie artikels sonder meer soos in figuur 8.15 kon lyk. Die doel van die woordeboek is egter ook om die gebruiker in die produksie van SASL en Afrikaans behulpsaam te wees, en dit sal die gebruiker moet help om die gebare en woorde wat in die tweetalige betekenisparafrases verduidelik is, in aktiewe kommunikasie te gebruik. Daar moet dus voorsiening gemaak word vir aanvullende inskrywings in die semantiese kommentaar om die gebruiker te help om die gebaar of woord nie net in isolasie te interpreteer nie, maar as deel van 'n taalsisteem. Bykomende inskrywings kan dus die relevante **konteks** of **koteks** van 'n gebaar of woord verskaf (Gouws en Prinsloo 2005: 127). Konteks word gewoonlik d.m.v. glosse aangedui, dus 'n enkele woord of kort beskrywing om die pragmatiese omgewing van 'n woord aan te dui, asook deur leksikografiese etikette. (Soos wat in paragraaf 5.3 aangedui is, word die woord 'glos' in gebaretaalnavorsing in 'n ander sin gebruik, nl. die geskrewe vertaalekwivalente wat aan 'n gebaar geheg word en wat gewoonlik gebruik word om 'n gebare-uiting gebaar-vir-gebaar te transkribeer). Deur die ostensiewe lemma, in die vorm van 'n prentjie van die denotatum soos voorgestel in 'n tematiese kategorie, word kontekstuele leiding reeds verskaf en is 'n kontekstuele glos in die meeste gevalle nie nodig nie (behalwe in enkele gevalle,

soos in figuur 8.16), veral nie in die beperkte aantal leksikale items wat in die grondslagfasewoordeboek verskyn en op 'n eenvoudige manier per betekeniswaarde aangebied word nie.



Figuur 8.16: Hipotetiese voorstelling van die deelstruktuur van soekresultate.

Die **deelstruktuur** wat in die soekresultate gereflekteer word, sal in baie gevalle die bepalende faktor wees t.o.v. die gebaar wat die gebruiker gaan kies in die geval van meer as een soekresultaat. Die deelstruktuur behoort dus genoeg basiese leiding te gee om in hierdie besluit behulpsaam te wees. Die inhoud van die deelstruktuur sou so gekies kon word dat dit ook die basiese navraag van 'n gebruiker reeds kan beantwoord, soortgelyk aan 'n gebruiker van 'n geskrewe woordeboek wat 'n woord net vinnig naslaan om die spelling te kontroleer. Die deelstruktuur bevat die ostensiewe lemma tesame met die gebaar (in 'n lynskets en/of video) wat die gebaarlemma verteenwoordig, asook die geskrewe woord wat die Afrikaanse lemma verteenwoordig. In die geval van bv. byvoeglike naamwoorde wat in verskillende betekenisgebruik word, kan 'n kontekstuele inskrywing in die vorm van 'n glos aangebied word, bv. "*(gewig)*" en "*(kleur)*" t.o.v. die byvoeglike naamwoord "lig". Die gebruiker wat die woord "lig" in 'n woordsoektog gebruik en die bostaande soekresultate ontvang, en wat moontlik hom of haar net van die vorm van die gebaar vir 'n spesifieke denotatum wou vergewis, sou die nodige leiding reeds in die deelstruktuur ontvang en die naslaanprosedure sou hier kon eindig.

Die koteks verwys na die sintagmatiese omgewing waarin 'n item gewoonlik gebruik word en word gewoonlik d.m.v. voorbeeldmateriaal soos kollokasies, voorbeeldfrases en –sinne aangedui. Sowel konteks- as koteksinskrywings speel 'n belangrike rol in

beide eentalige en tweetalige woordeboeke, veral in gevalle van polisemie (Gouws en Prinsloo 2005: 128). Alhoewel konteksinskrywings die gebruiker kan help in sowel teksproduksie as teksresepsie deur 'n aanduiding of leidraad te verskaf op die vrae "Wat noem ek X?" (waar X 'n denotatum is) en "Wat is 'n Y?" (waar Y 'n designatum is) in die onderskeie funksies, is dit nog beter om kontekstleiding te verskaf deur tipiese kollokasies, frases en voorbeeldsinne in die woordeboek te verskaf om die manier waarop 'n spesifieke gebaar of woord binne die linguistiese sisteme van die onderskeie tale funksioneer (Gouws en Prinsloo 2005: 129).

Dit is moeilik om 'n akkurate idee te bekom van gebare wat in kollokasies voorkom sonder 'n geannoteerde korpus (Schembri 2011). Daar is 'n geweldige leemte in die navorsing van kollokasies in gebaretale oor die hele wêreld, en daar is tot dusver niks daarvoor geskryf nie, ook nie t.o.v. SASL nie. Geen van die bestaande gebaretaalwoordeboeke bied enige inligting oor **gebarekollokasies** nie. Die e-LIS-woordeboek, 'n elektroniese tweetalige woordeboek van Italiaanse Gebaretaal en Italiaans, sluit wel **kollokasies van geskrewe woorde** in. Dit kan die Dowe gebruiker van groot hulp wees in die proses van teksproduksie. In die grondslagfasewoordeboek hoef aparte woordkollokasies – wat tot 'n bykomende soekarea in die mikrostruktuur lei wat die gebruiker se skerm (moontlik) so vol maak dat dit tot verwarring en 'n mislukte woordeboek-raadplegingshandeling lei – nie aangebied te word nie. Geskrewe kollokasies wat binne die spesifieke taalvaardigheidsvlak van die teikengebruiker geïdentifiseer word, kan in die voorbeeldsinne gebruik word om tipiese kombinasies te demonstreer, soos in die volgende paragraaf bespreek word.

Ondersteunende **voorbeelde** speel 'n belangrike rol in beide eentalige en tweetalige woordeboeke en moet op so 'n manier gekies word dat hulle die betekenisparafrese – in hierdie spesifieke geval die *tweetalige definisie* – komplementeer. Hulle verteenwoordig nie die lemmas alleen nie, maar verseker dat die gebaar en woord soos wat dit deur die lemmas verteenwoordig word, as deel van 'n sisteem gesien kan word. Beide die tipiese kombinasies of kollokasies van 'n leksikale item asook die tipiese grammatikale konstruksies waarin die woord soos verteenwoordig deur die lemma in werklike taalgebruik funksioneer, kan deur die versigtige keuse van voorbeelde aangedui word. Met ander woorde, 'n naamwoord kan in tipiese kombinasies met byvoeglike naamwoorde, werkwoorde en selfs voorsetsels gebruik

word (Gouws en Prinsloo 2005: 129), 'n werkwoord kan in die verlede tyd gebruik word, 'n byvoeglike naamwoord kan attributief (ook) gebruik word, ens.

Voorbeeldsinne sou ook op so 'n manier gekies en/of saamgestel kon word om van **klassifiseerders** gebruik te maak. Die geskrewe gebaar-vir-gebaar glos van die gebare-uiting sou dan moet aandui dat 'n klassifiseerder verskyn, bv.

"klassifiseerder:X" (waar X die betrokke klassifiseerder is). Op hierdie manier kan die voorbeeldsinne ondersteuning vir en selfs ook 'n hiperskakel na die afdeling oor klassifiseerders in die minigrammatika van SASL in die buitetekst wees deur aan te dui hoe klassifiseerders in gebare-uitinge lyk en gebruik word. Die buitetekst sou ook skakels na die inskrywings met klassifiseerdervoorbeelde kon insluit.

Die gebruik van 'n klassifiseerder in 'n voorbeeldsin sou soos volg geïllustreer kon word:

EK SIEN klassifiseerder:KAR MUUR	<i>Ek sien 'n kar in 'n muur vasry.</i>
----------------------------------	---



Die voorbeeldsinne in die voorgestelde woordeboek sal, net soos die definisies, versigtig gekies moet word om binne die taalvlak – beide in die eerste en tweede taal van die gebruikersgroep – te val. Veral in die geval van die geskrewe definisies en voorbeeldsinne sou die leksikograaf die **rooister-metode** kon aanwend soos wat dit in die skool deur leerkragte ontwikkel is en gebruik word. Dié metode gebruik, soos die naam sê, 'n rooi ster om elke woord in 'n geskrewe uiting wat *veral* spesifiek tot die geskrewe taal is, uit te lig en op 'n sigbare manier te merk. Dit help om leerders se aandag te vestig op woorde en konstruksies wat tipies aan die geskrewe taal is, maar nie noodwendig in gebaretaal voorkom nie en/of nie op dieselfde maniere gebruik word nie, soos lidwoorde, sommige voorsetsels, koppelwerkwoorde, ens. Tydens 'n skoolbesoek is die volgende voorbeeld aangeteken:



Figuur 8.17: Voorbeeld van die gebruik van die rooster-metode om woorde te merk.

Aangesien hierdie metode reeds aan die grondslagfaseleerders bekend is en daaglik in die klas gebruik word, sal dit 'n bekende element aan die **geskrewe voorbeeldsinne** en selfs ook **geskrewe definisies** gee. Die geskrewe definisies en voorbeeldsinne as die inhoudelike ekwivalente van die ooreenkomstige inskrywings in gebaretaal sal ook verseker dat die geskrewe inhoud via gebaretaal verstaan word, en kan op hierdie manier reeds as 'n tipe oefening in teksresepsie in die doeltaal dien.

Op 'n soortgelyke wyse sou die gebaretaaluiting – beide die definisies en voorbeeldsinne – van 'n gebaar-vir-gebaar-**glos** (soos wat die woord in gebaretaalnavorsing gebruik word) voorsien kan word. Dit sal die gebruiker help om te 'sien' waar watter gebaar in die uiting gebruik word en in watter volgorde hulle geplaas word, en ondersteun dus as teksresepie- én produksie in gebaretaal.

 <p>Definisie in gebaretaal (met gebaar-vir-gebaar-glossering): LEMOEN SOET VRUG</p>	
 <p>Voorbeeldsin in gebaretaal (met gebaar-vir-gebaar-glossering): GOED EET LEMOEN GESOND</p>	

Figuur 8.14: Hipotetiese voorbeeld wat die gebruik van die rooster-metode in die geskrewe definisie en voorbeeldsin toon, asook die gebaar-vir-gebaar-glossering van die definisie en voorbeelduiting in gebaretaal.

Soos reeds genoem, behoort voorbeeldsinne en definisies versigtig gekies te word om binne die spesifieke taalvaardigheidsvlak van die gebruikersgroep te val in beide tale. Die grondslagfasewoordelys bevat byvoorbeeld geen geskrewe skeibare werkwoorde nie en die gebruik van skeibare werkwoorde in voorbeelde en definisies sou waarskynlik problematies wees en behoort waar moontlik vermy te word. Daar word hier nie verder na die hantering en illustrasie van skeibare werkwoorde verwys nie aangesien dit nie in die kurrikulum is nie en dus ook nie van toepassing is nie.

8.2.1.7. Semantiese kommentaar – sinonieme en antonieme

Die leksikograaf mag tydens die beplanning van die dataverspreidingstruktuur besluit om ook 'n aanduiding van sommige toepaslike semantiese verhoudings in die semantiese kommentaar in te sluit, wat tot die aanbieding van bv. sinonieme en antonieme in die behandeling van 'n gegewe leksikale item lei (Gouws en Prinsloo 2005: 133). Hierdie inskrywings vorm o.a. deel van 'n uitgebreide verpligte mikrostruktuur (indien hulle deel vorm van die dataverspreidingstruktuur), aangesien alle leksikale items in die lemmalys nie in sinonieme of antonieme semantiese verhoudings tot ander items staan nie.

Daar bestaan 'n algemene leemte in gebaretaalnavorsing oor die voorkoms van **sinonieme** in gebaretaal. In hoeveel parameterwaardes moet een gebaar van 'n ander met dieselfde semantiese inhoud verskil om as 'n sinoniem bestempel te word? Waar word in hierdie geval die onderskeid getref tussen 'n sinoniem en 'n variant? Daar word nêrens enige uitsluitel hieroor gegee nie, en gebaretaalnavorsers besluit blykbaar op eie stoom binne die konteks van 'n spesifieke projek watter gebare hulle as sinonieme en watter as variante gaan merk. Die leksikograwe van die Deense gebaretaalwoordeboekprojek, Kristoffersen en Troelsgård (2010), dui die volgende t.o.v. hul projek aan en erken dat dit nie maklik is om 'n duidelike onderskeid te tref nie:

In order to draw an – almost – clear border between synonyms and variants, we chose to treat signs with the same semantic content and variation in only one of the four parameters (handshape, orientation, primary movement or place of articulation) as variants. Signs with two or more differences in form are treated as synonyms (Kristoffersen en Troelsgård 2010: 171).

Daar sou egter ook geargumenteer kon word dat 'n verandering in slegs een parameter van 'n gebaar met 'n fonologiese verskil in uitspraak in gesproke tale vergelyk kon word – uitspraakverskille veroorsaak nie sinonimie nie, maar word gewoonlik in die uitspraakparadigma van 'n spesifieke woordeboek aangebied indien besluit word om meer as een uitspraakmoontlikheid te voorsien (sien ook paragraaf 8.2.1.1 vir 'n voorbeeld). Daar sou ook gevra kon word of variante wat as gevolg van dialektiese verskille ontstaan, sinonieme eerder as variante is. 'n Gebaar sou waarskynlik slegs as 'n sinoniem van 'n ander gebaar gereken kon word as albei gebare aan dieselfde gebruiker bekend is en (tot 'n mate) uitruilbaar gebruik word (wat ook op verskille in register sou kon dui). Dit is egter nie bekend of daar wel sulke gebare bestaan nie. Indien een gebaar egter deur gebruikers in 'n sekere streek, van 'n sekere ouderdomsgroep, of dergelike, gebruik word terwyl 'n ander gebaar elders in gebruik is, heers daar waarskynlik eerder 'n geval van **variasie**. Die verspreiding, bekendheid en gebruik van gebare met dieselfde semantiese inhoud sal dus deeglik ondersoek moet word om die waarheid oor sinonieme en variante gebare te bepaal, en is 'n aspek wat die onderwerp van navorsing in die toekoms sou kon vorm.

In veral leke- of nietaalkundige besprekings op die internet word die term "sinoniem" gewoonlik gebruik vir die vertaalekwivalente waarmee die gebaar in die gesproke taal vervang sou kon word (en dus sinonieme van mekaar kan wees in gevalle van leksikale divergensie), soos uit die volgende internetteks vanaf die *ASL Deafined Blog* gesien kan word:

Synonyms in American Sign Language are powerful to know when learning this vast language. For example, if you were to sign 'car', what else could that sign represent? It could represent the words: Vehicle, automobile, transportation, and auto. You can probably think of an additional *word* or two that also means 'car'.

Many times when people are learning American Sign Language (ASL), they have a tendency to focus only on the gloss (basic) word, and not the other words associated with that particular sign. For example, think of the sign for "father". What additional words can you think of that would match this sign? I can think of "papa", "dad", and "pa". Do you know others? Remember, ASL is based on *concepts*, and not on the English language. (eie beklemtoning) (ASL Deafined Blog 2011).

Hierdie gebruik van die woord "sinoniem", dus as vertaalekwivalent, is egter nie net tot lekebesprekings beperk nie, maar word selfs in die GDASL gebruik – die voorblad van die woordeboek noem reeds dat die woordeboek 'n "Complete Index of English Glosses and Synonyms for Every Sign" bevat. Daar is egter geen teken van enige gebaresinonieme in die gedrukte woordeboek nie en ook op die meegaande DVD waarop video's van die gebare gesien kan word, word die volgende kommentaar in die Hulp-afdeling verskaf vir die dataveld wat vir sinonieme beskikbaar gestel is en gemerk is: "If a *word* has synonyms or related words they will appear here" (eie beklemtoning). Dit is dus duidelik dat die gebruik van die woord "sinoniem" in hierdie geval ook dui op sinonieme vertaalekwivalente eerder as sinonieme gebare.

Die woord sinoniem word ook gebruik vir variante van die gebaar wat a.g.v. sosiale verskille soos streek, ouderdom, geslag en ras kan voorkom:

ASL users may choose from synonyms to express common words. ASL also changes regionally, just as certain English words are spoken differently in different parts of the country. Ethnicity, age, and gender are a few more


factors that affect ASL usage and contribute to its variety (National Institute on Deafness and Other Communication Disorders 2011).

Die NZSL Online maak glad nie van enige sinonieme in gebaretaal melding nie, en sluit selfs ook nie antoniemverwysings in die mikrostruktuur in nie. Daar is, behalwe in die geval van die Deense woordeboekprojek, geen verwysing na enige sinonieme of antonieme in enige van die gebaretaalwoordeboeke, hetsy aanlyn/elektronies of in gedrukte vorm, wat ondersoek en geraadpleeg is nie. 'n Moontlike leidraad oor die gebrek aan sinonieme gebare sou uit die bostaande teks van die *ASL Deafined Blog* geneem word: gebare word op konsepte gebaseer en/of daaraan toegeken, nie op grond van enige gesproke taal nie. Die afleiding wat hieruit gemaak sou kon word, is dat daar geen sinonieme in gebaretaal is nie. Hierdie afleiding is egter presies dit, 'n afleiding, en nie 'n stelling nie. Dit blyk egter meer waarskynlik te wees dat indien meer as een gebaar met 'n spesifieke woord as vertaalekwivalent in 'n databasis geglosseer sou word dit te wyte sou wees aan gebarevariante as die gevolg van veral sosiolinguistiese variasie eerder as gebaresinonieme. Hierdie variante sou in die deelstruktuur van die soekresultate van 'n elektroniese woordeboek reeds gemerk kon word om variasie in terme van byvoorbeeld streek, ouderdom, styl, ens., aan te dui, en die voorkeurvariant sou ook gemerk kon word. Dit verseker dat die gebruiker met die eerste oogopslag van die soekresultate 'n gepaste gebaar sou kon kies.

Die klaswoordelys van die grondslagfase bevat geen geskrewe sinonieme nie. Hieruit kan afgelei word dat sinonieme in die geskrewe taal nie deel van die leeruitkomste in die grondslagfase is nie. Die voorgestelde woordeboek hoef dus op die grondslagfasevlak geen sinonieme van geskrewe woorde in die mikrostruktuur te bevat nie, wat beteken dat die gebare in die databasis nie aan meer as een geskrewe woord toegeken sal word nie tensy hulle polisemies is – die enigste geskrewe woord wat aan 'n gebaar toegeken sal word waar polisemie nie ter sprake is nie, is die Afrikaanse woord (as doeltaalitem) uit die klaswoordelys.

Die moontlike implikasie van die bogenoemde gebrek aan geskrewetaalsinonieme in die kurrikulum is dat 'n horende gebruiker, dus 'n persoon wat buite die konteks van die klasverband en die tematiese kategorieë in die leerplan staan, 'n nulsoekresultaat bekom indien 'n sinoniem wat nie in die klaswoordelys verskyn nie, as soekwoord gebruik word. 'n Moontlike oplossing sou wees om sinonieme van 'n

geskrewe woord of soekterme wat moontlik aan 'n gebaar toegeken kan word, as 'n 'onsigbare' inskrywing vir die gebaar in die databasis in te voeg: die gebaar wat onderling net aan "loop" gekoppel sou word en nie ook aan "stap" nie, aangesien "stap" nie in die grondslagfaselys gebruik word nie, kan binne die databasis met albei terme as gidselemente gemerk word sodat enigeen van die twee die gebaar as soekresultaat sal aktiveer. Die soekresultaat sou soos volg aangebied kon word:








Figuur 8.15: Hipotetiese soekresultaat vir 'n geskrewe sinoniem wat nie noodwendig in die kurrikulum is nie.

Antonimie verteenwoordig egter 'n minder 'problematiese' semantiese verhouding in die geval van gebaretaal en Afrikaans en sou pertinent in die mikrostruktuur aangedui word deur 'n struktuurmerker soos die onderstaande skets, wat die gebaar TEENOORGESTELD is:



Figuur 8.16: Die gebaar TEENOORGESTELD, wat as 'n struktuurmerker vir antonieme gebruik sou kon word.

Die struktuurmerker sou vergesel kon word van die ostensiewe lemma (die prentjie) – wat dus die antonieme leksikale item voorstel soos wat dit ook in die tematiese kategorie verskyn. Die ostensiewe lemma sou saam met onderskeidelik die gebaar- of woordlemma 'n hiperskakel na die betrokke leksikale item kon vorm, bv.

		<p>jonk</p>
 <p style="text-align: center;">:</p>		<p>TEENOOR:</p>  <p>oud</p>

Figuur 8.17: Hipotetiese voorbeeld om die gebruik van struktuurmerkers en ostensiewe lemmas saam met die gebaar- en woordlemmas in die aanduiding van en kruisverwysing na antonieme te demonstreer.

Pleks van 'n gebaar as struktuurmerker sou 'n ander ikoon ook gebruik kon word, wat ook pleks van die geskrewe woord "Teenoor" in die geskrewe artikelgleuf van die mikrostruktuur gebruik sou kon word. Watter besluit ook al geneem word, moet deeglik in die gebruikersgids verduidelik en gedemonstreer word.

8.2.1.8. Ingevoegde binnetekste

Die semantiese kommentaar is ook die plek waar ander datatipes wat nie altyd in die verstekartikel van 'n gegewe woordeboek verskyn nie, aangebied kan word.

Ingevoegde binnetekste wat in 'n artikel geplaas word, word dikwels gebruik om die gebruiker se aandag op 'n spesifieke aspek van die gebruik of betekenis van 'n woord te vestig, gewoonlik deur middel van 'n kommentaarkassie of -blok. Die LGFW gebruik artikelinterne tekskassies om gebruikers se aandag op die gebruik en verbuiging van byvoeglike naamwoorde voor naamwoorde te vestig, bv.



Figuur 8.18: Voorbeeld van die gebruik van 'n artikelinterne tekskassie by 'n byvoeglike naamwoord in die LGFW (2010: 54).


Die voorgestelde woordeboek sou op soortgelyke wyse van artikelinterne tekskassies gebruik kon maak om die gebruiker se aandag op spesifieke eienskappe of veranderinge van 'n gebaar óf woord te vestig. Die **morfologie van woorde** wat (stam)veranderinge in die meervoud, verkleinvorm, verlede tyd en attributiewe gebruik (van die byvoeglike naamwoord) ondergaan, sou die heel beste op hierdie manier beklemtoon kon word (sien paragraaf 8.2.1.2). Afrikaanse woorde wat gewoonlik in die meervoud gebruik word en ook so in die woordelyste opgeneem is, soos "meubels" of "klere", kan ook d.m.v. 'n nota in 'n tekskassie aandui dat een "meubel" 'n "meubelstuk" genoem word, een "klere" 'n "kledingstuk", ens. Die tekskassie sou van die rooi ster as struktuurmerker gebruik kon maak. Die rooi ster behoort 'n onmiddellike aanduiding aan die teikengebruiker, wat vertrouwd is met die gebruik van die rooister-metode in die klaskamer, te gee dat 'n spesifieke eienskap van 'n woord of gebaar bespreek word.


Die gebruik van tekskassies hoef dus nie tot die geskrewe leksikale items beperk te word nie, maar kan ook vir gebare gebruik word in gevalle waar dit nodig is om die gebruiker se aandag op 'n spesifieke aspek te vestig, bv. die veranderinge wat 'n gebaar in die omgewing of konteks van ander gebare ondergaan, soos die gebaar DIESELFDE, wat gewoonlik met 'n herhaalde beweging uitgevoer word, maar in kombinasie met 'n naamwoord dikwels net met 'n enkele beweging uitgevoer word,

bv. DIESELFDE-PLEK, DIESELFDE-TYD, ens. Soos bespreek in paragraaf 8.2.1.3, is die **verbuiging van 'n gebaar** vir meervoudsvorming deur duplisering, asook getalinkorporasie, ook taalspesifieke grammatikale eienskappe wat sterk beklemtoon behoort te word. Die teks in hierdie kassies moet uiteraard ook tweetalig in gebaretaal en Afrikaans verskyn.


Benewens die rooi ster as struktuurmerker kan die tekskassie 'n uitdruklike instruksie of opmerking bevat wat dui op die spesifieke verandering of aspek wat beklemtoon word, ("Kyk mooi hoe verander ..." of "Kyk hoe verander ..."). Volledige voorbeelde behoort ook ingesluit te word. Al die data in hierdie tekskassies word in beide tale verskaf. Die tekskassies word in die ooreenstemmende vertikale artikelgleuf geplaas, d.w.s. van die gebaar of woord, afhangende van waarop dit van toepassing is. Hierdie plasing word in die volgende hoofstuk aangedui. Soos wat ook in hoofstuk 9 gesien sal word, kan binnetekste ook parallel met ander binnetekste geplaas word, bv. in die geval van 'n lemma waarvan die gebaar verbuiging deur duplisering ondergaan en die woord verbuiging vir meervouds- en verkleinvorme ondergaan. Die parallelle plasing van hierdie drie tekste (een vir die gebaar se verbuiging, in die vertikale gebaargleuf, en twee vir beide die woord se verbuigings, in die vertikale woordgleuf) skep nie dieselfde probleem as wat die aanbieding van morfologie in parallelle artikelgleuwe in die vormkommentaar van die lemma sou wees nie: die binnetekste word duidelik gemerk en die inhoud daarin tweetalig aangebied. Die binnetekste word wel geplaas in 'n **artikelveld** wat spesifiek daaraan gewy is. Daar sal nie in alle gevalle noodwendig parallelle binnetekste voorkom nie.

Die onderskeie binnetekste as tekskassies soos hierbo geïdentifiseer, word in die onderstaande voorbeelde geïllustreer.



★  Kyk mooi hoe verander **lank** wanneer ons dit voor 'n naamwoord gebruik:

 *Ek is **lank**.*

 *Sy is 'n **lang** vrou.*

Figuur 8.19: Tekskassie wat die attributiewe verbuiging van 'n geskrewe byvoeglike naamwoord beklemtoon.





★  Kyk mooi hoe verander **swem** wanneer ons dit in die verlede tyd gebruik: **het geswem**


 *Ek **swem** elke dag.*


 *Sy **het gister geswem**.*

Figuur 8.20: Tekskassie wat die gebruik van 'n woord in die verlede tyd beklemtoon.



★  Kyk hoe verander die woord **maag** as ons van meer as een maag praat: **mae**

 *My **maag** is seer.*

 *Almal se **mae** is vandag seer.*

Figuur 8.21: Tekskassie wat die gebruik 'n woord in die meervoud beklemtoon.





★  Kyk mooi hoe verander die woord **maag** wanneer ons van 'n klein maag praat: **magie**

 *'n Olifant het 'n groot **maag**.*

 *'n Baba het 'n klein **magie**.*

Figuur 8.22: Tekskassie wat die gebruik van 'n woord in die verkleinvorm beklemtoon.



★  In Afrikaans is een stuk klere 'n **kledingstuk**.

Figuur 8.23: Tekskassie wat dui op 'n Afrikaanse woord wat gewoonlik in die meervoud gebruik word tesame met die enkelvoud van daardie woord.





★  Kyk hoe verander die gebaar vir "dieselfde" wanneer ons dit voor 'n ander gebaar gebruik:

 *Ons lyk **dieselfde**.*


 *Sien jou môre **dieselfde** tyd.*

Figuur 8.24: Tekskassie wat die verandering van 'n gebaar in konteks beklemtoon.


★  Kyk mooi hoe verander die gebaar vir 'n **boom**




wanneer ons van meer as een boom praat:




 *In ons tuin is een **boom**.*

 *In die skool se tuin is **baie bome**.*

Figuur 8.25: Tekskassie wat die duplisering van 'n gebaar in die meervoud beklemtoon.


★  Kyk mooi hoe verander die gebaar vir 'n **week**



wanneer ons van 2 of 3 **weke** praat:



 *Die vakansie is **een week**.*

 *Hy was siek vir **drie weke**.*

Figuur 8.26: Tekskassie wat gebruik van getalinkorporasie in 'n gebaar beklemtoon ('n grys plekhouer neem die plek van die tweede lynskets van die gebaar aangesien 'n gepaste voorbeeld nie gevind kon word nie).

8.3. Algemene slotopmerkings

Hierdie hoofstuk het die moontlikhede bespreek wat die leksikograaf kan oorweeg ten opsigte van die mikrostruktuur van leksikale items soos wat hulle deur die lemmas verteenwoordig word. 'n Geïntegreerde en parallelle tweetalige mikrostruktuur blyk die gunstigste oplossing te wees in die voorgestelde woordeboek, aangesien dit eienskappe van beide eentalige en tweetalige woordeboeke vertoon en die maksimum ondersteuning in die gebruikers se woordeboekraadplegingshandelinge in terme van sowel teksresepsie as teksproduksie sal bied, nie net in een taal nie, maar in beide gebaretaal en Afrikaans.

Hoofstuk 9. 'n Leksikografiese model vir 'n elektroniese tweetalige grondslagfasewoordeboek van Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Afrikaans

9.0. Inleiding

There is no less wit nor less invention in applying rightly a thought one finds in a book, than in being the first author of that thought (Bayle 2012).

Daar is niks so prakties soos 'n goeie teorie nie (Gouws 2004: 265).

Dit is goed en wel, en ook nodig, om 'n grondige en deeglike teoretiese basis vir 'n woordeboek van gebaretaal daar te stel, maar sonder die toepassing daarvan in die praktyk – die oplossing van 'n probleem of die voorsiening in 'n werklike behoefte – bly dit 'n oefening van min of geen waarde nie vir die teikengebruiker wat dit hoop om te dien: in hierdie geval, die Dowe leerder. Teoretiese leksikografie mag nooit as teorie bloot ter wille van teorie gesien word nie.

In hierdie hoofstuk word 'n teoretiese konsepmodel voorgestel vir 'n tweetalige grondslagfasewoordeboek van SASL en Afrikaans soos wat dit deur die De la Bat Skool vir Doves in Worcester gebruik sou kon word. Die skryf van hierdie proefskrif het baie lees- en dinkwerk uit en oor 'n groot omvang van bronne behels. Sommige bestaande idees is oorweeg en vir die spesifieke konteks toegepas, en ander, nuwe idees is voorgestel.

9.1. Die doel en basis van die voorgestelde woordeboek

Die doel van die voorgestelde woordeboek is om die leerlinge van die De la Bat Skool elektroniese toegang tot hul skoolwoordelyste (soos in die volgende paragraaf beskryf) te gee, met gebare en voorbeelde in gebaretaal wat in videoformaat vertoon word – dus in die vorm van 'n **elektroniese woordeboek**.


Leerlinge is reeds vertrouwd met 'n woordelys vir elke graad of fase op skool, en hierdie lys is tematies gegroepeer. Dieselfde lys word dwarsdeur die grondslagfase gebruik, en die leerders merk die leksikale items wat hulle reeds geleer het, daarop af. Op hierdie manier weet die onderwyser in die volgende

klas/graad watter woordeskat nog geleer moet word en watter bloot hersien kan word. Daar is ook ruimte op die lys vir leerders om hul eie woordeskat by te voeg en nuwe inskrywings te maak. Die nadeel van die geskrewe lys is dat dit leerders slegs items uit die kernwoordeskat in die *geskrewe* taal, nl. Afrikaans, bied. Dit bevat ook geen illustrasies of enige ander visuele leidrade wat as geheuehulp t.o.v. die *gebare* van hierdie kernwoordeskat (of die denotata waarop die woorde en gebare dui) kan dien nie. Dit verskaf dus slegs 'n lys van die *inhoud* van die geskrewe woordeskat wat in die verskillende leerareas van die grondslagfase baasgeraak moet word en bevat glad nie voorbeeldmateriaal van die gebruik van hierdie woordeskat nie. Dit is duidelik dat 'n geskrewe **woordelys** – veral die woordelyste in hul huidige vorm – glad nie aan die behoeftes van skoolleerders voldoen nie en dat 'n **woordeboek** wat vir die Dowe teikengebruikers by die skool ontwerp is, van veel groter waarde sal wees in die leerders se omgang met beide gebaretaal sowel as die geskrewe taal.

As elektroniese produk kan gekies word om die woordeboek aanlyn of ongekoppeld ("off-line") aan te bied. Die ongekoppelde elektroniese woordeboek, soos die gedrukte woordeboek, kan gesien word word as 'n voltooide produk, terwyl die aanlyn woordeboek in beginsel 'n onvoltooide produk is wat byvoorbeeld voortdurend hersien en vergroot kan word (Svensén 2009: 438).

Die voorgestelde woordeboek sal uit die staanspoor 'n elektroniese woordeboek eerder as 'n gedigitaliseerde weergawe van 'n bestaande gedrukte woordeboek wees. As 'n doelgeboude elektroniese woordeboek sal dit steeds in sommige opsigte ooreenkomste met die papiertradisie toon, maar in ander opsigte 'n meer innoverende benadering gebruik (Svensén 2009: 439).

9.2. Die teikengebruiker



Figuur 9.1: Hart 2013.

Die samestelling of voorstelling van enige woordeboek behoort nie net deur die duidelike identifisering van die voorgenome teikengebruiker, die behoeftes en naslaanvaardighede van die teikengebruiker en die gebruiksituasie van die teikengebruiker voorafgegaan te word nie, maar ook deur 'n eenduidige besluit aangaande die funksies van die beplande woordeboek (Gouws 2004: 266). Tarp (2000: 194) dui daarop dat dit belangrik is om oor kennis van die **eienskappe van die teikengebruikers** van 'n woordeboek te beskik. Hierdie eienskappe sluit in hul taalvaardigheid, dus watter taal hul moedertaal is, op watter vlak hulle hul moedertaal bemeester het en op watter vlak hulle die vreemde taal bemeester het. In terme van die gebruiker se **behoeftes** sê Tarp (2000: 195-196) dat die gebruiker o.a. die volgende mag nodig hê:

- inligting oor die moedertaal
- inligting oor die vreemde taal
- 'n vergelyking tussen die moedertaal en 'n vreemde taal, en
- inligting oor kultuur en die wêreld oor die algemeen.

Die bostaande is nie net van toepassing op algemene eentalige en/of tweetalige woordeboeke nie, maar ook op skoolwoordeboeke en behoort die leksikograaf na 'n keuse aangaande die funksies van die beplande woordeboek te lei (Gouws 2004: 266).

Die leerders van die De la Bat Skool in Worcester het pas begin om gebaretaal as skoolvak te bestudeer, die eerstes in die Wes-Kaap en dalk in die land. Dit skep die unieke geleentheid om hierdie leerders in die leksikografiese net te 'vang' en op te lei, om hulle iets in die hand te gee met die wete dat dit aan *hulle* behoort, om as't ware 'n woordeboekgebruikerskultuur van meet af te skep. Nie net sal dit van nut wees vir hierdie leerders nie, maar hul (horende) ouers en familie tuis sal dit ook met vrug kan gebruik om iets meer van gebaretaal te leer, en albei groepe sal (hopelik) beseft en insien dat gebaretaal 'n volwaardige, natuurlike en elegante taal is. Dit behoort geletterdheid in beide gebaretaal en die gesproke taal, Afrikaans, in beide groepe aan te moedig en te verbeter: die leerders in die skool, as primêre teikengebruikers, leer beide gebaretaal en Afrikaans, terwyl horende ouers, familieledes of ander belangstellendes, as sekondêre gebruikers, reeds oor kennis van Afrikaans beskik en gebaretaal sou wou leer. Wat die gebruikersituasie by die

skool betref, word rekenaargeletterdheid voorveronderstel, met leerders wat toegang tot rekenaars het en ook oor die vaardigheid beskik om rekenaars te gebruik.

Ongelukkig sal daar altyd 'n verlore generasie van Dowe gebruikers wees – dié wat nie oor genoeg geletterdheid in die gesproke taal beskik om met gemak met tekste om te gaan nie, dié vir wie die idee van 'n woordeboek vreemd en dalk selfs angswekkend is, dié wat nie weet wat dit is en hoe om dit te gebruik nie. Alhoewel daar met deernis kennis geneem word van hierdie groep Doves, wil die voorgestelde woordeboek dit spesifiek toespits op die jong leerders by die De la Bat Skool. Hierdie skool word dus as die onderwerp of teikenmark gebruik en die teoretiese voorstelle wat uit hierdie voorbeeld volg, berus daarop.

9.3. Tipologie van die voorgestelde woordeboek

Dictionaries should be designed with a *special set of users* in mind and for *their specific needs* (Householder 1967: 279) (eie beklemtoning).

The design of any dictionary cannot be considered realistic unless it takes into account the *likely needs* of various users in various situations (Hartmann 1989: 104) (eie beklemtoning).

Die behoeftes van die gebruiker het nie net 'n invloed op die inhoud en struktuur van 'n woordeboek nie, maar die tipologiese keuse van 'n woordeboek behoort ook te spruit uit die behoeftes van 'n spesifieke taalgemeenskap (Gouws 2004: 266).

Gouws (2001b: 74) gebruik in sy klassifisering van woordeboeke die kategorie **pedagogiese woordeboeke** om beide aanleerder- en skoolwoordeboeke in te sluit en argumenteer dat skoolwoordeboeke hoofsaaklik vir eerstetaalsprekers is wat hul eie taal leer, terwyl aanleerderwoordeboeke vir die aanleer van 'n vreemde taal is.

Daar is reeds oortuigend aangevoer dat die samestelling van 'n tweetalige woordeboek as die eerste prioriteit beskou moet word wanneer 'n gegewe taal nie 'n woordeboek het nie of nog nie volledig gestandaardiseer is nie, cf. Gallardo (1980), Gouws en Ponelis (1992). Die doel van hierdie proefskrif is glad nie om tot die debat oor die standaardisering van gebaretaal in Suid-Afrika toe te tree nie, maar hoop eerder om in die beskrywing van 'n tweetalige woordeboek waarin gebaretaal nie net as doeltaal (kan) optree nie maar ook as brontraal – anders as wat tot dusver die

geval in Suid-Afrika is – 'n eerste treetjie te wees op 'n roete waar daar nog nie 'n pad bestaan nie, en om in hierdie gees ontvang te word.

Die doel van hierdie proefskrif is om 'n model vir 'n **tweetalige skoolwoordeboek** en onderrighulpmiddel (as naslaanbron) vir Dowe leerlinge by die De la Bat Skool vir Doves in Worcester voor te stel, met die fokus op die grondslagfase. Alhoewel die leerders, onderwysers en ander betrokkenes by die skool 'n dialek van SASL gebruik wat nie noodwendig in ander dele van die land gebruik word nie, kan die voorstelle wat vir die woordeboek gemaak word ook op ander dialekte van toepassing wees.

Aangesien die basis vir alle lees- en skryfvaardighede in die grondslagfase gelê word, is dit noodsaaklik om die nodige stappe te doen om te verseker dat leerders met begrip sal kan lees in hul eerste jare in die skool (Uys en Nel 2011: 1).

Die samestelling van 'n basiese, maklik toeganklike "eerste" woordeboek van gebaretaal is 'n sinvolle voorstel ook in die lig van die lae geletterdheidsvlak van die gemiddelde Dowe skoolverlater en ook ouer volwassene, wat geskat word op die vlak van 'n horende agt- tot tienjarige kind (dus 'n kind in die grondslagfase). Die skoolwoordeboek kan dus selfs hoop om enkele lede van die verlore generasie Dowe woordeboekgebruikers van nut te wees, al sal hulle nie die primêre teikengebruikers van die voorgestelde woordeboek wees nie.

Tweetalige skoolwoordeboeke word gewoonlik gesien as woordeboeke waarin die leksikale items van twee gegewe tale gekoördineer word: die brontaal verskaf die lemmata of primêre behandelingseenhede en die doeltaal verskaf die vertaalekwivalente (Gouws 2004: 269). Die voorgestelde woordeboek bevat nie 'n brontaal of doeltaal in die gewone sin van die woord nie maar is volledig tweetalig, aangesien dit nie net moontlik sal wees om 'n woord (in Afrikaans) vir 'n gebaar te soek nie, maar ook omgekeerd, dus om 'n gebaar vir 'n sekere woord op te soek. Daar is aangedui (cf. Ilson 1985, spesifiek Atkins 1985: 19, 21-22) dat baie taalleerders 'n tweetalige woordeboek verkies waarin hul moedertaal met die doeltaal gekoördineer is – die woordeboekraadpleginghandeling is om a) 'n woord vir 'n gegewe referent uit die moedertaal in die *vreemde taal* of b) die regte woord in die *moedertaal* vir 'n woord wat in die vreemde taal teëgekomp is, te vind.

Die voorgestelde woordeboek is ook **polifunksioneel** aangesien dit daarop gerig is om die gebruikers in beide die funksies van teksproduksie en –resepsie, o.m. deur

verklarings en voorbeeldmateriaal *in albei tale*, te ondersteun. Dit verteenwoordig 'n **vernuwende tipologiese hibried** (cf. Gouws 1999: 39; Gouws en Prinsloo 2005: 51, 55) wat wys dat dit moontlik is vir 'n skoolwoordeboek om verklarend én vertalend te wees.

'n Tweetalige skoolwoordeboek het tipies veel nouer of enger gedefinieerde doelstellings om te vervul as 'n algemene tweetalige woordeboek – 'n gepaste beperking van die doel van 'n woordeboek sou hoofsaaklik rekenskap van die tipe aktiwiteit van die leerder as teikengebruiker (bv. resepsie/leesbegrip teenoor produksie/skryf/vertaling) moet gee. Gevolglik het elke taalpaar dus eintlik vier tweetalige woordeboeke nodig (twee elk vir teksproduksie en nog twee vir resepsie) (Zöfgen 1991: 2897). Dit is egter nie altyd prakties moontlik of (ook ekonomies) haalbaar nie, en in die geval van polifunksionele tweetalige woordeboeke selfs nie altyd heeltemal nodig nie.

Die voorgestelde woordeboek het ten doel om 'n aantal funksies te kombineer en dus polifunksioneel te wees: dit moet (o.a.) vir 'n Dowe leerder moontlik wees om die woordeboek met vrae oor die resepsie *en* produksie van die geskrewe taal, in hierdie geval Afrikaans, suksesvol te raadpleeg. Daarom moet dit nie net moontlik wees om 'n Afrikaanse woord op te soek om die betekenis of gebruik daarvan te bepaal nie (resepsie), maar ook om die gepaste Afrikaanse woord vir 'n gebaar te vind (produksie) – dus moet dit ook moontlik wees om 'n gebaar op te soek. Die aanleer van 'n vreemde taal met die moontlikheid om tekste te kan begryp en ook te kan skep, asook om iets van die betrokke kultuur te leer, staan sentraal in die opdrag aan aanleerderwoordeboeke maar is ook belangrik in skoolwoordeboeke (Gouws 2009b: 75). 'n Buiteteks oor Dowe kultuur sal daartoe bydra om aan hierdie funksie te voldoen vir 'n sekondêre teikengroep van horendes wat graag SASL wil leer – sien hoofstuk 6. Indien die Dowe leerders die primêre teikengebruikers is, moet daar besluit word of hulle 'n buiteteks oor Dowe kultuur, oor horende kultuur, of dalk albei, nodig het – die insluiting van albei sou 'n handige vergelyking tussen horende en Dowe kulture kon vorm wat vir beide die primêre en moontlike sekondêre teikengebruikers van nut sou kon wees om die een die ander se wêreld te help verstaan.

Die woordeboek sal in **elektroniese formaat** wees aangesien die gebruik van 'n gebaretaal in driedimensionele ruimte en beweging die beste deur videomateriaal

uitgebeeld kan word, wat dus deel van die multimedia binne 'n elektroniese woordeboek kan vorm – sien paragraaf 3.6.

Daar kan op hierdie stadium genoem word dat die geskrewe taal wat in al die voorbeelde gebruik word Afrikaans is, alhoewel *enige* geskrewe taal Afrikaans in die betrokke velde kan vervang. Daar is oorspronklik gereken dat Engels as derde taal (**tweede geskrewe taal**) bygevoeg kon word op die punt wanneer leerders begin om Engels te leer (dus vanaf die begin van die Intermediêre Fase, Graad 4), maar dit sal waarskynlik beide teoreties en prakties makliker wees om 'n aparte woordeboek vir die taalpaar gebaretaal/Engels eerder as 'n drietalige gebaretaal/Afrikaans/Engels-woordeboek te skep, wat nie net makliker sal wees om te gebruik vir die beginnerleerders wie se **eerste geskrewe taal** Engels is nie, maar ook vir die leerders met Engels as tweede geskrewe taal. Laasgenoemde groep is immers reeds vertrouwd met een taal in die taalpaar, nl. gebaretaal, en hulle sal die tweede geskrewe taal (wat effektief 'n **derde taal** is) volgens min of meer dieselfde semantiese kategorieë en basiese definisies en voorbeelde aanleer as wat hulle die tweede taal geleer het – die proses is reeds aan hulle bekend, net die geskrewe taal sal verskil.

9.4. Strukture wat toegang tot data bied


Die data wat in 'n woordeboek aangebied word, moet op so 'n manier aangebied word dat die bedrewe teikengebruiker toegang daartoe kan verkry om die tipe inligting te onttrek wat die woordeboekraadplegingshandeling oorspronklik gemotiveer het. Die woordeboekplan behoort te fokus op al die struktuurkomponente van 'n woordeboek, met die nodige aandag aan die toegangstruktuur en die artikelstruktuur (Gouws en Prinsloo 2005: 165).

9.4.1. Toegangstruktuur en soekareastruktuur

Die **eksterne toegangstruktuur** van 'n elektroniese woordeboek word grootliks deur die soekproses daargestel (Burke 1998; Hua en Woods 2008: 2). In die geval van die voorgestelde woordeboek verteenwoordig hierdie soekproses drie moontlikhede, nl. 'n tematiese soekmetode, 'n gebaarsoekmetode en 'n woordsoekmetode, en word die soekresultate uit dieselfde databasis gegeneer sodat al drie soekmetodes toepaslike en bevredigende soekresultate lewer.

Indien die elektroniese woordeboek op die internet aangebied word en nie as 'n CD-ROM nie, sal die woordeboek nie 'n eksterne toegangstruktuur in die tradisionele sin van die woord hê nie.

Die elektroniese woordeboek – hetsy op die internet of as CD-ROM – wat wel van 'n dataverspreidingstruktuur gebruik maak en buitetekste insluit om datatipes te huisves wat nie in die sentrale lys (of sentrale databasis) van die woordeboek aangebied kan word nie, behoort egter steeds een of ander vorm van eksterne toegangstruktuur te hê wat die gebruiker na die buitetekste lei wat oplossings kan bied vir die probleme of vrae wat die spesifieke woordeboekraadplegingshandeling in die eerste plek gemotiveer het. 'n Tipe inhoudsopgawe in die vorm van 'n **navigasiebalk** met die nodige **skakels** kan vir hierdie doel aangewend word. Inhoudsopgawes in gedrukte woordeboeke – en ook 'n aanduiding van inhoud deur die gebruik van 'n navigasiebalk – is 'n funksionele deel van 'n woordeboek as 'n samestelling van tekste of "groot teks" (Gouws en Prinsloo 2005: 166). Deur die navigasiebalk só in die ontwerp van die elektroniese bladsy in te sluit dat dit altyd sigbaar is, ongeag die soektogte wat die gebruiker d.m.v. watter soekmetode ook al mag uitvoer, word verseker dat die gebruiker altyd met een oogopslag toegang het of kan kry tot die datatipes en tekste wat as't ware 'buite' die sentrale soekproses ingesluit is maar wat die gebruiker steeds op die woordeboekinterne soekroete plaas (Gouws en Prinsloo 2005: 167). Soos in hoofstuk 6 genoem is, word skakels na buitetekste oor die alfabet, getalle en klassifiseerders (benewens die verpligte instruksies aan die gebruiker en die minigrammatikas van die twee tale) as die minimum buitetekste aanbeveel (sien paragraaf 6.4 vir al die moontlike buitetekste wat vir die woordeboek voorgestel en bespreek word). 'n Navigasiebalk wat die bostaande insluit, sou dus soos volg kon lyk:




Figuur 9.2: Voorbeeld van 'n navigasiebalk.

In figuur 9.2 lei die tuisskakel (die huisie heel links) na die instruksies aan die gebruiker – dit is m.a.w. die eerste bladsy wat gesien word wanneer die woordeboek "oopgemaak" word of wanneer die gebruiker daarop aanteken. Enige ander gepaste

ikoon ter aanduiding sou hier gebruik kon word – die keuse daarvan rus by die woordeboeksamsteller(s), en die bostaande is slegs 'n voorbeeld. Die lynsketse wat in die voorbeeld gebruik is, kom uit die NZSL Online en is gebruik vanweë die feit dat die lynsketse "skoner" en duideliker sigbaar is as die SASL-foto's tot die skrywer se beskikking. Die tuisblad *hoef* ook nie noodwendig die gebruikershandleiding te bevat nie – alhoewel dit steeds duidelik aangedui moet word, en dan as 'n bykomende hulpskakel in die navigasiebalk ingesluit kon word – die keuse t.o.v. hierdie besluite lê weereens by die woordeboeksamsteller. Indien en/of wanneer meer buitetekste verskaf word as wat met gemak in die navigasiebalk aangedui kan word, kan 'n enkele skakel na dié buitetekste – bo en behalwe die buitetekste wat as minimumvereiste beskou word – in die navigasiebalk geplaas word. Soos wat in paragraaf 6.4.7 gesien kan word, is daar 'n lang lys moontlike buitetekste wat oorweeg kan word en individuele skakels in die navigasiebalk na al hierdie buitetekste sal nie altyd prakties wees nie.

In die geval van 'n elektroniese woordeboek is daar ook nie, soos in die geval van 'n gedrukte woordeboek, 'n sentrale lys wat die gebruiker d.m.v. 'n soekroete raadpleeg om by 'n artikel in die lys uit te kom nie. Die elektroniese soekproses neem die plek van hierdie toegangstruktuur in – sien paragraaf 7.4 vir 'n volledige bespreking van die databasis van die voorgestelde woordeboek en die soekmetodes wat gebruik word om resultate uit die databasis te genereer. Die gebruiker van 'n elektroniese woordeboek kom dus nie (noodwendig of in die meeste gevalle) te staan teenoor 'n blaaibare teks waarin nuwe artikeltrajekte met 'n alfabetiese letter aangedui word nie, of waarvan die bladsye hoofopskrifte bo-aan die bladsy bevat om die eerste en laaste lemmatekens op 'n spesifieke bladsy aan te bied nie (Gouws en Prinsloo 2005: 167). In gedrukte woordeboeke is die lemmateken die laaste bestemming van die eksterne toegangstruktuur, maar in 'n elektroniese woordeboek word die eksterne toegangstruktuur tot 'n groot mate omseil en soek die gebruiker nie 'n lemmateken uit 'n makrostrukturele lys van lemmatekens uit nie, maar begin daarna soek deur dit in 'n soekveld of soekkassie in te tik.


'n Tweede navigasiebalk sou dus onder die een in figuur 9.2 aangebring kon word om toegang te bied tot die drie onderskeidelike soekmetodes wat vir die voorgestelde woordeboek aangedui is:



Figuur 9.3: Voorbeeld van 'n soekbalk.

Pleks van die gebaar (as skets en/of video) en woord vir "Soek" soos in die eerste kolom van die soekbalk te gebruik, sou slegs die vergrootglas-ikoon gebruik kon word. Watter opsie ook al gekies word, moet die funksie van en toegang tot die soekmetodes duidelik in die gebruikershandleiding verduidelik en geïllustreer word.

Deur op die Tema-skakel te klik, word die gebruiker na die bladsy geneem waarop die **tematiese soekmetode** begin word, soos in figuur 9.4:



Figuur 9.4: Tematiese soekmetode.

Die volledige verloop van die tematiese soekmetode word in paragraaf 7.4.1 verduidelik.

Deur op die gebaarskakel in figuur 9.3 te klik, word die gebruiker na 'n bladsy geneem waar die keuse van gebaarparameter(s) wat in die **gebaarsoekmetode** aangebied word (sien paragraaf 7.4.3.1). Die keuse t.o.v. die gebaarparameters sou met behulp van aftuimellys-blokkies ("drop down list boxes") uitgeoefen kon word:



Figuur 9.5: Aftuimellys-blokkies vir die gebaarsoekmetode.

Deur op die afwaartse pyl langs die onderskeie gebaarparameters te klik, word 'n aftuimellys met die toepaslike keuses aangebied. Die vergrootglas-ikoon aktiveer die soektog nadat die parameterwaardes gekies is. Die uitveër-ikoon herstel die parameterwaardes na nul, wat die verstek is. Watter ikone gekies word en die funksie wat hulle vervul – die voorgenoemde is slegs 'n voorbeeld – behoort duidelik in die gebruikershandleiding geïllustreer te word.


Deur op die woordskakel op die soekbalk in figuur 9.3 te klik, verskyn 'n soekkassie (heel moontlik met 'n flitsende looper ("cursor") soos wat ook in woordverwerkingprogrammatuur gebruik word) waarin 'n woord ingetik kan word om van die **woordsoekmetode** gebruik te maak (sien paragraaf 7.4.2.1). Net soos in die geval van die gebaarsoekmetode in figuur 9.5 kan 'n soek- en/of uitwisikoon ook hier ingesluit word om die soekproses onderskeidelik te begin of tot die verstek te herstel. Dit sal verseker dat die gebaar- en woordsoekmetodes in voorkoms en funksie ooreenstem.

Die **interne toegangstruktuur** is egter in die elektroniese woordeboek steeds van belang, aangesien dit die soekroete bepaal wat 'n gebruiker sal volg om *binne* die woordeboekartikel die spesifieke inskrywing te vind waarna hy of sy op soek is. Die leksikograaf se taak is dus om die artikelstruktuur só te ontwerp dat die gebruiker enige datakategorie so gou moontlik kan opspoor (Gouws en Prinsloo 2005: 170). Die goeie ontwerp van 'n interne toegangstruktuur kom gewoonlik neer op die **soekareastruktuur** en die gebruik van **struktuurmerkers**. Struktuurmerkers kan tipografies of nietipografies wees en help die gebruiker om 'n spesifieke datakategorie of struktuurmerker met een oogopslag te identifiseer sonder dat dit nodig is om deur die hele artikel te lees. Nietipografiese struktuurmerkers bestaan gewoonlik uit simbole soos "-", "•", "■" of "►" en hul gebruik word in die

gebruikersgids in die voorteks van 'n woordeboek in besonderhede verduidelik. Tipografiese struktuurmerkers kan ook 'n belangrike rol as roetemerkers op die interne toegangstruktuur speel, en verskillende lettertipes soos **vet druk**, *skuins druk* en romeins/gewoon kan ook gebruik word om spesifieke soekvelde of datakategorieë aan te dui. Die woordeboekplan moet voorsiening maak vir 'n toegangstruktuur wat die teikengebruiker in hul woordeboekraadplegingshandelinge ondersteun en dit moontlik maak om die nodige data met die minste moeite te bereik – die woordeboekvaardighede (of gebrek daaraan) van die teikengebruiker is weereens deurslaggewend in hierdie besluite. Die gebruik van die tipiese nietipografiese struktuurmerkers stel 'n redelik hoë kognitiewe eis aan die gebruiker, aangesien die gebruikersgids in die voorteks deeglik bestudeer en die tipiese nietipografiese struktuurmerkers ook gememoriseer sal moet word, anders sal die gebruiker tydens elke woordeboekraadplegingshandeling die voorteks ook moet raadpleeg om die betekenis van dié struktuurmerkers te bepaal. Nuwe of ikoniese nietipologiese struktuurmerkers wat spesifiek vir die voorgestelde woordeboek geskep word en/of tot 'n mate reeds aan die leerders bekend is danksy klasgebruik, soos die rooi ster, sou met groot sukses in die woordeboek gebruik en toegepas kon word, al sal dit steeds duidelike verduideliking en illustrasie in die gebruikersgids vereis.

Skoolwoordeboeke vir die grondslagfase, soos die LGFW en OFBD, maak gewoonlik nie van nietipografiese struktuurmerkers gebruik nie, maar tipografiese struktuurmerkers word wel ingespan en sou ook in die voorgestelde woordeboek gebruik kon word. Al moet die gebruik daarvan steeds in die gebruikersgids verduidelik word, sal die konsekwente toepassing daarvan beteken dat 'n voorspelbare aanbieding van data binne die artikelstruktuur ontstaan. Die volgende skematiese voorbeeld kan as die toepassing van tipografiese struktuurmerkers, nl. **vet druk** en *skuins druk*, in 'n hipotetiese artikel van die voorgestelde woordeboek dien:

 <p>(Skets plus video van gebaar)</p>	<p>Afrikaanse lemma</p>
 <p>(Video van definisie in</p>	<p>Definisie wat Afrikaanse lemma bevat.</p>

gebaretaal)	
 (Video van voorbeeldsin in gebaretaal)	Voorbeeldsin met Afrikaanse lemma.

Figuur 9.6: Die gebruik van tipografiese struktuurmerkers in 'n hipotetiese artikel, nl. vet druk en skuins druk naas romeins.

Aangesien dit nie moontlik is om die tipografie van 'n skets of gebarevideo te verander nie, kan die geskrewe inskrywings vir die Afrikaanse lemma gebruik word om die tipografiese merkers te ontvang. Die Afrikaanse lemma kan dus romein en in vet druk aangebied word, net soos wat 'n lemma gewoonlik in 'n gedrukte woordeboek aangebied word. Die definisie sou in gewone druk gegee kon word en die woordlemma in vet druk herhaal. Die voorbeeldsin sou in skuins druk verskaf kon word, weereens met die woordlemma in vet druk (asook skuins druk). Deur die woord in elke geval of inskrywing waarin dit in die artikel gebruik word op 'n konsekwente wyse tipografies te merk, behoort dit vir die gebruiker duidelik te wees waar die woordlemma in elke inskrywing voorkom – die vet druk laat die woord duidelik uitstaan en die oog val maklik daarop.

In die gebaregleuf van die artikel is die enigste inskrywing wat moontlik tipografiese merkers kan huisves 'n geskrewe glos wat vir die definisie en voorbeeldsin in gebaretaal verskaf sou kon word. In hierdie glos kan die lemma soos wat deur die gebaar voorgestel word ook in vet druk gegee word sodat dit ooreenkom met die gebruik van die merker(s) in die geskrewe kant van die artikel:

	 	lemoen
	LEMOEN SOET VRUG	'n Lemoen is 'n soet vrug.



Figuur 9.7: Vet druk gebruik as 'n tipografiese struktuurmerker in die gebaargleuf van die artikel.

Met 'n parallelle tweetalige aanbieding van gebaretaal en die geskrewe taal soos in figuur 9.7 is daar nie 'n tradisionele brontaal of doeltaal in die interne soekproses nie, maar eerder 'n bepaalde inskrywing wat gesoek word, hetsy gebaar hetsy woord. Sien ook hoofstuk 5 vir 'n bespreking van die ekwivalentverhoudings tussen gebare en woorde en die implikasies van die hantering hiervan op die databasis van die voorgestelde woordeboek.

Dit wat gesoek word, sou eerste aangedui kon word – indien van die woordsoekmetode gebruik gemaak word, sal die woord dus die eerste gidselement na die ostensiewe lemma wees; indien die gebaarsoekmetode gebruik word, ruil die volgorde weer om sodat die gebaar die eerste gidselement na die ostensiewe lemma is. Sien ook paragraaf 7.4.2.1 vir 'n voorbeeld. In die besprekings word slegs een volgorde aangedui, nl. die gebaar in die eerste posisie na die ostensiewe lemma.

Tydens die beplanning van 'n woordeboek se dataverspreidingstruktuur behoort die leksikograwe nie net te fokus op watter data om in te sluit nie, maar ook op waar en hoe spesifieke data aangebied moet word. Voor die woordeboek saamgestel word, moet daar 'n duidelike idee van die artikelstruktuur gevorm word. Bergenholtz, Tarp en Wiegand (1999: 1770) onderskei tussen artikels wat 'n **mikro-argitektuur** toon en dié wat dit nie doen nie. Woordeboekartikels wat 'n mikro-argitektuur toon, word ook gekenmerk deur spesifieke teks-tipologiese verhoudings, soos onder na bo en links na regs (Gouws en Prinsloo 2005: 172).

Die parallelle tweetalige aanbieding van die gebaar- en woordlemmas soos in die voorbeeld hierbo dwing eintlik 'n onder-na-bo- sowel as 'n links-na-regs-mikro-argitektuur af met duidelik onderskeibare teksblokke wat die spesifieke datatipes huisves: die gebaar en sy inskrywings, asook die woord en sy inskrywings, word in 'n vertikale artikelgleuf gerangskik. Die spesifieke datakategorieë word parallel of horisontaal gerangskik: deur na links of regs te beweeg, sal die gebruiker dus altyd dieselfde data in die ander taal aantref. Volgens Bergenholtz, Tarp en Wiegand

(1999: 1770) speel teksblokke 'n belangrike rol in die resepsie van tekste, en hulle verbeter die toegangsvertroue van die gebruiker en verminder die toegangstyd. Die **soekareastruktuur** kan gesien word as die ordeningstruktuur wat die verskillende teksblokke en artikelvelde van 'n woordeboek as soekvelde aanbied en wat hulle volgens vasgestelde kriteria rangskik (Gouws en Prinsloo 2005: 175). Elke soekarea sal 'n aantal soekvelde aanbied in 'n volgorde wat vir die spesifieke woordeboek vasgestel is. Strukture soos die toegangs- en soekareastrukture is werktuie in die hand van die praktiese leksikograaf wat die waarde van die woordeboek as 'n praktiese instrument kan verhoog deur data te rangskik en die gebruiker deur en na die data wat aangebied word, te lei sodat die toepaslike leksikografiese funksies en die ware doel van die woordeboek bereik kan word (Gouws en Prinsloo 2005: 175).

Aangesien dit die voorgestelde woordeboek se funksies is om hoofsaaklik Dowe leerders in die produksie en resepsie van die geskrewe taal te ondersteun, maar ook om horende leerders in die produksie en resepsie van gebaretaal te ondersteun, volg dit dat die aanbieding van tweetalige definisies én tweetalige voorbeelde nie net ingesluit word nie maar ook op so 'n manier uitgelê word, bv. in teksblokke, dat die gebruiker nie 'n ingewikkelde soektog na die data in die inskrywings hoef uit te voer nie en ook nie hoef te wonder oor watter data in 'n spesifieke soekveld aangebied word nie. In die elektroniese woordeboek is ruimte van minder belang as in 'n gedrukte woordeboek, aangesien artikels een vir een opgeroep word en nie met mekaar op een bladsy hoef te kompeteer nie. Duidelike bladuitleg in visueel maklik herkenbare en voorspelbare blokke sal nogtans die soekproses vergemaklik, wat 'n positiewe ervaring van die gebruik van die woordeboek sal meebring. Dit kan weer help om mettertyd 'n woordeboekkultuur te skep by 'n groep primêre gebruikers wat nog nooit met enige woordeboek in aanraking gekom het nie en moontlik, onder die tipiese omstandighede in die verlede, ook nooit sou nie. 'n Gebruikersvriendelike woordeboek kan dalk selfs ook hoop om 'n groep sekondêre gebruikers te bereik – dié wat deel vorm van die verlore generasie woordeboekgebruikers wat reeds die skool verlaat het, maar op skool en ook in hul volwasse lewens nooit van enige woordeboeke gebruik gemaak het nie.

In die gebruikershandleiding, asook die spesifieke opleiding oor die gebruik van die elektroniese woordeboek (wat waarskynlik die heel beste in die klasopset self sou geskied), behoort die soekareastruktuur dus duidelik geïllustreer en verduidelik te

word. In die geval van die voorgestelde woordeboek as 'n skoolwoordeboek vir beginners is dit 'n relatief eenvoudige geïntegreerde mikrostruktuur, soos wat reeds uit sommige voorbeelde afgelei kon word. Die drievoudige **lemmateken** (ostensiewe lemma, gebaar en woord) staan altyd aan die kop van die artikel. Dit word gevolg deur 'n tweede artikelveld wat **vormkommentaar** oor die gebaar se parameters (figuur 9.8) en die woord se vingerspelling (sien paragraaf 8.2.1.1) bevat, 'n derde artikelveld wat 'n **definisie** of verklaring in albei tale bevat, asook 'n vierde artikelveld wat 'n **voorbeeld** van die lemma in gebruik bevat: hierdie inskrywings verteenwoordig die verpligte mikrostruktuur van alle artikels in die woordeboek. Volledige voorbeelde van die verskillende woordeboekartikels en hul onderskeie uitgebreide verpligte mikrostrukture word hieronder verstrek.

9.4.2. Volledige voorbeelde van die onderskeie woordeboekartikels

Die voorgestelde woordeboek se lemmakandidate bestaan uit leksikale items wat naamwoorde, werkwoorde, byvoeglike naamwoord en voorsetsels verteenwoordig. Die verpligte mikrostruktuur vir alle artikels is hierbo aangedui. Die datakategorieë wat die uitgebreide verpligte mikrostrukture van die onderskeie leksikale items vorm, word as volg aangedui.

Die uitgebreide verpligte mikrostruktuur vir 'n geskrewe **naamwoord** sluit inskrywings vir 'n meervoudsvorm, verkleinwoord en antoniem in benewens die verpligte mikrostruktuur. Nie alle geskrewe naamwoorde, bv. "weer", word in die meervoudsvorm of verkleinvorm gebruik nie, en ook nie alle naamwoorde het 'n semantiese teenoorgestelde vorm nie. Die inskrywings vir die meervoudsvorme en verkleinwoorde kwalifiseer reeds om as ingevoegde binnetekste in 'n spesifieke artikelveld aangebied te word vanweë die feit dat veranderinge aan die stam van die woord as taalspesifieke eienskappe van die geskrewe taal met 'n rooi ster gemerk word (sien paragraaf 8.2.1.2 en 8.2.1.8). Gebaarnaamwoorde ondergaan ook nie in alle gevalle verbuiging vir getalinkorporasie of duplisering nie en ook hierdie taalspesifieke morfologie word deur 'n rooi ster as ingevoegde binnetekste aangedui (sien paragraaf 8.2.1.3 en 8.2.1.8). Figuur 9.10, 9.11 en 9.12 illustreer die kombinasies van hierdie binnetekste. Figuur 9.8 dui op die insluiting van 'n antonieminskrywing. Figuur 9.13 illustreer 'n binneteks wat ingevoeg is om te dui op 'n Afrikaanse woord wat gewoonlik in die meervoud gebruik word, bv. "klere".

Die uitgebreide verpligte mikrostruktuur van die **werkwoord** bevat die verledetydsvorm van die geskrewe werkwoord. Dit word d.m.v. 'n roosterbinneteks aangedui weens die taalspesifieke verledetydsvorming in die geskrewe taal (sien paragraaf 8.2.1.2 en 8.2.1.8). Die uitgebreide verpligte mikrostruktuur van 'n werkwoord kan ook 'n inskrywing van 'n semantiese teenoorgestelde vorm bevat in gevalle van semantiese opposisie. Figuur 9.14 en 9.15 illustreer beide voorbeelde.

Die uitgebreide verpligte mikrostruktuur van 'n **byvoeglike naamwoord** bevat die trappe van vergelyking, attributiewe verbuiging, asook 'n antonieminskrywing. Alle byvoeglike naamwoorde in die grondslagfaselys bestaan uit lede van antoniempare, bv. *vet/maer*, *groot/klein*, *lank/kort*. Nie alle byvoeglike naamwoorde verbuig wanneer hulle attributief gebruik word nie, bv. *vet*, *maer*, *groot*, *klein*, *kort*, ens. Dié wat wel 'n taalspesifieke stamverandering in attributiewe verbuiging ondergaan, word d.m.v. 'n roosterbinneteks aangedui (sien paragraaf 8.2.1.2 en 8.2.1.8). Figuur 9.16, 9.17 en 9.18 en illustreer hierdie voorbeelde.












Die uitgebreide verpligte mikrostruktuur van 'n **voorsetsel** bevat 'n inskrywing van 'n semantiese teenoorgestelde in gevalle waar 'n voorsetsel in semantiese opposisie met 'n ander voorsetsel staan. Dit word in figuur 9.19 geïllustreer.

Die grondslagfasewoordelys bevat geen sinonieme nie en sinoniemverwysings sal dus nie ingesluit word nie.


Die spesifieke datakategorieë en inskrywings in die vorm- en semantiese kommentaar is in hoofstuk 8 verduidelik en gemotiveer en word in die bostaande paragrawe met kruisverwysings na hoofstuk 8 aangedui. Hulle word sonder verdere bespreking in die onderstaande voorbeelde geïllustreer.











9.4.2.1. Naamwoord plus semantiese opposisie plus meervoud van geskrewe woord

In hierdie voorbeeld word die drievoudige lemma (met die alternatiewe eenhand-vorm van die gebaar), die skakel na die gebaarparameters, die vingerspelling van die geskrewe woord, die definisie en voorbeeld as verpligte mikrostruktuur aangedui. Die uitgebreide verpligte mikrostruktuur bevat 'n ingevoegde binneteks wat dui op die meervoudsverbuiging van die geskrewe woord, asook 'n teenoorgestelde.

	   	<p>dag</p>
	 	 
	<p>LIG BUIITE DAG</p>	<p>Wanneer dit lig is buite, is dit dag.</p>
	<p>SON SKYN DAG</p>	<p>Die son skyn in die dag.</p>
		<div style="border: 2px solid red; padding: 10px;"> <p>  Kyk mooi hoe verander die woord dag as ons van meer as een dag praat. dae</p> <p> <i>Die son skyn in die dag.</i></p> <p> <i>Daar is sewe dae in die week.</i></p> </div>
	   	<p>TEENOOR</p>  <p>nag</p>

Figuur 9.8: Artikel vir "dag".

Die nietipografiese struktuurmerker  lei na die volgende opwikkassie wanneer daarop geklik word:

 Handvorm	 Linkerhand - Plat; Regterhand - Een
 Plek	 Voor die bors
 Palmoriëntering	 Linkerhand - palm na onder; Regterhand - palm na bors
 NME	 Verwysing 1
 Beweging	 Buig die elmoë en plaas linkerhand se vingerpunte teen regterelmoog. Beweeg regterhand weg van linkerelmoog na bo.

Figuur 9.9: Opwikkassie met gebaarparameters vir DAG.













In voorbeeld 9.8, soos in al die volgende artikelvoorbeelde, is daar verskeie hiperskakels wat as volg verduidelik kan word. Die ostensiewe lemma is 'n skakel wat die gebruiker neem na die tematiese kategorie waarin al die referente gegroepeer is wat bymekaar hoort, (soos in figuur 9.4). Die inskrywing vir die teenoorgestelde bevat ook 'n hiperskakel in die vorm van die ostensiewe lemma (alhoewel die hele veld, dus die ostensiewe lemma plus die gebaar- of woordlemma, "klikbaar" sou kon wees) en hierdie skakel na die betrokke tematiese kategorie lei. Sowel die definisie as die voorbeeldsin in die geskrewe taal maak van die roostermetode gebruik om die Dowe gebruiker se aandag te vestig op die manier waarop

die twee tale verskil in die inskrywings se elemente en die volgorde waarin hulle verskyn (sien paragraaf 8.2.1.6).

Die glosse van beide die definisie en die voorbeeld in gebaretaal sou skakels kon wees na die artikels van ander gebare wat in die onderskeie inskrywings gebruik word. Daardeur ontstaan kruisverwysing tussen artikels en gevolglik ook 'n **mediostruktuur** ('n voorbeeld hiervan in 'n gebaretaalwoordeboek kan in die NZSL Online gesien word). 'n Kruisverwysing stel 'n nuwe woordeboekraadplegingprosedure in werking (Gouws en Prinsloo 2005: 184). In die geval van hiperskakels is dit besonder maklik aangesien 'n nuwe soekproses nie deur een van die onderskeie soekmetodes begin hoef te word nie. In terme van die parallelle tweetalige aard van die mikrostruktuur van die voorgestelde woordeboek sou die geskrewe definisies en voorbeeldsinne *ook* van hiperskakels na die betrokke lemmas voorsien moet word sodat die onderskeie horisontale artikelgleuwe in inhoud ooreenstem. Dit word aan die woordeboeksamsteller oorgelaat (na afloop van empiriese gebruikersnavorsing) om te besluit of die hiperskakels, veral tesame met die rooi sterre in die inskrywings in die vertikale artikelgleuf van die Afrikaanse lemma, die betrokke inskrywings te gekompliseerd, visueel "besig" en/of verwarrend sou maak, al dan nie. In beginsel kan kruisverwysings wat die grense van 'n artikel oorskry, 'n waardevolle manier wees waarop tekssamehang aangedui kan word – dit skep interaksie tussen verskillende strukturele komponente (Gouws en Prinsloo 2005: 177). Die spesifieke vlak van die gebruiker se vaardigheid sal bepaal of kruisverwysing werklik nuttig en selfs nodig is, en of dit eerder tot "klikdood" sou lei in gevalle waar 'n gebruiker 'n skakel na 'n ander artikel volg en daarna nie meer seker is hoe hy of sy daarby uitgekom het nie en/of hoe om na die oorspronklike artikel terug te keer nie. Die teikengebruiker se naslaanvaardighede en –behoefte is ook bepalend hier. 'n Finale besluit hieroor sou waarskynlik eers na afloop van praktiese toetsing moontlik wees.

9.4.2.2. Naamwoord plus verkleinvorm van geskrewe woord

In hierdie voorbeeld word die plasing van die ingevoegde binneteks geïllustreer wat op die verbuiging van die geskrewe verkleinwoord dui. Waar daar van meer as een ingevoegde binneteks gebruik gemaak word om op die meervouds- en verkleinvorme van 'n geskrewe woord te dui, sal die tekste onder of langs mekaar in die artikelveld ingevoeg word:

		<p>maag</p>
		
	 <p>Definisie in gebaretaal met GEBARLEMMA.</p>	<p>Definisie in Afrikaans met woordlemma.</p>
	 <p>Voorbeeld in gebaretaal met GEBARLEMMA.</p>	<p><i>Voorbeeld in Afrikaans met woordlemma.</i></p>
		<div style="border: 1px solid red; padding: 5px; margin-bottom: 10px;"> <p>★  Kyk mooi hoe ...</p> <p> Voorbeeld enkelvoud.</p> <p> Voorbeeld meervoud.</p> </div> <div style="border: 1px solid red; padding: 5px;"> <p>★  Kyk mooi hoe verander die woord maag wanneer ons van 'n klein maag praat: magie</p> <p> 'n Olifant het 'n groot maag.</p> <p> 'n Baba het 'n klein magie.</p> </div>

Figuur 9.10: Artikel vir "maag".

9.4.2.3. Naamwoord plus getalinkorporasie van gebaar





















In hierdie voorbeeld word die plasing van die ingevoegde binneteks geïllustreer wat op die getalinkorporasie van die gebaar dui. In gevalle waar die stam van die geskrewe woord ook veranderinge in die meervouds- en verkleinvorme ondergaan, word die binnetekste hier ook onder of langs mekaar in die artikelgleuf van die woord geplaas. Al drie die binnetekste in die onderstaande voorbeeld behoort dus tot dieselfde artikelveld:

		<p>week</p>
	<p>Definisie in gebaretaal met GEBAAARLEMMA.</p>	<p>Definisie in Afrikaans met woordlemma.</p>
	<p>Voorbeeld in gebaretaal met GEBAAARLEMMA.</p>	<p><i>Voorbeeld in Afrikaans met woordlemma.</i></p>
<div style="border: 1px solid red; padding: 5px;"> <p>★ Kyk mooi hoe verander die gebaar vir 'n week </p> <p>wanneer ons van 2 of 3 weke praat: </p> <p> Die vakansie is een week.</p> <p> Hy was siek vir drie weke.</p> </div>	<div style="border: 1px solid red; padding: 5px;"> <p>★ Kyk mooi hoe ...</p> <p> Voorbeeld enkelvoud.</p> <p> Voorbeeld meervoud.</p> </div>	
	<div style="border: 1px solid red; padding: 5px;"> <p>★ Kyk mooi hoe ...</p> <p> Voorbeeld stam.</p> <p> Voorbeeld verkleinwoord.</p> </div>	

Figuur 9.11: Artikel vir "week".

9.4.2.4. Naamwoord plus duplisering van gebaar








In hierdie voorbeeld word die plasing van die ingevoegde binneteks geïllustreer wat op die duplisering van die gebaar dui. Die ingevoegde binneteks verskyn in 'n groter en duideliker formaat in hoofstuk 8 – dit word hier slegs gebruik om die plasing daarvan aan te dui:

		<p>boom</p>
		
	 Definisie in gebaretaal met GEBAAARLEMMA.	Definisie in Afrikaans met woordlemma.
	 Voorbeeld in gebaretaal met GEBAAARLEMMA.	<i>Voorbeeld in Afrikaans met woordlemma.</i>
	<div style="border: 2px solid red; padding: 10px;"> <p>  Kyk mooi hoe verander die gebaar vir 'n boom</p>  <p>wanneer ons van meer as een boom praat:</p>  <p> <i>In ons tuin is een boom.</i></p> <p> <i>In die skool se tuin is baie bome.</i></p> </div>	<div style="border: 2px solid red; padding: 10px; margin-bottom: 10px;"> <p>  Kyk mooi hoe ...</p> <p> Voorbeeld enkelvoud.</p> <p> Voorbeeld meervoud.</p> </div> <div style="border: 2px solid red; padding: 10px;"> <p>  Kyk mooi hoe ...</p> <p> Voorbeeld stam.</p> <p> Voorbeeld verkleinwoord.</p> </div>

Figuur 9.12: Artikel vir "boom".

9.4.2.5. Naamwoord wat in geskrewe vorm in meervoud gebruik word













In hierdie voorbeeld word die gebaarparameters, vingerspelling, definisies en voorbeelde nie eksplisiet geïllustreer nie, maar wel die plasing van 'n ingevoegde binneteks wat dui op 'n geskrewe naamwoord wat gewoonlik in die meervoud gebruik word, soos "klere":

		klere
		
	 Definisie in gebaretaal met GEBAAARLEMMA .	Definisie in Afrikaans met woordlemma .
	 Voorbeeld in gebaretaal met GEBAAARLEMMA .	<i>Voorbeeld in Afrikaans met woordlemma.</i>
	<div style="border: 2px solid red; padding: 10px;">  <p>In Afrikaans is een stuk klere 'n kledingstuk.</p> </div>	

Figuur 9.13: Artikel vir "klere".

9.4.2.6. Werkwoord met verledetydsvorm van geskrewe woord
















Die plasing van 'n ingevoegde binneteks wat dui op 'n geskrewe werkwoord met verbuiging vir die verledetydsvorm, soos "swem", word as volg aangedui:

	 	<p>swem</p>
	 	
	<p>Definisie in gebaretaal met GEBAAARLEMMA.</p>	<p>Definisie in Afrikaans met woordlemma.</p>
	<p>Voorbeeld in gebaretaal met GEBAAARLEMMA.</p>	<p><i>Voorbeeld in Afrikaans met woordlemma.</i></p>
		<div style="border: 2px solid red; padding: 10px;">   <p>Kyk mooi hoe verander swem wanneer ons dit in die verlede tyd gebruik: het geswem</p>  <p>Ek swem elke dag.</p>  <p>Sy het gister geswem.</p> </div>

Figuur 9.14: Artikel vir "swem".


9.4.2.7. Werkwoord met teenoorgestelde















Die plasing van 'n inskrywing wat (ook) as kruisverwysing na 'n semanties teenoorgestelde werkwoord lei, word as volg geïllustreer:

		<p>sit</p>
		
	 Definisie in gebaretaal met GEBAAARLEMMA .	Definisie in Afrikaans met woordlemma .
	 Voorbeeld in gebaretaal met GEBAAARLEMMA .	<i>Voorbeeld in Afrikaans met woordlemma.</i>
		<div style="border: 2px solid red; padding: 5px;">   Kyk mooi hoe verander ...  Voorbeeld stam.  Voorbeeld verlede tyd. </div>
	   	<p>TEENOOR</p>  staan

Figuur 9.15: Artikel vir "sit".













9.4.2.8. Byvoeglike naamwoord met trappe van vergelyking plus antoniem

Die plasing van 'n nietipografiese struktuurmerker () wat lei na 'n opwipkassie wat die trappe van vergelyking van 'n byvoeglike naamwoord, tesame met die aanwesigheid van 'n antoniemverwysing, word as volg aangedui:

	 	vet
	 	
		
	Definisie in gebaretaal met GEBAAARLEMMA.	Definisie in Afrikaans met woordlemma.
	Voorbeeld in gebaretaal met GEBAAARLEMMA.	Voorbeeld in Afrikaans met woordlemma.
   	TEENOOR	 maer

Figuur 9.16: Artikel vir "vet".














Die opwikkassie met die trappe van vergelyking word as volg geïllustreer:

					
	vet 		vetter 		(die) vetste 
	<i>Hans is vet.</i>		<i>Pieter is vetter.</i>		<i>Gert is die vetste van almal.</i>

Figuur 9.17: Trappe van vergelyking vir "vet".

9.4.2.9. Byvoeglike naamwoord met attributiewe verbuiging in die geskrewe vorm, en antoniem









Die plasing van 'n ingevoegde binnetekst om op die attributiewe verbuiging van 'n geskrewe byvoeglike naamwoord te dui, word as volg geïllustreer:

		lank
		
		
	 Definisie in gebaretaal met GEBAAARLEMMA .	Definisie in Afrikaans met woordlemma .
	 Voorbeeld in gebaretaal met GEBAAARLEMMA .	<i>Voorbeeld in Afrikaans met woordlemma.</i>
	  Kyk mooi hoe verander lank wanneer ons dit voor 'n naamwoord gebruik:  <i>Ek is lank.</i>  <i>Sy is 'n lang vrou.</i>	
 	TEENOOR  kort	

Figuur 9.18: Artikel vir "lank".

9.4.2.10. Voorsetsel met teenoorgestelde

Die mikrostruktuur van 'n voorsetsel met semantiese opposisie word as volg geïllustreer:

		<p>onder</p>
		
 <p>Definisie in gebaretaal met GEBAAARLEMMA.</p>	<p>Definisie in Afrikaans met woordlemma.</p>	
 <p>Voorbeeld in gebaretaal met GEBAAARLEMMA.</p>	<p><i>Voorbeeld in Afrikaans met woordlemma.</i></p>	
	<p>TEENOOR</p> 	

Figuur 9.19: Artikel vir "onder".

9.5. Algemene slotopmerkings

In die finale hoofstuk is die model soos wat dit vir die voorgestelde woordeboek voorgehou word, bespreek en geïllustreer. Die bespreking het veral binne die konteks van a) die doel en basis van die woordeboek, b) die behoeftes en eienskappe van die teikengebruiker en c) die tipologie van die woordeboek plaasgevind, aangesien hierdie punte die kernaspekte vorm van elke besluit wat oor die woordeboek geneem word. Kruisverwysings is gemaak na spesifieke aanbevelings wat in meer besonderhede en/of met spesifieke teoretiese motivering en bespreking in die hoofstukke vir ekwivalentverhoudings (hoofstuk 5), moontlike binnetekste (hoofstuk 6), die databasis van die elektroniese woordeboek (hoofstuk 7) en die mikrostruktuur (hoofstuk 8) aangebied is.

SLOT

If your mind is empty, it is always ready for anything; it is open to everything. In the beginner's mind there are many possibilities, in the expert's mind there are few (Suzuki-roshi 2012).

Hierdie proefskrif is aangepak met 'n groot mate van entoesiasme vir en belangstelling in sowel gebaretaal as leksikografie, maar as 'n relatiewe "beginner" in albei gebiede sonder enige "ekspertkennis". Die gevolg was 'n lang pad met baie gedagte-evolusies en kronkels in die rigtings van beide vakgebiede, wat dalk juis nodig was om die skrywer toe te laat om 'n hele reeks moontlikhede te oorweeg en te bepeins. Dit is stellig beter om nooit op die titel "ekspert" aanspraak te maak nie – uit persoonlike ervaring is geleer dat elke nuwe insig vergesel word van die besef dat daar 'n ongekende en onbepaalde aantal insigte is wat nog nie begryp word nie. Die proefskrif hoop hoogstens om 'n vertrekpunt eerder as 'n bestemming te wees, ook vir ander navorsers, indien hulle daarby sou baat vind.

Die proefskrif is gebaseer op die gevolgtrekking dat die De la Bat Skool vir Dowes in Worcester, waar veldwerk vir die studie gedoen is (soos wat ook in die Inleiding beskryf word), nie oor 'n tweetalige woordeboek van gebaretaal en Afrikaans (of Engels, of enige ander gesproke taal) beskik nie, maar dat daar wel 'n behoefte aan so 'n woordeboek bestaan. 'n Konsepmodel vir 'n elektroniese woordeboek is ontwerp wat deur die skool – of enige ander skool of soortgelyke instansie – gebruik sou kon word om 'n tweetalige woordeboek saam te stel waarin dit nie slegs moontlik is om 'n gebaar via 'n geskrewe woord op te soek nie, maar ook om 'n gebaar op te soek sonder dat die gebruiker noodwendig die geskrewe ekwivalent ken. Dit is belangrik, aangesien dit sou beteken dat vir die eerste keer in Suid-Afrika 'n Dowe gebruiker nie in enige geskrewe taal geletterd hoef te wees om 'n woordeboek in sy of haar eie taal te gebruik nie.

In **Hoofstuk 1** is die spesiale aard en kenmerke van gebaretaal ondersoek en bespreek. Daar is steeds baie wanopvattinge oor die taal in horende sowel as Dowe/dowe kringe en in vele opsigte is dit steeds 'n taal wat moet veg vir sy status as "regte" taal. Die eerste hoofstuk bied dus 'n platform vir verdere besprekings deur die res van die proefskrif.

Hoofstuk 2 sluit by die eerste hoofstuk aan in die bespreking van die Dowe gemeenskap as 'n geheel en die tipiese Dowe persoon in Suid-Afrika. Die plaaslike Dowe gemeenskap deel baie eienskappe met 'n groot aantal internasionale Dowe gemeenskappe. Met die uitsondering van die VSA en die Skandinawiese lande, waar ruim finansiële voorsiening gemaak word vir gebaretaalnavorsing en Dowe onderrig, is die uitdagings wat deur die Dowe gemeenskap in die gesig gestaar word, veral die lae vlakke van (volwasse) geletterdheid, feitlik universeel.

Hoofstuk 3 het die bespreking oor leksikografiese teorie en praktyk begin en ondersoek 'n redelik wye reeks aspekte van die leksikografie (ook) tot op die punt wat in die konteks van die proefskrif as nodig geag word. Die aard en hantering van elektroniese woordeboeke is in heelwat opsigte anders as dié van gedrukte woordeboeke en die hoofstuk bereik 'n hoogtepunt in die bespreking van elektroniese woordeboeke, aangesien die voorgestelde woordeboek wat in die proefskrif bespreek word, elektronies van formaat is.

Hoofstuk 4 het die wegspringblok gebied wat tegelykertyd die vorige hoofstukke saamsmee en konteks skep vir die volgende hoofstukke deur bestaande gedrukte en elektroniese gebaretaalwoordeboeke te bespreek.

Hoofstuk 5 kan in 'n sekere sin as die eerste hoofstuk gesien word wat spesifiek op die voorgestelde woordeboek begin fokus deur ekwivalentverhoudings tussen gebaretaal en Afrikaans te ondersoek. Die voorstelle wat in hierdie hoofstuk gemaak word, loop as't ware soos 'n draad deur al die volgende hoofstukke, veral hoofstukke 7 en 8, en help om al die voorstelle en aanbevelings as 'n geheel te laat sluit.

Hoofstuk 6 het buitetekste in die konteks van 'n elektroniese woordeboek geherinterpreteer en in sy kern voorstelle gemaak en voorbeelde aangebied van buitetekste wat in die voorgestelde woordeboek gebruik sou kon word.

In **Hoofstuk 7** is die vereistes wat aan 'n databasis as die "makrostruktuur" of onderbou van 'n elektroniese woordeboek gestel word, ondersoek, veral in terme van die unieke polifunksionele aard van die voorgestelde woordeboek. Verskillende soekmetodes is bespreek wat daartoe sal bydra dat die woordeboek in staat sal wees om hierdie karakter te vertoon, nl. woord- én gebaresoekmetodes benewens 'n tematiese soekmetode.

Hoofstuk 8 beskryf by wyse van spreke die laaste waterpunt in die wedren van die konstruksie van die voorgestelde woordeboek en ondersoek die opsies en besluite t.o.v. die mikrostruktuur van 'n tweetalige en polifunksionele elektroniese woordeboek.

In **Hoofstuk 9** is 'n model vir die voorgestelde woordeboek saamgestel wat rus op die voorstelle wat in hoofstuk 6 tot 8 gemaak is. Kruisverwysings is gemaak na spesifieke aanbevelings wat in meer besonderhede en/of met spesifieke teoretiese motivering en bespreking in die hoofstukke vir ekwivalentverhoudings (hoofstuk 5), moontlike binnetekste (hoofstuk 6), die databasis van die elektroniese woordeboek (hoofstuk 7) en die mikrostruktuur (hoofstuk 8) aangebied is. Volledige voorbeelde van al die verskillende artikels is verskaf.

Hierdie proefskrif sou as 'n beginpunt of basiese middel tot **verdere navorsing** rakende die leksikografie van gebaretaal in Suid-Afrika kon dien. Die basiese beginsels en voorstelle wat hierin vervat word, hoef nie slegs op 'n skoolwoordeboek vir die grondslagfase van toepassing te wees nie, maar sou ook gebruik kon word om bv. woordeboeke vir o.a. die intermediêre en senior fases (en selfs vir gebruikers wat reeds gematrikuleer het en/of heeltemal buite skoolverband staan,) saam te stel. Die basiese databasis kan uitgebrei of aangevul word om aan die behoeftes van meer gevorderde woordeboekgebruikers te voldoen (byvoorbeeld wanneer idiome geleer word) en die mikrostruktuur sou ook kon "groeï" om aan 'n spesifieke gebruikersgroep se behoeftes te voldoen en op hul gebruikersvlak van toepassing te wees. Heelwat van die nuwe buitetekste wat in hoofstuk 6 voorgestel is, spesifiek in paragraaf 6.4.7, sou in woordeboeke vir ouer en/of meer gevorderde leerders of gebruikers van nut kon wees. In sulke gevalle behoort 'n kieslys aan gebruikers leiding te gee oor watter materiaal op grond van hul spesifieke gebruikersvlak aan hulle beskikbaar is – alle gebruikers hoef dus nie al die tekste in die databasis te sien nie, maar roep slegs daardie tekste op wat hulle benodig en wat op hulle van toepassing is. Toegang tot hierdie tekste en ander data of verskillende vlakke van data wat aangebied word, sou elektronies bepaal kon word deur die gebruiker volgens 'n spesifieke vlak te laat inteken. Een databasis sou dan tot verskeie woordeboeke kon lei. Die voorstelle wat in die model vervat word, is ook nie beperk tot die spesifieke dialek van SASL wat by De la Bat gebruik word nie, maar sou op

enige plek in Suid-Afrika gebruik kon word waar daar 'n behoefte aan 'n tweetalige en polifunksionele elektroniese woordeboek bestaan.

Daar is steeds baie taalkundige navorsing wat oor SASL gedoen moet word en wat nie streng gesproke binne die bestek van die proefskrif val nie. Tog word gehoop dat die proefskrif as aansporing sal dien vir enige verdere navorsing wat nodig is om die taal tot sy regmatige en volwaardige status te verhef. Die leemte in gebaretaalnavorsing oor die voorkoms van sinonieme in gebaretaal (soos wat in paragraaf 8.2.1.7 bespreek word), is 'n goeie voorbeeld van verdere taalkundige navorsing wat dringend benodig word om leksikografiese duidelikheid te gee oor die hantering van sinonieme teenoor variasie.

Ten tyde van die voltooiing van die proefskrif is die model nog nie ten volle in die praktyk toegepas nie en word die woordeboek dus nog nie by die De la Bat Skool empiries getoets of gebruik nie. Dit was wel die skrywer se ooreenkoms met die skool dat die model tot die skool se beskikking sal wees en die skrywer hoop om in die toekoms betrokke te wees by die skep en toetsing van 'n woordeboek gebaseer op die leksikografiese model wat in die proefskrif voorgestel word, asook die opleiding van onderwysers en leerders. Die Dowe Federasie van Suid-Afrika het ook reeds belangstelling in die model uitgespreek en daar word gehoop dat die model ook in ander skool- of soortgelyke omgewings toegepas sal word. Inligting oor die ontwikkeling van die model is reeds by verskeie konferensies van die *African Association for Lexicography* (Afrilex) gedissemineer en verdere referate en artikels wat op die model gebaseer is, sal in die afsienbare toekoms uit die proefskrif spruit.

Bronnelys

- Aarons, D.** 1995. Hands full of meaning. *Bua!* 10(1): 8-10.
- Aarons, D.** 1996. Signed languages and professional responsibility. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus* 29: 285-311.
- Aarons, D.** 1999. South African Sign Language: Changing Policies and Practice. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus* 30: 123-143.
- Aarons, D. en P. Akach.** 1998. South African Sign Language: one language or many? A sociolinguistic question. *Stellenbosch Papers in Linguistics* 31: 1-28.
- Aarons, D. en P. Akach.** 2002. South African Sign Language: one language or many? In Mesthrie, R. (red.). *Language in South Africa*: 127-147. Cambridge: University Press.
- Aarons, D. en L. Reynolds.** 2003. South African Sign Language: Changing Policies and Practice. In Monaghan, L.F. et al. (reds.). *Many ways to be deaf: international variation in deaf communities*: 194-210. Washington, D.C.: Gallaudet University Press.
- Al-Ajmi, H.** 2001. The Role of Introductory Matter in Bilingual Dictionaries of English and Arabic. *Lexikos* 11: 60-70.
- Al-Kasimi, A.M.** 1977. *Linguistics and Bilingual Dictionaries*. Leiden: E.J. Brill.
- Almind, R.** 2005. Designing Internet Dictionaries. *Hermes Journal of Linguistics* 34: 37-54.
- Anderson, M.** 2012. <http://www.andertoons.com/book/cartoon/6207/dictionary-in-book-store-advertised-as-now-in-hi-def/> op 13 Junie 2012.
- ASL Deafined Blog.** 2011. <http://blog.asldeafined.com/2011/08/the-use-of-synonyms-in-american-sign-language-asl/> op 11 September 2011.
- Atkins, B.T.S.** 1985. Monolingual and bilingual learners' dictionaries: a comparison. R. Ilson (red.). *Dictionaries, Lexicography and Language Learning*: 15-24. Oxford: Pergamon Press.

- Atkins, B.T.S. en M. Rundell.** 2008. *The Oxford Guide to Practical Lexicography*. Oxford: Oxford University Press.
- Baker, C. en C.A. Padden.** 1978. *ASL: A Look at its History, Structure, and Community*. Silver Spring, MD: T.J. Publishers, Inc.
- Baker, C. en D. Cokely.** 1980. *American Sign Language: a teacher's resource text on grammar and culture*. Silver Spring, MD: T.J. Publishers.
- Battison, R.** 1974. Phonological Deletion in American Sign Language. *Sign Language Studies* 5: 1-19.
- Battison, R.** 1978. *Lexical borrowing in American Sign Language*. Silver Spring, Maryland: Linstok Press.
- Bayle, P.** 2012. <http://www.quotationspage.com/quote/26770.html> op 10 September 2012.
- Bergenholtz, H.** 1990. Lexikographische Instruktionen für ein zweisprachiges Wörterbuch. *Zeitschrift für Phonetik, Sprachwissenschaft und Kommunikationsforschung* 43: 19-37.
- Bergenholtz, H.** 2003. User-oriented Understanding of Descriptive, Proscriptive and Prescriptive Lexicography. *Lexikos* 13: 1-16.
- Bergenholtz, H., S. Tarp en H.E. Wiegand.** 1999. Datendistributionsstrukturen, Makro- und Mikrostrukturen in neueren Fachwörterbüchern. In Hoffmann, L. et al. (reds.). *Fachsprachen. Languages for Special Purposes. An International Handbook of Special-Language and Terminology Research: 1762-1832*. Berlyn: De Gruyter.
- Bergenholtz, H., S. Nielsen en S. Tarp (reds.).** 2009. *Lexicography at a crossroads: dictionaries and encyclopedias today, lexicographical tools tomorrow*. Bern: Peter Lang AG.
- Bergenholtz, H. en R.H. Gouws.** 2010. A New Perspective on the Access Process. *Hermes – Journal of Language and Communication Studies* 44: 103-127.
- Black, C.** 1981. *It will never happen to me*. Denver, CO: M.A.C. Printing and Publications Division.

Blume, S.S. 1999. Histories of cochlear implantation. *Social Science and Medicine* 49: 1257-1268.

Blume, S.S. 2010. *The artificial ear: cochlear implants and the culture of deafness*. Londen: Rutgers University Press.

Blumenthal-Kelly, A. 1995. Fingerspelling interaction: A set of deaf parents and their deaf daughter. In Lucas, C. (red.). *Sociolinguistics in Deaf Communities*: 62-73. Washington, D.C.: Gallaudet University Press.

Bogaards, P. 2003. Uses and users of dictionaries. In Van Sterkenburg, P.G.J. (red.). *A practical guide to lexicography*: 26-43. Amsterdam: John Benjamins.

Boyd, W. 1990. *Brazzaville beach*. Harmondsworth: Penguin.

Brennan, M. 1992. The visual world of British Sign Language: an introduction. In Brien, D. (red.). *Dictionary of British Sign Language/English*: 1-133. Londen: Faber en Faber.

Brennan, M. 2002. Encoding and capturing productive morphology. *Sign Language & Linguistics* 4(1): 47-62.

Burke, S. M. 1998. *The Design of Online Lexicons*. Ongepubliseerde Meestersgraadtesis. Northwestern University, Evanston, IL.
<http://interglacial.com/~sburke/ma/> op 29 Augustus 2011.

Cape Gateway. 2010.

<http://www.westerncape.gov.za/eng/directories/facilities/15912> op 20 Oktober 2010.

Carr, M. 1997. Internet dictionaries and lexicography. *International Journal of Lexicography* 10 (3): 209 – 230.

Chomsky, N. 1981. *Lectures on government and binding*. Dordrecht: Foris.

Chu, J. 2009. Sign-Language Translator: The first sign-language dictionary that's searchable by gesture. *Technology Review*. Soos gevind by
<http://www.technologyreview.com/communications/21944/?a=f> op 12 Januarie 2009.

Claiborne, Robert. 1974. *The Birth of Writing*. New York: Time-Life Books.

- Cogill-Koez, D.** 2000a. A model of signed language 'classifier predicates' as templated visual representation. *Sign Language & Linguistics* 3(2): 209-236.
- Cogill-Koez, D.** 2000b. Signed language classifier predicates: Linguistic structures or schematic visual representation? *Sign Language & Linguistics* 3(2): 153-207.
- Collins-Ahlgren, M.** 1994. Issues in preparing and presenting a dictionary of New Zealand signs. In Erting, C., R.C. Johnson, D.L. Smith en B.N. Snider (reds.). *The Deaf Way: Perspectives from the international conference on Deaf culture*: 335-341. Washington, D.C.: Gallaudet University Press.
- Conrad, R.** 1981. Sign Language in Education: Some Consequent Problems. In Woll, B., J. Kyle en M. Deuchar (reds.). *Perspectives on British Sign Language and Deafness*: 13-26. Londen: Croom Helm Ltd.
- Crasborn, O. en I. Zwitterlood.** 2008. The Corpus NGT: an Online Corpus for Professionals and Laymen. In Crasborn, O., T. Hanke, E. Efthimiou, I. Zwitterlood en E. Thoutenhoofd (reds.). *Construction and Exploitation of Sign Language Corpora*: 44-49. Parys: ELDA.
- Crystal, D.** 1987. *The Cambridge Encyclopedia of Language*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Crystal, D.** 1990. *The English Language*. Londen: Penguin Books
- Crystal, D.** 1992. *An Encyclopedic Dictionary of Language and Languages*. Blackwell: Oxford, Massachusetts.
- Dagut, M.** 1981. Semantic Voids as a Problem in the Translation Process. *Poetics Today* 2(4): 61-71.
- DEAFSA (Deaf Federation of South Africa – Dowe Federasie van Suid-Afrika).** 2001. *National Workshop on Literacy (ABET) Training for the Deaf: Final workshop report*.
- DEAFSA.** 2003. *South African Sign Language and the Education and Training of Deaf Learners: Memorandum prepared for handing over the National and Provincial Departments of Education on 7 February 2003*.

- DEAFSA.** 2009. *Deaf learners and their education rights: is South Africa listening?*
http://www.deafsa.co.za/resources/Education_Rights.pdf
- Delore, C., A. Robier, M. Bremond, P. Beutter en M.J. Ployet.** 1999. Cochlear implants and sign language. *International Journal of Pediatric Otorhinolaryngology* 47 (2): 209-211.
- Denecke, L.** 2012. Brothers Grimm. In *Encyclopædia Britannica. Encyclopædia Britannica Online Academic Edition*. Encyclopædia Britannica Inc., 2012. Web.
<http://www.britannica.com/EBchecked/topic/246228/Brothers-Grimm> op 1 November 2012.
- Deuchar, M.** 1981. Variation in British Sign Language. In Woll, B., J. Kyle en M. Deuchar (reds.). *Perspectives on British Sign Language and Deafness*: 109-119. Londen: Croom Helm Ltd.
- Deuchar, M.** 1984. *British Sign Language*. Londen: Routledge en Kegan Paul.
- Docherty, V.J.** 2000. Dictionaries on the Internet: an overview. In Heid, U., S. Evert, E. Lehmann en C. Rohrer (reds.). *Proceedings of the Ninth EURALEX International Congress, EURALEX 2000, Stuttgart, Germany, August 8th – 12th*: 67-74. Stuttgart: Universität Stuttgart, Institut für Maschinelle Sprachverarbeitung.
- Dodd, W.S.** 1989. Lexicomputing and the Dictionary of the Future. In James, G. (red.). *Lexicographers and Their Words* [Exeter Linguistic Studies 14]: 89-93. Exeter Universiteit.
- Dolnick, E.** 1987. Deafness as culture. *The Atlantic* 272: 37-53.
- Engberg-Pedersen, E.** 1993. *Space in Danish Sign Language*. Hamburg: Signum-Verlag.
- Fischer, S.D.** 1978. Sign Language and Creoles. In Siple, P. (red.). *Understanding Language Through Sign Language Research*: 309-331. New York: Academic Press.
- Fourie, H.** 2003. *Gebaretaal ís allesomvattend*. Die Burger, 6 September 2003: 17.
- Fromkin, V. en R. Rodman.** 1993. *An Introduction to Language*⁵. Orlando, Florida: Harcourt Brace College Publishers.

- Gallardo, A.** 1980. Dictionaries and the Standardization Process. In Zgusta, L. (red.). 1980. *Theory and Method in Lexicography*: 59-69. Columbia: Hornbeam Press.
- Gannon, J.** 1981. *Deaf heritage: A narrative history of deaf America*. Silver Spring, Maryland: National Association of the Deaf.
- Gardner, R.A. en B. Gardner.** 1969. Teaching sign language to a chimpanzee. *Science* 165: 664-672.
- Geeraerts, D.** 2000. Adding electronic value: the electronic version of the Grote Van Dale. In Heid, U., S. Evert, E. Lehmann en C. Rohrer (reds.). *Proceedings of the Ninth EURALEX International Congress, EURALEX 2000, Stuttgart, Germany, August 8th – 12th*: 75-84. Stuttgart: Universität Stuttgart, Institut für Maschinelle Sprachverarbeitung.
- Gouws, R.H.** 1999. A Theoretically Motivated Model for the Lexicographic Processes of the National Lexicographic Units. Research report submitted to the Pan South African Language Board.
- Gouws, R.H.** 2001a. The Use of an Improved Access Structure in Dictionaries. *Lexikos* 11: 101-111.
- Gouws, R.H.** 2001b. Lexicographic Training: Approaches and Topics. In Emejelu, J.D. (red.). *Elements de Lexicographie Gabonaise*: 58-94. New York: Jimacs-Hillman Publishers.
- Gouws, R.H.** 2002. Niching as a Macrostructural Procedure. *Lexikos* 12: 133-158.
- Gouws, R.H.** 2004. Monolingual and Bilingual Learners' Dictionaries. *Lexikos* 14: 264-274.
- Gouws, R.H.** 2009a. The integrated outer texts in recent English and German learners' dictionaries: A critical comparison. *Lexicographica* 25: 67-90. Tübingen: Max Niemeyer Verlag.
- Gouws, R.H.** 2009b. Geïntegreerde woordeboekgebruik van vakwoordeboeke vir aanleerders. *Lexikos* 19: 72-93.

Gouws, R.H. en F.A. Ponielis. 1992. The development of Afrikaans and the lexicographic tradition. In Zgusta, L. (red.). *History, Languages and Lexicographers*: 77-104. Tübingen: Max Niemeyer.

Gouws, R.H. en D.J. Prinsloo. 2005. *Principles and Practice of South African Lexicography*. Stellenbosch: SUN PreSS.

Haegeman, L. 1994. *Introduction to Government and Binding Theory²*. Oxford VK en Cambridge VSA: Blackwell Publishers.

Hahn, H. 1986. Public Support for Rehabilitation Programs: The Analysis of U.S. Disability Policy. *Disability, Handicap and Society* 1(2): 121-137.

Hart, J.L. 2013. <http://www.creators.com/comics/bc/100883.html> op 1 Januarie 2013.

Hartmann, R.R.K. 1989. Sociology of the Dictionary User: Hypotheses and Empirical studies. In Hausmann, F.J., O. Reichmann, H.E. Wiegand en L. Zgusta (reds.). 1989-1991. *Wörterbücher: ein internationales Handbuch zur Lexicographie / Dictionaries: an international encyclopedia of lexicography / Dictionnaires: encyclopédie internationale de lexicographie*: 102-111. Berlyn en New York: Walter de Gruyter.

Hausmann, F.J. 1976. Sprache und Welt im Wörterbuch. Wortschatzlernen mit den "Wörterbüchern in Sachgruppen". *französisch heute* 7: 94 – 104.

Hausmann, F.J. en H.E. Wiegand. 1989. Component Parts and Structures of General Monolingual Dictionaries: A Survey. In Hausmann, F.J., O. Reichmann, H.E. Wiegand en L. Zgusta (reds.). 1989-1991. *Wörterbücher: ein internationales Handbuch zur Lexicographie / Dictionaries: an international encyclopedia of lexicography / Dictionnaires: encyclopédie internationale de lexicographie*: 328-360. Berlyn en New York: Walter de Gruyter.

Hayes, K. C. en C. Hayes. 1952. Imitation in a home-raised chimpanzee. *Journal of Comparative and Physiological Psychology* 45: 450-459.

- Heap, M.** 2006. Sign-deaf spaces: The Deaf in Cape Town creating community, crossing boundaries, constructing identity. *Anthropology Southern Africa* 29(1&2): 35-44.
- Herbst, T. en M. Klotz.** 2003. *Lexikografie*. Paderborn: Verlag Ferdinand Schöningh GmbH.
- Hernández, H.** 1989. *Los diccionarios de orientación escolar. Contribución de la lexicografía monolingüe española*. With an English Summary. Tübingen: Niemeyer (Lexicographica. Series Maior 28).
- Hewes, G.W.** 1977. Language Origin Theories. Rumbaugh, D.M. *Language Learning by a Chimpanzee: The Lana Project*. New York: Academic Press.
- Higgins, P.** 1980. *Outsiders in a Hearing World: a Sociology of Deafness*. Newbury Park en Londen: Sage.
- Hope for hearing.** 2009. www.hope4hearing.org/anatomy.htm op 15 Junie 2009.
- Hough, R.P.** 1998. *Beginsels vir 'n Bybelvertaling vir Afrikaanse Dowes*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif. Stellenbosch: Stellenbosch Universiteit.
- Householder, F.W.** 1967. Summary Report. In Householder, F.W., S. Saporta (reds.). *Problems in lexicography*². Den Haag: Bloomington.
- Howell, M.** 2012. <http://www.hypnotherapyarticles.com/ArtP/articlep00019.htm> op 16 Mei 2012.
- Hua, T.K. en P.C. Woods.** 2008. Media-Related Or Generic-Related Features In Electronic Dictionaries: Learners' Perception And Preferences. *GEMA Online Journal of Language Studies* 8 (2): 1-17.
http://www.ukm.my/ppbl/Gema/GEMA%20vol%208%20%282%29%202008/page1_17.pdf op 29 Augustus 2011.
- Ilson, R. (red.).** 1985. *Dictionaries, Lexicography and Language Learning*. Oxford: Pergamon Press.
- Jackson, H.** 1985. Grammar in the Dictionary. In Ilson, R. (red.). *Dictionaries, Lexicography and Language Learning*: 53-59. Oxford: Pergamon Press.

Johnson, S. 2013.

http://quotes.dictionary.com/Every_other_author_may_aspire_to_praise_the op 25 Januarie 2013.

Johnston, T. 1987. *Preliminary Signing Dictionary of Australian Sign Language*. Adelaide: TAFE National Centre for Research and Development.

Johnston, T. 1989(b). Auslan: The Sign Language of the Australian Deaf Community. Ongepubliseerde doktorsproefskrif. Sydney: Universiteit van Sydney.

Johnston, T. 2003a. Language Standardization and Sign Language Dictionaries. *Sign Language Studies* 3(4): 431 - 468.

Johnston, T. 2003b. W(h)ither the Deaf Community? *American Annals of the Deaf* 148(5): 358-377.

Johnston, T. 2009. Creating a Corpus of Auslan within an Australian National Corpus. In Burrige, K., M. Haugh, J. Mulder en P. Peters (reds.). *HSCNet Workshop Proceedings: Designing the Australian National Corpus, UNSW, Sydney, 4-5 December 2008*: 87-95. Sydney: HSCNet.

Johnston, T. en A. Schembri. 1999. On defining lexeme in a signed language. *Sign Language and Linguistics* 2(2): 115 – 185.

Kammerer, M. en H.E. Wiegand. 1998. Über die textuelle Rahmenstruktur von Printwörterbüchern: Präzisierung und weiterführende Überlegungen. *Lexicographica* 14: 224-237.

Karlsson, F. 1984. Structure and iconicity in sign language. In Loncke, F., P. Boyes-Braem, Y. Lebrun. (reds.). *Recent Research on European Sign Languages*: 149–155. Lisse: Swets en Zeitlinger B.V.

Kellogg, W.N. en L.A. Kellogg. 1967. *The Ape and The Child: A comparative study of the Environmental Influence upon early behavior*. New York en Londen: Hafner Publishing Company.

Kiyaga, N.B. en D.F. Moores. 2003. Deafness in Sub-Saharan Africa. *American Annals of the Deaf* 148(1): 18-24.

- Klima, E.S. en U. Bellugi.** 1979. *The Signs of Language*. Cambridge, Mass.: Harvard University Press.
- Krausnecker, V.** 2003. Has something changed? Sign Languages in Europe: the case of minorised minority languages. *Deaf Worlds. International Journal of Deaf Studies* 19(2): 33-48.
- Kristoffersen, J.H. en T. Troelsgård.** 2010. Making a dictionary without words: Lemmatization problems in a sign language dictionary. *eLexicography in the 21st Century: New Challenges, New Applications*. Proceedings of eLex 2009, Cahiers du Cental 7, Louvain-la-Neuve: 165-172.
- Kyle, J. en B. Woll.** 1985. *Sign language: the study of deaf people and their language*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Labov, W.** 1972. *Sociolinguistic Patterns*. Oxford: Blackwell.
- Landau, S.I.** 1984. *Dictionaries: the Art and Craft of Lexicography*. New York: The Scribner Press.
- Lane, H.** 1984. *When the mind hears: A history of the deaf*. New York: Random House.
- Lane, H.** 1992. *The mask of benevolence: Disabling the deaf community*. New York: Alfred A. Knopf.
- Lane, H.** 1993. Cochlear implants: Their cultural and historical meaning. In Van Cleve, J. (red.). *Deaf history unveiled: 272-291*. Washington, DC: Gallaudet University Press.
- Lane, H., R. Hoffmeister en B. Bahan.** 1996. *A journey into the deaf-world*. San Diego, CA: DawnSign Press.
- Lanz, J.A.** 2005. <http://www.pbbase.com/image/43143417> op 7 Mei 2005.
- Lawson, L.** 1981. The Role of Sign in the Structure of the Deaf Community. In Woll, B., J. Kyle en M. Deuchar (reds.). *Perspectives on British Sign Language and Deafness: 166-177*. Londen: Croom Helm Ltd.

- Lemberg, I., B. Schröder en A. Storrer (reds.).** 2001. *Chancen und Perspektiven computergestützter Lexikographie*. Tübingen: Max Niemeyer Verlag.
- Lübke, D.** 1982. *Das Wörterbuch im Französischunterricht. Überlegungen zu den Schulwörterbüchern von morgen*. München: Langenscheidt.
- Lucas, C.** 2003. The Role of Variation in Lexicography. *Sign Language Studies* 3(3): 322-340.
- Lucas, C. en C. Valli.** 1989. Language contact in the American Deaf community. Lucas, C. (red.). *The sociolinguistics of the Deaf community*: 11-40. San Diego: Academic Press.
- Lucas, C. en C. Valli.** 1992. *Language Contact in the American Deaf Community*. San Diego: Academic Press.
- Lucas, C. en C. Valli.** 2002. ASL, English, and Contact Signing. Lucas, C. (red.). *Sign Language Research: Theoretical Issues*: 288-307. Washington, DC: Gallaudet University Press.
- Machabée, D.** 1995. Description and Status of Initialized Signs in Quebec Sign Language. In Lucas, C. (red.). *Sociolinguistics in Deaf Communities*: 29-61. Washington DC: Gallaudet University Press.
- Manley, J., J. Jacobsen en V.H. Pedersen.** 1988. Telling lies efficiently: terminology and the microstructure in the bilingual dictionary. In Hyldgaard-Jensen, K. en A. Zettersten (reds.). *Symposium on Lexicography III*: 281-301. Tübingen: Niemeyer.
- Markowicz, H. en J. Woodward.** 1978. Language and the Maintenance of Ethnic Boundaries in the Deaf Community. *Communication and Cognition* 11(1): 29-38.
- Matoré, G.** 1968. *Histoire des dictionnaires français*. Parys: Librairie Larousse.
- Mavoungou, P.A.** 2002. *Metalexicographical criteria for the compilation of a trilingual dictionary: Yilumbu-English-French*. Ongepubliseerde doktorske proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

- Mayer, C. en C.T. Akamatsu.** 1999. Bilingual-Bicultural models of literacy education for deaf students: considering the claims. *Journal of Deaf Studies and Deaf Education* 4(1): 1-8.
- McArthur, T.** 1986. *Worlds of Reference*. Cambridge: Cambridge University Press.
- McKee, R. en Y. Biederman.** 2003. The Construction of Learning Contexts for Deaf Bilingual Learners. In Barnard, R. en T. Glynn (reds.). *Bilingual Children's Language and Literacy Development*: 194-224. Clevedon: Multilingual Matters.
- McKee, R. en D. McKee.** 2012. New Zealand Sign Language Online: Insights from the making of a modern, multimedia dictionary. Programrede aangebied tydens die 17de jaarlikse internasionale Afrilex-konferensie van 2 tot 5 Julie 2012 by die Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika.
- Mesthrie, R., J. Swann, A. Deumert en W. L. Leap.** 2000. *Introducing Sociolinguistics*. Edinburg: Edinburgh University Press.
- Miller, C.** 2002. Some reflections on the need for a common sign notation. *Sign Language & Linguistics* 4(1): 11-28.
- Milroy, J. en L. Milroy.** 1999. *Authority in Language: Investigating Standard English*. Londen en New York: Routledge.
- Mitchell, R.E. en M.A. Karchmer.** 2004. Chasing the mythical ten percent: Parental hearing status of deaf and hard of hearing students in the United States. *Sign Language Studies* 4(2): 138-163.
- Morgan, R.** (red.). 2008. *Deaf me normal: Deaf South Africans tell their life stories*. Pretoria: UNISA.
- Murray, J.A.H.** 1900. *The Evolution of English Lexicography*. Oxford: Clarendon Press.
- National Institute on Deafness and Other Communication Disorders.** 2011. <http://www.nidcd.nih.gov/health/hearing/asl.asp> op 11 September 2011.

Neidle, C., J. Kegler, D. MacLaughlin, B. Bahan en R.G. Lee. 2000. *The Syntax of American Sign Language: Functional Categories and Hierarchical Structure*.

Boston: Massachusetts Institute of Technology.

Nesi, H. 2000. Electronic Dictionaries in Second Language Vocabulary Comprehension and Acquisition: the State of the Art. In Heid, U., S. Evert, E. Lehmann en C. Rohrer (reds.). *Proceedings of the Ninth EURALEX International Congress, EURALEX 2000, Stuttgart, Germany, August 8th – 12th*: 839-847. Stuttgart: Universität Stuttgart, Institut für Maschinelle Sprachverarbeitung.

Nieder-Heitmann, N. 1980. *Praat met die dowe: 'n Visuele Handboek met gestandaardiseerde gebare vir Dowe in Suid-Afrika*. Pretoria: Staatsdrukker.

Nielsen, J. 2000. *Designing Web Usability: The Practice of Simplicity*. San Francisco: New Riders Publishing.

Nielsen, S. 1995. Alphabetic macrostructure. In Bergenholtz, H. en S. Tarp (reds.). *Manual for Specialised Lexicography*: 190-195. Amsterdam: John Benjamins.

Ogilvy Foreman, D., C. Penn en T. Reagan. 1994. Selected Syntactic Features of South African sign language: a preliminary analysis. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 12(4): 118-123.

Oppentocht, L. en R. Schutz. 2003. Developments in electronic dictionary design. In Van Sterkenburg, P. (red.). *A Practical Guide to Lexicography*: 213-227. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins Publishing Company.

Oxford English Dictionary. 2012. <http://public.oed.com/history-of-the-oed/> op 15 September 2012.

Padden, C. 1980. The Deaf Community and the Culture of Deaf People. In Baker, C. en Battison, R. (reds.). *Sign Language and the Deaf Community: Essays in Honor of William C. Stokoe*: 89-104. Silver Spring, MD: The National Association of the Deaf.

Padden, C. en V.L. Hanson. 2000. Search for the missing link: The development of skilled reading in deaf children. In Emmorey, K. en H. Lane (reds.). *The Signs of*

Language Revisited: An Anthology to Honor Ursula Bellugi and Edward Klima: 435-447. Hillsdale, NJ: Lawrence Erlbaum.

Padden, C. en C. Ramsey. 1998. Reading ability in signing deaf children. *Topics in Language Disorders* 18(4): 30-46.

Parisi, M. 2002. <http://www.offthemark.com/cartoons/dialect/> op 29 Maart 2002.

Patterson, F. G. en E. Linden. 1980. *The education of Koko*. New York: Holt, Reinhart and Winston.

Penn, C. 1992(a). The sociolinguistics of South African Sign Language. In Herbert, R.K. (red.). *Language and society in Africa*: 277-284. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Penn, C. en T. Reagan. 1990. How do you sign "apartheid"? The politics of South African Sign Language. *Language Problems and Language Planning* 14 (2): 91-103.

Penn, C., T. Reagan en D. Ogilvy. 1991. Deaf-hearing interchange in South Africa. *Sign Language Studies* 71: 131-142.

Penn, C. en T. Reagan. 1994. The properties of South African Sign Language: lexical diversity and syntactic unity. *Sign Language Studies* 85: 319-327.

Phonetics Laboratory. 2011. www.phon.ox.ac.uk op 26 Februarie 2011.

Pinker, S. 1994. *The Language Instinct: How the Mind Creates Language*. New York: Harper Collins.

Pinker, S. 1997. *How the Mind Works*. New York: Norton.

Pizzuto, E. en P. Pietrandrea. 2002. The notation of signed texts: Open questions and indications for further research. *Sign Language & Linguistics* 4(1): 29-45.

Preisler, G., M. Ahlström en A.-L. Tvingstedt. 1997. The Development of Communication and Language in Deaf Preschool Children with Cochlear Implants. *International Journal of Pediatric Otorhinolaryngology* 41(3): 263-272.

- Premack, D. en A.J. Premack.** 1974. Teaching visual language to apes and language-deficient persons. Schiefelbusch, R.L. en L.L. Lloyd (reds.). *Language Perspectives: acquisition, retardation and intervention*. Londen en Basingstoke: Macmillan.
- Prillwitz, S., R. Leven, H. Zienert, T. Hanke en J. Henning.** 1989. *HamNoSys. Version 2.0. Hamburg Notation System for Sign Language: An Introductory Guide*. Hamburg: Signum Verlag.
- Reagan, T.** 1995. A Sociocultural Understanding of Deafness: American Sign Language and the Culture of Deaf People. *International Journal of Intercultural Relations* 19(2): 239-251.
- Reagan, T.** 2002. Teaching and Learning Sign Language as a "Foreign" Language. *Tydskrif vir Taalonderrig* 36(3&4): 175-205.
- Reagan, T. (red.).** 2005. *Critical questions, critical perspectives: language and the second language educator*. Greenwich: Information Age Publishing Inc.
- Reagan, T. en C. Penn.** 1997. Language Policy, South African Sign Language, and the Deaf: Social and Educational Implications. *Southern African Journal of Applied Language Studies* 5(1): 1-13.
- Rumbaugh, D. M.** 1977. *Language learning by a chimpanzee: the Lana project*. New York: Academic Press.
- SAFCD** (South African Federal Council on Disability) **en DEAFSA verslag.** Geen datum.
- Schein, J.D.** 1968. *The Deaf Community: Studies in the Social Psychology of Deafness*. Gallaudet: Gallaudet College Press.
- Schein, J.D. en M.T. Delk Jnr.** 1974. *The Deaf Population of the United States*. Silver Spring, MD: The National Association of the Deaf.
- Schembri, A.** 1996. *The Structure and Formation of Signs in Auslan (Australian Sign Language)*. Sydney: North Rocks Press.

- Schermer, T.** 2004. *Sign Language Lexicography*. Stichting Nederlands Gebarencentrum. <http://www.gebarencentrum.nl/publicaties.asp>
- Schermer, T. en C. Koolhof.** 2010. The first national Dutch Sign Language (NGT) Dictionary in book form: Van Dale Basiswoordenboek Nederlandse Gebarentaal. *Proceedings of the 14th EURALEX International Congress: 1555-1564*. 6-10 Julie 2010. Leeuwarden/Ljouwert, Nederland.
- Senghas, A.** 2002. Spatial and temporal coding of Nicaraguan Sign Language in MediaTagger: Documenting three dimensions with a two-dimensional tool. *Sign Language & Linguistics* 4(1): 229-240.
- Simpson, J.M.Y.** 1981. The challenge of minority languages. Haugen, E., J. D. McClure en D. Thomson (reds.). *Minority languages today: 235-241*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Singleton, J.** 1989. *Restructuring of language from impoverished input*. Doktorale proefskrif. Urbana-Campaign: Universiteit van Illinois.
- Singleton, J. en E. Newport.** 1987. Constraints on learning: Studies in the acquisition of American Sign Language. *Papers and Reports on Child Language Development* 23: 1-22.
- Singleton, J. en E. Newport.** 1994. *When learners surpass their models: The acquisition of American Sign Language from impoverished input*. Ongepubliseerde manuskrip. Urbana-Campaign: Universiteit van Illinois.
- SignWriting for Sign Languages.** 2011. www.signwriting.org op 5 Junie 2011.
- Slobin, D.I.** 2008. Breaking the Molds: Signed Languages and the Nature of Human Language. *Sign Language Studies* 8(2): 114–130.
- Smit, M.** 1996. *Wiegand's Metalexigraphy as a Framework for a Multilingual, Multicultural, Explanatory Music Dictionary for South Africa*. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Stellenbosch: Stellenbosch Universiteit.
- Smuts-Pauw, E.** 2002. Inclusive Education: the way forward as seen by DEAFSA. SANASE-konferensie en jaarvergadering.

South African Sign Language – Home Language (Grades R – 9). 2010.

Onderwysdepartement, Vrystaat.

Steitler, K., J. Cassel en W. Webster. 1982. Self-concept and substance abuse intervention. In Culhane, B. en C. Williams (reds.). *Social aspects of educating deaf persons (Social Aspects of Deafness Monograph Vol. 2)*. Washington, DC: Gallaudet College.

Stokoe, W.C. 1994. A Sign Language Dictionary. In Erting, C., R.C. Johnson, D.L. Smith en B.N. Snider (reds.). *The Deaf Way: Perspectives from the international conference on Deaf culture*. Washington, D.C.: Gallaudet University Press.

Storrer, A. 1998. Hypermedia-Wörterbücher: Perspektiven für eine neue Generation elektronischer Wörterbücher. In Wiegand, E. (red.). *Wörterbücher in der Diskussion III: Vorträge aus dem Heidelberger Lexicographischen Kolloquium*. Lexicographica. Series Maior 84: 106-131. Tübingen: Niemeyer.

Suzuki-roshi, S. 2012. <http://blog.gaiam.com/quotes/authors/shunryu-suzuki-roshi?page=1> op 19 September 2012.

Svensén, B. 2009. *A Handbook of Lexicography: The Theory and Practice of Dictionary-Making*. Cambridge: Cambridge University Press.

Tarp, S. 2000. Theoretical Challenges to Practical Specialised Lexicography. *Lexikos 10*: 189-208.

Tarp, S. 2002. Translation Dictionaries and Bilingual Dictionaries – Two Different Concepts. *Journal of Translation Studies 7*: 57-82.

Tarp, S. 2008. *Lexicography in the Borderland between Knowledge and Non-Knowledge*. Tübingen: Max Niemeyer Verlag.

Tarp, S. 2009. Beyond Lexicography: New Visions and Challenges in the Information Age. In Bergenholtz, H., S. Nielsen en S. Tarp (reds.). *Lexicography at a crossroads: dictionaries and encyclopedias today, lexicographical tools tomorrow*. Bern: Peter Lang AG.

Terrace, H. S. 1979. *Nim: A Chimpanzee Who Learned Sign Language*. New York: Knopf.

- Thomaszczyk, J.** 1987. FL learners' communication failure: implications for pedagogical lexicography. In Cowie, A.P. (red.). *The Dictionary and the Language Learner. Papers from the EURALEX Seminar at the University of Leeds, 1 – 3 April 1985*: 136-145. Tübingen: Niemeyer (Lexicographica. Series Maior 17).
- Uys, C. en C. Nel.** 2011. *Die herkenning van hoëfrekwensiewoorde en die direkte onderrig van die vaslegging van klanke bevorder leesvaardighede van leerders in die grondslagfase*. http://www.pmg.org.za/files/docs/100727nwuys_0.doc op 22 Augustus 2011.
- Valli, C. en Lucas, C.** 2000. *Linguistics of American Sign Language*³. Washington, DC: Gallaudet University Press.
- Valli, C. (red.)**. 2005. *The Gallaudet Dictionary of American Sign Language*. Washington, DC: Gallaudet University Press.
- Vermeerbergen, M.** 2006. Past and current trends in sign language research. *Language and Communication* 26: 168-192.
- Wardhaugh, R.** 1998. *An Introduction to Sociolinguistics*. Oxford: Blackwell.
- Washabaugh, W.** 1981. Sign Language in its Social Context. *Annual Review of Anthropology* 10: 237-252.
- Whinnom, K.** 1971. Linguistic hybridization and the "special case" of Pidgins and Creoles. D. Hymes (red.). *Pidginization and creolization of languages*: 91-115. New York: Cambridge University Press.
- Widex International.** 2011. <http://www.widex.com/en/hearing/hearing/abouthearingloss/> op 10 Mei 2011.
- Wiegand, H.E.** 1983. Was ist eigentlich ein Lemma? Ein Beitrag zur Theorie der lexikographischen Sprachbeschreibung. In Wiegand, H.E. (red.). *Studien zur neuhochdeutschen Lexicographie III*: 139-271. Hildesheim/New York: Olms.
- Wiegand, H.E.** 1989a. Aspekte der Makrostruktur im allgemeinen einsprachigen Wörterbuch: alphabetische Anordnungsformen und ihre Probleme. In Hausmann, F.J., O. Reichmann, H.E. Wiegand en L. Zgusta (reds.). 1989-1991. *Wörterbücher: ein internationales Handbuch zur Lexicographie / Dictionaries: an international*

encyclopedia of lexicography / Dictionnaires: encyclopédie internationale de lexicographie: 371-409. Berlyn, New York: Walter de Gruyter.

Wiegand, H.E. 1989b. Der Begriff der Mikrostruktur: Geschichte, Probleme, Perspektiven. In Hausmann, F.J., O. Reichmann, H.E. Wiegand en L. Zgusta (reds.). 1989-1991. *Wörterbücher: ein internationales Handbuch zur Lexicographie / Dictionaries: an international encyclopedia of lexicography / Dictionnaires: encyclopédie internationale de lexicographie*: 409-462. Berlyn, New York: Walter de Gruyter.

Wiegand, H.E. 1989c. Formen von Mikrostrukturen im allgemeinen einsprachigen Wörterbuch. In Hausmann, F.J., O. Reichmann, H.E. Wiegand en L. Zgusta (reds.). 1989-1991. *Wörterbücher: ein internationales Handbuch zur Lexicographie / Dictionaries: an international encyclopedia of lexicography / Dictionnaires: encyclopédie internationale de lexicographie*: 462-501. Berlyn, New York: Walter de Gruyter.

Wiegand, H.E. 1990. Printed Dictionaries and Their Parts as Texts. An Overview of More Recent Research as an Introduction. *Lexicographica* 6: 1-126.

Wiegand, H.E. 1996a. Über die Mediostrukturen bei gedruckten Wörterbüchern. In Zettersten, A., V.H. Pedersen (reds.). *Symposium on Lexicography VII. Proceedings of the Seventh Symposium on Lexicography May 5-6, 1994, at the University of Copenhagen*: 11-43. Tübingen: Max Niemeyer Verlag.

Wiegand, H.E. 1996b. A Theory of Lexicographical Texts: An Overview. *South African Journal of Linguistics* 14(4): 134-149.

Wiegand, H.E. 1998. *Wörterbuchforschung: Untersuchungen zur Wörterbuchbenutzung, zur Theorie, Geschichte, Kritik und Automatisierung der Lexikographie*. 1. Teilband. Berlyn: De Gruyter.

Wiegand, H.E. 2002a. Zur Makrostruktur und zu den äußeren Zugriffsstrukturen im de Gruyter Wörterbuch Deutsch als Fremdsprache. In Wiegand, H.E. (red.). *Perspektiven der pädagogischen Lexikographie des Deutschen II. Untersuchungen anhand des "de Gruyter Deutsch als Fremdsprache"*: 413-442. Tübingen: Max Niemeyer Verlag.

- Wiegand, H.E.** 2002b. Altes und Neues zur Mediostrukturen in Printwörterbüchern. *Lexicographica. International Annual for Lexicography* 18: 168-252.
- Wikipedia.** 2011. Cochlear implant. http://en.wikipedia.org/wiki/Cochlear_implant op 6 April 2011.
- Wikipedia.** 2012. Glossing signed languages. http://en.wikipedia.org/wiki/Gloss#Glossing_signed_languages op 1 Junie 2012.
- Wilbur, R. en M. Fristoe.** 1986. "I had a wonderful, if somewhat unusual, childhood": Growing up hearing in a deaf world. Christiansen, J. en R. Meisegeier (reds.). *Papers for the Second Research Conference on the Social Aspects of Deafness*: 1-49. Washington, DC: Gallaudet College.
- Wilbur, R.B.** 1987. *American Sign Language. Linguistic and Applied Dimensions²*. Boston, Massachusetts: College-Hill Press.
- Woititz, J.** 1983. *Adult children of alcoholics*. Hollywood, FL: Health Communications.
- Woll, B.** 2003. Modality, universality, and the similarities among sign languages: an historical perspective. In Baker, A., Van den Bogaerde, B., Crasborn, O. (reds.). *Cross-linguistic Perspectives in Sign Language Research*: 17-27. Hamburg: Signum Press.
- Woodward, J.C.** 1973a. Some observations on sociolinguistic variation and American Sign Language. *Kansas Journal of Sociology* 9: 191-200.
- Woodward, J.C.** 1973b. Some characteristics of Pidgin Sign English. *Sign Language Studies* 2 (3): 39-46.
- Woodward, J.C.** 1976. Black Southern Signing. *Language in Society* 5 (2): 211-218.
- Woodward, J.C. en S. de Santis.** 1977. Negative incorporation in French and American sign language. *Language in Society* 6: 379-388.

Woodward, J.C. en H. Markowicz. 1980. Pidgin Sign Languages. In Stokoe, W.C. (red.). *Sign and Culture: A Reader for Students of American Sign Language*: 55-79. Silver Spring, Maryland: Linstok Press.

Zgusta, L. 1971. *Manual of Lexicography*. Den Haag en Praag: Mouton-Academia.

Zöfgen, E. 1991. Bilingual Learner's Dictionaries. In Hausmann, F.J., O. Reichmann, H.E. Wiegand en L. Zgusta (reds.). 1989-1991. *Wörterbücher: ein internationales Handbuch zur Lexicographie / Dictionaries: an international encyclopedia of lexicography / Dictionnaires: encyclopédie internationale de lexicographie*: 2888 – 2903. Berlyn en New York: Walter de Gruyter.

Zwitserlood, I. 2010. Sign language lexicography in the early 21st century and a recently published dictionary of Sign Language of the Netherlands. *International Journal of Lexicography* 23(4): 443-476.

Woordeboeke

Bosman, D.B. et al. (reds.). 1984⁸. *Tweetalige woordeboek/Bilingual Dictionary*. Kaapstad: Tafelberg.

Botha, M. et al. (vert.). 1993. *Mediese Woordeboek*. Kaapstad: Oxford University Press.

Du Plessis, M. 1993. *Tweetalige Aanleerderswoordeboek/Bilingual Learner's Dictionary*. Kaapstad: Tafelberg.

Eksteen, L.C. et al. (reds.). 1997¹⁴. *Groot Woordeboek/Major Dictionary*. Kaapstad: Pharos.

Gouws, R., L. Potgieter en S. Burgess (reds.). 2010. *Longman Grondslagfasewoordeboek Afrikaans/Engels*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

Hiles, L. en I. Redelinghuijs (reds.). 2010. *Oxford First Bilingual Dictionary: Afrikaans + English*³. Kaapstad: Oxford University Press.

Lewis, N. (red.). 1986. *The new Roget's thesaurus in dictionary form*. New York: Berkley Books.

Morehead, A.H. (red.). 1978. *The American Roget's College Thesaurus in Dictionary Form*. New York: Signet Press.

Odendal, F.F., R.H. Gouws (reds.). 2000⁴. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Midrand: Perskor.

Proctor, P. 1978. *Longman Dictionary of Contemporary English*. Londen: Longman.

Robert, P. 1959. *Dictionnaire alphabétique et analogique de la langue française*. Parys : Société du nouveau littré.

Roget, P.M. 1853. *Thesaurus of English Words and Phrases*. Londen en Harlow: Longman.

Rowlinson, W. 2001. *Oxford French Dictionary and Grammar²*. Oxford: Oxford University Press.

Van Blerk, M.E. 1994. *Afrikaanse Verklarende Musiekwoordeboek*. Kaapstad: Vlaeberg.

Gebaretaalwoordeboeke

Brien, D. (red.). 1992. *Dictionary of British Sign Language/English*. Londen: Faber en Faber.

Howard, S. 2008. *Finger Talk: South African Sign Language (SASL) Dictionary*. Gillitts: Fulton School for the Deaf.

Johnston, T. 1989(a). *Auslan Dictionary: a Dictionary of Australian Sign Language (Auslan)*. Adelaide: TAFE national Centre for Research and Development.

Malm, A. (red.). 1998. *Suomalaisen viittomakielen perussankirja*. Helsinki: Libris Oy.

Penn, C. (red.). 1992(b). *Dictionary of Southern African signs for communicating with the deaf*. Volume 1. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Penn, C. (red.). 1993-1994. *Dictionary of Southern African signs for communicating with the deaf*. Volumes 2-5. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Radutzky, E. (red.). 1992. *Dizionario bilingue elementare della Lingua Italiana dei Segni*. Rome: Edizioni Kappa.

Stokoe, W.C., D.C. Casterline, C.G. Croneberg. 1976. *A Dictionary of American Sign Language on Linguistic Principles. New Edition*. Washington DC: Gallaudet University Press.

Valli, C. (red.). 2005. *The Gallaudet Dictionary of American Sign Language*. Washington, DC: Gallaudet University Press.

Aanlyn woordeboeke

(DTS) (*Internetwoordeboek van Deense Gebaretaal*) **Center for Tegnsprog**. 2008.
Ordbog over Dansk Tegnsprog: <http://www.tegnsprog.dk>

(e-LIS) (*Internetwoordeboek van Italiaanse Gebaretaal*) Dizionario elettronico di base bilingue Lingua Italiana dei Segni – italiano: http://elis.eurac.edu/index_en

(LedaSila) (*Internetwoordboek van Oostenrykse Gebaretaal*) <http://ledasila.uniklu.ac.at>

(NZSL Online) **McKee, D. (red.)**. *The Online Dictionary of New Zealand Sign Language*. <http://nzsl.vuw.ac.nz/>

(SSL) (*Internetwoordeboek van Sweedse Gebaretaal*) **Institutionen för Lingvistik**. 2009. *Svenskt teckenspråkslexikon*.
<http://130.237.171.78/fmi/iwp/cgi?db=Digital%20version%20av%20Svenskt%20teckenspr%C3%A5kslexikon&-loadframes>

(SVK) (*Internetwoordeboek van Finse Gebaretaal*) **Kuurojen Liittory**. 2003. *Suvi (Suomalaisen viittomakielen perussanakirja)*: <http://suvi.viittomat.net>

(VGT) **Van Herreweghe, M., S. Slembrouck en M. Vermeerbergen**. 2004. *Digitaal Vlaamse Gebarentaal-Nederlands/Nederlands-Vlaamse Gebarentaal woordenboek*: <http://gebaren.ugent.be/>

Persoonlike korrespondente

Cook, P.A. 2010. (Horend). Hoof, De la Bat Skool vir Dowes in Worcester.

Drüchen, B. 2003. (Doof). Nasionale direkteur van DEAFSA.









Kleinschmidt, E. 2004. (Doof). Pensioenaris, voorheen verbonde aan die De la Bat Skool vir Dowes in Worcester.









Schembri, A. 2011. (Horend). Gebaretaalanvorsers.









Van Niekerk, A. 2010. (Horende kind van Dowe ouers). Verbonde aan die De la Bat Skool vir Dowes en Nasionale Instituut vir Dowes in Worcester.

ADDENDUM: KLASSIFISEERDERHANDVORME IN BSL

Uit Brennan (1992: 53-67):

<p><i>Classifier handshape</i></p> <p><i>Size and shape</i></p> <p><i>Tracing size and shape</i></p> <p><i>Handling</i></p> <p><i>Instrumental</i></p> <p><i>Touch</i></p>	<p>A</p> <p>round or spherical objects; compact or solid objects; horse galloping (p. 51²¹⁷), ball, head, hoof, jaw</p> <p>hold narrow and/or cylindrical objects; hold handles; shake prison bars, snooker cue, jug, briefcase instruments with round, spherical or solid base; pestle²²⁶, polo stick, croquet hammer, mallet, poss stick actions of the closed fist; boxer (sign 82), knock, tap, hit, punch</p>		 <p>226. pestle</p>
<p><i>Classifier handshape</i></p> <p><i>Size and shape</i></p> <p><i>Tracing size and shape</i></p> <p><i>Handling</i></p> <p><i>Instrumental</i></p> <p><i>Touch</i></p>	<p>A</p> <p>small, compact object with short upright extension; vinegar (sign 205), oil shaker, vinegar bottle, candle tracing outlines of shapes; obese (sign 214), straight line, arc, braces, curve of stomach holding tool with blade or cutting component; potato peeler (sign 210), razor, carving tool instruments with blade; carve²²⁷, razor, scalpel, knife, penknife, stanley knife touching small items or areas with thumb; doorbell (sign 162), sticking plaster, push button, ear plugs</p>		 <p>227. carve</p>
<p><i>Classifier handshape</i></p> <p><i>Size and shape</i></p> <p><i>Tracing size and shape</i></p> <p><i>Handling</i></p> <p><i>Instrumental</i></p> <p><i>Touch</i></p>	<p>Ä</p> <p>holding narrow cylindrical objects, narrow flat objects and small objects: particularly used for objects needing fine control; magnifying glass²²⁸, hammer, drumsticks, racquet, key</p>		 <p>228. magnifying glass</p>
<p><i>Classifier handshape</i></p> <p><i>Size and shape</i></p> <p><i>Tracing size and shape</i></p> <p><i>Handling</i></p> <p><i>Instrumental</i></p> <p><i>Touch</i></p>	<p>G</p> <p>objects which are relatively long and thin, often cylindrical: the person classifier occupies a major paradigm of its own; cigarette²²⁹, leg, missile, penis, tube train index fingers trace size, shape or outline of shapes and objects; window (sign 441), square, triangle, lightning holding objects on tip of index finger; contact lens, plates (as in spinning plates) instruments with long narrow, often cylindrical, component; compass (sign 403), rowel, knitting needles, compass needle actions of the index finger get at (sign 444), prod, poke, press/push buttons</p>		 <p>229. cigarette</p>

<p><i>Classifier handshape</i></p> <p><i>Size and shape</i></p> <p><i>Tracing size and shape</i></p> <p><i>Handling</i></p> <p><i>Instrumental</i></p> <p><i>Touch</i></p>	<p>G</p> <p>objects with one long and one short extension at right angles; walking stick, set square</p> <p>tracing dimensions, particularly depth of items, e.g. on body; briefs (sign 742), bikini, bra, pants</p> <p>(usually combines with instrumental function) holding items with long narrow extension; petrol (sign 462), gun, electric drill, staple gun, video camera</p> <p>(usually combines with handling function) instruments with long narrow extensions; gun (sign 463)²³⁰, electric drill, staple gun</p>	  <p>230. gun</p>
<p><i>Classifier handshape</i></p> <p><i>Size and shape</i></p> <p><i>Tracing size and shape</i></p> <p><i>Handling</i></p> <p><i>Instrumental</i></p> <p><i>Touch</i></p>	<p>C</p> <p>triangular or wedge-shaped objects; beak, wedge, bow (two hands)</p> <p>used with initial opening action to trace position and shape of objects; ear ring, collar, cuffs</p> <p>holding small, tiny or delicate objects or relatively flat items; pill (sign 476)²³¹, capsule, jewellery, audiotape, paper</p> <p>instruments with wedge-shaped or triangular components (rare); wedge</p>	  <p>231. pill</p>
<p><i>Classifier handshape</i></p> <p><i>Size and shape</i></p> <p><i>Tracing size and shape</i></p> <p><i>Handling</i></p> <p><i>Instrumental</i></p> <p><i>Touch</i></p>	<p>E</p> <p>objects with two parallel surfaces; bird (sign 479), beak, clothes peg, paper clip</p> <p>tracing the position and size of narrow objects or sections; layer (e.g. of custard on a trifle)²³², envelope, rim, border, subtitles</p> <p>holding shallow, flat items; audiotape, shallow box, shallow book</p> <p>instruments with two parallel flat surfaces; paper clip, clothes peg</p>	  <p>232. layer</p>
<p><i>Classifier handshape</i></p> <p><i>Size and shape</i></p> <p><i>Tracing size and shape</i></p> <p><i>Handling</i></p> <p><i>Instrumental</i></p> <p><i>Touch</i></p>	<p>C</p> <p>objects which are relatively long and thin, often cylindrical: the person classifier occupies a major paradigm of its own; kick (sign 546), leg, missile, pole, tube train</p> <p>index fingers trace size, shape or outline of shapes and objects; certificate (sign 562), roundabout, disc, wheel, saucer</p> <p>holding objects on tip of index finger; contact lens, plates (as in spinning plates)</p> <p>instruments with long narrow, often cylindrical, component; compass (sign 443), dowel, knitting needle, dibber, compass needle</p> <p>actions of the index finger; push button telephone²³³, prod, poke, press/push buttons</p>	  <p>233. push button telephone</p>

<p><i>Classifier handshape</i></p> <p><i>Size and shape</i></p> <p><i>Tracing size and shape</i></p> <p><i>Handling</i></p> <p><i>Instrumental</i></p> <p><i>Touch</i></p>	<p>Ċ</p> <p>bent or curved objects; sitting with legs apart²³⁴, bent legs, hooked nose, hearing aid to trace position and size of (often uneven) lines; tears (sign 574), cracks, zig-zag patterning handling objects with bent index finger; ring pull (sign 592), circular aperture instruments with a hooked component; caravan (sign 597), butcher's hook, crane hook, towing hook</p>		 <p>234. sitting with legs apart</p>
<p><i>Classifier handshape</i></p> <p><i>Size and shape</i></p> <p><i>Tracing size and shape</i></p> <p><i>Handling</i></p> <p><i>Instrumental</i></p> <p><i>Touch</i></p>	<p>Ġ</p> <p>used primarily as a tracing size and shape classifier to trace the position and size of narrow flat objects; tie (sign 605), belt, braces, bill handling cylindrical objects or objects whose use requires a squeezing action; shotgun (sign 609)²³⁵, hose, torch, toothpaste, filler</p>		 <p>235. shotgun</p>
<p><i>Classifier handshape</i></p> <p><i>Size and shape</i></p> <p><i>Tracing size and shape</i></p> <p><i>Handling</i></p> <p><i>Instrumental</i></p> <p><i>Touch</i></p>	<p>ġ</p> <p>used with opening and closing action to trace position and shape; moon (sign 616), segment, carrings handling of tiny objects or writing implements; chalk (sign 615)²³⁶, bit, earmould, pen, biro instruments which can be handled by the thumb and index finger (see handling classifiers)</p>		 <p>236. chalk</p>
<p><i>Classifier handshape</i></p> <p><i>Size and shape</i></p> <p><i>Tracing size and shape</i></p> <p><i>Handling</i></p> <p><i>Instrumental</i></p> <p><i>Touch</i></p>	<p>Ĥ</p> <p>curved or bent objects; parrot (sign 639), curved beak, cock, woodpecker, bent legs tracing of narrow, sometimes cylindrical objects and shapes, such as a cross; swan (sign 642)²³⁷, railings, coat hanger, swan's neck, cross handling small object or object with press down attachment; whistle (sign 641), aerosol spray, perfume, breath freshener instrument with curved or bent component (rare: other options such as Ċ typically used)</p>		 <p>237. swan</p>

<i>Classifier handshape</i>	Λ
<i>Size and shape</i>	rare: G would normally be preferred in all functions
<i>Tracing size and shape</i>	objects which are relatively long and thin, often cylindrical:(including persons); horn of unicorn, pole, post, horn
<i>Handling</i>	handling of tiny objects with fingertip: rare; contact lens ²³⁸
<i>Instrumental</i>	long narrow instruments: rare
<i>Touch</i>	



238. contact lens

<i>Classifier handshape</i>	R
<i>Size and shape</i>	long narrow objects intertwined; rope ²³⁹ , braids, ringlets
<i>Tracing size and shape</i>	
<i>Handling</i>	holding items between index and middle fingers; chopsticks
<i>Instrumental</i>	instruments with narrow intertwined components: rare
<i>Touch</i>	



239. rope

<i>Classifier handshape</i>	H
<i>Size and shape</i>	straight narrow objects; dormitory ²⁴⁰ , bed, bench, ears of rabbits, legs of animals
<i>Tracing size and shape</i>	tracing position and shape of objects; corridor (sign 697), bridge, river, path, chef's hat
<i>Handling</i>	
<i>Instrumental</i>	long narrow instruments, especially relating to cutlery; knife (sign 689), spoon, cutlery, spurtle
<i>Touch</i>	



240. dormitory

<i>Classifier handshape</i>	Ā
<i>Size and shape</i>	objects with two parallel surfaces; duck (sign 711), hair slide, beaks of duck, goose, swan
<i>Tracing size and shape</i>	tracing the dimensions of narrow objects and sections; moustache (sign 715) ²⁴¹ , banana, sausages, layer, rim
<i>Handling</i>	holding shallow, flat items; pic dish, audiotape, shallow box
<i>Instrumental</i>	instruments with two parallel flat surfaces; paper clip, clothes peg, microphone clip
<i>Touch</i>	



241. moustache

Classifier handshape

Ĥ



Size and shape

straight narrow objects;
animal walking²⁴², legs of animals, legs of humans, ears of animals

Tracing size and shape

tracing position and shape of objects;
scarf (sign 731), house, bridge

Handling

long narrow instruments, especially relating to cutlery;
dessert spoon (sign 732), spoon, knife, paint brush, spurtle

Instrumental

Touch



242. animal walking

Classifier handshape

Ħ



Size and shape

bent, narrow objects;
sit (sign 734)²⁴³, legs, inverted commas, thick eyebrows
to trace position and size of (often uneven) lines : rare (Ĝ more usual)

Tracing size and shape

Handling

handling objects with bent index and middle finger;
elastic (sign 735), elasticated material, circular aperture
instruments with a hooked component: a rare alternative to Ĝ

Instrumental

Touch



243. sit

Classifier handshape

V



Size and shape

objects with two fixed but moveable long narrow extensions and wedge shaped objects;
compasses (sign 773), legs, scissors, medal (ribbons), glasses

Tracing size and shape

tracing the size, position and outline of narrow objects;
mayor (sign 793), stripes, ribbons, collar, chain of office

Handling

handling objects between the extended index and middle fingers;
smoke (sign 757)²⁴⁴, cigarette, cigar

Instrumental

instruments with two fixed but moveable extensions;
scissors (sign 752), compasses, fork

Touch



244. smoke

Classifier handshape

∇



Size and shape

object with parallel surfaces, one wider than the other;
badge (sign 781), brooch, slide, hair clip, paper clip

Tracing size and shape

handling of narrow object with extension;
hypodermic (sign 782)²⁴⁵, syringe, inject, vaccinate, take blood

Handling

instruments with parallel surfaces, one wider than the other: rare









Instrumental









rare

Touch



245. hypodermic

<i>Classifier handshape</i>	∨		
<i>Size and shape</i>	objects with two fixed but moveable long narrow extensions and wedge shaped objects; walk ²⁴⁶ , legs (highly productive), earrings, medal (ribbons), glasses		
<i>Tracing size and shape</i>	tracing the size, position and outline of narrow objects; police (sign 795), stripes, ribbons, collar, chain of office		
<i>Handling</i>	handling objects between the extended index and middle fingers; smoke (sign 575), cigarette, cigar		
<i>Instrumental</i>	instruments with two fixed but moveable extensions; scissors (sign 752), compasses, fork		
<i>Touch</i>			
<i>Classifier handshape</i>	∨		
<i>Size and shape</i>	objects with two fixed, but moveable bent extensions; bent objects; drunk ²⁴⁷ , legs (highly productive), trolley wires, inverted commas		
<i>Tracing size and shape</i>	tracing the position, size and outline of stripes or lines, especially uneven lines: rare		
<i>Handling</i>	handling of objects by the two bent fingers; tube (safety strap in tube train) (sign 807), circular aperture		
<i>Instrumental</i>	instruments with two, possibly bent, extensions; fork, prongs, double hook		
<i>Touch</i>	touch with two bent fingers: rare		
<i>Classifier handshape</i>	∨		
<i>Size and shape</i>	round or spherical objects or objects with three bent narrow extensions; spiral of coins ²⁴⁸ , badge, watch, stone, claws		
<i>Tracing size and shape</i>	tracing, usually by a twisting action, a circular shape; swelling or bump shown by outward movement; owl (sign 832), circular markings, brooch, panda, bump		
<i>Handling</i>	handling of round, spherical or uneven objects; can't believe one's eyes (sign 831), chess player, stone, eyes (metaphorical handling)		
<i>Instrumental</i>	instrument with three bent prongs; mechanical claw		
<i>Touch</i>	rare		
<i>Classifier handshape</i>	K		
<i>Size and shape</i>	objects with two narrow extensions and wedge shaped objects; decoration (sign 835), medal (ribbons), turkey		
<i>Tracing size and shape</i>	tracing the size, position and outline of narrow objects; alternative to V in stripes, ribbons		
<i>Handling</i>	rare		
<i>Instrumental</i>	instruments with two narrow extensions; clothes peg (sign 836) ²⁴⁹ , paper clip		
<i>Touch</i>			









<p><i>Classifier handshape</i></p> <p><i>Size and shape</i></p> <p><i>Tracing size and shape</i></p> <p><i>Handling</i></p> <p><i>Instrumental</i></p> <p><i>Touch</i></p>	<p>W</p> <p>objects with three narrow extensions or objects viewed as lines; streams of traffic, shipyard</p> <p>tracing of three parallel lines or stripes; sergeant²⁵⁰</p> <p>instruments with three or more extensions; toasting fork, garden fork</p>		
<p><i>Classifier handshape</i></p> <p><i>Size and shape</i></p> <p><i>Tracing size and shape</i></p> <p><i>Handling</i></p> <p><i>Instrumental</i></p> <p><i>Touch</i></p>	<p>Wm</p> <p>relatively narrow flat objects; sleigh²⁵¹, bench, sledge, table, ticket</p> <p>to trace the position and size of stripes or shapes; bless, stripes, lines, strips, cross</p> <p>instruments with relatively narrow, flat component; small spade, hand trowel</p>		
<p><i>Classifier handshape</i></p> <p><i>Size and shape</i></p> <p><i>Tracing size and shape</i></p> <p><i>Handling</i></p> <p><i>Instrumental</i></p> <p><i>Touch</i></p>	<p>4</p> <p>objects with four, several or many long narrow extensions; several persons; team (sign 840)²⁵², comb, panel, group</p> <p>rare</p> <p>instruments with four, several or many extensions; garden fork (sign 839), comb, rake</p>		
<p><i>Classifier handshape</i></p> <p><i>Size and shape</i></p> <p><i>Tracing size and shape</i></p> <p><i>Handling</i></p> <p><i>Instrumental</i></p> <p><i>Touch</i></p>	<p>F</p> <p>small round objects; button, coin, small hole, washer</p> <p>tracing the position and size of cylindrical objects; degree (sign 875), rod, pole, pipe, roll of paper</p> <p>handling of very small or delicate objects; teabag²⁵³, needle, seed, matchstick, stockings</p> <p>instruments which have a circular or cylindrical component; stethoscope, eyeglass, rawl plug</p>		


250. sergeant

251. sleigh

252. team


253. teabag

<p><i>Classifier handshape</i></p> <p><i>Size and shape</i></p> <p><i>Tracing size and shape</i></p> <p><i>Handling</i></p> <p><i>Instrumental</i></p> <p><i>Touch</i></p>	<p>F</p>  <p>infrequent: used in place of F for slightly thicker objects or for particular type of handling; marry (sign 895)²⁵⁴, wedding ring, engagement ring</p>	 <p>254. marry</p>
<p><i>Classifier handshape</i></p> <p><i>Size and shape</i></p> <p><i>Tracing size and shape</i></p> <p><i>Handling</i></p> <p><i>Instrumental</i></p> <p><i>Touch</i></p>	<p>I, Y</p>  <p>small narrow objects; small penis tracing of size and position of small narrow objects; sheep (sign 929)²⁵⁵, horns</p> <p>small narrow instrument; poison (sign 912), spoon, small stirring implement</p>	 <p>255. sheep</p>
<p><i>Classifier handshape</i></p> <p><i>Size and shape</i></p> <p><i>Tracing size and shape</i></p> <p><i>Handling</i></p> <p><i>Instrumental</i></p> <p><i>Touch</i></p>	<p>Y</p>  <p>solid objects with extensions at each side or each end; typetalk²⁵⁶, teapot, aeroplane, horns, telephone tracing the position, size and outline of narrow objects; cheque (sign 953), envelope, card, programme, leaflet handling of solid items with extensions at either end; telephone (sign 944), pay phone, pipe, kettle, acoustic mo- dem instruments which have a narrow extension and are grasped by the closed fingers: infrequent substitute for A or C; stirring implement</p>	 <p>256. typetalk</p>
<p><i>Classifier handshape</i></p> <p><i>Size and shape</i></p> <p><i>Tracing size and shape</i></p> <p><i>Handling</i></p> <p><i>Instrumental</i></p> <p><i>Touch</i></p>	<p>Y'</p>  <p>objects with two vertical extensions; television aerial²⁵⁷, goalposts, horns, aerial tracing the position, size and outline of rectangular area; football pitch, sports arena, playing field rare</p> <p>rare</p>	 <p>257. aerial</p>

<i>Classifier handshape</i>	ʂ, ʂ, ʂ	
<i>Size and shape</i>	rare use for narrow objects, including persons; wasp sting, cork, person, sting	
<i>Tracing size and shape</i>		
<i>Handling</i>	handling of small or delicate items; ʂ used for handling sticky substances; hand over coins ²⁵⁸ , ring, earring, necklace, pin	
<i>Instrumental</i>	rare	
<i>Touch</i>	touch small area or touch delicately; Christ (wounds of) (sign 966), pulse	




258. hand over coins

<i>Classifier handshape</i>	5	
<i>Size and shape</i>	objects with many long extensions; crowd congregating ²⁵⁹ , porcupine, punk hairstyle, eyelashes	
<i>Tracing size and shape</i>	tracing the position and size of stripes and lines and of (usually) undulating surfaces; sea (sign 1045), stripes, mesh, countryside, field	
<i>Handling</i>	handling large flat-sided or bulky items; carry heavy machine, carry large box	
<i>Instrumental</i>	instruments with several or many long narrow extensions; garden rake, car wash brushes, grinding machine	
<i>Touch</i>	actions of the whole hands, the palms and the fingers; Minicom, bounce, knead plasticene, type, remote control	




259. crowd congregating

<i>Classifier handshape</i>	ʃ	
<i>Size and shape</i>	cone-shaped objects; wolf (sign 1094) ²⁶⁰ , nozzle, snout, nose, witch's hat	
<i>Tracing size and shape</i>	tracing the position and size of curved, cone-shaped or cylindrical objects; bottom (sign 1106), marrow, aubergine, melon	
<i>Handling</i>	handling curved, cone-shaped, cube-shaped or cylindrical objects; shuffle playing cards (sign 1099), playing cards, collecting tin	
<i>Instrumental</i>	cone-shaped instruments; respirator, dust mask, gas mask	
<i>Touch</i>	rare	





260. wolf



<i>Classifier handshape</i>	ʃ	
<i>Size and shape</i>	objects with many long extensions; people; objects of indeterminate shape; crowd milling about (sign 1056) ²⁶¹ , assembly, furniture	
<i>Tracing size and shape</i>	tracing the position and size of stripes and lines; screeds of writing, lines, graph paper	
<i>Handling</i>	handling curved items or flat items with fingertips; netball (sign 1108), coconut, ball	
<i>Instrumental</i>	instruments with several or many long narrow extensions; garden rake, combine harvester, car wash brushes	
<i>Touch</i>	actions of the fingers; play the piano (sign 1118), deaf-blind alphabet, keyboard	





261. crowd milling about

<i>Classifier handshape</i>	5		
<i>Size and shape</i>	<p>objects with several or many long narrow bent extensions; circular objects; objects of indeterminate shape; spider (p. 48²⁰³), claws, crown, bruise, island</p> <p>tracing the position of several lines or stripes; indicating position of spots or small marks; tracing position of indeterminate shape; mottled (sign 1157), stripes, lines, freckles, beard</p> <p>handling of relatively large, round or spherical objects or objects which fit into and/or can be manipulated by the clawed hands; Rubik's cube (p. 48²⁰⁴), headphones, tap, jar lid, gas mask</p> <p>instruments with several or many long narrow bent extensions; mechanical grabber (p. 48²⁰⁵), rake, combine harvester</p> <p>actions of the fingers, especially the fingertips; scratch²⁶², scrape, gash, tear at, claw at</p>		
<i>Tracing size and shape</i>			
<i>Handling</i>			
<i>Instrumental</i>			
<i>Touch</i>			



262. scratch

<i>Classifier handshape</i>	B		
<i>Size and shape</i>	<p>vehicle classifier; objects with flat surfaces; tailback (p. 49²¹¹), car park, table, wall</p> <p>tracing the position and size of objects with flat or smooth surfaces; basin (sign 1418), ground, vase, globe, slide</p> <p>handling flat items or piles of flat items; carry pile of towels, pile of videotapes, pile of books (p. 48²⁰⁰)</p> <p>flat instruments; guillotine²⁶³, spade, slicer, paintbrush, saw</p> <p>actions of the whole hand; stroke (p. 89⁶⁰⁰), rub, pat, hit, shove</p>		
<i>Tracing size and shape</i>			
<i>Handling</i>			
<i>Instrumental</i>			
<i>Touch</i>			

263. guillotine

<i>Classifier handshape</i>	B̄		
<i>Size and shape</i>	<p>triangular or wedge-shaped objects; emu, beak, wedge</p> <p>used with initial opening action to trace position and shape of objects; water melon (sign 1550), moustache, beard, cuffs</p> <p>holding flat objects, handling powdery substances; frisbee (sign 1498)²⁶⁴, bedspread, hat, cash, ashes</p> <p>instruments with wedge-shaped or triangular components (rare); wedge</p>		
<i>Tracing size and shape</i>			
<i>Handling</i>			
<i>Instrumental</i>			
<i>Touch</i>			

264. frisbee

<i>Classifier handshape</i>	B̂		
<i>Size and shape</i>	<p>objects with two parallel surfaces; swan, beaks of large birds, paper holder</p> <p>tracing the position, shape and dimensions of narrow sections; with B̂ in second position to indicate cone or wedge-shaped objects; layer (e.g. of custard on a trifle)²⁶⁵, layer, border, snout, melon</p> <p>holding shallow, usually flat items; hat (sign 1530), audiotape, wad of money, cardboard</p> <p>instruments with two parallel flat surfaces; clamp</p>		
<i>Tracing size and shape</i>			
<i>Handling</i>			
<i>Instrumental</i>			
<i>Touch</i>			

265. layer

Classifier handshape

B



Size and shape

flat surfaces, usually at above shoulder height; bent smooth surfaces;

Tracing size and shape

yacht²⁶⁶, ceiling, shelf, wings, bowl
tracing the position and size of objects with smooth but curved surfaces;

Handling

basin (sign 1628), globe, urn, bowl, pot
handling of curved items or delicate items of indeterminate shape; rugby (sign 1589), ball, holding small animal

Instrumental

flat or curved instruments, especially sharp edged implements; dig (sign 1565), guillotine, spade, plough, mechanical excavator

Touch



266. yacht

Classifier handshape

C



Size and shape

curved or cylindrical objects; chunks of material; glasses piled on top of each other²⁶⁷, mug, glass, can, chunk of text

Tracing size and shape

tracing of position and size of curved objects; pillars opposite each other (p. 50²¹⁶), pillars, cables, elephant's trunk, train carriages

Handling

handling of curved or cylindrical objects or chunks of material; sauce (sign 1662), glass, sauce bottle, pepper pot, wad of money

Instrumental

curved or cylindrical instruments; wheel spanner, scoop, mechanical grabber

Touch



267. glasses piled...

Classifier handshape

O



Size and shape

round, spherical or cylindrical objects; telescope²⁶⁸, lens, binoculars, sunrise, berry

Tracing size and shape

tracing size and position of cylindrical objects; pole (p. 104²⁶⁰), pipe, tube, rod, mast

Handling

handling narrow cylindrical objects or spherical objects; bowls (sign 1713), javelin, spear, pipe, rod

Instrumental

round, spherical or cylindrical instruments; stethoscope, microscope, periscope, binoculars

Touch



268. telescope

Classifier handshape

E, É



Size and shape

Tracing size and shape

Handling

handling of small items and instruments requiring leverage action; portable telephone²⁶⁹, nail brush, discus, pliers, dominoes

Instrumental

grasping or rubbing actions of fingers; grapple (sign 1736), grasp, scratch, scrape, rub

Touch



269. portable telephone